

'N ONDERSOEK NA DIE OORSPRONG EN BETEKENIS VAN
PLEK- EN PLAASNAME IN DIE LANDDROSDISTRIK
NAMAKWALAND

deur

CHRISTIAAN RUDOLF BURGER

Proefskrif ingelewer vir die graad
DOKTOR IN DIE WYSBEGEERTE (D. PHIL.)

in die

DEPARTEMENT AFRIKAANSE KULTUURGESKIEDENIS

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Datum: Maart 1986

Promotor: Prof. P.W. Grobbelaar

DANKBETUIGING

Aan die volgende persone en instansies wil ek graag my dank betuig:

- My promotor, prof. dr. P.W. Grobbelaar, wat my met soveel insig en geduld bygestaan het.
- Dr. P.E. Raper en prof. J.G.H. Combrink vir hulle gewilligheid om te help met die beoordeling van die proefskrif.
- Prof. G.S. Nienaber en dr. P.E. Raper van die S.A. Naamkundesentrum vir hul simpatieke leiding, inspirasie en hulp veral tydens my besoek aan die sentrum.
- Die bibliotekaris/bibliotekaresse van al die biblioteke waar ek navorsing gedoen het; die personeel van die Staatsargief en Aktekantoor in Kaapstad; mnr. W.C. Watson en die personeel van die Driehoeksmetingkantoor in Pretoria, asook die personeellede van die plaaslike Afdelingsraad en Munisipaliteit.
- Die talle medewerkers wat vraelyste voltooi het, of inligting per brief of mondeling verstrek het.
- Die S.A. Naamkundesentrum van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hulp verleen met die uitstuur van vraelyste.
- Mev. A. Venter vir die gewilligheid en besondere bekwame wyse waarop sy hierdie proefskrif getik het.
- Familielede en vriende vir hul bystand en aanmoediging.
- Aan my vrou en kinders vir hulle geduld, hulp en morele ondersteuning gedurende al die studiejare.
- My dank aan my Skepper vir sy genade aan my.

C.R. BURGER

SPRINGBOK

Maart 1986

INHOUD

	<u>Bladsy</u>
<u>DANKBETUIGING</u>	(i)
1. <u>VOORWOORD</u>	1
2. <u>LYS VAN AFKORTINGS</u>	3
3. <u>PLEKNAAMSTUDIE MET BESONDERE VERWYSING NA NAMAKWALAND</u> . . .	4
3.1 DIE BETEKENIS VAN DIE ONDERHAWIGE PLEKNAAMSTUDIE	4
3.2 DIE OMVANG VAN DIE STUDIE	6
3.3 DIE AANBIEDING VAN DIE STOF	6
3.4 BRONNE VIR DIE INWIN VAN GEGEWENS	10
3.4.1 MATERIAAL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NAAMKUNDE- SENTRUM	10
3.4.2 GEPUBLISEERDE BRONNE	10
3.4.2.1 STANDAARDWERKE	10
3.4.2.2 DAGVERHALE EN JOERNALE	11
3.4.2.3 REISBESKRYWINGS EN ANDER GESKIEDKUNDIGE BRONNE	11
3.4.2.4 EEUFEESE- EN GEDENKBLAAIE, BROSJURES, ENSO- VOORTS	12
3.4.2.5 KOERANTE EN TYDSKRIFTE	13
3.4.3 ONGEPUBLISEERDE BRONNE	13
3.4.3.1 ARGIEWE	13
3.4.3.2 DRIEHOEKSMETINGKANTOOR	13
3.4.3.3 VRAELYSTE	14
3.4.3.4 BRIEWE	15
3.4.3.5 PERSOONLIKE ONDERHOUDE	15
3.4.3.6 RADIO	15
3.4.3.7 PROEFSKRIFTE EN LANDKAARTE	16
3.4.3.8 TOPONIMIESE KERNGROEPE	16
3.5 RANGSKIKKING VAN DIE STOF	17
3.6 KAARTE	17

Bladsy

4. <u>NAAMLYS</u>	19
4.1 NAAM VAN DIE LANDDROSDISTRIK.....	19
4.2 NAAM VAN DIE LANDDROSSETEL	20
4.3 NAME VAN ANDER DORPE IN DIE DISTRIK	21
4.4 'N KEUR VAN STRAATNAME VAN DIE DORPE	35
4.5 BERGNAME, RIVIERNAME EN NAME VAN UITGEBREIDE EIENSKAPPE	53
4.5.1 BERGNAME	53
4.5.2 RIVIERNAME	91
4.5.3 PANNE EN VLEIE	124
4.5.4 EILANDE	138
4.6 PLAASNAME MET EIENSKAPPE OP DIE PLASE	142
4.7 RESERVAATNAME MET NAME VAN EIENSKAPPE	682
4.7.1 KOMAGGAS/KAMAGGAS	682
4.7.2 LELIE FONTEIN	693
4.7.3 PELLA	704
4.7.4 RICHTERSVELD	708
4.7.5 STEINKOPF	743
5. <u>FREKWENSIE-OPNAME VAN TAALVORME IN DIE NAME EN FAKTORE (MOTIEWE) WAT TOT DIE BENAMINGE AANLEIDING GEGEE HET</u>	782
5.1 TAALVORME	782
5.1.1 Portugese name	782
5.1.2 Duitse name	783
5.1.3 Franse name	783
5.1.4 Engelse name	783
5.1.5 Plekke met Europese name naas Khoekhoense name	783
5.1.6 Nederlandse name	784
5.1.7 Hibridiese name	784
5.1.8 Khoekhoense name	784
5.1.9 Afrikaanse name	784
5.1.10 Volksetimologiese vervormde name	785
5.2 FAKTORE OF MOTIEWE	786

Bladsy

5.2.1	Name wat berus op die aanwesigheid van water	786
5.2.2	Beskrywing as motief by naamgewing	789
5.2.3	Bodemgesteldheid as benoemingsfaktor	791
5.2.4	Plekke na diere vernoem	793
5.2.5	Plekke na plante vernoem	797
5.2.6	Name wat op ligging berus	801
5.2.7	Vergelykings in naamgewing	802
5.2.8	Name wat berus op gebeurtenisse en menslike handeling	804
5.2.9	Plekke na persone vernoem	806
5.2.10	Name wat op sintuiglike waarneming berus ..	808
5.2.11	Name afgelei van gebruiksartikels	809
5.2.12	Plekke na liggaamsdele vernoem	810
5.2.13	Plekke na myne, plaaslike instansies en skepe vernoem	812
5.2.14	Name wat op getalle berus	812
5.2.15	Name wat gemoedstoestand en volkshumor weer- spieël	813
5.2.16	Name op grond van klimatologiese oorwegings	814
5.2.17	Name wat na vuur verwys	815
5.2.18	Name aan die Bybel, die kerk, geloof en by- geloof ontleen	816
5.2.19	Name waarin volksgroep- en stambenaminge 'n rol speel	817
5.2.20	Name wat op verwantskap dui	818
6.	<u>NAMAKWALANDSE STREEKTAALVERSKYNSELS EN KHOEKHOENSE WOORDE, IN GESPREKKE EN VRAELYSTE</u>	819
6.1	KHOEKHOENSE WOORDE	821
6.2	UITDRUKKINGS EN SPREEKWOORDE	824
6.3	FONOLOGIESE AFWYKINGS	834
6.4	GRAMMATIESE VORME EN SINTAKSIS	835
6.5	ARGAÏSMIS EN ANGLISISMES	836

Bladsy

<u>BYLAE A</u>	837
Afskrif van magtiging, Staatsdrukker	
<u>BYLAES B EN C</u>	838-839
Afskrifte van begeleidende briewe, Naamkundesentrum	
<u>BYLAES D EN E</u>	840-842
Voorbeelde van vraelyste	
<u>KAART</u>	843
Landdros-/Afdelingsraaddistrik, Namakwaland	
<u>LITERATUUR EN BRONNE</u>	844
<u>PLEKNAAMREGISTER</u>	861

1. VOORWOORD

Aanvanklik was die bedoeling om net die plek- en plaasname van 'n gedeelte van die landdrostdistrik Namakwaland te behandel, asook om alle Khoekhoense name van dié gebied wat reeds deur Nienaber & Raper in hulle Toponymica Hottentotica (1977: 1980) verklaar is, buite rekening te laat. Daar is oorweging gegee aan onder meer die gebied binne een van die gemeentegrense of een van die nege Afdelingsraadsyke. Die voordeel wat dit sou inhou, naamlik dat dié kleiner gebied intensiewer gefynkam kon word, het nie opgeweeg teen die nadele daaraan verbonde nie. Eerstens sou daar moontlik nie genoeg name vir 'n proefskrif wees nie, en tweedens is 'n geheelbeeld van 'n streek verkieslik en om ook die name wat reeds verklaar is, bymekaar te bring. Gevolglik is besluit om die hele distrik Namakwaland te behandel.

Dit het egter spoedig duidelik geword dat dit 'n geweldige taak is. Die distrik beslaan 47 915 km² (Afdelingsraad jaarboek 1984:45) wat dikwels oor swak buitepaaie bereis moes word met die oog op persoonlike onderhoude. Baie van die plase het in die hande van mynmaatskappye beland wat oor geen inligting aangaande die herkoms of betekenis van die name beskik nie, terwyl baie ontvolk is vanweë die langdurige droogtes. Die oorspronklike naamgewers is nie meer daar nie, en nuwe eienaars kon dikwels min lig werp. Primêre bronne (argiefstukke en dokumente) bevat bloedweinig inligting oor naamgewing in die gebied, terwyl die gegewens van sekondêre bronne (boeke, tydskrifte, koerantartikels, ensovoorts) baie onbetroubaar geblyk het. Daar is dikwels groot afstande afgelê om inligting te bekom, om dan te verneem dat dié of daardie persoon wat sou geweet het, ongelukkig al oorlede is. Dit het 'n mate van frustrasie veroorsaak en die navorsing vertraag. Ten spyte van al die probleme, was die motivering egter dat "gered moes word wat nog te redde is".

Dis van kardinale belang om te onthou dat in meer as een geval geen sekerheid bestaan oor die egtheid van die herkoms of betekenis van 'n naam nie. Du Plessis (1973:XX) stel dit soos volg: "Namate die jare voortgesnel het, het die verklaring die aanneemlikste geword, of dis die een se verklaring teenoor die ander s'n, of die enigste, maar moontlik nie die korrekte nie, wat opgediep kon word. Om dus altyd die herkoms te kan bewys, is onmoontlik, veral omdat daar in baie gevalle geen dokumentêre bewys vir die herkoms van die naam bestaan nie."

Ook in hierdie studie kon in baie gevalle nie finale uitsluitel gegee word nie.

2. LYS VAN AFKORTINGS

CCRS	<u>Cape Colony reconnaissance series</u>
Clw.	Clanwilliam
DMN	<u>Divisional map of Namaqualand</u>
IMS	<u>Imperial map series</u>
Kr. & Rust	Krönlein en Rust
m.b.s.	meter bo seespieël
Nam.	Namakwaland
PNK	Pleknamekomitee
RZA	<u>Reizen in Zuid-Afrika</u> (kyk Molsbergen, E.C. Godée)
S.A.-reeks	<u>Suid-Afrika-reeks</u>
SESA	<u>Standard encyclopaedia of Southern Africa</u>
SG map	<u>Surveyor - general's map</u>
vn	voetnoot
VRV	Van Riebeeck-Vereniging

3. PLEKNAAMSTUDIE MET BESONDERE VERWYSING NA NAMAKWALAND

3.1 DIE BETEKENIS VAN DIE ONDERHAWIGE PLEKNAAMSTUDIE

Naamgewing is so oud soos die geskiedenis self, soos Du Plessis (1973:XVIII) dit stel: "Van die begin af het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n duidelike, doeltreffende en gepaste naam. So vind ons dit in die Bybel, by die Egiptenare, die Grieke, in die vroegste periode van Rome tot op die hede."

Pleknaamstudie is nie net interessant nie, maar ook baie leersaam. "Die naam van 'n plek kan vir ons van toestande en gebeurtenisse vertel wat ons nêrens in 'n geskiedenisboek opgeteken sal vind nie. Hulle oorleef katastrofes wat wêreldryke vernietig het. In Europa het nasies gekom en gegaan, maar plekname het gebly. Berge, valleie en riviere is inderdaad die enigste steentafels waarop die ongetletterde nasies hulle geskiedenis kon ingraveer. Op dié wyse het die Keltiese, die Iberiese of Skandinawiese rasse hulle swerftogte, hulle oorwinnings en hulle neerlae aan ons bekend gemaak" (Nienaber 1963:12).

Hierdie pleknaamstudie oor Namakwaland is dan ook in die eerste plek kultuurhistories van aard. Volgens Du Plessis (1973:XVIII) is plekname 'n inhoudsopgawe van 'n land se geskiedenis, van volksgebruike en -gewoontes wat dikwels lankal in onbruik geraak het, asook van 'n volk se godsdienssin, terwyl Nienaber (1972:13) verklaar dat die verskillende kultuurgolwe (Portugees, Hollands, Frans, Duits en Engels) wat oor ons land gespoel het, hul moete in ons plek- en plaasname nagelaat het en ook gespoel het oor die name wat voor hulle gegee is deur die inboorlinge: die San, Khoekhoen, ensovoorts. Tereg dat Copley (1963:Inleiding) konstateer: "The names (...) of the mountains, hills, valleys,

rivers and other natural features of the country (...) have engraven upon them, as it were, the indurated ripple marks of successive tribe-waves to be discerned, noted and explained by men of succeeding generations." Ook in die behandelde plek- en plaasname van Namakwaland kan duidelik waargeneem word in watter volgorde dié gebied deur die verskillende volkere bewoon geraak het, asook watter gewoontes en gebruike hulle bestaan gekenmerk het. So byvoorbeeld toon name soos Guigabiseb en Eendop dat Namas voor die Hollanders/Afrikaners die gebied bewoon het, terwyl Black Faced Mountain en American Circle, ensovoorts, toon dat die Engelse en Amerikaners hulle ná die Afrikaners in die gebied gevestig het.

Tweedens dra hierdie pleknaamstudie by tot 'n grondiger aardrykskundige kennis van die gebied. Ligging, bodemgesteldheid, temperatuur, reënval asook die flora en fauna word in baie van die name weerspieël. Die plaasnaam Arakoop gee byvoorbeeld 'n aanduiding dat daar veral destyds baie kokerbome moes gegroei het, terwyl Drogedap weer dui op 'n droë vlakte. Dit is veral plaasname wat in hierdie verband die grootste rol speel, van daar Boshoff (1921:322) se bewering: "Historiese motiewe gee gewoonlik die deurslag by die 'plekname', 'bodenstandige' faktore bepaal in die reël die 'plaasname'."

Die studie het uit die aard van die saak ook met taal te make, aangesien die name deel van ons taalskat is. Strydom (1959:65) meld in dié verband: "Plekname is die produkte van die taalaktiwiteit van die volk en daarin word weerspieël die rigting van hierdie aktiwiteit en die faktore wat daarmee verband hou." Verouderde spellingsvorme van veral die oorspronklike plaasname, vertalings uit Khoekhoens, woordeskatverryking deur veral samestellings, oorspronklike skeppings, volksetimologiese verskynsels, tautologie, streektaalverskynsels, ensovoorts, vorm 'n integreerende deel van hierdie studie.

3.2 DIE OMVANG VAN DIE STUDIE

Om die omvang van hierdie ondersoek binne perke te hou, word net gekonsentreer op die dorpe in die betrokke gebied met 'n keur uit hulle straatname; die berge; riviere; panne en vleie; die vernaamste eilande in die Oranjerivier en baaie aan die Weskus so ver as wat hulle respektiewelik die gebied aan die noorde- en westekant begrens; al die oorspronklike plase en die vyf reservate van die gebied met, waar moontlik, die vernaamste entiteite daarop. Onder die berge, riviere, panne en vleie is alleenlik dié geklassifiseer wat verskyn in die pleknaamlys wat deur die Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum verskaf is. Al die ander is as entiteite van die betrokke plase behandel.

Omdat die ondersoek kultuurhistories en taalkundig gerig is, volg daar ná behandeling van die betekenis van die name 'n bespreking van die herkoms daarvan en van die faktore wat tot die benamings aanleiding gegee het.

Uit die onderhoude en gesprekke met veral ouer informante, het tydens persoonlike ondervraging heelwat streektaalverskynsels na vore gekom. In die voltooiing van vraelyste is minder bekende uitdrukkings, ensovoorts, soms deur informante gebesig; gevolglik word hieraan ook aandag gegee.

3.3 AANBIEDING VAN DIE STOF

Daar bestaan verskillende moontlikhede hoe om plekname in te deel. Eerstens is daar die taalbenadering, met ander woorde plekke, plase, berge, riviere, ensovoorts, met Hollandse/Afrikaanse name, Engelse name, Khoekhoense name, ensovoorts, saamgegroepeer, wat sou aansluit by Hewitt (1877) se klassifikasie van riviername. Dit kan egter nie 'n suiwere indeling wees nie, want die baie hibridiese name waarvan die een komponent byvoorbeeld Afrikaans en die ander

Nama is, sou dan onder meer as een afdeling ressorteer.


'n Indeling op streekgrondslag is ook 'n moontlikheid. Hiervolgens sou die gebied geografies verdeel kon word in die Sandveld-, Binneveld- en Boesmanlandstreek, ensovoorts (Heese 1942a:kaart 2). Die grootste probleem met so 'n indeling is hoe om die gebiede se grenslyne af te baken, aangesien daar nie presies bepaal kan word waar die een streek eindig en die ander begin nie.

'n Tematiese indeling is ook moontlik: name wat in verband staan met diere, plante, mense, bodemgesteldheid, gebeurtenisse, ensovoorts. Die grootste beswaar is dat dit moeilik val om voldoende kategorieë, soos Du Plessis (1973:3) dit stel, te vind wat al die name akkommodeer.

In die lig van die besware teen hierdie indelings is daar in navolging van die meeste buitelandse institute vir naamkunde (Raper 1977:24) besluit om die afbakening volgens administratiewe gebied te doen. Die landdrostdistrik Nama-kwaland, is as die gerieflikste navorsingseenheid beskou. Sy grens stem ooreen met dié van die Afdelingsraadgebied, behalwe vir 'n geringe afwyking in die noordoostelike hoek van die gebied waar die Afdelingsraadgrens, vir die doel van hierdie studie, as landdrosgrens aanvaar word. Dié grens is duidelik afgebaken (vergelyk kaart) en die gebied bevat 'n groot verskeidenheid name.

Dorp-, plaas-, berg-, rivier-, pan-, vlei, eiland- en reservaatname wat behandel word, verskyn in hoofletters gevolg deur die naamsoortaanuiding (ook in hoofletters) en, waar moontlik, die nommer van die plaas. Straatname asook entiteite op plase en in reservate verskyn daarenteen in kleinletters. By kruisverwysings word dieselfde beginsel gehandhaaf. Waar die inlandse naam nog bekom kon word, verskyn dit tussen hakies net ná die naam.

Die ligging word in graadvierkante aangegee. 'n Graadvierkant is die oppervlakte tussen geografiese lengte- en breedte-lyne, een graad uitmekaar (Du Plessis 1973:XI). Die volgende illustrasie is ter verduideliking:



Verwysing na die ligging van 'n plek geskied soos volg: eers word die breedtegraad aangegee en daarna die lengtegraad, dan die 30'- gevolg deur die 15'- blokkie. Die verwysing na die dorp Springbok as 2917 DB beteken dan dat dit in die graadvierkant tussen 29° en 30° suiderbreedte en tussen die 17de en 18de lengtegraad geleë is en wel in die blokkie B binne die groter blokkie D. Die graadvierkant waarin die plek geleë is, het altyd betrekking op die lengte en breedte van die noordwestelike hoek. Waar 'n plaas oor meer as een blokkie strek, word dit as 2917 AB/AD, 2918 CD/3018 AD, ensovoorts, aangedui. In die geval van berge, riviere, panne, ensovoorts, wat oor meer as een blokkie en selfs oor meer as een graadvierkant strek, word die graadvierkante of blokkies waarin die grootste gedeelte val as liggingsaanduiding gegee. Die K wat die liggingsaanduiding voorafgaan, dui aan dat dit in Kaapland geleë is. Aangesien alle Namakwalandse name in Kaapland lê, kon die K net sowel by hierdie ondersoek weggelaat gewees het.

Wat die spelling betref, is besluit om te bly by die oorspronklike spellingwyse soos by eerste registrasie ten

einde moontlike verwarring by identifikasie van die plase te voorkom. Dit stem ooreen met die spelling op die pleknaamlys wat in 1978 deur die Naamkundesentrum verskaf is. Al die ander name wat nie daarop verskyn nie, soos byvoorbeeld dié van die meeste entiteite op die plase, is volgens hedendaagse spelling.

By elke plaas word die oorspronklike eienaar en datum van eerste registrasie verstrekkend omdat dit van historiese waarde kan wees.

Die vorm waarin die bronnegegewens gegee word, deug in die praktyk die beste. By die verklaring(s) word die informante se naam genoem, gevolg deur die datum, beroep en vindplaas, waarna die kern van sy betoog woordeliks aangehaal word. Ook geskrewe bronne word hier aangehaal. Die rangskikking is chronologies. In die bespreking wat hierop volg en grotendeels taalkundig gerig is, word alles geïntegreer, dit wil sê die informante se mededelings of skriftelike optekeninge word in die bespreking betrek. Met die boustof voor hom is dit, soos Nienaber & Raper (1977:51) dit stel, "die kortste manier vir die leser om 'eerstehands' ingelig te word, ook om kans te kry om sy eie gevolgtrekkings te maak, onderskeidings te trek, en om in die bespreking ingetrek te word".

Streektaaluitdrukkings word in die aanhalings tussen hakies verduidelik indien daar gevoel word dat dit nodig is vir 'n korrekte vertolking deur die leser. Die betekenis kan in elk geval gevind word in die afdeling oor "Streektaalverskynsels".

3.4 BRONNE VIR DIE INWIN VAN GEGEWENS

Oor hierdie aangeleentheid sê Van der Merwe (1954:2): "Vir elke stukkie naamnavorsing, wat sy omvang ookal is, is die voorvereiste 'n planmatige en volledige stofinsameling." Om inligting te bekom oor die herkoms en die betekenis van die name, is van beide die indirekte metode (vraelyste) en direkte metode (mondelinge en skriftelike ondervraging) (Strydom 1959:63-4) gebruik gemaak, asook van geskrewe bronne.

3.4.1 MATERIAAL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NAAMKUNDESENTRUM

Die eerste stap by die insameling van stof, was 'n maandlange besoek aan die Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum in Pretoria om vas te stel oor watter materiaal die sentrum beskik, en om ook vertrouwd te raak met die werkwyse van dr. P.E. Raper en prof. G.S. Nienaber. Die sensus-, topografiese en topokadastrale kaarte van die studiegebied waaroor die sentrum beskik, is uit die aard van die saak onontbeerlik vir 'n studie van plekname. Die sentrum se versameling koerantknipsels, foto's en fotokopieë bevat ook bruikbare inligting, terwyl die naamkundebronnegids, veral die Bronnegids vir toponimie en topologie (Raper 1976), nuttige handleidings is vir die opsporing van alle moontlike boeke, verhandelinge, proefskrifte, eeufeesblaaië, gedenkblaaië, jaarblaaië, brosjures, pamflette en tydskrif- en koerantartikels oor plekname in die gebied. 'n Pleknaamlys van Namakwaland met naamsoortaanwysing en liggingaanwysing wat deur die sentrum voorsien is, kon as basis dien vir die onderhawige pleknaamstudie.

3.4.2 GEPUBLISEERDE BRONNE

3.4.2.1 STANDAARDWERKE

In die standaardwerke oor plekname soos dié van eerwaarde C Pettman, CG Botha en PJ Nienaber is verskeie van die betekenis van die ouer plek- en plaasname in Namakwaland

verklaar. Ander bydraes soos L Schultz se Aus Namaland und Kalahari en PW Laidler se The place-names of the Nama Hottentots, gathered in the Richtersveld and Kamiesberg district of Namaqualand is van besondere waarde aangesien hulle die uitspraak en betekenis van 'n hele aantal ou inlandse (Khoekhoense) name van die gebied verstrek. Hierdie bydraes kon as primêre bronne benut word omdat Schultz en Laidler klaarblyklik nog self die betrokke name uit die Namas se mond verneem het.

3.4.2.2 DAGVERHALE EN JOERNALE

Die oudste geskryfte wat oor plekname in Suid-Afrika handel, is dagverhale en reisjoernale (Du Plessis 1973:3). Van Riebeeck se Dagregister handel uit die aard van die saak net oor plekke in en om die Kaap, maar joernale van reise na die binneland bevat waardevolle inligting wat hulle as primêre bronne vir raadpleging geskik maak. Hieronder ressorteer onder andere dié van Simon van der Stel (1685), JT Renius (1724), JC Janz (1760), CF Brink (1761/2), HJ Wikar (1779) en W van Reenen (1791). Sommige, soos onder andere dié van Simon van der Stel oor sy besoek aan Namakwaland in 1685, bevat nuttige inligting oor plekname op sy roete. Du Plessis (1973:4) asook Raper (1972:5) wys daarop dat die publikasie van hierdie oorspronklike joernale deur die VRV baie waardevol is, aangesien duisterhede en teenstrydighede in die oorspronklike tekste deur voetnote toegelig word.

3.4.2.3 REISBESKRYWINGS EN ANDER GESKIEDKUNDIGE BRONNE

Reisigers soos Gordon, Le Vaillant, Paterson, Campbell, Backhouse, Kolbe, Barrow en andere wat gedurende die laaste helfte van die sewentiende eeu, die agtiende en die vroeë neëntiende eeu Suid-Afrika bereis het, het reisbeskrywings en kaarte van groot waarde nagelaat.

Vernon S Forbes het 'n studie gemaak van die roetes van Sparrman (1772 en 1775-1776), Paterson (1777-1779), Le Vaillant (1781-1784), Barrow (1797-1803) en Mason (1772-1774), waarin hy onder andere kommentaar lewer oor die betroubaarheid van die reisbeskrywings (Du Plessis 1973:4,5). RJ Gordon het wel nie 'n joernaal geskryf nie, maar baie nuttige kaarte nagelaat. Ook reisbeskrywings in Suidwes-Afrika (Namibië) van E. Moritz, asook werke van H Vedder, TL Hahn, R Ridsdale, JH Schmelen, H Schinz en KFRH Budack verleen in enkele gevalle hulp, veral ten opsigte van die betekenis van ooreenstemmende Khoekhoense plekname.

Naas die reisbeskrywings werp ander geskiedkundige werke, soos onder andere Reizen in Zuid-Afrika van Godée Molsbergen, asook werke van G Thompson, H Kling, G McCall Theal en H Tindall soms lig. Minder wetenskaplike werke, soos dié van Lawrence Green, Sangiro, WC Scully, TV Bulpin, Jose Burman, Eric Rosenthal, W Steenkamp en andere, verstrekk heelwat insig oor plekname in die gebied. Ook werke van predikante en sendelinge oor Namakwaland, soos onder andere dié van A Dreyer, TN Hanekom en WJ Conradie, was van besondere betekenis, terwyl daar geput kon word uit geskifte oor die geskiedenis van die mynbedryf in die gebied soos onder andere die van O Letcher en JM Smalberger.

3.4.2.4 EEUFEESE- EN GEDENKBLAAIE, BROSJURES, ENSOVOORTS

Die meeste dorpe in Namakwaland het by geleentheid van hul vyf-en-twintig- of vyftigjarige bestaan asook by die viering van ander geleenthede, gedenkblaaie en brosjures uitgegee waarin die herkoms van die naam en die geskiedenis van die dorp vermeld word. Verder bevat skoolblaaie, publikasies van kerke en pamflette van dorpsrade nuttige plek- en straatnaamgewens.

3.4.2.5 KOERANTE EN TYDSKRIFTE

In koerante en tydskrifte het van tyd tot tyd waardevolle artikels oor plekname in die gebied verskyn. Van die koerante is dit veral Die Burger en van die tydskrifte Die Huisgenoot en die Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal wat die meeste informasie verstrek het.

3.4.3 ONGEPUBLISEERDE BRONNE

3.4.3.1 ARGIEWE

In die Kaapstadse Argiefbewaarpark is min, maar waardevolle dokumentêre inligting verkry uit onder andere die inkomende briewe van die destydse veldwagmeesters en veldkornette. Ook wyle P van Heerde van Springbok se aantekeninge oor plekname in Namakwaland, wat deur sy naasbestaandes aan die argief bemaak is (in dié proefskrif aangedui as die Van Heerde-versameling), bevat nuttige gegewens. Hy het die gebied baie goed geken en verskeie informante se menings oor sekere plekname neergeskryf.

3.4.3.2 DRIEHOEKSMETINGKANTOOR

In die plekname-afdeling van die Driehoeksmeting te Pretoria is elke distrik se bestaande name geliasseer. Inligting oor plekname wat verkry word deur vraelyste te stuur aan veldwerkers wat driehoeksbakens dwarsdeur die hele land oprig, word op die naamkaartjies aangebring. Die inligting handel oor hoe lank die naam al in gebruik is, aan watter taal dit ontleen is, variante spellingsvorme, hoe dit uitgespreek word, die herkoms en betekenis van die naam en wie die informasie verstrek het. Sommige van hierdie veldwerkers doen baie moeite om iets te wete te kom oor die herkoms en betekenis van die naam, soos Du Plessis (1973:7) dit tereg stel. Magtiging is

deur die Staatsdrukker verleen ingevolge die Wet op Outeursreg 98 van 1978 paragraaf 5(b) dat van hierdie inligting in die proefskrif opgeneem mag word (vergelyk Bylaag A). Heelwat van hierdie waardevolle inligting is onder "Opmeting" in die proefskrif opgeneem.

3.4.3.3 VRAELYSTE

By die plaaslike Afdelingsraad is die name en adresse van alle geregistreerde grondeienaars van die gebied bekom waarna aan elkeen 'n vraelys (vergelyk Bylaag D) met begeleidende briewe (vergelyk Bylae B en C) via die Naamkundesentrum gestuur is. Van die naasteby duisend vraelyste is ongeveer 30% terug ontvang. Sommige was uit die aard van die saak vollediger ingevul as ander, dog die meeste het bruikbare stof bevat. Hierna is 'n tweede vraelys (vergelyk Bylaag E) deur middel van die skoliere van die plaaslike en naburige skole van die gebied aan alle ouers en belangstellendes gestuur. Hierdie vraelys was min of meer soos die eerste bewoord, maar was meer spesifiek met betrekking tot die betekenis van die name, aangesien dit uit die eerste vraelys geblyk het dat sommige informante meer op die geskiedenis as op die betekenis van die name konsentreer het, terwyl dit vir ander weer vermoedelik nie heeltemal duidelik was wat presies verlang word nie. Van hierdie vraelyste is ongeveer 20% terug ontvang. Ná verwerking van die stof is nog enkele vraelyste uitgestuur waarop die name van sekere plekke en entiteite waaroor nog geen inligting bekom is nie, ingevul is. 'n Persoonlike brief het elke vraelys vergesel. Die meeste van hierdie vraelyste, wat nuttige gegewens bevat het, is terug ontvang.

3.4.3.4 BRIEWE

Aan alle moontlike informante is geskryf om verdere inligting te bekom. Sommige van die briewe is beantwoord waarvan party nuttige informasie bevat het. Heelwat van die briewe het egter onbeantwoord gebly.

3.4.3.5 PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Die grootste gedeelte van die gebied is bereis om persoonlike onderhoude met veral bejaardes te voer. Hoewel dit 'n duur onderneming is, het dit die volgende voordele: deur persoonlike kontak word 'n vertrouensverhouding geskep waardeur belangstelling in plekname gewek en inligting meer geredelik bekom word. Die uitspraak van die name asook streektaalverskynsels word uit die gesprekke duidelik. Die topografie van die gebied kan bestudeer word, aangesien baie plekname op toponimiese motiewe berus.

3.4.3.6 RADIO

Ook van radioprogramme is gebruik gemaak om informasie te bekom. Die programme "Vroeë-oggendpraatjies - Plekname in Suid-Afrika" (Raper 1975) en "Wie die kleine nie ag" (Van Niekerk 1977) het nuttige inligting oor enkele plekname in die gebied verstrek. Vanweë persoonlike deelname aan die program: "Dis my storie dié" (1978), het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie op versoek in 'n uitsending melding gemaak van my navorsing oor plekname in Namakwaland en dat alle inligting in dié verband verwelkom sal word. Die reaksie was uiters swak. Net een luisteraar het van hom laat hoor.

3.4.3.7 PROEFSKRIFTE EN LANDKAARTE

Sommige proefskrifte en tesse oor plekname was vir my studie van geen regstreekse waarde nie omdat hulle uit die aard van die saak oor ander gebiede handel. Dit geld byvoorbeeld HJJM van der Merwe se Onderzoek in verband met die oorsprong van plaasname in die oostelike gedeeltes van Carolina en Ermelo (1943) asook 'n Onderzoek na plek- en plaasname van die Groot Moot (1955) van S. Strydom. In BF Vreeden se: Die oorsprong en die geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en aangrensende gebiede (1961) word egter enkele name, soos onder andere Pella en Vagevuurskloof in die Noordooste van Namakwaland, wel behandel. Dieselfde geld vir PE Raper se Streekname in Suid-Afrika en Suidwes waarin die name Kamiesberg(streek), Namakwaland en Richter(s)veld verklaar word. In EJ du Plessis se: 'n Onderzoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername (1973) is enkele berg- en riviername uit Namakwaland betrek.

Ouer kaarte van die gebied waarop die oorspronklike plaasname asook sommige ou inlandse name nog verskyn, is belangrike inligtingsbronne. Hieronder ressorteer die Sensuskaarte (1891); die Surveyor - general's map (1895); die Imperial map series (1900), die Cape Colony reconnaissance series (1907 - 14), die Divisional map of Namaqualand (1916) asook ander plaaslike Afdelingsraadkaarte. Moderne topografiese- en topokadastrale kaarte verstrek op hulle beurt alle moderne benaminge.

3.4.3.8 TOPONIMIESE KERNGROEPE

By die verklaring van inlandse name is daar soms vrugbaar gebruik gemaak van die tegniek van die bestudering van "toponymic clusters" soos Nienaber & Raper (1980:20) dit noem. Dit kom daarop neer dat die betekenis van 'n Khoekhoense naam soms afgelei kan word deur na die moderne name van plekke en entiteite in die onmiddellike omgewing te kyk, wat dikwels

'n vertaling of gedeeltelike vertaling van die inlandse naam is. So byvoorbeeld kon daar oor die betekenis van die plaasnaam Arakoop geen inligting bekom word nie. Deur bestudering van die name in die omtrek, is gevind dat die noordelike bergagtige punt van die plaas op ouer kaarte as Kokerboom Hoogte aangegee word, klaarblyklik vanweë die baie kokerbome wat vroeër daar gegroei het. Dit was die sleutel tot die oplossing. Die lid Ara- is dan 'n gedeve- lariseerde uitspraak van // gara = "die Aloe" (Kr. & Rust 1969:83) met -koop soos Nama /uib = berg of /gôub = berg- rand (Rust 1960:10). Gevolglik is die moderne Kokerboom- hoogte of -berg die vertaling van Arakoop. Dieselfde geld vir onder andere Kheis op graadvierkant K 2816 BD wat plaas- lik ook bekend is as Dryfsand of Sanddrif vanweë die baie dryfsand wat daar voorkom. In Nama is sand // kae-s (// khae-s); gevolglik vorm Dryfsand/Sanddrif en Kheis weer 'n toponimiese kerngroep. Die tweetalige name met hulle gemeenskaplike be- noemingsfaktor, die (dryf)sand, was weer eens die sleutel tot die oplossing.

3.5 RANGSКИККING VAN DIE STOF

Alle name wat verklaar moes word, is op indekskaartjies van 125 x 75 mm geskryf tesame met die naamsoortaanduiding en graadvierkant waarop dit geleë is, waarna dit alfabeties geliasseer is. Nuwe informasie is dan op die betrokke kaartjie(s) geskryf of daaraan vasgeheg met vermelding van die bron en bladsynommer. Sodoende is die informasie byme- kaar gehou.

3.6 KAARTE

Aanvanklik was die bedoeling om op 'n kaart van die gebied alle behandelde name aan te bring, maar hiervan is afgesien omdat dit tydrowend en ook nie nodig sou wees nie, aangesien die ligging by elke behandelde naam aangegee word. Die

ingeslote kaart toon gevolglik net die afgebakende studiegebied met die vernaamste dorpe asook alle betrokke graadvierkante om lokalisering van die behandelde name te vergemaklik.

4. NAAMLYS

4.1 NAAM VAN DIE LANDDROSDISTRIK

NAMAKWALAND

DISTRIK

K 2816/2917/2918/3017/3018

Raper (1972:83) "'nami' of 'nams', wat 'tong' beteken, ..." en "-kwa (qua) (...), om die samestelling te gee van 'mense'".

Nienaber & Raper (1977:846) "Nama-kwa (of -qua) beteken die 'Namamanne'."

Volgens Nienaber & Raper hierbo, dui die grondwoord Nama op die ou Khoekhoense stam wat die enigste is wat nog as stam voortbestaan, gevolg deur die uitgang -gu- van die masc. pl. wat versterk is deur die -a- objectivi. "Die Afrikaanse uitgang -kwas bevat 'n dubbele meervoud, die inlandse -qua, saamgetrek tot -kwa, plus die Afrikaanse -s" (Nienaber & Raper 1977:846-7).

Hiervolgens dus: "Namamanne", alhoewel die hoofbestanddeel Nama- nog onverklaard bly. Raper (1972:83) probeer verder lig werp. Volgens hom is Namakwaland vermoedelik vernoem na die Namastam waarvan die naam afgelei is van Nama "nami" of "nams", wat "tong" beteken "van dieselfde stam wat in die volksmond Nama-b skuil".

Die suffiks -kwa (-qua) is die "mv. pl. -gu plus die a-objectivi, gewoon in stamname soos 'Grie-kwa', 'Nama-kwa', en dies meer" (Nienaber 1963:437), om die samestelling te gee van "mense". Dus: "Tongmense" vanweë die klapklanke wat die Namataal kenmerk.

Namakwaland is dan vernoem na die Namakwas of Namas, soos dr. Vedder (1937:56-66) hulle deurgaans noem, wat saam met die Boesmans gedurende die 17de en 18de eeu die gebied be-

woon het. Eintlik was daar twee groepe, naamlik die Groot-Namakwas wat ten noorde van die Oranjerivier gewoon het, en die Klein-Namakwas wat ten suide van die rivier hul verblyf gehad het.

Alhoewel Klein Namakwaland in hoofsaak te make het met laasgenoemde groep, was daar altyd 'n baie noue verband tussen die twee groepe vanweë hul onderlinge handel en oor-en-weer-trekkery gedurende droogtes (Heese 1942a:24).

4.2 NAAM VAN DIE LANDDROSSETEL

SPRINGBOK (Vroeër bekend as Guchas) - DORP K 2917 DB

Backhouse (1844:580) "Springbok Fontein, where a family of Dutch extraction were residing ... There was a feeble spring of excellent water at this place, rising in a white-quartz hill ..."

Schultze (1907:168) "// Gûxas, Springbokfontein, der 'springbockreiche Ort'."

Dreyer (1930:5) "Springbokfontein is 'n vertaling van 'n Nama-woord wat aandui dat die springbokke gewoon was daar by die fontein te kom water suip."

Die eerste lid van die inlandse naam Guchas, is soos Nama // gû-b=springbok, met variërende suigklap, soos ook in ander dialekte (Nienaber & Raper 1977:472; Nienaber 1963:465-6), met die veelheidsuffiks xa-, en die slot-s wat lokativeer, indien dit nie vir die fontein opgevat word nie, soos meestal die geval is by Khoekhoense plekname wat op 'n waterbron of fontein dui. Volgens Schultze se verklaring was die fontein nie deel van die inlandse naam nie, vandaar sy "Ort". Die benaming "Springbok Fontein" was reeds in swang toe Backhouse in 1840, tydens sy besoek aan die Engelse sendingstasie, by die "witkwartswater" aandoen, waar hy die destydse bewoners, vermoedelik die Van den Heevers en die familie

van Lang Jacobus Cloete, aantref. Volgens oorlewering was daar twee fonteine, by name Springbokkooi- en Springbokramfontein. Laasgenoemde was in die leegte, vgl. Mannetjiespringbok onder die plaasnaam MELKBOSCH KUIL, en Springbokooifontein, ongeveer 3 km wes daarvandaan in die witkwartsrant, in die omgewing van die huidige Tol. Dit is hierdie een wat Springbokfontein genoem is.

Phillips en King het in 1860 aangebied om 'n deel van die plaas Melkboschkuil, wat van die Cloetes bekom is, aan die regering te verkoop om 'n dorp daarop aan te lê, maar die destydse magistraat het gereken dat dit nie die geskikste plek vir 'n permanente magistratuur in Namakwaland was nie. Die voorstel is toe nie aanvaar nie. Kort daarna het Phillips en King self 'n dorp by Springbokfontein laat uitmeet. Omtrent 3 000 morg (2 568,49 ha) is vir dié doel van die restant van Melkboschkuil afgesny (Van der Merwe 1951: 16). In 1862 is die dorp deur landmeter Fletcher uitgemeet (Smalberger 1975:73) en vernoem na die fontein waar Lang Kowie Cloete gewoon het.

In 1911 is die naam verkort na Springbok (SESA 1974 deel X: 231). Die eerste dorpsbestuur is in 1922 gekies en het eers in 1933 munisipale status gekry (Die Namakwaland 1 Julie 1976:2). Op 21 Februarie 1942 het die munisipaliteit die dorpsgrond van die Okiep-Kopermaatskappy vir ongeveer R1 500 gekoop (Van der Merwe 1951:17). Vandag is dit die hoofdorp van Namakwaland, geleë aan die Eselsfonteinrivier en aan die hoofpad van Kaapstad na Suidwes-Afrika.

4.3 NAME VAN ANDER DORPE IN DIE DISTRIK

AGGENEYS

MYNDORP

K 2918 BD

Hierdie dorp is in 1979 aangelê en vernoem na die plaas waarop dit geleë is. Vir verklaring van die naam vergelyk die

plaasnaam AGGENEYS, waarvan die spelling vir amptelike doeleindes vasgestel is op Aggeneis (Pleknamekomitee 1951:35).

ALEXANDERBAAI

DELWERSDORP

K 2816 CB

Cowie (1929:1120) "... in 1839 a namesake of Sir James Alexander with a partner named Peacock, had established headquarters at Alexander Bay ... In a burst of anger, Alexander killed his partner and threw himself into the sea."

Pettman (1931:111) "On the coast of Little Namaqualand is the Alexander Bay now so famous for its wealth of diamonds. The name is reminiscent of a tragedy, a little further south is a smaller bay, known as Peacock Bay. Peacock and Alexander were two Scotsmen who, as partners, ran a successful store in the neighbourhood about ninety years ago; during a drunken quarrel Peacock shot his partner; he then put to sea in a small boat and was never seen again."

Green (1948:202) "Captain Alexander, of course, was the man who gave his name to Alexander Bay. Soldier and explorer, he was quick to notice the blank space on the maps near the Orange River mouth; and he arrived here in 1836, hunting, prospecting and searching for harbours. There was not a thought of diamonds in his head. Copper was what he was after, and the Hottentots brought him samples that met with his approval. A man of action he decided to mine copper ore forty miles up the river in the Richtersveld ..."

Van Niekerk (1977 nr. 15:1) "Teen die middel van die vorige eeu het sir James Edward Alexander probeer om koperneerslae by Kudas, Turacip en Numees in die afgeleë hinterland, bekend as die Richtersveld, te ontgin. Sy kopererts het hy met die rivier langs tot by die monding en suid tot by die baai vervoer en daarvandaan af probeer uitvoer. (Dit was die dae van die sogenaamde 'copper boom'). Die baai is na hom vernoem."

Uit die aangehaalde bronne blyk dit dat daar meningsverskil bestaan oor wie die Alexander was na wie Alexanderbaai ver- noem is. Volgens Pettman sou dit die vennoot en slagoffer van Peacock gewees het, terwyl Cowie praat van 'n naamgenoot van Sir James Alexander. Kling (1932:317) beweer dat Alex- ander en Peacock in 1850 na die Richtersveld getrek het, nadat hulle mineralereg van die Hottentotkaptein Links Een- oog verkry het, waar hulle koper ontgin en na Alexanderbaai vervoer het. Aan die ander kant vertel sir James Alexander (1967a:119) weer self van sy besoek aan die gebied in 1836, hoe hy kopermonsters na Londen geneem het en in 1837 deur Londense sakelui genader is vir die stigting van 'n Oranje- rivier-kopermaatskappy. Hy vermeld ook sy ontmoeting met Paul Lynx, "the chief of the Orange River, a strapping fellow, with one eye, and a peculiar savage look" (1967a:111) Letcher (1932:20) meld dat sir James twee jaar na sy ekspe- disie begin het om koper in die Richtersveld te ontgin, terwyl Green verhaal dat hy 64 km van die mond van die Oranje koper ontgin het waar die ruïnes van sy geboue nog gesien kan word. Baie jare was die ligging van die myn 'n misterie, maar in 1928 het 'n Boesman die prospekterder, Ernest Heyer daarheen gelei. Dit was onder 'n berg in die vorm van 'n arend se kop. Die waspore van Alexander was nog te sien, asook glasskerwe van Engelse breekware. Naby die rivier is 'n ou skeepmas gevind en op 'n rots die inskripsie "J.A. 1938". Nie Letcher of Green maak melding van Peacock nie. Volgens Green was sir James Alexander die man wat sy naam aan Alexanderbaai gegee het, soos ook deur Van Niekerk bevestig. Die vraag bly egter watter Alexander Peacock se vennoot was. Dit kon nie sir James Alexander gewees het nie, want volgens die Dictionary of national biography (Lee 1909 deel XXII:31-2) het hy 'n ontdekkingsgeselskap na Namakwaland en Damaraland gelei, vir die eksplorering waarvan hy in 1838 tot ridder geslaan is. Op 2 April 1885 is hy "at Ryde, Isle of Wight" oorlede (SESA 1970 deel I:297). Daar moes dus of twee Alexanders gewees het, of anders is die Peacock-Alex- ander-storie 'n versinsel. Dat Peacock wel sy verblyf in

die betrokke omgewing gehad het, spreek uit die pleknaam Peacockbaai tussen Holgatpunt en Alexanderbaai. Maar tot-dat die teendeel bewys kan word, word algemeen aanvaar dat Alexanderbaai, hawe en dorp aan die Weskus, 6,5 km suid van die mond van die Oranjerivier, vernoem is na sir James Edward Alexander, soos onder andere deur Van Niekerk vermeld.

Na die ontdekking van die ryk alluwiale diamantgrond in 1926-27 deur dr. Hans Merensky word 'n staatsdiamantdelwery gevestig wat vandag nog bewerk word (SESA 1970 deel I:298-9; Alluwiale Staatsdelwery Alexanderbaai 1929-1978; Cowie 1929; Van Niekerk 1977).

CAROLUSBERGMYNDORP

K 2917 DB

S G map 1895 "Carolus Berg".

Cornelissen (1965:86) "Again in 1895 reports referred to the adit level, and Trails 1 and 2, from now under the heading Karolusberg or Carolusberg ..."

Op Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder, word die berg aangedui as Carolusberg wat driehoeksbaken nr. 14 dra. Volgens oorlewering is die bergnaam ontleen aan 'n eertydse bewoner van dié omgewing, 'n Hottentot genaamd Karolus. 'n Bietjie noordooswaarts, op die plaas Kweekfontein, heet 'n gebied tans nog Karools se Water, vermoedelik na dieselfde Karolus.

Die bergnaam het weer op sy beurt op die myndorpie, wat naby die voet daarvan geleë is, oorgegaan, vandaar Carolusberg. Dit is baie naby die ou Van der Stel-myn geleë. Produksie het in 1963 begin.

GARIESDORP

K 3017 DB

Dreyer (1930:5) "Garies beteken volgens sommige 'kweek' en

en volgens andere 'volop melk'."

Steenkamp (1952) "Garies het sy naam ontvang van John X. Merriman wat as Eerste Minister op 'n reis by die dorpie aangedoen het en op hierdie naam besluit het - soos hy die Hottentotwoord vir 'Kweekrivier' vertaal het."

Smith (1966:220) "Garies. *Cynodon dactylon*, fynkweek. It is said that the species gives its Hottentot name (as Garies) to a little dorp in Namaqualand."

SESA (1972 deel V:123) "The name derives from the river flowing past the town. In the Hottentot language/gari-s means 'coach-grass'. Nearer the sea the river on which the town is situated is still called Groenrivier. At one time the village was unofficially named Genisdal in honour of Evert Genis, a school teacher of a century ago, but for some reason this did not survive."

Nienaber & Raper (1983:108) "... town at the foot of the Kamiesberge, and a river. 'Couch grass'."

(Vergelyk Nienaber & Raper 1977:385; 1980:296 vir meer bronnegewens.)

Die dorp het sy naam van die Groenrivier wat daar verbyloop, gekry, en wel vanweë die fynkweek, *Cynodon dactylon* (Smit 1966:220), waarmee die loop, veral in die omgewing van die dorp, begroei was. Die naam is dus te vertolk as Nama /gari-s = "das Umkraut, die Queke" (Kr. & Rust 1969:76), met die -s wat lokativeer. Dus: "Kweekplek". Plaaslik word dit sommer vertaal as Kweeklaagte en Kweekrivier, selfs Vleiplek (H. du Toit 1916), wat goeie raakpunte met "Kweekplek" het.

Garies het vroeër ook name gedra soos Keertweder, Kweekrivier en Genisdal, maar hulle kon dit nie oorleef nie. Eersgenoemde dui daarop dat vroeëre reisigers daar moes omdraai vanweë die skynbaar onoorkombare berge onmiddellik noord van Garies, terwyl laasgenoemde ter verering was van Evert Genis, die eerste voorleser in Namakwaland (Dreyer 1930:21).

Die dorp het sy ontstaan gehad to Hermanus Rossouw in 1844 'n huis gebou het op die plaas Goedeverwachting wat hy 'n jaar later tot 'n dorp laat uitmeet het. Selfstandige bestuur is eers in 1911 verkry toe die eerste dorpsbestuur gekies is met J.L. Burke as voorsitter (Steenkamp 1952:1, 4).

HONDEKLIPBAAIKUSDORPIE

K 3017 AD

SESA (1972 deel V:578) "It takes its name from a large boulder, 5 meters high, on a rise above the village, which resembled a sitting dog until a lightning flash struck off the head many years ago."

Kennis (1978:2967) "Vissersdorpie met skool, poskantoor en vuurtoring langs Weskus suid van Port Nolloth."

Vir 'n verdere verklaring van die naam, vergelyk die plaasnaam HONDEKLIP.

Die geskiedenis van Hondeklipbaai lê intiem verweef met dié van die kopermyne in Namakwaland. Vanaf 1852 tot 1876 was dié hawedorpie die ene bedrywigheid as gevolg van die drukke besoek van skepe vir die laai van kopererts wat per ossewa vanaf die myndorpe daarheen vervoer is. Vir die voorkoming van drankmisbruik was daar geen hotel of kantien nie, maar dit het nie gehelp nie, want Kaapse brandewyn is in vaatjies van sestien gelling (80 ℓ) deur sommige van die drywers van die skepe af bekom om binne 'n paar dae leeggedrink te word. Hierdie geharde drinkers het saam met weerbarstige matrose en ruwe fortuinsoekers op die strand gefuif. So erg het dit gegaan dat daar op 'n sekere Sondag 'n kennisgewing in die dorp opgeplak is dat die plaaslike tronk so vol was dat in die geval van verdere arrestasies, die betrokkenes aan die pilare van die hawehoof vasgemaak sou word (Smalberger 1975: 79).

Op 26 November 1862 het dit 'n aparte magistraatsdistrik geword met A.R. Orpen as die eerste residensiële magistraat

(Smalberger 1975:81). In 1868 is 'n drukpers geïnstalleer en programme gedruk vir die eerste toneelstuk deur die Nama-kwalandse Dramatiese Vereniging (SESA 1972 deel V:578). Goedkeuring is ook verleen vir die bou van 'n tremspoor of spoorlyn vanaf Hondeklipbaai na Riethuis, ongeveer 26 km ver (Regeringspublikasie 1865). Dit is egter nooit gebou nie (Smalberger 1975:85-6).

Met die koms van die smalspoorlyn tussen Port Nolloth en Okiep in 1876, het die doodsklok vir Hondeklipbaai gelui. Huise en pakhuse is ontruim en die dorp het gekrimp, sodat dit vanaf 1 Junie 1877 nie langer as aparte magistraatsdistrik of as hawe bestempel is nie.

Tans is dit net 'n vissersdorpie waarvan die inwoners 'n bestaan maak deur die vang en inmaak van kreef.

KAMIESKROON (Vroeër bekend as Ouss) DORP K 3017 BB

Coetzee (1969:42) "Kamieskroon staan onder die skadu van die indrukwekkende berg Kardow wat soos 'n mens se kop bo die ander pieke uittoon, met 'n rotskrans wat soos 'n kroon daarom lyk."

SESA (1972 deel VI:288) "The actual 'kroon' (crown), a 330 metre peak, crowned with a huge cleft rock, is a kilometre from the village."

Heese (1973:24) "Alexander is ook besonder getref deur die bekende 'Kurktrekkerkop' in die Kamiesberg wat (vanaf) van Lier se plaaswoning so mooi troon oor die omgewing. Dis hierdie kop wat aanleiding gegee het tot die naam Kamieskroon."

Die dorp Kamieskroon is aangelê op 'n gedeelte van die plaas Ouss/Oes/Koets wat deur mev. Charlotta van Wyk (Ouma Tollie) aan die dorpsuitleggers verkoop is (Swart 1973:89).

Die geboorte van dié dorp staan in direkte verband met die destydse gebeure te Bowesdorp, 6,4 km noord aan die voet van Sneekop. In 1864 is die eerste N.G. kerk gebou op die plaas Wilgenhoutschoof, waar Bowesville, die latere Bowesdorp, ontwikkel het. (Vergelyk Bowesdorp onder die plaasnaam OUSS)

Aangesien dit gou geblyk het dat daar te min water in die nou kloof was, het die leraar, dr. W.P. Steenkamp, en die kerkraad op 24 Augustus 1922 besluit om nie die ou kerk op Bowesdorp te repareer nie, maar om 'n nuwe op 'n geskikter plek te bou "waar er een toekomst voor een dorp zal zijn" (Heese 1973:23). Hiervoor was reeds 'n opsie op 'n deel van die plaas Koets verkry.

Op 9 Oktober 1922 is op 'n kerkraadsvergadering besluit dat die nuwe dorp Kamieskroon sou heet. Dit sou 'n baie toepaslike naam wees, aangesien die veldkornetskap waarin die dorp val, reeds sedert 1816 Kamiesberg genoem is. Die naam van die dorp is dus ontleen aan die Kamiesberg, aan die voet waarvan dit geleë is, én die indrukwekkende Kardou waarvan die "kroon" oor die omgewing troon. Vir 'n verklaring van "Kamies (berg)" vergelyk onder bergname KAMIESBERG.

(Vir 'n verklaring van "Kardou" vergelyk onder die plaasnaam OUSS.)

KLEINZEE

DELWERSDORP

K 2917 CA

Kennis (1978:2977) "Delwersdorp in beheerde diamantgebied by die mond van die Buffelsrivier suid van Alexanderbaai."

In 1926 is die eerste prospektering vir diamante deur Jack Carstens en die plaaseienaar, Jan Kotze, op die suidwestelike hoek van die plaas Kleinzee onderneem, waar die dorpie Kleinzee in 1930 ontstaan het (Kleinzee Mine Golden Jubilee

1976:3 e.v.) en oor die jare heen stuksgewys vergroot is.

(Vir 'n verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam KLEIN-ZEE.)

KOIINGNAASDELWERSDORPIE

K 3017 AA

Koingnaas is 'n diamantmyndorpie in beheerde diamantgebied aan die Atlantiese kus by die mond van die Swartlintjiesrivier. Die dorpie is op 22 Augustus 1976 amptelik deur mnr. H. Oppenheimer, voorsitter van De Beers Consolidated Mines, tot dorp verklaar.

(Vir 'n verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam KOINGNAAS.)

NABABEEPMYNDORP

K 2917 DB

Schultze (1907:168) "!Nababeb, Nababeep, Grundwasserstelle und Kupfermine nordwestlich von Ookiep. 'Nashorn (!nabas) Ort'."

Dreyer (1930:5) "Nababib beteken giraf of soos die Namakwalanders sê, vlamkameel."

Opmeting (1950) "Nababeep beteken die vlaktes waar die buffels wei of Buffelvlakte. Inligting verkry van mnr. J. Dixon van Jakkalswater - 'n betroubare persoon met 'n baie hoë ouderdom (79 jaar), gebore en opgegroeï in die omgewing." Ook inligting verkry van Jasper Cloete, inwoner van die Richtersveld: "Nababiëpsberge. Betekenis - Hotnots vir sjambok. Ook naam van bos. Dus: Sjambokberge. Geleë in Richtersveld-Reserwe. Vorm onderteken deur F. Matthews SAP Alex."

Cornelissen soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977: 825) "... oorspronklik uitgespreek ?a-ba-beeb of -beep of -biep (...) ?abba kan beteken plat of rooi (bruin) of maer en beeb is 'n koppie. Bruin-

kop (plat geskiet met die mynbedryf) was vroeër 'n prominente verwysingspunt, en ek voel oortuig dat NababEEP eintlik beteken Die Bruin Koppie, wat dan 'abbabEEP sou wees."

Dreyer en Opmeting se inligting is ter aanvulling van dié van Nienaber & Raper (1977:825-6) waarvan ek Schultze en Cornelissen s'n hierbo herhaal vir my betoog.

Dreyer het vermoedelik "t Nein t NababEEP" in die Steinkopgebied in gedagte waar daar miskien vir sy "vlamkameel" 'n saak uit te maak is deur "t Nein" as !Neib = kameelperd te vertolk (vergelyk NABABIEPSBERGE onder bergname).

Dit gaan egter hier oor NababEEP wat taalkundig nie met giraf (kameelperd) te rym is nie.

Opmeting se segsman, Dixon, verwar weer klaarblyklik buffel en renoster met mekaar, nes die landdros van Williston in die geval van Nienaber & Raper (1977:825).

Die begrip "plat" van Cornelissen kan in verband gebring word met Nama \neq hawa/ \neq haba = plat wees (Engelbrecht 1928:31). Met wisseling van n/h (Nienaber & Raper 1977:46 by 5 D 6), kan dit wees \neq naba. Die -beep is wel nie "koppie" nie, maar lokativeer, -bee-/-bie- is 'n lokatiefmorfeem met die ml. ekv. -b die terminaal wat die kopnaam aandui. Dan kan "Platkop" dui op Cornelissen se "Bruinkop" wat vroeër 'n prominente verwysingspunt was, maar nou plat is vanweë die mynbedryf.

In die lig van plaaslike navrae en eiehandse kennis van die gebied, is ek van mening dat Schultze se verklaring die aanneemlikste bly, naamlik soos Hottentots !naba-s = renoster (Nienaber 1963:427) met -beep as lokativeerder. Dus: "Renosterplek". Dit bevredig taalkundig en word myns insiens indirek onderskryf deur Jasper Cloete (Opmeting 1950) se

"sjambok", wat soos Nama !nawab = "der Sambok, die Nilpferd-peitsche" (Kr & Rust 1969:283) is, vervaardig uit die vel van die renoster, in Nama !nawas, wat met wisseling van b/w ook !nab(b)as kan wees, vergelyk SKAAPRIVIER onder riviername.

Gedurende 1953-4 het 'n polemieek ontstaan oor die "nuwe" spelling Nababiep (Die Burger 5 November 1954:8). Die inwoners wou dit onveranderd behou met die laaste lid as -beep, waartoe die minister ten slotte ingewillig het, sodat die amptelike spelling Nababeep gebly het.

Mynbedrywighede te Nababeep het ongeveer 1852 'n aanvang geneem (Smalberger 1975:94).

OKIEPMYNDORP

K 2917 DB

Schultze (1907:168) "/Ugaib, Ookiep, Grundwasserstelle, Hauptkupfermine. 'Der grosse (gai) Brak-(/U) Wasserort'." Laidler (1927:148) "P/ookiep is the present O'kiep, and means big brack - a large area of arid salty ground. Pronounced P/oo kaie eep."

SESA (1973 deel VIII:312) "Okiep. Important copper-mining village in the Namaqualand district, 8 km north of Springbok ... The name (formerly O'okiep) is derived from Hottentot, /U-geib; U means 'Brackish' and gei 'big'; thus 'the big brackish place'."

Bogenoemde is enkele van die vele bronnegegewens oor Okiep, waarvan meer te vinde is in Nienaber & Raper (1977:959-60), asook hul verklaring van die naam wat neerkom op Nama /U-gei-b; /u = brak (Rust 1960:12), gei=groot (1960:28) en -b (-p) wat lokativerend is. Dus: "Grootbrak" ("Plek van die groot brakkol"). Die letterlike vertaling kom neer op die ongewone patroon van "Brak-groot", daarom dat Nienaber & Raper tereg die vraag opper of Okiep nie te lees is as

/U-!kei-b = "Brakplek" nie, in welke geval die -keip dan as !kei- en nie gei-, te verstaan is, waardeur die samestelling die gewone patroon volg en struktureel bevredig (1977:960).

Laidler se uitspraak dui in dié rigting, alhoewel sy vertaling anders verloop. Nogtans is die ou verklaring van Grootbrak plaaslik die populêrste en ook verkieslik, veral in die lig van die skryfwyses van die vroegste tye af.

Oor die spelling van Okiep was daar 'n hele polemiekie (Die Burger 7 September 1953:6). Die inwoners het petisies ingestuur om die ou spelling O'okiep te behou, maar die minister wou nie daartoe instem nie (Nienaber & Raper 1977:960), gevolglik is die spelling deur die PNK vasgestel as Okiep.

Dié myndorpie het reeds in 1856 sy ontstaan gehad (Smalberger 1975:104).

PORT NOLLOTH (Vroeër bekend as Aogutoas/Robbebaai)

HAWEDORP

K 2916 BB

Tindall (1856:10) "Captain Nolloth is the best authority on the sea coast of Little Namaqualand. Its principal havens are Roode Wal, Hondekclip, McDougal Bay and Robbe Bay or Port Nolloth."

Pettman (1931:111) "Then comes Port Nolloth on the coast of Little Namaqualand, known earlier as Robbe Bay (D. rob, a seal); this place received its present name from Sir George Grey, who, in March, 1855, thus honoured Commander M.S. Nolloth, of H.M.S. 'Frolic', who examined and reported upon the bays and harbours of the Namaqualand coast in 1854."

Forbes (1965:89). "Paterson says that they saw a small island about a mile from the shore. This can only have been Robbe Islet at Port Nolloth in 29° 15' since there is not another island on this stretch of coast. It is,

however, not much more than a couple of furlongs from the shore. The Gordon Map is more accurate in this respect and bears the legend, 'Ilheos Siccos, drie drooge eylandjies een paar schnaphaan schoot van de wal, vol robben'."

Die dorp is in 1855 aangelê op 'n ankerplek in John Owenbaai, en deur Sir George Grey vernoem na kommandeer M.S. Nolloth wat die Kaapse weskus in 1854 ondersoek en verslag gedoen het oor die baaie en hawens aan die Namakwalandse kus (Bulpin 1970:330; Pettman 1931:111; Regeringspublikasie 1855; Speight 1941:1014). Uit die aangehaalde bronne is dit duidelik dat dit voor daardie tyd bekend gestaan het as Robbebaai, vanweë die baie robbe wat op die nabygeleë eilandjies gebly het en waarvan Smalberger (1975:87) sê: "... it provided the Namaqua with a source of income from the sale of seal skins, and as a source of food, since the seal meat was dried and could annually support some 300 persons".

Toe was daar slegs 'n dorpie van Hottentotpondokke en die Hottentotte het die plek Aukotowa genoem, wat sou aandui: die plek wat die ou man weggeneem het. Backhouse (1844: 537) skryf in dié verband: "This name was given to it in consequence of one of the men having been driven out to sea, and lost, in attempting to reach the island, to which the people swim ... on logs of wood, which they bring from the Orange River."

Krönlein (1889:261) en Hahn (1901:275) gee egter die uitlandse naam in meervoudsvorm as Aogutoas wat deur Nienaber & Raper (1977:202) as volg ontleed word: ao-b = man, mv. masc. is ao-gu, die eerste lid van die samestelling, plus toa = "aus sein, aufhören, zu Ende gehen" (Kr. & Rust 1969: 359). Dus: "Plek waar die mans aan hulle einde gekom het."

Die naam het vroeër die eilandjie en die Hottentotwerf aan die suidekant van Port Nolloth benoem.

SOEBATSFONTEINDORPIE

K 3017 BA

Conradie (1909:6) "Hier is een sterke fontein, die uit een kleine verhevenheid in de grond, reeds eeuwenlang, voortvloei. Droogte of regen maakt geen verschil in de hoeveelheid van het water. Ein eigenaardigheid van deze sterke en standhoudende bron is, dat her water lauw is en zuurachtig van smaak."

SESA (1974 deel X:41) "Local area in the district of Namaqualand, 80 km by road south-west of Springbok, 48 km north-west of Kamieskroon, and 51 km north-east of Hondeklip Bay; rainfall 125 mm. Population (1970): White 85, Coloured 80."

Steenkamp (1975:106) "The spring where Stievert pleaded so long and hard for his life is still there, although now protected by a casing of concrete. After 170-odd years not much of the old sadness seems to cling to Soebatsfontein. It is a cosy little place which had a total population of 165 in the 1970 census and these days renowned for its wealth of springtime veldflowers."

Die dorpie is geleë by die fontein waaraan beide die oorspronklike plaas en die dorpie Soebatsfontein hul name ontleen het. (Vir 'n verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam SOUBATTERS FONTEIN en DE KLIPSCHEUR, waar die tragiese gebeure wat aanleiding gegee het tot die naam, verhaal word.)

As "kerkplaas", waar buitekerk reeds van so vroeg as die sewentigerjare van die vorige eeu gehou is, het dit deur al die jare heen 'n unieke godsdienstige karakter bly dra. Met Nagmaalsviering is alhier uit alle oorde in ossewaens en matjieshuise saamgetrek. Van die besondere gees getuig ds. W.J. Conradie, leraar van Namakwaland (1886-1895): "Dinsdag en Woensdag houden we kerk en biduur in het woonhuis van lieve broeder Eduard Mostert. 't Is een van die aange naamste kerkplaatsen in het land. Was het water meer bruik-

baar voor tuinen en landeriyen dan kon men hier het mooiste dorp in Namakwaland hebben" (Conradie 1909:6-7). Hierdie karaktereienskap het deur alle jare heen bly voortleef en geld vandag nog van Soebatsfontein.

4.4 'N KEUR VAN STRAATNAME VAN DIE DORPE

Om die omvang van hierdie ondersoek binne perke te hou, is 'n keur van die straatname van die dorpe gemaak. Al die strate wat as die belangrikste beskou kan word in dié sin dat hulle die grootste en die vernaamste dele van elke dorp bedien, is uitgesoek. Dit het meegebring dat die meeste strate van elke dorp, waaronder dan ook die oudstes ressorteer, wel ingesluit is. Baie klein dorpieë met die status van plaaslike gebiede, soos Soebatsfontein en Hondeklipbaai, beskik nie oor straatname nie. In die geval van ietwat groter maar statiese dorpieë met min strate, kon feitlik al die straatname wel behandel word. In die geval van 'n onlangse gestigte dorp soos Aggeneys is gekonsentreer op al die vernaamste strate wat op die oorspronklike dorpsuitlegkaart verskyn, terwyl in die geval van die hoofdorp, Springbok, feitlik alle straatname ingesluit is.

AGGENEYS

K 2918 BD

Clifford TN 1984 Professor in Geologie, Universiteit van die Witwatersrand, in samewerking met mnr. Dicky van Zyl van die Geologiese Afdeling van Gold Fields Mining and Development Limited, Pofadder. Inligting per brief.

By straatnaamgewing van Aggeneys as myndorp van Gold Fields Mining and Development Limited, het die betrokke bestuur dit goed gevind om slegs van die name van bestaande myne gebruik te maak. Die Mynnaam, wat dan ook straatnaam is, gevolg deur die land waar dit geleë is, asook die produk,

word in tabelvorm verstrek:

MYN-/STRAATNAAM	LAND	PRODUK
Bisbee	Arizona, VSA	Koper
Boliden	Swede	Goud, Silwer, koper
Bracken	Oos-Transvaal, RSA	Goud
Deelkraal	Wes-Wits, Transvaal, RSA	Goud
Havelock	Swaziland	Asbes
Kinross	Transvaal, RSA	Goud
Lorraine	Oranje-Vrystaat, RSA	Goud
Lornex	Brits-Columbia, Kanada	Koper, molibdeen
Metcalf	Arizona, VSA	Koper
Murchison	Noordoos-Transvaal, RSA	Antimoon, goud
Penge	Oos-Transvaal, RSA	Asbes
Pima	Arizona, VSA	Koper
Rooiberg	Noord-Transvaal, RSA	Tin
Tsumeb	Namibië	Koper, lood, sink
Wankie	Zimbabwe	Steenkool
Welkom	Oranje-Vrystaat, RSA	Goud
Zandpan	Wes-Wits, Transvaal, RSA	Goud

As myndorp volg Aggeneys 'n baie toepaslike patroon van straatnaamgewing.

ALEXANDERBAAI

K 2816 CB

Richter CJS 1978 Algemene bestuurder Brief

Alexanderbaai is eintlik nie 'n dorp in die ware sin van die woord nie, maar slegs 'n woonplek vir die werknemers van die Alluviale Staatsdelwery. Die strate se name is dan ook vroeër meestal willekeurig deur die inwoners van die betrokke straat gegee, hoewel daar later in 'n groot mate hiervan afgewyk is en name van persone, diere en

dinge wat eie aan die omgewing is, vir naamgewing gebruik is.

Die inligting aangaande die verskillende straatname wat deur die segsman verskaf is, kan soos volg geklassifiseer word:

Agaat-, Bantom-, Diamant-, Kwarts- en Robynstraat
Vernoem na sommige van die edel- en halfedelstene wat eie is aan die gebied.

Duiker-, Eland-, Skilpad-, Steenbok- en Volstruisstraat,
Flamink- en Vygielaan, en Gemsbokweg
Verwys na die diere, voëls en plante van die omgewing.

Gariep-, Namakwa- en Namiblaan en Oranjeweg
Verwysings na belangrike entiteite in die nabygeleë omgewing, byvoorbeeld die Oranjerivier en Namibwoestyn.

Groblerstraat en Merenskylaan
Vernoem na die eerste algemene bestuurder van die myn, mnr. C.J. Grobler, en na die bekende geoloog, dr. Hans Merensky, wat betrokke was by die ontdekking van diamante aldaar.

Hospitaal-, Parkstraat en Kerkpleinweg verwys na belangrike geboue of instansies in die onmiddellike omgewing van die betrokke straat, naamlik die hospitaal, park en kerk. So ook is Deltalaan die naaste aan die rivierdelta geleë, terwyl Delwerslaan die woonbuurt vir getroudes met die enkelkwartiere, waar die meeste van die werknemers of delwers destyds gehuisves is, verbind. In Pioniersweg het baie ou en gevestigde werknemers gewoon, terwyl Uitsiglaan teen 'n koppie, waarvandaan 'n mens 'n redelike uitsig oor die dorp en omgewing het, geleë is. Weshoeklaan ontleen sy naam aan die plaaslike ontspanningsklub wat destyds in die westelike hoek van die dorp geleë was en dus Weshoekklub geheet het.

Keerom-, Kort- en Kronkellaan en Kromstraat

Hier het die naam betrekking op die voorkoms van die straat self. So is Keeromstraat byvoorbeeld 'n doodloopstraat waarin jy noodwendig moet omkeer om weer uit te kom.

Malmokkielaan

Malmokkie is 'n plaaslike naam vir die swaar sleepmis wat soms van die see se kant af opkom, en aangesien Malmokkielaan die naaste straat (in die noordelike gebied) aan die see is, het die straat sy naam hieraan ontleen. Die woord skyn nie van Nama-oorsprong te wees nie en sinspeel vermoedelik op die malmokkie/marmot, fam. Sciuridae (Odendal 1981:682), waarvan die kleintjies na geboorte nie kan sien nie, aangesien hul oë eers later oopgaan. Net so min kan 'n mens in die digte sleepmis sien wat om jou aangaan.

CAROLUSBERG

K 2917 DB

Engelbrecht SAJ 1983 Onderwyseres Gesprek

Hierdie myndorpie se strate is merendeels vernoem na die persoon wat eerste in die straat gewoon het en wel op aandrang van die inwoners self wat baie las ondervind het van besoekende familieledes van kontrakwerkers wat probleme ondervind het om hul familie se huise op te spoor.

Die inligting omtrent die volgende strate is deur die informant verstrekk:

Dreyerstraat

Vernoem na 'n bekende inwoner met die noemnaam Wit Jan Dreyer.

Engelbrechtstraat

Na 'n inwoner, Isak Engelbrecht, in die wandel bekend as Koeëlblad.

Grensstraat

Die straat waar die dorp eindig.

Meyerstraat

Na Jasper Meyer vernoem.

Nieuwoudtstraat

Na 'n alombekende inwoner, Servaas Nieuwoudt, vernoem.

Smithstraat

Vernoem na die kampongbestuurder, Willem Smith.

Swartstraat

Vernoem na Alex Swart.

GARIES

K 3017 DB

Hoewel straatnaamgewing willekeurig geskied het, is daar tog 'n opvallende patroon te bespeur wat berus op die verering van mense wat besondere diens aan die gemeenskap of gebied gelewer het asook die vernoeming van plaaslike instansies soos die kerk, skool, ensovoorts. Die belangrikste straat, wat ook die enigste geteerde straat is, is uit die aard van die saak Hoofstraat genoem.

Gegewens aangaande die volgende straatname is verkry van die plaaslike bewoners en uit eie kennis. Bronne word nie by die afsonderlike strate herhaal nie.

De Villiersstraat

Vernoem na ene mej. De Villiers wat vir baie jare matrone van die meisieskoshuis op Garies was. Hierdie kosinrigting, tans bekend as Huis De Villiers, is ook na haar vernoem.

Genisstraat

Vernoem na mnr. Evert Genis, die eerste voorleser in Nama-

kwaland. Hy was 'n Hollander wat in 1850 as godsdiensonderwyser na Suid-Afrika gekom het. In dié betrekking was hy eers in Kaapstad, later op Piketberg (1852) en toe in Nama-kwaland werksaam. As voorleser het hy die godsdiensoefeninge en begrafnisse in afwesigheid van die leraar gelei, en as daar 'n leraar was, het hy gewoonlik die psalms en gesange opgegee, en die Tien Gebooe, Twaalf Artikels en Skrifge-deeltes voorgelees (Dreyer 1930:21). Dit is na hom dat Garies destyds onoffisieel "Genisdal" genoem is.

Hoofstraat

Die geteerde hoofstraat wat suid-noord deur die dorp loop en wat destyds, voordat die huidige nasionale pad gebou is, ook as hoofweg gedien het.

Luckhoffstraat

Vernoem na ds. A.D. Luckhoff wat in 1906 aangestel is as die organiserende sekretaris van onderwys in Namakwaland. (Vergelyk Luckhoffstraat onder SPRINGBOK.)

Pastoriestraat

Vernoem na die plaaslike N.G. Kerk-pastorie aan die voorkant waarvan die straat verbyloop.

Rosenbergstraat

Vernoem na 'n destydse handelaar, Max Rosenberg, wat baie jare lank 'n winkel op die dorp bedryf het.

Skoolstraat

Vernoem na die plaaslike skool aan die voorkant waarvan dit verbyloop.

KAMIESKROON

K 3017 BB

Hier berus die straatnaamgewing feitlik uitsluitlik op die verering van dié mense wat 'n aandeel gehad of hulp verleen

het in die totstandkoming van die dorpie.

Swart 1973:90-1.

Inligting merendeels uit bogenoemde bron, wat nie herhaal word nie.

Charlottestraat

Ter verering van mev. Charlotta van Wyk (Ouma Tollie) wat 'n gedeelte van die plaas Koets/Oes/Ouss/Tkous verkoop het vir die aanlê van die dorp Kamieskroon.

De Waalstraat

Vernoem na die destydse administrateur van Kaapland, sir Frederick de Waal, wat, nadat die Onderwysdepartement reeds met die bou van 'n nuwe koshuis te Bowesdorp begin het, op versoek van dr. W.P. Steenkamp, N.G. leraar, ingewillig het om R6 000 vir 'n koshuis en R2 400 vir 'n nuwe skool op die nuwe dorp, Kamieskroon, waarheen Bowesdorp verskuif is, toe te staan. Die kerkraad moes net R400 bydra om die reeds aangegane koste te Bowesdorp te vergoed, en drie morge grond in die nuwe dorp aan die Administrasie skenk. Die kerkraad het 'n eenparige mosie van dank en waardering aan die Administrateur aangeneem. Hierdie straat in die nuwe dorp is ook uit dankbaarheid na hom vernoem.

Dr. Steenkampstraat

Vernoem na dr. W.P. Steenkamp, N.G. leraar van Namakwaland, vir sy aandeel in die verskuiwing van Bowesdorp na Kamieskroon.

Gerrie Genisstraat

Vernoem na mnr. Gerrit (Gertjie/Gerrie) Genis, eerste skoolhoof en as 't ware die eerste ereburgemeester van Kamieskroon.

Jan Scholtzstraat

Na prokureur Jan Scholtz, destydse skriba-kassier van die

N.G. gemeente Namakwaland en jong prokureur wat in 1922 verantwoordelik was vir die suksesvolle erweverkoping op die nuwe dorp, Kamieskroon.

Kerkstraat

Die straat wat langs die N.G. kerk verbyloop.

Voortrekkerstraat

Die hoofstraat, ter verering van die Voortrekkers. Sommige is egter van mening dat die naam gegee is om die verlangde progressiewe vooruitgang van die nuut gestigte dorp te simboliseer.

KLEINZEE

K 2917 CA

Wentzel H 1983 Personeel-superintendent Brief

"Die dorp, Kleinzee, bestaan vanaf 1930 en is oor die jare stuksgewys vergroot. Tussen die jare 1930 en 1979 is straatname soos volg genoem: Alle strate van Oos na Wes is genoem, 1ste, 2de, 3de, 4de straat, ensovoorts. Alle strate van Suid na Noord is genoem 1ste, 2de, 3de laan, ensovoorts. Verdere uitbreidings het na hierdie tydperk plaasgevind waarvan die strate as volg vernoem is ..."

Die inligting deur die segsman verstrek, kan soos volg geklassifiseer word:

Fred Richweg

Vernoem na 'n alombekende boorling van Namakwaland, Fred Rich, wat een van die eerste vakleerlinge by die De Beers-maatskappy, Kleinzee, was, waar hy 36 jaar diens gelewer het. Hy is in 1983 oorlede.

Hospitaal-, Kerkstraat, ensovoorts

Na die betrokke instansies, soos die hospitaal, kerk, ensovoorts, vernoem.

Kosie Cloetestraat

Geleë in die Kleurlingwoongebied en vernoem na 'n werknemer wat, ná 33 jaar diens, die eerste Kleurling was wat met pensioen uit die diens van die De Beers-maatskappy getree het.

Robyn-, Saffier-, Topazweg, ensovoorts, verwys na verskillende edelgesteentes of halfedelgesteentes.

Zonderberglaan

Ook geleë in die Kleurlingwoongebied en vernoem na die Primêre Skool Zonderberg, wat in 1975 gestig is en aldus heet omdat daar geen berge in die omgewing is nie.

Volgens informant Wentzel is die strate en lane van die dorpie Kleinsee in die beginstadium deur middel van nommers aangedui. Eers by latere uitbreidings is name aan strate gegee wat willekeurig skyn te geskied het, met toespitsing op plaaslike mense wat jare lange diens aan die maatskappy gelewer het, asook vernoeming van plaaslike instansies, soos die skool, kerk, hospitaal, ensovoorts, en plaaslike edel- en halfedelgesteentes.

KOINGNAAS

K 3017 AA

Burger CJC de W 1983 Personeelbeampte Gesprek

"Die meeste van die strate van dié myndorpie is vernoem na skepe wat gestrand het. In die digte mis veral langs die Weskus, is dit konsensiewerk om te voorkom dat vaartuie hul teen die rotsriwwe breekstamp."

Die volgende inligting is van die informant en uit eie kennis verkry:

Antripolis

'n Tenkskip wat op 29 Julie 1977 by Bakoven (Oudekraal) naby

Houtbaai gestrand het (Wexham 1982:24).

Arosa

Op 16 Junie 1976 regoor die plaas Zwart Duinen gestrand (Die Namakwalander 1 Julie 1976).

Baratini

Gedurende die laaste wêreldoorlog (1943) teenoor die plaas Schulp Fontein gestrand. Vergelyk Baratini onder die plaas SCHULP FONTEIN.

Grosvenor

Op 4 Augustus 1782 langs die kus van Pondoland gestrand (Burman 1967:67).

Ostara

By die mond van die Buffelsrivier gestrand.

Seafarer

In 1966 noord van Robbeneiland gestrand (Burman 1967:143).

Uit bostaande is dit duidelik dat straatnaamgewing by Koiingnaas volgens 'n vaste, toepaslike patroon geskied. Dié dorpie is aan die weskus geleë waar meer as een skip in die digte mis op die rotse geloop het. Dit was dus 'n goeie idee om hierdie wrakke by straatnaamgewing te betrek.

NABABEEP

K 2917 DB

Bruwer H 1982 Geoloog Brief

Die segsman het die volgende inligting oor sommige strate verskaf, ter aanvulling van my eie kennis van dié dorpie.

Hotelstraat

Aangrensende aan die plaaslike hotel.

Kerkstraat

Vernoem na die ou N.G. kerksaal wat destyds as kerk gedien het.

Krieketstraat

Die dorp se krieketveld was gedurende die vlak vyftigerjare in dié omgewing.

Langstraat

Langste straat in die dorp.

Magasynstraat

Straat naby die myn se plofstofopslagplek.

Rifle Range Road

Straat wat by die Kommandoskietbaan verbyloop.

Rivierstraat

Loop parallel met die tak van die Nababeeprivier.

Witstraat

'n Deel van die dorp Nababeep wat deur die Amerikaanse kopermaatskappy vir sy meer gegoede werknemers gebou is, staan plaaslik bekend as White City (Green 1964:200) met hoofstraat White City Street. Dit het later in die volksmond verander tot Witstraat.

In Nababeep is die straatnaamgewing weer heeltemal willekeurig. Hoewel die benaminge merendeels na aanleiding van nabygeleë instansies is, is daar geen opvallende patroon te bespeur nie. Engelse invloed word deur enkele straatname weerspieël.

American Circle

'n Sirkelvormige straat waarin die Amerikaanse mynbase van die Okiep-kopermaatskappy gewoon het.

Hibiscusstraat

Vernoem na die sp. Hibiscus (Smith 1966:247), wat volop langs dié betrokke straat groei.

Pampasstraat

Die straat met die meeste pampasgras, Cortaderia selloana (Smith 1966:362), of -riete, soos dit plaaslik ook bekend staan.

Ook hier is geen vaste patroon van straatnaamgewing nie. Benoeming geskied onder andere na aanleiding van die oorheersende plantsoort langs die betrokke straat. Amerikaanse (Engelse) invloed speel 'n rol.

PORT NOLLOTH

K 2916 BB

Stadsklerk Port Nolloth 1978 Brief

"Straatname was na willekeur gegee en het geen patroon aangeneem nie. Die meeste eiename is ten opsigte van vroeëre inwoners."

Die volgende straatname is deur die segsman verstrek:

Baaiweg

Hoofroete na die baai of see.

Bosstraat

Vernoem na die natuurlike bosse wat daar groei.

Burdenstraat

Ter ere van J.H. Burden wat aldaar skoolhoof was (1944-1974), asook burgemeester (1957-1965 en 1970-1974).

Kerkstraat

Na die plaaslike N.G. kerk.

Markstraat

Vernoem na die destydse mark.

McDougallstraat

Die straat vorm 'n roete na die nabygeleë McDougallbaai.

Noordstraat

Tot nogtoe die mees noordoostelike straat.

Ovenstonestraat

Na die Ovenstone-kreeffabriek vernoem.

Soutpanweg

Vernoem na die groot soutpan wat geleë is op die plaas Ou-beep wat aan die suidekant van die dorpsgrond grens.

Soos die stadsklerk tereg opmerk, bestaan hier ook geen patroon van straatnaamgewing nie. Benoeming geskied willekeurig na aanleiding van vroeëre bewoners, plaaslike instansies en opvallende entiteite.

SPRINGBOK

K 2917 DB

Munisipaliteit van Springbok 1983 Plaaslike navrae Gegewens aangaande die volgende groep straatname is verkry van die plaaslike munisipaliteit, asook eie kennis. Dié bronne word gevolglik nie by elke afsonderlike straat herhaal nie.

Arkstraat

Die straat is vernoem na die destydse ou skoolkoshuis bo-op die bult, wat die naam Ark gedra het omdat dit oud en bou-

vallig hoog op die bult gestaan en gevolglik aan Noag se ark laat dink het.

Bergstraat

Straat naaste aan die suidelike berg.

Breëstraat

Lombard J.J.G. 1982 Landmeter Navraag

"Hierdie straat is so genoem omdat dit so breed is. Die normale wydte van 'n straat is 13 m, maar Breëstraat is 31,5 m."

Op die oorspronklike kaart van Sprinbok, soos opgestel in 1863, is by dié straat aangetoon "reserved for a tramway". Hierdie straat loop oos-wes tussen die destydse "smeltoond by die Tol" en die "Bloumyn". Die koper sou van die myn na die smeltery vervoer word, moontlik per treinspoor waarop die koekepanne kon loop, gevolglik dié breë straat ter wille van die groot verkeer wat dit sou moes dra.

Carinusstraat

Die straat is vernoem na J.G. Carinus, 'n voormalige administrateur van Kaapland (1946-1951), wat van 1942-1946 L.V. vir Hottentots-Holland was en in 1952 tot senator verkies is (Albertyn:1972:30; Rosenthal 1966:59).

De Waalstraat

Ter verering van die destydse administrateur van Kaapland, sir Frederick de Waal, vir sy begrip en geldelike bystand gedurende die fondsinsameling vir die eerste kerkgebou te Springbok, waarvan die leraar, dr. W.P. Steenkamp, tydens die tagtigjarige fees van die gemeente in 1930, soos volg getuig het: "... Onvergeetlik sal my altoos bly hoe Sir Frederick de Waal ons gehelp het deur van ons verskeie geboue te koop waardeur ons boufonds met 'n paar duisend gestyf is" (Feesprogram 1971).

Du Plessisstraat

Die straat is vernoem na dr. J.H.O. du Plessis, 'n voormalige administrateur van Kaapland (1958-1960). Van 1953-1958 was hy volksraadslid vir Stellenbosch (Rosenthal 1978: 142).

Hoekomstraat

'n Straat in Overberg-uitbreiding wat byna reghoekig om die hoek van 'n blok loop. Dit loop dus "om die hoek".

Hofstraat

'n Straat wat voor die landdroskantoor of hof verbyloop.

Hospitaalstraat

'n Straat wat na die plaaslike hospitaal lei.

Keeromstraat

'n Doodloopstraat sodat daar 'n "omkeer" gemaak moet word.

Kerkstraat

Die straat aan die suidekant van die N.G. kerk, bekend as die "Klipkerk", wat op 24 September 1921 ingewy (Feesprogram 1971) en op 20 April 1980 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.

Kingstraat

Vernoem na King van die Kaapse maatskappy, waarna kortweg verwys is as Phillips en King, wat op 28 Oktober 1850 'n koopkontrak met die Cloetes van Melkbosch Kuil, alias Koperberg, aangegaan en die eerste geslaagde kopermyne by Springbok begin het. Behalwe John King, wat vennoot van die Kaapse handelaarsfirma was, was daar nog James King wat nie 'n vennoot was nie, maar een-sesde van die aandele besit het (P.J. van der Merwe 1951).

Kokerboomstraat

Die straatnaam verwys na die kokerboom, Aloe dichotoma

(Smith 1966:304), wat so 'n belangrike bestanddeel van plekname in Namakwaland vorm.

Kowie Cloetestraat

Ter gedagtenis aan die Baster Jacobus Cloete, in die wandel bekend as Kowie Cloete, wat hom, volgens oorlewering, teen 1815 al op Springbokfontein gevestig het. Op sy sewe seuns se name is die plaas Melkbosch Kuil, alias Koperberg, op 21 Januarie 1850 geregistreer (P.J. van der Merwe 1951).

Lodgestraat

Vernoem na die Vrymesselaarslosie ("lodge") aan die oostekant waarvan dit verbyloop.

Loopstraat

Die straat is so kort dat dit meer betalend is om te loop as om te ry, van daar die naam.

Luckoffstraat

Ter verering van ds. A.D. Luckhoff wat in 1906 aangestel is as "onderwijs organiseerder" (Hanekom 1950:165) in Namakwaland. Hy het uitmuntende diens aan die opvoeding in dié agterlike gebied gelewer.

Namakwastraat

Vernoem na die Namakwas, of Namas soos dr. Vedder (1937: 56-66) hulle noem, wat onder die oudste bewoners van Namakwaland tel.

Vir 'n verklaring van die komponent "Namakwa-", vergelyk NAMAKWALAND.

Olivierstraat

Die straat is vernoem na P.J. Olivier, politikus en Kaaplandse administrateur van 1951-1958. Hy was voorheen L.V. vir Kuruman vir byna elf jaar en was 'n gesaghebbende spreker oor ekonomiese sake (Albertyn 1975:696; Beyers 1981:446).

Overberglaan

Vernoem na die uitbreiding wat oorkant die berg lê.

Pastoriestraat

'n Straat regoor die ou N.G. pastorie.

Pieter Malanstraat

Die straat aan die noordekant van die "Klipkerk". Vernoem na Pieter de Villiers Malan wat in 1893 as onderwyser na Namakwaland gekom het, maar spoedig bewys gelewer het van 'n baie toegewyde sielearbeider te wees, sodat hy later aangestel is as evangelis om uitsluitlik geestelike werk te verrig (Dreyer 1930:59-60).

Van sy toewyding in diens aan die gebied en sy mense skryf Hanekom (1950:107): "In hierdie hoedanigheid was hy vir Namakwaland tot baie groot seën en het hy die Namakwalanders met sy bemoedigende boodskappe na alle oorde agtervolg in dae van droogte en beproewing, selfs tot in die gevangenis." In 1930 is hy oorlede nadat hy vir 37 jaar saam met ses afsonderlike leraars die gemeente bearbei het. Op sy grafsteen langs die "Klipkerk" te Springbok staan geskrywe: "Evangelis van Namakwaland".

Piet van Heerdestraat

Ter nagedagtenis van mnr. Piet van Heerde, wat vanaf 1926-1952 skoolhoof op Springbok was. Hy was 'n natuurliefhebber, vetplant- en seëlversamelaar en fotograaf van formaat. Die vetplant, Sp. Van Heerdia, is na hom vernoem. Hy was 'n kenner van Namakwaland en sy mense, veral die Namas, asook van plekname in dié gebied.

Pleinstraat

Die straat grens aan 'n openbare plein ('n oop ruimte tussen die geboue), van daar die naam.

Republiekstraat

Die straat is vernoem na die Republiek van Suid-Afrika wat op 31 Mei 1961 tot stand gekom het.

Rivierstraat

'n Laagliggende straat in 'n oorspronklike riviertjie of loop wat gevolglik gedurende reëntyte maklik verspoel het.

Tolweg

Die roete na die "Ou Tol". Vir besonderhede vergelyk MELK-BOSCH KUIL, alias KOPERBERG.

Uitspanstraat

Die straat naaste aan die destydse uitspanning of meent.

Uniestraat

Die straat is vernoem na die destydse staatsvorm, die Unie van Suid-Afrika (1910-1961).

Van der Stelstraat

Vernoem na Simon van der Stel wat met sy geselskap in 1685 'n tog vanaf die Kasteel na die Koperberge in die omgewing van Springbok onderneem het.

Van Riebeeckstraat

Ter verering van Jan van Riebeeck, stigter van die volkplanting aan die Kaap.

Voortrekkerstraat

Die hoofstraat wat van suid na noordoos deur die dorp loop en vernoem is ter ere van die Voortrekkers.

Welkomstraat

'n Straat tussen die twee N.G. pastorieë waar, so word veronderstel, gemeentelede en andere altyd welkom is.

Uit die behandelde name blyk dit dat ook in die geval van

die hoofdorp, Springbok, straatnaamgewing heeltemal willekeurig en patroonloos geskied het. Sommige straatname is ter verering van voormalige administrateurs of mense wat besondere diens aan die gemeenskap of gebied gelewer het. Ander is weer vernoem na mense en gebeure uit die plaaslike of landsgeskiedenis, of na plaaslike instansies soos die kerk, hospitaal, Vrymesselaarslosie, ensovoorts, terwyl in ander gevalle die voorkoms of ligging die bepalende faktore was.

4.5 BERGNAME, RIVIERNAME EN NAME VAN ANDER UITGEBREIDE EIENSKAPPE

4.5.1 BERGNAME

AGENYSBERGE

BERGE

K 2918 BB

Pleknaamlys "Agenysberge".

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Aggenys se Berge".

Burger AJ 1982 Afgetrede boer Brief "Ek glo dat die berge na die plaas Aggenys vernoem is."

Vir die verskillende spellingvariante asook die verklaring van die naam, vergelyk die plaasnaam AGGENEYS. Volgens die plaaslike mening, soos verteenwoordig deur informant Burger se mening hierbo, het die plaasnaam op die berge oorgegaan wat tans opmetingsbakens nrs. 1 en 2 dra.

ANEGAS RANGE

BERGE

K 3018 AA

Nienaber & Raper (1977:192) "Dit is plaas Clw. Q. 6-41, en van die berge daarop word op die plaaslys genoem 'Anegas Range'."

Die Anegas Range vorm deel van die Kamiesberg-reeks, maar word afsonderlik so genoem omdat die hoogste spits daarvan (1 398 m) op die plaas Anegas geleë is. Dit is die hoogste kruin in die onmiddellike omgewing, dra landmetersbaken nr. 2 en staan plaaslik ook bekend as Rooiberg vanweë die rooiagtige kleur.

ANENOUSBERGBERG

K 2917 BC

Schultze (1907:168) "Anenous. !Nani(e)≠nus, ursprünglich eine Regenwasserstelle, 'die an einer Bergwand (/nanib) sitzt (≠nu)'; jetzt wird dorthin Grundwasser von ferner geleitet."

Laidler (1927:148) "P/ani P/nous, Anenous. ≠Ani is to the side, on entering the hut - that is, in the corner. The name of an old-time stand on the yearly or seasonal migration, where there is a spring in the corner of the kloof."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "n Namawoord vir 'hoek-sit', dit wil sê n plekkie in n hoek. n Stilhouplekkie van die treintjie van die ou Kopermaatskappy."

Informant De Klerk se verklaring korreleer met die ouer verklarings van Schultze en Laidler wat betref die gedagte van "in die hoek sit". Die komponent Ane- is dan soos Nama !ani-b = "Seite" (gewoonlik Flusseite) (Rust 1960:56) wat korreleer met Laidler se "side/corner", of soos Nama !nani-b = "die Seitenwand des Hauses, Gebirgsrand" (Kr. & Rust 1969: 280), soos by Schultze. Die lid -nous weer is soos Nama ≠nûs = "sitzen" (Rust 1960:57). Dus: "oorkant sit" of "in die hoek sit", wat topografies verantwoordbaar is. Die naam het vermoedelik van die fontein (drinkplek) en eertydse saantrekplek, en later ook spoorwegstasie, oorgegaan op die berg (Nienaber & Raper 1977:193).

AREB SE BERGBERG

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Areb se Berg".

Die berg dra driehoeksbaken nr. 5 en vorm die noordwestelike hoekbaken van die plaas. Myns insiens was die berg aanleiding tot die naamgewing van die plaas, dit wil sê die berg is eerste benoem waarna die naam op die plaas oorgegaan het. Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam AREB.

ARRASBERGBERG

K 2917 AD

Pleknaamlys "Arrasberg".

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Harrasberg".

Dis die berge wat oor die noordelike hoek van die plaas Witkliphooft asook oor 'n gedeelte van die plaas Harras strek. Alhoewel die hoogste kruin, met landmetersbaken nr. 5 daarop, op die naburige plaas geleë is, het die berge tog hul naam ontleen aan die waterbron, Harrasfontein, wat in 'n kloof op die plaas Harras geleë is. Die benoeming het klaarblyklik voor die verdeling van die grond geskied. Met wisseling van h- en vokaal word dit ook Arras(berg) genoem na aanleiding van Nama /ara-s = "Riss im Fels (durch Wasser entstanden)" (Kr. & Rust 1969:14), met die fem. sing. -sas aanduiding van die bron. Dus: "Rotsskeurbron/Rotsskeurfonteinberg".

BLACK FACED MOUNTAIN (Vroeër bekend as Nueisib)BERG

K 2817 CB

SG map 1895 "Tc. Nu Eisip or Black Face".

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Black Face Mountain".

Die inlandse naam word deur Nienaber & Raper (1980:656) vertaal as $\neq n\bar{u}$ - = swart (Kr. & Rust 1969:306), met eis $\bar{a}i$ - \bar{g} sig (Rust 1960:27), plus -si-b as lokatiewe morfeem en -b as ml. ekv. vir die bergnaam. "Black Face" is dan die letterlike vertaling van die inlandse naam wat later uitgebrei is tot "Black Face(d) Mountain(s)". Wie die berg al besigtig het, sal saamstem dat die naam beskrywend is van die voorkoms en kleur daarvan.

BOEGOEBERGBERG

K 2816 DC

Cornell (1920:107) "That night we again trekked late, and midnight found us under the black shadow of 'Buchu Berg', with the thunder of the surf in our ears and the sweet perfume of the buchu bush making fragrant the cold night air."

Forbes (1965:90) "Two days later they passed the hills now known as the Buchu Twins. Paterson relates to them that 'as they were situated at a very small distance from each other, and were very similar in their figure and size, we gave them the name of the Two Brothers ...'."

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Teen die twee koppe het vroeër baie boegoebosse gegroei. Die Hottentotmeide het dit fyn-gemaak en dan hulle gesigte daarmee gesmeer."

Die benaming Boegoeberg/Buchuberg het betrekking op die twee byna identiese koppe waarna gevolglik ook verwys word as Buchu Twins of Boegoeberg-Noord en -Suid. Die suidelike kop dra opmetingsbaken nr. 7. Boegoe, ook gespel buchu, gewoonlik in Engelse of Duitse verband (Nienaber & Raper 1977:264), is 'n struikgewas wat tot die geslagte Agathosma, Barosma en Diosma behoort, Rutaceae sp., waarvan die droë blare deur die Hottentotte as medisyne gebruik is of, in fyn-gemaakte vorm met skaapvet gemeng, gebruik is om hulle liggeme te smeer (Smith 1966:135-141). Die Khoekhoense woord boegoe is reeds in 1668 (Nienaber 1963:222-3) opgeteken,

maar het uit die aktiewe woordeskat van Nama verdwyn, sodat Duits, Engels en Afrikaans hier te lande die bewaarders daarvan geword het (Nienaber & Raper 1977:268). Die naam Boegoeberg het dus ontstaan vanweë die baie boegoe wat teen die hange van die berg gegroei het.

BRANDBERG (Vroeër vermoedelik bekend as Kaiemoes)

BERG

K 2917 DA

Laidler (1927:149) "Kaie moes, Big Eyes. Near Spektakel ..."

Laidler se "Kaie moes" lê, volgens sy mededeling hierbo, naby Spektakel, gevolglik kon dit Spektakelberg of Brandberg se inlandse naam gewees het. Nienaber & Raper (1977:609) meld in dié verband dat, indien dit Spektakelberg is, die "oog" (Nama /-mû-s) 'n bron/waterplek sal wees; andersins dat iemand bo-op die berg staan en sy "oog in die rondte gooi", dit "groot maak". Eie kennis van die gebied oortuig my egter dat Laidler eerder na Brandberg, in die noordoostelike hoek van die Komaggasgebied verwys. Sy "Kaie moes" en Brandberg korreleer en is taalkundig met mekaar te rym. Die Kaie- sal dan wees soos Nama /ae-, gedevelariseer uit /Kae = "Feuer" (Kr. & Rust 1969:10), met mû = "das Auge" (1969:265). Hiervolgens sal dit dan beteken "Vuroog", verwysende na die berg wat in die laat aandgloed as sodanig vertoon. Die berg dra landmetersbaken nr. 13.

CAROLUSBERG

BERG

K 2918 CA

SG map 1895 "Carolus Berg".

Vir die betekenis van die bergnaam vergelyk CAROLUSBERG onder die dorpe.

CORNELLSBERGBERG

K 2817 CA

Kling H (1932:318) "In die jaar 1909 kom daar by my die bekende joernalis en prospekteerder, Kaptein F. Cornell, toe ek op 'n sendingreis in die Richtersveld was. Hy vra my om hom te help, sodat die Hottentotte hom na Alexanderbaai kon bring ..."

Opmeting 1950 "Naam van die hoogste berg in die Richtersveld-reservaat. Volgens die Hottentotte het daar vroeër 'n sekere Cornell in die omgewing geprospekteer en die naam heet na hom ... Inligting deur P.L. Avenant."

Volgens Kling (1932:318-9) se verdere mededeling het Cornell van Alexanderbaai die wildernis van die Richtersveldberge ingetrek, waar hy baie koper en ook ander minerale gevind het. In 1914 het hy, volgens die mededeling van 'n Kleurling wat saam met hom gewerk het, diamante te Alexanderbaai ontdek, haastig 'n bietjie gruis in 'n sakkie geskraap en na Port Nolloth vertrek. In Engeland wou hy 'n maatskappy vorm om die myne te kom bewerk. Ongelukkig het hy in Londen op straat verongeluk en sodoende is al sy kennis van die minerale in die Richtersveld saam met hom begrawe. Bevestiging van Cornell se prospektering in die Richtersveld word verkry in sy boek The glamour of prospecting (1920), sodat daar met sekerheid aanvaar kan word dat Cornellsberg, die hoogste berg in die Richtersveld, vernoem is na F.C. Cornell, joernalis en prospekteerder, wat waardevolle geologiese ontdekkings in die groot boog van die Oranjerivier gemaak het, soos Green (1948:124) dit stel. Die berg dra opmetingsbaken nr. 17.

DAMSBERGBERG

K 3018 BC

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Dit is asof die berg lief is vir mis, want merendeels lê daar 'n misdamp oor hom."

Dit skyn asof die informant bloot op die klank afgaan en gevolglik aan "damp" dink. Nienaber & Raper (1980:236) sien Dams- as 'n wisseluitspraak van die aangrensende Gha-ams, net soos Gams(berg) oos van Aggeneys gespel word as Tha-ams en Gamsberg suidwes van Windhoek as Tansberg. Die rede is dat die dentale suigklap plus die g- deur die nie-onderskeidende oor van die Blanke waargeneem word as T- of D-. Dams- is dan soos Nama /Gâ-ams = "Grasfontein", wat oorgedra is op die berg en dan naasteby neerkom op "Grasfonteinberg", wat opmetingsbaken nr. 18 dra.

DANNABIESBERGEBERGE

K 3018 AA

Pleknaamlys "Dannabiesberge".

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Douna-beesberge".

Laidler (1927:149) verklaar Danee bees as "Honey Fountain". Nama vir heuning is dani-b. Die wisseling van vokale is algemeen, sodat die komponent Danna-/Douna- van die bergnaam te verklaar is soos dani-b = heuning. Die lid -bies/-bees is nie net plekaanduidend nie, maar deur assosiasie soms 'n plek met water. Die bergnaam sal dan te verklaar wees as "Heuningfonteinberge", vanweë die volop heuning wat vroeër hier te kry was.

DRIEGATBERGBERG

K 2918 CD

Kennis (1978:2949) "Noordwes van Gamoep in die Boesmanland. 981 m.b.s."

Die berg vertoon drie vierkantige klipgate en dra landmetersbaken nr. 17. Plaaslik is dit ook bekend as Driegat-se-Kop. Die bergnaam het op die plaas oorgegaan. Vergelyk die plaasnaam DRIEGAT.

EENRIETBERG (Vroër bekend as Quinabeep)

BERG

K 2917 BB

SG map 1895 "Quinabeep or Een Riet Mountain".

Die eerste lid van die inlandse naam is soos Nama /gui = "ein" (Rust 1960:16), met die tweede lid soos $\neq \bar{a}$ = riet wat gerealiseer is as -na- vanweë die palatale schnalz (Nienaber & Raper 1977:993). Die -bee-p is plekbenoemend met die slot-p wat sê dat dit 'n berg (of rivier) is. Die berg dra landmetersbaken nr. 21 en is vernoem na die destydse enkele rietkol wat daar voorgekom het.

FLAMINKSBERG

BERG

K 3017 BC

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Daar het vroeër flaminke in gate aan die suidekant, bo in die kop, gebroei."

Die berg is vernoem na die waadvoël, flamink/folmink, Phoenicopteridae (Odendal 1981:221), wat jaarliks daar gebroei het.

GAAMS-/GHAAMS-/GAMSBERG

BERG

K 2918 BB

Topokadastrale reeks 1966 vel 2918 Namies "Gaamsberg".

Ooreenstemmende reeks 1976 "Gamsberg".

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Ghaamsberg".

Dis die berg wat deur informant Van Jaarsveld onder die plaasnaam Gams beskryf word en wat landmetersbaken nr. 23 dra. Dit het sy naam van die grasfontein aldaar. Dus: "Grasfonteinberg", vergelyk die plaasnaam GAMS. Die berg was, volgens oorlewering, die laaste vastrapplek van die Boesmans duskant die Gariep, waar hulle voor die toegang tot hulle skuilplekke primitiewe skanse met klippe gestapel

het en waar vandag nog die loodmerke van die Boere se koeëls op die klippe te sien is, vergelyk Sangiro (1953:103).

GIFBERGBERG

K 2917 AD

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dit is baster-T'koeroe-berge waarop baie gif groei."

T'Koeroe- is soos Nama // guru = "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143). Met "gif" bedoel die informant giftige plante wat deur vee gevreet word en hul siek maak of laat vrek. Daar is geglo dat dié berge veral krimpsiekte veroorsaak het, wat beteken dat daar van die Cotyledon en/of Cynanchum spp. (Kritzinger 1963:298) moes gegroei het. Dis algemeen bekend dat daar teen sekere koppe en berge van die gebied meer giftige plante groei as elders, vermoedelik vanweë die geaardheid van die grond, soos in hierdie geval die kwartsryke berg. Daar is ook 'n Gifberg op graadvierkant 3018 CB waarvan die naam dieselfde betekenis sal hê.

GOUBIESBERGBERG

K 2918 CB

Topokadastrale reeks 1966 vel 2918 Pofadder "Goubiesberg".

Geleë op die plaas "Kangnas and Goobies". Op die ooreenstemmende topokadastrale reeks 1975 word Goubiesberg egter aangegee as "Bok se Kop", 'n latere benaming vanweë die baie bokke wat daar doodgereën het. Vir die betekenis van die lid Goubies- vergelyk Goobies onder die plaasnaam KANGNAS and GOOBIES.

GRASBERGBERG

K 3018 CB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Gras-

berg".

Vernoem na die baie gras wat veral vroeër daar gegroei het. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke berg.

GROOTBERG

BERG

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die berg word so genoem omdat dit die grootste berg in die omgewing is."

Die naam is so vanweë die grootte en hoogte van die berg wat dit 'n uitstaande baken maak. Dit dra landmetersbaken nr. 9. Die berg het aan die plaas Grootberg sy naam besorg.

GROOTBERG (Vroeër bekend as Abeep) BERG

K 2816 DB

Sensuskaart 1891 "Tn. Abeep or Platberg".

Volgens Nienaber & Raper (1980:156) kom die inlandse naam neer op Nama #hawa- = "platt" (Rust 1960:48), met die wisseling -b en -w, asook -ee- en -a- wat normaal is. Die ou inlandse naam en sy vertaling in Afrikaans het verdwyn en is vervang deur "Grootberg" vanweë die grootte van die berg. Dit dra landmetersbaken nr. 14.

GROOTDERMBERG

BERG

K 2816 DA

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Grootdermberg".

Klaarblyklik na die plaas Grootderm, waarop dit geleë is, vernoem. Vergelyk die plaasnaam GROOT DERM vir 'n verklaring van die naam. Die berg dra opmetingsbaken nr. 1.

GROOT-PELLABERGEBERGE

K 2919 AA

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Daar is 'n Klein- en Groot-Pella. Hierdie berge lê op Groot-Pella, van daar die naam."

Die plaas Pella Mission staan plaaslik ook bekend as Groot-Pella ter onderskeiding van die aangrensende Klein-Pella. Die onderskeid is gebaseer op grootte in oppervlakte. Die terspreke berge is geleë op Groot-Pella, van daar die bergnaam. Vir die betekenis van Pella vergelyk PELLA onder reservate.

HARAMOEPBERGEBERGE

K 2918 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Haramoep-berge".

Geleë op die plaas Haramoep en dra landmetersbaken nr. 29. Vergelyk aldaar vir verklaring van die naam. Vermoedelik was dit die berg wat oorspronklik benoem is en waarvan die naam toe op die plaas oorgegaan het.

HOOGOORBERG (Vroeër bekend as Kgabiekies)BERG

K 2818 DD

Dis die berg waarna die plaas Hoogoor vernoem is. Vergelyk aldaar vir verklaring van die naam.

JAKKALSBERGBERG

K 2816 BB

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Jakkalsberg".

Die berg skyn vernoem te wees na die baie jakkalse, ver-

moedelik die draaijakkals, Vulpes chama, ook Otocyon megalotis (Kritzinger 1963:124), wat vroeër in die berg gehou het. Selfs vandag nog word heelwat van dié roofdiersoort daar aangetref. Die verklaring berus op eie kennis van die berg en gebied.

KAMEELBOOMBERGEBERGE

K 2917 DD

Kennis (1978:2973) "Kameelboomberge, suid van Springbok. 853 m.b.s."

Die berge is vernoem na die gedeelte Kameelboom van die oorspronklike plaas Kameelboom, alias De Draai, waarop dit geleë is en wel na aanleiding van die enkele kameelboom wat daarop groei. Vergelyk aldaar.

KAMIESBERGBERGREEKS

K 3017/3018

Heese (1942a:6) "Hier lê die berge feitlik op mekaar gestapel, sodat die Hottentotte dit net die regte naam gegee het, naamlik die Kamiesberge. (Kamies beteken bondel.)"

Botha (1957:1) "The Kamies Mountains rise farther inland from the Karoo strip. The vegetation consists, for the better part, of mountain shrubs with grassveld strips."

Swart (1973:90) "Maar waar kry Kamiesberg dié naam? Van die Tkimmie wat bondel beteken, of tkammie, wat water beteken? Die Metodiste-Sendingstasie by Leliefontein, bo-op die Kamiesberge, word deur baie van die ou inwoners nog op die eerste naam Tkimmies genoem. 'Daar waar ons saamgebondel het rondom die standhoudende watertjies' (...) Die alternatief is dat die woord Tkammie (of water) die oorsprong van die Kamies is; dan is die Kamiesberge die berge van water."

Kotzé GM 1985 Afgetrede bibliotekaresse Brief "Khamma word dwarsdeur ons land in die betekenis van water of rivier

gebruik. Dink maar byvoorbeeld aan Maskam by VanRhynsdorp waar die 'kam' water beteken. Bo-op Maskam reën dit baie en is water volop. Kamiesberge = 'Khamma'-berge = waterberge. Maar hoe het dit Kamiesberge geword (ie)? As die oumense en die Kleurlinge nog van die Kimmiesberge in plaas van die Kamiesberge gepraat het, dui dit op die Hottentotswoord Tjimmie, om in te rol teen die koue, en daarom sou dit ook die 'koueberge' kon beteken, soos die oom gesê het: die 'koel' berge. Kamiesberge beteken dus die waterberge of die koelberge. Dink maar aan die Koue Bokkeveldsberge waar die 'koue' sê hoe koud dit daar word. In die Kamiesberge (Kimmiesberge) lê dit net verskuild in die (ie)-Kamma (water) kie (koue) dit wil sê die 'Koue Waterberge van Namakwaland', en dan is oom Engelbrecht reg wat gesê het dat dit 'Waterberge' of 'Koelberge' beteken."

Bogenoemde is ter aanvulling van die groot verskeidenheid bronnegegewens en verklaringswyses, soos byeengebring deur Nienaber & Raper (1977:624-7; 1980:458), waaronder die gedagte van "Bondelberge" 'n waarskynlikheidsverklaring is wat assosiatief op verskillende maniere verantwoordbaar gemaak word. So praat Barrow (1801:384-5) byvoorbeeld van "the cluster of aggregate", verwysende na die ronde granietkoepele wat aan bondels laat dink, asook dat dit 'n groep berge is wat in die middel van die gebied saam gebondel is. Tindall (1856:9) is weer van mening dat dit afgelei is van Nama "/hami, a congeries or collection, a gathering together of strayed cattle", terwyl Trotter (1903:162) en Mossop (s.j.:162) praat van "bij makkaar maaken", Heese (1942a:6) van "op mekaar stapel" en Laidler (1927:150) van "a gathering place". Hierby sluit aan Swart se Tkimmie en Kotzé se Tjimmie hierbo, wat myns insiens maar net 'n wisselvorm is vanweë klinkerwisseling i/a wat 'n algemene verskynsel is. Volgens my mening gaan Kotzé hier 'n bietjie te ver met haar indirekte afleiding van 'koel berge'. Coetzee (1969:42) beweer dat Ximie of XNtjimmie in die volksmond

uit die Boesmans verander het tot Khamie of Kamie, en dat dit bondel beteken. By hierdie groep bly die grondwoord deurgaans dus !kami, !gami = "das Bündel" (Rust 1960:13), dieselfde woord wat ten grondslag lê aan die !Khami-~~nun~~ = Bondelswarts (Nienaber & Raper 1977:626). Hierdie verklaring is topografies goed te verantwoord. Dan moet ook nie buite rekening gelaat word die baie opvallende Kardou wat soos 'n "bondel" bo die ander pieke uittroon nie. Voor die huidige Kamiesbergpas gebou is, was die poort aan die voet van hierdie Kardou die deurgang van oos na wes. Reeds in 1836 is Alexander besonder getref deur hierdie besondere kop wat so mooi oor die omgewing troon (Heese 1973:24). Die bondel-verklaring het moontlik met hierdie baie opvallende kop te make, in die sin van die "berg(e) met die bondel", wat die inboorlinge laat dink het aan 'n bondel wat op die kop gedra word.

Aan die ander kant het ons die verklaring van "Waterberg(e)", soos deur Swart vermeld en deur Kotzé voorgestaan, en wat uit eie bodem kom. So byvoorbeeld is Kotzé se inligting vermoedelik gegrond op die oorlewering deur die nageslag van Hermanus Engelbrecht aan wie die eerste twee leningsplase in die Kamiesberg in 1772 toegewys is (Pettman 1923:5). Hiervolgens sou dit dan "Waterberg(e)" wees. In haar poging om die verklaring taalkundig te verantwoord, bring sy die eerste komponent in verband met Oud-Kaaps kamma = water (Nienaber 1963:522), maar tas dan rond om die "ie(s)" te verklaar, waarvoor sy tjimmie se "ie" byhaal en terugval op die indirekte afleiding van "koel berge". Hier sal die grondwoord Nama // gami = water (Rust 1960:72) wees. Met die -(e)s wat lokativeer, sal dit neerkom op "waterplek". Met die Afrikaanse toevoeging van -berg(e) beteken dit "Waterberg(e)", wat ook topografies verantwoordbaar is, aangesien die Kamiesberge vroeër baie ryk aan water was en die Nama-kwas wanneer die gate in die Sandveld leeg was, hulle toevlug tot hierdie berge geneem het (Swart 1973:91). Derdens is daar natuurlik ook nog Gordon se verklaring "Grasveld-

berg" (Kaart 3 van Gordon soos aangehaal deur Pettman 1923: 22), wat nie alleenlik die oudste is nie, maar ook 'n sterk aanspraakmaker bly omdat dit taalkundig en topografies verantwoordbaar is. Botha hierbo praat tereg van "grassveld strips" wat veral uit die oostekant die Kamiesberg inskiet. Ook was laasgenoemde van meet af gesien as die skeiding tussen die graswêreld van die Boesmanland en die struik- of bossiewêreld van die Onderveld. Taalkundig is daar ook 'n saak uit te maak vir Grasveldberg. Vir Koranna gee Wuras /kâm op, Engelbrecht (Nama) /gâb en Tindall vir Nama-kwaland /kâ-p, wat gerealiseer kan word tot /kam of /gam (Nienaber 1963:289). Die ou vorm sou volgens Nienaber & Raper (1977:627) wel /kami- gewees het. Die -s sal lokativeer. Hiervolgens dan: "Die plek van die Gras(veld)".

Die tergende vraag bly steeds watter van die drie suigklanke, naamlik !; // of / gebruik is, want dit alleen sal finaal beslis of dit "Bondel-", "Water-" of "Gras (veld)berg" sou wees. Ander verklarings, soos Pettman (1931:22) se Xami-leeu en De Vries, informant van Piet van Heerde soos deurgegeef aan Nienaber & Raper (1977:625), se plantsoortnaam vir die berg, kan myns insiens maar ter syde gestel word aangesien daar baie min, indien enige, plaasnaam met "leeu" in die samestelling is, in teenstelling met Wolfhok, Eselsfontein, Buffelsfontein, en so meer. Die plant waarvan De Vries praat, het beslis ook nie volop voorgekom nie en is trouens byna onbekend. 'n Hele berg(reeks) sou nie na sulke onbenullighede vernoem gewees het nie!

Die Kamiesbergreeks strek soos 'n groot ruggraat al in die middel van Namakwaland af, van die heel noordelike punt van die Richtersveld tot kort by Garies in die suide. Die gemiddelde hoogte van dié reeks is volgens Heese (1942a:6), 1 085 m.b.s. met vyf spitse van hoër as 1 524 m (Van Zyl 1960:29).

KAPVLEIBERGEBERGE

K 2917 CD

Kotzé TJ 1978 Boer Gesprek "Die berg het baie sand rondom, sodat slegs die top uit klip bestaan."

Pleknaamlys "Kapvleiberge".

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "In Januarie 1949 het H.J. Goosen (Pluisie) die berg skelmpies brandgesteek. Sien, die riet het geweldig dig gegroei en die dooie sonquas- en steenbokriet is mos nie veel werd nie. Die berg het toe afgebrand en toe die reëns weer kom, was die kop 'n lushof."

Die berg dra landmetersbaken nr. 11 en is geleë op die plaas Kapvlei, van daar die destydse benaming (vergelyk verklaring aldaar). Op SG map 1895 en sensuskaart 1891 verskyn dit egter as Zandberg vanweë die rooisand wat die grootste gedeelte onderom bedek. Die berg was dan ook in 'n stadium onder hierdie naam bekend. Op moderne kaarte heet dit Brandberg, skynbaar vanweë die gebeure soos deur informant Van Dyk beskryf.

KARASBERGBERG

K 2918 CB

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Karasberg".

Die berg dra landmetersbaken nr. 26. Vir verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam KARAS. Dus: "Gruis(klip)berg" of "Kokerboomberg" met voorkeur aan laasgenoemde. Die plaasnaam het vermoedelik op die berg oorgegaan. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke berg.

KAUBERGEBERGE

K 2918 CB

Louw TN 1982 Boer Gesprek "Kouberg, dit is die !Khauberg - die laaste berg. As die Hottentotte van 'n !Khaukind

praat, bedoel hulle die laaste of jongste kind."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds oor dié betrokke berg(e) deur Nienaber & Raper (1977:770; 1980:561) gesê is. Met stemlose k- sal dit dan wees soos Nama !gou-s [!gau-s] = "das Ueberbleibsel, der Ueberschuss, der Rest" (Kr. & Rust 1969:129). Dus: Die laaste berg waarvandaan jy net vlaktes kry. Plaaslik kom voor die wisseluitspraak Kau-/Kou-/Koeberg. Die berg dra landmetersbaken nr. 42.

KHEISBERG

BERG

K 2818 DD

Divisional map of Namaqualand 1916 "Kheis".

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Hulle sê die naam het met sand te make."

Soos Nama // kae- [// khae-] = sand (Rust 1960:51), terwyl die slot-s hier die fontein of bron lokatiewe, naamlik "Sandfontein", waarvan die berg dan ook sy naam gekry het, te wete "Sandfonteinberg". Die plaas Zand Fontein en die daaropgeleë Zandfontein is, volgens Nienaber & Raper (1980:504) moontlik regstreekse vertalings van Kheis.

KLEIN-KAMIESBERG

BERG

K 3018 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Klein-Kamiesberg".

Die berg dra landmetersbaken nr. 38 en is geleë aan die suidelike punt van die Kamiesbergreeks. Die lid "Klein-" onderskei die berg van die Groot Kamiesberge wat noord daarvan geleë is. Vir die betekenis van die komponent "-Kamies-" vergelyk KAMIESBERG onder berge.

KLEIN-STOFKRAALBERGEBERGE

K 2918 CC

CCRS (1907-14) vel Little Bushmanland "Klein-Stofkraalbergen".

Dis die noordelike punt van die berge wat van die plaas Stofkraal noordwaarts strek en gevolglik na die plaas vernoem is. Die lid "Klein-" onderskei die berg(e) vermoedelik van die Kamiesbergreeks wat in die omgewing van die plaas Stofkraal, plaaslik die Stofkraalberge heet. Vir die betekenis van die komponent "Stofkraal" vergelyk die plaasnaam STOFKRAAL.

KLIPHOOGTEBERGBERG

K 2817 CD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Kliphoogte".

Op moderne kaarte staan die gebied bekend as Kliphoogte vanweë die pad wat teen 'n steil kliphoogte uitklim. Vroeër is van die nabygeleë berg gepraat as Kliphoogteberg. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke berg.

KOEBOESBERGBERG

K 2817 AC

Opmeting 1950 "Koeboesberg. 'n Klein ronde koppie. Heet na Hotnotsnaam Kuboes (eier of iets rond)."

Hier moet gedink word aan Nama !guwu, met wisseluitspraak !kuwu vir die begrip "rond" wat op die vorm van die koppie slaan. Dus: "Rondekop (-berg)", maar mens sou die uitgang -b van die ml. ekv. verwag het.

KOERI (E) SBERGEBERGE

K 2918 BB

Topokadastrale reeks 1966 vel 2918 Namies "Koerisberge".
Dieselfde reeks van 1974 "Witberg".

Vanweë die wit kwartsklippe is die naam ongetwyfeld te ver-
eenselwig met Nama !uri = wit (Rust 1960:73). Volgens die
uitgang -s, skyn dit asof die berg(e) nie primêr is nie,
maar wel die plaas. Vergelyk die plaasnaam KOERIS.

KOERIESBERGEBERGE

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "T'Koeries-
berge".

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "Die berge en die ge-
bied waardeur die rivier loop, het baie wit kwarts waar-
mee die naam blykbaar te doen het."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds oor die naam van
die betrokke berge deur Nienaber & Raper (1977:738-9; 1980:
539-40) gesê is. Volgens my informant se inligting hierbo,
kan nou met sekerheid aanvaar word dat Koerie-/T'Koerie-
soos Nama !uri = wit (Rust 1960:73) is. Die -s sal hier lo-
kativeer. Dit bevestig Nienaber & Raper se jongste ver-
klaring (1980:539-40) wat op dieselfde neerkom.

KOPERBERGBERG

K 2918 CA

SG map 1895 "Koper Berg".

Die berg geleë ongeveer 5 km suidoos van die dorp Springbok,
wat in 1685 deur Simon van der Stel besoek en beskryf is as
die bruin "ader" van koper (Heese 1942b:13). Plaaslik heet
dit Groot-Koperberg.

KORTDOORNBERGBERG

K 2816 DA

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexanderbaai "Kortdoringberg".

Alhoewel geen inligting bekom kon word oor die ontstaan van dié bergnaam nie, bestaan daar egter min twyfel dat een of ander tipe doringbos daartoe aanleiding gegee het. In die gebied, veral wes van genoemde berg, groei heelwat boesmandoring of boesmankers, Sarcocaulon rigidum wat deur Smith (1966:147) as volg geïdentifiseer word: "The succulent (branches (...)) are covered with strong, extremely sharp spines (Afr.: dorings) which are capable of inflicting painful wounds (heldorings) on the legs and feet of herders and stock - whence the emphasis on 'doring' (...) This resinous substance is very inflammable, whence the plants were used by the early Bushmen for providing fire, for the plants give a bright blaze on ignition, even when green. Facetiously spoken of as Bushman's candle (Afr.: kers)" (149). Die komponent "Kort-" kan na die kortheid van die dorings verwys, of na die feit dat die bossies laag of kort op die grond groei.

Die bergnaam kan na hierdie kort doringbossies of kortdoringbossies verwys. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat dit na aanleiding van die brosdoring, Phaeoptilon spinosum (Smith 1966:179), vernoem is nie, en wel in die lig daarvan dat Arriesdrif, wat nie ver daarvandaan geleë is nie, juis vanweë genoemde bossoort vernoem is. Vergelyk Arriesdrift onder RICHTERSVELD. Die berg ter sprake dra landmetersbaken nr. 19. Die benaming Kortdoring was vroeër ook van toepassing op die polisiestatie en hek waar die pad na Grootderm oor die grens van die verbode gebied geloop het.

KOSIESBERGEBERGE

K 2917 AB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Kosiesberg".

Vir die verklaring van "Kosies-" vergelyk Kosies onder die reservaat STEINKOPF. Aan die oostekant van die berg lê "Pypklippoort" wat die vermoede versterk dat die eerste lid is soos Nama !Khō-s = "Tabackspfeife" (Kr. & Rust 1969:246). Met die -si(e)s as pleknaamduidend kan dit dan "Pyp-(klip)-plek" wees. Nienaber & Raper (1980:510) stel dit dat "... die jonger Afrikaanse naam Pypklippoort ten minste gedeeltematig die vertaling van die Khoekhoense naam K(h)osi(e)s(berg) is". Die lid "-berg" is 'n Afrikaanse toevoeging. Die berg dra landmetersbaken nr. 48.

KOURKAMMABERGEBERGE

K 2917 CD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Kourkamma-berge".

Vergelyk die plaasnaam KOURKAM. Die berg dra landmetersbaken nr. 49 en het sy naam aan die plaas ontleen.

KRISTALBERGEBERGE

K 2817 DC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Daar was 'n myntjie waar die mense kristalle (kristalklippe) uitgehaal het."

Die berge is vernoem na die pragtige kristalklippe waaruit dit grotendeels bestaan. Dit dra landmetersbaken nr. 27.

KWAAPBERG

K 2817 AD

Plaasnaamlys "Kwaap - berg".

Vir die betekenis vergelyk Kwaap(rivier) onder die plaas VIOOLSDRIFT SOUTH, wat dan sal neerkom op "Modderrivierberg". Die riviernaam het op die berg oorgegaan.

LANGBERGBERG

K 2917 CD

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die berg strek lank uit van suidwes na noordoos, van daar die naam. Net die kruinge-deelte bestaan uit klip - onderlangs is sand."

Coetzee FJE 1978 "Rustende boer Gesprek "Dit was al die jare bekend (bekend) as Koeroeberg vanweë die wit koeroeklip wat daarop is."

Die berg dra opmetingsbaken nr. 72. Vroeër was dit plaaslik algemeen bekend as Koeroeberg na aanleiding van Nama // guru- = "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143), maar by onderverdeling is dit verdoop na Langberg vanweë die lang, uitgestrekte vorm daarvan. Daar is 'n Langberg op elk van die graadvierkante K 3017 DA en 3018 DB waar die vorm ook aanleiding gegee het tot die naam.

LEMOENPOORTBERGBERG

K 2918 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Lemoenpoort".

Lemoenpoortberg dra landmetersbaken nr. 36 en is geleë aan die suidoostekant van Lemoenpoort. Volgens my mening is dit vernoem na die lemoending, Carissa bispinosa (Smith 1966:322), wat veral vroeër baie daar gegroei het. Tans kom dit nog baie voor. Die verklaring berus op eie kennis van die gebied.

MAANHAARBERGEBERGE

K 2918 CC

Kennis (1978:2989) "Suidoos van Springbok, met Pramkop 1128 m.b.s."

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Die rotsriwwe wat almal in 'n sekere rigting lê, lyk na die maanhaar van 'n dier."

Volgens die informant herinner die ligging van die klip- of rotsriwwe van dié berge aan die maanhaar van 'n dier.

MOUNT SPOEGBERG

K 3017 AD

Topokadastrale reeks 1966 vel 3017 Garies "Kanoep or Nieuwe Plaats", en aan die noordelike spits van die plaas "Mt Spoeg".

Vir die betekenis vergelyk SPOEGRIVIER onder riviere. Die riviernaam is vermoedelik op die plaas en die daaropgeleë kop/berg oorgedra.

MOUNT TERRORBERG

K 2817 AD

Söhnge (1944:21) "Die landmeters wat die eer gehad het om die hoë pieke in hierdie reeks op 'n kaart te bring, het nie nagelaat om hulle respek vir die topografie uit te druk in name soos West Molar, Devil's Tooth, Gorgon's Head, Mount Terror, en, onvermydelik in hierdie wildernis, die Seven Sisters nie."

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die naam dui op die vrees wat dié berg by 'n mens inboesem."

Die ruwe topografie gee aan die berg 'n vreesaanjaende voorkoms.

NABABIEPSBERGEBERGE

K 2817 DC

SG map 1895 "t Neint t. Nabaabeep's Berg".

Söhnge (1944:20) "Die pragtige steil kranse is opgebou uit 'n opeenvolging van horisontale rotslae met verskillende kleure, swart, blou, dofgroen, rooibruin en geel, wat onwillekeurig herinner aan die magnifieke kleureprag in

die Grand Canyon van die Coloradorivier in Arizona."

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die donkerkleurige dolomietrotse het eienaardige oppervlaktes wat 'n mens laat dink aan die vel van 'n olifant of renoster."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds deur Nienaber & Raper (1980:594-5) gesê is oor die betrokke berge en moet verder saamgelees word met die verklaring van Nababeep as myndorp, waar vermeld word dat hier miskien 'n saak uit te maak is vir Dreyer se "vlamkameel" en wel ten opsigte van die lid t Nein, wat later verdwyn het. Die verskeidenheid kleure van die rotslae, soos deur Söhnge hierbo beskrywe, kon aanleiding gegee het tot Dreyer se "vlamkameel", 'n benaming wat nog in Namakwaland se spreektaal bestaan, in welke geval hy dan die "t Nein" vermoedelik gelykgestel het met Nama !neib = "Giraffe, genant 'kameelperd'" (Rust 1960:34). Dit is die enigste vermoede van hoe hy 'n verband tussen die benaming "vlamkameel" en "Nababib" (Dreyer 1930:5) kon sien, aangesien Nama vir kameel en Nababib taalkundig nie te rym is nie.

Die Namakwas het hul eie naam vir die Benede-Oranje gehad naamlik "Ein" (Molsbergen 1916b:44). Die "Ein", ook gespел "Eyn" of "Tyen" (Moodie 1960:406; Molsbergen 1916a:176, 191) kom voor op 'n kaart van Van der Stel se reis na Namakwaland. Andrews, soos aangehaal deur Du Plessis (1973:301), verklaar dat die Hottentotwoord "ein" vertaal kan word met "rivier". Die vermoede ontstaan dat die verdwene "t Nein" van "t Nein t.Nabaabeep's Berg" 'n weergawe is van hoe "t'ein" (die t' dui die klapklank aan) deur die onge oefende Blanke oor waargeneem is, betekenende "rivier", wat hier op die Nababiepsrivier, tans die Charliesfonteinrivier, dui. Die betekenis van die komponent Nababiep- sal volgens my mening, dieselfde wees as dié van die dorp Nababeep naamlik Naba- soos Nama !nawa- = "Nashorn" (Rust 1960:45) met -bie- as pleknaamduidend en -p (ml. ekv.) bepaaldelik vir die bergnaam. Dus: "Renosterberg(e)", klaarblyklik vanweë die

eienaardige struktuur van die oppervlaktes wat aan die vel van 'n swartrenoster laat dink, soos dan ook deur informant Kritzinger vermeld. As gevolg van die swartgrys kleur van die dolomiet heet die berg(e) ook Swartberg(e) (Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay).

NABASBERGBERG

K 2817 AD

Opmeting 1966 "Nabasberg, ongeveer 116 km noord-noordoos van Port Nolloth. Berg. Nama. Betekenis: 'Plat klippe'. Eerste lettergreep is beklemtoon, met tongklap daarvoor." In ander handskrif: "Naba = bankagtige, plat klipperige (plek)".

Nienaber & Raper (1977:830) verklaar die bergnaam as *nawā-* = "Aushöhlung (Bassin) im Felsen, 'Bank'" (Kr. & Rust 1969: 287), met -b- en -w- wat verwisselbaar is (Nienaber & Raper 1977:43 by 5B1), óf *nawa* = "platt (flach)" (Rust 1960:48) met wisseling van n- en -h (46 by 5D6). Ek vereenselwig my egter met Nienaber & Raper se vermoede dat dit miskien eerder soos Nama *nabā-* = renoster (Nienaber 1963:427) is, soos Tindall (1856:16) die woord ook nog gehoor het. Uit reisbeskrywings en ander plekname in die gebied, onder andere Nababeep en Renosterfontein, kan afgelei word dat renosters vroeër in dié gebied aangetref is. Dus: "Renosterberg". Naby die berg is ook Nabas geleë, waarvan die -s van die vr. ekv. 'n fontein aandui en dus as "Renosterfontein" vertaal kan word.

NAHAKBERGBERG

K 3018 CB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesontein "Nakaberg".

Op die plaasnaamlys verskyn Nahakberg, terwyl dit op moderne kaarte Nakaberg heet. Plaaslike navrae het nie veel opge-

lewer nie. Daar groei wel baie olifantsvoet, Dioscorea elephantipes (Smith 1966:355) in die berg. Klankmatig sou mens geneig wees om die bergnaam te rym met Nama !nā-b = "Riesenschildkrote" (Rust 1960:53), hier bisillabies gehoor as naha-. Aan die slot sou mens dan eerder 'n -p of -b, masc. sing., bepaaldelik vir 'n bergnaam, verwag in plaas van 'n -k. Miskien het die olifantsvoete die Namas aan skilpaaie laat dink. Dan: "Skilpadberg".

NAIP PLATEAU(BERG)BERG

K 2918 AD

Kennis (1978:3000) "Naip se Berg, noordoos van Springbok".

Op die plaasnaamlys word die plato, maar op moderne kaarte (Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder) die berg, wat landmetersbaken nr. 55 dra, benoem. Die plato en berg is 'n duidelike landteken waarvan die naam op die plaas oorgedra is. Vergelyk die plaasnaam NAIP vir verklarings van die naam. Die berg was vroeër een van die Boesmanvestings waar baie geroofde vee geslag en meer as een skermutseling plaasgevind het (Sangiro 1953:102).

NAMIESBERGEBERGE

K 2919 AA

Kennis (1978:3001) "Aanleg met pk. suidwes van Pofadder by die Namiesberge."

Volgens Van Vreeden, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:850), was Namies oorspronklik die plek waar die eerste veeboere skepputte tussen granietrotse gemaak het, en kom die algemene verklaring neer op "water tussen klippe (rotse); volop water; lekker water. Nama //gami = water > namis > Namies". Volgens plaaslike navrae blyk dit dat Van Vreeden se verklaring die populêrste bly. Met wisseling van g- en n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4) en met -s as lokativeer-

der kom dit dan neer op "Waterplek". Water was vroeër uiters skaars in hierdie dorre gebied, sodat die benoeming dáárna 'n baie sterk moontlikheid bly. Nienaber & Raper (1977:850) opper egter die vraag of die aangrensende plaas, Vogelstruis Hoek, nie dalk 'n vertaling is van die inlandse naam nie, en wel in dié sin dat volstruis in Nama /ami- is (Rust 1960:59), in Kora /kammie(p) (Nienaber 1963:507), waarnaas die wisselvorm /nami- kan bestaan. Met die -s as lokativeerder of as sing. fem. wat die bronnaam aandui, kan dit dan wees "Volstruisplek" of "-fontein". Dit bly 'n baie sterk aanvaarbare moontlikheid veral in die lig van plaaslike oorlewering dat die gebied vroeër byna vervuil was van volstruise. Die naam is oorgedra op die berge en die eertydse aanleg, Namies, asook op die plase Namies-Noord en -Suid, wat egter net buitekant die Afdelingsraadgrens van Namakwaland val.

NARUCHASBERGBERG

K 2917 AC/AD

Goosen, CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Daar was 'n fonteintjie en later ook 'n puts. In droë jare was dit nie baie sterk nie, maar gedurende reënjare kon die mense daar vee water gee. Ek dink die '-gas' het met water, die fontein, te doen."

Die berg onder bespreking dra landmetersbaken nr. 19 en word op moderne kaarte Naroegas gespel. Die gebied onmiddellik noord van die berg heet ook Naroegas. Dit is in werklikheid 'n poort waardeur 'n tak van die Stryrivier loop. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat Naroeg-/Naru- soos Nama /haru- = biesies (Rust 1960:11), matjiesgoed (41) kan wees (vir wisseling van n- en h- vergelyk Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6); -ga- is soos Nama -xa-, morfeem vir hoeveelheid, met fonteinbenoemde -s (fem. sing.). Die geheel ongeveer "die fontein waar baie biesies/matjiesgoed voorkom" of "Biesies- (Matjiesfontein)". Die berg en gebied

is hierna vernoem.

NORTH END SECTOR BERG

BERG

K 2918 DA

Divisional map of Namaqualand 1916 "North End Sector Stn". Lombard JJG 1984 Landmeter Gesprek "Die berg was die mees noordelike sektor toe landmeter McClear punte in dié gebied moes vasstel."

Die bergnaam het gedurende opmeting ontstaan. Landmeter McClear moes punte in die gebied vasstel vir triangulasie. Die sektor ter sprake was die mees noordelike in die gebied, gevolglik is die berg waarop dit geleë is, as North End Sector Berg benoem.

NOUPOORTSEBERG

BERG

K 2917 CB

Pleknaamlys "Noupoortseberg".

Die bergnaam kan nie op moderne kaarte op die gegewe graadvierkant gevind word nie. Die vermoede is dat dit die eertydse benaming kon gewees het van die huidige Maerpoort se Berg op graadvierkant K 2917 AD wat landmetersbaken nr. 94 dra. Indien wel, dan is Maerpoort die streekbenaming vir Noupoort. Die berg is dan vernoem na aanleiding van die nou poort aan die suidekant daarvan. Vergelyk Maerpoort se Berg onder die plaasnaam LANGHOOGTE.

NOUROEPBERG

BERG

K 2818 DC

SG map 1895 "Naroep" (Berg).

Nienaber & Raper (1980:619) "Op die plaas Naroep lê die Nouroepberge."

Nouroep en Naroep is beslis wisseluitsprake van dieselfde grondwoord. Die -p(-b) van die ml. ekv. is hier 'n aanduiding van 'n bergnaam, sodat aanvaar kan word dat die plaasnaam oorspronklik op die berg betrekking gehad het. Vir verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam NAROEP.

OUGRABIESBERGBERG

K 2918 BC

Afdelingsraadkaart "Augrabies".

Vir die betekenis van die naam vergelyk die plaasnaam OUGRABIES waarop die berg geleë is en wat neerkom op "Bittergorraplek(berg)". Die plaasnaam het vermoedelik op die berg oorgegaan.

PARADYSBERGBERG

K 2817 AC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Paradysberg" met "Paradyskloof".

Paradysberg dra driehoeksbaken nr. 29 met Paradyskloof aan die noordwestelike hang daarvan. Die naam "Paradys-" verwys na die ongerepte natuurskoon van die bergagtige gedeelte, in dié sin dat dit 'n ware paradys is. Hierdie verklaring berus op eie mening, aangesien ek die betrokke berg en kloof ken.

POKKIESPRAMBERGEBERGE

K 2816 BB

Kennis (1978:3013) "In die noorde van die Richtersveld aan die Oranjerivier."

Kritzinger, J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die berge het snaakse, opvallende kolle wat aan pokkies laat dink. Die lid '-pram-' dui op die vorm van die berge."

Die eienaardige kolle op die berg(e) wat die vorm van 'n vroulike bors het, skep die indruk van 'n pram (vroulike bors) met pokkies.

POPULIERBERGEBERG

K 2917 DB

CCRS (1907-14) Port Nolloth & O'okiep Sheet "Populierbergen".

Vernoem na die populierbome, Populus canescens (Smith 1966: 376) wat vroeër in die berg gegroei het. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke berge.

RIETBERGBERG

K 2917 BD

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Die berg is so genoem omdat daar 'n groot kol riet in die kloof was. In die bedding was 'n klipgat onder 'n waterval waar die oumense altyd gaan was het na die rivier geloop het."

Die berg dra landmetersbaken nr. 75 en is vernoem na die eertydse kol fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat in die kloof gegroei het. Die kopermyn aldaar heet ook Rietbergmyn.

RIETKLOOFBERGBERG

K 2917 BC

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Vanuit Rietkloof se Berg loop twee klowe. Fluitjiesriet groei langs die water in die kloof, vandaar Rietkloof."

Die bergnaam is ontleen aan die waterryke kloof waar fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), groei. Op moderne kaarte verskyn dit as Rietkloof se Berg.

<u>ROOIBERG (E)</u>	<u>BERG (E)</u>	K 2817 CD/2917 DC/ 2918 AC/3017 BC/ 3017 DB/3018 AC
---------------------	-----------------	---

Sensuskaart 1891 "Tc.Abans Tc. Uip Roode Klip".

Laidler (1927:148) "D/aba D/ouis, Rooiberg, red mountain near Ghorap."

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Lê noordoos van Eksteensfontein. Uitgebluste vulkaan. Besondere berg. Is rooi van kleur."

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die klei- en gruisgrond is rooi, sodat die berg rooi vertoon."

Engelbrecht GJR 1980 Beskermingsbeampte Vraelys "Rooiberg, hoogste berg in Namakwaland - so genoem weens die kleur van die rotsformasie."

Rooiberg kom verskeie kere op die kaart van die distrik Namakwaland voor en wel op die graadvierkante soos hierbo aangegee. Die eerste komponent van die inlandse naam soos op die sensuskaart en deur Laidler aangegee, is soos Nama /aba en /awa = "rot" (Rust 1960:50), met wisseling van -b/-w- (vergelyk Nienaber & Raper 1977:43 by 5B1). Die -ui-p, met die -b (hier -p) van die ml. ekv. as indeks vir die bergnaam soos op die sensuskaart, of -ouis soos by Laidler, is weer soos Nama /ui-s = klip (Rust 1960:35). Dus: "Rooiberg" en wel weens die rooi kleur van die klippe. Die berg waarna Cloete en die sensuskaart verwys, lê op graadvierkant K 2817 CD, noordoos van Eksteensfontein in die Richtersveld en dra opmetingsbaken nr. 34. Die Rooiberg waarvan informant Wiese praat, is geleë op graadvierkant 3017 BC met opmetingsbaken nr. 14, terwyl Engelbrecht verwys na dié op K 3018 AC op die plaas Roodebergs Kloof met landmetersbaken 89 wat aanvaar word as die hoogste berg in Namakwaland. Laidler se Rooiberg kan nie met sekerheid geïdentifiseer word nie, aangesien hy slegs meld dat dit naby Goraap lê. Van die hoogtes of berge waarna Nienaber & Raper (1977:158) verwys, lê die een op 2917 DC die naaste aan Goraap. Tog

is ek van mening dat Laidler eerder na "Rooibergen" suid van Komaggas verwys (CCRS 1907-14 Port Nolloth & O'okiep Sheet) aangesien dit die naaste opvallende berg aan Goraap is wat van die Sandveld rooi vertoon.

ROSYNTJIEBERGBERG

K 2817 AC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Rosyntjieberg".

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die naam het beslis te doen met die rosyntjiebosse wat daar groei."

Vernoem na die rosyntjiebos, Rhus sp. (Smith 1966:403), wat baie daar voorkom. Plaaslik word ook van die Rosyntjiebosberg(e) gepraat. Die berg dra driehoeksbaken nr. 59.

SENTINEL PEAKBERG

K 2917 BA

Pleknaamlys s.j. "Sentinel Peak".

Die spits van die berg laat vermoedelik dink aan 'n skildwag, van daar die Engelse benaming Sentinel Peak. Die verklaring berus op plaaslike navrae en eie kennis van die betrokke bergspits.

SKIMMELBERGBERG

K 2817 CB

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "As gevolg van vuurklippe het die berg 'n skimmel voorkoms."

Die informant verwys hier na die wit vuursteenklippe of kwartsiet wat vonke afgee as met 'n vuurslag daarteen geslaan word (Odendal 1981:1332) en wat vanweë hul kleur tussen die ander donkerder klippe, aan die berg 'n skimmel voorkoms gee.

Op die plaasnaamlys word gepraat van Skimmerberg, wat vermoedelik 'n drukfout is.

SNEEUBERGBERG

K 3017 BB

Pleknaamlys "Sneeuberg".

Die berg oos van Bowesdorp waarvan die spits plaaslik bekend staan as Sneekop. Vir die betekenis vergelyk Sneekop onder die plaasnaam MODDERFONTEIN op K 3017 BB/3018 AA.

SONONDERBERGBERG

K 2917 AC

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "In die koperrydae was dié berg die uitspanplek tot sononder toe, wanneer daar weer ingespan is vir die aandskof."

Dippenaar HW 1978 Boervrou Vraelys "Sononderberg genoem omdat die son daaragter ondergaan."

Viljoen WAA 1982 Boer Gesprek "Miskien omdat die son tot die laaste oomblikke nog teen dié berg skyn."

Hier is dus drie uiteenlopende verkarrings wat plaaslik voortleef. Dit is die hoogste berg in die onmiddellike omgewing waarteen die ondergaande son se strale die laatste sigbaar is. Sodra dit daar verdwyn, is die son botonder. Plaaslik word dit as die aanneemlikste verklaring gesien, hoewel daar geen gronde bestaan om dit as die enigste of korrekte uit te sonder nie.

SPEKTAKELBERGBERG

K 2917 DA

Sensuskaart 1891 "Spektakel Mount". Ook op SG map 1895. Laidler (1927:149) "Kaie moes, Big Eyes. Near Spektakel."

Indien Laidler se "Kaie moes" nie na Brandberg (vergelyk BRANDBERG) verwys nie, dan kan dit van toepassing wees op Spektakelberg, in welke geval die betekenis vermoedelik afgelei is van die feit dat iemand wat op die berg staan, oor groot afstande kan uitkyk, dit wil sê sy oog het 'n groot of wye uitsig, of soos Nienaber & Raper dit stel "... sy 'oog' in die rondte gooi, 'groot' maak" (1977:609). Ek is egter van mening dat Laidler nie na Spektakelberg verwys nie, maar na Brandberg in die noordoostelike hoek van Komaggas-reservaat, sodat die inlandse naam Kaiemoes dus nie van toepassing is op Spektakelberg nie. Vir verklaring van die Afrikaanse bergnaam vergelyk die plaasnaam SPEKTAKEL.

SPRINGKLIPBERG (Vroeër moontlik Namkuis)

BERG

K 2816 DB

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Springklipberg".

Die berg is vernoem na die bekende Springklip (vergelyk Springklip onder Richtersveld-reservaat), 'n groot ronde rotsblok met 'n watergat daarin, waarheen gespring moet word om by die water te kom. Aangesien Springklip, wat bo-op Springklipberg lê, se inlandse naam Namtap was, is Nienaber & Raper (1977:852) van mening dat Springklipberg self 'n vertaling kan wees in die vorm van #Ham-/ui-s, in Oud-Kaaps #Nam/kuis (Nienaber 1963:186 e.v.).

STEENBERG

BERG

K 2918 DB

CCRS 1907-14 vel Bushmanland "Steenberg"

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Steneberg".

Volgens eersgenoemde kaart lê die berg in die vorm van ses min of meer ewe groot koppe oor die breedte van die plaas

versprei, kompleet soos 'n ry stene wat gemessel is. Die enigste vermoede is dat die bergnaam hiermee verband kan hou, hoewel dit tentatief bly, aangesien selfs die oorspronklike eienaars geen lig kon werp nie. Op die pleknaamlys en ouer kaarte heet dit Steenberg, maar op moderne kaarte Steneberg.

STINKFONTEINBERGEBERGE

K 2817 CA

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Stinkfonteinberge".

Die berge lê noord van en is gevolglik vernoem na die aanleg Stinkfontein, tans bekend as Eksteensfontein. Vergelyk laasgenoemde onder RICHTERSVELD. Die berge dra opmetingsbaken nr. 55.

STOKBERGBERG

K 3018 BD

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Stokberg".

Burden AP 1985 Boer Gesprek "Die naam dui seker maar op die vorm van die bergie."

Plaaslik kon geen sekerheid oor die betrokke bergnaam verkry word nie. Die vermoede is dat die langerige vorm daarvan miskien aan 'n stok kan laat dink. Dit dra opmetingsbaken nr. 27.

SWARTBERGBERG

K 2918 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Swartberg".

Die berg dra opmetingsbaken nr. 78 en heet waarskynlik

Swartberg vanweë sy besondere donker kleur. Die maatskappy wat aldaar minerale ontgin, staan ook bekend as die Black Mountain Mineral Development Co., en die myn as Black Mountain-myn (Die Burger, 17 Mei 1979:6).

TAMBOERSBERGBERG

K 3017 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Tamboersberg". Du Toit HJ 1985 Boer Gesprek "Ons praat sommer van Tamboesberg, maar ek weet nie wat dit beteken nie."

Geen nadere besonderhede kon verkry word nie, behalwe dat die betrokke berg plaaslik Tamboesberg heet soos dan ook deur informant Du Toit vermeld. Of die naam dalk 'n volks-etimologiese vervorming van Tamusberg is na aanleiding van Nama dom, ook tom = "(in etwas Weiches) einsinken" (Rust 1960:17), kan nie meer vasgestel word nie. Op moderne kaarte heet dit egter Tamboersberg, vermoedelik omdat dit uit 'n sekere gesigshoek aan die vorm van 'n tamboer laat dink.

TATASBERGBERG

K 2817 AD

Sensuskaart 1891 "Tatap Tc. Kun". Opmeting 1966 "Tatasberg. Tadabberg (Tadab = vader). Oorsprong Nama. Betekenis: pa of vader. Eerste lettergreep beklemtoon."

Tata- soos Nama dada-b = "Väterchen" (Rust 1960:66), eintlik dus 'n "vleinaampie", naamlik "Vadertjie", soos Nienaber & Raper (1977:1020) dit stel. Vir wisseling van d- en t- vergelyk Nienaber & Raper 1977:42 by 5A2. Die berg dra drie-hoeksbaken nr. 49 en het blykbaar dié naam omdat dit die hoogste piek in die onmiddellike omgewing is. Die Tc. Kun van die sensuskaart is volgens Nienaber & Raper (1977:1020) waarskynlik soos Nama // gû-b vir "Vater" (Rust 1960:66),

met die -û- gerealiseer as -un, en met die herhaalde ver-
skerping van g- as k-.

THAMHAMMABERGEBERGE

K 2918 AA

Agenbag FB 1983 Boer Gesprek "Thamhammaberge is die Hotten-
totnaam vir die Bitterheuningberge. Vermoedelik so ge-
noem vanweë die smaak van die heuning veroorsaak deur
sekere plantsoorte se blomme, soos byvoorbeeld die bitter-
melkbos."

Aangesien die twee benaminge vir die betrokke berge ook op
kaarte (Topokadastrale reeks 1966 vel 2918 "Namies" en die
ooreenstemmende topografiese kaart 1975) korreleer, is dit
te verwagte dat die Afrikaanse benaming die vertaling van
die Khoekhoense naam sal wees. Met wisseling van -h-/-k-
(Nienaber & Raper 1977:45 by 5C4), kan die komponent -hamma-
wees soos Oud-Kaaps Kama = heuning (Nienaber 1963:302). Wat
die lid Tham betref, wys Nienaber & Raper (1980:718) tereg
daarop dat dit taalkundig moeilik te rym is met Nama ou [au]
wat "bitter" beteken (Rust 1960:11) en dat daar in Oud-
Kaaps ook nie 'n optekening vir bitter is nie. Die vraag
ontstaan of die eerste komponent nie miskien is soos Nama
#cham/#kam = jong(by)heuning, waarvan vroeër bier met 'n bitter
smaak gemaak is nie. Dit bly egter spekulatief.

TLAMMABERGBERG

K 2817 CB

SG map 1891 "Tc.Lamma Mt."

Geen direkte hulp kon verkry word nie. Dit wil voorkom of
Tlammaberg met die huidige Rooiberg(e) korreleer, maar rooi
is in Nama /aba,/awa, sodat dit ietwat onwaarskynlik lyk
dat die inlandse naam met die rooi kleur te make het. Mis-
kien moet daar gedink word aan 'n swak weergawe van Oud-Kaaps

t'kamma = water (Nienaber 1963:522) wat dan sal neerkom op "Waterberg".

TSWAIESBERGE

K 2817 AC

Opmeting 1955 "Onbekend. Verskyn reeds lank op kaarte onder andere op 1/500 000 en 1/250 000 topokaarte van die Unie." Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Dit lyk of die berg(e) 'n kam het. Dit het ook 'n snaakse kleur, maar ek weet nie wat die naam beteken nie."

Geen leidrade kon gevind word nie, maar die vermoede bestaan dat die naam miskien verband kan hou met die tsawi-, Euclea pseudebenus (Smith 1966:449), in die volksmond bekend as swartebbenhout of basterebbenhout. Dit bly egter maar spekulatief.

WOLFBERGBERG

K 2917 CA

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "'n Berg met gate waarin vroeër wolwe, wat die boere baie hoofbrekens gegee het, gebly het. Ek het daar ou beesvelle, bene en selfs ou trense in die gate gekry. Die wolwe het dit daarin gedra."

Die benaminge Wolfberg, Woolfberg en Dreyer's Mine is vroeër sinoniem gebruik om die koperontginning aldaar aan te dui (Cornelissen 1965:111). Die berg is dus vernoem na die Canus lupus (Kritzinger 1963:772), wat vroeër, soos deur die informant verhaal, hul blyplek daar gehad het.

4.5.2 RIVIERNAME

ABIEKWARIVIER (Vroeër vermoedelik bekend as Gawi-Khôas)RIVIER

K 2817 AC

Opmeting 1966 "Gawi Khôas = ry, breek. Oorsprong Nama. Betekenis 'Tamarisktree'. Die uitspraak 'Obiekwa' kom ook somtyds voor. Inligting deur Johannes Cloete, 'n vooraanstaande inwoner en sendeling."

Die inlandse naam is klaarblyklik al vermink. Die eerste komponent sal wees soos Nama dawë- met wisseluitspraak dabevir die Tamarix usneoides (Smith 1966:196), ook bekend as die Abiekwaboom met wisseluitspraak Obiekwa. Die laaste lid kan wees soos Nama Khôa = "brechen" (Kr. & Rust 1969:238), wat korreleer met die segsman se "breek". Die -s sal lokativeer. As geheel dan "Dabebreekplek", waarvan die aanleidende oorsaak nie meer bekend is nie. Die inlandse naam het verdwyn en die rivier heet nou net Abiekwarivier.

ANKOMSRIVIERRIVIER

K 2817 CB

IMS 1900 Port Nolloth Sheet "Aan Kams". Ook op SG map 1895.

Die benaming "Ankoms-" verskyn nie op kaarte nie. Op die betrokke graadvierkant verskyn wel op ouer kaarte "Aan Kams", vermoedelik vir 'n waterbron, wat in die topografiese reeks 1974 vel 2816 Alexander Bay, aangegee word as "Kahams", asook "Kahamsrivier", wat weer korreleer met Sensuskaart 1891 se "Tc.!Amabiep or Hartebeest River". 'n Hartbees is in Nama // khama (Rust 1960:29), wat ooreenstem met die sensuskaart se Tc!ama. Die huidige Kahams is, soos Nienaber & Raper (1980:445), dit stel, die ou // kham-, maar tans met 'n bisillabiese uitspraak van die ou monosillabiese -kham. Dit wil dan voorkom of daar 'n verband kan wees tussen "Ankoms-", "Aan Kams" en "Kahams" (a/o-klinkervariabiliteit)

met die betekenis van "Hartebeesrivier". Andersins sal -koms/-kams, by Nama // gam(s), beteken: "water", ook "rivier" of "waterplek" (Nienaber 1963:522-3, 430). Oor die lid "An/Aan" is daar nie sekerheid nie.

BITTERRIVIER (Vroeër bekend as Outieprivier)

RIVIER

K 3018 CB

SA-reeks 1973 skaal 1:50 000 vel 3017 DA "Outeeprivier".
Kennis (1978:2933) "Vloei wes van Garies, mond uit in die Atlantiese Oseaan."

Die Bitterrivier vloei suidwaarts af van die berge en draai dan reghoekig weswaarts om later onder andere oor die plase Soutkraal en Soutfontein na die oseaan te vloei. Genoemde plaasname is aanduidend van die hoë brakgehalte van die grondwater in die nabyheid van die rivier wat self gevolglik so brak of sout is dat dit plaaslik "bitter" heet en die riviernaam tot gevolg gehad het. 'n Sytak uit die suidooste dra nog die naam "Outeeprivier", waarvan die ontleding tot die gevolgtrekking lei dat Bitterrivier die Afrikaanse vertaling is van die Khoekhoense naam Outeep-rivier. Die lid Ou- is soos Nama au = bitter (Rust 1960:11), die -ti(e)- is pleknaamduidend met -p van die ml. ekv. as genusteken van die riviernaam. Die Afrikaanse naam het dus die Khoekhoense naam verdring, afgesien van die sytak waar dit behoue gebly het, soos Nienaber & Raper (1980:684) dit óók sien.

BLOKRIVIER (Vroeër bekend as Naauaump)

RIVIER

K 2817 AA

Sensuskaart 1891 "Naau tc.!Aump or Blak Kraal".
 Topokadastrale reeks 1966 vel 2816 Alexander Bay "Blok-rivier"; op die ooreenstemmende kaart 1976 heet die

area "Blokwerf" en die rivier "Blokwerfrivier".

De Wet SJ 1985 Superintendent Gesprek "Die naam 'Blok-' verwys na die pont van blokke wat vroeër aldaar gebruik is om oor die rivier te kom."

Sensuskaart se "Blak Kraal" is beslis 'n fout vir "Blok Kraal". Nienaber & Raper (1980:594) verklaar die lid tc. !Aump as 'n lompe poging om die lastige woord vir "kraal" of "werf" in Khoekoens weer te gee, naamlik // gâus (Rust 1960:73), terwyl die lid Naau- is soos Nama !nao- = "Klotz" (Rust 1960:35), dit is blok. Blokwerf en -rivier bewaar dan die ou inlandse name in vertaalde vorm. Volgens plaaslike inligting, soos deur informant De Wet verstrek, verwys die Afrikaanse naam ook na die pont van houtblokke gemaak wat destyds gebruik is om oor die rivier te kon kom, aangesien daar geen brug was nie. Die naam is op die riviertjie, wat van suid na noord aldaar in die Oranje vloei, asook op die aanleg naamlik Blokwerf en gebied oorgedra.

BOKRIVIERRIVIER

K 2817 CB

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Bakrivier".

Bakrivier is vermoedelik 'n fout vir Bokrivier; andersins verskyn laasgenoemde rivier nie meer op moderne kaarte nie. Die naam het blykbaar ontstaan vanweë die baie bokke, Capra hircus (Kritzinger 1963:78), waarmee destyds in die omgewing van die rivier geboer is.

BRAKRIVIERRIVIERK 2917 BD/2918 AA/
CD/3117 BB

Pleknaamlys en moderne kaarte "Brakrivier".

Die benaming Brakrivier is van toepassing op verskeie riviere in Namakwaland, waarvan die ligging deur bovermelde graadvierkante aangedui word. Almal is vernoem na aanleiding van die hoë brakgehalte van die water. Die verklaring berus op eie kennis van die rivier(e) en die gebied.

BRANDRIVIERRIVIER

K 2917 DD

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dit word baie warm daar tussen die koppe. Dit voel of die sand onder jou voete kook."

Vermoedelik so vernoem omdat die son geweldig kan bak (brand) langs die rivier waar die Kameelboomberge die koel suide- en westelug wegkeer. Vergelyk verder Ybeep(rivier) onder die plaasnaam KAMEELBOOM alias DE DRAAI as moontlike inlandse naam vir Brandrivier.

BUFFELSRIVIER (Vroeër bekend as Sandrivier en Kousies)RIVIER

2917 CA/DC/DD 2918 CC

3018 AA/AB

Paterson (1789:58) "... we (...) proceeded north by east, after crossing a river, called the Cousie, or Sand River".

Schultze (1907:168) "/Gaoseb, Büffelsrivier, an das ehemals wohl das Wildebeest, /gaob, zur Tränken kam."

Conradie (1909:22-3) "De river, waaraan Grootmis ligt, blijft soms tot veertien jaren droog. Grote zandduinen versperren dan de mond van de rivier. Een paar jaar geleden dacht ik, dat het water, als het weer mocht regenen, nooit weer de zee zou kunnen bereiken, maar een meer zou moeten vormen. Doch de dijken, hoewel vele malen verdubbeld gedurende de lange reeks van dorre jaren, moesten eindelijk wijken voor de ontzaggele watermassa's en de trotse rivier vermengde zijn wateren nog eens met de rusteloze oseaan, en toonde dat hij niet zonder reden de

naam draagt van de Buffelsrivier - 'de kwaai stormloper'." Botha (1927:60) "... Zand Rivier called by the natives Touse, now the Buffels or Buffalo River. On the charts of this expedition it is marked Sant River or, as called by the Hottentots, Tausi, which in Dutch is Buffels Rivier (Chart M78), or as called by the natives Koussie River. On his return journey he came to this river again and the journalist wrote that it was called Touse by the natives because they had found two buffels or Touse in the river so that the proper name should be Buffels River. To the Dutch, he recorded, it was known as Zand River."

Bovermelde is slegs enkele verteenwoordigende sitate uit of toevoegings tot die informasie wat reeds deur Nienaber & Raper (1977:779-80) in verband met die ter sprake rivier-naam byeengebring is. Oor die vertaalde vorm bestaan daar volkome duidelikheid. Aan vroeëre reisigers was die rivier bekend as die Kousie, ook gespel Kouwsie, Cousie (Paterson), Kauzi, Cous (Wiker). Touse (Simon van der Stel se joernaal) en Kousie is gewone wisselvorme of wisseluitsprake van dieselfde woord (Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1) en dui almal op die Hottentotwoord /kaw, /ka-ooop en /kaauba (Nama /gao-b) vir buffel (Nienaber 1963:235). Paterson se mededeling skep die indruk dat Sandrivier 'n vertaling van die ou Khoekhoense naam is. Inderdaad is dit egter die alternatiewe naam by blankes, reeds in 1685 deur Simon van der Stel so genoem. Dit stem ooreen met die gegewens op Kaart No. 851: "Sant River of bij de' Hott. s gent. Tausi twelck in 't duyts geseht is buffels Rivier" (Molsbergen 1916a:183). Die blankes se benaming van Sandrivier is klaarblyklik redelik lank gebruik. So byvoorbeeld praat Brink 1761, byna honderd jaar na Van der Stel, net van "Santrivier" (Mossop 1947:20, 22), en nog later ken ook Gordon dit. Dit het egter verdwyn, sodat slegs die oorspronklike en vertaalde name voortgeleef het vir hierdie belangrike rivier in Namakwaland wat tot 1804 deel van die noordelike koloniale grens was. Schultze wys daarop dat

Nama /gao-b nie net "buffel" benoem nie, maar ook "wildebeest", eintlik "blouwildebees" (Nienaber 1963:527-8 s.v. wildebees 111), en maak ook die nodige aansluiting met Nama; die -se- is plekbenoemend met die slot -b as komponent om die rivier te verteenwoordig. Soos Nienaber & Raper (1977:780) dit stel, kom dit daarop neer dat die inboorlingnaam vir die soms droë sandriviërtjie van die begin af vertaal is as Buffelsrivier. Die rede vir die benaming Buffelsrivier bly egter 'n interessante vraag. Sou dit vanweë twee enkele buffels wees wat deur Van der Stel-hulle in die rivier gesien is, of omdat dit die drinkplek van die wildebeeste was, soos deur Schultze gestel, of omdat die rivier, wanneer in vloed, as die "kwaai stormloper" gesien is, soos deur Conradie verklaar? Dit bly 'n ope vraag.

DIEP-EN-DEURKLOOFRIVIER

K 2919 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Diep-en-Deurkloof".

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Dis 'n diep kloof waardeer die rivier loop."

Geleë oos van Pella en aldus vernoem vanweë die diep kloof in die berge waardeur die rivier sy weg na die Oranje vind. Eie kennis van die betrokke rivier stel my in staat om informant Van den Heever se verklaring te bevestig.

DROEDAPRIVIERRIVIER

K 2917 DD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Droedaprivier".

Die Droedaprivier loop van die omgewing van Springbok suidwaarts na die Buffelsrivier. Vir die verklaring van die naam, wat neerkom op "Droëvlakte (-rivier)", vergelyk die

plaasnaam WITTEKLIPFONTEIN alias DROGEDAP en OLD DROOGE DAAP.
Die aanleg langs die rivier heet ook Drodap/Droëdap.

DROÛKLOOFRIVIERRIVIER

K 2917 DC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Droëkloof-
rivier".

Genis J de V 1978 Boer Vraelys "Omdat daar geen water in
die kloof was nie."

Dis 'n takkie van die Swartlintjiesrivier wat noord van die
opstal Kraaifontein ontspring en deur Koperkloof loop waar-
vandaan dit bekendstaan as Droëkloofrivier. By Graaf se
Put sluit dit by Kourkam se Brak aan. Volgens informant
Genis se gegewens dui die naam op die waterloosheid van die
kloof waardeur die riviertjie loop. Ek is van mening dat
die naam eerder te verstaan is as die "droë Kloofrivier",
dit wil sê, die droë rivier wat deur die kloof loop.

ESELSFONTEINRIVIERRIVIER

K 2917 DC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Eselsfon-
teinrivier".

Dis 'n tak van die Buffelsrivier wat onder andere oor die
plaas Ezels Fontein loop om laer af saam met die Droëkloof-
en Buffelsrivier aan die buurplaas, Drie Rivier, sy naam te
besorg. Die rivier is na die plaas Ezels Fontein, waaroor
dit vir 'n groot gedeelte loop, vernoem. Vergelyk die plaas-
naam EZELS FONTEIN op graadvierkant 2917 DA vir die beteke-
nis van die naam.

GAN(N) AKOURIEPRIVIER

K 2817 AC

Opmeting 1950 "Die spruit begin + 12 myl NO van die sending-

stasie, Kuboos. Betekenis: Deurlooprivier, waar die beeste gewei en deur die rivier geloop het. Geleë op De Hoop (plaas) distrik Springbok. Inligting verskaf deur P.L. Avenant bewoner van die plaas. Vorm voltooi deur F. Matthews van die SA Polisie Alexanderbaai." In 'n ander handskrif "Gana-Khaurib (// Gana = kameeldoring en Khaurib = vuuraansteek)."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds oor die betrokke riviernaam deur Nienaber & Raper (1980:289-90) gesê is. Opmeting se informant verbind die naam blykbaar met Nama xanu- !gôu = "durchwaten" (Rust 1960:15), wat taalkundig nie genoegsaam bevredig nie. Gedagtig aan Hakiesdoringhoek waar die riviertjie ontspring, is ek van mening dat die verdere aanduiding van // gana = kameeldoring, die sleutel vir die betekenis is. Hiervolgens sal die eerste lid dan wees soos Nama // gana- = "Kameeldornbaum" (Rust 1960:34). Die -kourie- sal volgens Nienaber & Raper (1980:290) moontlik wees soos khou = "brennen" (Rust 1960:12), wat Opmeting se "vuuraansteek" veronderstel, andersins soos Nama /guri- = alleen (Rust 1960:2). Die -p van die ml. ekv. is die genisteken vir 'n rivier. Dus: "Die rivier waar die eensame kameeldoringboom staan (wat by die eensame gana-boom ontspring)" of "Die rivier by die verbrande/aangesteekte kameeldoringboom".

GQAYGASRIVIER

K 2817 CA

Opmeting 1966 "Gaigasrivier. Betekenis onbekend, is Nama, tongklap voor die eerste G-. Geleë in die Richtersveld-reserwe. Op ou kleinskaalse kaarte kom dit ook voor as Gqaygas." In 'n ander handskrif: "Gaixasrivier, gaixas = pofadder."

Volgens Opmeting moet die eerste lid dan wees soos Nama !gēi-b, !gai-b (Nienaber 1963:421 vir Oud-Kaaps) = pofadder,

met -ga- soos Nama-xa- = veelheidsuffiks en die slot -s wat lokativeer. Dus: "Pofadderryke plek" soos Nienaber & Raper (1977:344) dit vertaal. Daar is egter 'n verdere moontlikheid. Die Gaigasrivier, soos dit op moderne kaarte gespel word, loop deur 'n lang kloof of leegte. Die vraag ontstaan dus of Laidler (1927:148) se Gheikas nie na hierdie kloof en rivier verwys nie. Hy laat hom hieroor soos volg uit: "Ghei kas, Wind Kloof. When the wind blows from the sea or inland it blows along this kloof; at other times it is quiet." Volgens Nienaber & Raper (1977:415) is die -kas soos Nama /gâ- = krans en kloof, anders as /gā- = vlakte of leegte (Kr. & Rust 1969:97), of alternatiewelik // hā- = "die Schlucht, die Kluft" (Kr. & Rust 1969:160). Die Ghei weer is soos Nama khâi="sich aufmachen (Wind)" (Rust 1960:74), dit wil sê die wind staan op en waai. Vry vertaal sal dit neerkom op "Windkloof" met die rivier as "Windkloofrivier". Alhoewel die ligging van Laidler se Ghei kas nie met sekerheid bepaal kan word nie, is dit moeilik te verbind met Windleegterivier op graadvierkant K 3117 BB, soos deur Nienaber & Raper (1977:415) genoem, aangesien Laidler se plekname deurgaans na die noordelike gedeelte van Namakwaland verwys. Dit is dus meer aanneemlik om dit met Gaigas(rivier) op graadvierkant K 2817 CA in verband te bring.

GROENRIVIER (Vroeër bekend as Gariep/Nariep)

RIVIER

K 3017 DC/DD 3018 CA

Mossop (1947:137) "After 4 hours' advance we came to the Kleine Doorn Rivier, which we found completely without water or grass, were compelled therefore to push on to the 2nd Doorn Rivier which on the former journey we called Groene River." Ibid. 143 "... moved camp and went lower along the river because at this camp there was no more grazing for the cattle. (Voetnoot: This camp was on the Groen (doornbosch) River and probably below Garies and above the Groen and Klein or Swartdoorn River junction.

The contrast between the green foliage of the thorn trees (Acacia Karro) on the Groen River and the blackened thorn on the Little or Black Thorn River is a very marked one.)" Van Zyl ASH 1978 Boer Vraelys Inligting soos verstrekkend onder Nariep, onderverdeling van die plaas Haverland.

Vroeëre reisigers het hierdie rivier verskillend benoem. In Van der Stel se joernaal heet dit die "Groot Doornbosch Rivier", waarlangs hul op 2 Oktober 1685 gekampeer het. Olof Bergh noem dit die "Groene doornbosch rivier", terwyl J.T. Rhenius praat van "the Tweede Doorn Rivier - which on the former journey we named the Groene Rivier" (Mossop s.j.: 162). Alhoewel die benaming Groenrivier soms van toepassing gemaak word op die hele rivier van Garies af, is dit egter net die gedeelte wes van die samevloeiing van die Dik-Doring- en Swart-Doringrivier wat op dié naam geregtig is. Dieselfde tipe doringboom word langs die hele rivier aangetref, maar weens meer ondergrondse water en 'n koeler klimaat langs die Groenrivier-gedeelte, behou die bome langer hul meer opsigtelike lower as wat dit die geval hoër op is. Mossop (1947:143) maak dan ook melding van dié kontras en dat hulle dit die "Groene Rivier" genoem het. Le Vaillant praat van "... the freshness of the pleasant vale through which it flowed, its various meanderings, and the different prospects arising at every step, filled my mind with the most pleasing thoughts" (Le Vaillant 1796b:117). Na aanleiding van informant Van Zyl se gegewens is ek egter van mening dat die onderverdeling Nariep/Gariep die ou inlandse naam van die rivier bewaar en wel in die Nama-vorm /gari-b = "das Unkraut, die Quecke (Kr. & Rust 1969:76). Die -b is die genisindeks van onder andere riviername, soos hier. Letterlik dan "Kweekrivier". Hierdie Groenrivier het dus eerder sy kleurnaam van die groen kweek (gras) gekry as van die groen doringbome. Vergelyk verder Nariep onder die plaasnaam HAWERLAND.

HARAMOEP POORTRIVIER

K 2918 BA

Pleknaamlys "Haramoep Poort".

Vergelyk Haramoepoort onder die plaasnaam HARAMOEP vir die betekenis van die riviernaam wat neerkom op "Wyepoortrivier" volgens die inlandse naam Karadous. Die Haramoepnaam is van die plaasnaam afkomstig.

HARTBEESRIVIERRIVIER

K 2818 DD

SG map 1895, asook Divisional map of Namaqualand 1916
"Hartebeest Rivier".

Die betrokke rivier vloei uit die suide oor die plaas met dieselfde naam in die Oranjerivier in. Dis klaarblyklik vernoem na die wildsboksoort van die geslag Alcelaphus (Odendal 1981:361) wat vroeër klaarblyklik volop in dié gebied voorgekom het.

HOLGATRIVIERRIVIER

K 2816 DB

Forbes (1965:90) "The day following this observation they reached a fountain described by Paterson as situated between two precipices and about 9 miles from the sea. This is clearly the 'Diepe Kloof, goedwater' of the Gordon Map and can be none other than the dry bed of the Holgat River some 6 miles inland, where a spring appears in modern maps."

Die rivier is vernoem na die diep gat bekend as Holgat ongeveer 200 m onderkant die plek waar die Alexanderbaaipad oor genoemde rivier gaan en benede 'n waterval met hoë kranse. Die dryfsand in die gat hou lank water aangesien 'n klipbank die wegsyfering daarvan voorkom. Die rivier vorm

dus hier 'n skeur of diep kloof met die hol gat benede die val waar lank goeie water te kry is. Dit korreleer met Gordon se "Diepe Kloof met goed water".

HOREESRIVIERRIVIER

K 3017 BC

Kennis (1978:2968) "Boloop van Spoegrivier wes van Kamieskroon, met aanleg Horees."

Vir verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam HOREES. Letterlik beteken dit: "Tweelingfonteinrivier". Of die plaasnaam op die rivier oorgedra is of andersom, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.

KAAMSRIVIERRIVIER

K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein "Kaamsrivier".

Die Kaamsrivier loop hoofsaaklik oor die plaas Kougoedvlakte om later by die Papkuilsrivier aan te sluit. Vir die betekenis van die naam vergelyk Kaams onder die plaasnaam KAUWGOED VLAKTE. Dus: "Rietmond-" of "Rietfonteinrivier".

KAMAGGAS-/KOMAGGASRIVIERRIVIER

K 2917 CB

SG map 1895 "Kamaggas R."

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Komaggasrivier".

Die rivier ontspring in die Komaggasberge en vloei deur die reservaat en aangrensende plaas Doornfontein om op Bonte Koe in die Buffelsrivier te vloei. Die reservaatnaam het op die rivier oorgegaan, wat dan die betekenis sal dra van

"Beesfontein- of Beeswaterrivier". Vergelyk die reservaat-naam KOMAGGAS/KAMAGGAS.

KAMMARIVIER (Vroeër bekend as Kamahuys)

RIVIER

K 2916 BD/2917 AA

Sensuskaart 1891 "Kamahuys R."

Nienaber & Raper (1977:619) wys in hulle verklaring daarop dat Kama- water kan wees, maar in samestellinge lê dit dan gewoonlik nie eerste nie. Daarom sien hulle die ter sake riviernaam eerder soos Nama // khama-, in Oud-Kaaps met wissel spellinge kam(m)a = hartebees (Nienaber 1963:298-9). Die tweede lid is soos Nama /ui-s = klip, berg (1963:340). Die skryfwyse -huys berus op volksetimologiese aanpassing. Letterlik beteken dit dus: "Hartebeesbergrivier", volgens die vroeëre en "Hartebeesrivier" volgens die hedendaagse naam. Die berg waarna die naam verwys, is vermoedelik Kamma se Berg met landmetersbaken nr. 92 waar die rivier gedeeltelik sy oorsprong het. Beide rivier en berg is dan vernoem na die // kama- = "Hartebeest" (Rust 1960:29) van die Alcelaphus-geslag (Odendal 1981:361), wat vroeër vermoedelik volop in die omgewing van die rivier was.

KAUAMSRIVIER

RIVIER

K 2817 AA

Opmeting s.j. "Kouamsrivier beteken Rosyntjieboom(rivier)."

Volgens Opmeting hierbo is die lid Kou-/Kau- dan soos #ôu-s = "der Feldrosinenbaum" (Kr & Rust 1969:334). Nienaber & Raper (1977:769) vertolk dit egter as kouboom, Pappea schumanniana (Smith 1966:309), maar met die baie bewysplase vir die teenwoordigheid van die rosyntjieboom in dié gebied, behoort dit voorkeur te geniet bo die kouboom. Die -ams is sonder twyfel soos Nama am-s = mond(ing) vir 'n

opening, hier bedoelende die rivier. Dus: "Rosyntjieboom-rivier".

KLEIN-KLOOFRIVIERRIVIER

K 2817 AA

Pleknaamlys "Klein-Kloofrivier".

Die betrokke riviernaam verskyn nie meer op moderne kaarte nie. Die naam dui egter op die kloof waardeur die rivier loop. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke rivier.

KOA VALLEYRIVIERK 2918 AA/2918 BA/
2919 AC

Mossop (1935:kaart agterin) "Koa Vallei, /gowa = Sand dune."

Mossop verklaar "Koa" as Nama /gowa = "die Düne" (Kr. & Rust 1969:119). Wie die gebied ken, sal toegee dat dit beslis is soos Nama !goa = leegte/laagte, dal (Kr. & Rust 1969:125). Die topografie bevestig dit onteenseglik en die toenaam "Valley" impliseer dit ook.

KODASRIVIERRIVIER

K 2816 BB

Topokadastrale reeks 1966 vel 2816 Alexander Bay "Kodas-rivier".

Vir verklaring van die naam vergelyk Kodaspiek onder die reservaat RICHTERSVELD wat neerkom op "Pypkliprivier". Op moderne kaarte, byvoorbeeld Topografiese kaart 1974 vel 2816 Alexander Bay, verskyn die Kodasrivier nou as Blou-bosrivier, dit wil sê die ou riviernaam is vervang.

KOESAPRIVIER

K 2817 AA

Pettman (1931:14) "The names Koesberg (O.F.S.) and the Kosi Pan (Great Namaqualand) both embody the Bushman word Koes, the Draai Jakkals (Vulpes chama)."

Die eerste lid is na die Khoekhoense koe-s, naam van die Vulpes chama (Smith 1966:303), wat ook bewaar is in die naam van 'n plant, die ko(e)snaaitjie, Crassula columnaris (ibid), 'n plant wat besonder goed met die omgewing versmelt en as skuilplek vir die (draai)-jakkals dien. Die lid -ap is soos Nama -!ā-b = rivier (Rust 1960:22). Dus "Jakkals-rivier", soos Nienaber & Raper (1977:742) dit dan ook verklaar.

KOOKRIVIERRIVIER

K 2817 AA/CA

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Kook-rivier".

De Wet SJ 1985 Superintendent Gesprek "Volgens plaaslike inligting het syferwater vroeër op plekke in die rivierbedding uitgeborrel wat die riviernaam tot gevolg gehad het."

Volgens informant De Wet het die uitborreling van syferwater in die rivierbedding die indruk geskep van water wat kook, van daar die riviernaam.

KOSIESRIVIERRIVIER

K 2817 DC/2917 BA

Opmeting s.j. "Kosiesrivier" op 2817 DC.

Vir verklaring van Kosies- vergelyk KOSIESBERGE onder bergname. "Pyp-(klip)-fonteinrivier" sal dus die letterlike vertaling wees.

KOUBANKRIVIERRIVIER

K 2817 DC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Koubank-rivier".

De Waal SA 1984 Skoolopsigter Gesprek "In die boloop van die rivier naby die opstal Koubank is 'n klipbank met 'n skeur of gat waarin water versamel vir gebruikdoeleindes. Dit word geweldig koud daar en volgens oorlewering het die naam met die koue te doen."

Volgens informant De Waal is die rivier vernoem na die "bank waar dit baie koud word". Die vraag ontstaan of die lid Kou- nie eerder is soos Oud-Kaaps !kou = gat (byvoorbeeld in die grond) (Nienaber 1963:271), verwysende na die gat in die klipbank wat water opvang. Letterlik dan: "Gatbankrivier". Ek is egter van mening dat die lid Kou- eerder te verstaan is as tnou (die t- stel die klapklank voor) wat plaaslik "klipplaat" (Boshoff 1921:384) beteken, sodat Kou- en -bank- ongeveer dieselfde sal beteken - 'n kwessie van toutologie. Dus: "Klipplaat(bank)rivier".

KOWIEPRIVIERRIVIER

K 2817 CD/DC/2917 BA

Sensuskaart 1891 "T.Cowiep".

Söhnge (1944:20) praat in sy beskrywing van die "Neint-Nababeeplato" aan die westekant van die Kowieprivier van die platliggende kalksteenformasie en die kalksteenplato, wat Nienaber & Raper (1980:568) se verklaring van Kowieprivier en die daarin geleë Kobisfontein as "Kalk(plek)rivier" en "Kalkfontein" respektiewelik, onderskryf. Die T. van T.Cowiep, soos die naam op Sensuskaart 1891 verskyn, stel die suigkonsonant voor. Die Co- by die riviernaam en Ko- by die fontein sal wees soos Nama !khō- = "Kalk" ook "Kalkgrund, Blaukalk ..." (Kr. & Rust 1969:245), terwyl die -wie-/-bi- die twee plekke lokatiewe, met die slot -p vir die rivier en die -s vir die fontein. Söhnge se vermelding

van die baie opvallende kalksteenformasies, tesame met die nabygeleë Kalkfontein soos aangetoon op SG map 1895, steun die bovermelde verklaring.

KRAAIRIVIERRIVIER

K 3017 BD

Kennis (1978:2981) "Voorloop van die Spoegrivier suidwes van Kamieskroon."

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die rivier was vroeër dig begroei met doringbome. Saans het die kraaie van die omgewing, selfs dié van die Onderveld, daar gaan slaap."

Skygbaar so vernoem vanweë die baie swart- en witborskraaie Corvus corone (Kritzinger 1963:294) en Corvus albus (1963:771) onderskeidelik, wat in die doringbome van die rivier hulle verblyf gehad het. Dit was opvallend hoedat hulle saans, selfs uit die Onderveld, hier saamgetrek het om te oornag. Die moontlikheid is egter nie heeltemal uitgesluit dat dit ook vernoem kan wees na die persoonsnaam Craey/Kraay nie. Vergelyk die plaasnaam KRAAIFONTEIN.

KRISTALRIVIERRIVIER

K 2817 DC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Kristalrivier".

Dis 'n tak van die Charliesfonteinrivier wat in die gebied van die Kristalberge ontspring en gevolglik Kristalrivier heet. Vergelyk KRISTALBERGE onder bergname.

KWAGANAPRIVIERRIVIER

K 2916 BD

Vir die betekenis van die naam vergelyk die plaasnaam KWA-KANAB. Vir wisseling van -k/-g- en die slot -b/-p vergelyk

Nienaber & Raper (1977:47 by 5E1 en 5A1). Vermoedelik dus "Skilpadvlakterivier". Die plaasnaam is op die rivier oorgedra.

LEPELFONTEINRIVIERRIVIER

K 3117 BB

Pleknaamlys "Lepelfonteinrivier".

'n Tak van die Brakrivier wat noordweswaarts deur Lepelfontein loop en na die plaas Lepelfontein vernoem is. Vir 'n verklaring van die naam vergelyk LEPEL FONTEIN onder plaasnaam.

MARARIVIERRIVIER

K 2917 CB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Noordoos van Marase Vlei was 'n fonteintjie in die rivier. Na reëns was die water drinkbaar, maar had (het) gou weer sout geword."

Dis 'n droë tak van die Buffelsrivier wat uit die suide oor die plaas en deur die gebied Mara loop. Op beide SG map 1895 en Sensuskaart 1891 was die rivier al benoem, sodat dit skyn asof die riviernaam op die plaas oorgedra kan wees eerder as andersom. Die naam het vermoedelik ontstaan as gevolg van die sout of bitter water van die destydse fonteintjie in die rivier na aanleiding van die Bybelse Mara.

MATJIESRIVIERRIVIER

K 2817 DD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Matjiesrivier".

Die betrokke rivier vloei aan die oostekant van Violsdrift

uit die suide in die Oranjerivier en is vernoem na die matjiesgoed, Cyperus textilis (Smith 1966:333), wat veral vroeër langs die rivier gegroei het. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke rivier.

MODDERFONTEINRIVIERRIVIER

K 2917 DA

CCRS 1907-14 Port Nolloth & O'okiep Sheet "Modderfontein River".

Die rivier ontspring op die plaas Melkbosch Kuil alias Koperberg om dan oor die plaas Modderfontein op graadvierkant 2917 DB te vloei en later oor te gaan in die Ezelsrivier, wat 'n tak van die Buffelsrivier is. Dit het vroeër deurgaans bekend gestaan as die Modderfonteinrivier na aanleiding van die plaas Modderfontein waaroor dit vir die grootste gedeelte vloei. Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam MODDER FONTEIN op 2917 DB.

NABABIEPSRIVIERRIVIER

K 2817 DC

SG map 1895 "t Nein t.Nabaabeep's River".

Vir 'n verklaring van die naam vergelyk NABABIEPSBERGE onder bergname, waarvolgens dit dan sal neerkom op "Renosterri- vier". Op jonger kaarte skyn hierdie Nababiepsrivier vervang te wees met Charliesfonteinrivier.

NAMIESPOORTRIVIER

K 2919 AA

SG map 1895 "Namies Poort".

'n Poort waardeur 'n tak van T'goob se Laagte loop. Vir die verklaring van die komponent Namies- vergelyk NAMIESBERGE.

NOM(S) RIVIERRIVIER

K 2817 AA

Opmeting 1966 (Nomsrivier. Betekenis: gannabos, voorafgegaan deur 'n tongklap."

Volgens Nienaber & Raper (1977:900) is die wisseluitspraak Hom(s)rivier. Volgens Opmeting beteken Nom(s)- hier ganna, verwysende vermoedelik na die Salsola sp. (Smith 1966:218-9). Plaaslik bestaan die benaming Ntgomsganna [n!omsxana] vir 'n soort kandelaar met dik, skurwe lote en pennetjies daarop, waarvan die saad krimp siek veroorsaak. Of die rivier naam spesifiek hierna verwys, kan nie meer met sekerheid vasgestel word nie. Die naam skyn egter neer te kom op "(Noms-)Gannarivier".

NOURIVIERRIVIER

K 3018 AA/AB

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Daar is dan ook Nourivier waar die rivier deur 'n nou kloof vloei."

Die informant se gegewens bevestig die plaaslike siening dat die naam ontstaan het vanweë die nou kloof waardeur die rivier vloei. Nienaber & Raper (1980:652-3) is egter van gedagte dat dit op grond van die vele wilgerbenaminge in die betrokke omgewing miskien gesien moet word as Nama ≠hûi- = "der Weidenbaum (des Oranje)" (Kr. & Rust 1969:205), by name die Salix babilonica (Smith 1966:330), wat vir die hoorder kan klink soos (≠) nui-, sodat Nou-rivier net 'n volksetimologiese verafrikaansing is van die ou inlandse naam wat beteken "Wilge(houts)rivier". Daar is egter 'n ander moontlikheid wat nie uit die oog verloor moet word nie. Op die DMN-kaart 1916 verskyn die inlandse naam 'Naurap vir die hele gebied net noord van die Nourivier, terwyl dit op die SG map 1895 Norap heet. Kr. & Rust (1969:300) verklaar Nama !nou-b (!nau-b) as "der rote Ocker", bedoelende rooi kleigrond met ysteroksied. In die betrokke

gebied lê dan ook "Roode Fontein or Naurap" (op moderne kaarte heet dit Rooifontein), 'n Kleurlingaanleg. Die vraag ontstaan dan of Naurap, Nourivier en Rooifontein se eerste komponente nie dalk gesien moet word as 'n toponimiese kern-groep met die rooi bodem as gemeenskaplike benoemingsfaktor nie, sodat Nourivier dan as "Rooirivier" vertaal moet word.

Topografies en taalkundig is beide aanvaarbare verklarings, maar net so geldig is ook "Nou poort" waardeur die rivier op plekke vloei veral as ook nog in gedagte gehou word dat die rivier al op SG map 1895 as Naauw Rivier bekend was. Die sytakke van die betrokke rivier heet Groot- en Klein-Nourivier.

ORANJE- of GROOTRIVIER (Vroeër bekend as Kygariep)

RIVIER K 2816 CB (by uitmonding)

Ridsdale (1883:43) "... Ky Gariep, the native name for the Orange River".

Ibid, 53 "... the rugged walls of the Ky Gariep, i.e. the Great River, as the natives call it ..."

Volgens Ridsdale was Kygariep die algemene inlandse naam. Die lid Ky- is soos Nama gei (kai) = "gross" (Rust 1960:28), en -gariep, met uitspraak !Garib (Hahn 1901:148), in die betekenis van "rivier" (Nienaber & Raper 1977:381 e.v.). Uit die vroegste bronneverwysings blyk dit dat die rivier vanweë sy omvang sedert die vroegste tye 'n diep indruk gemaak het op diegene wat dit die eerste keer aanskou het. So skryf generaal Janssens "... geene groote rivieren in Africa gewoon zijnde, deed ons een groot plaisier thans een stroom te zien, welke al de vereyschtens van een mooyen sterk vloeyend water heeft, de oevers zijn meestal hoog verheeven" (Molsbergen 1932:190). Jacobus Coetzé, die eerste blanke om die Oranje in 1760 oor te steek, beskryf dit so: "... de groote Rivier, die bij haar Relatanten weeten be-

voorens door geen Europese Natie gepasseerd weesende, doorgaans ten minsten drie à vier hondert voeten breed, en meestendeels ook seer diep is". ("Relaas gegee ter requintie van den Wel Edelen gestr. heere Rijk Tulbach, ens. (...) door den burger Jacobus Coetzé Jansz" (Mossop 1935: 227-278). Die benaming Grootrivier was gevolglik onder alle lae van die blankes in gebruik. Of dié benaming 'n letterlike vertaling van die inlandse Kygariep is, en of dit naas laasgenoemde as die blankes se gelyklopende benaming bestaan het, bly 'n ope vraag, soos deur Nienaber & Raper (1977:813) gestel. Die naam Oranje weer is aan die rivier gegee deur kaptein Robert Jacob Gordon, wat op 1 Junie 1777 by die VOC diens aanvaar en later bevel oor die garnisoen aan die Kaap oorgeneem het. Tevore was hy 'n offisier in die Skotse regiment (Theal 1888:228-9). Op 17 Augustus 1779 kon hy vasstel dat die rivier wat hy in 1777 die Oranje genoem het, wel dié een is wat deur die Namakwas se land vloei. By dié geleentheid het hy die Nederlandse vorstehuis vereer deur die rivier die Oranje-rivier te noem, van welke tyd af die naam in amptelike stukke begin verskyn het (Forbes 1965:90).

UDANNISIEPRIVIERRIVIER

K 2817 AD

Sensuskaart 1891 en SG map 1895 "Audanoep River".
Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Oudannisieprivier".

Volgens Nienaber & Raper (1977:977) skyn daar twee moontlike verklarings vir die betrokke riviernaam te wees. Die lid Ou-, ook au-, soos Nama au = bitter (Rust 1960:11), met -danni- soos Nama dani- = heuning (Rust 32) en -siep as plekbenoemende formans. Dus: die "Plek van bitter heuning". Andersins kan die Ou- wees soos Nama \neq ôus = "der Feldrosinenbaum" (Kr. & Rust 1969:334), met -danni- soos Nama -dana- = "Kopf" (Nienaber 1963:352). As geheel dan: "Ro-

syntjieboskop" vanweë die (wilde) rosyntjiebosse, Rhus viminalis (Smith 1966:403), wat daar groei. Die rivier (-p van die ml. ekv.) ontspring in die Rosyntjieberg met Oemsberg aan die westekant, wat self ook "Rosyntjiebosberg" beteken. Die kopnaam het dan op die rivier oorgegaan. In die lig van die botaniese en geografiese gesteldhede dra die tweede verklaring baie meer gewig as "Bitterheuningplek", wat taalkundig wel verantwoordbaar is, maar waarvoor geen verdere steun gevind kon word nie.

PAPKUILSRIVIERRIVIER

K 3018 AB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Papkuilsrivier".

Studer JP 1985 Afgetrede onderwyser Brief "Die Papkuilsrivier was destyds (en is vandag nog op sekere plekke) met papkuil (palmiet) begroei."

Vernoem na die baie papkuil, Typha sp. (Smith 1966:361), wat veral vroeër langs dié rivier gegroei het. Tans kom dit nog net op sekere plekke voor.

RIEMBREEKRIVIERRIVIER

K 3018 AB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Riembreekrivier".

Die rivier is vernoem na die plaas Riembreek waaroor dit loop. Vir die betekenis vergelyk genoemde plaasnaam.

SANDRIVIERRIVIER

K 3018 AC

SG map 1895 "Sand R."

Op moderne kaarte heet die rivier tans Kysrivier, wat in 'n suidelike rigting by Garies verbyvloei. Die lid Kys- is soos Nama // kai- [// khae-] = "Flussand, Treibsand" (Rust 1960:51). Kysrivier is dan die inlandse naam vir Sandrivier. Die naam dui op die sanderige rivier in teenstelling met die bergagtige gebied waardeur dit vloei. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke rivier.

SEWEJAARSRIVIERRIVIER

K 3117 BB

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Vernoem na die baie sewejaartjies wat in die omgewing gegroei het."

Dis 'n droë loop of laagte uit die rigting van Sewejaarskop waar vroeër geweldig baie pers sewejaartjies, Helichrysum en Helipterum sp. (Smith 1966:415), gegroei het.

SKAAPRIVIER (Vroeër bekend as Gutsiob en ook Kabab)RIVIER

K 2917 BC

Sensuskaart 1891 "Kabab or Schaap River".

Schultze 1907:168 "Gutsi-// ob, das Schaap-Rivier südlich von Anenous, 'wo die Schafe (gun) starben (// o)'."

Opmeting 1973 "T'Nabab, distrik Springbok, 24 km WNW. Ou naam vir 'n rivier, kom uit Khoen. Aksent op T'na en op -bab. Die rivier wat onder die blanke gemeenskap bekend staan as die Skaaprivier, kronkel deur die berggebied en hierdie kronkels het die ou Khoens aan 'n sambok laat dink. T'nabab beteken sambok."

'n Ontleding van Schultze se Gutsi-// ob kom neer op die volgende: Gū- = skaap (Rust 1960:52), terwyl gūn die gemeenskaplike meervoud is (Nienaber & Raper 1977:489); tsi is die partikel (Kr. & Rust 1969:383); // ō = "sterben" (Rust 1960:59, met -b wat lokatieweer. Letterlik dan die "Rivier waar

skape gevrek het", in Afrikaans verkort tot Skaaprivier. Die naam Kabab is 'n ouer benaming uit Khoekhoens. Met wisseling van k- en n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D5) is Nabab 'n jonger wisseluitspraak van Kabab en is te begryp as !nawab = "der Sambok" (Kr. & Rust 1969:283), vervaardig uit die vel van die renoster in Nama !nawas. Volgens Nienaber & Raper (1977:825) was laasgenoemde, in Oud-Kaaps, die swartrenoster waarvan die naam reeds in 1655 as gabah geskryf is (Nienaber 1963:428) en in Kora in 1801 as t'kabaas, waaruit blyk dat Kabab die oudste gedokumenteerde vorm is. Die kronkels van die rivier het die ou Khoens dus aan 'n sambok laat dink.

SPOEGRIVIER (Vroeër moontlik bekend as Kanoep)

RIVIER

K 3017 AD

Laidler (1927:149) "The Spoeg Rivier of Namaqualand is not Spook, or Ghost, both of which terms occur on English maps, but Spoeg or Spit, a direct translation of the Nama word meaning to spit. At its source the river 'spits' over a little waterfall."

Du Plessis (1973:316) "Drywers sou moontlik in hulle hande gespoeg het voordat hulle die sweep opgetel het om die wa deur die rivier te drywe."

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Daar's verskillende plekke in die Spoegrivier-reservaat waar die water oor die klippe of rotse val, maar daar is veral een sekere plek wat hulle die Spoegkranse noem, wat miskien aanleiding kon gegee het tot die naam Spoegrivier."

Plaaslik word algemeen aanvaar dat die riviernaam ontstaan het na aanleiding van die water wat oor die klippe of watervalletjies "spoeg", soos deur Laidler en Wiese verduidelik word. Vir Du Plessis se verklaring kon plaaslik geen steun gevind word nie. Dit skyn 'n blote suggestie te wees. Ek is van mening dat die naam as volg verklaar moet

word. By die plaasnaam Kanoep, vergelyk KANOEP or NIEUWE-PLAATS onder plaasname, word die mening uitgespreek dat Kanoep moontlik die ou inlandse naam van Spoegrivier bewaar in dié sin dat dit ooreenstem met Nama !hanu-b = "der Geifer (von kranken Vieh)" (Kr. & Rust 1969:168). Vir die wisseling van k- en h- vergelyk Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3. Die -p/-b lokatiewe vir die rivier. Dus: "Die rivier (-p) waar die vee kwylsiekte (!hanu) gekry het". Die kwyl word uitgespog. Dié vermoede word verder versterk deur informant Coetzee se Hannoek onder die plaasnaam SOMNAAS, wat klaarblyklik na dieselfde siekte verwys. Laidler maak melding daarvan dat die naam op Engelse kaarte verkeerdelik as "Spook or Ghost" aangegee word. Dat "spog" met "spook" verwar kan word, is te begrype, maar 'n mens wonder net soms of daarin nie iets meer steek nie. "Spook" is in Nama /Hei-/nub (Rust 1960:58). Was dit nie maar tog die inlandse naam !hanu-b waarvan die serebrale klapklank verkeerdelik as dentale klapklank deur die Engelse oor aangehoor en gevolglik as "Spook or Gost" vertaal is nie? Indien wel, dan versterk dit die vermoede dat Kanoep die inlandse riviernaam was.

SPRINGBOKKLOOFRIVIER

K 2817 AD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Springbokkloof".

Die rivier, wat meer op 'n kloof dui, loop ooswaarts deur Springbokvlakte in die noorde van die Richtersveld. Die riviernaam, nes dié van die vlakte, het vermoedelik ontstaan vanweë die baie springbokke, Antidorcas marsupialis (Oden- dal 1981:1052), wat veral vroeër hier aangetref is. Vergelyk Springbokvlakte onder die reservaat RICHTERSVELD.

STEYERKRAALRIVIERRIVIER

K 2917 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Steyerkraal-

rivier".

Vernoem na die baie steiers wat vroeër dikwels langs matjies-huise opgerig is. Vir die betekenis van steiers, vergelyk die plaasnaam STYGER KRAAL. Die lid -kraal verwys na die aanleg waarvan die naam op die rivier oorgedra is.

STINKFONTEINRIVIER (Vroeër bekend as Osip)

RIVIER

K 2817 CB

Sensuskaart 1891 "Tcs. Osip River (or Oureroop River)".

Die rivier het meer as een naam gehad, soos Obees en Ogas (vergelyk Eksteenfontein onder RICHTERSVELD-RESERVAAT) en die Oureroop van die sensuskaart, telkens met die bestanddeel /ō = stink (Rust 1960:27). Die naam Osip geld vir die hele Stinkfonteinrivier, soos Nienaber & Raper (1980:681) dit tereg stel. Die Tcs. stel die suigklap voor; die -si- is 'n plekbenoemer met die -p van die ml. ekv. as lokatiewe indeks van 'n riviernaam. Volgens oorlewering het die naam ontstaan vanweë die stank van die onbinde lyke van 'n klompie van die Bondelswarts wat by die fontein vermoor is. Laidler (1927:148) verklaar dit egter as afkomstig van die fontein self, dit wil sê van die water en modder, vermoedelik vanweë swaweldampe.

STRYDRIVIER (Vroeër bekend as Hauhoobis)

RIVIER

K 2917 AD

Laidler (1927:150) "C/hau hoobis. Blood River. Near Rietkloof. Here the Bush and Nama peoples had a big fight about 140 years ago. There are innumerable graves in the vicinity."

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Die blanke rivierbewoners het baie tuinry gehad en melkbosse getap. Afguns en voort-

durende stryery was aan die orde van die dag veral vanweë die gemeenskaplike besitreg van die melkbosse, sodat die rivier later dié gepaste naam gekry het."

Cornelissen AK 1980 Geoloog Vraelys "As jong seun in Nama-kwaland het my pa vertel dat die Hottentots onderling rusie gehad het en Stryrivier is die verafrikaansde Nama-woord. Wat dit in Nama was, weet ek nie meer nie."

Nienaber & Raper (1977:536) wys daarop dat indien Laidler se Bloedrivier na die Strydrivier verwys, Hauhoobis dan die ou naam van laasgenoemde rivier is in welke geval !Hau-hoo(-bis is plekduidende formans) ongetwyfeld dieselfde woord is as Nama !gau-gu- = "hartes, zähes Ringen, bitterer Kampf ... Totenkampf" (Kr. & Rust 1969:129, daar nog Ryns gespel as !gou-gub). Letterlik sal dit dan beteken "Die rivier waar daar 'n harde, bittere doodstryd was", dit wil sê waar daar bloedig geveg is. Alhoewel Cornelissen nie meer die Namawoord kan onthou nie, meld hy tog van die onderlinge stryd tussen die Hottentotte wat aanleiding gegee het tot die riviernaam. Wat Nelson se verklaring betref, kan vermeld word dat daar wel op CCRS (1907-14) Port Nolloth en O'okiep Sheet, 'n "Boer Settlement" op die plaas Harras in die boog wat die rivier daar maak, aangegee word. Volgens aanduiding op die kaart het dié nedersetting die naam Strydrivier gedra, wat Nelson toeskryf aan die stryd wat onder die blankes geheers het. Die vermoede is egter dat die riviernaam reeds in die voor-blanke tydperk sy beslag gekry het. In die lig hiervan skyn Laidler se verklaring die mees aanneemlike te wees. Dis egter 'n ope vraag of hy wél na die Strydrivier verwys. Vergelyk in dié verband die Augabiesrivier onder die plaasnaam TWEE FONTEIN.

SWART-DORINGRIVIER

RIVIER

K 3017 DD/3018 CA

Mossop (1947:143) "The contrast between the green foliage of the thorn trees (Acacia Karro) on the Groen Rivier and the

blackened thorn on the Little or Black Thorn River is a very marked one."

Kennis (1978:3034) "Suid van Kamieskroon; vloei in die Groenrivier."

Die Swart-Doringrivier vloei uit die suidooste om in die omgewing van Tweeriviere met die Dikdoringrivier te verenig, vanwaar dit dan seewaarts bekend staan as die Groenrivier. Die kleurnaam van die rivier is klaarblyklik vanweë die baie doringbome, Acacia Karroo (Smith 1966:201), wat op die oewers groei en wat gedurende 'n sekere tyd van die jaar besonder donker vertoon wanneer hulle blaarloos staan. Die spellingsvorm, Swart-Doringrivier, impliseer dan ook 'n "Doringrivier wat swart vertoon".

SWARTLINTJIESRIVIER

RIVIER

K 3017 AB/AD

Gordon (1779:24) "... het riviertjie dat by Camaggas (...) begint hiete ik Mimosa rivier (...) Het andere water en kookfontein (...) hiet Noegare of Swarte riem rivier en loopt in zee: z.w. van Cammagas." Ibid. kaart "Noegareë of Leentjes Rivier".

Nienaber & Raper (1977:891) "Die Noe- is sonder twyfel 'swart', Nama ꞑnū; die -gare(é) is, sê Gordon, 'riem', wel dieselfde stam soos Nama // hari = '(ein Fell) in die Runde zu Riemen schneiden' (Kr. & Rust 1969:162). Dus so ongeveer die 'Riviertjie waar rieme uit 'n swart vel gesny is'. Die verhaaltjie waarop die benaming gebaseer is, het o.w. verlore geraak, maar nie die naam nie. Die naam leef voort in sy vertaalde vorm."

Cornelissen HA 1978 Boer Vraelys "Die rivier Swartlyntjies loop in die suidekant van Kookfontein. Dieselfde Boesmanbende wat die witman op Soebatsfontein vermoor het, het toe besluit om die Agenbags en ander witmense van Kookfontein ook te vermoor. Die Boesmantjie wat die hoof van die Boesmans se osse opgepas het, het vroeër by

blankes gebly, maar later weer na die Boesmans gedros. Hy het op die spesifieke dag te laat met die osse op Soebatsfontein aangekom. Ou Swartlyntjies, die leier van die Boesmans, het die Boesmantjie toe vreeslik geslaan. Hy hardloop toe weg na Kookfontein en vertel die Agenbags dat Swartlyntjies met sy mense aan kom was om almal op Kookfontein te vermoor. Gert Andries Agenbag wat vrede-regter en veldkornet was en die Van den Heevers wat ook destyds op Kookfontein gebly het, het die vrouens en kinders onder 'n krans by 'n waterval gaan wegsteek waarna die mans toe die Boesmans gaan voorlê het in die rivier tussen Kookfontein en Soebatsfontein. Toe die Boesmans in die skemer deur die driffie kom, ry Swartlyntjies heel voor op 'n os. Die Boesmantjie wys toe vir die blankes wie Swartlyntjies is, waarna hulle losbrand en laasgenoemde tesame met etlike ander Boesmans doodskiet. Die res het gevlug. Van toe af is die rivier Swartlyntjies genoem." Kotze MJ 1978 Huisvrou Gesprek "Aan my is vertel dat daar vroeër langs die riviertjie 'n stam gewoon het wat 'n swart beesvelriempie om die arm, been of nek gedra het."

Onder die plaaslike inwoners leef heelwat oorleweringe waarvan dié van Kotze en Cornelissen hierbo die mees algemene is. In die lig van Gordon se opgaaf dat die ou naam van Swartlintjies "Noegare(e) of Swarte riem rivier" is, kon ek geen verband vind tussen Noegare(e) en Cornelissen se oorlewering nie. Bowendien was die rivier reeds in 1779 benoem, terwyl die gebeure waaraan Soebatsfontein sy naam ontleen het, eers in 1798 plaasgevind het. Vergelyk die plaasnaam SOUBATTERS FONTEIN EN DE KLIPSCHEUR. Kotzé se oorlewering daarenteen is versoenbaar met sowel Noegare(e) as my eie verklaring hieronder. Ek ken die Swartlintjies-rivier soos my hand - van sy oorsprong tot waar dit uitmond in die see. Ek het 18 jaar lank feitlik op sy oewer gewoon en wil na jarelange navorsing my aan twee verklarings waag, een volgens oorlewering, die ander gegrond op die topografie.

Volgens oorlewering, soos ek reeds baie jare gelede al uit die mond van ouer mense verneem het, het langs hierdie riviërtjie, en wel in die omgewing van die plaas Oubees, noordwes van Soebatsfontein, 'n Nama-stammetjie gehou wat as kenteken 'n swart beesvelriempie (wat natuurlik uit swart beesvel gesny is) om die arm, been of selfs die nek gedra het. Die benaming is toe op die riviërtjie oorgedra, van daar "Swarte riem rivier", soos deur Gordon gestel.

Vir my moet die verklaring egter eerder op topografiese gronde gesoek word. Die rivier ontspring by Vaalhoek in die omgewing van Grootvleipas waarvandaan dit halfsirkelvormig eers noordwaarts tot by die plaas Kookfontein en daarvandaan weswaarts tot by die plaas Oubees buig voor dit suidweswaarts see toe vloei. Dit is die eerste opvallende eienskap, naamlik dat dit in die vorm van 'n halwe sirkel vloei. Tweedens speel die plantegroei 'n rol. Die rivier was vroeër beslis dig begroei met mimosas of doringbome, asook met inkbosse, Suaeda sp. (Smith 1966:255), en ganna, Salsola sp. (1966:218). Die mimosas is deur die jare uitgeroei sodat vandag net enkeles te vinde is, terwyl inkbosse en ganna nog redelik volop voorkom. Aangesien die Swartlintjies 'n droë rivier is wat net met goeie reënjare loop, sou die mimosas vir lang tye kaal gewees en gevolglik donker van kleur vertoon het. Saam met die inkbosse en ganna sou dit as 'n baie opvallende donker streep in die vaal landskap vertoon het, en omdat die rivier soos reeds aangedui halfsirkelvormig vloei, sou dit aan 'n swart riem herinner het wat in die rondte uit 'n vel gesny is. So ongeveer: die "Riviërtjie wat soos 'n swart riem in die rondte uit 'n vel gesny is". Die name Noegare(e) en Swartlintjies skyn dan taalkundig en histories/topografies versoenbaar te wees sodat met 'n groot mate van sekerheid beweer kan word dat die Afrikaanse naam van vandag die Khoekhoense naam van Noegare(e) vertaal.

TATASBERGRIVIERRIVIER

K 2817 AC

Opmeting 1966 "Tatasbergrivier. Besonderhede oor ligging en betekenis - dieselfde as by Tatasberg."

Die bergnaam Tatasberg het op die rivier oorgegaan. Dus ongeveer: "Vader(tjie)bergrivier". Vergelyk TATASBERG onder berge.

URANOEPRIVIERRIVIER

K 2817DD/2917 BB

Sensuskaart 1891 "Oorienoop".

SG map 1895 "Urong'Noop".

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Oernoep-rivier".

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "Oral in die gebied waardeur die rivier vloei, slaan wit klippe uit, maar dis veral nader aan die monding waar die wit meer opsigtelik is. Verder is dit 'n soort van ysterklip waardeur die rivier loop. Ek dink die naam het seker met die klipformasie te make."

Volgens die informant kan die eerste lid verbind word met Nama !uri = "weiss" (Rust 1960:73) of /uri = "eisen" (1960:17). Aangesien P. van Heerde, een van die informante van Nienaber & Raper (1977:1089) reeds in 1965 die riviernaam as "Witklipwater" vertaal het, kan voorkeur gegee word aan die kleurnaam wat verder versterk word deur Nienaber & Raper se byhaal van die "Witlooprivier" (1980:671). Die tweede komponent kan gesien word as Nama /ui-b = "der Stein, der Fels, der Berg" (Kr. & Rust 1969:369). Dus: "Witklip(rivier)". Indien ≠nau-b = krans (1969:35), dan "Witkrans(rivier)".

VANZYLSRIVIERRIVIER

K 2817 CB

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Vanzylsrivier".

Die rivier is noordwes van Vioolsdrif geleë waar ook op ouer kaarte 'n veepos met die naam Vanzylsrus verskyn. Die rivier is klaarblyklik na ene Van Zyl vernoem wat destyds 'n veepos langs dié rivier gehad het.

WILGEHOUTRIVIERRIVIER

K 3018 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Wilgehoutrivier".

Noord van Leliefontein naby die Nourivier kry ons die Wilge(r)houtrivier en meer suidwaarts die Wilge(r)houtsrivier, naamlik met 'n verbindings-s. Beide riviere is vernoem na die wilgerboom, Salix sp. (Smit 1966:511), 'n baie belangrike boomsoort waaruit stampblokke, houtemmers, ensovoorts, gemaak is. Vergelyk ook NOURIVIER as moontlike volksetimologiese verafrikaansing van die ou inlandse naam wat "Wilgehoutrivier" beteken.

WINDLEEGTERIVIERRIVIER

K 3117 BB

Pleknaamlys "Windleegterivier".

Die Windleegterivier loop ten suide van Groenrivier in die Brakrivier en dra vermoedelik dié naam omdat die suidewind knaend in die leegte langs waai. Die verklaring berus op eie kennis van die gebied.

WOLWEPOORTRIVIERRIVIER

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Wolwepoortrivier".

Die grootste gedeelte van die rivier loop oor die plaas Wolwepoort waarna dit dan ook gevolglik vernoem is. Vir verklaring van die naam vergelyk die plaasnaam WOLWEPOORT.

4.5.3 PANNE EN VLEIE

BASSONSPUTSPAN

K 2918 DD

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Bassonsputs".

Op genoemde kaart word die pan eintlik as 'n gebied aangedui. Die plaasnaam, naamlik Bassons Puts, het op die pan, wat op die plaas geleë is, oorgegaan. Vergelyk aldaar vir die betekenis van die naam.

BITTERFONTEINPANPAN

K 3018 DB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Bitterfonteinpan".

'n Lang, uitgestrekte pan van die plaas Bitter Fontein suidwaarts oor 'n gedeelte van Ganna Laagte en oor Preek Stoel Kop heen om later aaneen te skakel met Oubeespan. Klaarblyklik is dit 'n direkte Afrikaanse vertaling van Obees/Oubees. Vergelyk laasgenoemde onder plaasname. Die ou inlandse benaming het dus by die suidelike gedeelte van die pan behoue gebly in die plaasnaam Obees, terwyl die noordelike gedeelte met die vertaling Bitterfontein benoem is.

BITTERPUTSSOUTPANPAN

K 2919 CC

Kennis (1978:2933) "Groot pan suidwes van Pofadder."

'n Groot soutpan geleë op die plase Bitter Puts, op die rand waarvan die putse met baie sout of bitter water gegrawe is. Die pan is dus na die plase vernoem. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke pan en gebied.

BLOUPANPAN

K 2917 CA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "'n Pan in die noordooste van Dreyerspan. Die grond in die pan is besaai met kristalklippies wat lyk of hulle netjies geslyp is, asook mika en sout. Dis voorwaar 'n snaakse mingsel (mengsel) van gruis- en spoelklippies, kristalle en sout. Dit gee die grond 'n blouagtige kleur."

Die pan dra dus dié naam vanweë die blouagtige kleur van die grond soos deur die informant verduidelik.

BOSLUISSOUTPANPAN

K 2918 DD

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Bosluis se Pan".

Gedeeltelik geleë op die plaas Bosluis waarna dit dan ook vernoem is. Vergelyk die plaasnaam BOSLUIS vir verklaring van die naam.

BRANDSEVLEIVLEI

K 2918 DD

Pleknaamlys "Brandsevlei".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "By dié vlei het vroeër

ene Jan Brand met sy vee gestaan."

Volgens die informant is die betrokke vlei dan vernoem na die persoonsnaam Brand.

DEELSVLEI

VLEI

K 3018 BA

Pleknaamlys "Deelsvlei".

Burden AP 1985 Boer Gesprek "Volgens plaaslike inligting was daar vroeër 'n meningsverskil tussen oom Koos Rossouw en oom Bertus Roux oor die besitreg van die betrokke vlei wat glo selfs op 'n hofsaak uitgeloop het, waarna die vlei toe tussen die twee verdeel is deur middel van 'n draadheining wat deur die vlei gespan is."

Volgens die informant het die vleinaam dan ontstaan na aanleiding van die verdeling van die vlei tussen die twee aanspraakmakers.

DIE GROOTVLEI

VLEI

K 3018 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Grootvlei".

Burden AP 1985 Boer Gesprek "Dis die grootste vlei in die omgewing."

Op moderne kaarte word die lidwoord voor die vleinaam nie meer gebruik nie. Die naam dui daarop dat die vlei die grootste in die onmiddellike omgewing is, aldus informant Burden.

DIKBEKVLEI

VLEI

K 2918 DA

Divisional map of Namaqualand 1916 "Dikbek Vlei".

Dis die vlei waarna die plaas Dikbek, vernoem is. Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam DIKBEK.

ESELSVLEIPAN

K 2918 DD

Pleknaamlys "Eselsvlei".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Volgens vermoede het esels vroeër by dié vlei gesuip. Of dit mak of wilde-esels was, kan nie gesê word nie."

Die vlei is dan vermoedelik vernoem na die esels wat vroeër daar gesuip het. Volgens sommiges was dit trekesels van die boere, terwyl andere van mening is dat dit na wilde-esels, Equus Quagga (Van Dale 1956:768), verwys. Alhoewel dit op die plaasnaamlys as pan geklassifiseer word, is dit in der waarheid 'n vlei waarvan die water drinkbaar is.

GEELPANPAN

K 2917 CA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n natuurlike pan waarvan die klei geel vertoon en wat vroeër gebruik is as vliegveld vir Kleinsee. Daarop is destyds ook gholf gespeel. Voordat 'n vliegtuig kon land, had (het) ons bosse brandgesteek sodat hulle volgens die rook die rigting van die wind kon bepaal. Die pad had deur die pan geloop."

Die pan is dus vernoem na die geelagtige kleigrond, dit wil sê na die bodemkleur.

GERT JOSSOB SE VLEIVLEI

K 3018 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Gert Josop se Vlei".

Louw NJ 1985 Boer Gesprek "Dit was 'n Baster wat vroeër met

vee by dié vlei gestaan het."

Die vlei heet na 'n Baster, Gert Jossob, wat destyds hier met vee gestaan het. Daar bestaan meningsverskil oor die spelling van die naam.

GOUBEESPANPAN

K 2918 AD

Opmeting 1965 "Goubees word met 'n harde G-klank uitgespreek deur die inwoners. (In 'n ander handskrif:) !Gaubeespan = pan van die wildehonde, of waar die wildehonde gebly het."

Alhoewel Goubeespan dieselfde woord is as wat ons in Goubees (vergelyk die plaasnaam GOUBEES) kry, wyk die verklaring volgens Opmeting hierbo daarvan af. Hiervolgens is dit soos Nama !gou-b (!gau-) = "Wilde Hund" (Rust 1960:32), wat volgens Nienaber & Raper (1977:456-7) klankmatig aanvaarbaar is. Die uitgang "-bees" is lokatiewe suffiks. Dus: "Wil-dehondsplek/-pan".

GOUBIESVLEIVLEI

K 2918 CB

Divisional map of Namaqualand 1916 "Gobies Vley".

Dit is die vlei wat oorspronklik benoem is en waarvan die naam oorgegaan het as deel van die plaasnaam. Op moderne kaarte verskyn dit as Goebeesvlei. Vergelyk Goebeesvlei onder die plaasnaam KANGNAS and GOOBIES.

HAASVLEIVLEI

K 2918 DD

Pleknaamlys "Haasvlei".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "By die vlei is groot klip-gate wat water opvang as dit reën. Miskien het daar

vroeër baie hase in dié gate gehou."

Die vlei is dan vermoedelik vernoem na die baie hase, Lepus fam. (Odendal 1981:341), wat vroeër in die omgewing daarvan gevind en miskien in die gate by die vlei gebly het.

HARTBEESKEERPAN

PAN

K 2918 BD

Pleknaamlys "Hartbeeskeerpan".

Van den Heever J 1985 Munisipalewerker Gesprek "Die betrokke pannetjie lê op die plaas Hartebeest Vlei waarna dit vernoem is. 'n Deel van die plaas noem ons Skeur, seker maar vanweë die klipgate of skeure wat daar is en waar daar ook vroeër vir water gegrawe is."

Volgens die informant is die pan na die plaas Hartebeest Vlei vernoem. Die lid "-keer-" is vermoedelik foutief aangesien daar op Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder die gebiedsnaam Skeur verskyn vir die laerliggende gedeelte wat in die vorm van 'n boog oor die plaas loop en waarin die klipgate of skeure waarna die informant verwys, dan vermoedelik geleë is. Die korrekte vorm sal dan Hartbeesskeerpan wees.

HOENDERNESVLEI

VLEI

K 2918 DA

Divisional map of Namaqualand 1916 "Hoendernes".

Esterhuizen DJ 1982 Boer Gesprek "Die vlei is blykbaar so vernoem omdat die hoenders daar gaan nesmaak het."

Die vlei is geleë op die plaas Kareedoorn Pan waar dit reeds voor verdeling van die gronde die naam Hoendernes gedra het, en wel omdat, volgens die informant, die hoenders lief was om daar nes te maak. Ek is egter van mening dat die vlei, vroeër dig begroei met kareedoringbosse, in 'n

andersins kaler wêrelddeel, aan 'n hoendernes laat dink het. Die eerste komponent kan miskien selfs na die hoenderspoorkaree, Rhus lancea (Smith 1966:279), verwys.

JAM PAN (Vroeër bekend as Ngaghnais)

PAN

K 2816 DA

Opmeting 1950 Vraelys en begeleidende brief van die hoofbestuurder, C.A. de Wet, van die Alluviale Staatsdelwerye, aan die Pleknamekomitee: "Voor die ontdekking van die Alexanderbaaise diamante, toe daar in hierdie geweste weinig of bykans geen blankes was nie, was die teenwoordige 'Jam Pan' onder die Namavolk bekend as 'Ngaghnais' wat, sover vasgestel kan word, beteken 'Plek waar ganse bymekaarkom'. Om die woord uit te spreek is uiters moeilik, maar die fonetiese spelling sou min of meer wees 'Nagaais'. Die 'na' moet met die tong teen die verhemelte uitgespreek word. Dit word vermoed dat Jam Pan jare der jare gelede 'n fluitjiesrietvlei was, waar daar baie ganse gekom het. In 1928 word diamante in Alexanderbaai ontdek. Die geskiedenis het homself weer herhaal en blankes uit alle oorde het op die plek toegesak. Die ontdekker van die diamante, dr. Hans Merensky, het 'n groot mynkamp hier gehad en al sy lewensmiddele, toerusting en dies meer moes met lorries van Port Nolloth na Alexanderbaai vervoer word. Daar was geen pad nie, net sandduine. Na 'n vermoeiende reis van bly sit in die sand, stoot en weer bly sit, het die drywers ongeveer 47 myl vanaf Port Nolloth en 5 myl vanaf die eindbestemming Alexanderbaai, op 'n soutpan van bykans 'n myl lank gekom waarop 'n voertuig so glad soos seep kon loop en wat waarlik so soet soos 'Jam' was na die 'bittergal' van die sandduine. So het 'Jam Pan' glo sy naam gekry."

Forbes (1965:90) "Three miles north of the Two Brothers, according to Paterson, a large dry valley was named Benting's Valley by Gordon, after Graaf Charles Benting

(Benstinck) as his map reveals. However, it shows that the features was not a valley but a 'zout water valeij' or salt-vlei which is probably the salt pan now called Jam Pan 2 or 3 miles inland from Alexander Bay."

Op Divisional map of Namaqualand 1916 word die pan as "Salt Pan" aangedui. Jam Pan is 'n plaaslike benaming. Nienaber & Raper (1980:633) beweer dat mnr. De Wet se verklaring in verband met "Plek waar die ganse bymekaarkom" taalkundig moeilik waar te maak is. Ek is egter van mening dat dit wel moontlik is na aanleiding van sy fonetiese Nagaaais wat, volgens homself, slegs maar 'n benaderde poging is. Met wisseling van g- en n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4) kan die eerste lid wees soos Oud-Kaaps gaâ-(ga-) = wilde-gans (Nienaber 1963:528) en die tweede lid soos !keis [!khais] = plek, met wisseling van g- en k- (1977:42 by 5A3). Dus: "Wildegansplek". 'n Ander moontlikheid kan wees dat die klem verkeerdelik op die ganse in plaas van op die riete gelê word. Indien die Ng- van die eerste komponent van Ngaghnaais die suigkonsonant veronderstel, kan die Nga- dan soos Nama $\neq \bar{a}$ = riet wees (Kr. & Rust 1969:32), in welke geval dit dan "Rietplek" sal wees. Dat ganse by so 'n plek bymekaar sou kom, is te verstane. Met verloop van tyd het die riete verdwyn en het dit 'n kaal soutpan geword wat met die ontdekking van diamante die naam Jam Pan gekry het, blykbaar weens die aangename of soete gevoel om oor die harde pan te kon ry na die gesmart deur die sandduine. Die huidige pannaam vertolk min of meer dieselfde gedagte as die hedendaagse plaaslike gesegde, naamlik dat iets sandsuiker is.

JULIESVLEI

VLEI

K 3018 BB

Van der Merwe (1941:30) "Alle reën versamel in natuurlike depressies, wat in die Boesmanland 'vleie' genoem word as die water vars bly, en 'panne' as dit sout word."

Louw NJ 1978 Boer Vraelys "Toe dit nog vrygrond was, het hier elke jaar 'n boer gestaan wat die bynaam gehad het van Jan Julie. Sy regte naam was Jan Louw. Toe het die plaas die naam gekry van Julies Vlei."

Die vlei wat vroeër die vernaamste waterbron op die plaas was, is volgens informant Louw hierbo na ene Jan Louw met bynaam Jan Julie vernoem, naamlik Julie se Vlei of kortweg Juliesvlei.

KARASPANPAN

K 2917 CA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Karaspán lê suid van Dreyerspan. Die grond is 'n mingsel (mengsel) van gruis- en spoelklippies, kristalle en sout. Ek dink die naam had (het) hiermee te doen."

Soos Nama // khara- = gruis-klippies, ook spoelklippies (Kr. & Rust 1969:221). Dus: "Gruispan", soos Nienaber & Raper (1980:480) tereg vermoed.

KOAMSVLEIVLEI

K 2918 BC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Koamsvlei".

Een van die twee vleie waaraan die oorspronklike plaasnaam Koams and Zout Vlei ontleen is. Die eerste komponent van die hibridiese vleinaam naamlik Koams- sal dan neerkom op "Kalkvlei" of "Soutvlei". Die lid -vlei is 'n Afrikaanse toevoeging wat neerkom op tautologie. Vergelyk die plaasnaam KOAMS and ZOUT VLEI.

KOOSSEVLEIVLEI

K 2918 DA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Koos se Vlei".

Dis die vlei waarna die plaas Koos Vlei vernoem is. Dit wil voorkom of dié vlei op ouer kaarte, soos die Divisional map of Namaqualand 1916, bekend gestaan het as Jo(o)ssops Vlei. Vermoedelik was die persoon Koos Jo(o)ssop na wie die vlei vernoem is. Dit bly egter spekulatief, aangesien geen nadere besonderhede bekom kon word nie.

KRAALBOSVLEIVLEI

K 2918 DA

Divisional map of Namaqualand 1916 "Kraalbos Vlei".
De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Dis vernoem na die plante om die vlei."

Dis dié vlei wat aan die plaas die naam Kraalbosch Vlei besorg het. Vir die betekenis van die naam, vergelyk genoemde plaasnaam.

NOCHASVLEIVLEI

K 2918 BC

Divisional map of Namaqualand 1916 "Nachas Vley".
Pleknaamlys "Nochasvlei".

Volgens Nienaber & Raper (1977:891) is die eerste lid moontlik soos Nama !nō = kikvors, waterpadda (Kr. & Rust 1969: 297), met kwantiteitsformans -cha-, soos Nama -xa-. Dus: "Paddaryke Vlei", met verwysing na reëntye. Op die Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder word die No- as Nageskryf. Die wisseling van -o- en -a- is gewoon. Dié vlei-naam het vermoedelik plaasnaam geword. Vergelyk die plaasnaam NACHAS.

NORABEESVLEIVLEI

K 3018 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Nora-

beesvlei".

Vergelyk die plaasnaam NORABEES vir die betekenis van die Namagedeelte van die hibridiese Norabeesvlei. In dié vlei is vroeër graafwatergate gemaak, sodat daar goeie rede bestaan om te aanvaar dat die vlei eerste benoem is, waarna die vleinaam, met verdeling van die gronde, op die plaas oorgedra is.

OPDAMVLEI

VLEI

K 3018 DB

Pleknaamlys "Opdamvlei".

Burden AP 1985 Boer Gesprek "Dis 'n kainingrant met duintjies aan die voet daarvan waarteen die water opdam as dit reën."

Volgens die informant het die vleinaam ontstaan deurdat die reënwater teen die duintjies opdam.

OUBEESPAN

PAN

K 3018 DB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Oubeespan".

Die pan is geleë op die plaas Obees en beteken ongetwyfeld "Bitterfontein", soos Nama ou [au] = bitter (Rust 1960:11), met -bee-s as panbenoemde suffiks, gewoon as lokatief by oop waters. Vergelyk verder onder die plaasnaam OBEES.

RIETFONTEINPAN

PAN

K 2816 DC

Coetzee GJE 1978 Boer Gesprek "Dis eintlik 'n moddersloot mit (met) 'n brakfontein aan die noordekant waar biesies en fluitjiesriet groei. Die moddersloot loop in die pan in waar 'n dam gemaak is. Die water had (het) bo-op gelê,

sodat hulle dit net ooggemaak had."

Die opstal is vernoem na die fontein waar fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), groei. Die fonteinnaam is oorgedra op die pan waarin die moddersloot uitloop, soos deur die informant verduidelik. Met "bo-op gelê, sodat hulle dit net ooggemaak het", bedoel die informant dat die watervlak baie vlak was en maklik bekom kon word deur vlak putse te grawe.

ROOIPAN

PAN

K 2918 DD

Pleknaamlys "Rooipan".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Die naam dui maar net op die rooi kleur van die grond."

Die pan is dan vernoem na die rooi bodemgesteldheid van die gebied waarin dit geleë is.

SALT PANS

PANNE

K 2816 DC

CCRS 1907-14 Stinkfontein Sheet "Salt Pan".

Soos die naam aandui, is dit soutpan(ne), wat geleë is noord van Visagiefontein. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke panne en gebied.

SANDVLEIPAN

PAN

K 3018 BC

Pleknaamlys "Sandvleipan".

Burden AP 1985 Boer Gesprek "Die pan heet na die plaas Zand Vlei."

Die pan is vernoem na die plaas Zand Vlei waarop dit geleë is.

SOUTPANPAN

K 2918 CC

Pleknaamlys "Soutpan".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "So ver my kennis strek, is dit maar net 'n groot harde brakkol wat plaaslik 'n pan genoem word."

Volgens die informant is dit nie eintlik 'n pan in die ware sin van die woord nie, maar 'n harde kol (plaaslik bekend as pan) waarvan die grond brak of sout is, van daar die naam.

SOUTPUTSIESPAN

K 3018 BC

Pleknaamlys "Soutputsies".

Louw NJ 1985 Boer Gesprek "In die panagtige kol is vroeër 'n paar putse gegrawe waarvan die water brak of sout was."

Volgens die informant heet die pan dan na die putse met sout water.

STEENBOKVLEIVLEI

K 2918 DA

Pleknaamlys "Steenbokvlei".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Al wat ek kan vermoed, is dat daar vroeër baie steenbokke in die omgewing van die vlei gehou het."

Die vlei is dan vermoedelik vernoem na die baie steenbokke, Capra ibex (Odendal 1981:1069), wat vroeër in die gebied van die vlei gehou het.

VISAGIESPANPAN

K 2816 DC

Van Heerde-versameling "Die Basters het dié plek vir Visagie

so warm gemaak dat hy eers na Vroedvrou se Poort getrek het en later langs die kus op tot by Visagiefontein waar nou die eerste hek van Alexanderbaai is waar hy meeste met beeste geboer en vleis aan Peacock verskaf het."

Die informant verwys na dieselfde Visagie wat in die voorval by Bulletrap betrokke was, vergelyk laasgenoemde onder Steinkopf, waarna hy hom naby Eenhek, suid van Alexanderbaai, gaan vestig het. Sy opstalletjie het hy aangelê op een punt van die pan waaruit hy ook water deur middel van putsies bekom het. Dit was dus nie eintlik 'n fontein nie, slegs vlak grondwater in die pan, wat dan ook na hom vernoem is.

WELLESEVLEI

VLEI

K 2918 DD

Pleknaamlys "Wellesevlei".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Ons praat van Wellus se Vlei, maar ek weet nie wat dit beteken nie."

Op Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder verskyn die onderverdelings-/opstalnaam Wellus op die plaas Bitterputs nr. 1. Dit wil dan voorkom asof die spelling soos op die pleknaamlys, foutief is en dat dit Wellus se Vlei moet wees (soos deur die informant vermeld), in welke geval dit vermoedelik die betekenis sal dra van "Wel lus hê". Die motief is nie meer bekend nie. Miskien dui dit op die vlei se vars reënwater waarvoor mens en dier lus het in teenstelling tot die sout (bitter) water van Bitterputs, andersins vertolk dit dalk gemoedstoestand in die sin van "wel weer lus hê" vir die lewe nadat 'n dorstige by dié vlei met drinkbare water aangeland het. Die onderverdelings-/opstalnaam het hier vermoedlik op die vlei oorgegaan.

4.5.4 EILANDE

AOSEILAND

K 2817

Opmeting 1955 "Tc Aos uit // káo-b, // káo-s = giftige kaktus." In 'n ander handskrif "Ek meen dis die Namanaam vir 'n soort bossie wat daar groei."

Kr. & Rust (1969:221) gee vir // kaob, -s aan: "der Kandela-berkaktus (giftiger Milchbush, von den Buschleuten zur Vergiftung der Pfeile verwandt)". Volgens Opmeting se gewens kan die eilandnaam aan genoemde plantsoort ontleen wees.

GREEN ISLANDEILAND

K 2816 CB

Kennis (1978:2962) "Eiland by die mond van die Oranjerivier." Ras NJ 1985 Skoolopsigter Gesprek "Die riet op die eiland laat dit groen vertoon."

Die naam is beskrywend van die plantegroei, hoofsaaklik fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), op die eiland wat dit deurgaans groen laat vertoon. Geen Afrikaanse ekwivalent van die naam skyn gebruik te word nie.

GROOTPENSEILANDEILAND

K 2817 AD

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die eiland het die vorm van die grootpens van 'n dier."

Die spesifieke vorm van die eiland, soos deur die informant vermeld, het tot die naam aanleiding gegee.

KLIPNEUSEILANDEILAND

K 2817 AD

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Seker maar vernoem na die neus wat die berg daar vorm."

Die gebied aan die noordwestekant van die eiland heet Klipneus (Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay), sodat die eilandnaam vermoedelik hiervan afgelei is, naamlik van die neus wat die berg hier vorm.

KRAPOHL-EILANDEILAND

K 2818 DD

Du Plessis (1962:5) "My vader, Johannes Heinrich Christiaan Krapohl, was staatslandmeter in Namakwaland. Die Richtersveld, Gemsbokreservaat en die hele Boesmanland het hy opgemeet en in plase opgedeel. Toe hy óf verloof óf kort getroud was met my moeder - ek meen dit was in 1890 - het hy hulle vanne as name gegee aan dié eilande langs mekaar in die Oranjerivier. My moeder se nooiensvan was Marten."

Volgens die informant, mev. Du Plessis, is Krapohl-eiland dan vernoem na die destydse regeringslandmeter, J.H.C. Krapohl, wat later jare die plaas Abbasas aan die Oranjerivier gekoop en hom aldaar gevestig het (Hiemstra 1962:40). Hy het die eiland na homself vernoem.

LONG ISLANDEILAND

K 2816 CB

Kennis (1978:2984) "Eiland by die mond van die Oranjerivier."

Die naam is beskrywend van sy vorm as vernaamste kenmerk. Die Afrikaanse ekwivalent van die naam, Langeiland, word plaaslik nie gebruik nie. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke eiland.

MARTEN-EILANDEILAND

K 2818 DC

Du Plessis (1962:5) "My moeder se nooiensvan was Marten. Sy het as jong meisie van agttien jaar uit Duitsland na Concordia in Namakwaland na my oupa en ouma Engelbrecht Krapohl gekom, en is later daar met my vader getroud deur eerwaarde Michiel Dönges, die Rynse sendeling daar toendertyd."

Vernoem na die nooiensvan Marten van die eggenote van die destydse staatslandmeter, J.H.C. Krapohl, volgens die informant hierbo.

SAND ISLANDEILAND

K 2816 CB

Kennis (1978:3023) "Eiland by die mond van die Oranjerivier."

Die naam is beskrywend van die spoelsand waaruit die eiland grotendeels bestaan. Die Afrikaanse vorm van die eilandnaam word nie algemeen gebruik nie.

STUIWEOOG (Vroeër bekend as Tcaiamoes)

EILAND

K 2817 AA

Opmeting s.j. vel Alexander Bay "Tcaiamoes CP 2817 AA Island". Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Gaimus-Stuiweog".

Gaimus is vermoedelik 'n modernisering van Tcaiamoes, waarvan die T- 'n aanduiding van 'n suigkonsonant is; gevolglik is die eerste komponent nie gelyk te stel met Nama gei(kai) = groot nie, vanweë die klapklank. Watter suigklank dit is, weet ons nie. Moontlik is dit soos Nama /gāi = sterk ("Sterkoog"), of soos !gāi = pofadder ("Pofadderoog"), of soos #khai = blink ("Blinkoog"), of soos #kei = wakker

(Rust 1960:71). Ek is egter van mening dat die Gai-/Tcai-eerder te verklaar is as Nama /ae-, gedevelariseer uit /Kae = vuur (Kr. & Rust 1969:10). Die vuur is hier sekondêr gebruik om die begrip rooi uit te druk, wat hier bodem-beskrywend is. Die lid -moes of -mus is soos Nama mũ-s = oog (Kr. & Rust 1969:265), byvoorbeeld vir 'n bron of water-oog. Dus: "Vuurroog" in terme van die kleurindruk "Rooioog". Op die voornoemde Topokadastrale reeks 1976 vel Alexander Bay is daar op presies hierdie lokaliteit 'n kop genaamd Rooilepel wat, myns insiens, sterk pleit vir my verklaring, ten spyte van die ingeskryfde Afrikaanse naam Stuiweog by Gaimus. Wat die lid Stuiwe- presies wil sê, is in elk geval ook nie duidelik nie, soos Nienaber & Raper (1977:1021) tereg opmerk.

plaas tussen die twee broers, is die restantgedeelte waarop die puts geleë was, tot Soutputs verdoop.

Suringberg

Berg

K 2917 AD

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Vernoem na die baie suring wat daar groei, waarvan vroeër lekker suringpap gemaak is."

'n Kop (berg) waarop die suidoostelike hoekbaken van die plaas Aardvark staan en waar in reënjarige baie bergsuring, Oxalis haedulipes (Smith 1966:94), groei. Die berg is na hierdie suring vernoem.

AASVOGEL KOP

PLAAS Nam.Q.13-16

K 3018 DB

Eerste eienaar: Basson JAM 1926-05-10.

Lochner MG 1981 Boer Brief "So genoem omdat aasvoëls vroeër op die kop geslaap het."

Die plaas is vernoem na 'n spesifieke kop, Aasvoëlkop, waarop aasvoëls, fam. Aegypudae (Odendal 1981:15), vroeër gebly het.

Aasvoëlkop

Kop

K 3018 DB

Die Afrikaanse vorm van die kopnaam waarna die plaas Aasvogel Kop vernoem is.

ABBASAS

PLAAS Nam.Q.9-7

K 2818 CD/2918 AB

Eerste eienaar: Krapohl JHC 1913-08-25.

Van Heerden JC 1978 Boervrou Vraelys "Dit is 'n Hottentots-

naam en beteken deurdra (seker deur die rivier) want die Oranjerivier vloei hier verby. Dit is Abbasas se noordelike grens."

Met "deurdra" het my informant, nes sommige informante van Nienaber & Raper (1977:160), "dra" of "abba" in gedagte, alhoewel sy praat van "deur die rivier dra". Wie egter die eienaardige bergformasies self aanskou het, moet saamstem dat die berge die indruk skep dat hulle mekaar "abba", wat die Afrikaanse vorm uit Khoekhoens (Nienaber 1963:205) is, met grondwoord Nama awa = "tragen, im Tragfell" (Rust 1960: 61). Die laaste lid sou ek sien as Nama sās = "das Auf-sammeln, Auflesen" (Kr. & Rust 1969:338). Dus: "abba-versameling". Die berge laat dink aan 'n versameling (bondel) wat op die rug geabba word.

Mossop (1935: kaart agterin en daarbinne "Inset") gee die betekenis aan as "Climbing High". Volgens Nienaber & Raper (1977:160), neem hy as grondslag Nama !abba, ook !awa = "hinauftragen, emporklettern" (Kr. & Rust 1969:30), dus so ongeveer !abba-sa-es = "Plek waar 'n mens moet klim". Dit is óók aanneemlik, maar plaaslik word meer waarde geheg aan eersgenoemde verklaring.

Abbakop

Koppie

K 2818 CD

Kennis (1978:2925) "Aan die Oranjerivier suid van Abbasas 1701 m.b.s."

Vernoem na die eerste komponent van die plaasnaam Abbasas. Op moderne kaarte ook bekend as Abbasas se Kop. Vir verklaring van "Abba-" vergelyk die plaasnaam ABBASAS.

Abbasas se Berg

Berg

K 2918 CD

Van Heerden JC 1978 Boerin Vraelys "Die groot berg agter die opstal word genoem Abbasas se Berg."

Schultze (1907:168) "/Abi-#gab, Abbevlack, eine wasserlose Fläche (#gab), von !abi-Büschen bewachsen, c.21 engl. Meilen östlich van Port Nolloth."

Kennis (1978:2925) "Stasie op ou Port Nolloth-Nababeep spoor."

Dippenaar GJ 1982 Afgetrede balju Gesprek "Ek ken 'n bos wat die Hottentotte !abi noem. Of dít vroeër daar gegroei het, weet ek nie."

Die vorme Abbevlaack, Abbevlack, Abbevvlak verskyn op kaarte, eersgenoemde as geregistreerde naam van die klein plasie wat as stasie op die ou koperspoorlyn gereserveer was, ook bekend as 22 Myl (die afstand vanaf Port Nolloth), wat as gebiedsnaam gedien het. Die komponent Abbe- is in sy Nama-vorm !abi, behoue gebly en verwys volgens Nienaber & Raper (1977:161), meestal na die "vaalbos", Tarchonanthus camporatus (Smith 1966:476). Die tweede lid "vlaack/vlack/vlak" is soos Nama #gāb = "die Fläche, die Ebene" (Kr. & Rust 1969:97). Letterlik beteken dit dan: "die vlakte met vaalbos begroei", soos Schultze dit dan ook verklaar.

Jolliestaan

Uitspanning

K 2917 AC

Kotze AJ 1978 Winkelier Gesprek "By Abbevlaack het die koperryers gereeld uitgespan, mekaar se hems moue afgeskeur en baie vrolik gewees. Toe noem hulle die uitspanning Jolliestaan."

Nog voor die dae van die koperspoorlyn, het die plaas gedien as uitspanning, waar die koperryers soms baie vrolik kon wees, veral as gevolg van te veel drank. Dit het dan "jolly" gegaan, gevolglik het dié staanplek later die naam Jolliestaan gekry. Met "hems moue afgeskeur" verwys die informant na 'n vaardigheidspeletjie wat gewild was veral onder die transportryers van destyds. Dit was 'n soort skermoefening met die arms waarin probeer is om mekaar se hems moue raak te gryp en af te skeur. Die een wat daarin

kon slaag, was die wenner.

ACHAB

PLAAS Nam.Q.10-35

K 2919 AA

Eerste eienaar: Crafford Dirk 1915-03-25.

CCRS 1907-14 Bushmanland Sheet "Achab" met "Agaap Kloof".

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Daar is 'n fontein met riet en biesies wat glo met die naam te doen het."

Van den Heever se informasie sluit aan by dié van Van Schalkwyk, een van Nienaber & Raper (1977:166) se informante.

Eie kennis van die plaas laat by my geen twyfel dat die fontein met riete tot die naam aanleiding gegee het nie. Die eerste komponent is soos Nama $\#ā-b$ = "das Riet" (Kr. & Rust 1969:32), gevolg deur die kwantiteitsformans $-xa-$ = "volop of ryk aan". Die water was bo-op die berg, gevolglik het die berg klaarblyklik sy naam aan die fontein ontleen. Dit is dan eintlik die berg wat benoem is, van daar die ml. ekv. $-b$, die terminaal wat hier bergname aandui. Dus: "Rietfonteinberg", wat weer op sy beurt op die plaas oorgedra is.

AGGENEYS

PLAAS Nam.Q.10-29

K 2918 BD

Eerste eienaars: Burger BF, en andere 1916-01-18.

Wildschutboek (1859:33) "Achenijs" in Boesmanland, 20 km noord van Brabies, 20 km wes van Gams.

Heidman (aangehaal deur Vedder nr. 21:36) "Achenies".

Burger AJ 1982 Afgetrede boer Brief "Daar was beslis riete, ook nounog, en daar was ook een of meer fonteine toe my oorlede vader die plaas in 1910 gekoop het. Daar was en is ook nog rooi klei. Ek kan onthou hoe die meide hulle

gesigte besmeer het - eintlik 'n rooi sagte klip. Die laaste vesting waar die Boesmans doodgeskiet is deur die Boere, was nie Aggeneys nie, maar baie beslis aan die suidekant van Gamsberg - so 'n lelike kloof in die berg. Jy kan dit sien as jy met die ou gruispad ry."

Bogenoemde is gedeeltelik ter aanvulling van die bronnegewens van Nienaber & Raper (1977:172-3); (1980:159) ter verklaring van die naam Aggeneys.

Volgens my informant, Burger, se mededeling, was Aggeneys nie die vesting waar die slagting onder die Boesmans plaasgevind het nie, maar was dit die poort aan die suidekant van Gamsberg, waardeur die verklaring "Plek van bloed" (Nienaber & Raper 1977:173) minder aanvaarbaar gemaak word.

Burger maak ook melding van die rooi klei wat nog daar te vinde is en gevolglik by sommiges aanleiding gee tot die verklaring "Plek van rooi klei", soos in die geval van informant Duggan (Nienaber & Raper 1977:173). Die komponent "Agge-" word hier klaarblyklik vertolk as Nama /awa = "rot" (rooi) (Rust 1960:50), wat myns insiens moeilik verantwoordbaar is, aangesien g/w normaalweg nie afwisselbaar is nie. Ek ken die plaas en dink dat die klei waarvan melding gemaak word, ook 'n te nietige entiteit sou gewees het om aan die plaas sy naam te besorg. In teenstelling hiermee was die rietbron in die poort vroeër ongetwyfeld 'n baie belangrike entiteit in dié droë gebied, sodat die moontlikheid groot is dat dit by naamgewing betrek kon gewees het, in welke geval die A- soos Nama $\neq \bar{a}$ = riet (Kr. & Rust 1969:32) te verstaan is en -neys/-neis, met wisseling van k- en n- (Nienaber 1963:180), as !keis = plek (Rust 1960:48). Indien nadruk op die water gelê word, kan dit egter ook wees soos Nama \bar{a} = "trinken" (1960:62).

Daar bestaan ook regverdiging vir $\neq \bar{a}$ = "schlachten" (Kr. & Rust 1969:32) wat dan die verklaring van die PNK (1946),

terloops die oudste verklaring is, onderskryf. Dat die Boesmans vroeër by dié belangrike waterbron in die berge gesteelde vee sou geslag het, is aanvaarbaar en regverdig die verklaring "Plek waar geslag is".

Daar kan egter nie afdoende bewyse aangevoer word ten gunste van een van die verklarings nie, hoewel die "Rietplek"-teorie plaaslik die meeste gewig dra.

Daar is verskeie spellingvariante (Nienaber & Raper 1977: 172), selfs die volksetimologiese "Agenhuis" (IMS-vel Bushmanland), maar vir amptelike doeleindes het die PNK die spelling op Aggeneis vasgestel (PNK 1951:35).

Froneman se Kop

Koppie

K 2918 BD

Burger AJ 1982 Afgetrede boer Brief "Dis vernoem na generaal Froneman wat met sy soldate daar stelling ingeneem het toe die Engelse Aggeneys beset het."

Genoemde koppie lê op die oostelike grens van die plaas regoor Maanhaarkop en is, volgens die informant, vernoem na die Boeregeneraal Froneman. Volgens plaaslike oorlewering was Froneman 'n Transvaler van geboorte. Van die betrokke kop af moes hy, soos vooraf beplan, die Engelse kamp naby Aggeneys inneem onderwyl 'n groep Boere uit Aggeneys die Engelse kanonvuur vanaf die nabygeleë Kanonkop op hulle sou trek. Te oordeel aan die verloop van die skietery, het Froneman gemeen dat die groep se poging misluk het, gevolglik het hy in plaas van op te ruk, die wyk geneem. Dié misgissing is deur almal as lafhartigheid bejeën en die kop is uit minagting na Froneman vernoem.

Jakkalswater

Kloof

K 2918 BB

Burger AJ 1982 Afgetrede boer Brief "Die naam is ontleen aan die jakkalse wat altyd daar van suid na noord deur

Die lid Noenie- is soos Nama /huni = die witgatboom, Boscia albitrunca (Smith 1966:514), terwyl -gora is soos Nama xora = graafwater (Rust 1960:28). Dus: "Die graafwatergat by die noenieboom". Vergelyk Nienaber & Raper (1980:641).

OropVlei

K 2918 BD

Burger AJ 1978 Afgetrede boer Vraelys "Dis 'n vlei. Aan die een kant granietbanke en aan die laagliggende kant 'n duik of holte wat na goeie reëns lank water gehou het. Dit is geleë omtrent 15 km aan die suidekant van die oorspronklike plaas."

Op die klank af miskien soos Nama /(kh)oro = droog, kaal (Kr. & Rust 1969:242), gedagtig aan die dorheid van die geweste waar die vlei geleë is. Andersins !koro = "Kalkstein" (Rust 1960:34) wat gedevelariseerd as !oro- kan voorkom. Die slot -p wat met -b afwissel, is die lokatief ml. ekv. (Nienaber & Raper 1980:679).

Dus: "Droëplek" of "Kalkplek". Uit 'n latere gesprek met die eienaars het dit egter duidelik geword dat die gebied om die betrokke vlei baie kalkagtig is, sodat daar nou met 'n groot mate van sekerheid voorkeur verleen kan word aan "Kalkplek" as betekenis van die inlandse naam, Orop.

ALEWYN FONTEINPLAAS Nam.Q.10-30

K 3018 BC

Eerste eienaar: Lochner JHM 1916-02-07.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Die aalwyne kom oral in die omgewing voor. Dit is die bitter bergaalwyn. Die fontein was die enigste suiping in die omgewing. Die naaste suiping na Aalwynsfontein was die Putse verder noord in die Boesmanland. Die mense het van heinde en ver gekom om hul vee te laat suip en het dan meestal hier in tente

oorgestaan."

Die oorspronklike plaasnaam verskyn op die "Divisional map of Namaqualand" (1916), asook op die Topokadastrale reeks 1974 vel 3018 Loeriesfontein, as twee woorde, nl. "Alewyn Fontein". Die eienaar het egter die naam op die vraelys deurgehaal en met "Aalwynsfontein" vervang, waardeur hy blykbaar te kenne wou gee dat eersgenoemde 'n foutiewe vorm is, wat egter nie die geval is nie. Dit is 'n blote kwessie van variante. Volgens Smith (1966:53) kry ons "... aalewee (-wyn). Also aalwee and aalwyn. Derived from the Dutch Aloë and the German Aloehain". Die plaasnaam is dan, soos die segsman dit stel, ontleen aan die baie aalwyne, en by name die bergaalwyn, Aloe sp. (1966:53; 83), wat volop in die omgewing van die fontein gegroei het. Dit is nie die kokerboom, Aloe dichotoma (1966:304), soos soms beweer word nie, aangesien dié slegs in die noordelike gedeelte van Namakwaland gevind word. Die fontein was vroeër die enigste suiping in die omgewing.

Aalwynsfontein

Aanleg

K 3018 BC

Lochner MG 1981 Boer Vraelys "Hier was 'n winkel en 'n poskantoor, maar hulle bestaan nie meer nie. Die winkel het aan 'n sekere Jood, I. Klas, behoort."

'n Aanleg naby Bitterfontein op die pad tussen Platbakkies en Dooddrink. Vroeër was dit 'n plekkie met 'n eie skool, poskantooragentskap en winkel. Tans het dit net 'n privaat-sak, via Bitterfontein. Die naam is afgelei van die oorspronklike plaasnaam en verskyn nou, as een woord, in die vorm waarin die betrokke plantsoort in die algemeen bekendstaan in die volksmond, te wete Aalwynsfontein.

Dit het niks te make met Alwyn as eienaam, soos soms vermoed word nie, maar wel met die bergaalwyn waaraan die eerste lid van die plaasnaam ontleen is.

Green (1967:54-5) "Captain William Homewood was one of those pioneers whose diary (if he had kept one) would have made a great story of adventure. I am glad to find Homewood Harbour on the chart, a tribute to a bold spirit."

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Homewood was 'n besigheidsman wat eers op De Riet 'n winkeltjie munteneer had (het). Daarna had hy hom langs die Weskus tussen Holgatpunt en Alexanderbaai gaan sitmaak, waar hy óók 'n besigheid gehad het. Die hawetjie dra sy naam. Dit is aan my vertel dat twee van sy beeswagters hom daar vermoor en in die beeskraal begrawe het. Dit was kleintjies (amper) of hulle het uitgeraak, maar hy se (sy) hondjie was egter grif (slim) genoeg om op dié plek te gaan lê en sodoende die twee sleghalters se geheim te verklap. Die twee moordenaars is op Port Nolloth tereggestel."

'n Klein baaitjie 16 km suid van die mond van die Oranjerivier aan die voet van die heuwels bekend as The Twins en is eerder 'n bootankerplek as 'n hawe.

Volgens verdere mededeling van Green in sy aangehaalde bron, is die naam gegee deur kaptein William Homewood, die baasseevaarder wat gedurende die dertigerjare van die vorige eeu in die ouderdom van 27 jaar in Kaapstad aangekom en in die huwelik getree het met Magdalena Keeve, die dogter van H.R. Keeve, 'n losieshuiseienaar. Sy vrou het hy saam met hom op see geneem. Hulle het elf kinders gehad, waarvan party op see gebore is. Teen die middel van die vorige eeu keer hy terug na Kaapstad waar hy hom as sakeondernemer en skeepseienaar vestig. Hy het sy boot, die Diving Bell, na Hondeklipbaai gestuur in die vroeë dae van die Namakwalandse koperoplewing. Hy het die plaas De Riet naby Hondeklipbaai gekoop en daar vir etlike jare gewoon, waar hy ook, volgens oorlewering, 'n winkeltjie gehad het. Hy was een van die eerste aangestelde vrederegters in Namakwaland. Hy het ook handelsekspedisies na Duitswes georganiseer en sy klein vaartuig in Homewood Harbour geanker waar hy vrag vir die waens ontskeep en ook later 'n winkeltjie gehad het. In

1860 het hy en sy kinders Homewood Harbour vir die laaste keer op 'n handelsekspedisie verlaat. Nadat hy die Oranje-rivier oorgesteek het, het hy wildsbokke opgemerk wat hy alleen agtervolg het. Hier het hy gesterf as gevolg van 'n skietongeluk. 'n Skurk, genaamd Campbell, een van die lede van die ekspedisie, het die goedere aan die Hottentotte verruil vir beeste ter waarde van R1 200. Die weduwee en kinders het hulle weg teruggevind na De Riet en later na Kaapstad. Campbell het met die beeste wat hy van die weduwee gesteel het, verdwyn.

Die bronne verskil dus wat betref die manier waarop Homewood aan sy einde gekom het. Oor die benoeming van die hawe is daar egter eenstemmigheid.

Jakkalsput (Vroeër bekend as Koesaas)

Klipgat

K 2916 BA

Forbes (1965:89) "The inscription at Koesaas on the Gordon Map which reads 'sometijds water in een klip gatt' probably refers to the 'fresh water in winter' at Jackals Pit shown on the Admiralty Chart and described similarly in The African Pilot."

Nienaber & Raper (1977:741-2) verklaar die -aas van die inlandse naam as Nama ā-b = "Loch" (Rust 1960:39), met die -s as lokatief en Koes- = baster- of draaijakkals. Dus: "Jakkalsput(s)".

Die klipgat bestaan nog, alhoewel dit grotendeels deur sand toegewaaï is. Dit dra vandag nog die Afrikaanse naam Jakkalsput vanweë die baie jakkalse, fam. Canidae (Odendal 1981:487), wat vroeër daar gehou het.

Kaap Voltas

Punt

K 2816 DA

Opmeting s.j. "Cape Voltas. Origin uncertain, possibly named

after a ship many years ago. The name Cape Voltas appears on the earliest hydrographic charts of the coast-line and the name features in the Admiralty publication, African Pilot Vol. II (1963) p. 289."

Green (1948:200) "Bartholomew Diaz left a stone cross at Angra Pequena, but at the Orange River mouth he simply filled his water casks, marooned a wretched negress according to Portuguese custom and sailed southwards again. There is no record of the fate of the negress. Only the name Cape Voltas remains to mark the first landing ever made by white men in the land which is now the Union of South Africa."

Die lid Kaap dra die betekenis van "in zee vooruitstekende hoge landpunt" (Van Dale 1956:368). Volta(s) = terugkeer, draai (Haffter, e.a. 1975:371) dui weer op Portugese oorsprong, sodat dié puntnaam aanvaar word as ingedra deur die vroeëre Portugese navigators wat vermoedelik hier voet aan wal gesit het. Nes Green, beweer ook Cornell (1920:108) dat dit Bartholomeus Dias was wat in 1486 daar geland het. Volgens Cornell het hy daar 'n klipsuil met 'n kruis geplant, waarvan egter geen spoor meer te vinde is nie. Bevestiging hiervan kon egter nie gevind word nie, aangesien nadere besonderhede verlore gegaan het. Vir Opmeting se vermoede dat dit moontlik die naam van 'n skip kan wees, bestaan ook geen bewyse nie. P.J. Nienaber (1939a:57) wys daarop dat aangesien die Portugese nie baie diep die land ingedring het nie, Portugese name alleen gevind word langs die kus vir kape en baaie, bv. Kaap Voltas.

Lochinvar

Gestrande skip

K 2916 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Lochinvar".
Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "n Skip had daar gestrand."

Volgens die informant sal dit dan vermoedelik die naam van

die skip wees wat vroeër daar gestrand het.

Namakwakop

Kop

K 2816 DA

Opmeting s.j. "Namakwakop, naam van 'n koppie reg oos van die baaitjie, Alexanderbaai."

Die kop het die stamnaam Namakwa- vooraan wat te verklaar is as "Namamanne" of "Tongmense". Vergelyk die landdros-distriksnaam NAMAKWALAND. Die kopnaam dui daarop dat dié volksgroep ook hier gewoon het.

Peacock Roadstead

Ankerplek

K 2816 DA

Cowie (1929:1121) "The days of Alexander and Peacock have left many reminders on the coast. There is Alexander Bay, now the name of a district rather than of the narrow inlet south of the lagoon. There are, too, Peacock Roadstead."

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Volgens oorlewering was Peacock en Alexander twee handelaars. Laasgenoemde had hy se (sy) hoofkwartier by Alexanderbaai gehad terwyl Peacock hom 'n entjie verder suid by Peacockbaai gevestig had, vanwaar handel gedryf is met die Hottentotte. Peacock had baie dikwels togte tussen sy stasie en Alexanderbaai onderneem. Op hy se laaste tog daarheen had hy Alexander probeer oorhaal om 'n jong (jong) Hottentotvrou uit die huishouding van laasgenoemde met hom saam te neem. Alexander had geweier. 'n Rusie had ontstaan en Peacock had sy vennoot om die lewe gebring waarna hy Alexanderbaai in die skoener verlaat had. Die baaitjie is na Peacock vernoem."

Vergelyk die dorp ALEXANDERBAAI vir meer besonderhede asook meningsverskille oor die Alexander-Peacock-verhaal. Hoewel daar nie volkome eenstemmigheid is oor wie die Alexander was na wie die dorp en hawe Alexanderbaai vernoem is

nie, maak die meeste ter sake bronne tog melding van Peacock. Die Van Heerde-versameling meld ook dat Visagie (vergelyk Visagiefontein hieronder) met beste geboer en vleis aan Peacock voorsien het, asook dat daar 'n graf op die plaas Riethuis was wat "Piet Kock" of "Pietkok" se graf genoem was wat miskien "Peacock" se graf kon wees. Dit word dus plaaslik algemeen aanvaar dat die ankerplek of hawetjie Peacock Roadstead aan die Weskus tussen Holgatpunt en Alexanderbaai (Kennis 1978:3010) na Peacock vernoem is (Alluwiale Staatsdelwery Alexanderbaai 1978:12).

Soco ReefsRotsriwwe

K 2816 DC

Forbes (1965:89) "Several eighteenth century atlas maps show in about latitudes 29° or 30° the Ilheos Siccus (Arid Islands) in various spellings, which name in the form Soco Reefs is now applied to rocks in latitude 28°53'."

Forbes se Ilheos Soccos is van Portugese herkoms. Volgens Haffter (1975:183) is eilandjie in Portugees "ilhéu (m)" en droogte; droging, ens. "seca (F)" (325), waarvan Ilheos Soccos klaarblyklik afgelei en die betekenis tussen hakies gegee word as Arid Islands (Droë Eilande), bedoelende dat niks daarop groei nie. Forbes wys daarop dat die naam in verskillende spellingwyses voorkom.

Die Soco-riwwe lê aan die Weskus tussen Holgatpunt en Alexanderbaai. Die riwwe wat noord-suid loop, is deels onder water en word deur skippers vermy.

VisagiefonteinGebied

K 2816 DC

Die gebied suidoos van Visagiepan wat vernoem is na ene Visagie, vergelyk VISAGIESPAN in die afdeling oor panne en vleie.

VolstruisbultBult

K 2816 DC

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Dit was vroeër bekend as Duikerkop omdat daar baie duikers was. Vandag praat hul van Volstruisbult vanweë die baie volstruise wat daar loop."

Dis afgekampste staatsgrond waar volstruise, Struthio camelus (Kritzinger 1963:733), in groot getalle gehou het en dié bult gevolglik so genoem is. Dit dra landmetersbaken nr. 9.

Wreck PointPunt

K 2816 DC

Kennis (1978:3051) "Wrakpunt - aan die Weskus tussen Holgatpunt en Alexanderbaai."

Ras NJ 1978 Staatsdelwer Gesprek "n Skip wat daar gestrand het. Die romp se hout was nog met houtpenne aanmekaar gesit. Kuboos se kerk se balke is van dié skip se houte gemaak."

Vernoem na die wrak van die skip wat vroeër daar gestrand het.

AMAMPLAAS Nam.Q.7-19

K 2918 AB

Eerste eienaar: Krapohl JHC 1911-10-17.

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Amam".

Volgens Nienaber & Raper (1977:182) is dit soos Nama // kam = "umklammern" (Rust 1960:64). Die duine omsluit die opstal, sodat die verklaring topografies verantwoordbaar is.

AmankopKoppie

K 2918 AB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Amankop".

Die kop dra landmetersbaken nr. 4. Die betekenis sal dieselfde wees as dié van die plaasnaam.

BantambergBerg

K 2918 AB

De Waal SA 1984 Skoolopsigter Gesprek "Die kleurformasie skep die indruk of die berg 'n band om het."

"Bantam" is die plaaslike uitspraak vir bandom/bantom bedoelende dat die kleur van die formasie die indruk skep van 'n band wat om die berg strek, nes 'n dier met 'n streep om die lyf. Die betrokke berg lê aan die noordoostelike grens van die plaas Amam.

ANEGASPLAAS Clw.Q.6-41

K 3018 AA

Eerste eienaar: Beukes P 1843-12-15.

Coetzee (1969:41-2) "Anegas is 'n baie ou plaas in die Kamiesberge, ongeveer 12 myl vanaf Kamieskroon. Die ou trekpad na die noorde loop vlak by die huis verby en dit is moontlik dat al die vroeë reisigers, ingeslote Simon van der Stel en sy reisgeselskap, daar uitgespan het onder die heerlike koeldebome langs die waterlopie 'Anegas'. Dit beteken in Boesmantaal: Xine - voëltjie, gas - watertjie; voëltjiewater of voëltjie-fonteintjie. Daar is vandag nog 'n swak fontein. Xinegas - x is die aanduiding van die klapgeluid en 'n klein watertjie is 'gas'. 'n Groot water is 'bees' ..."

Swart (1973:91) "Die woord aniham (of tkanitkam of anitkam - wie weet verseker?) word gebruik om die eerste ryp vrugte, wat voëltjies so graag pik, aan te dui - ook voëlbek

genoem. Ons neem dus aan 'ani' is 'n voël. En heel dikwels word plekke met standhoudende fonteine naamgegee met die -gas. Byvoorbeeld Anegas ..."

Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "Op 15 Desember 1843 is onder die magtiging van Sir George Napier aan ene Piet Beukes die plaas 'on perpetual Quitrent' toegeken op voorwaarde dat hy stiptelik elke 12 maande die bedrag van £1-10/- sal betaal. In 1896 het die plaas in ons familiebesit gekom toe my oupa dit van Johannes Beukes, vermoedelik 'n seun van Piet, aangekoop het. 'Gas' kan onder andere water beteken. 'Ane' beteken voël. Die bron van water was 'n fontein omring met doringbome waar voëltjies op die hitte van die dag hul dors kom les het. Die naam kan dus in kort 'Voëltjiefontein' wees. Oorspronklik het ons die naam Anigas gespel, maar op die transportakte toe die plaas toegeken is aan Piet Beukes, het ek opgemerk dat die spelling Anegas is."

Onder die informante hierbo bestaan redelike eenstemmigheid dat die eerste komponent van die plaasnaam te verklaar is as Nama ani- = voël en die tweede komponent -gas = 'n klein watertjie, dus "Voëltjie-water" of "Voëltjie-fontein". Volgens Nienaber & Raper (1977:192) kan die -gas ook aansluit by \neq gas = "die Vley" (Kr. & Rust 1969:97), in welke geval dit dan "Voëlfontein" of "Voëlvlei" beteken.

Dat die voëltjies by die fontein, wat vroeër wel bestaan het, hul dors sou kom les het, is aanneemlik. Wat betref die moontlikheid van die slotlid \neq gas = "die Vley" kan vermeld word dat alhoewel daar tans geen spoor van 'n noemenswaardige vlei bestaan nie, die moontlikheid egter nie heeltemal uitgesluit is dat daar vroeër wel een noordwes van die opstal kon gewees het nie.

Ek is egter van mening dat die naam ietwat anders verklaar moet word.

Op die Topokadastrale reeks 1974 vel 3018 Loeriesfontein, word 'n gebied op die plaas "Voëlnesplaat" genoem. Volgens segsman Beukes, vergelyk Voëlnesplaat onder die plaasnaam ANEGAS, het dié gebiedsnaam ontstaan vanweë tiervoëls wat die berg hul bly- en broeiplek gemaak het. Selfs vandag nog word hulle hier aangetref en berokken die boere baie skade deur die vang van hoenders en lammers. Dit kan vry algemeen aanvaar word dat hulle vroeër in groter getalle hier aangetref is en so 'n opvallende verskynsel kon gewees het dat die plaasnaam daarvan afgelei is.

Aanvullend hierby sou die droë rivier se bome ook 'n natuurlike verblyfplek aan ander kleiner voëls gebied het wat vir hul verkiesliker sou gewees het as die barre bergagtige omgewing rondom. Aangesien hier ook vanaf die vroegste tye gesaai is, sou die graan beslis 'n verdere aantrekkingskrag vir voëltjies gewees het. Die baie voëls was dus eerder die beslissende faktor en daarom wil ek liefs die klem soos volg laat val:

Nama Ani = voël (Rust 1960:70), -xa- formans om hoeveelheid aan te dui, naamlik ryk aan en lokativerende -s, dus: die "Plek (-s) van baie (-xa-) voëls (ani-)"

Anigas is 'n baie ou plaas in die hart van die Kamiesberg waar nog die minte (tekens of oorblyfsels van die fondasie) van die eerste pioniershartbeeshuis, asook 'n Heitsiebib (vergelyk Wondergat onder die reservaat RICHTERSVELD) te sien is.

Hunter se Kop

Kop

K 3018 AA

Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "Die landerye rondom die koppie is in daardie vroeë jare deur ene Hunter Kennedy gesaai vir eie gewin."

Hurt-s se VoetpadVoetpad

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dit was 'n voetpad wat na Voëlnesplaat toe geloop het waar 'Hurt-s' gebly het. Hy was 'n boorling van die omgewing en 'n bul van 'n man wat op 'n dag vingeralleen 'n aambeeld die voetpad sam (langs) uitgedra het. Hoe hy die van gevoer het, weet ek nie meer nie, maar etsê (hoor my), soos dit (die) man darem kon hakkel! Hy kon nie 'n woord wat op s- begin het uitkry alvorens hy nie "hurt" gesê het nie. Gevolglik het hy as 'Hurt-s' bekend gestaan."

Die voetpad is dus vernoem na die sterk man met die bynaam Hurt-s.

Kaffer se HoekGebied

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Andries Tielie, die vader van Oubaas van Niekerk, huidige eienaar van Anegas, het Kaffers gehad wat daar in die hoek lande gekap het."

Vernoem na die Swartmense, vroeër bekend as Kaffers, wat in dié hoek saailande skoongekap het.

KoringkasSaailande

K 3018 AA

Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "Dit is sekere lande met 'n baie goeie koringopbrengs."

"Kas" verwys skynbaar na die houtskepel, 'n kis met inhoudsmaat van 2 emmer (0,036 m³) wat vroeër op die trapvloer gebruik is om graan mee af te meet. Dié betrokke land het baie "koringkaste" of skepels gelewer, dit wil sê het baie goed geskiet, van daar die naam.

NakoisOnderverdeling met opstal

K 3018 AA

Swart (1973:91) "Naarkgoois (Tkaakgoois) was vroeër Thaugoois. (h Tkau is h groot plat klip.) En -goois kon eers -gas ook gewees het, bevestig mev. Kato Beukes van dié plaas. Dus kan dit beteken: die fontein met standhoudende water by die groot plat klip. Maar nou weer: goois in Namakwa-taal kan ook h mens of eerder vrou beteken, deel h segsman my mee. As Naarkgoois se -goois nie -gas kan word nie, wat het met die vrou by die tkau - by die groot plat klip - gebeur?"

Van Heerde-Versameling "By !Nakhois het h meid gewoon met h hakskeen so hard as klip. !Na = Ronde klip; khois = h Hotnotmeid."

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dit beteken platklip. Dis h bank wat dwarsdeur die rivier loop en oorkant h groot plat klip gee. Aan een kant gee die bank h groot skeur wat soos h lang kuil altyd vol water staan en waar ons diere kom suip het. Die omgewing het ook baie plat klippe.

Nakois is h onderverdeling van die oorspronklike plaas Ane-gas.

Beide Swart en Van Heerde voer die tweede lid terug na Nama khois = vrou (Rust 1960:23) met behulp waarvan hulle dan die betekenis probeer verklaar.

Informant Beukes, vorige eienaar van die onderverdeling, gee die betekenis as "platklip" wat topografies verantwoordbaar is. Hiervolgens kan die lid Na- vereenselwig word met #hawa = "platt" (Rust 1960:48), terwyl -koiis dan sal wees soos Nama /uis = "der Stein, der Fels" (Kr. & Rust 1969: 369). In Oud-Kaaps is die /uis van vandag nog gevelariseer gewees, dit wil sê /kuis (Nienaber 1963:186 e.v.; Nienaber & Raper 1977:44 by 5C1).

Letterlik beteken dit dan "Plat(te)klip", wat met die topo-

grafie bindbaar is.

Osplaat

Plato

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dis 'n plaat op die berg waar die osse altyd gewei het."

Met "plaat" word veronderstel 'n hoërliggende gelykte of plato. Die osse was lief om op genoemde plaat te wei, van daar die naam, volgens die informant.

Die moontlikheid bestaan egter dat die eerste lid soos Nama $\neq \bar{o}$ = "eng" (Kr. & Rust 1969:330) kan wees, vergelyk Osseberg onder die plaasnaam DE RONDEGAS, alias ARONEGAS.

Voël nesplaat

Plato

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dis 'n plaat waar lande was. Tiervoëls het op die kranse van Rooiberg nes gemaak en gebroei. Die neste wat bereik kon word, se eiers is breek gegooi in 'n poging om toename in getalle te voorkom daar dié voëls 'n gevaar is vir lammers en pluimvee. Die prooi word met die vlerke poegaai geslaan en nes toe gedra as kos vir die kleintjies."

Die informant verwys hier na die witkruisarend, Aquila verreauxii, en/of die breëkoparend, Polemaëtus bellicosus (Caltex s.j.:26-7). Daar bestaan meningsverskil onder die plaaslike boerebevolking oor watter een van genoemde twee as "tiervoël" bekend staan, omdat beide in die gebied voorkom, oppervlakkig baie na mekaar lyk en min of meer dieselfde leefwyse het. Dit skyn egter eersgenoemde te wees aangesien die informant vermeld dat die neste op lyste van die kranse gebou word. Laasgenoemde soort bou hulle s'n gewoonlik hoog bo in bome.

Die plaaslike benaming van "tiervoël" is vanweë die wit

Beukes TJN 1978 Boer Vraelys "Blykbaar is dit 'n Hotnots-naam, maar toe die transportakte uitgereik is, was die naam Arakoep. Blykbaar 'droë rivier', maar dit is twyfelagtig."

Oor die korrekte vorm en betekenis van hierdie plaasnaam is al baie gespekuleer. Dit word vandag gehoor as "Arkoep", sodat die aksent op die eerste lettergreep van die begin-komponent moes geval het (Nienaber & Raper 1980:178).

Informant Beukes voer die naam terug na die opvallende doringboomriviërtjie wat oor die plaas loop en dan blykbaar in die sin van Nama ara = "in Ringen oder Streifen wachsen" (Kr. & Rust 1969:6), // khu = doringboom (Rust 1960:14) met -b (wisseling -p) = lokatief, wat dan neerkom op "die plek waar die doringbome in 'n streep groei".

Ek ken die plaas baie goed en is van mening dat "Kokerboom Hoogte" die sleutel tot die oplossing is. Die noordelike heuwel - of bergagtige punt van die plaas het vroeër bekend gestaan as Kokerboom Hoogte (Sensuskaart 1891), en wel vanweë die baie kokerbome, Aloe dichotoma (Smit 1966:304), wat teen die hange gegroei en die opvallendste entiteit op die plaas was. Tans kom hulle nog sporadies voor. Hiervolgens is die lid Ara- klaarblyklik 'n gedevelariseerde uitspraak van Nama // gara = "die Aloe, der 'kokkerboom'" (Kr. & Rust 1969:83). Die lid -koop/-koep sal weer wees soos Nama /uib = berg of /gôub = bergrand/berghang, met wisseling van b/p (Nienaber & Raper:1977:42 by 5A1), aan die woordeinde. Dan is Kokerboomhoogte of -berg die vertaling van Arakoep. Nienaber & Raper (1980:178) huldig dieselfde siening.

Arkoep is een van die oudste plase in die Onder-Kamiesberg. Volgens Steenkamp (1975:57-61), was die oorspronklike eienaar ene Jan Beukes, 'n vryburger van Stellenbosch of Franschhoek wat die plaas van 'n Baster bekom het. Die plaas het vandag nog sy oorspronklike grenslyne.

NoheepOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Beukes JT 1980 Geoloog Gesprek "Op Noheep vind mens dieselfde geaardheid grond as op die naburige plaas, Kersbosch Fontein. Daar sou dus vroeër ook baie kersbosse gegroei het."

Nienaber & Raper (1980:642) "Dit lyk moontlik dat 'Noheep', 'kersbos' en 'Kersbosch (Fontein)' 'n toponimiese kerngroep vorm, want naas die topografiese verband is daar dalk ook 'n taalkundige ooreenkoms."

Kersbosse moes vroeër so opvallend hier voorgekom het dat dit deurslaggewend was by die naamgewing van Kersbos Fontein as plaas. Aangrensende aan laasgenoemde, kan vry algemeen aanvaar word dat dié plantsoort ook op "Noheep" aangetref sou gewees het. Die plase kon vroeër ook albei deel gewees het van die area Noheep, aangesien plase eers later opgemeet is.

Volgens Smith (1966:286) is die kersbos se wetenskaplike benaming Sarcocaulon burmannii, terwyl Watt & Breyer-Brandwijk (1932:81-2) die Hottentotnaam as /nou/nou [nau-/naū] aangee. Nienaber & Raper (1980:642) is dus van mening dat indien die eerste lid van Noheep, naamlik No-, soos die /nou- is, en heep soos Nama heib of heip = "Busch" (Rust 1960:13), dan is Kersbos/Kersbosch moontlik 'n vertaling van Noheep.

Ek onderskryf hierdie siening waaruit dit dan blyk dat Nama vir Kersbos in die onderverdelingsnaam, Noheep, bewaar gebly het.

SpioenkopKop

K 3017 BB

Beukes TJN 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat dit 'n regop kop is van waar jy die hele plaas kan sien."

'n Hoë, regop kop, links van die nasionale pad en noord van die Arkoeprivier, van die kruin waarvan ver gesien of "ge-

spioeneer" kan word.

AREB

PLAAS Nam.Q.6-12

K 2918 CA

Eerste eienaar: Wrentmore GG 1910-04-17.

Van Heerde-versameling "Areb = kareeboom."

Van den Heever WC 1982 Boer Gesprek "Areb beteken 'Braai-ribbetjie'."

Wat laasgenoemde informant se verklaring betref, wys Nienaber & Raper (1977:208) daarop dat 'n rib in Nama /ara-b, en vet uitbraai eira is. Volgens Van Heerde se opgaaf is dit egter soos Nama !are-, gedevelariseerde vorm van die leenwoord !kare(b), uit Khoekhoens in Afrikaans kareeboom, Rhus lancea (Smith 1966:280). In Oud-Kaapse dialekte van Khoekhoens het dit nog (!)k- gehad (Nienaber 1963:331-2).

Dat dié betrokke boomsoort in die omgewing voorgekom het, word bevestig deur onder andere Kareehoute Kloof, 'n plaas suidwes van Areb. Daar kan miskien ook gedink word aan die kareedoring, Lycium sp. (Smith 1966:279), wat nog heelwat in die omgewing voorkom.

Ek ken die plaas en omgewing en is van mening dat die naam eerder is soos Nama !gäre-b = "einzeln stehender Fels", verwysende na Areb se Berg wat driehoeksbaken nr. 5 dra. Die ml. ekv. -b is die terminaal wat hier bergname aandui.

Die bergnaam was dus primêr en is later op die plaas oorgedra.

Augabees

Watergat

K 2918 CA

Van den Heever WC 1982 Boer Gesprek "T'augabees is 'n grougat met soutwater. Op die klippe in die omgewing is daar

nog duidelike pylslypmerke sigbaar."

Met die palatale suigklap vooraan moet T'auga- dan vermoedelik vertolk word as Nama $\#\bar{o}xa$ = "salzig" (Rust 1960:51). Van die naamgedeelte bees sê Coetzee (1969:41) "h Klein watertjie is 'gas', h groot water is 'bees'." Dan ongeveer: "Souterige bron".

Bloed is in Nama /au. Dus kan T'auga- dan ook wees soos /auxa = "blutig" (Kr. & Rust 1969:16), of ook baie bloed, vol bloed. Die -bi- is die morfeem wat die naam van h plek aandui en die -s fem. sing. maak dit bepaalder deur te sê dat die plek moontlik h fontein/bron/put, ensovoorts is. Dus: "Bloedige bron", verwysende na bloed wat vroeër by dié bron gevloei het. Volgens die informant se opgawe moet ons egter voorkeur gee aan sout as die grondwoord.

ARIROEP

PLAAS Nam.Q.14-18

K 2917 AD

Eerste eienaar: Agenbag JAH 1927-10-20.

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Daar was vroeër baie klein-wild, veral steenbokke. Wat die naam betref, beteken dit 'klein hondjie'."

Goosen WJ 1978 Vragmotorbestuurder Vraelys "Die plaas Ari-roep het h Hottentotsnaam en volgens die ou Namataal beteken Ariroep 'Hondejongetjie'."

Met die plaaslike benaming hondejongetjie bedoel die informant hondjie, klein hondjie, en gaan, wat die betekenis betref, klaarblyklik op die klank af, naamlik Nama ari = hond, plus verkleiningsmorfeem -ro-, wat natuurlik moontlik is, maar baie onwaarskynlik dat h nietige gebeure soos die jong van h hond of h klein hondjie tot h plaasnaam aanleiding sou gee.

Van groter belang is eersgenoemde informant se vermelding van die baie steenbokke, Capra ibex (Odendal 1981:1069), wat vroeër daar aangetref is. Selfs vandag nog kom genoemde wildsoort redelik volop daar voor. Verder lê wes van Ariroep die plaas Steenbok met 'n gebied Klein Steenbok en Steenbok se Berge daarop. In die lig hiervan wil ek saamstem met Nienaber & Raper dat die eerste lid eerder soos Nama !ari = "das Steinbockchen" (Kr. & Rust 1969:29), sal wees. Die -roe- kan diminutiefmorfeem wees, sodat die naam dan sal beteken "Steenbokkie(s)berg" (Nienaber & Raper 1980:185). Ek is egter van mening dat -ro-b eerder 'n oronimiese morfeem is wat 'n berg, veral 'n ronde een, aandui - vermoedelik "Steenbokberg". Dan is dit eintlik die berg wat oorspronklik benoem is en waarvan die naam op die plaas oorgegaan het.

Eselwater se KloofKloof

K 2917 AD

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n kloof met 'n fontein waar 'n esel af tkarrabee het om water te suip, nie weer kon uitkom nie en toe daar vrek is."

Met tkarrabee bedoel die informant om af te gly teen die skuinste. Die kloof is, volgens hom, vernoem na die voorval met die betrokke esel wat by die fonteintjie water wou suip.

WindpoortPoort

K 2917 AD

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Die poort is eintlik 'n laagte of sandgeut waar die pad deur gaan en waar die suide- en oostewind 'n vreeslike vat het."

Dis 'n sanderige poort tussen die koppe waar die pad tussen Steinkopf en Port Nolloth deurgaan. In die volksmond staan dit bekend as 'n sandgeut waardeur die wind geweldig kan waai en gevolglik aan die poort sy naam besorg het.

WolfhoekGebied

K 2917 AD

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n hoek tussen die koppe waar vroeër se mense lande gemaak, geploeg en gesaai het. Sommer die eerste nag het die wolwe hulle trekgoed weggesleep."

Die hoek is vernoem na die baie wolwe, Canis lupus (Kritzinger 1963:772), wat vroeër daar gehou en die boere baie las besorg het. Die informant verhaal een van die baie staaltjies van hoe die wolwe in dié geweste trekgoed weggesleep het na grotte waar hulle hul verblyf gehad het.

AROAMSPLAAS Nam.Q.10-16

K 2918 BB

Eerste eienaars: Hayes M, sr., en andere 1915-07-14.

SG map 1895 "Aroams".

Vermoedelik soos Nama \neq aro- = haakdoring of blinkblaar-wag-h-bietjie, Ziziphus mucronatus (Smith 1966:492), met -ams vir mond, of soos hier, watergat of puts.

Die geheel dan "Wag-h-bietjieboomputs", soos Nienaber & Raper (1977:217) dit stel.

AVONTUURPLAAS Clw.Q.7-6 & A 7790/1955

K 3017 AD/BC

Eerste eienaar: Adriaan JAJJ 1844-02-15.

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Dis 'n baie ou plaas. Toe die eerste blankes hier gekom had (het), was ongediertes en Boesmans nog volop. Mense had baie kere knap-knap uitgeraak (noue ontkomings gehad) soos die geval was met ou Jantjie by Jantjie se Kop."

Die informant bedoel dat daar vroeër menige avontuur was wat aanleiding kon gee tot dié toepaslike plaasnaam. Hy verwys ter stawing, na Jantjie se avontuur, vergelyk Jantjie se Kop onder die plaasnaam QUAGGA FONTEIN.

Dit kan egter ook wees dat die naamgewer die uitdaging van sy nuwe verblyfplek as 'n avontuur gesien het.

Baksteenhoek Onderverdeling met opstal K 3017 AD

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Dis in 'n hoek geleë waar dit soms baie warm kan word, van daar vermoedelik die naam."

Dié hoek word soms, figuurlik gesproke, so warm soos 'n warm baksteen. Miskien dra die kleur van die grond tot dié beeld by. Daar is egter sommige mense wat meen dat die eerste bakstene in die hele omgewing, hier gemaak en gebrand is. Plaaslik bly eersgenoemde verklaring egter die populêrste.

Beeswaterkop Kop K 3017 AD

Van Zyl HWJG 1978 Boer Vraelys "'n Plek in die Spoegrivier naby Baksteenhoek waar honderde beeste vroeër jare gesuip het."

Die suiping, bekend as Beeswater, se benaming is oorgedra op die nabygeleë kop.

Diknek Onderverdeling met opstal K 3017 AD

Agenbach MM 1978 Predikant Vraelys "Die duin agter die ou opstal maak 'n oorgangplek, maar die sand is baie los en swaar."

Die sand in die nek tussen die twee sandknoppe waar die

driemanskool opgerig. Dit het toe ook beskik oor 'n hotel, poskantoor, winkel, tennisbaan, polisiestatie en kerksaal. Weens ontvolking is die opvoedkundige inrigtinge einde 1965 gesluit en die eens florerende Wallekraal het 'n spookaanleg geword.

BBANKEPLAAS Nam.Q.13-5

K 3018 AD

Eerste eienaar: Meyer CW 1926-02-25.

Meyer AJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas word so genoem omdat hier ± 5 morg plat klipbanke bokant 'n gatdam geleë is."

Met gatdam word bedoel 'n gronddam in die vorm van 'n gat in die grond gesink. Die klipbanke dien as opvanggebied.

Die plaasnaam is waarskynlik na aanleiding van dié opvallende plaat banke.

KookoppeKoppe

K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kookoppe".

Vermoedelik soos Nama ǀgo = spits (Kr. & Rust 1969:131).

Dus: "Spitskoppe", vergelyk Wit-Kookop onder die plaasnaam PLAT BAKKIES.

BANKENPLAAS Nam.Q.7-24

K 2918 BD

Eerste eienaars: Visser JNA, en andere 1911-10-17.

DMN 1916 en Afdelingsraadkaart s.j. "Banken".

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Baken".

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en boer Gesprek "Die plaas is vermoedelik vernoem na die banke wat daarop voorkom."

Die topokadastrale reeks se Baken moet ongetwyfeld Banken lees. Die plaas is in Nederlands vernoem na die klipbanke.

wat baie opvallend is. Die naam verskyn egter ook al in Afrikaanse vorm, naamlik Banke. Daar is ook 'n Banke se Kop op die plaas.

BASSONS PUTS PLAAS Nam-Q.13-27 K 2918 DD/3018 BB

Eerste eienaars: Kotze TJ, en andere 1926-05-21.

Afdelingsraadkaart s.j. en DMN 1916 "Bassons-Puts".

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Die Basson-basters had vroeër daar gebly."

Vernoem na die put(se) wat vroeër gegrawe is, vermoedelik deur Basters met die van Basson. Nes in die geval van die nabygeleë Bitterputse, was putte destyds die enigste vorm van watervoorsiening in hierdie waterlose gebied.

BIESJES FONTEIN PLAAS Clw.Q.8-31 K 2917 DB/DD

Eerste eienaar: Van Zyl JA 1850-01-21.

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Biesjes Fontein".

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die fontein waarna die plaas vernoem is, is geleë in die riviërtjie naby Bloustasie waar vroeër baie biesies gegroei had."

Vernoem na die fontein in die loop van 'n tak van die Drodap-rivier waar vroeër biesies wat langerig van steel is, vermoedelik die Cyperus of Scirpus sp. (Smith 1966:101; 333) gegroei het. Dus: die "Fontein waar daar biesies/matjiesgoed groei". Eie kennis asook verdere plaaslike navrae bevestig dat die betrokke plaasnaam ontstaan het deur benoeming van genoemde entiteite naamlik die fontein en die biesies. Ook die ligging daarvan is soos deur informant

Goosen verstrek.

Bloustasie Onderverdeling met aanleg K 2917 DB

Van Heerde-versameling "John Wolstenholm van Koperberg het daar 'n winkel gehad vir die damarasmouse. Ook was dit 'n soort van stilhouplek van die Kompanjie. Die gebou was van blousink, vandaar "Bloustasie'."

Met "Kompanjie" word bedoel die koperryers van die destydse kopermaatskappy. Die plek is dan vernoem na die sinkgebou wat daar gestaan het. Eertydse sink het blouer vertoon as die hedendaagse, gevolglik is plaaslik daarvan gepraat as blousink.

Lammerhoek Onderverdeling met opstal K 2917 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Lammerhoek".

'n Hoek wat vroeër vir die lammerskaap gespaar is. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke hoek daar dit net buite die munisipale grens van Springbok (dorp) geleë is.

Rushoek Onderverdeling met opstal K 2917 DB

Van den Heever L.(1972:62) "Omdat die plekkie so rustig in 'n hoek geleë is, het die plekkie dié naam gekry."

Die opstal "rus" in die hoek wat deur die berg of koppe gevorm word.

BITTER FONTEIN PLAAS Nam.Q.11-2 K 3018 BD/3019 AC

Eerste eienaar: Van Zijl AP 1916-04-04.

Brand AH 1978 Boer Vraelys "Omdat dit sleg, bitter water het."

Heel waarskynlik 'n onderverdeling van die vroeëre ou en toe nog groot Obees waarvan die Afrikaanse naam 'n vertaling is, vergelyk die plaasnaam OBEES, en wat beskrywend is van die bitter, brakkerige water.

Ramberg

Berg

K 3019 AC

Brand AH 1978 Boer Vraelys "Ramme was lief om daar te loop."

Die berg of kop dra opmetingsbaken nr. 3 en heet Ramberg omdat die boer se ramme, nadat hul uit die vee gehaal is, by dié berg geloop het.

BITTER PUTS NR.1-4 PLASE Nam.Q.14-20; K 2918 DD/2919 CA/
12-25; 13-19; 13-8 2919 CC

Eerste eienaars: nr. 1 Nieuwoudt JAJ 1926-08-21; nr. 2 Van Zyl AJ, en andere 1925-11-18; Beukes TJN, en andere 1926-03-30; nr. 4 Beukes AP, en andere 1926-03-06.

Opmeting 1958 "Name of a well or excavation containing very brak water. The feature is definitely referred to as Bitterputs and not Bitterput by the local inhabitants."
Maass AL 1978 Boer Vraelys "Voor hier nog boorgate gesink is, was die enigste water putte waarvan die water bitter sout was. Dit is hoekom dit Bitterputs heet."

Daar is 'n groot soutpan op die rand waarvan destyds die enigste water bekom is deur vlak putte van ongeveer 5-6 m te grawe. Om alle eienaars aandeel aan die water te gee, is die grond om die pan verdeel in plase wat soos die speke van 'n wiel by die naaf bymekaarkom en agtereenvolgens genommer is, vandaar nrs. 1-4.

Blomhoek se LoskopKop

K 2919 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Blomhoek se Loskop".

Roux B 1982 Meganikus Gesprek "Die kop staan los van die ander berg(e)."

'n Losstaande kop, van daar Loskop, wat as noordoostelike hoekbaken van die plaas dien. Dit dra opmetingsbaken nr. 9. Die kopnaam is verafrikaans. Die verklaring soos deur die informant gegee, kan deur my bevestig word daar ek die kop goed ken.

BODABEEPPLAAS Nam.Q.1-18

K 2918 CD

Eerste eienaar: Van Zyl HA 1864-07-16.

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "Waarskynlik omdat daar baie abiekwabome (dabeebome) in die rivier daar naby groei."

Vir die verklaring van die komponent -dabeeep, vergelyk die plaasnaam DABEEP. Die lid Bo- dui aan dat die plaas hoër op langs die rivier lê. Op Sensuskaart 1891 word dit nog met 'n koppelteken geskryf.

BOESMAN-PLAATPLAAS Nam.Q.12-14

K 3018 AB

Eerste eienaar: Stone JW 1925-11-12.

Dreyer J 1980 Plaat- en metaalwerker Vraelys "Vernoem na die plat klipplate waarop die Boesmans geslaan of met die voete gestamp het om dromgeluide voort te bring op die musiek waarvan hulle gedans het, veral wanneer dit volmaan was."

Vernoem na die plat klipplate waarop die Boesmans "musiek" gemaak het, soos deur die segsman beskryf:

BOK-PUTS

PLAAS Nam.Q.13-17

K 3018 BA

Eerste eienaars: Dreyer J, en andere 1926-03-16.

Dreyer J 1980 Plaat- en metaalwerker Vraelys "Die water van die oorspronklike plaas was 'n put, gegrawe deur en die eiendom van 'n baster, ene Petrus Bok. Toe die regeeringsgrond uitverkoop word, het Johannes Dreyer die plaas gekoop en dit Bok-Puts genoem."

Die plaas is dus vernoem na die put gegrawe deur Bok, die vroeëre bewoner van die grond voor uitmeting en transportering van die plase. Plaaslik heet dit Bok se Puts.

BONTE KOE (vroeër bekend as Hogomas)

PLAAS F1-1A

K 2917 CB

Eerste eienaar: Cloete Gert alias Africaner 1861-05-11.

Hahn 1901:239 "/Ho-gomas die bunte Kuh holl. Bontekoei." Van Heerde-versameling "Bontekoei. In 1819 het 'n landdros (Tulbagh) dit aan 'n Gert Cloete gegee. Die middelpunt was 'n Bontekoei' en die grond ingesluit, deur rondom die 'Bontekoei' te loop - 'n sekere afstand van die 'Koei', was die plaas. Dit was dus sirkelvormig en eers 'n paar jaar gelede het landmeter J. Lombard die plaas reg afgemeet en 'n kaart met reguit lyne geteken."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer "Op Ronde Bontkoei lê 'n spitskoppie mit (met) Blouswart klippe wat bont vertoon."

Nienaber & Raper (1977:562-3) gee die verklaring van die inlandse naam as Nama /hō = swartbont, en goma = bees,

horingvee, met die -s wat vroulik is en die koei aangee. Die naam is na aanleiding van die koppie, op sensuskaart 1891 genoem Bonte Kop, waarvan die kleur aan 'n swartbont koei laat dink.

Hahn (1901:237) maak die opmerking dat die Khoekhoen pleken bergname benoem het "nach ihrer augenscheinlichen Aehnlichkeit eines Gegenstandes".

Plaaslik heet dit eintlik Ronde Bontekoei, omdat die grond, wat aan beide kante van die Buffelsrivier strek, oorspronklik sirkelvormig uitgemeet is met 'n baken in die middel. Eers baie onlangs is dit deur die plaaslike landmeter, J.J.G. Lombard, agtkantig uitgemeet soos wat Van Heerde dit beskryf (Mondelinge mededeling deur J.J.G. Lombard). Die plaas is oorspronklik in 1819 deur die landdros Van Tulbagh aan ene Gert Cloete toegeken (Nienaber 1939b:15). Ná 'n interessante besitregstryd is dit in 1960, volgens mondelinge mededeling van J.H. Engelbrecht, destydse leraar van Komaggas, aan die N.G. Sendingkerk toegesê. Op 9 November 1977 is dit op naam van die uitvoerende bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad getranspoteer (aktenommer 28531).

BOSLUIS

PLAAS Nam.Q.13-7

K 2918 DD

Eerste eienaars: Cloete JN, en andere 1926-04-08.

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Dié gebied was vroeër vervuil van bosluis wat soms in koeke aan die vee gesit had (het). Dit was nog voor die gebruik van moderne dipmiddels."

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Die Bosluis-Basters wat nou hier woon, het eers in die Boesmanland gewoon. Deur bemiddeling van ds. Eksteen is hul toe hier (op Eksteensfontein) geplaas."

Coetzee skryf die plaasnaam toe aan die insek van die families Axodidae en Argasidae (Odendal 1981:112), wat vroeër aldaar 'n plaag was. Volgens Cloete weer, wil dit voorkom asof dit vernoem is na 'n sekere groep Basters wat die van Bosluis sou gedra het en vroeër in dié omgewing gewoon het, maar later na die Richtersveld verskuif is waar hulle nasate nog te vinde is. Plaaslike ondersoek het egter getoon dat daar nie 'n van soos Bosluis onder die betrokke Basters voorkom nie, maar dat dit 'n blote verwysing is na die plaas waarvandaan hulle verhuis het. Ek onderskryf Coetzee se verklaring, aangesien bosluise destyds voor die gebruik van moderne dipmiddels 'n ernstige plaag op sommige plase was.

BOVENSTE VLEIPLAAS Nam.Q.7-11

K 3018 BC

Eerste eienaar: Strauss RG 1911-01-19.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Boonstevlei en Onderstevlei.

Vleie wat ontstaan uit die Boonstevleilaagte en die Aalwynsfonteinlaagte. Die mense het walle rondom die vleie gegooi en is dit as't ware damme. Hulle hou net water as die riviere loop."

Die plaas is dus vernoem na die vleie wat hoër of boontoe op lê.

BRABISPLAAS Gr. 84/1953

K 2918 BD

Eerste eienaar: Turck G 1953-05-06.

Conradie (1909:50) "Brabees. Deze plaats is een grote kom van klip met zand in overvloed. Het regenwater zakt dus niet weg, maar blijft op de bodem. Graaft men al het zand uit, dan zal men een paar dagen lang genoeg water

hebben; maar dan verdamp't, en de gans, die de gouden eieren gelegd heeft, levert niets meer op."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds oor Brabees/Bra-bies/Brabis deur Nienaber & Raper (1977:266) gesê is, en waar onder andere een van hul informante deur oogfilologiese afleiding dit in verband bring met Bra (baie) bies, terwyl dit andersins na aanleiding van Hahn en Krenz, onderskeidelik as Barabis verstaan en soos Nama para = "breit, plump" verklaar moet word.

Ek is van mening dat laasgenoemde presies is wat die komponent Bra- (para-) in die geval van die betrokke plaasnaam beteken, naamlik "Breë/Wye plek". Die plaas is 'n groot, wye kom, soos Conradie dit dan ook beskrywe. Die -bis is lokatief. Op die plaas is ook Brabees se Kop met landmetersbaken nr. 12, asook Brabis Fontein (SG map 1895).

BRAKDAM

PLAAS Nam.Q.5-29

K 2918 CB

Eerste eienaar: Roux JH 1909-07-31.

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Brakdam".

'n Spruit van die Brakrivier loop oor die plaas. Die eerste lid van die plaasnaam verwys dan ook vermoedelik na die brakgehalte, terwyl -dam 'n laerliggende gedeelte veronderstel, wat op bogenoemde kaart aangedui word onder die gebiedsnaam Brakdam. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke plaas.

Tweelingputs

Gebied

K 2918 CB

Roux B 1983 Meganikus Gesprek "Twee eenderse putse naby mekaar."

Nuwefontein in die Boesmanland is, het die poskantoorowerheid versoek dat daar onderskeid gemaak moet word. Die kinders van genoemde Willem Kotze het toe aansoek gedoen dat die poskantoor-tjie, wat op hulle eiendom geleë was, hulle van moes dra. Sodoende het die naam Kotzesrus, die rus- of blyplek van die Kotzes, amptelike erkenning verkry en het dit met verloop van tyd die noemnaam van die aanleg geword.

NariekoppeKoppe

K 3017 DD

Kotze GS 1978 Boer Vraelys "Die Nariekoppe (die deel -koppe is soos ek dit lees) is 'n Hottentotse naam, om daar so baie narieslaai is, en dan pluk hulle dit om te eet. Dit is 'n veldplant."

Nienaber & Raper (1980:617) lees die laaste lid as -kippe, maar ek vertolk dit as -koppe waar die slaai groei. Die informant verwys hier skynbaar na die sp. Mesembryanthemum waarvan Smith (1966:421) meedeel: "... the leaves appear to have been used probably by the Hottentots, as a kind of salad (Afr.: slaai)". Hierdie narieslaai is nog algemeen bekend in dié geweste.

RibbokkopKop

K 3017 DD

Kotze GS 1982 Boer Brief "Ribbokke was baie lief vir dié kop. Jy het vroeër altyd van hulle daar gekry."

Vernoem na die Cervicapra fulvorufula (HAT 1981:901) wat veral vroeër in dié kop gehou het.

Wolf se KopKop

K 3017 DD

Kotze GS 1982 Boer Brief "'n Kop met gate waarin 'n wolf voortyd gereeld kom broei het."

Vernoem na die Canis lupus (Kritzinger 1963:772). Plaaslik word dit kortweg Wolfkop genoem.

BRAKFORNTEIN AND UITKOMST

PLAAS Clw.Q.8-36

K 3017 BD

Eerste eienaar: Engelbrecht W 1850-10-01.

Burke JL 1978 Boer Vraelys "Die eiendom lê halfweg tussen die Sandveld en die Kamiesberge. Daar is 'n redelike sterk brak fontein op die plaas soos die naam aandui. $\frac{1}{2}$ Uitkoms meen dat jy die helfte van die steil berge uit is as jy van die see na die Kamiesberge op reis is."

Vanmelewe het die ou pad oor die plaas geloop waar daar dan ook 'n uitspanning was waar die trekdier kon suip en 'n uur of wat kon rus, alvorens die verdere opdraande die berge uit aangedurf is. Plaaslik is algemeen gepraat van " $\frac{1}{2}$ Uitkomst" waarmee bedoel is dat jy nou halfpad teen die steil berge uit is. Op moderne kaarte verskyn die oorspronklike plaas net onder die naam Brakfontein. Die oorspronklike benaming Brakfontein $\frac{1}{2}$ Uitkomst het feitlik al in onbruik geraak omdat dit verdring is deur onderverdelingsname soos Klipvlei, Brakdam, ensovoorts. Vergelyk die plaas BRAKKEFONTEIN met die oog op die moontlike in-landse naam wat vertaald voortleef.

Brakdam

Onderverdeling met opstal

K 3017 BD

Burke JL 1978 Boer Vraelys "Met die trek van Le Vaillant (die Fransman) na die binneland van Afrika het hy op die naburige plasie, Brakdam, naby Klipvlei gekom."

Op die Divisional map of Namaqualand 1916 word die fontein, naamlik Brakfontein, waaraan die eerste gedeelte van die oorspronklike plaasnaam ontleen is, aangegee op die plek

waar die huidige Brakdam geleë is. Ter onderskeiding is die komponent -fontein vermoedelik met -dam vervang by benoeming van die onderverdeling en wel vanweë die gronddam wat daar gemaak is vir die opvang van reënwater. Ek ken die betrokke gebied en grond my afleiding grotendeels op eie waarneming.

Brakdam se Hoogte Hoogte/pas K 3017 BD

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Brakdam se Hoogte".

Beide die ou pos- en huidige nasionale pad kronkel deur die pas die steil hoogte aan die noordelike grens van die plaas uit in die rigting van Karkams. Die pas staan bekend as Brakdam se Hoogte, ongetwyfeld vernoem na die onderverdeling waarop die pas of hoogte geleë is. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke hoogte/pas.

Klipvlei Onderverdeling met opstal K 3017 BD

Burke JL 1978 Boer Vraelys "Brakfontein $\frac{1}{2}$ Uitkomst is feitlik al onbekend. Vandag is dit alom bekend as Klipvlei, omrede 'n groot vlei met baie klippe op die eiendom is."

Die tweede gedeelte van die oorspronklike plaasnaam, naamlik Uitkomst, is met die loop van jare verdring deur die benaming Klipvlei omrede die groot vlei in die klipperige omgewing.

Oogfontein Fontein K 3017 BD

Forbes (1948:60) "Oogfontein, I am informed by Dr. E.E. Mossop, is north of Garies and about one-third of the way to Kamieskroon. It is off the new road, is near the farm Uitkomst (43), and a little way north of the farm Schuinskraal."

Forbes (1965:85-6) "About 8 miles N.N.W. of Garies he (Paterson) came to Eye Fountain or Oogfontein, thus named 'by the natives, from one of them having had his eye struck out here in a quarrel with others'."

Dis 'n baie ou fontein. Van der Stel het reeds in 1685 die eerste Hottentot-kaptein, Nonce, hier ontmoet. 'n Amusante toneeltjie het hom hier afgespeel. In 'n gesprek beweer Nonce dat Van der Stel wel baas is in die Kaap, maar hier is hy (Nonce) baas. Toe Van der Stel hom voordoen asof hy sy kamp gaan afslaan om sommer daar en dan die baasskap uit te spook, het Nonce gou 'n noot laer gesing (Heese 1942b:13).

Forbes lokatiseer nie alleen die fontein nie, maar verklaar ook die naam, naamlik dat een van die inboorlinge hier in 'n rusie 'n oog verloor het.

Die fontein verskyn nog op die Divisional map of Namaqualand 1916.

Syferdam se Berg

Berg

K 3017 BD

Opmeting 1966 "Vermoedelik 'n fontein wat in 'n dammetjie insyfer. Vernoem na die oorspronklike plaasnaam Zyferdam."

Die berg is vernoem na die onderverdeling, Zyferdam, waarop dit geleë is en wel vanweë die syferfontein en dam, soos deur Opmeting meegedeel.

BRAK-KAIP

PLAAS Nam.Q.13-22

K 2919 CC/3019 AA

Eerste eienaars: Kotze FV, en andere 1926-04-15.

De Vries J 1978 Boer Vraelys "Aangrensend (aan Vars-Kaip) is 'n plaas Brak-Kaip waar weer om 'n pan water is, wat

redelik brak is."

Vir verklaring van die lid -Kaip vergelyk die plaasnaam VARs-KAIP. Die Afrikaanse lid Brak- dui op die soutgehalte van die water ter onderskeiding van die aangrensende Vars-Kaip.

BRAKKEFONTEIN

PLAAS Clw.Q.7-40

K3018 CA/CC

Eerste eienaars: Nieuwoudt GS & JH 1844-03-15.

Laidler (1927:149) "D/ou D/gams(?). The Nama name for Brakfontein. There is a tradition that here the Bushmen lived before the Hottentots came to the land."

Mossop 1935:298 "Brackefontein - the farm of the widow Cornelis van der Westhuizen."

Daar is verskeie plase in Namakwaland met dié naam, so Clw.Q.8-38 op K 3017 DD; 1927-11-4920 op K 3017 DB; een met die aliasnaam Groot Brak, naamlik Clw.Q.8-20 op K 2917 DB, en 'n ander met die aanvulling Uitkomst, naamlik Clw.8-36 op K 3017 BD.

Dit is nie moontlik om met sekerheid die spesifieke plaas uit te wys waarop die inlandse naam soos deur Laidler verskaf, betrekking het nie. Wat egter van belang is, is dat Laidler se /Ou-/gams, soos Nienaber & Raper (1977:978) die uitspraak aangee, die ou naam is vir wat nou vertaald voortleef as Brak(ke)fontein en wel vanweë die brakgehalte van die fonteinwater.

Eendop

Klipdam

K 3018 CA

Nel J 1978 Boer Vraelys "Eendop is 'n klipdam waar net genoeg water vir een dop was."

Die plaas Q.6-9 op graadvierkant 2918 AC dra 'n soortgelyke naam waarvan die ou inlandse naam, /Gui-/gabiseb, deur die betydse optekening van Schultze (1907:170) behoue gebly het. Indien Eendop as klipdam ook 'n vertaalde naam dra, sal dit neerkom op "waar slegs een volstruiseierdop (drink)-water in bewaar is", andersins moet dit vertolk word in terme van een dop met betrekking tot drank. Volgens die informant lyk dit of die naam in die blankes se tyd gegee is en dus nie in vertaalde vorm voortleef nie. Vergelyk die plaasnaam EENDOP.

Mostertsvlei Onderverdeling met opstal K 3018 CA

De Klerk GN 1980 Boer Vraelys "Dit word so genoem omdat daar 'n vlei is waar Mosterts gewoon het."

Die betrokke vlei is 'n natuurlike depressie waarin reënwater versamel en vars bly. Die Mosterts wat hulle by dié vlei gevestig het, het die onderverdeling en opstal na hulle self en die vlei vernoem.

Pramkop Kop K 3018 CC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Pramkop".

Eintlik is dit twee identiese koppe wes van die nasionale pad wat weens hulle ligging en vorm aan vroulike borste laat dink. Plaaslik ken almal dit as die Pramkoppe. Hulle dra opmetingsbaken nr. 63.

Rondefontein Onderverdeling met opstal K 3018 CA

Die Klerk GN 1980 Boer Vraelys "Dit word so genoem omdat dit die enigste fontein op die plaas is wat rond is."

Die informant beklemtoon die ronde vorm van die fontein waar-

na die onderverdeling benoem is, aangesien daar onder andere ook nog 'n Langfontein op die oorspronklike plaas is.

Vonkelfontein Onderverdeling met opstal K 3018 CA

Kotzé JH 1980 Boer Vraelys "Mika (wat ons sê uilspieël) wat in die water vonkel as die son daarop val."

Die water van die fontein bevat mika, 'n glasagtige metaal wat maklik in dun blaadjies gesplyt kan word (Kritzinger 1963:374), en vonkel as die sonstrale daarop val.

BRAKPUTS PLAAS Nam.Q.11-4 K 2917 DC

Eerste eienaar: Loynes SE 1916-06-07.

Kotze WJ 1978 Rustende boer Gesprek "Vroeër was die enigste water op die plaas dié van 'n put in die loop van die rivier, waarvan die water baie brak was. Dis in hierdie puts wat Toeloe Dixon, die jongste broer van wyle Takkie Dixon van Springbok, op omtrent twintigjarige leeftyd verdrink het. Hy het by 'n suster Hettie, wat met skaap-inspekteur Loynes getroud was, gebly. Terwyl hy by die puts diere water gegee het, het sy voete van die skep-bankie geglip."

Die plaas is vernoem na die brakwaterputs wat vroeër die enigste waterbron was. In die lig van /Ou-/gams as inlandse naam vir Brak(ke)fontein, is die moontlikheid daar dat Brakputs ook 'n vertaalde naam kan dra, soos Nienaber & Raper (1977:978) tereg daarop wys.

Botterhoog Steilte K 2917 DC

Wiese DJ 1978 Klerk en boer Vraelys "n Voetpad wat so steil en glyerig is, dat dit vir klimmers gevoel het of dit met

botter besmeer was."

Voëlwater se Kloof

Kloof

K 2917 DC

Wiese DJ 1978 Klerk en boer Vraelys "Die enigste ander watertjie, destyds, in 'n noordoostelike rigting van die opstal, maar dit was so min dat die voëltjies moes wag vir mekaar om te drink."

Die kloof is vernoem na die watertjie wat byna net genoeg was vir die voëls.

BRANDKOP

PLAAS

K 2918 DA

Eerste eienaar: Van Niekerk JdV 1949-04-06

Van Niekerk IJ 1978 Boer Vraelys "Brandkop is 'n klein koppie op die plaas. Dit was 'n veewerf waar 'n sekere Brand-skaapwagter met sy skape gestaan het."

Genoemde koppie staan bekend as Brand se Kop en dra opmetingsbaken nr. 52. Die plaas is na dié koppie vernoem en dan wel om die rede soos deur die informant verstrekk.

Pennetjie se Vlei

Vlei

K 2918 DA

Van Niekerk IJ 1978 Boer Vraelys "Dit is vernoem na 'n persoon met die bynaam van 'Pennetjie' ('n kwaai naam). Hy het by die vlei gestaan as dit reënwater het."

BRAZIL

PLAAS 561/1912

K 2917 CC

Eerste eienaar: Ongeregistreerde grond (Staatseiendom).

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Selfs onder die ouer geslag kan niemand iets omtrent die oorsprong van dié plaasnaam

meedeel nie. Wat ons wel weet is dat die plaas voor registrasie Jakkalshoogte geheet het. Volgens dr. Hans Merensky se verslag is dit, tot vandag nog, diamantdraende gebied."

Volgens SG map 1895, asook Sensuskaart van 1891 en Divisional map of Namaqualand 1916, was dié betrokke gebied nog onopgemete staatsgrond en bekend as Jakkalshoogte. Die latere naam, Brazil, het heel waarskynlik ontstaan ná die ontdekking dat dit diamantdraende gebied is. Met die vernoeming na Brasilië, wat vir 150 jaar die wêreld se ver naamste produsent van diamante was, veral die staat Minas Geraes, (Albertyn 1959:1545), wou die benoemer te kenne gee dat dit 'n tweede Brasilië (Brazil) sou wees. Dit is in ooreenstemming met dr. Merensky se verslag waarvan die informant melding maak.

Jakkalsbaai

Baai

K 2917 CC

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Brazil is eers Jakkalsbaai genoem."

Die baai heet na die plaas wat eers Jakkalshoogte genoem is en later verdoop is na Brazil.

Melkbospunt

Punt

K 2917 CC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Melkbospunt".

Dis die punt net suid van Jakkalsbaai en ongetwyfeld so genoem vanweë heelwat melkbos, Euphorbia sp. (Smith 1966:335) wat in die onmiddellike omgewing aangetref word. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

Spioenkop

Koppie

K 2917 CC

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Dis die hoogste koppie op

die plaas, waarvandaan jy oral kan sien."

Die woord spioen word plaaslik algemeen gebruik wanneer die omgewing vanaf 'n hoë plek bespied word op soek na vee.

Spookwerf

Veewerf

K 2917 CC

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Volgens oorlewering het die vee op dié betrokke werf nooit gedurende die nag stilgestaan nie. Hulle het voortdurend geskrik waarvoor daar geen verklaring was nie. Almal het geglo dat dit daar spook."

So vernoem omdat daar vas geglo word dat dit daar spook.

Swartstraat

Seestraat

K 2917 CC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Swartstraat".

Vanweë die baie seebamboes, die Ecklonia buccinalis (Smith 1966:412), wat daar groei, vertoon die seewater donker van kleur, van daar die benaming Swartstraat. Vir meer besonderhede vergelyk Swartstraat onder die plaasnaam SCHULP FONTEIN.

Thys se Baai (-Pad)

Visbaai

K 2917 CC

Engelbrecht GP 1980 Boer Vraelys "Oor die plaas loop 'n pad naamlik Thys se Pad. Dit is vernoem na 'n sekere Thys Schreuder. Hy het op Witteduin gebly, maar baie dikwels op Brazil gaan visvang by 'n baai met die naam Thys se Baai, wat na hom vernoem is."

Louw A 1980 Huisvrou Vraelys "Gys se Baai. 'n Kleinneef van my ma het daar verdrink. Sy naam was Gys Huisamen. Toe word die baai na hom vernoem."

Hoewel mev. Louw van "Gys" in plaas van "Thys" praat, skyn

dit tog of die twee informante na dieselfde baaitjie verwys, maar die naam verskillend verklaar.

Thys se Pad is vandag nog algemeen bekend as die pad wat Thys Schreuder deur die sand "oopgetrek" het see toe. Dat die baai na hom vernoem kan wees, lyk baie aanneemlik en word plaaslik algemeen onderskryf.

BRUINKOPPLAAS Clw.Q.7-12

K 3018 CB

Eerste eienaars: Coetzee DL, en andere 1844-02-15.

SG map 1895 "Bruinkop".

'n Baie ou plaas, ongetwyfeld vernoem na die kleurindruk van die kop wat die mees uitstaande entiteit op die plaas is. Die verklaring berus op eie kennis van die plaas.

DabirivierRivier

K 3018 CB

Topografiese reeks 1974 vel 3018 Loeriesfontein "Dabirivier".

Die lid Dabi- is soos Nama dabe- = brak of brakboom, die Tamarix usneoides (Smith 1966:169). Dus: "Brakrivier" of "Brakboomrivier". Volgens Nienaber & Raper (1980:234) is die lid Dabi- taalkundig en toponimies te vereenselwig met die lid Brak- van Brakfontein waar die riviertjie ontspring. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke rivier.

BUFFELSFONTEINPLAAS Clw.Q.7-22

K 3018 CA

Eerste eienaars: Coetzee GJ, en andere 1844-02-15.

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Buffelsfontein".

Dreyer JJ 1985 Pensionaris Gesprek "Volgens wat ek van ouer mense verneem het, het buffels vroeër daar voorgekom."

'n Baie ou plaas met 'n uitspanning by die oorspronklike fontein waar volgens plaaslike oorlewering buffels, Bos caffer (Kritzinger 1963:90), vroeër gehou en die plaasnaam tot gevolg gehad het.

Olienboomskraal Onderverdeling met opstal K 3018 CA

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Olienboomskraal gedeelte Buffelsfontein. Daar was baie olienbome."

Vernoem na die Olea africana (Smith 1966:354) wat volop voorkom in die bergagtige dele van die streek.

Ondertuin Onderverdeling met opstal K 3018 CA

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Ondertuin gedeelte Buffelsfontein. Oumense het tuin gemaak langs die rivier."

Vernoem na die tuinery onder langs die Ondertuinsrivier.

Ryshoek Onderverdeling met opstal K 3018 CA

Kotzé JH 1980 Boer Brief "'n Sekere tyd van die jaar het die miere eiers (Hottentotsrys), wat gegrawe en ge-eet is."

Vir die betekenis van die lid Rys-, vergelyk Ryskop onder die plaasnaam GHAAMS. Ryshoek is dan die hoek waar baie ryp mierneste is, afkomstig van Nama !gîbe- (Rust 1960:61).

BURTONS PUTS PLAAS Nam.Q.10-24 K 3018 BC

Eerste eienaar: Nieuwoudt JHM 1915-12-21.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Genoem na Burtons vanaf Engeland, die voorouers van die Burdens. Die van het intussen verander. Hulle het die puts, wat tans nie meer bestaan nie, gegrawe."

Die plaas is dan vernoem na die puts wat deur die Burtons aldaar gegrawe is. Die van Burden kom nog in Namakwaland voor.

Kwanas

Gebied

K 3018 BC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kwanas".

Die betrokke gebied is geleë in die onmiddellike omgewing van die gegraafde Burtonspits. Verder grens laasgenoemde plaas aan Daasdaap. Die moontlikheid bestaan dus dat die lid Kwa- dalk te vereenselwig is met Nama /gâ- = gras (Rust 1960:28), en -nas soos #gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dus naasteby "Grasputs".

BYNES KRANS

PLAAS 7793/1955

K 3017 BC

Eerste eienaar: Mostert PAF 1958-11-01.

Mostert PAF 1978 Boer Vraelys "My plaas, Bynes Krans, is 'n gedeelte van die plaas Avontuur en ook 'n gedeelte van Gembok Vley. In eersgenoemde gedeelte is 'n klipkrans, genoem Bynes Krans, omdat daar altyd 'n paar byneste in was. Met die uitmeet van die plaas het Bynes Krans dus in my grond geval en aangesien ek die uitgemete plasie 'n naam moes gee, het ek dit Bynes Krans genoem."

Vernoem na die koppie met redelike klippe of kranse, soos dit plaaslik genoem word, waarin byneste vroeër voorgekom het.

CCANARIES FONTEIN AAN DE KOOK FONTEINPLAAS Clw.Q.7-17 EN 7-18

K 3017 BA

Eerste eienaar: Aggenbach GA 1844-02-15.

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Daar was 'n varswaterfontein waar, asook in die rivier digby, baie kanariegras welig gegroei het. Dit dra saadjies nes die kanariesaad wat vandag gekoop word. As gevolg hiervan was kanaries baie volop."

Canaries Fontein is net soos Kook Fontein van die oudste plase in Onder-Kamiesberg. Beide het aan dieselfde oorspronklike eienaar behoort.

Die naam is ontleen aan die baie kanaries, fam. Fringilidae (Odendal 1981:516), wat as gevolg van volop kanariegrassaad in die omgewing van die fontein gehou het.

GoeieboesGebied

K 3017 BB

Opmeting 1978 "Goeieboes, 45 km suidsuidwes van Springbok. Ou naam vir 'n kom tussen die berge en vir landrye. Vermoedelik Nama."

Dié gebiedsnaam is vermoedelik van Nama-oorsprong. Gedagtig daaraan dat ou plaas- en plekname dikwels uit die oorspronklike Khoekhoense naam vertaal is, is Nienaber & Raper (1980:343) van vermoede dat dit miskien 'n volksetimologiese vervorming kan wees van Thoucocos, die enigste optekening van die kanarievoël deur Claudius, die tekenaar wat Simon van der Stel in 1685 vergesel het. Indien wel, dan kan Goeieboes miskien 'n verminkte vorm wees van die plaasnaam Canaries Fontein. Nadere inligting kon egter nie bekom word nie.

Kagouries/Kagoeries Onderverdeling K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Die uitspraak is min of meer 'Ka-gores'. Vroeër het my ouers en andere daar in matjieshuise gewoon waar ek later getroud is. Die water groei uit 'n gat in die klip sodat dit selfs uitloop. As dit vol is, kan 'n mens omtrent 'n viergelling-emmer vol uitskep. Die naam het seker met die water te doen."

Kennedy HA 1978 Boer Vraelys "Kagouries het sy naam te danke aan 'n fontein wat uit 'n klipskeurtjie uitvloei. Dis op die plaas Wilde Paarde Hoek en Windkraal."

Hoewel Cornelissen nie die klapklank aandui nie, werp sy uitspraak van die naam genoeg lig om ons op die regte spoor te plaas. Die lid Ka- is die Oud-Kaapse woord vir drink (Nienaber 1963:252) wat in Nama gedevelariseerd is as ā (Rust 1960:62), terwyl -gore-s is soos Nama !gore-b = "Zebra" (1960:75), wat vroeër ook bekend was as wildeperde. Die -s van die fem. sing. dui die bron aan. Dus: die "Fontein (plek) waar die wildeperde drink". Die taalkundige ontleding word gesteun deur die plaasnaam Wilde Paarde Hoek, vergelyk aldaar. Ek ken die gebied en is oortuig dat die beragte omgewing 'n ideale habitat vir "wildeperde" moes gewees het.

Rondeklip Onderverdeling K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Op die kaal grond sit 'n groot ronde klip van byna kamergrootte, waarby vroeër putse gegrawe is."

Die opstal en ordonnansgedeelte van die plaas is vernoem na die kenmerkende, ronde, soliede rots (klip) waar vroeër sugputse of gorras gegrawe is vir water.

Steenbokkraal Onderverdeling K 3017 BA

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Daar was vroeër geweldig baie

Commonage dra die betekenis van weireg, dorpsveld, dorpsgrond, meent, gemeenskaplike grond(besit) van die volk of burglary (Bosman, en andere 1981:1092). Die grond is dus vir gemeenskaplike gebruik, dit wil sê dorpsgrond, van daar die naam Commonage.

COURAGIE FONTEIN

PLAAS Clw.Q.8-15

K 3018 AB

Eerste eienaar: Kotze F 1847-05-27.

Studer JP 1985 Afgetrede onderwyser Brief "Couragie is afgelei van die Franse woord Courage wat vreesloosheid beteken. My oupa, Hans Studer, kom uit Bern (Switserland) waar die drie tale Frans, Duits en Italiaans die offisiële tale is. Couragiefontein se oorspronklike water was 'n fontein wat geleë was waar die teenswoordige dam uitgegrawe is."

Volgens informant Studer is die eerste komponent van die betrokke plaasnaam afgelei van Frans courage (KURAZ) = "courage, bravery, guts" (Collins 1978:157), terwyl die tweede komponent op die oorspronklike fontein dui. Dus: "Dapper-/Moedfontein". Die plaasnaam vertolk klaarblyklik die vreesloosheid en moed wat die eienaar aan die dag gelê het.

Goraap

Onderverdeling met opstal

K 3018 AB

Studer JP 1985 Afgetrede onderwyser Brief "Goraap kom van die Namawoord gorra wat beteken om water wat onder die sandbedding in 'n rivier of holte is, uit te grawe."

Volgens die informant is Goraap dan soos Nama xora = graafwater (Rust 1960:28) met die -p wat lokatiewe. Dus: "Graafwaterplek".

DDAAS DAAPPLAAS Nam.Q.14-15

K 3018 BC

Eerste eienaars: Burden HW, en andere 1926-07-13.

Burden HW 1978 Boer Vraelys "Dit beteken Graslaagte."

Lochner MG 1981 Boer Brief "Dis 'n gelyk grasvlakte en daar loop 'n laagte bekend as Daasdaap, in 'n oostelike rigting."

Die lid Da(a)s- is soos Nama /gâ- = "Gras" (Rust 1960:28), en die tweede lid -da(a)p soos /gāb = vlakte (Kr. & Rust 1969:97), hier laagte. Vir wisseling van d- en g-, dit wil sê Da(a)s-da(a)p < /gâs/gāb, vergelyk Nienaber & Raper (1977:47 by 5E1), asook Nienaber (1963:179-180). Dus: "Graslaagte (Nienaber & Raper 1980:232), wat ook die naam van 'n onderverdeling is.

BossiekomGebied

K 3018 BC

Vollgraaff WA 1978 Boer Vraelys "Gedeelte van Daasdaap, genoem Bossiekom en afgelei van heelwat bossies op genoemde plaas."

Met -kom bedoel die informant 'n holte of droë vlei, waarvan etlikes op die plaas voorkom en die gebiedsnaam meegebring het. In en om die kom(me) groei heelwat bossies, van daar die eerste lid. Die bossiekom(me) is baie opvallend in die oorheersende grasvlakte.

DAAUWSPLAAS Nam.Q.14-16

K 3018 DB

Eerste eienaars: Burden WJD, en andere 1926-07-21.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Die Hotnos het vroeër vir dou,

daauws gesê omdat dit so min reën daar. Dit is dus 'n Hottentotnaam."

Dis duidelik dat die informant se verklaring bloot op klank-assosiasie berus. Ek wil Daauws eerder verklaar as fontein. Op die buurplaas, aan die westekant, lê Knous. Wuras, soos aangehaal deur Nienaber (1963:268), gee vir fontein in Kora op /kx'aus, en Meinhof /kx'aus. Met wisseling van kx/d (Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1) het dit oorgegaan na Da(a)uws.

DABEEB

PLAAS Nam.Q.3-6

K 2918 CD

Eerste eienaars: Roux AJM, en andere 1887-08-15.

De Kock WD 1978 Bankbestuurder Vraelys "'n Hottentotnaam vir Abiqua- 'n boomsoort wat in die droë rivierloop groei."

Die plaasnaam is afgelei van die dabee of abiekwaboom, die Tamarix usneoides (Smith 1966:196). Die -b(-p) is dan pleknaamduidend; die geheel "Plek met daweebome" of "Abiekwaboomplek" (Nienaber & Raper 1977:296).

Gedagtig aan die Brakrivier wat oor die plaas en sy onderverdelings, asook oor die aangrensende Brakdam vloei, kan die naam ook verband hou met dabe = brak (Krenz 1970:3). In dié verband wys Nienaber & Raper (1980:232) daarop dat die dabbieboom aangetref word by lekplekke wat brak is of souterig (waar diere brak), en sy Khoekhoense naam van dabbieboom na aanleiding van die souterige stoflaag op sy blare kry.

Die opstalnaam word met 'n -p aan die einde gespeel, wat algemeen is, en waaroor Nienaber & Raper (1980:233) hul as volg uitlaat: "As auslaut wissel -p en -b mekaar geredelik af vir aanduiding van die lokatiefmorfeem masc. sing., gebruik-

reservoir is. Uitgespreek met tongklap 'Tnon' en 'gas' soos in 'goed'. Geleë op die plaas Rietfontein."

Eintlik grotendeels geleë op die plaas Dabeeb. Vir die verklaring vergelyk die plaasnaam DRIEGAT.

DABENORIS

PLAAS Nam.Q.10-1

K 2818 DC/2918 BA

Eerste eienaar: Hayes Jurie 1914-10-23.

Schultze (1907:169) "Dabe-#oros, Wasserstelle im Oranje östlich von Ramansdrift. 'Die schmale (#oro) Stelle, wo Dabebäume, aus der Gattung Tamarix, stehen'."

Vir meer bronnegegewens vergelyk Nienaber & Raper (1977: 298). Oor die afleiding van die naam is die nodige deur Schultze gesê. Die slot -s is vir hom lokativerend. Die -n- is blykbaar 'n oorgangsklank wat artikulatories aanvaarbaar is.

Dabenorisheuvel

Kop/Berg

K 2818 DC

Hahn 1879 kaart "Dabe-#orob Mt.", berge.

Opmeting 1971 "Die boere van die omgewing ken die betrokke naam baie goed, maar is nie seker van die oorsprong van die name nie. Volgens hulle 'was die landmeter hier en het die name gegee'. Die berge is skynbaar na die plaas, Debenoris, genoem."

Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam DABENORIS. Die berg is lank voor die plase benoem, sodat aanvaar kan word dat die bergnaam, plaasnaam geword het. Die slot -b op Hahn se kaart is die indeks van bergname, naamlik die ml. ekv.

LevaillantspiekBergpiek

K 2818 DC

Opmeting 1967 "Die naam is op versoek van sy Edele mnr. H.J. Klopper, Speaker van die Volksraad, aan die piek gegee. Francois Le Vaillant was 'n Franse natuurkundige en reisiger wat Suid-Afrika in 1781-1785 besoek het. Die betrokke piek verskyn op 'n skildery deur Le Vaillant wat hy vanaf die suidelike oewer van die Oranjerivier, in die omgewing van Ramansdrift, geskilder het. Die piek het nie 'n ander naam nie. Die belangrikheid van die skildery lê daarin dat dit bewys dat Le Vaillant wel die Oranjerivier in sy reise bereik het. Die inligting is deur mnr. Klopper verskaf. Hy het sorgvuldig ondersoek laat instel om seker te maak watter bergpiek dit is wat op die skildery verskyn. Totdat die skildery gevind is, is daaraan getwyfel dat Le Vaillant ooit die Oranje bereik het; sy geloofwaardigheid is in twyfel getrek." Vorm onderteken deur P.C. Grobler, Mowbray.

Die betrokke bergpiek is geleë op die plaas Dabenoris. Volgens Opmeting is dit dan op versoek van sy edele mnr. H.J. Klopper vernoem na Le Vaillant, die Franse natuurkundige wat die gebied op sy reise besoek het.

DABIDASPLAAS Nam.Q.10-23

K 3018 BC

Eerste eienaar: Nieuwoudt G 1915-12-21.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Daar loop 'n braklaagte en daar groei dabibome."

Die lid Dabi- is dan soos Nama dabe- = brak of brakboom, naamlik die Tamarix usneoides (Smith 1966:196), en die lid -das soos Nama #gās = "Die Fläche, die Ebene, die Vley" (Kr. & Rust 1969:97), ook laagte soos deur die informant aangedui. Dus: "Braklaagte" of "Daweeboomlaagte".

Kambarogab se LaagteLaagte

K 3018 BC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kambarogab se Laagte".

Die naam van dié laagte is klaarblyklik te danke aan die kamb(a)roplante wat aan die Asclepiadaceae-spesies behoort, onder andere die Brachystelma-, Fockea- en Pachypodium-soorte (Smith 1966:272). Die lid -gab kan wees soos Nama \neq gāb = "die Fläche, die Ebene, die Vley", ook laagte (Kr. & Rust 1969:97); andersins is -ga- miskien die veelvuldigheidsmorfeem soos Nama -xa-, met die slot -b as die lokatiefmorfeem masc. sing. Dan is Kambarogab "Die plek (-b) wat ryk (-xa) is aan kambaro(plante)".

DABIDOMPLAAS Nam.Q.7-5

K 3018 CB

Eerste eienaar: Berman J 1910-10-20.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Laagte wat na die Hartbeesrivier gaan met baie dabibome wat langs die rivier staan. Die water maak 'n waterval en loop dan verder."

Die eerste lid is dan soos Nama dabe- = brak of brakboom, die Tamarix usneoides (Smith 1966:196). Die lid -dom herlei Nienaber & Raper (1980:234) na keel (Rust 1960:34), oordragtelik ook rivier(tjie), lopies, laagte. Miskien ook insinking (Kr. & Rust 1969:56), byvoorbeeld 'n "Kom waar daar dabibome is".

RamkopKop

K 3018 CB

Visser GJ 1978 Boer Vraelys "n Kop waar die mense se ramme geloop het."

(ANNEX) DAMSLANDPLAAS Nam.Q.9-22

K 3018 AC

Eerste eienaar: Rossouw CJ 1914-05-30

Beukes J 1978 Boer Vraelys "Annex is 'n stuk goewermentsgrond wat op Rooiberg geleë was. Die grond is aan verskillende boere uitgedeel en die stuk wat aan Damsland geval het, is Annex Damsland genoem."

Anneks beteken verbonde aan (Kritzinger 1963:36). Dams- is soos Nama /Gâ-ams = Grasfontein, vergelyk die plaasnaam DAMSBURG. Op Sensuskaart 1891 word 'n waterbron op die onderverdeling Damsland aangedui. Heelwat gras het blykbaar vroeër in die gebied om die fontein gegroei, van daar die inlandse naam Dams- met betekenis "Grasfontein". Die hibridiese Damsland het ontstaan deur die latere Afrikaanse toevoeging -land.

DANSE KRAALPLAAS Clw.Q.8-26

K 2917 BD/DD

Eerste eienaars: Van Zyl P, en andere 1850-01-21.

Rossouw HC 1983 Boer Gesprek "Dit is nie Danskraal, soos wat plaaslik gesê word nie, maar Dansekraal. Dis die naam wat op die oorspronklike kaart verskyn."

Plaaslik bestaan geen eenstemmigheid oor die herkoms van die naam nie. Die vermoede is dat dit oorspronklik as Daanse Kraal bedoel was, waarvan die eienaam vermoedelik die noemnaam was van die oorspronklike eienaar of pagter, wat ongelukkig nie nader geïdentifiseer kan word nie weens gebrek aan die nodige inligting.

Plaaslik word deurgaans van Danskraal gepraat, wat by sommige die vermoede wek dat dit vroeër 'n plek van baie jolyt en danspartytjies was. Die lid kraal verwys in elk geval

na die aanleg.

Krymekaar

Onderverdeling met opstal

K 2917 DD

Rossouw HC 1983 Boer Gesprek "Miskien die plek waar oom Daantjie Rossouw en dr. W.P. Steenkamp mekaar altyd gekry en gestorie (gesels) het."

Vanden Heever L (1972:62) "Krymekaar. Vroeër jare was naby Krymekaar 'n nou poortjie. As die boere altyd oor die bultjie kom, het hulle mekaar daar ontmoet."

Die oorlewerings lui soos deur die informante hierbo verhaal. Tog is die vermoede, na baie jare se navraag by verskillende mense, dat die naam eerder ontstaan het vanweë die feit dat die Onderveld se pad, naamlik die Wildepaardehoekpad, dāār by die hoofroete aansluit, dit wil sê dat die paaie "mekaar daar kry". Krymekaar was deur al die jare heen 'n baie bekende landteken.

DE BRANDE DUIN

PLAAS Nam.Q.1-9

K 3017 DB

Eerste eienaar: Kotze JH 1861-10-01.

Auret JG 1978 Boer Vraelys "In die vroeëre jare het hierdie gebied oor 'n groot oppervlakte afgebrand, omdat dit digte beboste veld was en het dit daarom die naam gekry van Brandduin. Vandag is dit weer dig begroei, maar op sommige plekke word nog swart grond en houtskoolstukke gekry."

Die plaas bestaan grotendeels uit dig begroeide duineveld waar nog spore van 'n vroeëre veldbrand(e) te bespeur is. Of dit per ongeluk was, of die opsetlike afbrand van die ruie veld vir beter weiding, is nie meer vas te stel nie. Dit is egter betrek in die naamgewing om dit te onderskei van die aangrensende plaas De Duin. Die Nederlandse vorm getuig van die ouderdom van die plaas.

Nienaber & Raper (1977:318-9) is van mening dat Laidler se Dong D/qua (Laidler 1927:148) miskien die ou naam van De Brande Duin kan wees. Myns insiens lê laasgenoemde hier-voor darem té ver suid om aan Anenous gekoppel te word. Ek is van mening dat hy eerder na Kniebrand verwys, verge-lyk onder die plaasnaam aldaar.

DE DAM

PLAAS Clw.Q.6-45

K 3017 DD

Eerste eienaars: Dreyer JC & C 1843-12-15.

Nieuwoudt JG 1978 Boer Vraelys "Daar's 'n groot dam wat as drinking vir meer as een boer se vee gebruik is, en toe die plaas verdeel is, is dit so verdeel dat meer as een boer deel aan die dam gekry het."

Die plaas is vernoem na die groot dam wat heel vroeg gemaak is en seker die oudste en enigste dam toendertyd in hierdie omgewing was vanweë gebrek aan opvanggebied in die Sandveld. Plaaslik heet dit Ou Dam, wat dan ook die ordonnans van die oorspronklike plaas was.

Swartleegte

Gebied

K 3017 DD

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Dis 'n dig begroei-de leegte wat vanweë die plantegroei swart opgee."

DE DUIN

PLAAS Nam.Q.1-6

K 3017 DB

Eerste eienaars: Du Toit G & GF 1861-10-01.

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Dis net 'n onder-skeiding van De Brande Duin. Hier lê baie duine."

Vernoem na die duine as vernaamste entiteit, en wel in

Nederlandse vorm wat van die ouderdom van die plaas getuig.

DE KLIPHEUVEL

PLAAS Clw.Q.6-48

K 3017 DA

Eerste eienaar: Engelbrecht W 1843-12-15.

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas is 'n hoë, klipperige heuwel - baie klipperig mit (met) waterbakke."

'n Baie ou plaas met die naam nog in Nederlandse vorm en na aanleiding van die opvallende klipheuwel in die andersins sanderige geweste.

Gaaboomkoppie

Koppie

K 3017 DA

Engelbrecht GC 1978 Boer Vraelys "Gaaboomkoppie - daar groei gaabome tussen die klippe."

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Die gaaboom is 'n rankerige wit melkboom wat tussen die skeure van klippe groei en ook bessies dra."

Nienaber & Raper (1977:605; 1980:261) verklaar Gaa(boom) soos Ka(boom). Dit is egter twee heeltemal verskillende boomsoorte. By laasgenoemde word plaaslik die wisseluitsprake tka-, tha- en ghnaboom teëgekom, met aanvangsuigklank en genasaleerde a (Snijman 1968 deel V: 122).

Volgens Van Vreeden (1965:10) is die Kora-woord ka, vaalkameelboom, Acacia haematoxylon, terwyl Smith (1966:263) dit die vaal- of basterkameeldoringboom, Acacia haematoxylon, maar ook die Boscia albitrunca, met volksnaam, witgatboom, noem.

Die plaaslike ghnaboom (met wisseluitsprake) se droë hout is witvaal van kleur met 'n donkerder pitgedeelte. Dis uitstekende vuurmaakhout. Die blaartjies en peule dien as

voedsel vir diere (MacDonald 1913:67). Dit skyn dieselfde te wees as Smith (1966:263) se vaal- of basterkameeldoringboom.

Die koppie ter sprake is egter nie na hierdie ghnaboomsoort vernoem nie, maar wel na die gaaboom, die plaaslike benaming vir die rankerige wit melk(hout)boom van die Sideroxylon sp. (1966:336), wat veral in die skeure van klippe groei.

Holland se Kop

Kop

K 3017 DA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Holland se Kop".

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Dis 'n regeringsbaken op 'n kop naby Soutfontein. Die 'Holland' was blykbaar 'n baie groot plaas, want die plaas 'De Klipheувel' is 'n gedeelte van die oorspronklike 'Holland'."

Dis wel 'n kop wat opmetingsbaken nr. 22 dra, maar nie 'n plaas nie. Die oorsprong van die naam kon nie vasgestel word nie. Die enigste vermoede is dat dit na die laagliggende gedeelte of "hol land" in die onmiddellike omgewing van die fontein (Soutfontein) kan verwys, andersins is dit 'n eienaam.

Rietkop

Kop

K 3017 DA

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "'n Kop waar veral vroeër baie riet gegroei had (het)."

Vir die betekenis vergelyk Rietkop onder die plaasnaam KWOAP. Die Rietkop nou onder bespreking dra opmetingsbaken nr. 40.

Sarrisaam

Onderverdeling met opstal

K 3017 DA

Engelbrecht JC 1978 Boer Vraelys "Op die kaart van die plaas

is De Klipheuvel maar dit staan bekend as Sarrisam en word altyd so genoem. Sarrisam is blykbaar 'n Hottentotse naam en het al glo die naam gekry omdat dit in die somer baie stof as die wind waai. Sarrisam beteken 'Stofwolke' of 'Stofspene'."

Nienaber & Raper (1980:697-8) sien Sarrisaam, wat vroeër klaarblyklik die westelike deel van Zand Kraal was, as die ou naam daarvan. Die eerste lid, Sarri-, is, na aanleiding van informant Engelbrecht se gegewens soos Nama tsara- = "Staub" (Rust 1960:58), bepaaldelik hier sandstof, wat taalkundig direk aansluit by die eerste lid van Sarri- en van Zand-. Die lid -sa(a)m is moontlik soos Nama sam- = "Mutterbrust" (1960:12). Volgens Nienaber & Raper (1980: 698) word die vlakte wat die sandstof lewer, gesien as 'n oop bors ('n voorbors), of laat die vorm van die stofwolk dink aan die kelkvorm van 'n moederbors, of aan 'n koei se uier met spene, "Stofspene", soos die informant dit stel. Iemand wat op 'n winderige dag die stofdwarrels die lug in sien trek het, sal saamstem dat "Stofspene" 'n raak beskrywing is van wat die ou Khoekhoens seker met hul benaming wou weergee.

Hiervolgens is -kraal dan nie 'n vertaling van die lid -sa(a)m nie, maar het dit net betrekking op die grondwoord Zand-. Dit skyn dan asof die Nederlandse vorm die vertaling is van die ouer inlandse naam, Sar(r)isaam, wat as plaasnaam verdwyn het, maar as deelnaam nog behoue gebly het.

Soutfontein

Aanleg

K 3017 DA

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Die water van die fontein was maar baie brak of sout."

'n Aanleg aan die Bitterrivier op die plaas De Klipheuvel en

aldus vernoem vanweë die brakgehalte van die fonteinwater, waarvan plaaslik gepraat word as soutwater, en gevolglik Soutfontein. Die fontein was vroeër gemeenskaplike water. 'n Plaasskool was vroeër hier gesetel.

DE KRUIS

PLAAS 1921-13-773

K 2918 DC

Eerste eienaar: Beukes GA 1921-02-01.

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "De Kruis".
Beukes HA 1978 Afgetrede boer Gesprek "Die naam dui op die paaie wat daar kruis."

Ek ken die betrokke gebied en kan bevestig dat die plaas vernoem is na die paaie wat daarop kruis. Die gebied by opmetingsbaken nr. 48 word dan ook Kruispad genoem.

DE KUILEN (Vroeër moontlik bekend as Kwas)

PLAAS Clw.Q.6-54

K 3018 AA

Eerste eienaar: Beukes J 1843-12-15.

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "De Kuilen".
Beukes HA 1978 Afgetrede boer Gesprek "Die naam dui op die waterkuile."

Eie kennis van die betrokke plaas onderskryf informant Beukes se mededeling dat dit vernoem is na die waterhoudende kuile wat veral vroeër daarop voorgekom het. Die vermoede is dat die Nederlandse benaming 'n vertaling is van die ou inlandse naam Kwas, wat as gebiedsnaam vir 'n gedeelte van die plaas, bewaar is, vergelyk aldaar.

Bovlei Onderverdeling met opstal K 3018 AA

Van Niekerk W 1982 Brief "Bovlei is 'n gedeelte van De Kuilen en is maar geleë in die vorm van 'n vallei."

Volgens die informant is die lid -vlei te verstane as vallei. Bo- verwys weer klaarblyklik na bo-op die Kamiesberg. Dus: die "Vlei/vallei wat bo/bo-op" geleë is.

Kanagas Onderverdeling met opstal K 3018 AA

Van Heerde-versameling "Annagaas = Skepwater, water wat geanna of geskep kan word."

Beukes HA 1978 Afgetrede boer Gesprek "≠kana- beteken om water uit 'n gaatjie te skep. Daar is 'n graafwaterput in die rivier."

Volgens die inligting van die informante sal die lid kana- dan wees soos Nama ≠nana = "Wasser in die Tränke giessen" (Rust 1960:72), met wisseling van n-/k- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6). Die -gas weer soos Nama ≠gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dus: "Skep-puts" of, in plaaslike taal, "Skepwater".

Kwas Gebied K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kwas".

Vermoedelik soos Nama !goa- = "Eisenkung (im Gelände)" (Kr. & Rust 1969:125), wat 'n vertaling van kuile is. Die -s van die fem. sing. dui aan dat dit die naam van 'n (ronderige) waterplek is (Nienaber & Raper 1980:587). Dit lyk dan asof die plaasnaam, De Kuilen, 'n vertaling is van die ou inlandse naam !goa-s, wat nog as gebiedsnaam bewaar is as Kwas, volgens uitspraak van die blankes, wat 'n goeie voorbeeld is van volksetimilogie.

NomgooisFontein/Gebied

K 3018 AA

Opmeting 1966 "T'Nomgoois. Fontein. Geleë op die plaas De Kuilen. Dit word in die omgewing met 'n tongklap T' en sonder die tongklap uitgespreek, 'g' soos in gooi (throw). In ander handskrif. !Gomkhoes = swanger vrou. Inligting verskaf deur die eienaars." Vorm onderteken deur A.C. Kruger.

Volgens Opmeting is die eerste komponent dan soos Nama !gom = "schwer sein" (Kr. & Rust 1969:126), en -goois soos khoë-s (Kor.) khóí-s (Na.) = "die Frau" (Rust 1963:513). Dus: "Swanger vrou".

Aangesien die fontein/gebied naby die grens van die buurplaas Olyven Fontein geleë is, huldig ek die mening van Nienaber & Raper (1980:552), dat T'Nomgoois moontlik die inlandse naam van genoemde plaas kan wees, in welke geval die eerste lid sal wees soos Nama !gom- = "der Olivenholzbaum" (Kr. & Rust 1969:126), bedoelende die Olea africana of wilde-olienhoutboom (Smith 1966:355). Die wisseling n-/g- is gewoon (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4). Die tweede lid -gooi-, is soos Nama !goa = "Eisenkung (im Gelände)" (Kr. & Rust 1969:125) en slaan op die fontein(e) of selfs op die kuile van die plaas De Kuilen. Hiervolgens dan: "Wilde)olienhoutboomfontein".

Volgens Opmeting per C.J. Turner 1978 (Nienaber & Raper 1980:552) word die naam as Komgoois verstrek, wat egter net 'n wisseluitspraak van Nomgoois is, aangesien wisseling van k- en n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D5) gewoon is.

DE RIETPLAAS Gr.142/1937

K 3018 AD

Eerste eienaar: Van Niekerk HJP 1937-09-07

ling, maar in die omgewing ken die mense die plek as 'Repuiskom'."

Rapuis is 'n metatesis van harpuis, soos byvoorbeeld in die geval van persent/present, terwyl die uitspraak van rapuis as repuis 'n geval is van een van die talle Afrikaanse woorde met 'n onbeklemtoonde a in die eerste lettergreep wat as toonlose e uitgespreek, maar nie geskryf word nie, byvoorbeeld baklei, skarnier, en dergelike meer. Die naam van die gebied is vanweë die baie harpuisbossies, Euryops sp. (Smith 1966:244), wat in die kom of holte groei.

Gannahoek Onderverdeling met opstal K 3018 AD

Engelbrecht AF 1978 Boer Vraelys "n Hoek waar daar baie gannabosse groei."

Die onderverdelingsnaam is na aanleiding van die hoek waar baie ganna, Salsola sp. (Smith 1966:218-9), groei, vergelyk die plaasnaam GANNA LAAGTE.

Kouwater se Berg Berg K 3018 AD

Engelbrecht AF 1978 Boer Vraelys "n Water onder 'n krans wat nooit son kry nie."

Die berg dra landmetersbaken nr. 16 en is vernoem na die water wat altyd lekker koud bly. Die gebied onmiddellik suid van die berg staan ook bekend as Kouwater.

Kwaskraal Gebied K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kwaskraal".

Met entiteite soos Eenwilger, De Riet en Papkuilsrivier in die onmiddellike omgewing, kan Kwas- miskien soos Nama #goã = modder (Kr. & Rust 1969:132) wees. Maar met Har-

puiskom as naam vir feitlik dieselfde gebied, kan miskien voorkeur gegee word aan !goa- = "Einsenkung (im Gelände)" (Kr. & Rust 1969:125). Die -s van die fem. sing. dui aan dat dit die naam van 'n (ronderige) waterplek of fontein was. Op moderne kaarte word daar dan ook 'n waterbron in dié gebied aangedui. Die Afrikaanse lid -kraal verwys na die destydse aanleg.

LanghoekOnderverdeling met opstal

K 3018 AD

Engelbrecht AF 1978 Boer Vraelys "Dis 'n lang grashoek, van daar die naam."

Die hoek word gevorm deur Langhoek se Berg. Die naam is van toepassing op die aldus gevormde hoek en is ook oorge- dra op die onderverdeling geleë op die noordelike gedeelte van die plaas.

DE RONDEGAS alias ARONEGASPLAAS Clw.Q.7-19

K 3017 BB

Eerste eienaar: Aggenbach JH (Weduwee) 1844-02-15.

Swart MC 1973:91 "... kan Aronegas nie wees die fontein by die aroena nie? Daardie lekker fris-bitter veldplant wat na die reëns sulke sappige nuwe jong lote met die fyn puntige dorings gee. Goed vir die maag sê die ou mense."

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Aronegas is 'n Nama-naam en beteken Wolfdoornfontein. Tans is die fonteintjie bekend as Taaibosfontein. Dit is trouens die naam van dié gedeelte van die plaas waarin die fonteintjie val."

Van Wyk CA 1978 Boer en ploegbaas Gesprek "Die naam was oorspronklik !ga-roenagas. !ga = wolf, -roena- = doring en -gas = fontein."

h Baie ou plaas in die wyk Onder-Kamiesberg, wat aan die oostekant aan Wolwepoort en aan die suidwestekant aan Doornfontein grens. Beide Van Niekerk en Van Wyk voer die plaasnaam terug na Wolfdoornfontein. SG map 1895 dui h oorspronklike fontein in dié omgewing aan as Wolwefontein, wat blykbaar op die huidige Wolwepoort geleë was. Aan die suidwestekant grens Aronegas weer aan die plaas Doornfontein. Voor opmeting is die omgewing skynbaar benoem deur middel van die twee fonteine, Doorn- en Wolwefontein, van daar Wolfdoornfontein, wat nog voortleef in die geheue van die nageslag wat die naam wil oordra as die betekenis van Aronegas. Van Wyk probeer dit selfs uit Nama verantwoord. Met !ga probeer hy vermoedelik !gau = wolf, weergee, terwyl -gas = fontein. Sy -roena- = "doring", hou egter nie steek nie.

Die plaasnaam het ongetwyfeld te make met die aroena-plant, Caralluma sp. waarvan Smith (1966:64-5) die volgende beskrywing gee: "The follicles are edible, and the branches, after peeling to remove the spines, formed a favourite item in the diet of the Hottentots and later of the Europeans, and are still much relished by rural children." Dis dieselfde veldplant wat deur Swart hierbo beskryf word.

Die tweede lid dui vermoedelik op Nama -xa- vir baie, ryk aan. Die -s is lokativerend, dus: die "Plek van baie aroenas". Nienaber & Raper (1977:219) is van mening dat die -gas ook soos Nama $\neq\bar{g}\bar{a}$ -s = "die Fläche, die Ebene" kan wees, veral as die klikkonsonant, deur hul segsman aangedui, naamlik Ouroena Tqakas, in aanmerking geneem word. Letterlik sal dit dan beteken "Aroenavlakte". Dit is h moontlikheid wat topografies verantwoord kan word en waarmee ek my vereenselwig, asook met hul siening dat De Rondegas h mooi voorbeeld van volksetimologisering is.

BrauershoekGebied

K 3017 BB

Van Wyk CA 1978 Boer en ploegbaas Gesprek "Dis 'n hoek voor, dit wil sê aan die noordekant van Suurberg, vermoedelik vernoem na ene Brauer."

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Moontlik ook Brouershoek of Bruwershoek. Vermoedelik het iemand met dié naam daar vir 'n tydjie gebly. Hy het ook 'n watertjie daar gemaak en 'n tuintjie aangelê."

Die hoek voor die berg is vermoedelik vernoem na iemand met die van Brauer, maar geen nadere inligting kon verkry word nie.

DriefonteinOnderverdeling

K 3017 BB

Van Wyk CA 1978 Boer en ploegbaas Gesprek "Dis 'n holte met goeie tuingrond waar vroeër skynbaar drie fonteintjies of watertjies was."

'n Gebied, tans 'n onderverdeling, op die noordelike deel van Aronegas waar vroeër drie fonteintjies of watertjies was, van daar die naam.

OssebergBerg

K 3017 BB

Van Niekerk TJ 1978 Pensioenaris Vraelys "Dis eintlik 'n gedeelte van die plaas Canariesfontein. Interessante halwe mag ek meld dat baie van die ou plase 'n 'osseberg' gehad het. Dis waarheen osse gejaag is om te wei. Dit was daarom spaarveld."

'n Berg op die suidwestelike grens tussen Aronegas en Canariesfontein met volop gras wat, volgens die informant, as spaarveld vir osse gedien het. Die vraag ontstaan egter of die eerste lid nie miskien soos Nama \neq eng (Kr. & Rust 1969:330), verklaar moet word nie, om dan die beteke-

nis van "Smalberg" te dra nie. Die plaaslike verklaring, soos deur informant Van Niekerk verstrek, moet seker voorkeur geniet.

DEUR DRIFTPLAAS Nam.Q.6-26

K 2917 DB/DD

Eerste eienaar: Caplan N 1910-09-06.

Van Zyl NE 1978 Motorwerktuigkundige Vraelys "Ek reken die naam is vanweë die pad wat daar deur die rivier gaan."

Volgens Sensuskaart 1891 blyk dit dat die ou Drodappad naby die suidelike grens van genoemde plaas deur 'n drif in die Drodaprivier geloop het. Die plaas is na dié deurgang deur die drif vernoem.

LewerbergBerg

K 2917 DB

Van Zyl NE 1978 Motorwerktuigkundige Vraelys "Hier op die plaas is 'n baie eienaardige berg. Dit lyk nes 'n dier se lewer. Selfs die plek van die gal is ook daar."

Die informant het goedgeunstelik 'n foto van genoemde berg ingesluit om die lewervormige rotsformasie, waaraan die berg sy naam ontleen het, te toon. Die berg dra opmetingsbaken nr. 18.

DE WITFLACTEPLAAS Nam.Q.1-8

K 3017 DC

Eerste eienaar: Kotze JJ 1861-10-01.

Auret JG 1978 Boer Vraelys "Dis vernoem na 'n wit pan of vlakte omtrent in die middel van die grond geleë. Die formasie is iets soos kaolien of dergeliks."

Die plaas is vernoem na die opvallende wit, kaolienagtige pan of vlakte. Die spelling is blykbaar gedeeltelik vanweë Duitse invloed, alhoewel dit reeds op die Sensuskaart van 1891, Wit Vlakte gespel word.

JobsknopKnop

K 3017 DC

Kotze GS 1982 Boer Brief "Die knop is vernoem na 'n ou Baster wat met sy vee daar gestaan het. Hy het vir hom 'n wilde Boesmanmeidjie gevang en as vrou grootgemaak. Hier is nog van sy nageslag."

Volgens die informant is die knop dan vernoem na ene Job wie se derde geslag tans nog plaaslik woonagtig is.

DIEP VLEI (Vroeër bekend as Tgombees/Koumis)PLAAS

K 2918 DB

Eerste eienaar: Van Niekerk AP 1951-07-11.

Divisional map of Namaqualand 1916 "Diep Vlei".
Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Diep Vlei".

Op die plaas Diep Vlei lê 'n kop met opmetingsbaken nr. 46, wat op eersgenoemde kaart hierbo as Koumis en op laasgenoemde T'Gombees heet. Dis duidelik dat dit twee uitsprake van dieselfde naam is. Voor verdeling van die gronde was die drie vleie benoem as Diep Vlei, Koumis Vlei en Klein Koumis Vlei (Divisional map of Namaqualand 1916). Uit dit alles kan tot die konklusie gekom word dat die gebiedsnaam, voor verdeling, die ou inlandse T'Gombees was wat, volgens Steenkamp (1975:105), vervorm is tot Koumis.

Met die verwisselbaarheid van -a- en -o- sal die eerste lid van T'Gombees gelyk te stel wees met Nama /gam = diep (Rust 1960:61). Die -be(e)s is lokatief vir die oop water, hier

die -vlei van Diepvlei (Nienaber & Raper 1977:1024). Diepvlei is dan die vertaling van die destydse gebiedsnaam, Koumis, vervorm uit T'Gombees.

By verdeling het elk van die drie plase, Diepvlei, Koumis en Klein Koumis een van die voorgenoemde vleie behou.

DIKBEK

PLAAS Gr.243/1957

K 2918 DA

Eerste eienaar: Izakse DAJ 1957-11-19.

Van Rhyne A 1978 Boervrou Vraelys "Volgens oorlewing het die trekboere wat op oopwater aangewese was, reënbuie op die plaas sien uitsak. As gevolg van die geaardheid van die grond het die vlei nie lank water gehou nie, met die gevolg dat hulle 'dikbek' huiswaarts gekeer het. Die vlei het ook 'n 'grougat' met klippe wat amper lyk soos dik lippe. Party mense beweer dat dit aanleiding gegee het tot die plaasnaam."

Twee ewe aanneemlike verklarings, naamlik om dikbek te wees omdat die vlei nie water het nie, en andersins omdat die klippe van die grougat in die vlei aan dik lippe, of 'n dik bek, laat dink. Volgens die Divisional map of Namaqualand 1916 was dit oorspronklik die vlei wat so benoem is. Met verdeling van die grond het die vleinaam plaasnaam geword.

DIKDOORN

PLAAS Clw.Q.7-29

K 3017 DB/3018 CA

Eerste eienaar: Du Toit C 1844-02-15.

PNK 1958 "Die Dikdoringrivier en die Swartdoringrivier vloei saam in die Groenrivier. Is dit dus nie Dikdoringrivier nie? Of anders moet dit wees Swartdoringrivier."

De Klerk GJA 1978 Boer Vraelys "Die plaas is vernoem na die rivier digbegroei met doringbome."

Die lid Dik- kwalifiseer nie die dorings nie, maar is die streekbenaming vir dig, in die sin van dig begroei, terwyl -doorn na die doringbome, Acacia karroo (Smith 1966: 201), verwys. Hierdie gedeelte van die Groenrivier staan bekend as die Dikdoringrivier, wat egter misleidend is en eerder Dik-Doringrivier geskryf moet word. Die plaasnaam is dus aan die rivier ontleen in dié sin van "Dik- of dig begroei met doornbome".

Doorndraai

Onderverdeling met opstal

K 3018 CA

De Klerk GJA 1978 Boer Vraelys "Vernoem na die doringbome in die rivier waar die pad 'n kronkel maak."

Vernoem na die twee vernaamste entiteite, naamlik die doringbome en die draai wat die pad daar maak.

DIK GAT

PLAAS Clw.Q.8-40

K 2917 CA

Eerste eienaar: Van Zyl F 1852-09-01.

Goosen GF 1978 Boer Vraelys "Vroeër jare toe die Hottentotte hier gebly het, was hier drie meide wat so groot van agterwêreld was dat hulle almal uit die dansbaan gestamp het as hulle dans."

Van Heerde-versameling "Volgens Eduard Mostert, is die plek se Hotnotnaam Nakukais/Nakukeis." Op 'n ander plek in die Van Heerde-versameling verskyn nog 'n opmerking: "Dikgat- ook Klipdrift. Gedurende die Boereoorlog het die Boere in daardie omgewing gekom. Hulle vra toe waarom dit nie liever 'Dikplek' genoem word nie."

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Die Hottentotte noem dit !Nakakeis, maar ek weet nie wat dit beteken nie."

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Daar is 'n eilandjie in die rivier en die put was in die sand net voor die eilandjie. Die walle van die put was met rooi dorbank uitgepak. As die rivier afkom, spoel dit die put toe. As dit dan weer oopgegrawe word, val die walle in. Dan word dit weer dikker gemessel sodat dit later 'n gat met 'n baie dik muur buite-om was, waarna toe verwys is as Dikgat."

Oor die oorsprong van hierdie eksentrieke naam is al baie geredekawel. Sommige, onder andere eersgenoemde informant, voer dit terug na een of meer van die vroeëre bewoners se uitermate groot agterstewe, waarna platweg as dik gat verwys is, sodat Van Heerde se Nakukeis dan in verband gebring kan word met eersgenoemde informant se danseepisodes, in welke geval dit dan kan wees soos Nama \neq na = trap, stamp, dans (Kr. & Rust 1969:285), met suffiksale -gu = mekaar (1969:136) en lokativerende !keis = "die Stelle, die Stätte, der Ort, der Platz" (1969:235). Letterlik beteken dit dan "Die plek waar hulle mekaar stamp".

Ek is egter van mening dat die betekenis eerder by die topografie gesoek moet word. Hiervolgens is die vermoede dat die oorspronklike Namanaam !Nana// khais was. Met wisseling van n/k (Nienaber & Raper 1977:42 by 5D5) kom dit neer op segsman Goosen se !Naka-!/Nana = dik (Rust 1960:14). Indien die tweede lid -kais is, is dit blykbaar soos Nama // kae- = "Flussand" (1960:51). Die -s is lokativerend in funksie en verwys by geval na die waterbron, naamlik die put of opening. Op SG map 1895 word laasgenoemde as 'n fontein aangedui. Letterlik sal dit dan beteken die "Put/gat/fontein in die dik riviersand". In Afrikaans is dit deur die blankes saamgetrek tot Dikgat, wat plaasnaam geword het.

Arnot se Kop

Kop

K 2917 CA

Kotzé AJ 1978 Winkelier Gesprek "Arnot was 'n landmeter."

Die kop is na landmeter Arnot vernoem. Dit dra opmetingsbaken nr. 29.

DuiwelskloofKloof

K 2917 CA

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dis 'n nou poort met natuurlike gate in die klippe en rotse. Kinders was bang vir die kloof vanweë die gate."

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Ek kin (ken) dit as Kloof, maar baie mense noem dit Duiwekloof vanweë die baie baie duiwe wat in die gate bly. Dit lyk net soos 'n ntkan."

Hoewel dit op moderne kaarte as Duiwelskloof aangegee word, staan dit plaaslik algemeen bekend as Duiwekloof vanweë die baie duiweneste in die natuurlike gate. Kraaie het vroeër ook baie hier voorgekom. Dis geleë aan die noordekant van Grootmis. Met ntkan bedoel die informant 'n klipkoppie vol gate waarin dassies hou.

GladGebied

K 2917 CA

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Elf km onderkant Dikgat is 'n pekelsout fontein. As dit reën, word die witgrond baie glad of glyerig. As dit eers eenmaal nat is, hou die stofdoutjies dit glad. Ons noem dit Witglad."

Glad het sy naam eintlik te danke aan die fonteintjie wat vandag nog bestaan. Die regte naam is Witgladfontein. Die pad het langs die fontein verbygegaan. Die grond is 'n wit, kleierige tipe wat baie glad raak wanneer dit nat is, sodat dit moeilik was om vinnig daarlangs te ry. Gevolglik het dit die naam Witglad of sommer kortweg Glad gekry.

GrootmisAanleg

K 2917 CA

Dreyer (1930:5) "Groot Mis, waar daar dikwels 'n groot mis-

tige weer op die Buffelsrivier waar te neem is."

Forbes (1965:89) "At the mouth of the Buffels River they found water at Rhinoceros Fountain or Renosterfontein in whose vicinity Grootmist is now situated."

Grootmis is 'n aanleg met 'n skooltjie en koshuis, posagentskap, winkel, garage en 'n kerksaal. Dis geleë naby die mond van die Buffelsrivier waar toe- en sleepmis lief is om oor die laagliggende riviergedeelte in te trek. Losmis kom ook dikwels voor. Oorspronklik was daar 'n fontein waar renosters in vervloë dae sou gesuip het, van daar die eertydse Renosterfontein, wat egter met verloop van tyd verdring is deur die benaming Grootmis vanweë die opvallende groot, mistige weer wat dikwels hier waar te neem is.

Koeroeama

Kop

K 2917 CA

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Koeroe-ama: Beteken 'Klipkop', die kop is so genoem weens die klipperigheid van die grond."

Die lid Koeroe- is soos Nama // guru- = "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143). Die nasetsel -ama verklaar Nienaber & Raper (1980:542) as "bei" (Kr. & Rust 1969:3), tensy dit verstaan is as \neq am = "auf, über" (1969:33), te substantiveer as hoogte, kop. Letterlik dan die "Kop waar/waarby/waarop kwartsklippe (volop) is", of "Kwartskliphoogte". Die topografie bevestig die verklaring.

DIK-MATJIE

PLAAS Nam.Q.14-9

K 2918 CD/3018 AB

Eerste eienaar: De Vries JJA 1926-12-22.

De Vries JJ 1978 Boer Vraelys "Hier was baie dik biesies waarvan die mense matjieshuise gemaak het."

die middel van die grond geleë."

Vernoem na die put wat min of meer in die middel van die oorspronklike plaas geleë is.

DONKER DUISPRAAT

PLAAS Gr.96/1943

K 2918 DA

Eerste eienaar: Van den Heever NJ 1943-09-08.

Van den Heever NJ 1978 Boer Vraelys "Dit beteken 'in die donkerte met die Duisman gepraat'. 'n Klompie Hottentotte of Boesmans het beeste gesteel. Die boere het 'n strafpatrolië agter hulle aangestuur en by dié besondere vlei is die skelms ingehaal en sou almal doodgeskiet gewees het, maar die Hottentotte het in die nag na die boere gegaan en gaan mooipraat. Daarom 'Donker Duispraat - in die donkerte met die Duisman gepraat'."

Op die Divisional map of Namaqualand 1916 dra slegs nog die vlei dié besondere naam. By opmeting van die plase is die vleinaam oorgedra as plaasnaam. Sommige Namakwalandse Kleurlinge noem vandag nog die Afrikaners Duismense of Duisvolk. Volgens die oorlewering sal dit dan neerkom op: "Waar (vlei) met die Duisman in die donker gepraat is".

Rossouw (1973:77) skryf dat daar destyds naby Gamoep oom Corneels Duisman en sy klomp Duismanseuns gewoon het. Dié naam kom vandag nog as noemnaam van 'n sekere familiegroep in die gebied voor. Daar kon egter nie vasgestel word of daar enige verband met die plaasnaam bestaan het nie, so dat die oorlewering soos hierbo verhaal, die sterkste aanspraak het.

DOOD DRINK

PLAAS Nam.Q.10-22

K 3018 DA

Eerste eienaar: Nieuwoudt GJ 1915-12-21.

Lochner MG 1981 Boer Brief "Dooddrink. Baie brak veld op die plaas en wanneer die skape vir 'n dag oorgeslaan het, het hulle hul dood gedrink aan die brakwater."

Hoewel daar letterlike gevalle kon gewees het, word dit aanvaar dat dooddrink figuurlik bedoel word in dié sin dat die vee geweldig baie water kan drink. Die uitdrukking naamlik, dat jy jou dood drink aan water, veral op warm dae, word plaaslik nog vry algemeen gebruik.

DOORNFONTEIN

PLAAS Clw. Q.7-15

K 3017 BA

Eerste eienaar: Aggenbach JHA 1844-02-15.

Sensuskaart 1891 "Part of Doorn Soubatters Fontein and Klipscheur alias Koeroebees".

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Doornfontein, Klipscheur alias Koeroebees is een en dieselfde fontein. Vroeër was die rivier waarin die fontein geleë is, naamlik die boloop van die Swartlintjiesrivier, dig begroei met doringbome."

Wiese se beskrywing is korrek en verduidelik waarom die plaas aldus genoem is. Uit die bespreking van Toegabsrug blyk dit dat Doringfontein die vertaling is van Koegab, vergelyk aldaar onder die plaasnaam DOORNFONTEIN.

Dis 'n baie ou plaas van die Onderveld, wat oorspronklik saam met die aangrensende Soubatters Fontein aan J.H.A. Aggenbach behoort het. Dié uitgestrekte gebied is benoem na aanleiding van twee fonteine wat die enigste standhoudende waterbronne van betekenis was, van daar die eienaar-dige benaming "Doorn Soubatters Fontein and Klipscheur alias Koeroebees".

Op moderne kaarte, onder andere Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies, verskyn die plaas nou slegs as Doornfon-

tein, terwyl Koeroebees as onderverdeling aangegee word. Klipscheur het hier verdwyn, maar het behoue gebly by Soubattersfontein, waar dit eintlik minder tuishoort.

Vanweë sy belangrikheid as waterbron, was om die fontein 'n uitspanning waar verskeie gesinne hul vroeër gevestig het. Met verloop van jare het dit egter in 'n groot mate ontvolk.

ArrasOnderverdeling

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n klipskeur waaruit die water syfer. Vroeër was dit maar swak, maar later is die skeur wyer geskiet in 'n poging om die vloei te versterk. Dit bestaan vandag nog digby die Soebatsfontein/Kamieskroon-pad."

Te verstane as Nama /ara-s = "Riss im Fels" (Kr. & Rust 1969:14), met die -s fem. sing. hier spesifiek om die bron te benoem. Letterlik dan "Rotsskeurbron". Ek ken die gebied en bron en is oortuig dat die topografie die taalkundige ontleding bevestig.

BokskraalOnderverdeling met opstal

K 3017 BA

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Die oorspronklike benaming was 'Bok se Kraal'. Die ou Agenbae het 'n takkraal vir hul bokke daar gehad wat elke jaar opgeslaan is."

Volgens oorlewering is die onderverdeling vernoem na die destydse bokkraal suid van die opstal waarna verwys is as die bokke se kraal, later saamgetrek tot Bokskraal. Die verwysing van die informant na die oorspronklike naam Bok se Kraal, wek die vermoede dat dit eerder 'n eienaam impliseer, en wel die van Bok. In die Boesmanland was onder andere Basters met dié van, wat betrek is in die plaasnaam Bokputs aldaar.

SG map 1895 "Klipscheur".

Smith CP 1978 Boer Vraelys "Koeroebees is 'n Boesman- of Hottentotwoord. Die naam het ontstaan as gevolg van die fontein genaamd Doornfontein. 'Koeroe' beteken grawe en 'bees' water of grawe water."

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Die watertjie is in 'n klip wat 'n skeur gee en waaruit die wateraar kom, daarom alias Klipskeur."

By die bespreking van Toegabsrug onder die plaasnaam Doornfontein word die mening uitgespreek dat eersgenoemde die ou inlandse naam van Doringfontein skyn te wees. Volgens informant Smith lyk dit asof Koeroebees dit ook kan wees, in welke geval die lid Koe- is soos Nama // khū- = doring (boom) (Rust 1960:14). Die -roe- is miskien 'n verkleiningsmorfeem soos Nama -ro-, terwyl die -bees lokativerend is, die slot -s fem. sing. om die fontein te benoem (Nienaber & Raper 1980:542). Letterlik dan "Doring(boom)fonteintjie."

Volgens die inligting deur informant Wiese verstrek, is ek van mening dat Koeroebees eerder deur die naam Klipscheur vertaal word. Hy beklemtoon die wateraar, sodat gedink moet word aan Nama #kuru-b = "die Ader" (Kr. & Rust 1969: 259), spesifiek hier wateraar. Die -be-s is plekbenoemende formans met -s vroulik, sodat die "Klipskeur" hier, volgens Nienaber & Raper (1977:739), 'n sterk moontlikheid is. Deur eiehandse kennis van die waterbron en omgewing, gee ek voorkeur aan die "Wateraar"-verklaring en verwerp die // guru- = "Quarz, Kieselgrund"-gedagte (Nienaber & Raper 1977:739), aangesien dit topografies nie verantwoordbaar is nie.

Langberg

Berg

K 3017 BA

Wiese JA 1978 Boer Vraelys "Die berg word so genoem omdat dit redelik lank vertoon."

Vernoem na die lang vorm van die berg.

Die eerste komponent dui op die nuwe in teenstelling met die ou bestaandes, terwyl -kraal na die aanleg verwys.

Olieboomskraal Uitlegplek K 3017 BA

Wiese IA 1980 Boer Gesprek "Dis 'n uitlegplekkie langs 'n riviertjie, waar baie wilde olieboom gegroei het."

Vernoem na die stinkolieblaar(boom), Datura sp. (Smith 1966:440), wat volop daar gegroei het. -Kraal verwys na die uitleg.

Pieter Smith se Klipgat Klipgat K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n klipgat wat deur 'n oom met die naam Pieter Smith oopgegrawe is."

Pieter Smith was 'n alombekende van die omgewing.

Remhoogte Hoogte K 3017 BA

Wiese IA 1980 Boer Gesprek "Daar's eintlik twee Remhoogtes, naamlik een by Soebatsfontein en een by Kliphoeck, waar die remskoene van die ossewaens gereeld gebruik moes word."

Beide hoogtes is geleë op die Kamieskroon/Soebatsfonteinpad. Die een ter sprake is dié naaste aan Soebatsfontein en staan plaaslik bekend as Remhoog omrede daar gerem moes word, soos deur die informant beskryf.

Sittendoorn Fonteintjie K 3017 BA

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Die fonteintjie word Sittendoorn genoem, maar dis eintlik 'sit in de doorn', want die rivier was vroeër dig begroei met doringboom."

Daar bestaan meningsverskil onder die plaaslike bewoners oor die oorsprong van dié klipgat se naam. Sommige beweer dat Stuurman 'n Kleurling was wat vroeër by dié watergat gebly het. 'n Onbekende graf in die nabyheid van die klipgat word algemeen aanvaar as dié van Stuurman.

Informant Wiese, wat hier opgegroeï het en tans eienaar is, verseker egter dat dit 'n os was en nie 'n mens nie. Hy behoort seker die beste te weet.

TafelbergBerg

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die berg vertoon bo-op plat soos 'n tafel se blad, van daar Tafelberg."

Vernoem na die plat kruin van die berg wat aan 'n tafelblad herinner. Dit dra opmetingsbaken nr. 24.

Toegabsrug (Vroeër bekend as Koegab(rug))Onderverdeling met opstal

K 3017 BA

S.A.-reeks 1971 vel 3017 BA Soebatsfontein "Koegasrug" vir 'n paar hutte en werf langs die pad op die plaas Doornfontein.

Smith CP 1978 Boer Vraelys "Toegab was 'n Kleurlingposdraer vanaf Komaggas na Naries. Die Boesmans het hom verskeie kere gejaag om hom te vang, maar elke keer het hy hulle drooggeloop. Op 'n sekere dag het die Boesmans in twee groepe verdeel. Die een klomp het by Kaurkam en die tweede klomp by die Kweeksrivier stelling ingeneem. By Kaurkam het die eerste groep Toegab toe opgetel, maar hy het voorgebly. By die Kweeksrivier het die vars groep toe oorgeneem. Toegab het gehou, maar hier by die sandbult was hy darem al tē brandasem. By die rug het hulle hom ingehaal en vermoor, van daar Toegabsrug. Volgens oorlewering word 'n sekere hoop klippe nog aangewys as sy graf."

Volgens bogenoemde oorlewering impliseer die onderverdelingsnaam dan die "Rug waar Toegab vermoor is", maar na aanleiding van die inligting op die S.A.-reeks 1971, tesame met eiehandse kennis van die plaas, is ek van mening dat die lid Koe- is soos Nama // khū- = doring(boom) (Rust 1960:14), en die lid -ga- soos Nama #gâb/#gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97), sodat Koe-gab of Koegas vertaal moet word as "Doring(boom)puts/fontein". (Die fontein is later uitgebou in die vorm van 'n puts.) Die naam dra dan in der waarheid die ou Khoekhoense naam van die plaas Doornfontein (Nienaber & Raper 1980: 534).

Vaalklipheuwel Onderverdeling met opstal K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die onderverdeling dra dié naam vanweë die vaal klipkop of heuwel aan die noordekant van die opstal."

Vernoem na die vernaamste entiteit op die onderverdeling, te wete die vaal klipheuwel.

DOORN FONTEIN (Vroeër bekend as Koekabaseep)

PLAAS Nam.Q.1-21 & 1-22 K 2917 CB

Eerste eienaar: Roux PJ 1865-05-31.

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis vroeër Koekabaseep genoem wat glo 'doring in die voetlit' beteken. Later is dit egter Doringfontein genoem vanweë die water en die baie doringbome wat daar groei."

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Koekabaseb. Vandag Doornfontein. Koeka is die kneukel by die voet, en baseb is doodgaan. Die verklaring is dat daar 'n kind deur 'n doringboomdoring op die koeka gesteek is. Hy het bloedvergiftiging gekry en is baseb."

Die area wat tans deur beide plase, naamlik Q.1-21 en Q.1-22 beslaan word, is bekend as Doorn Fontein (SG map 1895), waarop ook die fontein aangedui word. Die Sensuskaart van 1891 gee ook dié naam aan met 'n toevoeging van "W. Portion" en "E. Portion", wat op moderne kaarte as Doringfontein-Wes en Doornfontein-Oos verskyn. Plaaslik word nog gepraat van Koekabaseep, wat beslis die inlandse naam van die plaas moes gewees het. Oor die betekenis daarvan is al baie gespekuleer, waaronder "doring in die voetlit" en die gevolge daarvan, plaaslik sterk voortleef. Taalkundig is dit egter nie te rym nie. Bowendien het sulke nietige gebeure selde aanleiding gegee tot die benaming van 'n hele plaas. Ek is van mening dat die verklaring in verband met die topografie gebring moet word.

Oor die lid Koe- bestaan daar geen twyfel nie dat dit is soos Nama // khū- = "Dorn" (Rust 1960:14). Wat die res van die inlandse naam betref, is daar twee moontlikhede. Die een is dat die -ka- kan wees soos Nama -xa- = baie of -kaba- soos Nama / (k)awa- = rooi, sodat dit kan neerkom op die "Plek van baie dorings" of die "Rooi plek waar die doring/doringboom staan", soos Nienaber & Raper (1980: 536) ook vermoed. Topografies is dit verantwoordbaar.

'n Tweede moontlikheid is dat die lid -kaba- 'n vervorming kan wees van #gab = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Vir wisseling van g- en k- vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3). Die tweede -a- van -kaba- sien ek as 'n blote soort oorgangsklank tussen #gab en si(e)p soos deur blankes se oor verkeerdelik waargeneem is. Die lid -seep bestaan uit -si(e)-, wat plekaanduidend is, en die slot -b ml. ekv., hier stemloos aan die woord-einde as -p, wat meer bepaald op die rivier wys waarin die graafwatergat of put geleë is, naamlik die Komaggasrivier. Letterlik kom dit dan neer op die "Graafwatergat by die doring(bome) in die rivier" in welke geval die Nederlandse Doornfontein feitlik 'n letterlike vertaling van die ou in-

landse naam is.

Ek ken die plaas persoonlik en kan bevestig dat die topografie dié verklaring ook ten volle bevestig. Wat verder nog meer gewig aan hierdie verklaring gee, is die feit dat in so 'n harde, waterlose gebied 'n belangrike waterbron gewoonlik by naamgewing betrek is.

Toringkop

Kop

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n groot klipbaken bo-op die kop wat van ver af na 'n toring lyk, van daar Toringkop."

Dis die kop met opmetingsbaken nr. 55 daarop. Dit korreleer met "Tcs. Oos Koppen" (SG map 1895) en "T'Oos Berg" (CCRS Port Nolloth & O'okiep Sheet 1907-1914). Die Tcs. is die ≠ van ≠gō- = "spitz, schlank" (Kr. & Rust 1969:131), wat dan die inlandse naam van Toringkop skyn te wees.

DOORNKRAAL

PLAAS Clw.Q.7-23

K 3018 CA

Eerste eienaars: Coetzee GJ, en andere 1844-02-15.

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Die eerste eienaars het van doornbome wat volop daar gegroei het veekrale gemaak."

Volgens die informant verwys die komponent Doorn- na die Acacia Karroo (Smith 1966:201) wat volop daar voorkom en gevolglik betrek is by die naamgewing van die plaas. Die lid -kraal verwys egter eerder na die aanleg as na 'n veekraal.

Bloedsmaak

Onderverdeling met opstal

K 3018 CA

Kotzé JH 1978 Boer Vraelys "Bloedsmaak genoem vanweë die

baie swaar bergpas. In die ou dae het die trekdier so gebeur met 'n swaar vrag, dat die bloedsmaak later in hulle kele gebrand het. Daar is ook 'n ou fontein of dam, wat nou verlate en toegeval is en wat Ou Bloedsmaak genoem word. Die water het altyd so 'n rooi laag bo-oor gehad. Dit het dus na bloed gelyk en geproe, van daar Bloedsmaak."

Die informant gee twee verklarings - een vanweë die rooi kleur van die water wat veroorsaak word deur die geaardheid van die grond wat vermoedelik ook die bloedsmaak aan die water gee, en tweedens as gevolg van die swaar bergpas, vermoedelik Skuinshoogte, waar die pad klim, wat trekdier 'n bloedsmaak in die keel besorg. Dit is 'n plaaslike uitdrukking vir om baie swaar te kry of moeg te wees.

Daar kon nie nader vasgestel word watter van die twee verklarings eintlik onderliggend is aan die onderverdelingsnaam Bloedsmaak nie.

DREYERSPAN

PLAAS Nam.Q.12-10

K 2917 CA

Eersteenaar: Kotze CF 1925-11-05.

Cornelissen (1965:111) "... Dreyer's Mine: The trial is situated some 20 miles south of Port Nolloth and 4 miles from the sea, and was reported on by John Barrat, 15th September, 1867. A lode, several feet wide, striking WSW and ENE was explored by a shaft 3½ fathoms deep. Several bags of Copper ore running about 40% Cu had been mined. This is probably a showing in the Kleinsee area, near Dreyerspan."

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Hier was vroeër 'n ou kopermyntjie. Dit was 'n ou Dreyer wat dit gewerk het. Ek weet net hy kom uit Port Nolloth. Hy het seker vroeër vir O.C.C. daar geprospekteer. Dit was daardie ou ryk man, Dreyer."

Die plaasnaam is afgelei van die twee vernaamste entiteite in die gebied, te wete die ou "Dreyer's Mine" en die "Salt Pans", wat beide nog op die Sensuskaart van 1891 en SG map 1895 aangetoon word. Die myn is vermoedelik vernoem na die prospekterder Dreyer, wat hier vir koper gedelf het en wie se van in die eerste element van die plaasnaam verewig is. Die tweede element verwys na die soutpanne, en by name na die middelste van die drie grootstes wat dieselfde naam as die plaas dra.

DoringbaaiVisbaai

K 2917 CA

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Op die strand staan baie van die plat kareedoring. Dis daarna vernoem."

Vernoem na die kareedoring, Lycium sp. (Smith 1966:279-80), wat volop op die strand van die visbaaitjie groei.

RobeilandPunt

K 2917 CA

Opmeting 1973 "Daar is selfs nou nog heelwat robbe op hierdie punt land wat die see inskiet en skynbaar het dié stukkie land somaar as Robeiland bekend geraak. Daar is 'n storie dat dit vroeër bekend was as 'Karas Point', maar dis moeilik om hierdie bewering te staaf."

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Daar was in passede (vroëer) jare geen robbe nie. Hulle had (het) eers in my tyd daar aangekom. Vanaf 1939 had die robbe op daardie klippe begin klim."

Goosen se informasie dat robbe eers sedert 1939 hul verskyning op die punt gemaak het, steun die verklaring soos onder Opmeting vermeld. Die teenswoordige naam Robeiland is vanweë die baie robbe, Phoca vitulina (Kritzinger 1963: 515), wat op die punt, plaaslik bekend as eiland, hou.

DRIEGAT (Vroeër bekend as Tnongas)

PLAAS Nam.Q.10-13

K 2918 CD

Eerste eienaar: Kennedy JH 1915-03-23.

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "Na aanleiding van drie vierkantige klipgate in die berg genaamd Driegat se Kop."

Nienaber & Raper (1980:721-2) voer die plaasnaam Driegat terug na die gebiedsnaam T'nongas op die buurplaas Dabeeb. Dis dan soos Nama T'non = drie (Rust 1960:14), en -gā-s = "Loch" (1960:39). Letterlik dan "Driegat", wat onderskryf word deur informant Kennedy se informasie.

DRIEKOP

PLAAS Nam.Q.9-1

K 3017 CB

Eerste eienaar: Engelbrecht TJ 1913-04-04.

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Die rivier vorm daar drie klipkoppe agter mekaar. As 'n mens daarna kyk, sal jy die plaas nie anders as na dié koppe vernoem nie."

Dié drie koppe is die uitstaande entiteite op die plaas sodat, soos die informant dit stel, hulle nie geïgnoreer kan word by naamgewing nie. Interessantheidshalwe kan vermeld word dat dit hier was waar die legendariese Roby Leibrandt die nag met sy aan wal kom, sy rubberbootjie in 'n ou puts bokant hoogwatermerk begrawe het.

Adam se Baai

Baai

K 3017 CB

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Vernoem na 'n ou Hottentot, Adam, wat hier tussen die bamboes hotnosvis gevang het."

Vernoem na Adam, 'n Hottentot, wat daar vis gevang het.

GrootgeutGleuf in rots

K 3017 CB

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Dis 'n gleuf in die rots waarin die seewater spoel."

Die benaming geut word plaaslik algemeen gebruik vir 'n gleuf in of tussen rotse waardeur die seewater spoel. Dié een ter sprake is groot, van daar Grootgeut.

KoringkorrelbaaiBaaitjie

K 3017 CB

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die klippe lê soos koringkorrels in die water - of beter, steek bo die water uit. Jy kan van die een na die ander spring."

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Dis ook 'n visbaai waar vroeër jare 'n paar boere visgevang het. Nadat hulle die middag koring en vleis ge-eet het, het hulle weer gaan probeer waar een toe deur die branders van die klip afgeslaan is. Toe die ander hom uithelp, sien hulle daar dryf koringkorrels op die water."

Volgens eersgenoemde informant wek die baie eenderse klippe die indruk van koringkorrels wat rondgestrooi lê. Jy moet van die een na die ander spring as jy deur die baai wil gaan om vis te vang. Die tweede informant skryf die naam weer toe aan die gebeure soos deur hom verhaal. Op grond van die topografie van die baai is ek geneig om voorkeur te verleen aan informant Goosen se verklaring.

PlatbaaiBaaitjie

K 3017 CB

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Daar's nie baie branders of woelige see nie."

Dis die plaaslike benaming vir 'n baai waarvan die water redelik beskut en gevolglik gelyk of plat lê.

SkuinsbaaiBaaitjie

K 3017 CB

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Dis 'n visbaai met 'n skuins platklip waar menige visserman al afgeslaan is, onder andere my oorlede pa ook."

Vernoem na die gevaarlike, skuins platklip wat in die water van die baaitjie afskiet en waarop gestaan moet word om te hengel.

DRIE RIVIERPLAAS Nam.Q.13-26

K 2917 DA

Eerste eienaars: Mostert E, en andere 1926-06-07.

Mostert HA 1978 Boer Vraelys "Dis waar drie riviere in mekaar vloei - Ezelsfontein-, Droëkloof- en Buffelsrivier."

Genoemde drie riviere sluit op die plaas by mekaar aan. Eintlik vloei eersgenoemde twee eerste inmekaar en daarna as een rivier 'n entjie noordweswaarts, in laasgenoemde rivier. Die plaas is hierna vernoem.

GeelvleiOnderverdeling met opstal

K 2917 DA

Mostert JHK 1978 Pakhuisopsigter Vraelys "Vernoem na die amper geel grond (eintlik klei) bo-op die berge. Daar is ook neerslae wit klei. Albei is gebruik om huise mee te verf of soos die oumense sê, af te wit, ongeag die kleur."

Dis 'n vlei waarvan die grond geel vertoon. Die naam is oorgedra op die onderverdeling met opstal.

KoedaapDraai in rivier

K 2917 DA

Mostert HA 1978 Boer Vraelys "Koedaap. Dit is 'n Hotnos-

naam en dit beteken 'kort draai'. Die rivier draai daar so kort."

Skynbaar soos Nama !hoab = "Krümming" (Rust 1960:37), met wisseling van h- en k- (Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3). Die uitspraak het plaaslik al so vervorm geraak dat die informant dit as Koedaap aangee, maar die betekenis leef nog voort in die toepassing op die kromming of skerp draai wat die rivier daar maak. Plaaslik word gesê die rivier draai daar slap.

DROOGE KRAALPLAAS Nam.Q.12-16

K 2917 AD

Eerste eienaar: Mostert GJC 1925-10-29.

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dis van sonder water dat die plaas dié naam dra. Die berge vorm 'n natuurlike kraal."

Die plaas is net so waterloos soos die aangrensende Kaa Vlake. Die eerste lid is dan ook beskrywend hiervan. Kraal verwys eerder na die aanleg as na 'n natuurlike kraal wat deur die berge gevorm word.

DU TOITS PUTSPLAAS 1927-111-4916

K 3017 DB

Eerste eienaar: Du Toit JG 1927-05-20.

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Du Toits Puts". Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas is vernoem na die eerste eienaar wat 'n Du Toit was."

Volgens registrasie was die eerste eienaar J.G. du Toit wie se van dan ook klaarblyklik in die plaasnaam betrek is te-same met die put as eertydse waterbron.

EEENDOP (Vroeër bekend as Guigabiseb)PLAAS Nam.Q.6-9

K 2918 AC

Eerste eienaar: Wood RA 1910-04-11

Schultze (1907:170) "/Gui-/gabiseb, Endop, bei Rooiwater, 'wo nur ein (/gui) Becher (/gabis) Wasser zu erhalten ist'."

Van den Heever PJ 1980 Boer Gesprek "Daar was net vir een dop (sopie) water."

Volgens Nienaber & Raper (1977:476) is Schultze se Endop te lees as Eendop. Hy gee die ou inlandse naam aan as Guigabiseb met betekenis, "waar (iewers) slegs een beker (drink) water in bewaar is".

Eendop is 'n waterlose plaas. Slegs na somerreëns was daar vir 'n kort tydjie water in die natuurlike klipgate, of is daar met die hand goras gegrawe op soek na syferwater.

Die plaasnaam impliseer dat daar in die klipgat(e) of gora(s) net genoeg water was vir een drankie of een volstruiseierdop vol. Sommige blankes sien dit in terme van een dop in verband met drank, maar die inlandse naam was primêr en dateer waarskynlik uit die voorblanke tyd. Die -se-b dui 'n pleknaam aan.

Eendop; Ou Eendop se Kop Kop

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Ou Eendop se Kop".

'n Kop op die grens tussen Kontorogab en Eendop; 1018 m.b.s. Op die plaasnaamlys heet dit Eendopkop. Die kop is vernoem na die plaas, Eendop.

Rooiwater (Vroeër bekend as Abachorabeb)Gebied

K 2918 AC

Schultze (1907:170) "!Aba-xorabeb, Rooiwater, ongeveer 28 engl. Meilen östlich von Steinkopf, wo nach den Sommerregen 'rotes (/aba) Wasser mit der Hand zu graben (xora) ist'."

Opmeting 1965 "Rooiwater. Gebied Nam. K 2918 AC. So genoem weens rooikleurige water in die natuurlike klipbakke wat in die omgewing aangetref word."

Volgens Nienaber & Raper (1977:157) is die uitgang lokativerend en die lid /aba = rooi kom in plekname ook voor as /awa (met of sonder suigkonsonant). Volgens hulle is Schultze se !aba 'n drukfout vir /aba.

Abachorabeb is die ou inlandse naam van Rooiwater wat 'n direkte Afrikaanse vertaling is en reeds op Sensuskaart 1891 en SG map 1895 voorkom. Nienaber & Raper (1977:157) wys daarop dat geeneen van die twee name vandag as plaasnaam op kaarte verskyn nie. Soos deur Opmeting 1965 vermeld, is Rooiwater nie 'n plaas nie, maar 'n gebied, naamlik die noordwestelike hoek of gedeelte van Eendop waar Rooiwater se Kop geleë is.

Die naam is dan afgelei van die rooikleurige water in die natuurlike klipbakke. Na somerreëns is daar ook goras, dit wil sê vlak water- of syfergate in die sand met die hand gegrawe, waarvan die water ook 'n rooiagtige skynsel gehad het vanweë die geaardheid van die grond. Dis waarna Schultze dan ook verwys.

Die ou inlandse naam kom dan letterlik neer op Nama /awa = rooi (Rust 1960:50); xora = graafwater (1960:28) met -se-b as pleknaamaanduidend. Dus: "Die plek van die rooi graafwater".

EILAND PUNT NOORD EN - ZUIDPLASE Nam.Q.5-13 & Q.5-20

K 3017 DC

Eerste eienaars: Auret WP, en ander 1908-07-13; Kotze
WHL 1909-06-03.

Auret JG 1978 Boer Vraelys "Eiland Punt is genoem na 'n rotspunt
wat in die see inskiet en deur 'n stroom afgesny word onge-
veer 10m breed."

Regoor die grens tussen Eiland Punt Noord en Eiland Punt
Zuid lê die opvallende Island Point (Sensuskaart 1891).
Dis nie eintlik 'n eiland nie, maar 'n groot, plat klippunt
wat die see inskiet en waarvan 'n deel deur 'n stroom afgesny
word sodat dit die indruk van 'n eilandjie skep. Daar lê
nog die wrakstukke van 'n gestrande vragskip wat volgens oor-
lewering winkelgoedere en vate wyn vervoer het, en waaraan
die boere van die omgewing hulle goed gehelp het. Plaaslik
staan dié punt bekend as Die Eiland of Die Breeskip, terwyl
die vissers dit die Boilers noem.

Die plase noord en suid van hierdie punt is hierna vernoem,
alhoewel Eiland Punt Noord ook vroeër Gras Vlakte genoem is
(Sensuskaart 1891) vanweë die baie gras wat op die vlakte
gegroeï het.

EsterhuysvleiVlei

K 3017 DC

Kotze GS 1982 Boer "Dis vernoem na 'n boer met die van Ester-
huysen wat wintertye met sy vee by die vlei gestaan het."

Vernoem na die eienaam Esterhuysen, plaaslik kortweg Ester-
huys.

HolvleiOnderverdeling met opstalK 3017 DC

Auret RASJ 1978 Staatsdelwer Vraelys "Holvlei is 'n pan in

die sand waar, wanneer dit reën, water staan, vandaar Holvlei."

Die vlei vorm 'n holte in die sand.

Streepvlei Onderverdeling met opstal K 3017 DC

Auret RASJ 1978 Staatsdelwer Vraelys "Streepvlei is 'n harde vleiplek met strepe."

Auret JG 1980 Installasievoorman Vraelys "Streepvlei: 'n Lang smal kleistrook tussen sandduine wat tydens die reënseisoen water opvang. Die kleistrook vorm dan 'n streep terwyl die vlakwatergebied die vlei genoem word."

Die vlei lê lank uitgestrek in die vorm van 'n streep en het nie op sigself strepe nie.

ELANDS KLIP PLAAS Nam.Q.13-30 K 2917 DC

Eerste eienaars: Brand Theunis en FJC 1926-06-21

Brand AG 1978 Boer Gesprek "In die boskaas sit 'n groot klip wat glad geskuur is deur die elande, soos die oumense vertel het. Dis na hierdie klip wat die plaas vernoem is."

Engelbrecht GP 1980 Boer Vraelys "In die digte bosse staan 'n groot klip wat omtrent 2,7 m hoog is en uit die verte net soos 'n eland lyk. Dit is naby die see, maar nie op die oorspronklike plaas nie."

Genoemde rotsblok is die enigste in die hele gebied, wat origens 'n sandwêreld is. Dit is eintlik op die buurplaas, Samsons Bak, se grond. Die naam het, voor opmeting, vir die hele area gegeld. Hoewel die rots, na opmeting, aan die buurplaas se kant van die noordelike grens van Elands Klip geval het, het laasgenoemde plaas die gebiedsnaam behou.

Of die rotsblok die skuurplek van elande, Taurotragus oryx (Odendal 1981:199), was en of dit, met die nodige verbeelding en vanuit 'n spesifieke gesigshoek, aan 'n eland laat dink, is nie 'n uitgemaakte saak nie. Selfs die informante wat die gebied goed ken, verskil van siening. Die rots het nietemin aanleiding gegee tot die plaasnaam.

DeurspringVisbaai

K 2917 CC

Roussouw PAA 1980 Mynkaptein Vraelys "Op die plaas Elandsklip, is 'n visbaai met die naam Deurspring. Dit heet so omdat jy net op 'n sekere waterhoogte die baai kan bereik."

Hengelaars kan net met laagwater "deur spring" na groot klippe waarvandaan gehengel kan word. Met hoogwater kan dit nie geskied nie.

Paul Kahn se DuinDuin

K 2917 CC

Brand T 1980 Rekenmeester Vraelys "Dit is vernoem na 'n Jood, Paul Kahn, wat in die gebied gesmous en agt dae lank met sy vragmotortjie teen die duin blystaan het."

Na die persoonsnaam Paul Kahn vernoem.

Renske se PadPad

K 2917 CC

Brand T 1980 Rekenmeester Vraelys "Die pad is deur die eerste vee-inspekteur in die gebied, getrek."

In die sandwêreld word met pad of spoor trek bedoel om eerste of voor te ry en sodoende 'n spoor in die swaar sand te trap waarop ander voertuie kan volg. Die vee-inspekteur, Renske, het die betrokke pad eerste "getrek", gevolglik is dit na hom vernoem.

SwartkopKop

K 2917 CC

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis 'n groot kop wat, weens die plantegroei, uit die verte swart opgee. Eintlik bestaan dit uit 'n groot en 'n kleiner koppie, 'n entjie uitmekaar. Vroeër is op die kop geploeg."

Genoemde kop dra opmetingsbaken nr. 96 en is 'n uitstaande landteken in die gebied. Dit verskyn op die vroegste kaart (Sensuskaart 1981; SG map 1895) in Nederlandse vorm, deur die jonger geslag verafrikaans is tot Swartkop, wat ook die benaming van die huidige opstal is. Die vroeëre opstal, Elandsklip, is tans verlate en net die ou "minte" is sigbaar.

Die kleurnaam van die kop is vanweë die digte bossiegroei wat dit uit die verte swart laat vertoon.

ELANDS KLOOFPLAAS Clw.Q.7-14

K 3018 CB

Eerste eienaar: Coetzee JJ 1844-02-15

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Elands Kloof".

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Volgens oorlewering het daar vroeër elande voorgekom."

Volgens oorlewering dan vernoem na die eland, Taurotragus oryx (Odendal 1981:199), wat vroeër daar voorgekom het, asook na die kloof wat noord/suid oor die grootste gedeelte van die plaas strek en waardeur die pad tans loop.

OskloofKloof

K 3018 CB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Oskloof".

Vermoedelik niks met osse (beeste) te doen soos wat plaaslik algemeen aanvaar word nie. Die eerste lid is eerder soos Nama $\neq \bar{o}$ = eng (Kr. & Rust 1969:330). Dus: "Noukloof", wat topografies verantwoordbaar is.

EZELSFONTEINPLAAS Clw.Q.6-2

K 3018 AC

Eerste eienaars: Beukes JJP, en ander 1909-07-16

Pettman (1923:5) Brief van goewerneur Plettenberg 31 Januarie 1772: "Two farms named Ezels Fonteyn and the Lely Fonteyn, both situated on the Camies Berg, were granted by me in loan, on the 5 th of October last year, to the farmer Hermanus Engelbrecht."

Engelbrecht GJ 1978 Boer Vraelys "Die naam Eselsfontein is na 'n fontein genoem. Aan my is vertel dat toe my voorouers hier gekom het, het hier nog kwaggas geloop. 'n Kwagga is mos 'n esel."

Een van die twee oudste plase in Namakwaland (Rossouw 1973: 35) en vernoem na die fontein in die omgewing waar wilde-esels of kwaggas, Equus quagga (Kritzinger 1963:309), vroeër gehou het. Die berg en koppe, onder andere Eselskop, was ideale habitat vir die wilde-esels vanwaar hul afgekom het na die fontein in die vallei om te suip.

ArieskloofKloof

K 3018 AC

Vir die verklaring vergelyk Arrisdrift onder die plaasnaam GROOTDERM.

BleskoppoortPoort

K 3018 AC

Rossouw (1973:35) "Ek dink byvoorbeeld aan Bleskoppoort waar my oom en 'n paar ander Kaapse rebelle geval het in die

Engelse Oorlog. Die ou mense het gesê hulle is vermoor en die plek herdoop na Moordenaarspoort. Maar van ver af lyk dit soos 'n bles en Bleskoppoort bly hy vandag nog." Engelbrecht GJR 1980 Beskermingsbeampte Vraelys "Die pad gaan deur die poort met alkant klippe wat jou aan 'n bleskop laat dink."

Daar bestaan meningsverskil. Sommiges sien dit as die poort by die "bles" kop, terwyl die pad deur die poort andere aan 'n bles laat dink. Die plek is van geskiedkundige belang in dié sin dat 'n groep Kleurlinge 'n klompie Kaapse rebelle tydens die Anglo-Boereoorlog hier voorgelê en 'n paar doodgeskiet het, vir wie in latere jare 'n gedenkteken te Kamieskroon opgerig is.

BotuinGebied

K 3018 AC

Engelbrecht GJ 1978 Boer Vraelys "Dit was 'n tuin met vrugtebome bo teen die voet van Eselskop. Weens arbeidtekort en omdat dit ver van die plaasopstal af was, is dit nou verwaarloos. Net die populiere en eike, asook die fontein, het oorgebly en natuurlik ook die naam Botuin."

Die tuin lê hoog op of bo teen die voet van die kop, van daar Botuin. Die naam is oorgedra op die gebied.

Die KruisGebied

K 3018 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Die Kruis."

Die plek waar die noord/suid- en oos/wes-paaië kruis. Die gebied is klaarblyklik hierna vernoem. Die bevinding berus op eie waarneming.

Studer's PassPas

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Vernoem na my oorlede vader John Studer. Hy was altesaam 48 jaar lank lid van die Afdelingsraad Namakwaland. Tot 1924 was die pad vanaf Garies tot bo by Ezelsfontein altyd 'n motor se moses, want die hoogte bo seespieël verander met meer as 3 000 voet oor 'n afstand van minder as 30 myl. Dit wil sê van anderkant Kleinhoogte op deur Helpmekeer en Julie se draai tot bo by Rhebokskloof styg jy 'n bietjie baie - as 'n mens begryp dat die Namakwalander met die byvoeglike naamwoorde net die teenoorgestelde in die oortreflike bedoel. Ek bedoel die woordjie 'klein' voor hoogte en 'bietjie' voor baie ..."

Uit informant Studer se mededeling wat nie verder aangehaal word nie, blyk dit dat met die droogte van 1924, toe die regering die blankes deur onderstandswerke op paaie teen 3/6 tot 4/- per dag aan die gang gehou het, sy vader, John Studer, die moontlike plekke vir uitskakeling van die steil hoogtes aan die padingenieur, TCJ Bain (Wêreldspektrum 1982 deel II: 145) seun van die "vader" van Bainskloof, uitgewys het. Die informant se vader en Bain het steun en kreun die berg uitgeklouter. Die eindresultaat was dat klimme van 1:2½ steilte darem na 1:11 verminder is, behalwe bo by Rhebokskloof waar die padvoorman regs teen die hang in plaas van dwarsdeur die klofie, soos Bain afgesteek het, gehou het. Die gevolg is dat daardie deel nog 'n skuinste van 1:9 het. Die pas is dan na John Studer vernoem.

WolfhokOnderverdeling met opstal

K 3018 AC

Kennis (1978:3051) "Aanleg met poskantoor en winkel aan die voet van die Kamiesberg suidoos van Kamieskroon."

Klaarblyklik vernoem na die klein klipkraaltjies of wolfhokke

waarin wolwe, (hiënas) Canus lupus (Kritzinger 1963:772), vroeër gevang is, vergelyk die plaasnaam WOLWEPOORT. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke onderverdeling.

EZELS FONTEIN

PLAAS Clw. Q.8-33

K 2917 DA

Eerste eienaar: Van Zyl G 1850-01-21

Van Heerde-versameling "n Dixon het daar esels aangehou of opgepas vir die ou Kopermaatskappy en gevolglik het die plek die naam 'Ezelsfontein' gekry."

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "Die ou Kopermaatskappy se esels het op die plaas geloop. Daar was ook twee fonteine op die plaas."

'n Baie ou plaas wat, volgens die informante so vernoem is vanweë die fonteine en die esels van die ou Kopermaatskappy wat daar aangehou is vir ondergrondse werk en vir die latere muiltrein tussen Port Nolloth en Okiep (De Villiers en ander 1969:50).

Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat die eerste lid na die wilde-esel, Equus quagga (Van Dale 1956:768), kan verwys nie, aangesien die plaas reeds so vroeg as 1850 geregistreer is. Dié waterryke, bergagtige deel sou 'n ideale habitat vir wilde-esels gewees het. Daarteenoor het die maatskappy Phillips en King, in dieselfde jaar met die sewe Cloete-broers 'n koopkontrak aangegaan en sodoende bekom het 'n "koperberg of koppie omtrent elf morg groot tesame met die mineraleregte op Melkboschkuil alias Koperberg" (Van der Merwe 1951:16). Die mynbedrywighede het dus ook vroeg begin sodat esels vir gebruik reeds by registrasie van die plaas daar aangehou kon gewees het, soos deur die informante meegedeel.

MeulsteenkopKop

K 2917 DA

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "Meulsteenberg het sy naam gekry omdat al die boere in die omgewing wat perdemeule gehad het, klip uit dié berg kom haal en meulstene daaruit gekap het."

Die informant praat van "Meulsteenberg" omdat daar nie altyd duidelik onderskei word tussen 'n kop en 'n berg nie. Op moderne kaarte (Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok) word die betrokke entiteit as kop aangedui. Die naam is dan vanweë die meulstene wat uit dié kop verkry is.

NariesOnderverdeling met opstal

K 2917 DA

Van Zyl AJ 1980 Afgetrede Boer Gesprek "Volgens wyle mnr. Daantjie Scholtz my meegedeel het, is die betekenis van Naries op Ezels Fontein 'die plek van baie water'."

Dit was vroeër klaarblyklik 'n waterryke en nat plek, veral gedurende reëntye, in die lig waarvan die lid Na- dan sal wees soos Nama /â- = "nass" (Rust 1960:45), met die -ri(e)s as plekaanduidend. Met wisseling van n/h (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) kan dit ook wees soos /hari-s = "feuchte Erde, feuchte Grund" (Kr. & Rust 1969:158). Dus: "Nat aarde/grond; Nat plek".

Ntjou se PutsPuts

K 2917 DA

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "Ntjou se Puts is eintlik 'n Hottentotsnaam. Wat die eintlike betekenis van die woord is, weet ek nie juis nie, maar ek reken dit het iets met water wat brak is te doen."

Die informant skryf Ntj- vir die suigklank. Sout is vir Oud-Kaaps reeds in 1655 opgeteken as (h)ou- (Nienaber 1963: 463). Die komponent -ou korreleer dan met Nama /ō- = sout. Dus "Sout- of Brakputs".

SandhoogteHoogte

K 2917 DA

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "Dis die eerste hoogte wat jy na die plaas kry. Dit is baie vol sand en ook hoër geleë as die ander dele van die plaas. Daarom die naam Sandhoogte."

Dis 'n sandhoogte suidoos van die opstal waarteen die Spektakelpad uitklim.

TierhaakGebied

K 2917 DA

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "'Tierhak'. Die Thearts het die stukkie grond by ons gehuur. Nadat hulle weggetrek het, het ons die werf Tierak genoem."

Op die Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok verskyn genoemde gebiedsnaam as Tierhaak, terwyl die informant van Tierak praat. Dis in elk geval dan vernoem na die Thearts - 'n geval van volksetimologie.

Uitspan se KoppieKoppie

K 2917 DA

Gagiano KA 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat die mense met die houtwaens altyd daar kom uitspan het op pad na die kopermyne en skoolkoshuise op Springbok waarheen hout gery is."

'n Koppie waar altyd eers uitgespan is.

FFARQUARSONPLAAS Nam.Q.13-3

K 2917 AB/AD

Eerste eienaar: Nelson WH 1926-01-16

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek dink Farquarson was 'n 'plate-layer'."

Burden RH 1978 Boer Vraelys "Die plaas is vernoem na 'n Engelse prospekterder wat 'n kopermyne hier wou begin, maar dit het misluk."

Daar bestaan meningsverskille oor wie "Farquarson" (Ferguson?) eintlik was, alhoewel daar eenstemmigheid bestaan dat dit 'n persoonsnaam is. Die treinstasie by 28-Myl, waar daar ook 'n skooltjie, winkel, ensovoorts, was, dra dieselfde naam as die plaas. Volgens Coetzee was Farquarson 'n spoorlêer op die destydse "muiltreinspoor", terwyl vir Burden hy 'n Engelse prospekterder was. Plaaslik dra laasgenoemde verklaring die meeste gewig.

Farquarson se KopKop

K 2917 AD

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "By die kop is 'n klipgat mit (met) water, bekind (bekend) as Farquarson se Kop en - Klipgat."

Genoemde kop dra landmetersbaken nr. 23 en is vermoedelik na ene "Farquarson" vernoem na wie ook die plaas waarop dit geleë is, heet.

Soutwaterleegte; - se HoekLeegte en Hoek

K 2917 AD

Burden RH 1980 Boer Vraelys "Die hoek word so genoem omdat daar 'n fonteintjie is wat baie sout is. Die leegte wat daarvandaan loop, dra dieselfde naam."

Die leegte en hoek is beide vernoem na die soutwaterfontein-tjie.

FRUMMEL-BAKKIES

PLAAS Nam.Q.14-4

K 2918 DC/3018 BA

Eerste eienaar: Strauss SW 1926-07-02

Rossouw (1973:30) "Waar die oorspronklike ordonnansie (water en woonhuise) was, was klipkoppies, gebroke wêreld. Daar sou die naam van 'n plaas dieper die Boesmanland in, naamlik Frummel-bakkies, beter van toepassing wees."

Alhoewel daar ander plekke of plase is waar die benadering Frummel-bakkies beter van toepassing sou wees, word algemeen aanvaar dat die naam ontstaan het na aanleiding van die klipkoppies en gebroke wêreld wat jou laat dink aan iets, byvoorbeeld brood, wat opgefrummel is. Met bakkies word bedoel gesig of aangesig. Dus: "Die plaas met die opgefrummelde aangesig".

GGABAIPPLAAS Nam.Q.7-23

K 2919 AC

Eerste eienaar: Maass GJ 1911-10-17

Kennis (1978:2957) "Aanleg suidwes van Pofadder."

Maass SA 1978 Vraelys "Die naam Gabaip is Boesman, dit is eintlik Tjabaip, met die tj- tongklap van Boesman. Die naam is gegee aan 'n watergat in 'n kloof by 'n kop met duine rondom geleë. Dit het water gevang as dit goed reën en die kloof sterk afkom. Dan spoel die gat oop en hou vir maande water. Ek lei af dat die naam Gabaip iets met opvang of inhoud te doen het. As kind het ek gehoor as die bruinmense wil water skep of so, het hulle altyd gesê hulle wil eers 'n gabading vat om water in te dra".

Informant Maass probeer die plaasnaam verklaar deur die Gaba- gedeelte in verband te bring met die plaaslike benaming gaba vir skepding. Taalkundig is dit egter nie verantwoordbaar nie.

Op grond van omgewingsname, maak Nienaber & Raper (1980: 262) die afleiding dat Gabaip miskien te verklaar is as Nama Gabi- = loer, beloer, bekyk (Rust 1960:58), met -ai- = vlakte of omgewing, plus die -p van die ml. ekv. wat hier na die berg verwys. In geheel dan die "Berg (-b/p) waarvandaan die vlakte of omgewing (-ai-) vir wild, ensovoorts bespied (gaw-, gab-) word", in plaaslike taal "Spioenkop".

Hierdie verklaring lyk baie aanneemlik veral aangesien Gabaib se Berg met landmetersbaken nr. 8, op Divisional map of Namaqualand 1916, net as Gabaib aangegee word. Dit skyn dus asof hierdie belangrike landteken eerste benoem was, waarna die naam by opmeting van die gronde op die plaas oorgedra is.

BantambergBerg

K 2919 AC

Scully (1915:35-6) "This was Bantom Berg - the 'Belted Mountain' - its red-cinctured bulk bathed in the first sunbeams, its feet entangled in the illimitable coils of the dune-tract."

Maass SA 1978 Boer Vraelys "Die plaas het nog by die een hoek 'n kop wat ons Bantamberg noem omdat dit 'n sandduin regoor die kop het."

Dit kom voor asof die berg 'n band om het, van daar Bantamberg, 'n volksetimilogiese vervorming van "Band-omberg". In der waarheid lê die grootste gedeelte van die berg op die aangrensende plaas Oubip. Die berg dra opmetingsbakke nr. 22.

GAL PUTSPLAAS Nam.Q.14-10

K 2918 DB

Eerste eienaar: Genis AE 1926-12-22.

Kennis (1978:2957) "Pan suidwes van Pofadder."

Van der Westhuizen JC 1978 Boer Vraelys "Dan is daar nog 'n kleiner pan naby geleë. Die plaas is genoem Galputs wat vertel dat die water net so sleg smaak."

Daar word met "kleiner pan" verwys na die soutpan op die suidelike gedeelte van Gal Puts. Op die Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder, heet die gebied by die pan Galputs, sodat dit wil voorkom asof die pan aanleiding gee het tot die plaasnaam. Op Divisional map of Namaqualand 1916 word egter 'n put aan die suidwestekant van die pan aangedui. Dit was die oorspronklike waterbron waarvan die water, vanweë die nabyheid van die soutpan, so bitter soos gal was en waaraan die plaas sy naam ontleen het.

GAMOEPPLAAS Nam.Q.10-21

K 2918 CD

Eerste eienaar: Rossouw GJ 1915-12-21

Scully (1915:27) "At Gamoep was a permanent spring, - the water of which, although fit for animals, was not quite suitable for human consumption."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek vermoed dat Bruinkop iets met die naam Gamoep te make het. Daar was vroeër gate in die kop mit (met) 'n fontein daar naby. Volgens oorlewering was dit 'n Boesmanvesting."

Informant Coetzee is beslis op die regte spoor. Op die Divisional map of Namaqualand 1916 is Bruinkop prominent aangedui met die inskrywing "water" daarby. In hierdie waterlose gebied van destyds, sou dié kop met water in die nabyheid 'n uitstaande entiteit gewees het. Dit skyn dan ook of die plaas Gamoep, Onder Gamoep en Koppies Kraal so gesny is dat hul al drie aan dié kop met sy water deel kon hê.

Nadere ondersoek wil die indruk skep dat eertydse bewoners (Boesmans en Namas) Bruinkop as verblyfplek kon benut het. Nou is dit interessant dat Nienaber & Raper (1980:282) op grond van die kleurname van die omgewing, tot die konklusie kom dat Bruinkop in Nama Gamoep beteken.

Dit is presies wat dit is. Bruin is in Nama ≠gam(a) (Kr. & Rust 1969:99). Die lid -oep is soos Nama -/ui-b = kop, berg, van /ui-s = klip, rots. Die -p van die ml. ekv. dui die kopnaam aan, hier Bruinkop, wat tans driehoeksbaken nr. 13 dra.

Dus: Gam + oep (≠ Gam(a)+/uib = "Bruinkop". Hiermee, glo ek, veral alle ander verklaringspogings soos te vinde in Nienaber & Raper (1977:359).

GAMSPLAAS Nam.Q.10-5

K 2919 AA

Eerste eienaar: Van den Heever JA 1914-12-02

Van Jaarsveld AJ 1978 Hysmasjinis Vraelys "n Ander plaas wat ek wil noem (...) is Tha-ams, uitgespreek met 'n tongklap (...) Tha beteken gras, en aams beteken mond. Die wordende myn wat nou bekend staan as Gamsberg is deel van Thaams. Dis die berggedeelte, en aangesien dit die enigste bergdeel is, word dit Gamsberg genoem. Dit moes eintlik Thaams-berg wees (...) Dis 'n berg wat van veraf plat lyk soos 'n tafel. Maar kom jy bo-op, dan vind jy dis eintlik 'n kom so asof dit in die oertyd weggesink het, en dis daar waar die minerale (koper, sink, lood en silwer) gevind is. Dit is 'n buurmyn van die Aggeneysmyn wat weer bekend staan as die 'Black Mountain-myngroep'."

Op grond van die informant se plaaslike (ou) uitspraak van die naam as Ga-ams, wat hy Tha-ams spel, kom Nienaber & Raper (1980:283-4) tot die slotsom dat die stamklinker vroeër klaarblyklik nog baie lank was, maar later tot 'n kort klinker saamgetrek is in die spelvorm Gam. Die lid Ga- is dan soos Nama /gâ- = gras (Rust 1960:28), -am- = mond (1960:43), deur oordrag ook fontein/bron, met die slot-s van die vr- ekv. as aanduiding dat dit 'n naam vir 'n wateropening/fontein is. Dus: "Grasmond/Grasfontein". Die gras waarop dit betrekking het, is die twagras Aristida brevifolia (Smith 1966:148), ook boesman(s)gras genoem, omdat die Boesmans vroeër die saad geëet het.

Thompson (1827:284) skryf hiervan: "The adjoining plains are covered with grass which grows all in separate tufts, like the hair on the head of a Hottentot."

GANNA LAAGTEPLAAS Nam.Q.11-1c

K 3018 BD

Eerste eienaar: Strauss JM 1916-03-25

Van Vreeden (1961:300) "Afrikaans Ganna. Volksnaam vir verskeie S.A. plantsoorte van die geslag *Salsola*. Oorspronklik kanna (Hott.) ganna. Die naam is reeds voor 1795 in die Afrikaanse spreektaal. As 'n eerste lid in pleknaamsamestellings is ganna deurgaans 'n versekering van goeie weiding terwyl die tweede of laaste lid plekaanwysend van aard is."

Meyer DJ 1978 Boer Vraelys "Daar loop 'n laagte by die opstal verby wat vroeër jare vol gannabosse gestaan het."

Die plaas is vernoem na die droë loop of laagte met baie ganna, *Salsola* sp. (Smith 1966:219), hier spesifiek brak- of soutganna (beesganna). Die oorspronklike Hottentotse plantnaam kanna, wat heel waarskynlik met 'n tongslag uitgespreek was, kan twee sake benoem, naamlik die ganna (bossie) of loogbossie en kougoed. Laasgenoemde is van die *Sceletium* sp. (1966:309), wat egter nie van toepassing is op die plaasnaam onder bespreking nie.

Afrikaans ken vandag nog albei, naamlik kanna naas die gewoner ganna. Vir volledige dokumentasie vergelyk Nienaber (1963:269-71; 327-29).

Groot- en Klein-Spioenkop Koppe

K 3018 BD

Meyer DJ 1978 Boer Vraelys "Dit is die hoogste koppies in die omtrek."

Die twee hoogste koppies (een wel hoër as die ander) op die andersinds redelike gelyk plaas, wat opmetingsbakens nrs. 77 en 26 respektiewelik dra en van waar die wêreld (gebied) bespied of "spioen" kan word.

GARGANABPLAAS Nam.Q.9-4

K 2818 DC/DD

Eerste eienaar: Oudtshoorn Land Development Co. 1913-07-09.

Wikar 1779 VRV 15 op kaart 192-3 en ook agterin op kaart van Mossop 1935 "Karaganas... Garganab, // karab = gravel; !ab = rivier."

Volgens Wikar is die betekenis dan "Gruisrivier". Nienaber & Raper (1977:380) meen dat die naam soos deur Gordon in sy manuskrip gegee, naamlik Kararagingnaas en op sy landkaart Kararingnas, miskien beter te herstel is as // Khararin-!na-s = die "Plek(-s) met klippies of spoelgruis (// Kharari-n) daarin (!nâ-)". Die grondwoord kan miskien selfs // khai wees = sand. Hulle wys verder daarop dat, aangesien Gordon die plek ook "het bos" noem, die vraag ontstaan of Wikar se -ganas nie dalk te korreleer is met Nama// gana-s = kameeldoringboom (Rust 1960:34) nie, met die eerste lid // kara = "gross, dick, starkleibig" (Kr. & Rust 1969:221). Hiervolgens dan: "Kameeldoornboombos", aldus genoemde skrywers. Dit bly 'n ope vraag watter een die geldige verklaring is.

GARIES COMMONAGEPLAAS

K 3017 DB

Pleknaamlys "Garies Commonage".

Vir die betekenis van die eerste lid, vergelyk GARIES onder dorpname. "Commonage" dra die betekenis van dorpsgrond, meent, gemeenskaplike grond(besit), ensovoorts (Bosman en ander 1981:1092). Dus: "Dorpsgrond (-veld) van Garies".

Nansie se KlipRotsbank

K 3017 DB

Opmeting 1968 "'Nansie se Klip (met 'n tongklap) op Garies Dorpsmeent geleë. Na ek verneem, is die prominente rots-

bank vernoem na 'n ou Hottentot (vermoedelik veewagter) met 'n naam wat as jy dit uitspreek soos 'Nansie' klink."

'n Baie prominente rotsbank. Ek is van mening dat dit eerder 'n vervorming is van Nama !nani- = "Gebirgsrand" (Kr. & Rust 1969:280), met die -si(e)as lokatiefmorfeem.

GEEL HOEKPLAAS 1594/47

K 3018 CC

Eerste eienaar: De Klerk AAH 1947-12-20

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Die walle van die put het geel klei."

Geelputs is 'n gebied op genoemde plaas waarvan die kleur-naam deur die informant verklaar word. Die geelagtige kleigrond in die hoek wat die berge aldaar vorm, is baie opvallend en die aanleidende oorsaak vir die plaasnaam. Die plaas Geel Hoek was vroeër deel van die oorspronklike Groot Riet and Modder Fontein op graadvierkant 3018 CB.

GEMSBOK HOEKPLAAS Nam.Q.7-26

K 3018 AC

Eerste eienaar: Studer J 1911-10-17

Coetzee GJV 1978 Boer Vraelys "Die plaas lê in 'n hoek wat begrens word deur twee bergreekse. Die berge loop daar in die hoek ineen. Blykbaar was hier destyds baie gemsbokke gewees."

Vernoem na die hoek tussen die berge waar vroeër gemsbokke, Oryx gazelle (Kritzinger 1963:173), gehou het.

GEMSBOK VLEIPLAAS Nam.Q.12-15

K 2917 AC

Eerste eienaar: Mostert GJ 1925-11-12

Backhouse (1840:535) "...we rode (...) over sandy ground on which the fresh traces of the Gemsbok's feet were numerous, to Oeg Grawep ..."

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Langs die Port Nollothpad is daar 'n vlei wat gedurende die winter water opvang. Gemsbokke het vroeër baie volop op die plat grond tussen die rûens voorgekom."

Viljoen WAA 1978 Boer Vraelys "Die oorspronklike naam was Augrabies (Hottentotsnaam) en beteken ego van die hoë kranse."

Voor verdeling het die hele gebied, wat vandag beslaan word deur die plase Oograbies, Oograbies West en Gemsbok Vlei, bekend gestaan as Oograbies (vir die betekenis vergelyk die plaasnaam OOGRABIES). Viljoen gebruik dan ook hierdie inlandse gebiedsnaam, maar gebruik die foutiewe spelwyse van die destydse pos- en telefoonagentskap aldaar. Dat wild, en by name gemsbokke, Oryx gazelle (Kritzinger 1963:173), vroeër in groot getalle hier aangetref is, spreek onder andere uit Backhouse se mededeling. Dit was vanweë die grondwater en volop gras wat hier te vinde was. By latere opmeting is die suidelike gedeelte as Gemsbok Vlei benoem na aanleiding van die betrokke vlei as vernaamste entiteit.

GEMSBOK VLEYPLAAS Clw.Q.7-7

K 3017 BC

Eerste eienaar: Engelbrecht JA, en ander 1844-02-15

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Op die plaas lê 'n groot vlei waar die gemsbokke se drinkplek was. Dit word beweer dat die gebied tussen Kwaggafontein en Baksteenhoek vroeër die gemsbokke se boerplek was."

Dié ou plaas is vernoem na die vlei waar die gemsbokke, Oryx gazelle (Kritzinger 1963:173), vroeër gesuip het. Die laaste lid is nog in Nederlandse vorm.

GEZELSCHAP BANK

PLAAS Nam.Q.6-16

K 2918 AA

Eerste eienaar: Cornelissen PJ 1910-05-04

Van Reenen 1791 soos aangehaal deur Mossop (1935:298) "Van de Brakkefontein naar x-hou-x-ois of Platteklip ..."
Mossop (1935 (Voetnoot hierby):299) "The name !Hau-/uis (Shouting Rock) is still employed by natives for Platteklip at Geselsbank (...). A legend relates that two chiefs, afraid to engage in battle, shouted insults across the rock."

Nienaber (1939b:15) Nie ver daarvandaan (Kinderlê) het 'n berg in die weiveld van Steinkopf en 'n aangrensende boereplaas die naam Geselskapsbank gekry. Ook hierdie naam dateer uit die tyd van die Boesmangevaar. Die basterfamilie op Byzondermeid, omtrent 2 myl suid van Steinkopf, is ook op 'n dag deur die Boesmans oorval, maar ou Gert was op sy hoede. Na 'n kort geveg is die Boesmans op die vlug geslaan en het hulle tussen die rotsblokke van genoemde berg skuiling gesoek. Die basters het hulle gevolg en agter die klippe posisie ingeneem; die afstand tussen die twee partye was egter so klein dat hulle met mekaar kon gesels. Ons durf met taamlike sekerheid aanneem, dat hierdie geselsery nie juis op die allervriendelikste toon gevoer is nie, want nie lank nie of alle Boesmans was doodgeskiet en in 'n grot begrawe. Backhouse in sy reisverhaal (1840) noem die berg 'Geselskop' en so lui seker die oorspronklike naam, maar die offisiële naam is nou Geselskapsbank."

Forbes (1965:91) "Paterson narrates that about 4 miles N. by E. of his Great Brack Fountain, across a sandy plain,

they came to 'a large rock of conical figure where was a small fountain of fresh water'. As he elsewhere calls a 500 foot koppie a 'rock of conical figure' there is no difficulty in applying this description to a hill that presents a conical form to the traveller from the south, and that lies close to and east of the southern end of the Geselskapbank, a granite wholeback ridge. This is called Platteklip on the Gordon Map 3 and still bears either of these names."

Forbes gee nie alleen 'n beskrywing en lokalisering van die betrokke granietrug en -rots nie, maar meld ook dat die benaminge Platteklip en Geselskapbank daarvoor gebruik word. Dit dra opmetingsbaken nr. 24.

Nienaber & Raper (1977:538), gee Hauuis as ou naam van Platteklip en verantwoord dit taalkundig uit Nama, maar spreek twyfel uit oor Mossop se verklaring van die eerste lid. Ek meen egter dat laasgenoemde met Shouting Rock die alternatiewe naam (Geselsbank) bedoel het en nie die vertaling van !Hau-/uus nie.

Die benaming Gezelschapbank wat volgens oorlewering ontstaan het deur die gebeure soos vertel deur "Ou Namakwa" in die brief aan Nienaber, is oorgedra op die aangrensende plaas, Gezelschap Bank, alhoewel 'n manuskripverwysing na dié insident vermeld dat die opposisieparty 'n kommando van die Baster Engelbrecht en 'n groep Boesmans was (Forbes: 1965:91).

In die Van Heerde-versameling is egter 'n baie interessante mededeling, naamlik "Daar is 'n magtige, groot stuk rotsformasie - somaar so glad. Ek het eenkeer, jare gelede, met 'n mnr. Logan, dwars oor die grond na die rots gery. Toe ons naby die rots kom, kon ons duidelik die motor hoor. Die eggo kon duidelik gehoor word, en die rotsberg het seker deur die duidelike weerkaatsing wat dit gee, die naam

Geselskop (Backhouse) of Geselskapbank gekry."

Volgens Van Heerde het die naam dan ontstaan vanweë die duidelike eggo (hy praat van weerkaatsing) wat dit gee, kompleet asof dit gesels.

GHAAMS

PLAAS 19076/1953

K 3017 AD/BC

Eerste eienaar: Schreuder LGS 1960 -12-30

Agenbach MM 1978 Predikant Vraelys "Ghaams. Hottentotse naam wat beteken 'swaar sand'."

Agenbach HPM 1978 Boer Vraelys "Avontuur A was ook bekend as Ghaams, Hottentotse naam, dit beteken 'Groot water'. Hier was vroeër 'n geweldige sterk fontein of oog, soos die ou mense dit genoem het."

Nagel FJP 1980 Pensionaris Gesprek "Ghaams beteken laagte."

Volgens Nienaber & Raper (1980:318) is die lettergreepverdeling Gha-ams, met -am = mond (Rust 1960:43), en by oordrag 'n watermond, bron, fontein. Die vr. ekv. -s dui 'n bronnaam aan. Die gha- sal soos Nama /gâ = gras (Kr. & Rust 1969:74) wees. Letterlik dan "Grasmond/-fontein".

Krans(e)vlei

Vlei

K 3017 BC

Nagel FJP 1980 Pensionaris Gesprek "Dis 'n gelyk, blou kalkbank met holtes waarin die oumense net die bosse uitgekap het."

Dis meer 'n kalkbank as 'n krans, met holtes wat vleie heet. Die naam is ook oorgedra op die opstal.

Ouwerfies

Gebied

K 3017 AD

Agenbach MM 1978 Predikant Vraelys "'n Plek waar boere dikwels

met hulle vee oornag het."

Al die troppe vee op die destydse familieplaas moes by een put suip, waarvandaan dan weer teruggetrek is tot by 'n paar duintjies waar die troppe afsonderlik, maar die wagters gesamentlik, oornag het. Dis na dié ou werwe wat die informant verwys deur die benaming Ouwerfies wat plaaslik nog algemeen gehoor word.

Ryskop

Onderverdeling met opstal

K 3017 AD

Agenbach MM 1978 Predikant Vraelys "Die naam is verleen aan die rys (sekere soort mier) wat die Hottentotte vroeër daar gegrawe het, dan gekook het om te eet."

Dit staan bekend as hotnosrys wat deur Kotzé (1975:36) as volg beskryf word: "Dit is 'n lekkerny wat ek nie graag aan mense wil bekend stel nie. Daar is twee soorte termiete - die rooikoppe en die wit termiete in die nes of in die muurhoop - ons sê nie miershoop nie. Die wittes word die sibbies genoem. Dit is hierdie wit sibbies wat uitgehaal word en as witrys in 'n pan met 'n klein bietjie water gebraai word, totdat hulle goudbruin is. Ai, hoe lekker die geur en om dit op brood te eet of sommer so skoon - handevol! In die skoonmaakproses word die ximmies of xibbies dit wil sê die dooie termiete en die gronderigheid, bo-af geskep. Die termiete wat van die nes af wegvlieg, word die vlerkrys genoem."

Sibbies of xibbies is die uitspraak deur die blankes van Nama !gîbe- (Rust 1960:61), vir hottentotsrys wat verkry word van die termietenimfe of larwes.

Die benaming van hierdie eertydse lekkerny het in sy Afrikaanse benaming in die pleknaam Ryskop behoue gebly.

Trippens se DuinDuin

K 3017 AD

Agenbach HPM 1978 Boer Vraelys "n Kleurling met die naam Joos Witblad, het 'n pond se trippense by dié duin verloor."

Die duin is vernoem na die trippense wat daar verloor is.

GOENEROBPLAAS Nam.Q.10-18

K 2919 AC

Eerste eienaar: Dixon AAJ 1915-12-09

Divisional map of Namaqualand 1916 "Goenerob" en "Goenerob Vlei".

Roux B 1983 Meganikus Gesprek "Ek het gehoor dit kan miskien die betekenis van plooiê hê. Die duintjies skep die indruk van plooiê."

Nienaber & Raper (1980:344) is van vermoede dat die koenie (bos), Rhus undulate (Smith 1966:316), aanleiding tot die plaasnaam was.

Uit plaaslike navrae wil dit voorkom of genoemde bossoort nie daar aangetref word nie. Volgens Roux kan die komponent Goene- wees soos Nama !koni = vou, plooi (Rust 1960: 20), met die -ro- as diminutiefmorfeem en -b (ml. ekv.) vir die langerige duine. Hiervolgens dan: "Voutjies- of Plooitjiesduine".

Die annotering van Krenz, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1980:344) naamlik #Goeniros = "Platz wo man etwas Ärger hatte", by #goeni = "sich ungebärdig (ungezogen) betragen", belig 'n verdere moontlikheid". Die suidwestelike hoekbaken van Goenerob is Dirk se Kop, met Klein Dirk se Kop op genoemde plaas geleë. Goenerob verwys moontlik na

die gebeure by Dirk se Kop en dit was miskien die gebiedsnaam voor verdeling van die gronde. Indien wel sal die slot-b na die kop verwys, vergelyk die plaasnaam DIRK SE KOP.

GOINOEP

PLAAS Nam.Q.7-21

K 2918 CB

Eerste eienaar: Roux JH 1911-10-17

Divisional map of Namaqualand 1916 "Goinoep" met "Goinoep Wells".

Van Heerde-versameling "Oom Bertus Roux se plaas. Goenoep= Baas se water. Die Goe(n)- staan vir baas of heer. Oep= water. Op dieselfde plaas was daar nog 'n watertjie, bekend as Jakkiewater. Die Jakkie was die soutryer wat velbaadjies gedra het en wat water by die Jakkiewater kon kry. By die Jakkiewater, waar die soutwaens uitgespan het, was 'n wip wat dit vergemaklik het om water te skep."

Die informant se "Goe(n)" is dan soos Nama !khū-b = der Herr (Arbeitsherr, Baas)" (Kr. & Rust 1969:256). Die tweede lid, -oep, is moeilik met water te versoen. Miskien dink Van Heerde aan tsub = waterbron (Rust 1960:72). Daar is vandag nog 'n put, bekend as Jakkie se Put.

Met Koerkamma se Holte, 'n tak van die Brakrivier, wat oor die plaas Goinoep sprei, asook aangrensende plase met name Brakdam, Kourkamma, ensovoorts, wonder 'n mens of die eerste lid nie met sout of brak te make het nie, soos Nama /ū = brak, of selfs ≠khoe = brakbos, Salsola sp. (Smith 1966: 173-4).

Die -noep kan dan miskien 'n verband hê met -loop, in die sin van 'n rivierloop, vergelyk URANOEPRIVIER; andersins soos Nama /uib = berg (Rust 1960:10), verwysende na die

berg wat driehoeksbaken nr. 25 dra. Dus: "Brak(bos)loop" of "Brakberg". Die slot -p(b) is ml. ekv. en dui gewoonlik aan dat dit 'n berg of 'n rivier is.

GOODHOUSE (Vroeër bekend as Gudaos)

PLAAS Nam.Q.9-2 K 2818 CC/CD/2918 AA

Eerste eienaar: Oudtshoorn Land Development Corp. Ltd.
1913-04-04

Nienaber & Raper (1977:472-3) "Gū = skaap, dao-s = (hier) drif. 'Skaapdrif', 'Skaappoort'."

Rossouw C de W 1978 Boer Vraelys "In 1913 het mnr. Weidner die plaas aangelê met die doel om dit in 'n volstruis-plaas te ontwikkel. 'n Sindikaat naamlik Oudtshoorn Ostrich Farming, is gestig, maar met 1933 se depressie het dit bankrot gespeel. Toe is oorgeslaan na sitrusboerdery. Dis die eerste plaas wat lemoene in dié geweste verbou het."

Nienaber & Raper gee hierbo die verklaring van die inlandse naam Gudaos, wat neerkom op Skaapdrif of Skaappoort. Goodhouse is dus nie 'n Engelse pleknaam nie, maar 'n volksetimologiese vervorming van die ou Hottentotse naam, Gudaos, wat oorspronklik die naam van die drif deur die Oranjerivier was waardeur die Namas met hulle vee van Klein- na Groot-Namakwaland getrek het (SESA 1972 deel V:268). In latere jare het dit as deurgang na SWA gedien voordat die brug en teerpad via Violsdrift gebou is. Die pont bestaan vandag nog. Die vervormde naam is oorgedra op die plaas aan die suidelike oewer waar Weidner uit die dorre sandwoestyn 'n klein paradys geskep het.

Papholte

Gebied

K 2818 CC

Rossouw C de W 1978 Boer Vraelys "Papholte is 'n dreineer-

kanaal wat met digte sand bedek is. Vir enige rytuig en veral die transportryers met hulle ysterbandwaens, was dit 'n verskrikking gewees. 'n Dun, ferme lagie oor die sand skep die indruk dat die oppervlakte hard is. Vroeg in die oggend as die sand koud is, ry jy heen en weer sonder teëspoed, maar na drieuur in die dag val jy op dieselfde spore tot by die as vas. As gevolg van die hitte het die sandkorrels uitgesit en is dan meer porieus of 'pap' en dan begin die moeilikheid."

So genoem omdat die sand in die holte wanneer dit warm word, baie los op "pap" voorkom en voertuie gevolglik maklik vasval.

SpieëlmynKoppie

K 2818 CC

Rossouw C de W 1978 Boer Vraelys "Spieëlmyn is 'n pegmatietkoppie waar in die dertiger jare mika gewerk is. Die populêre naam vir mika is bobbejaanspieël - vandaar die naam."

Mika staan plaaslik ook bekend as bobbejaanspieël en aangesien daar vroeër by dié koppie mika gedelf is, dra dit kortweg die naam Spieëlmyn.

Vuurdood (Vroeër bekend as Aeos/Aios)Berg

K 2818 CD

Schultze (1907:169) "Ae-//os, Vuurdood, Regenwasserstelle südlich von Ramansdrift. 'Wo das Feuer (/aes) erlosch (//o = vergehen'."

Laidler (1927:149) "D/aie L/oas, Dead Fire. The Bushmen lived on the top of this long black mountain. The Namas found them and the little men at once put out their fires. All these names in the Richtersveld refer to fights, some of which may go back to the time of the original migration south."

Mossop (1935:3) "... and winds beside the mysterious Vuur-dood, a pyramidal peak on which there rests, owing to some peculiar composition of this rock, an eternal shadow though the sky be ever cloudless".

Nienaber (1939b:15) "Een van die geweldige berge langs die Oranje in die nabyheid van Goodhouse het die naam 'Vuur-dood' gekry. Op baie aande, as die son sy laaste strale uitstuur en die ander 'duisend' berge reeds in die donker gehul is, pronk die kruin van Vuur-dood in 'n gloedrooi lig, maar dit duur ook maar net 'n paar oomblikke dan is ook hierdie vuur weer dood. Is dit te verwonder as die een-same reisiger tussen daardie pikswart berge en in die doodse stilte van die nag van 'n gevoel oorweldig word só tussen heilige erns en aanbidding?"

Uit bogenoemde spreek enkele redes vir die benoeming van die prominente kegelvormige, swart berg ongeveer 9 km suid van Goodhouse. Plaaslik dra die verklaring, soos uiteengesit in die brief van "Ou Namakwa" aan Nienaber die meeste gewig, alhoewel enkeles glo dat die naam eerder ontstaan het vanweë die swart kleur wat die indruk skep dat 'n veldbrand pas geblus is.

Volgens P. van Heerde (Van Heerde-versameling) het dr. Mossop en Carl Weidner selfs jare lank oor die naam gestry. Die een wou dit Vuur-dood hê en die ander Vuur-rood. Eindelik het dit maar die naam Vuur-dood behou.

GORAAP

PLAAS Nam.Q.11-21

K 2917 CC

Eerste eienaars: Mostert JC; Goosen CJ, en ander 1923-04-19

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "Weer 'n Namanaam en dit beteken Grawe-water. Op die plaas is 'n klipkop waarop klipgate is wat vroeër jare vol sand gewaai was en dan as dit reën dan staan daar water op die klip, en as jy daar grawe,

dan kry jy water."

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Goraap is graafwater."

Albei gee die betekenis as Graafwater. Dis soos Nama xora- = graafwater (Rust 1960:28). Die slot-b ml. ekv. is die lokatiefmorfeem wat hier op die klipkop Gorabkop, betrekking het. Dus: "Graafwaterkop".

Gorabkop

Kop

K 2917 CC

Opmeting 1958 "Probably a Hottentot or Nama word, which has been accepted by the present inhabitants. The farm on which it is situated, was and is still known and spelt Gorab. Using Afrikaans the above spelling gives a good phonetic reproduction of the expressed word."

Brand GA 1978 Boer Gesprek "Daar is klipgate op Gorab se Kop. Dis dus eintlik Gora se Kop wat Gorab genoem word."

Vir die verklaring vergelyk die plaasnaam GORAAP. Die informasie hierbo lewer duidelike bewys dat die slot-b beslis op die klipkop betrekking het. Laasgenoemde dra opmetingsbaken nr. 26.

Rooiklippies

Punt

K 2917 CC

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n kransagtige puntjie land wat in die see insteek en waarvan die klippe rooier vertoon as die ander rotse van die omgewing. Dis 'n bekwaam plek om te hengel."

Vernoem na die ontblote rooierige rotse bo die oppervlakte van die water.

Witstrandjie

Strand

K 2917 CC

Brand GA 1978 Boer Gesprek "So genoem omdat die strandjie uit skoon wit sand bestaan."

Vernoem na die opvallende, wit seesand op die strand.

GOUBEES

PLAAS Nam.Q.12-28 K 2918 DC/3018 BA

Eerste eienaar: Cloete JA 1925-12-05

Divisional map of Namaqualand 1916 "Goubees en Goubeesvlei".

Volgens plaaslike oorlewering sou die plaasnaam beteken "Misruik" of "Boesmanmis", omdat die Boesmans hul vol "geskittery" het van die skrik toe die Hottentotte hulle by die vlei met 'n voorlaaiër bestook het, soos dan ook verhaal deur informante van Nienaber & Raper (1977:456).

Alhoewel die oorlewering in sy onderdele wysiginge ondergaan het, bly mis die grondslag, sodat dit te herlei is na Nama xou-b = "Scheissdreck (von Vögeln, Hunden, Menschen)" (Kr./Rust 1969:48), met die uitgang -be(e)-s as lokatiewe suffiks. Dus: "(Boesman) Misppek".

Ek is egter van mening dat die naam eerder gesien moet word as Nama xaube-s (met 'n harde g-klank net soos dit die geval was by voorgaande xou-b) = "Stinkwitgatboomplek" na aanleiding van die Boscia foetida. Omdat dit eintlik die vlei was wat oorspronklik benoem was, kan die slot-s daarop dui, sodat dit dan eerder sal beteken "Stinkwitgatboomvlei".

Die naam Goubees moet verder saam gelees word met Goobies, die plaasnaam van Kangnas and Goobies met die oog op die wissel spellinge Goobies, Goebees en Goubees.

GRACE'S PUTS

PLAAS Nam.Q.10-3

K 2917 DA

Eerste eienaar: Cornelissen PJ 1914-10-22

Coetzee GJE 1978 Boer Gesprek "Grace was 'n prisonier wat op die Messelpad gewerk het. Toe sy straf uitgedien is, had (het) hy hier agtergebly. Op die plaas, wat sy naam dra, had hy op 'n kalkplaat 'n puts omtrent agt voet diep gegrawe en sterk water gekry."

Cornelissen PJ 1978 Boer Gesprek "George Grace was vroeër pagter en het met 'n klomp wit bokke daar geboer. Hy het 'n puts op 'n gelykte in die berg gegrawe waar hy sterk en goeie water gekry het en waar sy vrou vir hom met bokke geboer het terwyl hy later 'n winkeltjie by Spektakel gehad het."

Die plaas is vernoem na die put wat deur George Grace gegrawe is. Volgens plaaslike inligting was hy 'n Engelsman wat saam met ander prisoniers uit die Kaap hierheen gestuur is om die ou koperrypad, bekend as Messelpad, vir die Cape Copper Company te bou. Nadat sy straf tyd uitgedien is, het hy hier agtergebly en die plaas, na hom vernoem, as paggrond bekom, waar hy die put gegrawe en met bokke geboer het. Hy het later ook 'n winkeltjie by Spektakel bedryf.

GRASKOM

PLAAS Nam.Q.6-10

K 3017 AD

Eerste eienaar: Van der Westhuizen CAA 1910-04-11

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "Die topografie van die plaas is sodanig dat twee rante of bulte (Groenbosvlei se bult en die Swartbult), waar dit bymekaar kom, 'n kom maak. In hierdie kom of laagte groei daar in die mooi jare wanneer dit baie reën, geweldig baie rooisaadgras. Na die winter, kan die rooisaadgras-halms as 'n rooi skynsel van veraf gesien word. Vroeër jare toe die plase nog nie afgekamp was nie en diere van Boere nog vrye beweging gehad het, het hulle altyd in die 'graskom' gaan wei sodat hulle maar altyd dāār gesoek kon word."

Volgens De Villiers, en ander (s.j.:261) is 'n kom 'n "vlakke-
rige holte in 'n oppervlakte, in die aarde; 'n lae streek
tussen heuwels of berge; laagte".

In die onderhawige geval is dit 'n holte tussen twee sand-
bulte of -rante waar gras in reënjare welig groei, van daar
Graskom as plaasnaam. Aangesien gras nie baie in die Sand-
veld voorkom nie, is dit te verstane dat die baie gras in
genoemde kom so 'n opvallende verskynsel moes gewees het dat
dit nie anders kon as om by die naamgewing van die plaas be-
trek te word nie.

BotterboomboskaasGebied

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "n Bos-
kaas waarin daar baie van dié spesifieke botterbome ('n
tipe vetplant) in voorkom."

In die Sandveld word met boskaas bedoel dié gedeeltes waar
die bosse hoog en dig groei. Die botterboom waarna verwys
word, is die Cotyledon paniculata (Smith 1966:169-70), en
aangesien hul baie volop daar voorkom, word die "boskaas"
daardeur benoem.

DriebeentjiesDuin

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "n Duin
met 'n hoekbaken daarop waar daar drie plase se grensdrade
(lyne) bymekaarkom."

Vernoem na die drie grensdrade wat op die duin bymekaarkom
en aan drie beentjies laat dink.

DuikerduinDuin

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "n Sekere
duin waar duikers graag hou en waar dan ook dikwels jag

op gemaak word."

Vernoem na 'n klein wildsbok, die duiker, Cephalophus grimmia (Kritzinger 1963:130).

Hartbeesvlei

Vlei

K 3017 AD

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n oop vlei waar vroeër, toe grootwild nog volop was, hartbeeste gedrink het."

In saamgestelde plekname is vlei deurgaans 'n laagliggende grondoppervlakte wat 'n natuurlike opvanggebied is (Van Vreeden 1961:Vlei), terwyl hartbees, Bubalis caama (Kritzinger 1963:199), 'n groot inheemse wildsbok met 'n hoë skof en lae kruis is (De Villiers, en ander s.j.:190). Die vlei is na genoemde wildsoort vernoem.

Jakkalsnes se Duin

Duin

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "Dis 'n duin waarop 'n jakkalsnes op 'n tyd gekry is."

Met "jakkalsnes" word hier bedoel die plek waar 'n wyfiejakkals gejong het en die kleintjies nog skuilhou. Aangesien jakkalse, fam. Canidae (Odendal 1981:487), in hierdie geweste baie las gee, is die kry van so 'n nes 'n groot vonds, sodat dit nie vreemd is dat die betrokke duin daarna vernoem is nie.

Jasman se Werf; Giel se Werf; Hansie se Werf; Josef se Werf

Veewerwe

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "Almal plekke waar die persone, blank of nie-blank, na wie die werf vernoem is, een of ander tyd toe hulle vee opgepas het, saans geslaap het."

Werf impliseer 'n plek waar 'n veewagter met sy vee nie net een nag slaap nie, maar oor 'n lang periode heen. Bovermelde veewerwe is almal na die betrokke veewagters vernoem.

Lynduin

Duin

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "n Spesifieke duin waaroor die grenslyn van twee plase loop."

Genoemde duin is vernoem na aanleiding van die grenslyn wat daaroor loop.

GRAS VLAKTE OOST

PLAAS Nam.Q.8-14

K 3017 DC

Eerste eienaar: Van Zyl DJ 1912-09-15

Auret JG 1978 Boer Vraelys "Gras Vlakte is vernoem na 'n vlaktegedeelte wat in die gebied geleë is en aangesien dié deel oor die algemeen sandveld en digte bosse is, was dit die enigste kenteken. By onderverdeling is hierdie oostelike gedeelte Gras Vlakte Oost genoem."

Die betrokke plaas tesame met die aangrensende Eiland Punt Noord het vroeër bekend gestaan as Gras Vlakte vanweë die opvallende grasvlakte in die andersins bosbegroeide Sandveld. By onderverdeling is die oostelike gedeelte van die res onderskei deur die benaming Gras Vlakte Oost. Hier groei volop rooisaadgras, Tristachya hispida (Smith 1966: 400).

Josie se Vleitjies

Vleie

K 3017 DC

Auret JG 1978 Boer Vraelys "Op Gras Vlakte is twee natuurlike vleie wat in die reëntyd water opvang en Josie se Vleitjies genoem word, na 'n vorige eienaar ene Joos Engelbrecht."

Die vleitjies is vernoem na die verkleiningsvorm van die naam van 'n vroeëre eienaar.

GRA'WATER

PLAAS Nam.Q.13-25

K 2917 CD

Eerste eienaar: de Waal MJ 1926-05-03

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Die oorspronklike water was 'n kalkgat in die grond. As dit reën, staan dit vol water. In die somer grawe die mense deur die sand tot op die water wat dan uitsyfer. Toe ons daar gekom het, was daar 'n bossiekraal daarom gepak om die diere, wat ook vir water kom grawe het, weg te hou."

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Daar is vir water gegrawe. Die water dreineer teen die kop af en dan word aan die voet daarvan gegrawe. Dit was 'n syferwatertjie."

Graafwater was vroeër op verskeie plekke in die Sandveld die enigste vorm van water, soos dan ook die geval was met genoemde plaas. Kalkgate wat vol sand gewaai het, het reënwater absorbeer wat dan afsak tot op die kalk- of klei-blad. Dit kan weer teruggewin word deur daarna te grawe - van daar onder andere die plaasnaam Gra'water. Dis soos Nama xora = graafwater (Rust 1960:28).

Graafwater se Kop

Kop

K 2917 CD

Brand GA 1978 Boer Gesprek "Die oorspronklike graafwater was by die voet van die kop wat daarna vernoem is. Die ou opstal was hier by die water, maar die nuwe opstal is nou naby die noordelike grens van die plaas."

Bogenoemde inligting stem ooreen met Van Dyk se mededeling dat die reënwater teen die kop af dreineer en aan die voet herwin word deur daarna te grawe.

GROEN RIVIERS VALLEY PLAAS Clw.Q.6-36

K 3017 DC

Eerste eienaar: Van Zyl PG 1843-12-15

Auret JG 1978 Boer Vraelys "Soos die naam aandui is dit langs die Groenrivier geleë waar die rivier 'n breë bedding maak. Baie plase het hier 'n aandeel gehad terwille van die goeie water, kweek en doringbome wat die vallei oordek."

Die laagliggende gedeelte langs die rivier, begroei met doringbome en kweek, skep die indruk van 'n groen vallei, van daar die plaasnaam waarvan die laaste lid Engels is, indien nie 'n foutiewe spelling nie. Die ou inlandse naam Gariëp leef nog voort as deelnaam Nariep, vergelyk laasgenoemde onder die plaasnaam HAWERLAND.

Dermbergdraai Onderverdeling met opstal

K 3017 DC

Kotze GS 1978 Boer Vraelys "n Ou man met die naam van Jan Dermberg het hier gars gesaai en dit dan met 'n pik toegesleep."

Volgens navrae skyn dit asof die onderverdelingsnaam 'n vernoeming is van dieselfde Jan Dermberg van wie die informant meld dat hy ook op 'n tydstip by Kotzesrus, wat 'n endjie daarvandaan geleë is, gewoon het.

KlipfonteinrivierRivier

K 3017 DC

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Ons noem hom eintlik Klipkloofrivier. Daar is 'n ou fonteintjie by Klipkloof, dis daarom dat dit Klipfonteinrivier heet."

Dié droë riviërtjie loop van Klipkloof, waar die fonteintjie is, suidweswaarts oor die plaas Groen Riviers Valley na die Groenrivier. Dis dan vernoem na die fonteintjie in

die klipperige kloof.

Kraalbosvlei

Vlei

K 3017 DC

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Sy regte naam is Grootvader se Vlei. Daar is 'n groot vlei, eintlik 'n wonderlike gat in die vlei, waar baie kraalbosse groei."

Die naam dui op die vlei waar baie kraalbosse, Galenia africana (Smith 1966:310), groei. Die eertydse benaming, Grootvader se Vlei, verwys na die grootvader of oupa aan wie die vlei destyds behoort het.

GROOT BERG

PLAAS Clw.Q.7-36

K 3017 BC

Eerste eienaar: Cornelissen CP 1844-03-15

Van der Westhuizen JC 1978 Boer Vraelys "Die plaas is vernoem na die berg aan die voet waarvan dit geleë is. Dit is verreweg die hoogste berg in die omgewing."

Die plaas is vernoem na die groot berg wat op die plaas geleë is. Op die pleknaamlys word ook 'n dorpie met die naam Grootberg op dieselfde graadvierkant aangegee. Daar was vroeër 'n gemeenskap met 'n skooltjie waar ook kerkdienste gehou is, plaaslik bekend as 'n kerkplaas. Toename in groei van die nabygeleë Soebatsfontein het die dorpie Grootberg laat doodkwyn.

Brakputs

Onderverdeling met opstal

K 3017 BC

Van Niekerk IJM 1978 Boer Vraelys "Die waterbron op die plaas was en is 'n puts met brak water."

Die onderverdeling is vernoem na die puts met sy brak water.

DommersklipKoppie

K 3017 BC

Goosen HWJC 1978 Boervrou Vraelys "Dommersklip is 'n koppie of heuwel. 'n Boesman of Namakaptein by name Dommerag is daar dood. Met verloop van tyd is Dommerag se Klip verkort tot Dommersklip."

KeurbosGebied

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n deel waar baie keurbosse of -bome groei."

Vernoem na die Virgilia oroboides (Smith 1966:287) wat in hierdie geweste meer struikagtig vertoon en dus as keurbos bekend staan.

NariesOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Van Zyl AJ 1980 Boer Gesprek "Naries beteken 'Kakebeen of skeur'. Die berge wat die vorm van 'n kakebeen het, vorm 'n skeur waarin die opstal geleë is."

Soos Nama !nâri of !nâre = "der Kinnbachen (Kr. & Rust 1969: 282). Ek ken die onderverdeling baie goed. Die opstalge-deelte wat in die skeur lê, word deur die berge soos deur kakebene omsluit. Vir iemand met 'n goeie verbeelding kan die berg self miskien ook aan 'n kakebeen laat dink. Die naam berus op 'n gelykenis van die topografie op 'n kakebeen.

Ou LandeOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Toe die plaas Grootberg, deur die Cornelissens aangelê is, is die heel eerste lande daar geploeg."

Die oudste ploeglande op die plaas wat aan die onderverdeling die naam Ou Lande besorg het.

StilweitkoeroeKop

K 3017 BC

Goosen HWJC 1978 Boervrou Vraelys "Die vee wei altyd besonder stil en rustig teen hierdie bult of kop, en soos u waarskynlik self weet, noem die Namakwalanders kwartsiet wat baie op die bult voorkom 'tkoeroe'- (Hottentots)."

Die lid -tkoeroe is soos Nama // guru = "Quarz, Kieselgrund, Marmar" (Kr. & Rust 1969:143), met die t- as voorstelling van die suigkonsonant.

Die hibridiese kopnaam is dan saamgestel uit stil + wei + tkoeroe (Nienaber & Raper 1980:706).

VleieOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die naam het ontstaan as gevolg van twee groot vleie wat daar lê, een naby die opstal en die ander een verder weg."

So genoem vanweë 'n paar oop, plat vleie wat op die onderverdeling lê en waarin reënwater maklik vergader.

WindkraalOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dit was 'n uitlegplekkie, waar natuurlik ook 'n kraal gemaak is, en waar die suidewind betreklik lastig is."

Kraal verwys eerder na die aanleg wat redelik hoog lê in die pad van veral die suidewind wat daar dus baie waai, van daar Windkraal.

WonderfonteinOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Was eers vroeër bekend as Olienfontein toe George Renzky die plek bekom het, en wel

vanweë die baie olienhoutbome wat by die fonteintjie gegroei het. Die water van laasgenoemde vloei in 'n straaltjie uit die blou granietklippe in 'n groot klipbak in. Renzky het dit toe Wonderfontein gedoop."

Tot Wonderfontein verdoop aangesien dit as 'n eienaardige of wonderlike fonteintjie bestempel is.

GROOT BRAKFORTEIN alias PAARDEKRAALSBERG

PLAAS Clw.Q.6-33,34

K 3017 DB

Eerste eienaars: Du Toit C & Dreyer JC 1843-12-15

Visagie HJ 1978 Boer Vraelys "Die naam Groot Brakfontein is te danke aan 'n onuitputlike straal water wat bo-op die grond uitloop wat lekker brak is en wat ten spyte van groot droogtes nooit verswak nie."

Engelbrecht G 1978 Boer Vraelys "Groot Brakfontein alias Paardekraalsberg is een plaas waarop 'n hoë berg met die naam Perdekop is, en waarvandaan die ou mense seker baie perde en ander diere wat hul gesoek het, kon sien. Ook was daar 'n natuurlike kloof waarin menige wilde perd skynbaar gevang is, vandaar Perdekraalberg."

Oorspronklik 'n baie groot plaas met 'n baie sterk brak fontein en uitspanning min of meer in die middel op die grens van die latere verdeling. Op die oostelike gedeelte lê die huidige Perdekop met opmetingsbaken nr. 33, vroeër bekend as Paarde Kraals Berg, blykbaar vanweë 'n kloof of hoë rivierwalle wat as natuurlike kraal vir die vaskeer van wilde perde gedien het.

Die brak fontein en berg as vernaamste entiteite op die groot plaas, het aanleiding gegee tot die oorspronklike plaasnaam. Tans staan die plaas bekend as Groot Brak Fontein, terwyl Perdekraal die benaming van 'n onderverdeling

geword het en waarop, baie jare gelede, 'n skooltjie en smidswinkel was, maar tans slegs 'n winkelpos. Vergelyk die plaasnaam BRAKKEFONTEIN met die oog op die moontlike inlandse naam wat vertaald voortleef.

KwabergBerg

K 3017 DB

Nieuwoudt GS 1982 Skoolopsigter Gesprek "Dis 'n klipagtige berg. Ons praat mos plaaslik van !kau- rante, waarmee bedoel word klip- of rotsagtige rante. Nou noem hulle die berg sommer Kwaberg."

Blykbaar soos Nama !hau-b = "der Fels" (Kr. & Rust 1969: 170). Met wisseling van h- en k- (Nienaber & Raper 1977: 45 by 5C3) word dit plaaslik !kau uitgespreek. Met wisseling van h- en n- (1977:46 by 5D6), asook wisselinge van die klinkers -a- en -o- word dit ook gehoor as tnou met t- as klapklank uitgespreek. Die betrokke bergnaam is dan vermoedelik 'n vervorming hiervan. Dus: "Klip(plaat)berg".

OskopKop

K 3017 DB

Nieuwoudt GS 1982 Skoolopsigter Gesprek "Seker maar waar osse vroeër dikwels gewei het of waarvandaan die gebied bespied is wanneer na osse gesoek is."

Die informant se verklaring is aanneemlik, maar met naby geleë klowe, soos byvoorbeeld Klipkloof, Tierkloof en Brakfonteinkloof, ontstaan die vraag of die eerste komponent nie dalk is soos Nama $\bar{f}\bar{o}$ = eng (Kr. & Rust 1969:330) nie. Dan naastenby "Smal(kloof)kop".

PêpêkloofKloof

K 3017 DB

Munro 5 Augustus 1961:15 "Die pn in die pnê-pnê word gena-saleer en klink baie mooier as net pê-pê. As op die lang steel van die bossie geblaas word, word die geluid van 'n

steenboklammetjie so goed nageboots dat elke steenbokkooi wat 'n lam het, sal nader kom wanneer sy die geluid hoor. Die ou mense wat as kinders van die blaartjies skape gemaak het, praat daarvan as skappie bos (nie skapie nie)."

Die klanknabootsende pêpê is die plaaslike en streekbenaming vir die Cotyledon Wallichii van die sp. Cotyledon (Hugo 1966:652-3). Volgens die skrywer kan verskeie Cotyledon-soorte baie giftig wees deurdat die plante 'n toksien bevat wat die senustelsel aantas en later spiertrekkings veroorsaak. Wanneer vee byvoorbeeld onder droogtetoestande te veel van onder andere die pêpê-bos vreet, word krimpsiekte (krêmsiek soos dit plaaslik heet) veroorsaak. Die lang blomstingel word uitgetrek en daarop geblaas wat dan 'n soort van pê-pê-geluid maak en die geluid van 'n steenboklammetjie naboots. Dis vroeër gebruik om wild nader te lok.

Die kloof ter sprake, asook die nabygeleë gebied, staan bekend as Pê-pê(kloof), aangesien daar baie van dié plante groei.

Perdebak

Rots

K 3017 DB

Opmeting s.j. "Perdebak. Rots. Naam afkomstig van 'n groot gat in rots waarin water op natuurlike wyse opgevang word. Vroeër drinkplek van perde."

Vernoem na die diep klipbak in die rots wat as drinkplek vir perde gedien het.

GROOTDERM (Vroeër bekend as Kuwis/Geiguib)

PLAAS Nam.Q.9-20

K 2816 DA

Eerste eienaar: Louw HA 1914-05-30

Sprigade & Moisel (1903/1904) "Kuwis" wat suidwestelik loop

en by "Gr(oot) Dermdrift" in die Oranjerivier uitmond. Scholtz MG 1978 Pensionaris Vraelys "Die plaas se naam is 'n vertaling van 'n onuitspreeklike Boesmanwoord wat grootderm beteken, omdat die Oranjerivier (Gariep) se wal op daardie plek draaie maak, het dit vir die Boesmans soos die dikderm van 'n dier gelyk."

Informant Scholtz voer die plaasnaam terug na 'n "onuitspreeklike Boesmanwoord", maar probeer dit ongelukkig nie gee nie. Die term Boesman word soms baie los gebruik.

Nienaber & Raper (1980:585) gee Kuwis as die ou inlandse naam van Grootderm en wel op grond van die feit dat derm in Nama /gûi- is (Rust 1960:13), met wisseluitspraak /kûi, soos in die naam Kuwi-. Die -w- is oorgangsklank en die nasaliteit is nie gerealiseer nie. Die -s van die femsing. dui aan dat die beginpunt van die naam nie die spruit was nie, maar 'n fontein. Die Afrikaanse vertaling is oorgedra op die drif, die berg, die nedersetting en die plaas.

Op gesag van Scholtz se gegewens rekonstrueer Nienaber & Raper (1980:315) Grootderm egter as Geiguib wat neerkom op gei- = groot (Rust 1960:28), en /gûi-b = derm (1960:13). Die benaming het ontstaan vanweë die feit dat die formasie van die oewer van die rivier lyk soos die grootderm van 'n dier.

Die plaas is oorspronklik deur die destydse alombekende avonturier Hendrik Louw in dié onherbergsame geweste aangê (Green 1948:194; Sangiro 1953:44). Dit is tot op hede die enigste privaateiendom in die omgewing.

Beauvallon

Nedersetting

K 2816 DA

Scholtz MG 1978 Pensionaris Vraelys "In 1928 het my man die plaas teen £1 (R2) per morg gekoop. In 1950 het ek 'n gedeelte van die plaas (ongeveer 600 morg) aan C.D.M. verkoop.

Hierdie gedeelte aan die rivier word Beauvallon (mooi vallei) genoem."

'n Franse woord. Beau- = mooi, en villon = vallei, vanweë die pragtige riviervallei. Tans die eiendom van Consolidated Diamond Mines waar melk, groente, ensovoorts, vir die myngemeenskap op Oranjemund verbou word.

WitvoorkopKop

K 2816 DA

De Vries A 1978 Boer Gesprek "'n Kop met wit sand daarteen."

Die wit sand skeep die indruk van 'n wit voorkop.

GROOTHOEKPLAAS Nam.Q.2-3

K 3018 CC

Eerste eienaar: Kotze TG 1882-10-24

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Groot-hoek."

Dreyer JJ 1985 Pensionaris Gesprek "Die plaas is geleë in 'n hoek."

Die plaas is geleë in 'n groot hoek wat deur die berge gevorm word. Eie kennis van die betrokke gebied bevestig Dreyer se verklaring.

GROOT KAUPLAAS Nam.Q.7-20

K 2918 CA

Eerste eienaar: Kennedy AJ 1911-10-17

Van Heerde-versameling "Groot Kou - 'n groot plat klip anderkant Kaip, volgens Maans van Niekerk."

Boshoff (1921:384) "...ook bekend tnou (= Afrik. klipplaat)".

Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "Volgens oorlewering het die

naam ontstaan as gevolg van 'n besondere Kouboom wat vroeër daar gegroei het."

Met kouboom verwys Kennedy na die Pappea schumanniana (Smith 1966:309), wat vandag nog op suidwestelike buurplase aangetref word. Volgens hom is die plaasnaam dan aan so 'n besondere kouboom ontleen.

Van Heerde skryf weer die naam toe aan "n groot plat klip anderkant Kaip" wat beslis Grootkou se Kop, met opmetingsbaken nr. 27, moet wees. Boshoff, alhoewel hy nie spesifiek van die betrokke plaasnaam praat nie, gee t nou aan as 'n Namakwalandse streeknaam vir klipplaat, wat plaaslik nog algemeen bekend is, en met wisseling van n-/k- (Nienaber & Raper 1977: 46 by 5D5) ook as kou/kau uitgespreek word. Hiervolgens is die naam te verbind met Nama #hou = gelyk, glad, plat (Kr. & Rust 1969:195); vir wisseling van k-/h- vergelyk Nienaber & Raper (1977: 45 by 5C3).

Die plat, gladde platklippe of klipplate is 'n baie algemene en opvallende gesig in Namakwaland, dus ook by Grootkou se Kop wat die primêre entiteit was vir die ontstaan van die hibriediese plaasnaam, Groot Kau.

Nienaber & Raper (1980:370) is van mening dat Groot Kau, Grootkou se Kop, Nouspoort en Bleskop tot dieselfde naamkerngroep behoort en dat daar gevolglik, behalwe topografiese verband, ook 'n taalkundige verband moontlik is tussen Nou-/ Kou-/Kau- en Bles-, sodat die vertaalde vorm ook op Bleskop en Nous se Poort oorgedra is. Dit is 'n moontlikheid, alhoewel nie 'n uitgemaakte saak nie.

Grootkou se Kop

Kop

K 2918 CA

Topokadatstrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Grootkou se Kop".

Die kop dra opmetingsbaken nr. 27 en het klaarblyklik aanleiding gegee tot die naamgewing van die plaas; vergelyk GROOT KAU.

GROOTRIET

PLAAS

K 3018 CB

Eerste eienaar: Van Zyl D 1844-02-15

Lochner H 1980 Boer Vraelys "Hier is 'n fontein langs die rivier waar hoë riete groei, vandaar 'Grootriet'. Die Hottentotte het hulle riethuise daarvan gemaak. Die fontein loop nog net uit as die rivier vloei. Die riete is nou min, maar groei nog baie hoog."

Die oorspronklike plaas was bekend as Groot Riet & Modder Fontein, maar tans staan die gedeelte wat binne die Afdelingsraadgrens van Namakwaland val, net onder die naam Grootriet bekend en wel vanweë die riet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat geil by die fontein groei. Die segsman skryf die lid Groot- toe aan die groot of hoë riete, in welke geval dit miskien spaansriet, Arundo donax (Smith 1966:430), kon wees; andersins bedoel hy dat die fluitjiesriet net baie geil (hoog) groei, wat meer waarskynlik is aangesien spaansriet nie inheems is nie, maar teen ongeveer 1660 as tuinplant vanaf Suid-Europa ingevoer is (Smith 1966:430).

Ek is egter van mening dat die Groot- eerder op kwantiteit wys, dit wil sê die groot hoeveelheid wat vroeër daar gegroei het. Dit kan selfs op die grootte van die oorspronklike plaas sinspeel. Wat egter seker is, is dat die riete die opvallendste entiteit was en gevolglik by naamgewing betrek is.

Arondegas Onderverdeling met opstal K 3018 CB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Arondegas".

Die naam het beslis te make met die aroena, Caralluma sp. (Smith 1966:64-5), vergelyk DE RONDEGAS alias ARONEGAS op K 3017 BB. Nes by laasgenoemde plaasnaam, is Arondegas 'n tussenvorm. Die tweede lid, ga-s, sal blykbaar wees soos Nama -xa- = ryk aan, baie, terwyl die -s lokatieweer. Dus: die "Plek (-s) van baie (-xa-) aroenas". Die -xa- kan egter ook wees soos Nama ḡā-s = "die Fläche, die Ebene" (Kr. & Rust 1969:97), in welke geval dit dan "Aroenavlakte" sal wees.

Boesak Gebied K 3018 CB

Lochner H 1980 Boer Vraelys "Boesak - 'Boebesak' is 'n deel op die plaas wat volgens Hottentot-vertellings, 'n ou Boesman was wat daar deur 'n tier in 'n kokerboom vasgekeer is en toe later sy klere en kossak bo in die boom opgehang het en sodoende die tier se aandag op die boom bly vestig het. Hy het blykbaar later daarin geslaag om af te kom en Grootriet toe te hardloop. Die tier het hom agtervolg tot baie naby die plaas. Boesak - 'Boebesak' beteken dan 'sak bo in boom'."

Ek gee die oorlewering vir wat die werd is. Die vermoede is dat dit 'n vervormde Namawoord is, vermoedelik bō-bōsa = strafbar, zu rügen, Rache heischend" (Kr. & Rust 1969:39), wat dan beslis dui op Jaloerskop, wat naby geleë is en waar die tragiese wraakneming deur die bruin vrou plaasgevind het, vergelyk Jaloerskop onder die plaasnaam GROOTRIET.

Groot-Rietkop Koppie K 3018 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Groot

Rietkop".

Vernoem na die plaas Grootriet waarop dit geleë is, noordwes van en naby die opstal. Vergelyk die plaasnaam GROOTRIET vir die betekenis. Die spellingswyse is misleidend aangesien dit nie 'n groot rietkop is nie, maar Grootriet (se) Kop. Met die koppelteken na riet sou dit die betekenis meer korrek weergee het.

Jaloerskop

Berg

K 3018 CB

Lochner H 1980 Boer Vraelys "Dis 'n berg van soliede klip hier naby ons. Volgens oorlewering het 'n bruin vrou wat baie jaloers was op haar man, op die berg geklim en na vervolgens (een na die ander) haar kopdoek, die hond, die ghitaar en toe die kind afgegooi waarna sy toe self afgespring het - natuurlik om haar man te laat verander. Daar word vertel dat hulle onder die berg net met klippe toegegooi is."

Volgens oorlewering het die vrou uit jaloesie wraak geneem, waarna die berg of kop dan ook vernoem is. Dit wil egter voorkom asof die gebiedsnaam Boesak verband kan hou met Jaloerskop. Vergelyk eersgenoemde onder die plaasnaam GROOTRIET.

Ottaspoort

Poort/Nek

K3018 CB/CC

Opmeting 1957 "Vermoedelik het 'n sekere Hottentotstam, die Ottas, hulle in hierdie kloof skuilgehou. Inligting verkry van mnr. Lochner as eienaar van die plaas Grootriet."

Volgens die informant is die poortnaam toe te skryf aan die Otta-stam wat daar skuilgehou het. Ek is egter van mening dat dit 'n Nama-woord is, te wete $\neq\bar{o}$ daos, waarvan die eerste komponent $\neq\bar{o}$ = eng; nou (Kr. & Rust 1969:330), en daos = poort (Rust 1960:61). Vir die wisseling van d-/t- vergelyk

Nienaber & Raper (1977:42 by 5A2). Letterlik dan: "Nou-poort".

GROOT VALLEY

PLAAS Clw.Q.7-30

K 3017 BA/BB

Eerste eienaar: Kotze J 1844-02-15

Kotze GJ 1978 Boer Vraelys "Soos die Engelse naam aandui, is die plaas vernoem na 'n groot, wye vallei waarin die plaas geleë is. Die oorspronklike plaas is aan ene Jacobus Kotze geskenk as blyk van waardering vir uitstaande diens as staljonge in diens van Lord Charles Somerset." Van der Westhuizen JC 1978 Boer Vraelys "Die naam is Groot-vlei na aanleiding van 'n groot vlei wat as dit baie reën, vol water staan. Dit is die enigste vlei in die omgewing."

Albei entiteite, te wete die vallei en vlei, kom op die plaas voor. Volgens die registrasiename waarvan die tweede komponent in Engels verskyn, is die vallei oorspronklik benoem, wat ook te verstane is aangesien laasgenoemde 'n baie opvallende entiteit is. Plaaslik word egter wel van Groot-vlei gepraat, asof die vlei beklemtoon word. Die -vlei is m.i. net 'n samestreking van -vallei. Dis een van die oudste plase in Namakwaland en wyd bekend vir sy pragtige veldblomme.

Blouklippe

Onderverdeling met opstal

K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Vanweë die soliede blou klippe of rotse by die opstal. Die woning was oorspronklik 'n stal waarvan een muur 'n krans was. Dis later omskep in 'n woonhuis."

Vernoem na die blouagtige, soliede klippe by die opstal.

BrandbergBerg

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Brandberg".
Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die berg se ruie plantegroei
het op 'n keer afgebrand."

Vermoedelik dan so vernoem vanweë 'n brand wat vroeër in die
berg met sy destydse ruie plantegroei ontstaan het.

Brander se BergBerg

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Daar is 'n perd met die naam van
Brander in die gras onder 'n krans dood. Dié krans word
vandag nog Brander se Krans genoem."

Die berg is dan vermoedelik, na die perd Brander vernoem.

Grootvlei PasPas

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Grootvlei Pas".

Die eerste pas onmiddellik wes van die opstal, Grootvlei,
op die Kamieskroon/Soebatsfontein-pad en vernoem na die
bekende plaas Grootvlei waarop dit geleë is. Die verklaring
berus op eie kennis van die betrokke pas.

Killian's PassPas

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die pas is vernoem na die pad-
ingenieur Killian, wat ook die pad by Bowesdorp afgesteek
het en waar sy naam teen 'n rotsblok uitgekap is."

Dis die pas 'n paar km wes van die Grootvlei Pas en vernoem
na die padingenieur SS Killian. 'n Inskripsie op 'n rotsblok
"1925 Ter hulp van 65 noodlydendes", vertel die verhaal van
swaarkry. Ná 1924 se droogte was die meeste blankes van
die omgewing hulpbehoewend. Die staat het teen minimale

vergoeding 'n heenkome op die paaie gebied. Die betrokke pas is toe onder andere gebou. Plaaslik heet dit Bokspoort na aanleiding van Bokskraal aan die westekant van die poort, maar amptelik word Killian's Pas gebruik.

Vaalhoek

Gebied

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die hoek tussen Killian's - en Grootvlei Pas waar onder andere goeie saaggrond lê. Die grond vertoon vaal van kleur sodat die hoek tussen die berge Vaalhoek heet."

Die hoek tussen die berge is vernoem na aanleiding van die opvallende vaal kleur van die grond.

GROOT VALLEY and LANGKLIP

PLAAS Clw.Q.7-27

K 3017 DB

Eerste eienaar: Dreyer JC, Ch. son 1844-02-15

Divisional map of Namaqualand 1916 "Groot Valley and Langklip".

Du Toit HJ 1985 Boer Gesprek "Daar kan nie met sekerheid gesê word waar die lang klip, waarna die naam Langklip verwys, geleë is nie."

Vernoem na die groot vallei tussen die berge en die lang klip(pe), vermoedelik aan die suidelike kant, hoewel Du Toit dit nie kan identifiseer nie. Dit veronderstel nie net 'n lang, regopstaande klip(pe) te wees nie, maar kan ook 'n lang klipbank of klipplaat wees waaraan die naam Langklip ontleen is. Op moderne kaarte (Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies) verskyn die plaas net onder die naam Groot Vallei.

KaroekasGebied

K 3017 DB

Opmeting 1958 "Karookas/Karokas. Uit Hottentots. Volgens mnr. Rossouw is 'n blanke man op dié plek deur twee Hottentotte vermoor en hulle is op hierdie selfde plek gehang. Dié storie is bevestig deur ander inwoners van die omgewing." Vorm onderteken deur HJ Dollman.

Volgens die oorlewering kan dit wees soos Nama/kaoxa = jou op iemand anders wreek (Rust 1960:48), met die slot -s as lokativeerder. Dus: "Die plek waar jy jou op iemand anders wreek".

Indien daar 'n waterbron was, soos deur sommige beweer, kan die eerste komponent wees /kao- = wraak, met -kas soos Nama ≠gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969: 97). Dan kom dit neer op "Wraakputs/-fontein". Tans is die vervormde Karoekas die naam van 'n gebied op die plaas."

GUADOMPLAAS Nam.Q.14-11

K 2818 DC

Eerste eienaar: Dippenaar CA 1909-03-31

Schultze (1907:169) "≠ Goadom, östlich von Ramansdrift.

'Die Gurgel (domi), die sich mit Schlamm (≠ goab) gefüllt hat'".

Oor die betekenis van die plaasnaam het Schultze die nodige gesê, wat neerkom op Modderkeel, omdat die Oranjerivier daar in tye van vloed groot hoeveelhede modder en slik afset of, figuurlik gesproke, uit die keel spuug. Volgens Nienaber & Raper (1977:469) kan domi = keel ook gebruik word vir rivierloop, sodat ≠ Guadomi ook "Modderloop" kan beteken.

HHARAMOEPPLAAS Nam.Q.9-14

K 2918 BA

Eerste eienaar: Dixon RJ 1914-01-21

Kennis (1978:2964) "Aanleg in die Haramoepberge (1086 m.b.s.) wes van Pofadder in Boesmanland."

Van den Heever CJ 1984 Boer Gesprek "Die enigste water is 'n put wat maar swak is, alhoewel dit lekker water is. Die opstal en waterbron lê omring van die baie koppies of berge sodat daar seker nie sprake kan wees van 'n wye uitsig nie."

Op ouer kaarte verskyn die naam met die wisseluitspraak van Naramoep (SG map 1895). Volgens oorlewering (Nienaber & Raper 1977:523; 1980:403-4) sou die plaasnaam betrekking hê op die persoonsbeskrywende Khoekhoense naam van kaptein Jonker Afrikaner, die tweede van die vier seuns van Jager Afrikaner, met die bynaam Vratjiesoog, na wie die berg dan vernoem sou wees. Hiervolgens is die lid Hara- soos Nama/hara- = "Fratte" (Kr. & Rust 1969:158), en -moep (met die -b, hier as -p, van die ml. ekv. soos Nama -mû-b = "Auge" (Rust 1960:6). Hierdie verklaring is moontlik, alhoewel heeltemal onbekend op plaaslike gebied.

'n Tweede moontlikheid wat Nienaber & Raper opper, is dat die eerste lid soos Nama hara = "weit, breed" (Kr. & Rust 1969:153) kan wees, wat dan sal neerkom op "Vergesig/Wyeblik/Uitsig". Die topografie weerspreek egter dié moontlikheid, soos ook deur my informant se gegewens bevestig word.

Ek is oortuig dat die korrekte verklaring met die enigste waterbron op die plaas te make het. Die eerste lid is soos Nama !hara = "gering achten" (Kr. & Rust 1969:168) en die -moep soos -mû-b = "Auge", oordragtelik as watergat



(put) of oog; dus: die "Oog wat gering geag word", in gewone omgangstaal "Swakputs". Dit stem basies ooreen met Dixon se inligting aan Nienaber & Raper (1977:523) en hy behoort die beste te weet, want die plaas het oorspronklik aan die Dixons behoort.

Haramoepoort (Vroeër bekend as Karadous)

Poort

K 2918 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Karadous". Agenbag JJ 1984 Boer gesprek "Die poort is op plekke redelik wyd, miskien het die naam daarmee te make, of met die rivier wat daardeur loop."

Op die pleknaamlys word Haramoep Poort as 'n rivier aangegee wat deur die poort loop. Die poort korreleer met Karadous, waarvan die eerste lid, met wisseling van k-/h- (Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3), sal wees soos Nama hara = "weit, breit" (Kr. & Rust 1969:153), met -dous soos Nama daos = poort (Rust 1960:61). Dus: "Wyepoort". Dit bevestig informant Agenbag se vermoede.

HARRAS

PLAAS Nam.Q.3-3

K 2917 AD

Eerste eienaar: C.C. Mining Co. (Outspan Reserve).

Schultze (1907:169) "/Aras, Harras, schwacke Grundwasserstelle beim Strydrivier (≠ noa- kxaob, westlich vom Schaaprivier). /aras = Riss; das Wasser hat sich hier ene Rinne in die Felsen gerissen."

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "/Arras se water is in 'n kloof. Dis vaste fonteinwater wat uit 'n klipskeur kom. Daar is eintlik twee skeure- 'n grote en 'n kleintjie, sodat ons van Groot en Klein /Arras praat. Die water is neutvars."

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Ons spreek dit sommer /Arras uit; 'n fontein by die klipkranse. Die water kom

uit die klipskeur."

Volgens Nienaber & Raper (1977:529) het Arras nie plaasnaam geword nie, maar bestaan die naam nog as Arrasberg. Dit het wél plaasnaam geword, naamlik Harras wat op die pleknaamlys skynbaar foutief as Happas aangegee word. Dit grens aan die suidekant van Ariroep en strek aan weerskante van die Strydrivier (Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok).

Die informante is dit eens dat die water uit 'n skeur in die rots kom. Die lid Harra- sal dan wees soos Nama /ara-s = "Riss im Fels (durch Wasser entstanden)" (Kr. & Rust 1969: 14), met die fem. sing. -s as aanduiding van die bron. Letterlik beteken dit dan "Rotsskeurbron/Rotsskeurfontein".

Harrasfontein

Fontein

K 2917 AD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, gee Harrasfontein as waterbron aan op die noordoostelike grens reg wes van opmetingsbaken nr. 5. Dis die bron waaraan die plaas sy naam ontleen het en wat hîér letterlik "Rotsskeurfontein" impliseer.

HARTBEEST RIVIER

PLAAS Nam.Q.10-17

K 2818 DD

Eerste eienaar: Liebenberg BF 1915-08-17

Divisional map of Namaqualand 1916 "Hartbeest River".
Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Volgens oorlewering had (het) baie hartbeeste vroeër langs dié rivier gehou."

Dan vermoedelik vernoem na die Afrikaanse wildsbok, die hartebees van die geslag Alcelaphus (Odendal 1981:361), wat

vroeër daar voorgekom het. Die riviernaam het vermoedelik op die plaas oorgegaan.

HARTEBEEST VLEIPLAAS Nam.Q.5-28

K 2918 BD

Eerste eienaar: Roux AMJ 1909-07-31.

Divisional map of Namaqualand 1916 "Hartebeest Vlei", wat die naam van die vlei op die plaas is.

Roux B 1982 Meganikus Gesprek "Hartbeeste het volgens oorlewing vroeër by dié vlei kom suip."

Dit was aanvanklik die vlei naby die westelike grens van die plaas wat benoem is as Hartebeest Vlei vermoedelik na aanleiding van die wildsbok, Alcelaphus geslag (Odendal 1981:361), wat vroeër daar kom suip het. Die vleinaam het by verdeling plaasnaam geword.

HAWERLANDPLAAS 10154/1955

K 3017 DA

Eerste eienaars: Engelbrecht GE en ander 1956-09-20.

Engelbrecht G 1978 Boer Vraelys "Hawerland is maar net 'n gedeelte van die ou plaas Nariëp en is net deur die landmeter vir sy gerief gebruik."

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Daar het hulle altyd tuin gemaak en die pragtigste hawer verbou wat ek nog gesien het."

Hawerland is 'n latere verdeling van die oorspronklike plaas Groen Riviers Valley wat aldus genoem is vanweë die pragtige hawer wat daar verbou is. Opvallend is dit dat Engelbrecht Nariëp as die oorspronklike plaas noem wat daarop dui dat dit blykbaar die ou inlandse naam kon gewees het. Vergelyk

Nariep onder die plaasnaam HAWERLAND.

Nariep Onderverdeling met opstal K 3017 DA

Van Zyl ASH 1978 Boer Vraelys "Daar word vertel dat die oorspronklike plaas, tans Nariep genoem, oorspronklik 'n Hottentotsnaam gehad het. Iets soos 'Giariep'. Die eerste deel is 'n klik, maar dit is later vervorm tot 'n uitspreekbare en ook skryfbare vorm naamlik Nariep. Die Hottentotswoord sou dan beteken het, groen plek of vlei of kweekplaat - iets wat min of meer soiets beteken. Vandaar skynbaar die 'Valley'."

Wisseling van n- en g- is algemeen (Nienaber & Raper 1977: 46 by 5D4), dus Nariep/Gariep en wel soos Nama /gari-b = "das Unkraut, die Quecke" (Kr. & Rust 1969:76). Die -b is die genusindeks van onder andere riviername, soos hier.

Letterlik beteken dit dan "Kweekrivier". Die Groenrivier het dan sy kleurnaam van die groen kweek gekry eerder as van die bome, soos algemeen aanvaar word. Die ou inlandse naam Nariep/Gariep het dus as rivier- en plaasnaam verdwyn, maar leef nog voort as onderverdelingsnaam.

HEIDONS PLAAS Nam.Q.13-10 K 2917 CD/3017 AB

Eerste eienaar: Van Wyk AC & GJ; Van Niekerk JA;
Van Zyl AP 1925-12-03.

CCRS 1907-14 Bowesdorp Sheet 1/394 "Hydas Winter sheep farm".
Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Heidons".

Hydas is beslis 'n foutiewe weergawe van Heidons, aangesien die huidige geslag wat die plaas bewoon, oortuig is dat Heidons sedert die vroegste tye die erkende vorm was. Ek ken die plaas die afgelope dertig jaar.

'n Uitstaande en baie opvallende entiteit is die bekende Geelduine wes van en aangrensende aan Heidons, in teenstelling met die andersins wit en swart duine wat meer weswaarts en naby die see geleë is. Die eerste lid van die plaasnaam is vir my te rym met Nama /hei [hai] = vaal (Kr. & Rust 1969:177), maar wat ook as geel vertaal kan word, net soos in Korana (Nienaber 1963:273). Die lid -dons sal miskien, met wisseling van n-/d- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D3), kan wees soos Nama !nom in byvoorbeeld !nomxa = heuwelagtig (Rust 1960:32), met die -s wat lokativeer. Dus: Plek van die geel heuwel(s)" of in hedendaagse taal, "Plek van die geel duin(e)". Die moontheid is ook nie uitgesluit nie dat die lid -dons, 'n vorming kan wees van Engels "dunes", aangesien die twee klankmatig naby mekaar lê, veral uit die oor van Afrikaanssprekendes. Dan lyk dit tog of daar 'n verband is tussen die dele -dons en -duine, soos Nienaber & Raper (1980:408) vermoed.

Donkerman se KnoppeSandknoppe

K 2917 CD

Brand FJC 1978 Boer Vraelys "Dit is waar 'n Kleurling, Donkerman, lank met vee gestaan het."

Met knoppe word bedoel hoogtes, in hierdie geval sandkoppies of heuweltjies, waar Donkerman vir 'n geruime tyd sy veewerf gehad het.

PendoornkraalGebied

K 2917 CD

Brand FJC 1978 Boer Vraelys "Waar Boere met hul vee gestaan en krale van pendoornbos gemaak het."

Die gebied is vernoem na die veekrale wat van pendoorntakke, Maytenus sp. (Smith 1966:365), gemaak is toe draadkrale nog onbekend was in die gebied.

VarkgateGebied

K 2917 CD

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis gate wat deur ystervarke in 'n holte gegrawe is en waarin hulle gebly het."

'n Klein vlakke-inham in die duine by die noordwestelike hoekbaken van die plaas waar erdevarke, Orycteropus afer (Odendal 1981:206), vroeër baie gate gegrawe en hul blyplek gemaak het. Die stywe (vaste) grond het die tunnel van gate hier moontlik gemaak, terwyl dit in die omringende sandduine nie gedoen kon word nie.

HEIORIGASPLAAS Nam.Q.7-36

K 2918 AA

Eerste eienaars: Coetzee S en ander 1911-10-17.

Van Heerde-versameling "Heiorigas = Vaalklipfontein."

By die noordwestelike hoekbaken nr. 30 van die plaas is ingeskryf "Vaalysterkoppie" (Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder). Volgens Nienaber & Raper (1980:409-10) is die Afrikaanse kopnaam in sy eerste twee lede die vertaling van die ooreenstemmende komponente van die Khoekhoenese plaasnaam. Hierin gee ek hulle gelyk. Die Hei- is soos Nama /hei[/hai] = vaal (Rust 1960:20), -ori- soos /uri = yster (1960:17), gedevelariseer uit Oud-Kaaps cori, xori (Nienaber 1963:537).

Oor die slotlid bestaan nie sekerheid nie. Dit kan wees soos ≠ gās = "die Fläche" (Kr. & Rust 1969:97), anders is die -xa- die veelvuldighedsindeks met die slot -s as die fem. sing. lokatiefmorfeem, gewoon by bronname (Nienaber & Raper 1980:410). Alhoewel Van Heerde se verklaring nie die lid -ori- betrek nie, werp dit egter lig op die slotlid wat, volgens hom, dan moet wees soos Nama ≠gās = "das

Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97), wat neerkom op "Vaalysterputs". Omdat die benaming fontein plaaslik baie los gebruik word, kan dit ook wees "Vaalysterfontein".

HENDRIKS VLY

PLAAS Nam.Q.1-7

K 3017 DD

Eerste eienaar: Steele Henry 1861-10-01.

Kotze GS 1982 Boer Brief "So genoem omdat die persoon wat daar in die winter met sy vee gestaan het, Hendrik was."

Dit was oorspronklik die vlei op die plaas wat benoem is na aanleiding van die persoonsnaam, Hendrik. Dis opvallend dat die eerste eienaar Henry was, wat die vermoede wek dat dit miskien, verafrikaans is na Hendrik. Dan was dit die eerste eienaar wat met sy vee by dié vlei gestaan het. Die korrekte Hollandse spellingsvorm Vley verskyn op die Sensuskaart van 1891. Die vleinaam het plaasnaam geword.

HOLTE

PLAAS Gr.238/1954

K 2918 BC

Eerste eienaar: Geldenhuys AG 1954-10-23

Topokadastrale - reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Holte".
Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en boer Gesprek "Die plaas is vernoem na die holte wat daaroor loop."

Oorspronklik deel van die destydse wildreservaat en vernoem na die groot plat holte wat van suidoos na noordwes oor die plaas loop. Eie kennis van die gebied bevestig die informant se verklaring.

HOMPLAAS Nam.Q.9-5

K 2818 CD/2918 AB

Eerste eienaar: Oudtshoorn Land Development Co. 1913-07-09.

Schultze (1907:169) "/Hom, Hom. Grundwasserstelle im Oranjerivier südlich von Ramansdrift. 'Wo Korn aus den Ähren gestampft wird (/hom)'. "

Volgens Schultze is dit dan soos Nama /hom = "Korn ausstampfen, dreschen" (Kr. & Rust 1969:184). Die naam dui klaarblyklik op die verbouing van koring aldaar in die vroegste tye, en aangesien die eerste eienaar die Oudtshoorn Land Development Co. was, was dit vermoedelik dié maatskappy wat daarmee langs die Oranjerivier geëksperimenteer het. Hier sluit pleknaamstudie by die landboukundige geskiedenis aan.

Homsberge, Homsfontein, Hom se deurloop, Hom-myn

Berge/Fontein/Sandlaagte/Myn en uitgrawings resp.

K 2818 CD/DD, 2918 AB

Opmeting 1972 "Homsberge, 77 myl noordoos van Springbok. Ook gespel T'Gomsberge. Naam afkomstig van 'n drif. Dit was 'n onwettige deurgang vir vee tussen Suidwes en die Kaapprovinsie. Plek geleë op staatsgrond."

Vir die betekenis van die eerste lid Hom- vergelyk die plaasnaam HOM. Die ou spelling T'Goms dui die klapklank deur T' aan. Die myn en uitgrawings is seker ook spore van die beoogde ontwikkeling van die gebied deur die Oudtshoorn Land Development Co.

Die plaasnaam het op al die entiteite, naamlik die berge, fontein, sandlaagte en myn, oorgegaan.

HONDEKLIPPLAAS C.R.C.T.292/1954

K 3017 AD

Eerste eienaar: Staatsgrond

The Cape Monitor (30 Desember 1854) "'Hondekliip' literally translated means Dogstone, and Hondekliip derived its name from a large stone likened to a dog, which is there found. A traveller some years ago, having no better amusement, painted the stone red. The weather has however cleaned the surface of it, and the point is all off except in the crevices, where it just appears. A Prospector, sent down by one of the companies, mistook these red spots for indications, and so knocked off the dog's ear and sent it home to his employers, who cherish it as the foundation of their hopes, and shew it as a prize, which the shareholders inexperienced in mineralogical science, rely upon in perfect faith."

Nienaber (1949:12) "In hierdie rubriek het onlangs 'n mededeling van mnr. GJ van Zyl van Malmesbury oor die herkoms van die naam Hondekliipbaai verskyn. Volgens sy vader, het die plek sy naam daaraan te danke dat op 'n dag by die klip jag gemaak is op wildehonde wat beeste doodgebyt het. Sedertdien sou die mense gepraat het van die wildehonde se klip wat later Hondekliipbaai geword het. Nou gee mev. J Lombard van Garies, te kenne dat sy nie met hierdie uitleg, hoewel dit miskien aanneemlik kan wees, kan saamstem nie. Sy het so pas by 'n ou tante van diep in die tagtig jaar navraag na die oorsprong van die naam gedoen, en sy het dadelik geantwoord: 'Toe ek my verstand gekry het, was die plek se naam Hondekliipbaai, en die naam is aan hom gegee, omdat die ou groot klip baie lyk na 'n hond wat lê."

Opmeting 1965 "Hondekliip. Rots 57 myl S.W. van Springbok. Fatsoen van rots lyk na 'n hond."

Die gegewens hierbo is verteenwoordigend van die twee ver-
naamste meningsrigtings aangaande die oorsprong van die

plaasnaam Hondeklip. The Cape Monitor se verklaring is nie alleenlik die oudste beskikbare inligting oor die aan-geleentheid nie, maar word ook onderskryf deur onder andere Dreyer (1930:5); Pettman (1931:73) en Opmeting (1965). Eie kennis van die betrokke klip, geleë by die huidige polisiestasie, laat geen twyfel dat die onmiskenbare vorm daarvan vir die plaasnaam verantwoordelik was nie. Daar word toegegee dat die oorspronklike profiel nie meer so duidelik herkenbaar is nie vanweë beskadiging, soos onder andere deur The Cape Monitor verhaal. Volgens plaaslike oorlewering sou die weerlig ook jare gelede 'n gedeelte van die kop getref het. Tog kan die vorm van 'n sittende hond vandag nog uit 'n sekere hoek gekonstrueer word. Die mening dat die naam ontstaan het vanweë jag wat op wildehonde by die klip gemaak is, soos beweer deur Nienaber se informant Van Zyl, asook deur Green (1964:201) berus myns insiens bloot op fiktiewe oorlewering.

AristeaGestrande skip

K 3017 AD

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis die wrakstukke van 'n ou breekskip."

Dis die wrakstukke van die skip Aristea wat vroeër suid van Platklippunt gestrand het. In plaaslike taal staan dit bekend as die breekskip. Die vraag, asook die hout van die skip, is later deur die inwoners van die omgewing weggery.

MoordenaarsbaaiBaai

K 3017 AD

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Mense het vroeër daar vis gevang. Terwyl party later die osse gaan aankeer het, het twee agtergebly om nog langer te hengel. Hulle is daar deur die branders van die rots geslaan en het verdrink. Die see het hulle dus eintlik vermoor."

Agenbach HPM 1980 Boer Gesprek "Dit was in die tyd van

koper- en koringry. Daar het baie Slamaaiers op die skepe gewerk wat in tye van dronkenskap en struwelinge sommer mekaar doodgeslaan en in die see gegooi het."

Daar kon nie met sekerheid vasgestel word watter van die verklarings, indien enige, tot die baainaanleiding gegee het nie. Plaaslik word algemeen aanvaar dat verskeie hengelaars al daar verdrink het.

PlatklippuntPunt

K 3017 AD

Kennis (1978:3012) "Plaatklippunt, suid van Hondeklipbaai aan die Weskus."

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n hele ronde, plat klippunt. As jy daarop staan, kan jy na enige kant toe afstap."

Op die Sensuskaart van 1891, asook Divisional map of Namaqualand 1916, word dit aangegee as Plaatklip Punt, terwyl die spelling op SG map 1895 Plaat Klip Punt is. Met plaat word bedoel 'n plat, aaneenstreckende klipformasie bekend as 'n klipplaat of plaatklip. Die hele punt wat hier in die see uitsteek, bestaan uit so 'n klipplaat. Op moderne kaarte is die naam gewysig na Platklippunt wat dan letterlik neerkom op 'n "Groot, plat klip (rots) op die punt".

SandbaaiBaai

K 3017 AD

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n baaitjie met 'n skoon sandेरige strand. Klippe en rotse ontbreek hier."

Dit is 'n skoon, rotslose witsand-baaitjie onmiddellik suid van die rotsagtige Hondeklipbaai.

Yankee JohnRotsrif

K 3017 AD

Green (1964:201) "In die hawe van Hondeklipbaai is 'n rif

wat op die kaart as Yankee John aangedui word. Volgens 'n legende was die Yankee John 'n seerowerskip wat in die baai kom anker gooi het. Terwyl die kaptein en die stuurman aan wal was - om 'n skat in die duine te begrawe, natuurlik - het die skip sy anker gesleep en hom teen die rif te pletter geloop en verdwyn. 'Yankee John, I'm coming!' Met dié kreet het die waansinnige kaptein die branding ingestorm en verdrink. Dit het gebeur lank voordat daar enigiets soos 'n nedersetting in die baaitjie was. Die stuurman was die enigste oorlewende, en hy het later die rampverhaal in Kaapstad vertel."

Volgens oorlewering is die rif dan vernoem na die seerowerskip, Yankee John, wat daarteen gestrand het. Die rif is vandag nog 'n bedreiging vir vissersbote wat gedurende stormagtige see uiters behendig en sekuur deur die poort in die rif die baai ingebring moet word.

HONDE VLEI

PLAAS Nam.Q.12-22

K 2917 CC

Eerste eienaar: Brand JJ 1925-12-03

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas het sy naam te danke aan 'n vlei waar die wildehonde vroeër jare kom drink het."

Honde Vlei was een van die viertal aangrensende plase wat tot ongeveer die einde van die tweede dekade 'n wildreservaat was, sodat wildehonde, Hyena viatica (Kritzinger 1963: 767), toe nog in dié gebied te vinde kon gewees het. Volgens oorlewering was die vlei, waarna die plaas vernoem is, die drinkplek van die wildehonde.

Botterboomkop

Sandkop

K 2917 CC

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "'n Sandkop waarop baie botterbome groei."

Willem Links se DuinDuin

K 2917 CC

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "Vernoem na 'n Hottentot wat my ouers grootgemaak het en wat lank met die vee daar gestaan het."

Dit kan miskien die duin wees wat op moderne kaarte dan foutiewelik as Lewies se Duin aangegee word. Vergelyk laasgenoemde onder die plaasnaam KANNABIE DUIN and STEEN VLEI.

HONINGBOOM alias HUNBOOMPLAAS Clw.Q.7-21 K 2917 DD/3017 BB

Eerste eienaars: Coetzee JD & A 1849-03-26.

Van Jaarsveld AJ 1978 Hysmasjinis Vraelys "Die plaas Hunboom se regte naam moes eintlik Heuningboom gewees het. Dit is 'n plaas wat geslagte lank al in die besit van die Van Niekerks is (...) Die naam Heuningboom was volgens oorvertelling vernoem na 'n sekere reuse witgatboom met 'n hol stam waarin die by nes gemaak het - jaar na jaar. Die heuning is glo by die emmers vol uitgehaal."

Volgens Nienaber & Raper (1977:584) is Honingboom 'n volks-etimologiese aanpassing van Nama /hun(i)-, die skaduryke koffiebos of witgatboom, die Boscia albitrunca (Smith 1966: 514). Ek ken die plaas baie goed en is oortuig dat hul verklaring korrek is. Dit is beslis 'n klankassosiatiewe omvorming van huni- tot honing-.

Volgens informant Van Jaarsveld was daar egter ook 'n verband met heuning self binne die heuningboom, soos Nienaber & Raper (1980:428) dit stel. Hieroor het ek my bedenkinge. Alhoewel daar 'n ryk heuningnes in die witgatboom kon gewees het, glo ek dat die heuning-toevoeging bloot ontstaan het

omdat huni- as heuning vertolk is. Ek dink dat selfs Van Jaarsveld heuning as die betekenis in gedagte het en dat dit witgatboom maar net toevallig is.

Bloukrans Onderverdeling met opstal K 3017 BB

Beukes TJN 1978 Boer Vraelys "Vernoem na die granietrots agter die opstal."

Die naam is ontleen aan die soliede, blou granietrots agter die opstal. Die Nederlandse vorm Blauw Krantz is vroeër deurgaans gebesig.

De Drift Onderverdeling met opstal K 2917 DD

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Dis vernoem na die destydse drif wat daar deur die Buffelsrivier gegaan het, toe nog bekend as die ou posdrif."

Dis vernoem na die drif waar die pad na die noorde, later bekend as die ou pospad, deur die Buffelsrivier gegaan het en waar in tye van vloed eenvoudig gewag moes word totdat die rivier afgeloop het. Dit word bereken dat Simon van der Stel se ekspedisie na die Koperberge ook deur dié drif of in die nabye omgewing daarvan, die Buffelsrivier deur is (Heese 1942b:13) Vandag loop die nasionale pad oor 'n moderne brug waar die destydse drif was.

Die Plaat Gebied K 3017 BB

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n stukkies gelyk grond tussen die koppe, plaaslik bekend as 'n plaat."

Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam PLAATJIES FONTEIN.

RietmondOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Van Jaarsveld AJ 1978 Hysmasjinis Vraelys "Die plaas Rietmond wat 'n deel van Heuningboom is, het sy naam te danke aan fluitjiesriet wat gegroei het by die mond van 'n droë rivier wat uitmond in die Buffelsrivier."

Vernoem na fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat vroeër by die mond van die Wolwepoortrivier, waar dit uitmond in die Buffelsrivier, gegroei het. Een van die stamvaders van die Namakwalandse Van Niekerks het op Rietmond gewoon, waar sy graf ook geleë is. Sy nageslag wou later sy stoflike oorskot op Kamieskroon herbegrawe, maar het toe daarvan afgesien en net 'n gedenksteen ter ere van hom op die N.G. kerkgrond van dié dorp opgerig.

RondekopKop

K 3017 BB

Heese (1942b:13) "Maar daardie aand kon Van der Stel sy moeilikhede vergeet in sy bewondering van een van die mooiste berge in Namakwaland naamlik Rondekop. Die blou, fluweelagtige rotsblok, seker drie, vier keer so groot as die Britannia-rotse op Paarlberg, maak 'n indrukwekkende vertoning.

Kennis (1978:3020) "Aanleg langs Rondekopberg 1071 m.b.s. suid van Springbok.

Dis 'n koepelvormige kop wat feitlik uit een soliede, blou granietbank bestaan. Dit dra opmetingsbaken nr. 15. Die ronde vorm het die kopnaam tot gevolg gehad wat op die onderverdeling en aanleg oorgedra is.

HOOGOOR (Vroeër bekend as Kgabiekies)

PLAAS Nam.Q.8-15 K 2818 DD/2918 BB

Eerste eienaar: Cloete J 1912-10-28

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Hoogoorberg is vroeër Kgabiekies genoem. Dis twee hoë koppe wat soos ore staan, die een is 'n bietjie hoër as die ander. Die plaas is na die berg vernoem."

Die informant se gegewens korreleer met dié van Opmeting soos verstrekk deur Nienaber & Raper (1980:500) in verband met die betrokke berg waaraan die plaasnaam, Hoogoor, ontleen is.

Kgabie- is vermoedelik soos Nama/gawi = "hoch" (Rust 1960:32), met wisseling van -b- en -w- (Nienaber & Raper 1977:43 by 5B1), terwyl die -kies 'n swakke poging is om Nama ≠ gais = "Ohr" (Rust 1960:46), te probeer weergee. Vir wisseling van g- en k- vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3). Dan is Hoogoor die vertaling van die inlandse naam /gawi#gais en wel na aanleiding van die twee opvallende, hoë koppe wat soos ore staan. Die bergnaam het plaasnaam geword.

HOORNGAT alias VREDE EN LUST

PLAAS Nam.Q.4-11

K 3018 AC

Eerste eienaar: The Cape of Good Hope District of the Wesleyan Methodist Church of SA 1898-11-01

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Hoorngat het glo sy naam gekry omdat die beeste altyd daar gewei het (...) Daar is 'n natuurlike gat water waar die bees altyd gesuip het. Die naam Rust en Vrede het lank reeds verval en in onbruik geraak, en ons kan net raai dat die naam afkomstig is van die mooi rustige hoek wat die plaas uitmaak."

Beeste het vroeër ook bekend gestaan as horingvee, sodat Hoorngat beslis verwys na die watergat waar die beeste kom

suip het. Die aliasnaam, Vrede en Lust (die informant praat verkeerdelik van Rust in Vrede), moet vermoedelik Vrede en Rust wees, wat dui op die vrede en welbehae wat die eertydse bewoners in die mooi, rustige hoek ervaar het. Op moderne kaarte verskyn die plaas net as Hoorngat.

DraaiklipRotskoppie

K 3018 AC

Burgess 1978 Sendeling Vraelys "Naby Bakleikraal kom jy by Draaiklip of te wel Dassiedraai. Die pad maak daar 'n wye draai om 'n rotskoppie, waarin daar baie dassies hou."

Die pad maak 'n wye draai om die rots- of klipkoppie, van daar Draaiklip. Omdat daar baie dassies hou, staan dit ook bekend as Dassiedraai.

VyefonteinGebied

K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Vyefontein, waar die kinders elke jaar as die hotnosvye ryp is hulle gaan verlustig aan die soetheid van die veld."

Vernoem na die fontein waar baie hotnosvye, Carpobrotus edulis (Smith 1966:251), groei.

HOREESPLAAS Nam.Q.1-1

K 3017 BA/BC

Eerste eienaars: Van Niekerk AP en ander 1858-04-08

Sensuskaart 1891 "Oozing Klein Horees en Oozing Groot Horees."

Goosen JH 1978 Afgetrede boer Vraelys "Horees (Syfer). Vermoed dat dit 'n Hottentotnaam is. Die syfer waarvan die naam kom, is onder 'n klip voor 'n berg waarvan die mense en diere (die water) gebruik het."

Mostert DPE 1978 Boer Vraelys "Horeesrivier, 'n takrivier-tjie, sluit aan op Wallekraal by Spoegrivier. 'n Baie sout rivier."

Van der Westhuizen JC 1978 Boer Vraelys "Dit is 'n Hottentotsnaam en beteken blykbaar 'Die plek waar water is'. Dit was dan ook in vroeër tye die enigste standhoudende water gewees."

Van Niekerk IJM 1978 Boer Vraelys "Horees: dit hou verband met water. Dit was die enigste fontein in die omgewing, vandag nog steeds die enigste fontein."

Nienaber & Raper (1977:571) bring die plaasnaam in verband met !hore- = "Luftspiegelung" (Rust 1960:40) en hulle (1980:420-1) sien "Syfer" as die vertaling van die Khoekhoense naam Horees, maar kan dit nie taalkundig verantwoord nie.

Wat die jonger garde klaarblyklik nie weet nie, is dat daar vroeër op hierdie ou kerkplaas twee syferfonteine baie naby mekaar in die rivierbedding was. Alle ouer kaarte, soos die Sensuskaart van 1891 en die Divisional map of Namaqualand 1916, toon dit aan.

Een term vir tweeling in Nama is hore-b (Rust 1960:78). Die -s is ter aanduiding van die fonteine. Horees beteken dan letterlik "Tweelingfontein(-syfer)".

Horees is 'n baie ou plaas en was vroeër die woonplek van etlike families vanweë die twee vaste waters. Die "minte" van die klipgeboutjie waarin buitendienste gehou is, is nog sigbaar.

Aigap

Onderverdeling met opstal

K 3017 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Aigap".

Op SG map 1895 verskyn Brand Kloof onmiddellik oos van Aigap, sodat die vermoede bestaan dat die naam saamgestel is uit /ai- [/ae-] = vuur (Kr. & Rust 1969:10) en // hab = Kluft (vir wisseling van h/g vergelyk Nienaber & Raper 1977:45 by 5C4). Letterlik beteken dit dan "Vuurkloof" wat in plaaslike taal as "Brandkloof" bekend staan. Dit wil dan voorkom asof Aigap die ou inlandse naam kan wees van Brandkloof. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

HelsepoortPoort

K 3017 BC

Mostert JJ 1978 Boer Vraelys "Daar gaan 'n pad tussen twee rante oor en omdat dit byna onbegaanbaar is, het dit dié naam gekry."

Dit dra dié naam omdat dit "hel gaan" deur die poort vanweë die slegte pad, met ander woorde 'n baie onaangename plek (poort).

HoëkraalOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Daar is pragtige klipgate wat water opvang en waar die mense vroeër 'n kraal gehad het. Dit is hoog geleë vanwaar jy 'n groot deel van die Sandveld kan sien."

Dis een van die hoogliggende gedeeltes op die plaas. Dit dra opmetingsbaken nr. 13. Alhoewel daar vroeër veekrale van klip was, verwys die laaste lid eerder na die aanleg as na die krale.

KliphoekOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "In 'n skerp hoekie is 'n dam onderkant 'n klip gemaak. Die eerste huis wat hulle gebou

het en waarin oom Japie en tant Betta Genis gebly het, is in 'n klipperige hoek geleë."

Die bankagtige, skerp hoek wat deur die klipperige rante gevorm word, dien as opvanggebied vir reënwater wat dan in die gemaakte dam versamel. Die onderverdeling is na hierdie klipperige hoek, waarin ook die opstal geleë is, ver- noem.

KoeroekopKop

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n koeroerif- 'n wit rif wat oor die kop loop. Ons het altyd gedink dis 'n waterrif, maar geoloë wil beweer dis 'n metaalrif. Jy kan die koper met jou blote oog in die klippe sien, maar dis skynbaar te min om ekonomies te ontgin."

Die lid Koeroe - is soos Nama // guru- = kwarts, kiesel (Rust 1960:48). Die hibridiese kopnaam beteken dan letterlik "Kwarts(klip)kop". Dit dra opmetingsbaken nr. 19.

KransOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die muurhuis het voor teen 'n krans gestaan, van daar die benaming."

Die onderverdelingsnaam is vanweë die groot krans waarby die opstal staan. Met "muurhuis" word plaaslik bedoel 'n gebou met gemesselde mure in teenstelling met die vroeëre matjieshuise.

KruiskraalOnderverdeling met opstal

K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Twee paaie kruis hier by die kraal."

Die laaste lid verwys eerder na die aanleg as na die veekraal.

Die paaie kruis of verdeel by die opstal, van daar die benaming wat op die onderverdeling oorgedra is.

Syfer Onderverdeling met opstal K 3017 BC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "h Eenvoudige syfertjie met neutvars water. Met droë jare het dit opgegee."

Nienaber & Raper (1980:420-1) vermoed dat hierdie Syfer die vertaling is van die Khoekhoense naam Horees. Ek ken die gebied baie goed en verskil van hulle. Vergelyk die plaasnaam HOREES. Wat die onderverdelingsnaam Syfer betref, glo ek dat dit h latere benaming van die blankes was vir die syfer- of sugwatertjie wat gedurende droogtes opgedroog het, sodat die mense Soebatsfontein toe moes trek vir water. Dit was nie die oorspronklike waterbron(ne) van die plaas Horees nie.

Vleitjies Onderverdeling met opstal K 3017 BC

Van der Westhuizen JC 1978 Boer Vraelys "Dit is h paar klein vleitjies wat gedurende reëntyd water het."

Die onderverdeling is na die paar vleitjies, as vernaamste entiteit, vernoem.

Windheuwel (Vroeër bekend as Goehoonties)

Onderverdeling met opstal K 3017 BC

Mostert PAF 1978 Boer Vraelys "... die Windheuwelnaam van Gehoembies is maar net h naam wat vorige mense begin noem het (...) dat Gehoembies h Hottentotnaam is wat nie definitief uitgespreek word soos dit werklik genoem word nie, maar darem amper so. So ver ek kon uitsnuffel, is die betekenis van die naam Gehoembies afgelei van die waterklipbak wat daar is en wat genoem word Gehoembiesklipbak."

Sensuskaart 1891 "Goehoonties".

Aangesien die informant self meld dat sy "Gehoembies" slegs by benadering 'n weergawe van die oorspronklike naam is, kan ons aanvaar dat die sensuskaart s'n 'n getrouer aanduiding is. Die eerste lid kan wees soos Nama !gom = "wehen" (Rust 1960:72), terwyl die tweede kan dui op !hom(i) = "Berg" (1960:10). Die element -ti(e)- is 'n gewone lokatiewe morfeem, terwyl die -s van die vr. ekv. naas sy genusfunksie naamkundig ook 'n onderskeidende funksie het en as sodanig by bronname voorkom, in hierdie geval die waterbak waarvan gepraat word.

Letterlik beteken die inlandse naam dan "Waaibergbak". Hiervolgens skyn dit dus asof die huidige Windheuvel - so genoem omdat die wind kwaai waai op die heuwel (berg)- 'n afleiding of gedeeltelike vertaling kan wees van die inlandse naam Gehoenties. Die Afrikaanse benaming het egter die Khoekhoense naam heeltemal verdring.

HOUNIAMS

PLAAS Nam.Q.6-14

K 2818 DC

Eerste eienaar: Borman J 1910-04-18

Schultze (1907:169) "/Huniams, Houmians, Grundwasserstelle im Oranjefluss östlich von Ramansdrift. 'Das Wasserloch (ams), wo Witgatbäume, Boscia-Arten, (/huni-n) stehen'."

Schultze gee die betekenis as "Witgatboomputs". Die witgatboom, Boscia Pechuelii O. Ktze. (Pönnighaus 1933 deel 6:31), met ams = mond, oordragtelik as puts, fontein, ensovoorts (Rust 1960:43).

HUNITESPLAAS Gr.238/1954

K 2918 BC

Eerste eienaar: Geldenhuys AG 1954-10-23

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Hunites".

Uit eie kennis van die gebied is ek van mening dat die eerste komponent Huni- is soos Nama /huni- = witgatboom, soms ook genoem witbasboom, die Boscia albitrunca (Smith 1966: 514). Dis 'n nuttige boom wat onder verskillende volksname bekend is: witgat, witbos, koffiebos, ertjebos (na die vrug), bitterbos, ensovoorts, en in plekname 'n belangrike bestanddeel vorm. Die element -ti(e) in Hunites is 'n gewone lokatiewe morfeem, met die -s van die vr. ekv. wat in sy onderskeidende funksie gewoonlik by bronname voorkom. Dus: "Witgatboomputs/-fontein".

HYTKORASPLAAS Nam.Q.3-9

K 2918 CC/3018 AA

Eerste eienaar: Beukes G 1848-06-17

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "n Alleenstaande boom op 'n kliprandjie waar die Hottentothoofmanne se bymekaarkomplek was."

Die tweede komponent, naamlik -koras, sal ongetwyfeld wees soos Nama xora = graafwater (Rust 1960:28), soos wat Nie-naber & Raper (1977:493-4) dit ook sien. Dis 'n woord wat ook in Afrikaans oorgegaan het as gorra, 'n gaatjie gegrawe in die droë rivierbedding om water te laat deursyfer (Kritzinger 1963:186). Die lid Hy- is, volgens informant Kennedy, soos Nama hei- = "Baum", dit wil sê die "Gorra by die boom". Die -s is lokativerend by bron- en putname, hier by die gorra.

Aangesien die betrokke plaas aan Kameelboom, alias De Draai

grens, is dit heel moontlik die enkele kameelboom, vergelyk daar, wat ook op Hytkoras betrekking het, in welke geval laasgenoemde dan die Khoekhoense gebiedsnaam was voor verdeling van die gronde.

Twee Hekke

Gebied

K 2918 CC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Twee Hekke".

Die plek waar die pad deur twee hekke gaan. Die benaming het op die gebied oorgegaan. Sommige noem die gebied ook Withek vanweë die wit geverfde hekke. Die verklaring is op eie kennis van die betrokke hekke en gebied gegrond.

IINKRUIPPLAAS Nam.Q.1-3

K 3018 AA

Eerste eienaar: Gowan AMC 1859-08-17

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Oorspronklik is die grond deur twee persone bewoon wat in onvrede geleef het. Die een het die ander daarvan beskuldig dat hy daar kom 'inkruip' het, terwyl laasgenoemde weer op sy beurt die buurman as 'n 'verdrucker' uitgekryt het."

Op die plaas is 'n gebied bekend as Verdruk wat, volgens die informant, nes die plaasnaam ontstaan het uit die vete tussen die eertydse bewoners wat die een die ander beskuldig het van "inkruip" en "verdruk".

Sonder om afbreuk te doen aan die oorlewering, is ek tog van mening dat die betekenis eerder op topografiese gebied gesoek moet word. Verdruk, sou ek sê, is vanweë die ingeslotenheid van die gebied deur die omringende berge. Die opstal Inkruip lê ook in 'n nou poort, sodat die naam veronderstel dat daar as't ware "ingekruip" moet word daarheen. Sommiges is selfs van mening dat die klipgate wat op die plaas voorkom, so groot is dat 'n mens daarin kan inkruip.

VerdrukGebied

K 3018 AA

Van Heerde-versameling "Verdruk. Water in 'n hoek. Mure het ingeduik. Baie het gekom en gedruk en eindelijk het die naam Verdruk ontstaan."

Jansen HA 1983 Afgetrede boer Gesprek "Die berge sluit die gebied in."

Dis nie duidelik wat Van Heerde presies bedoel nie. Ek ken die gebied en onderskryf Jansen se verklaring, naamlik dat

dit voorkom asof die gebied deur die omringende berge "verdruk" word.

Vir die verklaring gebaseer op oorlewing, vergelyk die plaasnaam INKRUIP.

JJAKKALSVLAKTEPLAAS 7797/1955

K 3017 AD

Eerste eienaar: Van Zyl CJ 1957-03-11

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Jakkalsvlakte".

'n Klein, driehoekige plasie op die grens tussen Gemsbok Vley en Avontuur wat vernoem is na die baie skaapvangerjakkalse van die Canidae fam. (Odendal 1981:487), wat vroeër daar voorgekom het. Die lid -vlakte verwys na die afwesigheid van verhewenhede soos koppe, berge, ensovoorts. My verklaring is gegrond op eie kennis van die betrokke plaas.

JOUMAT and KOM VLEISPLAAS Nam.Q.7-30

K 2917 AC

Eerste eienaar: Rich A 1911-10-07

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek had (het) net een Joemat in hierdie geweste gekin (geken) en dit was Joemat de Waal, 'n onverskrokke boer, wat gedurende die Boereoorlog 'n Ingelsman (Engelsman) mit (met) 'n klomp scouts by Sprinbok oeit (uit) hul skans gejaag had mit 'n tuisgemaakte blikbommetjie. Ek dink die plaas is na hom vernoem."

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "As jy van Dikgat af met die ou pad ry, kry jy 'n plek wat hulle Joemat de Waal se Knik noem, waar ou Joemat met 'n kar en perde die wal ge-af het (af is). Ek dink die plaas is na hom vernoem, want dit was die enigste persoon wat hierrond dié naam gedra het."

Kotze L 1978 Boer Gesprek "Dis twee vleie, Joematsvlei en Komvlei. Laasgenoemde is 'n mooi diep, ronde vlei soos 'n kommetjie, terwyl Joemat vermoedelik 'n persoon was."

Die laaste lid van die plaasnaam moet beslis Vlei wees in plaas van Vleis. Dit is skynbaar 'n fout wat onder Engelse invloed by eerste registrasie ingesluip het. Die naam is saamgestel uit die name van twee kalkagtige vleie, naamlik Joumat (uitgespreek as Joemat) en Kom Vlei, waarvan die oorsprong deur die informante verduidelik word. Op moderne kaarte verskyn die plaasnaam net as Joemat met opstal Joematsvlei.

JULIES VLEI

PLAAS Nam.Q.14-17

K 3018 BB

Eerste eienaars: Louw NJ, en ander 1927-01-15

Afdelingsraadkaart "Julies Vlei".

Die vleinaam, Juliesvlei, is by verdeling van die gronde op die plaas oorgedra. Vergelyk JULIESVLEI onder pan- en vleiname vir verklaring van die naam.

KKAA VLAKTEPLAAS Nam.Q.6-22

K 2917 AD

Eerste eienaar: Van Niekerk S 1910-08-18

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "So ver ek by Namas wat nog Namataal praat kan vasstel, beteken Kaa Vlakke Gelykvlakte."

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Ons spreek dit Tgā-vlakke uit met 'n tongklap. Dis 'n dorswêreld daardie - sonder water."

Na aanleiding van informant Brand se inligting, sien Nienaber & Raper (1980:439) 'n moontlike taalkundige verband tussen Kaa- en ≠Ha(wa)-, dit is ≠hā = "Fläche", wat die substantivering van ≠hawa = "flach" is, sodat dit lyk of die segsman se "Gelykvlakte" taalkundig verantwoordbaar kan wees. Die vraag ontstaan egter by hulle of die lid Kaa- nie soos ≠Hā- = vlakke is nie, dit wil sê dat die byvoeglike Afrikaanse lid -vlakke toutologies is.

Cornelissen wat die gebied baie goed ken, gee egter vir ons die plaaslike uitspraak, waarvolgens die lid Kaa-, met inagneming van die bestaanbare variabiliteit van g- en k- (Nienaber & Raper 45 by 5A3), dan kan wees soos Nama // gâ = "dursten" (Rust 1960:15), dit wil sê "Dorsvlakke", soos wat dit plaaslik uitgedruk word en waarmee bedoel word 'n waterlose vlakke.

Indien die suigkonsonant egter ! in plaas van // is, kan dit ook wees soos Nama !gâ- [!ghā-] = "das Gift" (Kr. & Rust 1969:87), veral in die lig van Gifberg op die aangrensende plaas Steenbok. Gifmelkbose, Euphorbia mauritanica (Smith 1966:223-9), waarvan die Boesmans gif vir hulle pyle gemaak het, groei in dié geweste. Hiervolgens kan dit dan "Gifvlakke" wees.

Aangesien die plaas Kaa Vlake aan Staanhoek grens, waar daar baie gras en gevolglik 'n uitspanning was, is ek van mening dat die lid Kaa- te verstaan is as /gâ-b = gras (Rust 1960:28). Tindall, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:627) gee gras in Namakwaland aan as /kâ-p. Vir wisseling van g-/k- vergelyk Nienaber & Raper (1977: 42 by 5A3). Dus: "Grasvlakte", wat topografies verantwoordbaar is.

KABIBPLAAS Nam.Q.6-1

K 2918 AB

Eerste eienaars: Van Niekerk S, en ander 1910-02-05

Van den Heever & Seuns B 1978 Boere en Slagters Vraelys
 "(Kabib) beteken grasvlakte."

Volgens die informant is die plaasnaam soos Nama /kawi- = "Stechgras" (Rust 1960:28), n sp. Aristida (Smith 1966:435), nou gespél /khawi-. Met die -b ml. ekv., gewoonlik die lokativeerder vir 'n berg of kop, moet daar, volgens Nienaber & Raper (1980:440), miskien eerder gedink word aan Nama gawi- = loer (Rust 1960:58), dus: "Loerkop", wat beslis dui op Kabib se Kop. Ek onderskryf hierdie verklaring omdat dit topografies en taalkundig verantwoordbaar is, terwyl dit nie van /kawi = "Stechgras" gesê kan word nie. Nienaber & Raper (1980:440) merk dan ook korrek op dat dit moontlik is dat Kabib net toevallig met steekgras ooreenstem, maar eintlik "Loerplek" beteken.

Kabib se KopKop

K 2918 AB

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Kabib se Kop".

Vergelyk Kabiskop onder die plaasnaam ABBASAS. Waar die -s by Kabiskop net plekaanduidend is, is die -b by Kabibkop

meer bepaald, naamlik ml. ekv. vir die kop. Dus "Loerkop". Dis dan dié kop wat vermoedelik aan die plaas die naam Kabib besorg het. Die kop dra opmetingsbaken nr. 35.

KABISPLAAS Nam.Q.6-7 K 2818 DC/2918 AB

Eerste eienaar: Von Czapiewski LZ 1910-04-11

Agenbag FR 1978 Boer Vraelys na aanleiding van Loerkop op Naroep aan die oostekant van en aangrensend aan Kabis "Loerkop is 'n uitkyk op duine wanneer daar na wild of beeste gesoek is."

Van den Heever & Seuns B 1978 Boere en Slagters Vraelys "Hottentot- of selfs moontlik Boesmannaam. Beteken Grasvlakte."

Informant Van den Heever se verklaring kom hier, nes by die plaasnaam Kabib, ook neer op Nama /khawi = steekgras (Rust 1960:58), 'n Aristida sp. (Smith 1966:435). Op grond van Nama gawi- = loer (Rust 58) bring Nienaber & Raper Agenbag se "Loerkop" op die aangrensende plaas, Naroep, in verband met Kabis, waarvan kabi- die frekwente wisseluitspraak van gawi- is. Vergelyk Nienaber & Raper (1977: 42 by 5A3) vir wisseling van g-/k-. Hiervolgens sal "Loerkop" dan die vertaling wees van Nama Kabis.

Ek onderskryf dié verklaring met die voorbehoud dat die moontlikheid nie uit die oog verloor moet word dat dit ook miskien soos Nama /gawi = "hoch" (Rust 1960:32) kan wees nie, met die slot -s as plekbenoemende suffiks, dit wil sê "Hoëplek".

KAIPPLAAS Nam.Q.5-15

K 2918 CA

Eerste eienaar: Kennedy AJ 1908-07-27

Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "Ek dink die naam het met die sand te make. 'n Gedeelte word Witsand genoem."

Behalwe die gebied Witsand, heet die berg oorkant die grens óók Witsand se Berg. Volgens informant Kennedy se mededeling is die plaasnaam dan soos Nama// kae- = rivier-, dryf- of fynsand (Rust 1960:51), met die slot -p soos Nama -b, die masc. sing. lokatiefmorfeem. Dit onderskryf Nienaber & Raper (1980:449) se verklaring wat hulle gegrond het op die topografie.

Bleskop

Kop

K 2918 CA

Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "So vernoem vanweë die opsigtelike 'bles' aan die een kant van die kop."

Die kop het 'n baie opvallende gladde bles aan die eenkant, van daar die naam. Vergelyk die plaasnaam GROOT KAU vir Nienaber & Raper se vermoede dat daar 'n moontlike taalkundige verband tussen Nou-/Kou-/Kau en Bles- kan bestaan, en dat die naam van Groot Kau se Kop in vertaalde vorm op Bleskop oorgedra is.

Nous se Poort

Poort

K 2918 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Nous se Poort."

Vermoedelik soos Nama #hou- = "glatt" (Rust 1960:27) wat met die variabiliteit van N- en H- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) met Nou- kan ooreenstem. Die -s fem. sing. dui die poort aan. In vertaalde vorm dan "Blespoort", aldus Nienaber & Raper (1980:654).

KAITOB

PLAAS Nam.Q.10-36

K 2918 AC

Eerste eienaar: Dixon BM 1910-03-25

Schultze (1907:170) "Kaitab, !Gaitab, ca. 18 engl. Meilen nordöstlich von Ookiep. Der Ort is nach der Puffotter, Bitis arietans Merrem., (!gais), benant."

Van Heerde-versameling "Kaitop. Bennie Dixon sê !Kai = Boesman vir pofadderkop. Die storie gaan as volg: Landmeter Krapohl het die dag plase uitgemeet en kom moeg by 'n plek en wil daar kamp maak. Hy krap en skop die bossies en stokke weg en meteens kry hy 'n pofadder. Hy maak dit dood en gaan aan met werk, en weer is daar 'n pofadder. Hy sê vir sy Hotnot 'dit is 'n pofaddernes' en die Hotnot antwoord 'dit is Kaitob'."

Die oorlewering soos deur Van Heerde weergee, onderskryf Schultze se verklaring. Die eerste lid van die plaasnaam is dan soos Nama !gei-b of !gai-s, uit Oud-Kaaps getranskribeer as !kaip, vergelyk vir variante Nienaber (1963: 421). Die -tap/-top wissel mekaar af. Op SG map 1895 verskyn die plaasnaam byvoorbeeld as Kaitap, terwyl dit op moderne kaarte Kaitop heet. Die -to- is lokatiefmorfeem plus -b (-p), ml. ekv., as indeks van die kop, vermoedelik Slangkop wat \pm 5 km noordwestelik van Kaitob lê. Dan beteken Kaitob letterlik "Slangkop", wat in ooreenstemming is met beide Schultze en Van Heerde se verklarings.

Bankkoppe

Koppe

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Bankkoppe".

Vermoedelik vernoem na die gladde banke aan weerskante van die ry koppies. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

Duismanspoort

Poort

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Duismanspoort".

Vergelyk die plaasnaam DONKER DUISPRAAT vir die benaming

duisman = witman, waarvolgens Duismanspoort dan "Witmanspoort" sal beteken. Ongelukkig kan die aanleidende oorsake vir dié poortnaam nie meer vasgestel word nie.

Naby Gamoep het oom Corneels Duisman en sy klomp Duismanseuns gewoon (Rossouw 1973:77), sodat die moontlikheid nie uitgesluit is dat die poort ook na aanleiding van dié noemnaam benoem is nie.

TkirrieLaagte

K 2918 AC

Opmeting 1965 "T'Kirrie = Gladde Vlakte."

Agenbag FB 1982 Boer Gesprek "As dit gereën het, raak die leegte so glad dat jy bly staan."

Soos Nama ≠ kiri = "ausgleiten" (Kr. & Rust 1969:237), dit wil sê gly op die gladde bodem. Dus: "Glyerige plek", soos Nienaber & Raper (1977:715) dit stel. Die agtervoegsel -laagte word nie gebruik nie.

VerdrukOnderverdeling met opstal

K 2918 AC

Van den Heever WC 1982 Boer Gesprek "Die opstal lê in 'n hoek aan die noordekant van Areb se Berg."

Die indruk word geskep asof die berge die opstal in die hoek wil "verdruk".

KALK VLEIPLAAS Nam.Q.12-1

K 2919 CA

Eerste eienaar: Maass JAW 1924-12-20

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Kalk Vlei".

Die plaas is vernoem na die vlei in die kalkagtige grond,

bekend as Kalkvlei. Die vleinaam het dus plaasnaam geword.

KAMAS

PLAAS Nam.Q.11-7

K 3018 DB

Eerste eienaar: Van Zyl NJA 1916-11-07

Afdelingsraadkaart s.j., asook Divisional map of Namaqualand 1916 "Kamas".

Vermoedelik soos Nama // kama = hartbees (Nienaber 1963:298), met die -s fem. sing. ter aanduiding van 'n fontein. Dus: "Hartbeesfontein." Dat hartbeeste, Bubalis caama (Kritzinger 1963:199), vroeër in dié geweste aangetref is, blyk onder andere uit die benaming Hartbeesrivier wat wes van Kamas loop.

KAMBREEK and ZAND FONTEIN

PLAAS Nam.Q.8-7

K 2918 BB/2818 DD

Eerste eienaar: Thirion CRJ 1912-08-28

Van Schalkwyk OT 1978 Geneesheer Vraelys "Kambreek (Afrikaans). Breek in die kam van die bergreeks langs die Oranjerivier waar die Zandfonteinrivier in die Oranje vloei. Zand Fontein (Afrikaans) afgelei van die watergat of fontein in die Sandrivier."

Die insnyding in die bergreeks waar die Sandrivier deurvloei na die Oranje, het as gevolg dat die kam van die bergreeks gebreek is, vandaar Kambreek, terwyl Zand Fontein heenwys na die fontein in die sand. Voor verdeling van die gronde was slegs die waterbron benoem, te wete Zandfontein (SG map 1895), onder welke naam die gebied dan ook bekend gestaan het. Vir die moontlikheid van Kheis as

inlandse naam vir Zandfontein vergelyk KHEISBERG.

KAMEELBOOMPLAAS

K 3017 BC

Eerste eienaar: Coetzee C 1843-12-15

Afdelingsraadkaart s.j. "Kameelboom aan de Waterval".

Nagel JFP 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas is vernoem na 'n inkele (enkele) kameelboom wat naby die pad gestaan het."

Vernoem na 'n besondere groot kameelboom, Acacia giraffae (Smith 1966:272), wat by die aanleg naby die pad gestaan het. Die stomp was onlangs nog te siene. Die tweede deel van die plaasnaam naamlik "aan de Waterval", wat nog op ouer kaarte soos die Afdelingsraadkaart s.j., asook Divisional map of Namaqualand 1916, verskyn, verwys na 'n watervalletjie in die Spoegrivier wat oor die plaas loop. Tans is die plaas net onder die naam Kameelboom bekend. Eie kennis van die boom en gebied bevestig informant Nagel se verklaring.

GrootkopKop

K 3017 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Grootkop".

'n Groot, uitstaande kop wat driehoeksbaken nr. 17 dra. Die naam is na aanleiding van die omvang van die kop. Die verklaring berus op eie kennis van die kop.

SkurfbergBerg

K 3017 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Skurfberg".

Nagel JFP 1978 Pensionaris Gesprek "Die berg vertoon skurf vanweë die klippe."

Geleë op die noordelike hoek van die plaas Kameelboom en volgens die informant is dit vernoem na die baie uitstaande klippe wat aan die berg 'n skurwe voorkoms gee.

KAMEELBOOM alias DE DRAAI

PLAAS Clw.Q.8-10 K 2917 DD/2918 CC

Eerste eienaar: Van Nieuwkerken AP 1847-05-27

Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "Kameelboom alias De Draai heet so omdat daar een enkele kameelboom gestaan het in die skerp draai wat die Buffelsrivier daar maak om tussen die berge deur te kom."

Hierdie baie ou plaas is vernoem na die twee mees opvallende entiteite, die enkele kameelboom, Acacia giraffe (Smith 1966:272), wat eintlik vreemd is aan hierdie omgewing, en die draai wat die Buffelsrivier hier maak om tussen die berge deur te kronkel.

Nuwedam Onderverdeling met opstal K 2917 DD

Swart (1973:88) "n Mens wonder hoekom is 'n nuwe dam by Nuwedam gebou - was die oue te klein of het dit weggespoel?"
Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "Nuwedam is 'n nuwe aanleg en daar is 'n dam gemaak om water op te vang."

Dis 'n onderverdeling van die plaas Kameelboom wat Nuwedam heet omdat dit 'n nuwe aanleg is waar 'n opvangdam gemaak is.

Seroosnes Gebied K 2917 DD

CCRS 1907-14 Little Bushmanland Sheet "Serosnes".
Van Niekerk CA 1978 Boer Vraelys "'n Ander gedeelte

Seroosnes, 'n verbastering van die woord 'Sorrows Nest'. Die voorvaders het daar langs die Buffelsrivier gewoon en seker baie swaar gekry vandaar die naam. Die ou murasies is nog daar te sien. Daar staan ook 'n groot da-beeboom wat as smidswinkel gedien het. Gereedskap is in die uitgeholde stam gebêre."

Klaarblyklik 'n geval van volksetimologie. 'n Mens wonder net soms of dit nie uit die grondwoord Soris stam nie, wat dan sal neerkom op Nama sores/-ris = son (Kr. & Rust 1969: 349), bedoelende dat die son hier baie warm skyn. Dié vermoede word versterk deur name soos Brandrivier en Ybeep in die onmiddellike omgewing wat dieselfde begrip na vore bring, naamlik dat dit daar baie warm word. Ons aanvaar egter die plaaslike oorlewering soos deur my informant mee-gedeel.

Soeis

Onderverdeling met opstal

K 2918 CC

Maass AL 1978 Boer Vraelys "Agtien myl van Kamieskroon het ons 'n plaas met die naam Soeis, hulle sê dit is 'n Hottentotnaam, dit beteken potdeksel."

Beukes HA 1981 Rustende boer Gesprek "Die fontein op Soehijs is soos 'n puts gegrawe."

Na aanleiding van informant Maass se inligting, het Nienaber & Raper (1980:702) die onderverdelingsnaam Soeis taalkundig verantwoord. Die So- is soos Nama sū- = pot (Rust 1960:61), terwyl -eis (deur Beukes - hijs gespel) soos Nama ei [ai-] = "der Deckel des Topfes" is (Kr. & Rust 1969:60). Die rede vir die benaming kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Miskien is die waterbron, wat deur Beukes beskrywe is, vroeër met 'n plat klip (deksel) toegemaak; andersinds miskien vanweë die topografie, naamlik die berge wat dit soos 'n pot omsluit.

Ybeep / Ybeeprivier Onderverdeling/Rivier K 2917 DD

PNK 1976 "Eibebrivier", rivier Namakwaland, 40 km suid van Springbok. Nama. Spelling volgens uitspraak."

Dippenaar MJ 1978 Boer Vraelys "(Eibeep), Tjybeep. Dit beteken watergat onder 'n groot klip."

Taalkundig is Dippenaar se verklaring nie aanvaarbaar nie. Ek ken die omgewing baie goed en wil in die lig van my verklaring van Brandrivier, aan die oorkant van die Buffelsrivier, Nienaber & Raper (1980:759) se verklaring van Ybeep onderskryf. Die Y-(Ei-) is blykbaar soos Nama /ai = "Feuer" (Rust 1960:21), met -beep (-beb) as plekaanduidende suffiks. Die slot -b, masc. sing., dui aan dat die riviertjie se naam vermoedelik primêr was. Die brand dui op die temperatuur van die son in dié omgewing, en gevolglik raak die sand van die riviertjie baie warm. Vergelyk Brandrivier onder riviere. Dit wil dan voorkom of in Ybeep die Khoekhoense benaming behoue gebly het vir die warm hoek wat die Kameelboomberge hier vorm, en dat Brandrivier 'n vertaling daarvan is. Daar kan nog verder vermeld word dat reg oos van Ybeep, oorkant die Ybeepriviertjie, ook 'n Tybeepopstal lê (Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 "Pofadder"). Die T- wil klaarblyklik die klapklank weergee, sodat Ybeep en Tybeep gelyknamig is en dus dieselfde betekenis sal hê.

KAMEELBOOM VLEY PLAAS Nam.Q.8-12 K 2917 CD/3017 AB

Eerste eienaar: Coetzee GJE 1912-09-25

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Die naam is ontleen aan 'n vleitjie waarby een enkele kameelboompie gestaan het."

Die plaas is vernoem na die vleitjie met 'n enkele kameelboompie, Acacia giraffae (Smith 1966:272), as vernaamste entiteit. Genoemde boomsoort is baie seldsaam in dié geweste

sodat dit nie snaaks is dat dit by naamgewing betrek is nie.

BersebaOnderverdeling met opstal

K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Die naam is sommer willekeurig deur my vrou aan die opstal gegee na aanleiding van die Bybelse Berseba."

Volgens Grosheide (1955:75) het Abraham by Berséba 'n tamarisk geplant en die naam van Jahwe aangeroep. In die dae van die konings was hier 'n heiligdom; die afgodsdienste dáár gepleeg, is ten strengste deur Amos afgekeur. Uit 'n later gesprek met die informant se vrou het dit tog geblyk dat die naam Berséba gekies is as onderverdelingsnaam omdat hulle as huisgesin die plek as "heiligdom" beskou het waar die Here gedien sou word en nie die bese nie. Daar is verder 'n treffende ooreenkoms tussen die enkele tamarisk deur Abraham geplant en die enkele kameelboompie op die oorspronklike plaas Kameelboom Vley.

GriepouwerfVeewerf

K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Ons het in 1931 daar gebly, maar dit was van so 'n tydelike aard dat daar nie eens vir die matjieshuis 'n vloer ingesit is nie. Dit was 'n baie droë jaar en ons het almal plat gelê van die griep. My oorlede vader moes ten spyte van die griep, huis maak en nog bok werk ook."

Met -ouwerf word bedoel 'n plek waar vroeër met vee gestaan is. Hierdie spesifieke ouwerf is dan na 'n griep-epidemie vernoem, soos deur die informant verhaal.

Japie se DamGronddam

K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n gronddam wat deur 'n

eertydse eienaar van Kameelboom Vley, oom Japie Genis, gemaak is."

Die dam dra die noemnaam van die eertydse eienaar wat dit gemaak het.

Platvlei Onderverdeling met opstal K 2917 CD

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Vernoem na die plat vleitjie geleë op die plaas Kameelboom Vley. Eintlik moet dit wees Middeldeurvlei, gedeelte van Kameelboom Vley."

Met 'n plat vleitjie word bedoel 'n vlak, oop vleitjie wat, weens gebrek aan diepte, nie baie water kan hou nie. Die betrokke Platvlei word plaaslik ook Middeldeurvlei genoem omdat die pad deur die middel van die vleitjie loop en dit in twee dele (holtes) verdeel wat reënwater opvang. Die naam is oorgedra op die onderverdeling en opstal.

KAMIEBEES PLAAS Nam.Q.10-29 K 3018 BA

Eerste eienaar: Cloete JJ 1915-12-21

Laidler (1927:150) "D/kami bees, a gathering of springs."

Volgens Nienaber & Raper (1977:623-4) moet dit gelees word as /Kami bees. Die eerste lid is miskien soos !gami- = "Bündel" (Rust 1960:13), of, met die dentale suigkonsonant soos deur Laidler verstrek, soos Nama /hami = "a congeries or collection" (Tindall 1856:9). Dus: 'n "Groep- of Versameling fonteine".

KAMKRAAL PLAAS 5142/1955 K 3018 CA

Eerste eienaars: Coetzee AJA, en ander 1957-07-16

Afdelingsraadkaart s.j. en Divisional map of Namaqualand
1916 "De Kam".

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kam-
kraal".

Schreuder MM 1985 Sakeman Gesprek "Die naam dui vermoedelik
op die kam van die rant of berg."

Op die ouer kaarte verskyn die naam as De Kam en op moderne
kaarte as Kamkraal. Dit skyn of die naam van Nederlandse
oorsprong kan wees en nie uit Khoekhoens afkomstig nie.
Met die eerste lid word vermoedelik bedoel dat die plaas
op die kam of kruin van die gebied (berge) geleë is, ter-
wyl -kraal na die aanleg verwys.

Spekhoutkop

Kop

K 3018 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Spek-
houtkop".

'n Kop met vermoedelik baie spekhoutbome, kiggelaria africana,
(Smith 1966:432), van daar die naam.

KAMNAP

PLAAS Nam.Q.10-19

K 2917 BC

Eerste eienaar: Nelson JW 1915-12-09

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Tkam = twee. Thaup = platklip-
bak. Die plaas is benoem na die twee groot klipbakke wat
hier op die plaas sit, dit wil sê twee klippe (bakke)."

Nelson WA 1978 Boer Vraelys "Dit beteken waterplatklip of
waterklip."

Nelson JWP 1980 Boer Vraelys "Kamnab is 'n woord wat afgelei
is van 'n Hottentotsnaam (Thamthaub) wat 'twee klipbakke'
beteken."

Nelson WH 1980 Boer Vraelys "Kamnap is 'n Hottentotsnaam met 'n klappgeluid (Thamnaup). Dit beteken twee klippe."

Die informasie van my informante tesame met dié van Nienaber & Raper (1977:634; 1980:461-2), dui op twee aanneemlike verklarings.

Volgens WA Nelson se "Waterplatklip" of "Waterklip", kan die eerste lid Kam- wees soos Nama //gam-i, -s = water (Rust 1960:72), terwyl die lid -nab ooreenstem met !haup = klip, klipbank (1960:21). "Waterklip of Waterplatklip (klipbank)" is dus taalkundig verantwoordbaar.

Die ander informante sien die eerste lid as /gam (1960:78), in Oud-Kaaps onder andere kam, kham, k'kam, ensovoorts (Nienaber 1963:484) = twee. Dit stem goed ooreen. Die tweede lid gee hulle aan as -naup, -thaub, -thaup en tjaup. Laasgenoemde vorm is deur JWP Nelson in 1978 se vraelys verstrek (Nienaber & Raper 1980:461-2), teenoor sy -thaub in 1980 se vraelys. Dit word dan deur hulle verklaar as klippe, klipbakke of net bakke na aanleiding van twee groot klipbakke op die plaas wat gedurende reëntyd baie water kan opvang. Hiervolgens skyn dit asof hier gedink moet word aan Nama !haub = klip, klipbank (Rust 1960:21). "Tweeklip of Tweeklipbank" lyk dus na 'n getroue, letterlike vertaling.

Nienaber & Raper (1980:462) transkribeer egter JWP Nelson se -tjaup as /aup wat aan Nama /ou- [/aub] = fontein (Rust 1960:48) herinner. Bak is in Nama #gou-b = "der Holztrog, die Krippe, Tränkrinne" (Kr. & Rust 1969:135), wat volgens die skrywers benewens die suigkonsonant ook ooreenstem met Tjaup. /Aub, #goub en !haup sluit klankmatig aan by die vorme van die informante, maar minder goed by -nab. Nou wys Nienaber & Raper tereg daarop dat, gedagtig aan die neiging by die Khoekhoen om natuurverskynsels in menslike terme te sien, die lid -nap dalk vereenselwig kan word met

Nama !nab = maag, pens (Rust 1960:40), met die gedagte aan maag as 'n houer, soos 'n bak. Semanties en fonologies sluit dit aan by Kamnap = "Tweebak".

Bloukop Onderverdeling met opstal K 2917 BC

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dit was vroeër 'n opstal by 'n kop wat blou vertoon vanweë die kleur van die klippe."

Die hele kop se klippe het 'n blou, koperagtige aanslag wat aan die kop die kenmerkende blou kleur verleen waarna die onderverdeling met opstal vernoem is. Vroeër is die Nederlandse spellingsvorm "Blauwkop" deurgaans gebruik.

Brandberg Berg K 2917 BC

Nelson JWP 1978 Boer Vraelys "Vroeër was die berg so ruig dat die diere dit nie kon beweë nie. Baie ongediertes het daar skuilgehou. Die berg is dus so elke drie jaar afgebrand om dit beweëbaar te maak."

Nelson WA 1978 Boer Vraelys "Ruig beboste berg met olienhoutbome, ysterbosse en ander bos- en boomsoorte. In die ou dae het mense vanaf die Sandveld gekom om van dié bosse en bome se droë hout kole te brand vir hul blaasbalke."

Twee uiteenlopende verklarings wat egter eenstemmig is ten opsigte van die feit dat die bergnaam ontstaan het as gevolg van vuurbrand.

Gaboekop Kop K 2917 BC

Engelbrecht (1925:30) "!gaboe = kambro. Die woord word meestal net deur Hottentotte gebruik wat Afrikaans praat."

Nelson WA 1978 Boer Vraelys "Ghaboekop (Hottentotnaam) beteken Kamberoo, wat op die koppie groei."

Nienaber & Raper (1980:321) identifiseer dit as die benaming vir 'n dik, waterhoudende veldwortel, bepaaldelik van die Fockea undulata. Plaaslik is dit bekend as die kambaroo (kambro) (Smith 1966:272), wat soos 'n patat lyk en veral vroeër deur die Boesmans geëet is. Die kop is na dié plantsoort vernoem.

Platklip Onderverdeling met opstal K 2917 BC

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Die opstal is by 'n groot platklip met 'n waterbak daarop."

Die groot platklip by die opstal het aanleiding gegee tot die onderverdelingsnaam. Plaaslik word platklip deurgaans uitgespreek met die klem op die laaste lid.

Vaalheuwel Onderverdeling met opstal K 2917 BC

Nelson WH 1980 Passer en Draaier Vraelys "Die naam het sy ontstaan vanweë die vaal bultjies en knoppies."

Die hele omgewing se heuwels vertoon opvallend vaal; selfs uit die verte van Vroedvrou se Hoogte op die Nigramoeppad, kan dit duidelik waargeneem word. Dit gee vaal op vanweë die lugspieëlinge.

KANAIP (Ou naam van Stofbakkies)

PLAAS 5822/1949

K 2919 CC

Eerste eienaars: Beukes JJP, en ander 1950-03-31

Maass NJ 1978 Boer Vraelys "Toe die plaas nuut aangelê is,

het dit baie stof gemaak. Dis 'n gedeelte van Bitterputs nr. 3."

Beukes JJP 1985 Boer Gesprek "Kanaip beteken groot murgbeen."

Beukes bring klaarblyklik die eerste lid in verband met Nama gei/kei = groot (Rust 1960:28), met -naip as ≠gaib = beenmurg. Hiervolgens sal dit dan eerder "Groot beenmurg" in plaas van "groot murgbeen" wees. Dit wil egter voorkom of hy slegs op die klank afgaan. Geen topografiese of enige ander steun kon vir hierdie verklaring gevind word nie. Ek glo dat informant Maass se mededeling lig werp.

Hy het Bitterputs nr. 3 op die vraelys deurgehaal en Stofbakkies in die plek daarvan geskryf. Volgens die Afdelingsraadkaart is Kanaip 'n gedeelte van Bitterputs wat hy, as bejaarde, nog onder die naam Stofbakkies ken en wat in Ken- nis (1978:3032) aangegee word as 'n "aanleg suid van Pofadder". Die aangrensende plaas dra die vervormde naam Kyn- gnypsbult, wat lig werp op die naam Kanaip. Die lid Ka- is vermoedelik soos Nama // kae [// khae-] = rivier-, dryf- of fynsand (Rust 1960:51), terwyl die laaste lid weer is soos Kora- kx'ei-b (Wuras) of xai-b (Engelbrecht) = gesig (Nienaber 1963:276). Die affrikaat het by die Blankes se uitspraak van die woord oorgegaan tot n- vandaar -naip. Gesig kan uitgebrei word tot vlakke en oppervlakke, so ook fyn sand tot stof. Letterlik beteken Kanaip dan "Stof- gesig", in plaaslike taal, "Stofbakkies" of sy derivate.

Die pragtige, beskrywende benaming word plaaslik haas nie meer gehoor nie. Gelukkig word dit nog in die inlandse plaasnaam Kanaip bewaar.

Nek se Vlei

Vlei

K 2919 CC

Maass NG 1978 Boer Vraelys "Geleë op 'n nekruggie."

Die vlei is geleë in die nek van 'n ruggie of bultjie.

Valspan (-vlei)Pan/Vlei

K 2919 CC

Maass NG 1978 Boer Vraelys "Omdat hy vals is as hy nat is."

Die pan of vlei is bedrieglik. Jy val maklik in die deurslag vas.

KANGNAS and GOOBIESPLAAS Nam.Q.11-1D

K 2918 CB

Eerste eienaar: Coetzee DJ 1916-04-04

SG map 1895 "Kanaghas and Goobies".

Divisional map of Namaqualand 1916 "Kangnas and Goobies".

Van Niekerk DJ 1977 Boer Gesprek "Kangnas beteken 'Plek waar die wild voorgelê is'. Die Boesmans het in die nou bergdeurgang die wild voorgelê wat deur hulle makkers deur die kloof gejaag is. Op dié manier is baie wild geskiet."

Kampfer JF 1978 Boer Vraelys "Loerwater. Blykbaar so genoem as gevolg van die ligging van 'n klipbank by 'n vlei waar reënwater opdam en wild kom suip het. Die jagter kon oor die klipbank 'loer' op die wild."

Die plaas het 'n dubbele naam waarvan die twee dele (name), soos verderaan sal blyk, mekaar aanvul.

Volgens Nienaber & Raper (1977:636) kan Kanaghas/Kangnas in verband gebring word met Nama !gai-!na- = "Bogen spannen" (Rust 1960:12), nou !gae!nâ. Die slot-s lokativeer. Dus: die "Plek waar die boog gespan word", wat die oorlewering van informant Van Niekerk onderskryf.

By Goobies bring die skrywers (1977:450) die eerste lid in verband met Nama // khū = "freimütig, forsh auf etwas losgehen" (Kr. & Rust 1969:254). Die -bie- lokativeer, terwyl die -s meer bepaaldelik sê dat dit 'n waternaam is.

Letterlik dan: die "Plek (-bie-s) waar (wild) geskiet (// khū-) word". Aanvullend tot mekaar beteken die dubbele plaasnaam dan: "Waar met gespanne boog wild geskiet word".

Volgens informant Kampfer, wie se onderverdeling en posadres Goebees heet, beteken Goobies "Loerwater". Goebees is 'n spellingsvariant van Goobies. Die eerste lid sal dan wees soos Nama// goe = loer (Rust 1960:38), met -bie-/-bee- as lokatiefmorfeem en die slot -s, fem. sing., wat die waternaam aandui. Topografies en taalkundig is daar dus regverdiging vir die verklaring van Goobies as "Loerwater". Plaaslik is dit die verklaring wat die meeste gewig dra.

Nienaber & Raper (1980:354-5) noem 'n verdere moontlikheid, naamlik dat dit wil voorkom of Goobies/Goebees/Goubees (wat wissel spellinge van dieselfde naam is), Steenbokvlei se Kop, Steenbokvlei en Bok se Kop komponente van 'n toponimiese groep is, en dat Bok se Kop met Goubiesberg korreleer. Die vraag is dan of die Afrikaanse name nie uit Khoekhoens vertaal is nie. Vir wildsbok is opgeteken t'cho, tchoe, -t'chou (Nienaber 1963:224) en vir steenbok onder andere godema en gunima (1963:468). Die ooreenkoms met die lid Goo-/Gou-/Goe- van die plaasnaam Goobies is opvallend en kan in verband gebring word met Nama // gû-b = "der Springbock" (Kr. & Rust 1969:142). Springbokke het vroeër in groot troppe hier voorgekom, sodat "Springbokwater/-vlei" 'n baie gepaste vertaling vir Goobies kan wees. Ek sou hierdie verklaring wou onderskryf as die mees aanvaarbare, was dit nie vir die oorlewering dat Bok se Kop maar eers in 1939 benoem is nie, vergelyk hieronder.

Bok se Kop

Kop

K 2918 CB

Van den Heever FA 1980 Geneesheer Vraelys "Dit het gedurende Julie 1939 baie gereën na die droogte van 1938. By Bok se Kop het baie bokke vrek gereën, vandaar die naam."

Vernoem na aanleiding van die gebeure soos deur die informant verhaal. Vergelyk GOUBIESBERG onder bergname.

Goebeesvlei Onderverdeling met opstal K 2918 CB

Opmeting s.j. "Goebeesvlei. G- word soos in graf uitgespreek."

Vir die verklaring vergelyk GOOBIES onder die plaasnaam KANG-NAS and GOOBIES. Goebees verskyn op die 1:250000 Topokadastrale reeks 1974 saam met Kangnas in die plek van Goobies eintlik nie meer as plaasnaam nie, maar as onderverdelings- en vleinaam. Dit los die lokaliseringsprobleem op wat Ni-naber & Raper (1977:442) noem. Dit is die vlei wat oorspronklik benoem is en waarvan die naam op die plaas (onderverdeling) oorgegaan het.

KANNABIE DUIN and STEEN VLEI

PLAAS Nam.Q.7-2

K 2917 CA

Eerste eienaar: Goosen CJG 1910-10-11

Brand GA 1978 Boer Gesprek "Kannabie Duin - 'n uitstaande duin waarop baie kannabiebosse, wat eetbare bessies dra, groei. Steenvlei weer is vernoem na 'n vlei waarvan die grond kalkagtig versteen is, dit wil sê 'n tipe sandsteen. Vroeër was dit die water waarheen met die vee winterstye getrek is."

Die informant verwys hier na die kanobebos, Diospyros austro-africana (Smith 1966:277). Dit is dieselfde plant wat Claudius, die kruidkundige wat in 1685 saam met Simon van der Stel se geselskap Namakwaland besoek het, as "kanobe" aangeteken het. Dit dra eetbare bessies waarvan Mulder (1970:18) sê: "In die laat lente is die kanoebessies ryp. In grootte, smaak en voorkoms kom dit baie ooreen

met 'n lukwart." Nienaber & Raper (1980:471) meld dat die kanobe elders ook bekend is as kraaibos omdat die blare na bewering soos die nes van 'n kraai ruik as hulle gekneus word.

Die tweede naam, Steen Vlei, verwys na die vlei in die sandsteenformasie wat 'n ideale reservoer vir reënwater is. Die plaas is dan vernoem na albei entiteite. Op moderne kaarte kom dit egter slegs onder die naam Kannabieduin voor, terwyl Steenvlei die benaming van die onderverdeling met opstal is.

Lewies se Duin

Duin

K 2917 CA

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Dis 'n geweldige swaar duin waaroor die pad gaan. Lewies had (het) seker daar bly staan. Ek dink hy was 'n Jood. Andere meen dit was 'n ou veewagter mit (met) die naam Lewies wat lank mit vee by die duin gestaan had."

Daar bestaan plaaslik meningsverskil oor wie Lewies was - 'n Jood of 'n veewagter. Lewies se Duin lê op die grens tussen die plase Honde Vlei en Kannabie Duin and Steen Vlei. Onder eersgenoemde plaasnaam het informant Brand 'n duin aangegee as (Willem) Links se Duin. Die vraag ontstaan of dit nie een en dieselfde duin is wat verskillend of selfs foutiewelik as Lewies se Duin benoem word nie.

Taaibosknop

Onderverdeling met opstal

K 2917 CA

Brand GA 1978 Boer Gesprek "Dit is die opstal bo-op die bult of knop waar baie taaibosse groei."

Die bossoort waarna hier verwys word, is die Rhus sp. (Smith 1966:454). Vergelyk Taaibosduin onder die plaasnaam ROODE LAAGTE. Met -knop word bedoel 'n sanderige kop of heuwel. Die baie taaibosse wat op die knop groei, was verantwoordelik

vir die onderverdelings- en opstalnaam Taaibosknop.

KANNIKWA

PLAAS Nam.Q.12-16

K 2917 AA/AC

Eerste eienaar: Cockrell GD 1925-10-29

Laidler (1927:148) "D/gena quas, flea valley".

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Kwa is vlakke. Op die vlakke groei baie melkbosse op die wortels waarvan die kannie groei. Dus beteken dit die vlakke waar baie kannies groei."

Na aanleiding van Laidler se gegewens vereenselwig Nienaber & Raper (1977:641) Kannikwa met "Vlieëvallei/vlei" of "Vlieëplek". Ek is van mening dat Laidler nie na hierdie plaasnaam verwys nie en dat informant Goosen eerder op die regte spoor is. Die komponent Kanni- van Kannikwa verwys na die kanni(e), Hydnora africana of jakkalskos (Smith 1966:277), 'n swam of wortelparasiet wat op die melkboswortel groei, ook bekend as ntgorregaang [n!əɾəxā:ŋ] (Coetzee 1983:312). Die vrug, wat omtrent so groot soos 'n krieketbal is en ondergronds ryp word, is vroeër deur die Hottentotte en diere soos jakkalse geëet. Mulder (1970:18) gee die volgende beskrywing van die kanni(e): "Op die wortels van die andersins onbruikbare gifmelkbos groei 'n swam wat ons 'kannie' noem. As die kannie groen is, het dit 'n bitter smaak wat weggaan as dit gebraai word. Maar as daardie kannie ryp is, is daar min dinge wat daarby kom in smaak en geur."

Die lid -kwa is soos Nama !goa- = holte/leegte/vlakke/in-sinking/dal, ensovoorts (Kr. & Rust 1969:125).

"Kanni(e)vlakke" sal dan die letterlike betekenis van die plaasnaam wees.

KANNIKWA VLAKTEPLAAS Nam.Q.14-14

K 2917 AC

Eerste eienaar: Brand AG 1927-04-27

Afdelingsraadkaart s.j. "Kannikwa Vlakte".

Vir die betekenis van die eerste komponent vergelyk die plaasnaam KANNIKWA. Die toegevoegde Afrikaanse lid -vlakte is klaarblyklik 'n geval van toutologie. Die twee plase grens aan mekaar en die topografie en plantegroei stem grotendeels ooreen.

KANOEP or NIEUWE PLAATSPLAAS Nam.Q.1-2

K 3017 AD

Eerste eienaars: Engelbrecht WA, en ander 1958-04-08

CCRS 1907-14 Bovesdorp Sheet "Kanoep" met "Mt Spoeg" vir die huidige "Kanoepkop".

Nienaber & Raper (1980:471) is van mening dat hierdie ou plaas, wat oor albei oewers van die Spoegrivier strek, die ou naam van genoemde rivier bewaar. Dié vermoede word m.i. versterk deur informant Coetzee se Hannoek = "Waar die diere baie krimpsiekte gekry het". Vergelyk onder die plaasnaam SOMNAAS. Kwylsiekte staan plaaslik bekend as natbek-krimpsiekte. Kanoep (die -p lokatiewe hier die rivier) stem ooreen met Nama !hanu-b = "der Geifer (von kranken Vieh)" (Kr. & Rust 1969:168) wat neerkom op "Die rivier (-p) waar die vee kwylsiekte (!hanu) opgetel het". Die wisseling van k-/g- (Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3) is algemeen. Die spoeg of spuug loop uit die dier se bek uit, of die kwyl word uitgespuug. As ons hierby in ag neem dat Gordon in sy manuskrip (2:4), soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1980:473), noem dat Spoegrivier 'n naam is wat uit Hottentots

Van Niekerk IJ 1978 Boer Vraelys "Die Kap Kap, so word vertel, was die geluid van die disselboom wanneer daar met kar en perde gery is. Die paaie is geweldig klipperig en byna onrybaar. Die geluid was veral in die vroeë oggend baie ver hoorbaar."

Volgens Laidler dan soos Nama !ā-b = rivier (Rust 1960:22), met in Oud-Kaaps nog die velaar vooraan (Nienaber 1963:34). Die -p is vir genus (ml.) en lokatief as uitgang, vandag -b (Nienaber & Raper 1977:664). Die verdubbeling benadruk nie die belangrikheid van die rivier nie, maar die feit dat dit herhaaldelik gekruis word wanneer ooswaarts gereis word.

Informant Van Niekerk se verklaring berus klaarblyklik op klankassosiasie wat as 'n geval van volksetimologie gesien kan word.

Laidler se ouer verklaring uit Khoekhoens dra darem beslis die meeste gewig.

Orrelgat

Watergat

K 3018 AB

Van Niekerk IJ 1978 Boer Vraelys "Daar is 'n baie interessante watergat op die plaas, die sogenaamde Orrelgat. Dit sit hoog teen die berg en dit lyk nes asof daar 'n spleet in die rotswand is. Die naam is blykbaar afgelei van die geluid wat 'n klip maak wanneer dit in die gat gegooi word. Dit het standhoudende varswater en daar word vertel dat dit baie diep is. In die vroeër tyd het hulle dit met sweepstokke probeer meet. Ons het 98 000 gell water uitgepomp en na 3 dae was die watervlak weer normaal. Dit is 'n baie gewilde blyplek van vlermuise."

Plaaslik word dit Orrelgat genoem vanweë die weergalming wanneer 'n klip daarin gegooi word. 'n Mens kan blykbaar lank na die geluid, wat na orreltone klink, luister.

KAP VLEYPLAAS Nam.Q.10-10

K 2917 CD

Eerste eienaar: Coetzee RASJ 1915-01-05

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Die vermoede is dat die gate in die vlei uit die kalk gekap is."

Volgens die informant het die plaasnaam ontstaan vanweë gate in die vlei wat vermoedelik uitgekap is. Aangesien kalkgate meestal op natuurlike wyse in dié geweste gevorm word, laat dit twyfel ontstaan of die lid Kap met die kap van gate te make het en of dit in elk geval soveel gewig sou gedra het dat die plaas daarna vernoem sou word. Volgens informant Van Dyk, vergelyk KAPVLEIBERGE onder bergname, was genoemde berg(e) selfs nog in 1949 baie dig begroei met songuas- en steenbokriet. Ek dink dit is die sleutel tot die oplossing. Riet is in Nama \neq ab (Kr. & Rust 1969: 32), wat klankmatig met Kap ooreenstem. Letterlik beteken Kap Vlei dan "Rietvlei". Ek ken die plaas persoonlik en glo dat dié twee entiteite, naamlik die baie riet en die vlei, betrek sou gewees het by die naamgewing.

ByeneskopKop

K 2917 CD

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "In die kop is baie byeneste waarvan party onbereikbaar en die bye baie moeilik is. Op 'n keer is 'n hele paar ôrrabokke daar doodgesteek. Die Hottentotte had (het) baie heuningbier van bierklei en dié heuning gemaak. Ek had gesien hoedat meer as een helder oordag ntong, (so dronk wees dat jy nie meer kan loop nie) deur te veel daarvan te drink. Gedurende 1896 se droogte is die meeste bye van die omgewing vrek, maar Byeneskop s'n had bly leef omdat sommige neste nooit uitgehaal is nie."

Die kop is suid van die opstal geleë en dra die naam Byeneskop vanweë die baie byeneste wat vroeër daarin was.

KARASPLAAS Nam.Q.10-6K 2918 AD

Eerste eienaar: Van den Heever PJ 1914-12-02

Van den Heever NM 1982 Boer Gesprek "Vanaf die Karasberg loop 'n soort van laagte oor die plaas. Die gebied is klipperig en gruisagtig. Ek weet nie of die naam hiermee iets te make het nie."

As ons die vermoede van die informant hierbo aanvaar, sal Karas wees soos Nama //kara-b = "der Flusskies" (Kr. & Rust 1969:221). Die slot-s lokatiewe gewoonlik 'n bron of fontein, andersins lokatiewe dit net. Dus "Gruisplek" of "Gruisfontein".

Daar is miskien egter ook 'n ander moontlikheid. Op dieselfde graadvierkant lê Karganabkloof, vergelyk hieronder, wat vertaal word as die "Kloof waar baie kokerbome staan". Kokerboom, Aloe dichotoma (Smith 1966:304), is in Nama //gara-. In Oud-Kaaps is dit karap (Nienaber 1963:347). Hiervolgens kan die plaasnaam Karas miskien dan ook vertaal word as "Kokerboomplek" of "Kokerboomfontein", met voorkeur aan eersgenoemde.

BrakputsOnderverdeling met opstalK 2918 AD

Van den Heever FA 1980 Geneesheer Vraelys "Die permanente waterbronne was putse. Brakputs vanweë die brakgehalte van die water.

Die onderverdeling is vernoem na die permanente waterbron, naamlik die put, waarvan die water brak is.

KarganabkloofKloofK 2918 AD

Opmeting 1965 "Karganabkloof, distrik Springbok, 35 myl (56 km) noordoos van dorp. 'n Kloof. Aksent op -ga-.

Oorsprong onbekend." En in 'n ander handskrif "Garganab = kokerboom."

Nienaber & Raper (1980:482) verklaar die hibridiese kloofnaam as // gara- = kokerboom (Kr. & Rust 1969:83), met -xa- = baie, en !nâ- = in (voorsetsel), plus die ml. ekv. -b, wat hier die langerige kloofbegrip signaleer. Dus: Die "Kloof waarin baie kokerbome staan." Die komponent -kloof is 'n Afrikaanse toevoeging, weer 'n geval van toutologie.

Varsputs Onderverdeling met opstal K 2918 AD

Van den Heever FA 1980 Geneesheer Vraelys "Brakputs met brakwater, daarna Varsputs met varswater."

Soos onder Brakputs vermeld was die oorspronklike waterbronne putse. Ná Brakputs met sy brakwater, is 'n ander puts op die westelike gedeelte van die oorspronklike plaas, Karas, gegrawe waarvan die water redelik vars was, van daar Varsputs as onderverdelingsnaam.

KAREEDOORN PAN PLAAS K 2918 DA

Eerste eienaar: Esterhuizen APJ 1939-04-17

Van Niekerk IJ 1978 Boer Vraelys "Die naam van die plaas is so omdat daar so baie kareedoornbosse in en om die pan groei."

Die plaas is vernoem na die opvallendste entiteit, naamlik die pan waar baie kareedoringbosse, Lycium sp. (Smith 1966: 279-80), groei. Die eerste komponent is afkomstig van die leenwoord !kare(b) uit Khoekhoens (Nienaber 1963:331-2).

Dis dan eintlik die pannaam, Kareedoornpan, wat plaasnaam geword het.

KAREHOUTE KLOOF alias EENDOORNPLAAS Clw.Q.8-29 K 2917 DB/2918 CA

Eerste eienaar: Kennedy J 1850-01-21

Afdelingsraadkaart s.j. "Karreehout or Keurhoute Kloof".
Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "Daar moes vroeër vermoede-
lik baie van die boomsoort waarna die plaas vernoem is,
in die poort gegroei het."

Vernoem na die kareehoutbome, Rhus sp. (Smith 1966:280),
wat veral vroeër baie volop voorgekom het in die kloof.
Die naam, Keurhoute-, soos nog op ouer kaarte te sien, moes
h variante uitspraak van Karreehout gewees het, andersins
verwys dit na h tweede boomsoort wat in die kloof gegroei
het, naamlik keurhout, Virgilea oroboides (1966:288).

Vir die betekenis van die aliasnaam vergelyk Eendoorn hier-
onder. Op ouer kaarte verskyn die oorspronklike plaasnaam
soos op die Afdelingsraadkaart hierbo, terwyl dit in die
Pleknaamlys (1978) as Karehoute Kloof alias Eendoorn aan-
gegees word.

Eendoorn Onderverdeling met opstal K 2918 CA

Rossouw (1973:79) "Ek sê kinkel in die kabel want hoe kan
jy h plek Eendoring doop waar daar h hele rivier vol
doringbome is."

Die eerste lid moet gesien word as Nederlands één, beteken-
de "die ene" of "geheel en al met". Dus: "Die ene dorings",
saamgetrek tot "Eendoorn", verwysende na die baie doring-
bome, Acacia Karroo (Smith 1966:201), waarmee die rivier
begroeid is. Selfs vandag nog is daar heelwat te vinde.
In die Pleknaamlys word Eendoorn as die aliasnaam van die
oorspronklike plaasnaam aangegee, maar op moderne kaarte

(Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder) is dit net 'n onderverdelingsnaam.

Goegap Onderverdeling met opstal K 2918 CA

Van Heerde-versameling "Moet eintlik wees Tgnoe-gap. Toe hulle vir water daar gegrawe het, het die sand so ingeval dat dit na klein Tgnoetjies gelyk het. Tgnoe is 'n soort van half skermhuisie, gap 'n soort van watertjie."

Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "Die water was by 'n biesieplek, van daar miskien die naam. Dit word soms ook Goegas genoem."

Volgens die Van Heerde-versameling sal T'Noe- dan kan wees soos Nama !nu-s = "der (Windschirm (Mit Büschen eingefriedigte Koch-oder Schlafstelle)" (Kr. & Rust 1969:306).

Kennedy dink weer aan !gū = "Binsen" (Kr. & Rust 1969:144), wat taalkundig heeltemal aanvaarbaar is. Aangesien Goegap (-s) aan dieselfde doringboomrivier lê wat aanleiding gegee het tot die onderverdelingsnaam Eendoorn is ek van mening dat die lid Goe- eerder kan wees soos Nama // khū- = doring (boom) (Rust 1960:14), terwyl -gap te verbind is met Nama #gâb/ #gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dus: "Doring(bom)puts/fontein", in plaaslike taal "Doringfontein". Vergelyk Toegabsrug onder die plaasnaam DOORNFONTEIN.

Haasklipkop Kop K 2918 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Haasklipkop". Van Niekerk PAF 1982 Boer en sakeman Gesprek "Die naam is Haasklipkop omdat daar baie hase hou."

Plaaslike navrae dui daarop dat die kopnaam nie Haasklipkop is, soos op die Topokadastrale kaart aangegee nie, maar wel

Haasklipkop soos in die Pleknaamlys, en wel vanweë die baie hase, Lepus gesl. (Odendal 1981:341), wat in die kop bly. Dit dra opmetingsbaken nr. 67.

HookamsGebied

K 2918 CC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Hookams".

Die poort deur die gebied Hookams, staan bekend as Bobbejaanpoort, soos aangetoon op bogenoemde kadastrale kaart. 'n Fontein (waterbron) word ook aangedui. Dit wil dan voorkom asof Hookams kan dui op Oud-Kaaps chöachamma = "een baviaan" (Nienaber 1963:221). Die slot-s van die fem. sing. sal hier wees die indeks van 'n fonteinnaam. Dan ongeveer: "Bobbejaanfontein", wat topografies verantwoordbaar is.

JaagleegteLaagte

K 2918 CA

Van Niekerk PAF 1982 Boer en Sakeman Gesprek "Die Boesmans het 'n bees by Voëlklip vasgekeer. Hulle kon die bees nie doodkry nie en stoot dit toe by 'n krans af. Die boere sit hul toe agterna in 'n noordoostelike rigting. By Jaagleegte het hulle hul ingejaag en uitgewis."
 'n Tweede oorlewering deur dieselfde informant: "Die Nagmaalgangere (boere) van die Boesmanland het altyd van Jaagleegte af laat spaander om eerste op die Nagmaalwerf (Springbok) te wees."

Bogenoemde twee oorleweringe leef plaaslik voort, maar verdere navraag het aan die lig gebring dat in die dae van kar en perde, die inwoners van die gebied hulle perde by dié laagte onder die karwats of sweep gestee het om deur die sand te kon kom. Daar is dus deur die laagte gejaag, van daar die naam Jaaglaagte, wat vandag nog voortleef.

KARREEDOORN VLEIPLAAS Nam.Q.12-11

K 2917 AC

Eerste eienaar: Wiese JB 1925-11-05

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n vlei met baie karriedoornbosse. Dis of die water 'n vloer gemaak het. As dit reën, staan die water op die vloer waar dan baie van die swart karriedoornbosse groei."

Die plaas is vernoem na die vlei waar baie kareedoringbosse, Lycium sp. (Smith 1966:279-80), groei. Die lid Karee-, wat plaaslik Kàrrie- uitgespreek word, is Khoekhoens. In Kora is dit gehoor as !gare- (Nienaber & Raper 1977:650), maar in hedendaagse Nama is dit gedevelariseer as !(K)are-b (Pönnighaus 1933 deel VI:34).

Die plaasnaam is een van die baie gevalle waar karee as eerste komponent saam met Afrikaanse komponente in hibriediese samestellinge as pleknaam voorkom.

KAT VLEIPLAAS Nam.Q.13-14

K 2918 DC

Eerste eienaars: Van Niekerk IJM, en ander 1926-03-16

Van Niekerk GA 1978 Boer Vraelys "Daar was vroeër jare baie wildekatte, naamlik groukatte, wat die Hottentotte doodgemaak en geëet het. Dus, die vlei waar die katte bly."

Die plaas is vernoem na die vlei waar baie wildekatte, Felis fam. (Kritzinger 1963:767), vroeër gehou het.

KAUWGOED VLAKTEPLAAS 9362/1956

K 3018 AD

Eerste eienaars: Klaassen Gert, en ander 1863-12-09

Visser GG 1978 Boer Vraelys "Kougoedvlakke - na die plant kougoed wat die Hottentotte gepluk, gesweet en gepruim, asook verkoop het."

Vernoem na die plant Kougoed, Sceletium sp. (Smith 1966: 309; Nienaber 1963:327-30), plaaslik uitgespreek as "kaaugoed", wat veral vroeër volop op die plaas (vlakke) gegroei het. Die inheemse naam is afgelei van kou ("to chew") en goed ("material or stuff") wat verkry word van veral die Sceletium anatomicum en die aanverwante S. tortuosum (1966: 309), waarvan by eersgenoemde veral die wortel en by laasgenoemde die blare gekou word. Die kougoed word noukeurig gesweet en gedroog voordat dit gepruim word. Die uitwerking word deur Smith (1966:309) soos volg beskryf: "The leaves (...) were chewed by the Hottentots and retained in the mouth for a while 'when their spirits would rise, their eyes brighten and faces take on a jovial air and they would commence to dance'."

Die Nederlandse vorm Kauw- is in latere jare verdring deur die huidige Kougoedvlakke as plaas- en opstalnaam.

Kaams

Onderverdeling met opstal

K 3018 AD

Visser GG 1978 Boer Vraelys "Kaams afgelei van die Hottentotwoord Koup wat hardevet beteken."

Die informant het vermoedelik Nama gou-b = "Körperfettigkeit" (Rust 1960:21), kou-b = "nicht geschmolzenes Fett" (Meinhof 1930:126) in gedagte, wat taalkundig nie te rym is met Kaams nie. Nienaber & Raper (1980:437) bring die eerste lid van Kaams in verband met Nama $\neq(k)\bar{a}$ = riet (Kr. & Rust 1969:32), gevelariseer tot Ka-. Die tweede lid -ams, is weer soos Nama ams = mond (1969:4), oordragtelik ook fontein. Dus: "Rietmond" of "Rietfontein". In die lig van die toponimiese kerngroep, waarop Nienaber & Raper hul

verklaring baseer, wil ek steun daaraan verleen. Die riviertjie wat op Kougoedvlakte ontspring, staan ook bekend as Kaamsrivier.

Daar dien op gelet te word dat informant Visser se gegewens nie oor Koams handel, soos Nienaber & Raper (1980:527) meld nie, maar oor Kaams op Kougoedvlakte.

KEEROMPLAAS Clw.Q.7-20

K 2917 DC/3017 BA

Eerste eienaar: Van Zyl JA 1844-02-15

Alexander JE (1967:84-5) "We rode on to Keerom or 'turn round' as a hill prevents wagons going further to the north without a great detour."

Rich WR 1978 Klerk Vraelys "Keerom is geleë tussen die ruwe berge en 'n hele ent van die naaste groot-/deurpad. Die plaas kon slegs met een pad bereik word. Baie reisigers, onbekend met die omgewing, moes dus hier omdraai en weer die hele lang en slegte pad terugry- 'n regte 'cul-de-sac'."

Keerom is 'n groot (15 000-17 000 ha), ruwe, bergagtige plaas waarop nog 'n uitspanning op die ou koperrypad geleë was. Dit word eenkant begrens deur die Buffelsrivier, waaraan alle onderverdelings grens met die oog op graafwater in die bedding. Die pad wat toegang verleen, loop op die plaas dood, sodat daar 'n keerom gemaak moet word, van daar die naam. Ek kan nie met Nienaber & Raper (1977:728) saamstem dat Laidler (1927:149) se C/kooboos na hierdie plaas verwys nie. Hy tref, m.i. net 'n vergelyking tussen Kuboos in die Richtersveld, en die Nederlandse Keeroms. Daar bestaan dus geen grond vir aanvaarding van C/kooboos as die ou naam van die plaas Keerom nie.

HardevleiOnderverdeling met opstal

K 2917 DC

Rich WR Klerk Vraelys "Die oorsprong van die naam is nie baie duidelik nie, maar daar is twee moontlikhede:

1. Daar is 'n gemaakte gronddam naby die opstal (tans vervalte). Die grond in die nabyheid van die dam is hard en klipperig.
2. Daar is 'n natuurlike vlei waarvan die bodem vol klippe en harde modder is, naby die opstal. Die interessante is dat die vlei bo-op 'n rantjie geleë is. Dit wil voorkom of die aarde soos in 'n krater weggesak het. Die vlei beskik dus oor weinig opvanggebied en 'vat' dus nie maklik water nie. Dit is dus in die volksmond 'hard' om water te vat."

Die informant gee twee redes aan vir die vleinaam, te wete die harde kleigrond waarin dit geleë is, en dat die vlei, figuurlik gesproke, "hard is om water te vat". Ek ken die vlei en dink dat albei redes aanleiding gegee het tot die vleinaam wat later onderverdelingsnaam geword het.

KeikoekeisOnderverdeling met opstal

K 2917 DC

Van Heerde-versameling Brief in 1965 aan Die Burger "Ons in Namakwaland het 'n plek met die naam 'Keikoekeis'. Mnr. Theunis Kotze, 'Smal Theunis' (al oorlede) het die volgende betekenis gegee: 'Die plek waar die oumens agtergelaat is'. Kei of Gei is groot of oud, Koe of Khoi is mens, Keis is plek. Die plek van die ou mens. U ken die gewoonte dat in slegte tye as kos en water skaars geword het en daar getrek moes word dan het dit somtyds gebeur dat 'n ou afgeleefde agtergelaat is. 'n Klipkraaltjie is gebou, 'n stukkie kos, as daar nog was, 'n bietjie water, 'n stukkie gebrande vel om die bese geeste weg te hou, en die oumens, daarin gesit. Keikoekeis, het Smal Theunis gesê, beteken dan die plek waar die oumens agtergelaat is.

Dit was eenmaal die Kotzes se plaas en oom Theunis sal seker geweet het wat die naam beteken."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek had (het) vroeër gehoor dat die naam glo te doen had met die goeie uitsig wat 'n mens vanaf die plaas had."

Volgens die Van Heerde-versameling moet die naam dan gespel word Kai-khoe-!khaes (Nienaber & Raper 1977:683). Nama Kai- = groot (Rust 1960:28), ook oud (1960:2); khoe-(khoi) = mens (1960:42) en !khaes = plek (Kr. & Rust 1969:235). Dus: die "Oumensplek", omdat afgeleefde stamlede hier agtergelaat is wanneer daar getrek moes word in tye van droogte en kos-skaarste, soos deur informant Van Heerde verhaal. Volgens Coetzee se mededeling het die topografie tot die naam aanleiding gegee. Eksel self ken die gebied baie goed en kan gevolglik bevestig dat Keikoekeis bo-op die berge lê vanwaar 'n mens 'n uitsig oor 'n geweldige wye, laerliggende gebied het wat tot by die see strek. Hiervolgens kan die eerste lid dan miskien gesien word as Nama gei = "gross" (Rust 1960:28). Vir wisseling van g-/k- vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3). Die tweede lid -koe- soos Nama gō = "blicken" (Rust 1960:11) en -keis soos !keis = "Ort" (Rust 1960:46), wat dan gesamentlik neerkom op "Grootkykplek", dit wil sê die "plek vanwaar groot gekyk" word, bedoelende vanwaar 'n mens 'n wye uitsig het. Van Heerde se verklaring geniet plaaslik voorkeur omdat dit nog uit die mond van die oorspronklike eienaar verneem is.

Gedurende die koperrytyd was Keikoekeis 'n baie belangrike uitspanning op hierdie onherbergsame bergagtige gedeelte van die roete. Die oorblyfsels van die hardwerkende Sidney Jackson se ongeveer 12 meter wye smidswinkel bevestig dat meer as een transportwa hier eers gerepareer moes word. 'n Varswaterfontein is uit die rots geskiet vir drinkwater. 'n Skuins rotsplaat met 'n ysterring vir die vasmaak van slag-rosse het as abattoir diens gedoen, terwyl 'n ou verroeste klamp vir die buig van wabande gebruik is (Steenkamp 1975:52-53).

MesselpadBergpad

K 2917 DC

Louw (1967:20) "Op een tydstip, so weet ons, is 200 bandiete gebruik om 'n sogenaamde 'messelpad' tussen Koornhuis en Wildepaardehoek te bou."

Kotze WJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n bergpad waarvan die walle deur die klowe met klip gemessel of gepak is. Bandiete is onder blanke toesig vir dié doel gebruik."

Die pad dra die naam Messelpad vanweë die stewige klipkonstruksie van die keerwalle aan die kante van die steil gedeeltes van die pad wat die indruk skep van gemessel te wees. Dis gedurende die sestigerjare van die vorige eeu deur die Cape Copper Company gebou vir die vervoer van kopererts per ossewa na Hondeklipbaai. Die swaar klippe is gebeitel en met die hand in posisie geplaas deur gevangenes wat vir dié doel ingebring is, en waarvan sommige gevaarlikes, volgens oorlewering, geketting moes werk. 'n Tronk waarin hulle gehuisves is en wat tans nog bekend staan as die Bandietstasie, is op die wal van die Buffelsrivier, 'n paar honderd meter van die pad af, opgerig. Die ruïnes beslaan meer as 'n hektaar en bied 'n indrukwekkende gesig aangesien die meeste van die klipmure bly staan het. Die grond is bestrooi met 'n menigte bene van geslagte diere, asook stukke van drankbottels wat die stempels van oorsese vervaardigers dra. 'n Maalgat in die kliprots wat as 'n wattertenk gedien het, is met 'n swaar klipdeksel verseël. Ook 'n klompie grafte vorm deel van die patetiese oorblyfsels wat 'n insae gee in die lewe van die ongelukkige oortreders wat in die skroeiende son moes arbei onder die wakende oë van hul opsigters (Dutton 1974:1). Op een van die rotsblokke staan die letters F.C. uitgebeitel. Volgens oorlewering het 'n Britse ingenieur in bevel van die padbouwerk, hier selfmoord gepleeg. Hy het 'n Kleurlingvrou as bywyf aangehou by wie hy dan ook kinders gehad het. Terwyl daar in die omgewing van Ongelukslaagte aan die pad gewerk is,

het hy tyding ontvang dat sy vrou van oorsee aangekom het en op pad na hom toe was. Omdat hy nie die moed gehad het om sy vrou in die gesig te kyk nie, het hy sy voorletters op die rotsblok langs die pad uitgebeitel en hom daar dood-geskiet.

Die oorlewering wil dat die betrokke stuk pad toe afgeskryf is, gesien in die lig daarvan dat dit nooit met die res van die Messelpad verbind is nie. Die werklike rede was egter òf dat die gevangenes se dienstyf verstreke was, òf dat dit teen daardie tyd reeds duidelik was dat die erts voortaan deur Port Nolloth in plaas van deur Hondeklipbaai verskeep gaan word. Dié gedeelte van die roete is toe later deur 'n pad laer af teen die hang met die res van die Messelpad verbind. Die mint waar die oorspronklike pad afgesteek en begin is, is vandag nog sigbaar.

NuweputsOnderverdeling met opstal

K 2917 DC

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Nuweputs is 'n onderverdeling van Keerom. Die eienaar, bekend as Theunis Grootbaard, se kinders het elkeen hul deel grond gekry, maar sy testament het gelui dat hulle vir Gesie Kotze, die suster wat doofstom was en in die omgang bekend gestaan het as Dowe Gesie, op haar deel grond 'n huis moes bou en water maak. Hulle het sodoende 'n puts gegrawe en 'n opstal gebou en daar dit 'n nuwe aanleg was, is dit Nuweputs gedoop."

Vernoem na die put by die nuwe aanleg.

OubeepOnderverdeling met opstal

K 2917 DC

Rich A 1978 Boer Gesprek "Dit word eintlik Tghoubeep uitgespreek, maar wat dit beteken, weet ek nie."

Vermoedelik soos Nama \bar{o} - = sout (Rust 1960:51), met -beep

(-bip) as lokatiefformans, sodat Oubeep dan die inlandse naam is vir "Soutplek".

Sonder die suigkonsonant vooraan kan die ou- [au] = bitter (Rust 1960:11) wees, wat dan kan neerkom op "Bitterfontein" (Nienaber & Raper 1977:976).

PlatklipOnderverdeling

K 2917 DC

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Dit het sulke groot plat klippe met klipbakke, waarvan party taamlik diep is."

Dis 'n onderverdeling van die oorspronklike plaas Keerom en word plaaslik uitgespreek met die klem op die laaste lid. Vroeër is dit veral as wintersplek gebruik. Die naam is vanweë die groot platklippe.

(Die) TolTolhuis

K 2917 DC

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Tussen Keerom en die Buffelsrivier had (het) hulle 'n tol gehad waar die kopertransportryers tol moes betaal."

Onder die jonger geslag word baie gespekuleer oor waarlangs die ou koperrypad oor die ruwe berge in die omgewing van die Buffelsrivier geloop het. Dit klink vir hulle byna ongelooflik dat 'n pad daarlangs oopgery kon gewees het.

Van die uitspanning by Luiskraal het dit rivier af geloop tot waar die huidige pad vandag uit die Buffelsrivier klim, vroeër bekend as Fonteintjie. Hiervandaan het dit in 'n suidwestelike rigting die berge oorgesteek na die uitspanning op Keerom. Net waar dit die suidelike oewer van die rivier verlaat het, was die tol waarvan informant Coetzee praat. Die ou "mint" was onlangs nog sigbaar.

KERSBOSCH FONTEIN PLAAS Nam.Q.1-28 K 2917 DD/2918 CC/
3017 BB/3018 AA

Eerste eienaar: Kotze F 1871-07-17

Van Jaarsveld AJ 1978 Hysmasjinis Vraelys "Kersbos het 'n baie sterk varswaterfontein wat begroei is met kersbosse daaromheen, vandaar die naam."

Vernoem na die twee vernaamste entiteite, naamlik die kersbosse, Sarcocaulon sp. (Smith 1966:286), wat veral vroeër baie volop daar voorgekom het, en die fontein. Vergelyk Noheep onder die plaasnaam ARAKOOP.

Kolebrandkloof Kloof K 2917 DD

Hanekom AG 1980 Mynwerker Vraelys "Omdat daar altyd in dié kloof olienhoutkole gebrand is om wabande mee aanmekaar te sweis."

Olienhoutkole is vroeër gebrand vir blaasbalkgebruik. Uit dié betrokke kloof is volop olienhoutstompe, Alea africana (Smith 1966:354), vir dié doel verkry en aldaar gebrand, van daar Kolebrandkloof.

Rotnaarskoker Onderverdeling met opstal K 3017 BB

CCRS (1907-14) Bowesdorp sheet "Hottentots Koker".

Swart (1973:88) "By Rotnaarskoker (eers Hotnaarskoker) moet 'n mens hot (links) afdraai 'naar de Koker'. Dis 'n kokerboom wat gestaan het by 'n lekker fonteintjie."

Van Jaarsveld AJ 1978 Hysmasjinis Vraelys "Baie jare gelede het daar langs die pad 'n reuse kokerboom gestaan wat deur togwaens en reisigers as uitspanplek en skaduwee gebruik is. 'n Sekere ou Hollandse skipbreukeling met die naam

Rotnaar, wat van plaas tot plaas handwerkies gedoen het vir 'n bestaan, het op 'n dag onder dié kokerboom gerus waar hy later dood aangetref is, vandaar Rotnaarskoker."

Swart en Van Jaarsveld gee twee uiteenlopende verklarings. Geen plaaslike steun kan vir Swart s'n gevind word nie. Daarteenoor leef Van Jaarsveld se verklaring plaaslik nog sterk voort, hoewel sommige meen dat Rotnaar 'n bondeldraersmous was. Hiervolgens dui die onderverdelings- en opstalnaam dan op die koker(boom) waaronder Rotnaar dood is.

Dit is egter opvallend dat die naam op CCRS-kaart aangegee word as Hottentots Koker vanweë die baie kokerbome wat destyds teen die hange gegroei het. Vergelyk die plaasnaam ARAKOOP. Die benaming Rotnaarskoker verskyn maar eers op jonger kaarte. Die vraag ontstaan of daar nie dalk op plaaslike vlak van die Hottentotte gepraat is as Rotnaars nie.

KERSBOSCH PUTS

PLAAS 1927-111-4919

K 3017 DB

Eerste eienaar: Visagie JC 1927-05-20

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Kersbosch Puts".

Die plasie was oorspronklik deel van Groot Brakfontein en is vernoem na die oorspronklike puts waar heelwat kersbosse, Sarcocaulon sp. (Smith 1966:286), gegroei het. Vergelyk die plaasnaam KERSBOSCH FONTEIN.

KLEIN DABEEP

PLAAS Nam.Q.6-19

K 2918 CD

Eerste eienaar: Van Niekerk S 1910-08-18

Afdelingsraadkaart s.j. en Topokadastrale reeks 1975 vel

2918 Pofadder "Klein Dabeep".

Vir die verklaring van die komponent Dabeep vergelyk die plaasnaam DABEEP. Die Afrikaanse toevoeging Klein verwys na die smal, beperkte oppervlakte van genoemde plasie wat tussen Dabeep en Bodabeep geleë is.

KLEIN DUIN

PLAAS Nam.Q.10-27

K 2916 BB

Eerste eienaar: Baynes GJS 1915-12-21

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dis 'n kol op die plaas waar die wind 'n lap klein, wit duintjies uitgewaai het. Die plaas het net sugwater wat met slootjies, wat gegrawe is, langs syfer na 'n put waar 'n rol opgesit is en vanwaar dit per rolvat huis toe karwei word."

Op Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, word Klein-duine op die plaas aangedui. Dit is na aanleiding van hierdie groot aantal klein, heuwelagtige duintjies dat die plaas Klein Duin heet.

KLEIN FONTEIN

PLAAS Clw.Q.7-11

K 3018 CA

Eerste eienaar: Cloete D 1844-02-15

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Klein Fontein".

Dreyer JJ 1985 Pensionaris Gesprek "Ek vermoed maar dat die naam op die klein plasie betrekking het, maar die fontein kan natuurlik ook klein wees."

Die lid Klein verwys vermoedelik na die beperkte of klein oppervlakte van die plasie wat aan die groter Tweefontein

grens, terwyl die laaste lid op die waterbron dui. Die moontlikheid dat die eerste komponent van die naam op die oorspronklike waterbron betrekking gehad het, is egter nie uitgesluit nie, aangesien beide plaas en bron klein is. Geen nadere inligting kon bekom word nie.

KLEIN KOGEL FONTEIN EXTENSION

PLAAS Nam.Q.5-14

K 3117 BB

Eerste eienaar: Nieuwoudt GS 1908-07-13

Du Toit AJ 1982 Veiligheidsbeampste Gesprek "Die regte naam is Koelfontein en wel vanweë die koel water van die oorspronklike fontein."

Kotze GS 1982 Boer Brief "Klein Kogel Fontein dra dié naam omdat dit 'n onderafdeling van Groot Koeëlfontein is."

Hoewel die naam Kogel Fontein deurgaans op alle ou kaarte, vergelyk onder andere Divisional map of Namaqualand 1916, verskyn, is die plaaslike bewoners die mening toegedaan dat dit Koelfontein moet wees vanweë die lekker koel water wat die fontein selfs op die warmste dag bied. Die foutiewe vorm moes by die oorspronklike registrasie ingesluit het. Die benaming Koeël- het egter op moderne kaarte behoue gebly, vergelyk Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies. Die aangeleentheid bly egter oop vir kommentaar.

Die plaas is, soos die toevoeging "Extension" aandui, 'n uitbreiding van die aangrensende Klein Kogel Fontein, wat weer op sy beurt aan Kogel Fontein skakel. Net eersgenoemde plaas val binne die jurisdiksie van die Afdelingsraad van Namakwaland.

KLEIN KOUMISPLAAS

K 2918 DB

Eerste eienaar: Van Niekerk J de Vries 1949-04-06

Divisional map of Namaqualand 1916 "Klein Koumis".

By verdeling van die oorspronklike Tgombees is die derde gedeelte vernoem na die Klein Koumis Vlei wat daarop geleë is en reeds voor verdeling al dié naam gedra het, ter onderskeiding van die ander twee vleie, Diep Vlei en Koumis Vlei. Die Klein- dui dus op die kleiner vlei en nie op 'n kleiner plaas (oppervlakte) nie. My gevolgtrekking berus op eie waarneming aangesien geen betekenisvolle inligting plaaslik verkry kon word nie. Vir die betekenis van Koumis vergelyk die plaasnaam KOUMIS. Dus: "Klein Diepvlei".

Tgombees se KopKop

K 2918 DB

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "T'gombees";
Afdelingsraadkaart s.j. "Koumis".

'n Kop met driehoeksbaken nr. 46 waar die drie plase Diep Vlei, Koumis en Klein Koumis se grense ontmoet. Op die Afdelingsraadkaart heet dit Koumis, wat bloot 'n volksetimologiese verafrikaansing van die ouer, inlandse Tgombees is en wat Diepvlei beteken. Dus: Diepvlei se Kop. Vergelyk die plaasnaam KOUMIS, vroeër bekend as Tgombees.

KLEIN PELLA (Vroeër bekend as Jabiesiefontein)PLAAS Nam.Q.7-39

K 2819 CC/2918 BB

Eerste eienaar: Herridge E 1911-10-17

Forbes (1965:105) "... towards his Soubiesjes or Swart Ebbenhoutboom Fontein. This is evidently the present Klein

Pella as appears from its position on Map 3."

Bogenoemde is ter aanvulling van die gegewens oor die betrokke plaasnaam deur Nienaber & Raper (1977:599). Die eertydse hibridiese naam is saamgestel uit die Namawoord tsawis = swartebbehoutboom (Kr. & Rust 1969:381), die Eudea pseudebenus (Smith 1966:449). Dit is later na Klein Pella verdoop na aanleiding van die nabygeleë groter Pella Mission. Vir verklaring van Pella vergelyk PELLA onder reservate.

Vagevuurskloof

Kloof/Poort

K 2919 CC

Van Vreeden 1961: Vagevuurskloof. "Deurgang in die heuwels tussen Pella en Klein Pella (1780) Gordon Versameling Krt. 3. Die nm het ontstaan as gevolg van die moeilike trekpad tussen Pella en Klein Pella. Moontlik so genoem deur die Gordon Geselskap. Dus: v- = moeilike trekpad deur die kloof (wat mens en dier vermoei het)."

Volgens die Rooms-Katolieke Kerk is die vaevuur die plek van lyding waar die siele wat genade ontvang het 'n pynlike suiwering ondergaan (Kritzinger 1963:691). Vagevuurskloof is die kloof of deurgang OSO van Klein Pella en ongeveer 10 km reg wes van Pella, wat die kortste verbinding tussen genoemde plekke vorm, en aldus vernoem is vanweë die vermoeienis wat mens en dier in hul deurtog deur dié moeilike kloof ondervind. Die naam is vermoedelik deur Gordon se geselskap gegee (Forbes 1965:105).

KLEIN SCHAAP KOP

PLAAS Nam.Q.7-3

K 2917 CB

Eerste eienaar: Goosen CJG 1910-10-11

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Daar is twee koppe, Kleinskaapkop en Grootskaapkop, maar die bakke van die plaas staan op eersgenoemde sodat die plaas daarna vernoem is."

Dis eintlik twee sandknoppe waar gewoonlik met skaap uitgestaan is. Op die noordelike een, wat die kleinste van die twee is, staan die suidelike hoekbaken van bogenoemde plaas, en aangesien dit die vernaamste entiteit is, is die naam op die plaas oorgedra. Die Nederlandse vorm, Schaap het in 'n deel van die oorspronklike plaasnaam behoue gebly.

Die plaas is dan vernoem na die kleinste van die twee sandknoppe waar vroeër met skaap uitgestaan is.

KLEIN ZEE

PLAAS Clw.Q.8-39 & Q.9-24

K 2917 CA

Eerste eienaars: Kotzé AJJ; Mostert GJC; Goosen CJG;
Goosen JCL; 1882-02-28

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dit was 'n klein see gewees, 'n lang, potblou water tot by die eintlike see. Omdat die see anderkant was en 'n klein see duskant, daarom dié naam. Dit was baie ruig om die klein see waar duisende onsievoëls (seemeeus) versamel het. My oom, ou ryk Corneels Goosen se beeste had sukke (het sulke) voetpaaie deur die ruie biesies wat broeksbandhoog gestaan het, getrap. Kalwers had (het) tot drie maande oud gelê en loop (in die veld geloop) voordat die eienaar hulle vir die eerste keer gesien had. Veewagters kon nie verkwalk (verkwalik) word as hulle vee daar vloer (verloor) had nie."

Die plaas is geleë aan die mond van die Buffelsrivier waar die see 'n lagune vorm wat gedeeltelik deur sandduine van die see geskei word. Vir die vroeër bewoners was dit 'n "klein see" in vergelyke met die "groot see" daaragter, so dat die benaming Klein Zee - nog in Nederlandse vorm - plaaslik ingeburger en aldus op die plaas oorgedra is. Die onmiddellike gebied om die lagune was baie moerassig en ruig, soos deur die informant verduidelik.

LangbaaiBaai

K 2917 CA

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Die baai lê lank uitgestrek."

So genoem vanweë die redelike lang afstand, wat dié vlak baaitjie suid/noord strek.

Natgooier (-baai)Baai

K 2917 CA

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Dis 'n bekwaam (geskikte) baaitjie om by vis te vang, allewel (alhoewel) jy talletaks (talle kere) so nat gegooi word dat jy van die vel af moet aantrek."

Die branders wat teen die rotse breek, skiet of gooi vissermanne gewoonlik sopnat, van daar dié baainaam. Die agtervoegsel -baai word deurgaans nie gebruik nie.

StompneusbaaiBaai

K 2917 CA

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "In dié baaitjie is al heelwat stompneuse gevang, alhoewel jy innerlik (eintlik) hier mos net hotnosvis verwag."

Vernoem na die vissoort stompneus, Pagrus gibbiceps (Kritzinger 1963:621), wat al herhaaldelik in dié baaitjie gevang is.

KLIPFONTEINPLAAS Clw.Q.8-34

K 2917 DC

Eerste eienaar: Coetzee JJ 1850-06-21

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die water het met 'n skeuns (skuins) gleufie uit 'n vars fonteintjie in 'n klipbak of

dammetjie versamel waaruit dit dan geskep is."

Vernoem na die vroeëre vars fontein tussen die klippe. In latere jare het die waterspieël sodanig gedaal dat 'n puts daar gegrawe is. Tans is die fontein heeltemal opgedroog. Die ou koperrypad het vroeër oor die plaas geloop.

Hermanusvlei Onderverdeling met opstal K 2917 DC

Coetzee JD 1982 Afgetrede boer Gesprek "Dis vernoem na Hermanus Coetzee en die vlei wat daar geleë is."

Vernoem na die naam van die eienaar en die vlei wat op die onderverdeling geleë is.

Komrimap Onderverdeling met opstal K 2917 DC

Coetzee JD 1978 Afgetrede boer Vraelys "Genoemde plaas is deel van die plaas Klipfontein 15 myl suid van Springbok. Op die plaas is die gruisklip, genoem tjomklip waarmee altyd velle geskraap is. (-Map) het iets te doen met water."

Die eerste lid is soos Nama // khom = "Auskratzen" (Kr. & Rust 1969:244) en beteken skraapklip, 'n sagte gruisklip wat gebruik is om velle wat gebrei moet word, aan die vleiskant glad te skuur.

Die komponent -map is vermoedelik soos Nama -ma-b = plek of standplaas (Nama mâ = staan, Rust 1960:58). Die -ri-lokativeer ook. Dus: "Gruisklipplek of -standplaas."

Nooitgedacht Onderverdeling met opstal K 2917 DC

Coetzee JD 1982 Afgetrede boer Gesprek "Dit was eers bekend as Paulskraal, maar toe Koos McLachlan die nuwe

aanleg maak, het hy dit Nooitgedacht genoem omdat hy nooit gedink het dat dit sou gebeur nie."

Die eienaar het dus nooit gedink dat daar 'n nuwe aanleg sou kom nie.

Nuweputs Onderverdeling met opstal K 2917 DC

Coetzee JD 1978 Afgetrede boer Vraelys "Die plaas is later in 3 dele verdeel tussen my pa en sy broers. Een deel is Nuweputs genoem, omdat daar toe 'n nuwe puts gegrawe is."

Vernoem na die nuwe puts in teenstelling met die ouer waterbronne wat reeds bestaan het.

KLIPHAKSKEEN PLAAS GR.96/1943 K 2918 DA

Eerste eienaar: Van den Heever NJ 1943-09-08

Conradie (1909:42) "Groot Kliphaakscheen. In die uitgedroogde kleine vlei is er geen steen, die enigszins op dat lichaamsdeel gelijkt. De aannemelikste oplossing is, dat een Boesman zijn haakskeen daar gestampt, en de wonderlike gebeurtenis door deze naam vereeuwigd heeft. De oppervlakte van dit land bestaat uit kalkachtige aarde met een dun laag grof zand."

Rossouw (1973:76-7) "Terwyl ek netnou van 'n paar klipbanke gepraat het, spring my gedagte sommer ver noord en ek dink aan Kliphakskeen waar oom Niklaas van den Heever gewoon het. Dit moet darem 'n harde hakskeen gewees het, seker omdat hy nooit water sien nie. Of het die Boesmans dalk daar 'n gemsbok se hakskeenseninge met 'n skerp klip afgesaag onderwyl die klomp honde die arme dier daar onder 'n witgatboom vasgekeer het? Of was dit dalk Kleurlinge of

sels 'n Blanke? Van sulke voorvalle het ek al gehoor.
Daarom raai ek."

Van den Heever PJ 1983 Rustende boer Gesprek "In die klipbank van die vlei is 'n natuurlike holte of merk wat die vorm van 'n hakskeen het."

Dit was die vlei wat voor verdeling van die gronde as Kliphakskeen Vlei (Divisional map of Namaqualand 1916) of selfs net Kliphak (Sensuskaart 1891) benoem was. Die verklarings hierbo is uiteenlopend. Eers in 1983 het ek uit die mond van die eienaar, informant Van den Heever, verneem dat die naam ontstaan het na aanleiding van 'n natuurlike holte in die klipbank van die vlei wat die vorm van 'n hakskeen het. Dit lyk komplete of 'n groot hak die duik in die klipbank getrap het, van daar dan die eertydse Kliphak wat later uitgebrei is tot Kliphakskeen, die benaming van die vlei wat op die plaas oorgegaan het.

KLIPHEUWELPLAAS Clw.Q.8-46

K 3017 DD

Eerste eienaar: Dreyer C 1853-05-19

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Die plaas is taamlik vol koppies of heuwels, van daar Klipheuwel."

Die plaas is, volgens die informant, vernoem na die heelwat klipheuwels wat daarop geleë is.

KLIPHOEKPLAAS Clw.Q.7-28

K 3017 DB/3018 CA

Eerste eienaar: du Toit C 1844-02-15

Dreyer (1930:19) "... die eerste genotuleerde kerkvergadering is op 19 Augustus 1854 op Kliphoek gehou".

Dreyer JJ 1985 Pensionaris "Die plaas is geleë in 'n baie klipperige hoek."

'n Baie ou, geskiedkundige plaas vernoem na die klipperige hoek wat die berge hier vorm. J.J. Dreyer se verklaring word bevestig deur eie kennis wat ek van die betrokke plaas het. Volgens Dreyer (1930:19) is die eerste genotuleerde kerkvergadering van die afgestigte gemeente Namakwaland op Kliphoek gehou.

KLIP HUIS

PLAAS Clw.Q.8-17

K 3017 AD

Eerste eienaar: Engelbrecht WA 1848-04-01

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n wettige huis in die suidelike rotswal van die Spoegrivier. Daar is twee vertrekke, so groot dat die polisie vroeër hulle tent daarin opgeslaan het. As jy daarin is, is jy so goed as in 'n kliphuis, van daar die naam."

Die plaas is vernoem na die grot in die klipwal, 'n entjie van die mond van die Spoegrivier af. Plaaslik word daarvan gepraat as natuurlik geskape kliphuise. Dit was vroeër die verblyfplek van die eerste polisie toe daar nog met kamele patrollie gery is.

KLIP KUIL

PLAAS Clw.Q.6-39

K 3017 DC

Eerste eienaar: Engelbrecht JA 1843-12-15

Auret JG 1978 Installasievoorman Vraelys "Genoem na 'n kuil water wat onder 'n klip gevorm is teenaan die bedding van die Groenrivier. Die kuil het standhoudende water en word alleenlik gevoed wanneer dit die jaar soveel reën dat die rivier wel afloop see toe."

Die plaas is vernoem na die klip of krans waarby deurgaans 'n kuil water staan. Vroeër het dit in die wandeling ook bekend gestaan as Kranzkuil.

GaljoenbaaiBaaitjie

K 3017 DC

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Hengelaars kry soms hier galjoen in die hande."

Alhoewel hoofsaaklik hotnosvis langs hierdie gedeelte van die weskus aangetref word, is daar al by uitsondering ook galjoen, Coracinus capensis (Kritzinger 1963:160), in hierdie baaitjie gevang.

GroenriviersmondOnderverdeling met opstal

K 3017 DC

Auret JG 1980 Installasievoorman Vraelys "Die plaas by die mond van die Groenrivier."

Dis 'n onderverdeling van die plaas Klipkuil wat geleë is om die mond van die Groenrivier en wat onderskei moet word van Groenriviermond, die baaitjie waar genoemde rivier uitmond.

KlipkraalOnderverdeling met opstal

K 3017 DC

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die naam dui op die klipkraal mit (met) 'n geweldige groot klip in die muur."

Volgens die informant verwys die lid -kraal hier letterlik na die klipkraal wat net voor 'n koppie gepak is. Die geweldige groot klip wat deel van die muur vorm, was oorspronklik daar, sodat die muur net verderaan gepak is. Die onderverdeling en opstal is na hierdie klipkraal of kraal met die groot klip vernoem.

KNIE BRAND (Vroeër vermoedelik bekend as Dong-/qua)

PLAAS Nam.Q.12-12

K 2917 AB

Eerste eienaars: Louw FG & HJP 1925-10-29

Laidler (1927:148) "Dong D/qua, burnt... a sandy place near Anenous."

Volgens Nienaber & Raper (1977:319) te lees as Dong-/qua. Die lid Dong- is die Namakwalandse uitspraak van Nama dâu = "brennen" (Rust 1960:12), met die genasaleerde -âu- gerealiseer as -ong, waarin die -a as -o- gehoor is, soos -am-s, hier plaaslik ook as -om-s uitgespreek en wat ooreenstem met Laidler se "burnt".

Die /qua is soos Nama // goab(-s) = knie (1960:35), in Oud-Kaaps qua = "de knie" (Nienaber 1963:343). Die gebeure wat aanleiding gegee het tot dié naam het vergete geraak, maar aangesien die gebied aan die suidoostelike grens van die plaas, waar die ou koperspoorlyn langs geloop het, ook bekend staan as Kniebrand, kan dit miskien in verband staan met 'n gebeure uit die ossewa of muiltrein se tyd. Andersins verwys dit miskien na die swaar sand wat die knieë laat "brand" het, net soos gepraat word van brandasem wanneer bedoel word dat iemand baie moeg is.

KOAMS BULT

PLAAS Gr.26/1945

K 2918 BC

Eerste eienaar: Van den Heever PJ 1945-03-27

Afdelingsraadkaart s.j. "Koams & Zout Vlei", aangrensend "Koams Bult".

Vir verklaring van die eerste lid naamlik Koams, vergelyk die plaasnaam KOAMS and ZOUT VLEI. Die tweede lid is vanweë die bult wat oor 'n gedeelte van die plaas strek en is

bygebring ter onderskeiding by verdeling van die gronde. My verklaring berus hier op eie waarneming aangesien ek die gebied baie goed ken.

KOAMS and ZOUT VLEI

PLAAS

K 2918 AD/BC

Eerste eienaar: Roux PJ 1907-12-06

Divisional map of Namaqualand 1916 "Koams and Zout Vley";
"Koams Vley"; "Zout Vley".
CCRS 1907-14 vel Pella "Kalk".

Bogenoemde is ter aanvulling van die bronnegegewens verstrekk deur Nienaber & Raper (1977:722) in verband met die plaasnaam Koams and Zout Vlei, met die doel om aan te dui dat Koams Vley en Zout Vley twee aparte vleie is wat ver van mekaar op die plaas geleë is, sodat Zout Vley nie gesien kan word as 'n "toegif agter die ou inboorlingbenaming", soos Nienaber & Raper (1977:722) vermoed nie.

Plaaslike navraag bevestig wel dat albei vleie se water maar sout is, sodat Koams in die lig hiervan verklaar kan word as $\neq(K)\bar{o}$ - = sout, en -ams = mond, ook watergat, waterholte, vlei, rand rondom water (Nienaber & Raper 1977:722-3). Die huidige Nama het die $\neq ko$ - gedevelariseer tot $\neq\bar{o}$ - (Nienaber 1963:186 e.v.). Hiervolgens kan Koams dan beteken "Soutmond, -vlei".

Wat egter opvallend is, is die invoeging van Kalk (CCRS 1907-14 vel Pella) by die hoekbaken in die onmiddellike omgewing van Koams Vlei, wat beteken dat die lid Ko- dan soos Nama !kho- = "der Kalk, Kalkgrund" (Kr. & Rust 1969:245) sal wees, met -ams = mond (Rust 1960:43), oordragtelik as watergat, waterholte (Nienaber & Raper 1977:723). In die lig hiervan sal Koams dan beteken "Kalkmond, -vlei". Koams was klaarblyklik die ou inboorlingbenaming wat betrekking gehad

KOERISPLAAS Nam.Q.6-5

K 2918 BA

Eerste eienaar: Kennedy AJ 1910-03-14

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Koeris".

Persoonlike kennis van die betrokke plaas laat geen twyfel dat, op grond van die topografie, Koeri-s is soos Nama !uri = wit (Rust 1960:73). Die slot-s van die fem. sing. slaan op die waterbron, sodat die plaasnaam Koeris oorspronklik skyn te wees en op die Koeri(e)sberg(e) oorgedra is. Nienaber & Raper (1980:540) is van mening dat die T'Koeriesberge, T'Koerisrivier, en Witbank, wat tussen genoemde twee geleë is, 'n toponimiese groep vorm waarvan die Afrikaanse komponent Wit- die gedeeltelike vertaling van die Khoekhoens is. Hierin gee ek hulle gelyk en wel op grond van die topografie wat hier duidelik saamspreek.

KOERIS and TAUKEISPLAAS Nam.Q.5-26

K 2918 CB

Eerste eienaar: Dembitzer J 1909-07-26

Divisional map of Namaqualand 1916 "Koeris Vley"; "Taukheis Vley".

Louw TN 1982 Boer Gesprek "Dis twee kalkvleie op die plaas waarvan die water nie eintlik brak is nie. Ek dink die name het met die kalk te make, want daar is ook 'n Kalkkom".

Bogenoemde is ter aanvulling van Nienaber & Raper (1980:541 en 713) se verklaring van die plaasnaam Koeris and Taukheis wat neerkom op "Brakplek", "Brakkom", deur die eerste lid van die name in verband te bring met Nama /ū = brak (Rust 1960:12), terwyl die -ri-s (van Koeris) = plekbenoemend en !khai- (van Taukheis) = "Ort" (1960:46).

Die Divisional map of Namaqualand toon duidelik dat Koeris

en Taukheis twee vleie is waaraan die plaasnaam ontleen is. Volgens informant Louw wil dit voorkom of kalk primêr en brak sekondêr kan wees wat dan ook topografiese steun vind in die "Kalkkom" wat op die Topografiese reeks 1975 vel 2918 Pofadder, ingeskryf is. Hiervolgens sal die lid Koeri- dan uit Nama !khoró = kalk (Rust 1960:34) verklaar moet word, wat taalkundig egter nie te rym is nie, gevolglik moet Koeris eerder in verband gebring word met Nama/ū = brak (Rust 1960:12), soos deur Nienaber & Raper (1980:541) gedoen. Miskien is die brak- en kalkverklarings tog versoenbaar deurdat die brak op die smaak van die water slaan as gevolg van sy aanraking met die kalkbodem, en dat daar daarom, soos Nienaber & Raper (1980:517) dit stel: "... 'n mate van verwisselbaarheid denkbaar is wat ook in die benoeming uitkom deurdat die terme vir 'brak' en 'kalk' in Nama naby mekaar lê ten opsigte van hulle klankbousels". Die T- van Taukheis moet dan gesien word as getrek uit die suigmedeklinker by Nama/ū = brak en by !khai- = "Ort" (Rust 1960:46). Met die slot-s as plekbenoemer kan Taukheis dan vertaal word as "Brakvlei", "Brakkom".

Op Sensuskaart 1891 en SG map 1895 verskyn die twee inlandse vleiname, in hul samevoeging tot plaasnaam, in die volgorde Taukheis and Koeris, wat later omgestel is tot die huidige plaasnaam Koeris and Taukheis.

Koerisvlei; Taukheisvlei Vleie

K 2918 CB

Esterhuizen DJR 1980 Boer Vraelys "Koeries en Taukheis is twee vleie op die plaas."

Altwee vleie se name is betrek in die naam van die plaas

Koeris en Taukheis waarop hulle geleë is. Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam KOERIS and TAUKHEIS.

KOIAMS EAST or BOVEN KOIAMS

PLAAS 1921-18-772

K 2918 DC

Eerste eienaar: Kennedy GP 1921-02-01

SG map 1895 "Koiams Vlei".

Divisional map of Namaqualand "Koiams East".

Pleknaamlys 1978 "Boven Koiams".

Nienaber & Raper (1980:445) se Kaiams (Vlei) moet beslis Koiams (Vlei) lees. Op die Divisional map of Namaqualand 1916 is die plaas Driegat nog as Driegat & Koiams aangegee, met Koiams East as grensplaas waarop Koiams Vlei geleë was, maar tans net die onderverdelingsnaam Koeiams dra.

Met benaminge soos Brakdam, grensplaas aan die noordekant van Driegat, en Brakholte op beide die plase Sweloor en Gamoep aan die suidekant, lyk dit aanneemlik dat die lid Koi- kan wees soos Nama \neq koi-, vandag gewoonlik geskryf \neq khoe-, = "ein Brakbusch" (Kr. & Rust 1969:249), andersinds soos \neq (K) \bar{o} - = sout, waar huidige Nama die ou \neq ko- gedevelariseer het tot $\neq\bar{o}$ - (Nienaber 1963:186). Die -ams = mond, rand rondom water, vlei (Rust 1960:43). Dus: "Brakbosmond" of "Soutmond", in plaaslike taal, "Brakbosvlei" of "Soutvlei".

KOINGNAAS

PLAAS Nam.Q.10-26

K 3017 AA/AB

Eerste eienaar: Visser GH 1915-12-31

Heese (1942b:49) "Oor die swaar sandduine is die hele ekspedisie na 'n fontein langs die see. Maar die fontein se

water was brak, want met hoogwater slaan die branders oor die fontein. Die fontein vandag bekend as Koingnaas, het hierdie eienskap behou."

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Ons spreek dit naasteby !kho^ʔ aas uit. Die oumense het beweer dat dit Kalkvlak beteken, maar ek weet nie."

Volgens informant Brand kan die eerste lid wees soos Nama !kho-b = "der Kalk, Kalkgrund" (Kr. & Rust 1969:245), en die laaste lid soos Nama $\#g\bar{a}s$ = "die Fläche" (1969:97). Letterlik dan "Kalkvlakke". Volgens Heese is dit die fontein wat primêr is en sal die eerste lid, op grond van die brakwater, eerder dui op / \bar{u} = "brackig" (Rust 1960:12), terwyl die laaste lid dan verstaan moet word as $\#g\bar{a}s$ = "Grabwasserloch" (1969:97). Hiervolgens beteken dit dan "Brakfontein". Alhoewel beide verklarings deur die topografie onderskryf word, is ek tog van mening dat daar ook uit 'n ander gesigspunt na Koingnaas gekyk moet word. Die Swartlintjiesrivier loop oor die suidoostelike hoek van die plaas om 'n entjie daarvandaan in die see uit te mond. Dis hier waar die destydse koperrypad na Hondeklipbaai deur 'n drif in die rivier gegaan het, asook die ou Sandveldroete of -pad van suid na noord. Die rivier het dwars in die weg van hierdie suid/noord-roete gelê, sodat daar oor/deur die rivier gegaan moes word, dit wil sê dit moes gekruis word.

Van Koignas op graadvierkant K 3219 AD, die ou naam van Dwarsrivier, sê Le Vaillant (1790 deel I:227) "... a rivulet, called in the Hottentot language Koignas, and by the Dutch Dwars river, Cross-river". Pettman (1931:34-5) beskryf dit as "A small branch of the Olifants Rivier, Clanwilliam district, C.P., mentioned by Le Vaillant (...) the Dutch name translates the Hottentot, the root of which appears to be the word !gou, to cross, to go across", terwyl Skead (1973:51) sê Koignas is 'n "Junction of Matjies R.", dist. Clanwilliam, "Dwarsrivier".

Vir my is Koingnas net die gepalataliseerde vorm van Koignas; gevolglik sien ek laasgenoemde se betekenis ook as "Cross-River" en wel in aansluiting by Nama !gôu !gâu- = "queren, Kreuzen" (Rust 1960:37). Met wisseling van g-/k- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) dan !kôu [!kâu-] = "cross over". Die tweede lid is soos Nama !ā-(b) = rivier (Rust 1960:22), met die -s as lokativering. Letterlik dan: "Plek waar die rivier oorgegaan word", wat ook die begrip "Dwars-of Kruisrivier" kan vertolk.

Krenz, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:746), gee 'n ander sillabisasie naamlik !Gâu-!nas = "die Furt", wat dan neerkom op "Drifrivier", wat goed beantwoord aan die plaaslike werklikheid.

Daar is egter nog 'n moontlikheid wat nie heeltemal uit die oog verloor moet word nie. Op CCRS (1907-14 Bowesdorp Sheet) word die vernaamste entiteit op die plaas as Wolfkop aangegee. Vir wolf is in Oud-Kaaps onder andere opgeteken t'kohaän, thou-qua en, met nasaal, t²juhnkam en t²ouq²va (Nienaber 1963:534). In Nama is dit !gau- (Rust 1960:74), sonder nasaal. By Koignas hierbo is die eerste lid in verband gebring met !gôu- [!gâu-]. Dit lyk dan moontlik om ook die eerste lid in verband te bring met !gau- = wolf. Dan kan die laaste lid na die fontein op die see-strand verwys, wat reg wes van die kop geleë is, naamlik Nama #gâs = "Grabwasserloch". Dan sal dit neerkom op "Wolf-fontein".

Die moontlike verklarings hierbo bespreek kan almal taalkundig en topografies verantwoord word. Ongelukkig kon daar plaaslik geen nadere inligting bekom word om aan te dui watter een die korrekte is nie.

Geelklippunt

Punt

K 3017 AA

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis die punt regoor die polisie-

op die kop waar vroeër wolwe gebly het."

'n Sandknop aan die suidwestelike kant van die plaas waarop vroeër 'n syferwatertjie was en wolwe, Canus lupus (Kritzinger 1963:772), gehou het. Vergelyk verder die plaasnaam KOINGNAAS.

KOISABES

PLAAS Nam.Q.13-6

K 2818 CD/2918 AB

Eerste eienaar: Coetzee AJA 1926-02-19

Schultze (1907:170) "Koisabes, ≠Kxuisabes, Wasserstelle südlich von Ramansdrift. 'Wo man einer Sache müde wurde'. Bankwasser zur Sommerregenzeit."

Green (1948:113) "Northbound, you had to climb a hill called Kooisabees, a hill of red sand where the sun flayed you in summer and the heavy sand threatened to bring an end to you motoring. One moment's hesitation was fatal. You had to grind through it, painfully, using an instinct that is higher than skill. Or else you stuck in the sand on Kooisabees hill and hoped that one of Mr. Weidner's trucks would come and pull you out."

Gagiano CA 1979 Predikant Vraelys "Koeisabis: Enigste water-tjoei = een, sabis of sabees = syferwatertjie."

In my ondersoek het sommige van Nienaber & Raper (1977:746-7) se informante hul verklarings, soos destyds aan genoemde skrywers verstrek, herhaal. Gagiano se "Loerwater" of "Eenlekwater" van toe, is egter in 1979 deur hom aan my verstrek as "Een-syferwatertjie". Die pogings van die informante is uiteenlopend en kom, wat die eerste komponent van die plaasnaam betref, neer op onder andere *gui-s* = melkbos, /*gui* = een !*kâ* of //*goe* (-am) = "lauren", !*khâ* = met 'n beker skep, //*khæ* = sand en ≠*koi*, ≠*khoe-* = brakbos (≠*koe-bos*) (vergeelyk Nienaber & Raper 1977:746-7).

Ek ken die plaas en is van mening dat Schultze se verklaring die meeste bevredig. Hy en Diehl (soos aangehaal deur Nienaber & Raper 1977:746) het die woord minstens uit die Namamond opgeteken, maar van Diehl se ~~h~~koe-bos kon nie spore gevind word nie. Koisabas het swaar sandduine soos deur Green beskryf en deur Mossop (1935: kaart agterin) aangedui. Die eerste lid sal, hiervolgens, dan wees soos Nama ~~h~~kui- = "überdrussig werden" (Rust 1960:43). Die -sa- kan gesien word as 'n formans wat in plekname die grondwoord adjektiewies/adverbiaal bepaal, en -bes as plekbenoemend. As geheel dan: "Waar mens vir 'n saak (ding) moeg word", soos deur Schultze aangegee.

KONTOROGAB

PLAAS Nam.Q.6-17

K 2918 AC

Eerste eienaars: Visser AJ & GJN 1910-05-04

Schultze (1907:170) "/Kxontorogab, Kontorogab, südlich von Rooiwater. Sommerregen - Wasserstelle. 'Wo der /kxonivogel, eine Colius Art, Krieg (torob) führt'."

Opmeting 1955 "Komtorragap, Kantorragab. Waterput. Betekenis onbekend, behalwe dat agtervoegsel -gab = put of fontein."

Van Heerde-versameling "Haneveld het hierdie verklaring van die Kleurlinge gekry. 'Kantor gehou by die Gap. Elke maand het die Korporaals vergadering by Kantorogap gehou. Dit was 'n waterplek waar hulle bymekaar gekom het'."

Van Heerde se verklaring word gegee vir wat dit werd is. Dit lyk of sy informant bloot op die klank afgaan, daarom Kantorogap vir klankmatige ooreenkoms met kantoor. Die naam is egter van vroeg af opgeteken met -o- in die beginlettergreep.

Schultze gee vir ons die verklaring waarvolgens die eerste

komponent gelykgestel word met Nama /koni = "Spottvogel" (Kr. & Rust 1969:241), die Kaapse muisvoël (Nienaber & Raper 1977:758), met torro = "Krieg machen", dit wil sê veg, baklei (1969:360). Hoewel Schultze nie die laaste lid verklaar nie, sal dit in die lig van Opmeting se mededeling wees soos Nama #gâb = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (1969:758). Dus: "Die put/fontein (#gâb) waar die muis- of konievoëls (kon-) baklei (toro-)". Nienaber & Raper (1977:758) vertaal die slotlid met laagte/leegte, wat moontlik is, maar nie aan te beveel nie vanweë die duidelike leiding in dié verband deur Van Heerde en Opmeting.

KOOKFONTEINPLAAS Clw.Q.7-18

K 3017 BA

Eerste eienaar: Aggenbach GA 1844-02-15

Forbes (1965:89) "From Ellenboogfontein their route to the mouth of the Cousie, Sand or Buffels River may have been that which is shown on the Gordon Map 3 passing through Kookfontein, now Kookfontein, in the valley of the Swartlintjes River. This was probably the Cock Fountain at which Paterson halted on his return from this trip."

Cornelissen HA 1978 Boer Vraelys "Die plaas Kookfontein het sy naam gekry omdat daar 'n fontein met varswater is wat gedurig borrel. Dit lyk nes of die water kook. Op warm dae is die water koud en op koue dae warm."

Kookfontein is een van die oudste plase in die Onder-Kamiesberg. Hoewel dit op moderne kaarte onder die huidige naam verskyn, het dit, soos blyk op Sensuskaart 1891, saam met die aangrensende plaas Canariesfontein aan dieselfde eienaar behoort en wel onder registrasie "Part of Canaries Fontein aan de Kook Fontein". Vanweë die sterk bron van goeie gehalte water, was dit 'n gewilde uitspanning op een van die koperryppaaie van die kopermyne via Keerom na Hondeklipbaai. Voordat boorgate in gebruik gekom het, het bewoners van

sommige omliggende plase, asook die inwoners van Soebatsfontein gedurende tye van waterskaarste water vir huishoudelike gebruik uit hierdie fontein aangery. Die fontein is in latere jare uitgemessel sodat die water hoër kon opstoot en oorvloei in 'n gronddam vanwaar dit uitgelei is vir kleinskaalse tuinery. 'n Klompie aangeplante dadelbome het bygedra tot die skepping van 'n ware oase-atmosfeer in hierdie dorre gebied. Vanweë die vinnige groei van die fontein se water veroorsaak die ontsnappende lug borrels wat aan kookende water laat dink, van daar "Kookfontein", waaraan die plaas sy naam ontleen het.

BokskloofKloof

K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "n Sekere Visser wat die pad teen Kookfontein se Berg oeit (uit) verlê het - want die pad het eers met 'n draai geklim wat nie ôraait (all right) was nie - het onder in die kloof 'n puts vir water gegrawe waarin verskeie bokke van die plaaseienaar, G.A. Agenbag, geval en versuip het."

Die kloof het dan waarskynlik sy naam ontleen aan die voorval soos deur die informant verhaal.

Deelkraal; -se BergGebied/Berg

K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Deelkraal is 'n deel van Kookfontein en word so genoem omdat die rivier die berge deel, terwyl Deelkraal se Berg die skeiding toesoen (tussen) die sand- en berggedeeltes vorm. Die koppe vorm 'n soort natuurlike kraal waar 'n groot klipbak is en 'n groot wolfhok gemaak is om wolwe in te vang."

Deelkraal is die noordelike, bergagtige gedeelte van die plaas Kookfontein waardeur die Witbooisrivier loop, terwyl

Deelkraal se Berg die noordelike grens tussen die plaas Keerom en Kookfontein vorm. Volgens die informant het die lid Deel- betrekking op die verdeling van die berge deur die Witbooisrivier, asook van die sand- en berggedeeltes deur Deelkraal se Berg, terwyl -kraal verwys na die natuurlike kraal, wat deur die koppe gevorm word. Ek ken die gebied en is van mening dat laasgenoemde lid na die winteraanlegplek verwys waar die eertydse Agenbachs van Kookfontein winterstye met hul vee gestaan het, terwyl Deel- op die deling of skeiding tussen die sand- en berggedeeltes van die gebied betrekking het. Die aanleg is dus geleë op die skeiding of, soos dit plaaslik heet, deling tussen die sand- en berggebied.

JaagknikKnik

K 3017 BA

Wiese JM 1978 Boervrou Vraelys "Van al kante van die knik is dit redelik steil, maar die moeite om die remskoen te gebruik, was te groot, aangesien die steiltes nie so lank is nie. Die osse is dus onder die sweep gestee en deurgejaag, vandaar Jaagknik."

Daar is gewoonlik deur die knik gejaag, soos deur die informant verduidelik, van daar die naam.

KatshoogHoogte

K 3017 BA

Wiese JM 1978 Boervrou Vraelys "Vroeër het 'n Jood, ene Kats, wat winkelier op Soebatsfontein was, met 'n kar en esels Kookfontein toe gery. Op die hoog het die luns en gevolglik ook die wiel van die ysterbandkar uitgeval. Die hoog het van toe af bekend gestaan as 'Kats se Hoog' - kortweg 'Katshoog'."

Volgens die oorlewering is die hoog dan vernoem na 'n Jood met die van Kats, en wel vanweë die gebeure soos deur die

informant verhaal.

Kookfontein se Berg Berg K 3017 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Kookfontein se Berg".

Dis die berg aan die noordooste kant van die fontein, naamlik Kookfontein, waarteen die pad van Soebatsfontein oor Rietmond na Die Drif, of Bodrif soos dit plaaslik bekend staan, uitklim. Die berg is na die plaasnaam Kookfontein vernoem.

Tkouroe Gebied K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Vraelys "Dit beteken klipgate. Daar is baie klipgate, party is manshoogte diep."

Die informant spel die woord in die vraelys Kouroe, maar dit word plaaslik uitgespreek as Tkouroe met die T- as aanduiding van die suigkonsonant. Nienaber & Raper (1980: 721) beweer dat dit skyn asof dit ooreenstem met Nama #khuru- in klank en met //garu- in toepassing, die eerste vir 'n wateraar, die tweede vir 'n "Tiefe Naturzisterne" in klip (Schultze 1907:162). Vir my is Tkouroe maar net 'n swak aanhoor en vertolking van Nama //garu-b = "das Wasserbecken im Fels" (Kr. & Rust 1969:84), wat ooreenstem met die informant se klipgate wat in reëntye water opvang.

Witbooisrivier Rivier K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Vraelys "Dit was 'n Hottentot met naam Witbooi wat deur die Boesmans daar vermoor is. Hulle het hom oopgesny en op 'n klipbank in die rivier lêgemaak. Daarom die naam Witbooisrivier."

Kotze MJ 1978 Huisvrou Gesprek "'n Stam met die naam Witbooi

had (het) langs dié riviértjie in die omgewing van Kookfontein gebly gedurende dieselfde tyd toe die Swartlintjiestam laer af langs die rivier gewoon had. Dit word vertel dat 'n kêrelkend (seunskind-hier in die sin van jongman) uit die Swartlintjiestam verlief geraak had op 'n meisiekend (meisiekind of jongmeisie) van die Witbooi-stam. Die kêrelkend se ou mama (ma) had soutsak gesit (probeer keer), maar hy wou nie loeister (luister) nie. Die twee stamme wat so by so (in elk geval) haaks was, had gevolglik aan mekaar gespring en 'n slagting had plaasgevind. Grafte wat baie jare later langs die rivier opgewaai is, was volgens oorlewering vermoedelik dié van die gesneuweldes."

Die Witbooisrivier is 'n droë tak van die Swartlintjiesrivier wat oor die plaas Kookfontein loop. Beide informante se verklarings leef plaaslik nog voort. Dit wil al voorkom asof Cornelissen se verklaring 'n verwarring is van dié van die plaasnaam Soubatters Fontein, vergelyk aldaar, terwyl Kotze se vermelding van die Swartlintjiestam in lyn is met haar verklaring van die riviernaam Swartlintjies. Vergelyk SWARTLINTJIESRIVIER onder riviernaam. Ek ken die gebied en riviere baie goed, maar kon geen nadere inligting bekom wat meer lig op die saak werp nie. Die rivier is in elk geval vernoem na die eienaam Witbooi.

KOORNHUIS

PLAAS Clw.Q.8-35

K 2917 DC/DD

Eerste eenaar: Coetzee AAJ 1850-01-21

Archer JF 1980 Boer Gesprek "Dit was oorspronklik 'n Hottentotnaam naamlik !Uri-/uis wat Witklipfontein beteken. Die wit is hier en ook die fontein."

!uri- = wit (Rust 1960:73) en !uis = klip (1960:59). Die

-s lokativeer die fontein. Nienaber & Raper (1977:761) be-
 weer: "... Koornhuis, volgens die ou Nederlandse spelwyse,
 (en) is 'n duidelike volksetimologiese aanpassing uit die
 ou of 'oorspronklike' Namavorm Kurikuis, vandag !Uri-/uis,
 letterlik 'Witklip' of 'Witberg'. In Ou-Kaaps is die !uri
 en die /uis van vandag nog gevelariseer gewees, dit wil sê
 resp. !kuri- en /kuis gewees." Ek ken die plaas baie goed
 en weet dat dit 'n kwartsklipryke plek is. Vergelyk T'Koe-
roeberg hieronder. Ook die fontein bestaan nog. Dus: "Wit-
 (te)klipfontein".

Plaaslik het die Afrikaanse uitspraak Koringhuis die Neder-
 landse vervang. Hoewel daar 'n bietjie koring gesaai word,
 het die plaasnaam niks met koring te make nie.

Eenklipbokrivier

Rivier

K 2917 DC

Wiese IA 1980 Boer Gesprek "Daar was vroeër volop klipbokke
 of klipspringers in die berg en in die omgewing van die
 riviertjie. As mens daarlangs ry, het daar gewoonlik 'n
 klipbok op een van die klippe wag gehou. Ek het passede
 (verlede) jaar nog een daar gekry."

Ek self het dikwels 'n klipbokkie, Oreotragies oreotragus
 (Odendal 1981:573), of meer in die omgewing van die rivier-
 tjie gevind. Hulle was blykbaar baie lief vir dié omgewing,
 vermoedelik vanweë die water wat in 'n klipgaatjie tussen
 die klippe van die riviertjie te vinde was. Maar waarom
 die lid Een-? Die pad kronkel hier om rotspunte deur die
 Buffelsrivier met berge aan weerskante. Die dreuning van
 'n voertuig word van ver af gehoor met die gevolg dat 'n klip-
 bokkie, vermoedelik die wag, op 'n rots verskyn om die wêreld
 te bespied. Jy sien dus gewoonlik net dié een, van daar
 Eenklipbok.

Daar is egter ook 'n ander verklaring wat baie aanneemlik is.

Waar die pad deur die riviértjie kronkel, staan 'n groot klip met die kenmerkende vorm van 'n klipbok bo-op 'n soliede rotsblok. Ek glo dat hierdie opvallende natuurverskynsel eerder aanleiding gegee het tot die naam Eenklipbok, wat oorgedra is op die riviértjie wat hier in die Buffelsrivier uitmond.

LuiskraalGebied

K 2917 DD

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "My pa het my vertel dat daar gedurende die Boereoorlog van 1899-1902 'n Boerekamp gestaan het. Miskien was daar toe baie luise."

Kennis (1978:2988) "Aanleg in die Messelpadpas in Namakwaland."

Wiese DJ 1978 Klerk en Boer Gesprek "Dit was 'n uitspanning waar later vreeslik baie luise was."

In die koperrytyd was dit 'n belangrike uitspanning, want nadat die ruwe berge van Keerom af oorgesukkel is, moes hier eers uitgespan word vir water en om die trekdiere te laat blaas alvorens die steiltes verder aangedurf kon word. Volgens oorlewering het dit meegebring dat die gebied later so vol luise was dat dit dienooreenkomstig vernoem is. Die lid -kraal dui op die aanleg.

NarapOnderverdeling met opstal

K 2917 DC

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "By die fontein op die oorspronklike plaas het melkbome gegroei wat /Na- of Narabome genoem word."

Van Niekerk CH 1982 Weduwee Gesprek "Die Hottentotte het gesê dit beteken die bymekaarkomplek waar gesit en kyk is."

Volgens eersgenoemde informant is dit dan die "Plek (-b) waar /Na- of /Narabome staan", verwysende na die Euphorbia sp.

(Smit 1966:335).

By weduwe van Niekerk, 'n boorling van die gebied wat nog steeds op die ter sprake plaas woonagtig is, het ons die wisseling van n- en h- (vergelyk Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) sodat !nara- te vergelyk is met Nama !hara = "zu-sehen, aufmerken" (Kr. & Rust 1969:168), wat dan sal neerkom op die "Plek (-b) van sit en kyk (!n/hara-)". In dié geval het hierdie Narap dieselfde betekenis as Laidler (1927:149) se "C/narap" wat korreleer met Harras aan die Strydrivier. Die "sit en kyk" kan egter nie verder gekwalifiseer word nie, aangesien besonderhede verlore gegaan het. Dis egter moontlik dat 'n soortgelyke gebeurtenis, soos deur Laidler beskryf, ook hier in die omgewing van die waterbron te Koornhuis kon plaasgevind het.

TKoeroeberg

Berg

K 2917 DD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "T'Koeroeberg".

Soos Nama // guru- = "Quarz, Kieselgrund" en // gurub (ml. ekv.) = "(Quarz)bergrücken" (Kr. & Rust 1969:143). Letterlik dan "Kwartsklippiesberg" (Nienaber & Raper 1980:720). Die naam van die berg bewaar die kenmerk van die plaasnaam. Dit dra opmetingsbaken nr. 46. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke berg.

Washoek

Gebied

K 2917 DD

Archer JF 1980 Boer Vraelys, "Dit is 'n groot hoek met 'n granietklipplaat waarin twee natuurlike putte van 14 en 6 voet diep onderskeidelik voorkom. Albei loop nouer na onder en hou dwarsdeur die jaar vars reënwater waar vroeër wasgoed gewas is."

Vernoem na die hoek waar gereeld wasgoed gewas is.

KOOS VLEI

PLAAS

K 2918 DA

Eerste eienaar: Esterhuizen APJ 1939-04-17

Afdelingsraadkaart s.j. en Divisional map of Namaqualand 1916 "Koos Vlei", met die vleinaam "Joossops Vlei" op laasgenoemde kaart.

Op moderne kaarte, soos die Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder, verskyn Koos se Vlei, terwyl ouer kaarte, soos die Divisional map of Namaqualand 1916, Joossops Vlei as waterbron aandui. Vermoedelik was dit ene Koos Joossop na wie die vlei vernoem is. Ná opmeting van die gronde het die vleinaam vermoedelik plaasnaam geword.

KOOTJIESFONTEIN

PLAAS Nam.Q.10-17A

K 3018 AD

Eerste eienaar: Meyer CW 1915-12-09

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Kootjesfontein" met waterbron "Kootjiesfontein".

Geen nadere besonderhede kon in verband met dié plaasnaam verkry word nie. Dis vermoedelik vernoem na 'n vroeëre eienaar met noemnaam Kootjie, asook die fontein as vernaamste waterbron, volgens waarneming. Die plaasnaam verskyn nog in Nederlandse vorm, maar die fonteinnaam is reeds verafrikaans.

Noukranskop

Koppie

K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein "Noukranskop".

Ooreenstemmende reeks 1974 "T'Naukrans".

Topografies gesproke is daar drie verklaringsmoontlikhede wat ewe geldig is. Plaaslike navrae kon nie nadere lig werp nie, gevolglik word al drie moontlikhede gegee.

Die lid Nou-/T'Nau- kan wees soos Nama !nou (!nau) = "dick-leibig, dick" wees (dit wil sê dik van lyf wees) (Kr. & Rust 1969:300) waarvoor steun gevind word in die lid Groot-van die nabygeleë Grootberg (Nienaber & Raper 1980:651-2).

Dit kan ook beteken "rote Ocker" (1969:300), verwysende na die bodemkleur soos vertolk deur die aangrensende plaasnaam Roode Kloof met Rooikloof daarop.

'n Derde moontlikheid is dat dit in verband gebring kan word met Nama !hau-b = "Fels" (Rust 1960:35); vir wisseling van h-/n- vergelyk Nienaber & Raper (1977:46 by 5D6). Steun hiervoor vind ons in Klip se Water noordoos van Grootberg.

KOOTJIES VLEI

PLAAS Nam.Q.5-21

K 2917 AB/AD

Eerste eienaar: Van Niekerk S 1909-06-03

Dippenaar HW 1978 Huisvrou Vraelys "Een aangrensende plaas (aan Aardvark) se naam is Kootjes Vley. Die oubaas het die vlei daar gemaak en toe het die plaas die oubaas se naam gekry."

Van Heerde-versameling "Kootjiesvlei - genoem na oom Kootjie van Wyk."

Die plaas is vernoem na die vlei wat, volgens Van Heerde, die noemnaam van Kootjie van Wyk dra. In die Pleknaamlys verskyn dit foutiewelik as Hootjies Vlei.

KOPPIES KRAALPLAAS Nam.Q.11-24

K 2918 CD

Eerste eienaar: De Vries SJ 1923-11-29

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Gedurende die pagjare tot 1919 was dit een van die weinige plase met vaste water en het die boere hul meestal gevestig by sodanige waterplekke, en aangesien die veld meestal uit bossies en winterweiding bestaan, is van die klipkoppies as skuilplekke gebruik en krale is met klippe vir beskerming teen wilde diere en koue gemaak en is die plaas na die betrokke koppies vernoem."

Van N de Vries JA 1980 Boer Gesprek "Op die plaas is 'n aantal koppies wat in die vorm van 'n kraal geleë is, van daar Koppieskraal."

Volgens die informante is die plaas dan vernoem na die koppies in die vorm van 'n kraal, of wat as kraal (skuilplek) gebruik is.

Ek is egter van vermoede dat die lid Kraal eerder na die aanleg verwys, sodat dit dan sal neerkom op die "Aanleg by die koppies".

VaalkoeiOnderverdeling met opstal

K 2918 CD

Van N de Vries JA 1980 Boer Gesprek "Die oorspronklike wattertjie van die plaas kom onder 'n biesiepol uit en het die vorm van 'n koei se uier. Vanweë die potkleiagtige aard van die grond het die water 'n witvaal kleur. Die vorm en kleur laat dink aan die uier van 'n vaal koei, van daar die naam."

Die vorm van die waterbron en witvaal kleur van die water laat dink aan die uier van 'n vaal koei, van daar die onderverdelingsnaam.

VelskoenFonteintjie

K 2918 CD

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Aan die westekant van die plaas is 'n plekkie met die naam van Velskoen wat deur 'n nou klipskeur aan mense en diere water gegee het. In tye van swaar droogtes sak die watervlak, sodat die water dan met die velskoen uit die skeur geskep moet word, indien 'n ander skepding nie beskikbaar is nie."

Die water word, by gebrek aan 'n skepding, met die velskoen uit die klipskeur geskep, van daar die naam.

KORRIDORPLASE 10093/1957

K 2817 CD/2917 AA/AB

Eerste eienaar: Staatsgrond

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Korridor".

Vir die betekenis vergelyk KORRIDOR WES onder plaasname.

Bobbejaanbloed se Kloof (Vroeër bekend as Nerabaub)

Kloof

K 2817 AA

Green (1964:199) "In die vallei noord van Anenous is daar 'n koppie met die naam wat 'n mens Dheera Dau kan spel as jy die klapklanke weglaat. Dit beteken 'bobbejaanbloed'. 'n Groep Hottentotte het 'n trop bobbejane daar vasgekeer en almal doodgemaak."

Goosen JJP 1978 Boer Gesprek "Bobbejane is dikwels met honde in dié kloof vasgekeer en dan doodgeslaan ter wille van vergoeding."

Green gee nog die inlandse naam wat neerkom op /nerab = bobbejaan en /aub = bloed. Dus: "Bobbejaanbloed". Volgens hom is dit die koppie in die poort wat dié naam dra

waarna die poort dan vernoem is. Hy praat verder van 'n eenmalige gebeurtenis, terwyl Goosen meld dat bobbejane dikwels daar vasgekeer en doodgeslaan is ter wille van die kop en stert waarvoor vergoeding ontvang is. Dit was dus 'n bron van inkomste veral vir die gebied se bruin gemeenskap. Die baie bobbejaanbloed wat gevolglik gevloei het, het aan die kloof sy naam besorg.

BoesmanspuntBergpunt

K 2917 AB

Mulder D 1980 Operateur Vraelys "Boesmanpunt is 'n berg met 'n grot waarin die Boesmans vroeër gebly het."

Dis die bergpunt oos van Tierkloof wat landmetersbaken nr. 88 dra en waar Boesmans, volgens die informant, vroeër in 'n grot skuilgehou het.

ChabiesiesOnderverdeling met opstal

K 2917 AB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Daar was 'n sterk fontein mit (met) ebbehoutbome."

Chabiesies is 'n spellingsvariasie van Sabiesies, die volkse uitspraak van Tsawisis = swartebbe(n)houtboom, Euclea pseudobenus (Smith 1969:449). Die -si- is lokatiewformans met die -s fem. sing. om die fontein te benoem. Dus "Sabbieboomfontein", wat ná verdeling van die grond onderverdelingsnaam geword het.

GharroiesWerf met watergat

K 2817 CD

Opmeting 1955 "Xarroies op 2817 CD. Naam is oud. Uit Nama. Werf en watergat. Betekenis is glo 'Tierkloof'. Geleë op Kroongrond. Inligting van Blankes in die gebied wat Nama ken."

Die eerste lid sal dan wees soos Nama /garu = "Tiger, Leopard" (Rust 1960:61), met lokatiewe suffiks -ie- plus -s van die vr. ekv. vir die werf en watergat, soos Nienaber & Raper (1980:322) dit ook sien. Die lid -kloof van Opmetting kan nie taalkundig verantwoord word nie.

Hangseep (Vroeër bekend as Haoseep)

Onderverdeling met opstal

K 2917 AA

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "In 'n kloof wat al nouer loop, het Alwyn Nelson van Vioolsdrift, ook bekend as Wilde Alwyn Nelson, baie wilde perde vingeralleen gevang."

Kotze JC 1980 Boer Vraelys "Die plaas 'Hangseep' word eintlik 'Haoseep' genoem. Dis vroeër jare deur die Hottentotte bewoon. Daardie jare was sebras volop en een het in die klipgat geval."

Die naam was oorspronklik Haoseep (Afdelingsraadkaart s.j.). Volgens Goosen lyk dit of ons moet dink aan Nama \neq hao = "(Tier) mit Schlinge am Hinterfuss fassen, einfangen" (Kr. & Rust 1969:174), as grondwoord met die -se(e)-b as 'n lokatief. Dus ongeveer "Vangplek van diere" (miskien wild?) wat vasgekeer is in die hoek.

Volgens Kotze se gegewens dink ek dat die lid hao- eerder verband hou met !hao- = reënwatergat in die rots of bank (Schultze 1907:164). As geheel dan die "Plek van die klipgat". Die naam is oorgedra op die onderverdeling.

Haromkaroep

Gebied

K 2917 AA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Haromkaroep".

Met wisseling van h- en g- kan die eerste komponent wees soos Nama /garu = "Tiger, Leopard" (Rust 1960:61), terwyl -karoep met die g- in plaas van die stemlose k- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3), soos Nama //garu- = "das Wasserbecken

im Fels, die Wasserbank (in natura)" (Kr. & Rust 1969:84) is. Dus: "Tierwaterbank" of "Tierklipgat". Dit wil dan voorkom of die gebiedsnaam min of meer op dieselfde entiteit dui as "Gharroies". Met Tierkloof en Tierhoogte in die onmiddellike omgewing lyk die verklarings heel aanneemlik.

Helskloof Onderverdeling met opstal K 2817 CD

Cornell (1920:118) "... as we had before us a particularly difficult pass known as 'Hell's Kloof'..."

Green 1948:121-2 "That was Rabinowitz's (Mr. S. Rabinowitz of Steinkopf, a prospector almost up to the day of his death in 1947) narrowest escape, though he had another when his wagon skidded on the steep track up Hell's Kloof in the Richtersveld. He fell clear, but wagon and donkeys were hurled down the mountainside. The grim scene is still called Rabie's Fall by the Hottentots."

Beets H 1980 Winkelier & garage-eienaar Vraelys "Helskloof. Dit was op die pad deur Middeldrif. Dit was hel om met die klowe af te kom na die Oranje."

Die plaas is vernoem na die kloof, bekend as Helskloof op die pad na Middeldrif, waar dit "hel gaan" om oor die weg te kom vanweë onbegaanbaarheid. Dis die enigste oos/wes-oorgang oor die Richtersveldberge. Uit die kloof loop die pad deur 'n nou ingang, bekend as Helskloof se Hek.

Jasper se Kop Duin K 2817 CD/K 2917 AA/AB

Coetzee DFJ 1978 Boer Vraelys "Nog 'n interessante naam is 'n hoë duin met die naam Jasper se Kop. Dit is vernoem na 'n baie ryk baster Hottentot met die naam Ryk Jasper. Sy kleredrag was velbroek en -baadjie."

Die informant verwys na Ryk Jasper Cloete van Komaggas wie

se veetroppe tot aan die Oranjerivier gewei het en wie se stoflike oorskot op Lekkersing in die Richtersveld rus. Sy nageslag, die Cloetes, maak vandag 'n groot gedeelte van die gekleurde bevolking van Namakwaland uit (Gedenkboek 1979: 2-3). Die betrokke duin was dan vroeër blykbaar een van sy veeposte, van daar dat dit na hom vernoem is.

Kabies se Pan; -se Berg; Gabies

Pan/Berg/Gebied

K 2917 AB

Laidler (1927:149) "C/na bip, Big Stomach. All waters come together there in the winter from the surrounding kloofs. Situated to the North of Anenous."

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Die oumense het gesê dat die naam met die bymekaarkom van die waters in die pan by die berg te doen het. Vroeër moes daar vermoedelik baie water gedurende reëntye in die pan vergader het."

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Oens (ons) spreek dit Tkâbies uit, dit wil sê met 'n tongklap. Rondom die pan is dit graswêreld, wat dalk met die naam te doen het."

Na aanleiding van die nabygeleë Spioenkop verklaar Nienaber & Raper (1980:264) Kabies as Nama gawi = spioeneer of beloer (Kr. & Rust 1969:73). Dus: "Spioenkop, -berg," wat topografies en taalkundig verdedigbaar is en waarvolgens die bergnaam dan op die pan en die omgewing oorgedra is.

Volgens informant Goosen hierbo, skyn dit egter asof die baie gras om die pan met die naam te make het. In Oud-Kaaps was gras onder andere tkâ, xka (Nienaber 1963:289), in Nama /gâ- (Rust 1960:28). Die lid -bies (-bes, -bees) is plekbenoemend veral by oop waters, hier spesifiek die pan. Dus: "Grasplek/(-pan)". Die pannaam is dan op die berg en die omgewing oorgedra. Die tongslag het later verdwyn, gevolglik die huidige vorms Kabies en Gabies vir die

berg en die gebied respektiewelik. In die geval van die T'Gabiesrivier, is die klapklank nog in 1965 deur Opmeting aangedui. Informant Coetzee se gegewens korreleer weer baie goed met dié van Laidler, wat die vraag laat ontstaan of Laidler se "C/na-bip, Big Stomach" nie na Kabies se Pan en Berg verwys nie, wat dan eerder noordwes as noord van Anenous geleë is. Met wisseling van n-/k- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D5) sal die grondwoord wees !nā-b = "der Magen" (Rust 1960:40), met plekbenoemende suffiks -bib. Dus: "Die Maag" en "Maagberg" betreffende die pan en nabygeleë berg respektiewelik. Die begrip groot is bygedink, aldus Nienaber & Raper (1977:833-4). Die pan is die "groot maag" waarin al die water uit die omgewing versamel. Eie kennis van die topografie aldaar, laat my hierdie verklaring sterk steun.

KlaagkopKop

K 2917 AB

Louw J 1978 Boer Vraelys "Klakop is net 'n taamlike groot kop wat deur die Namas so genoem word omdat dit eggo, wanneer hard geskreeu word, waarmee bedoel word dat dit 'kla'."

Op die Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, verskyn die kopnaam as Klaarkop wat egter Klaagkop moet wees aangesien die bedoeling is dat dit klaag (kla), soos deur die informant verduidelik. Dit dra opmetingsbaken nr. 63.

KlipbokbergBerg

K 2817 CD

Mulder D 1980 Operateur Vraelys "Omdat daar baie klipspringers is."

Die berg dra landmetersbaken nr. 16 en word so genoem vanweë die baie klipbokke, Oreotragus saltator (Odendal 1981: 573) wat daar aangetref word. Die opstal staan bekend as Klipbok.

KoeroedaapVoetpad

K 2817 CD/2917 AA/AB

Coetzee DFJ 1978 Boer Vraelys "Die naam Koeroedaap is Hot-tentots. Die Afrikaans daarvan is 'Skurwe Voetpad'. Dit is 'n voetpad wat oor daardie berg gaan."

Nienaber & Raper (1980:542) verklaar die komponent Koeroe-, na aanleiding van my informant se gegewens, as Nama /goro (xa) = "raudig" (Rust 1960:49). Met wisseling van k-/g- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) beteken dit dan "skurf", terwyl "-daap" moontlik te begryp is as daob = pad, wat ooreenstem met voetpad. Hiervolgens is Koeroedaap dan die ou inlandse naam vir "Skurwe voetpad".

Kouefontein (Vroeër bekend as Tchaihoip/Tchaihoup)Onderverdeling met opstal

K 2817 CD

Sensuskaart 1891 "Tchaihoip".

Divisional map of Namaqualand 1916 "Tchaihoup".

Nolte W 1980 Boer Vraelys "Word so genoem omdat die enigste water wat daar was onder 'n skadukrans was. Dit het nooit son gekry nie met die gevolg dat dit deur die dag koud gebly het."

Die T- is bedoel om die suigkonsonant weer te gee (Nienaber & Raper 1980:715). Die eerste lid is soos Nama !kai (!kei) = koud (Rust 1960:34) en -hoip/-houp weer soos /uib of !haub = klip of rots (1960:59). Letterlik dan "Kouklip". Dit was vroeër die klip (berg) wat benoem is, van daar die slot-p/-b ml. ekv., en nie die fontein self nie. Dit was eers met die vertaling dat die bron na die voorgrond gebring is. Die ouer garde ken dit nog as Kouklip, tans Kouefontein, wat ook onderverdelingsnaam (plaasnaam) geword het.

RatelfonteinOnderverdeling met opstal

K 2817 CD

Mulder D 1980 Operateur Vraelys "Omdat die enigste drinkplek

vir diere deur ratels oopgegrawe is."

Vernoem na die Mellivora capensis (Odendal 1981:881) wat, volgens die informant, die enigste water oopgegrawe het. Die fonteinnaam het onderverdelingsnaam (plaasnaam) geword.

Sabieboomrante

Bergrante

K 2917 AB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Sabieboomrante".

Vernoem na Nama tsabi- = swartebbenhoutboom. Vergelyk Sabiesies onder die reservaatnaam, RICHTERSVELD.

Soetwater

Onderverdeling met opstal

K 2917 AB

Louw J 1978 Boer Vraelys "Die plaas het in 1942 die naam gekry toe die water hier ontdek is. Ek het vir die O'kiep Koper Maatskappy 'n hele aantal jare op die ou treinspoortjie gewerk. In 1939 het die maatskappy ten einde geloop weens die prys van koper. Toe het ek besluit om te kom boer. Dit was vrygrond om op te bly vir enige boer, maar dit was waterloos. Toe het ek begin soek na water en so-doende moes ek toe maar 'n put van 150 voet met pik en graaf grawe om die water te bekom. Met bereiking van die water het die veeinspekteur, ou Fanie Uys, by wie ek gras-lisensie uitgeneem het, die plaas die naam van Soetwater gegee."

Op navraag het dit geblyk dat die veeinspekteur die onderverdeling Soetwater genoem het daar hy van mening was dat die water vir die grawers beslis soet moes gewees het ná so 'n lang, harde stuk werk, want die put is net deur die eienaar en nog een man, ene C. Mostert, gegrawe.

Teemaak se KoppiesKoppies

K 2917 AB

Louw J 1978 Boer Vraelys "Op pad na en van die treinstasie is daar altyd by dié koppies uitgespan en tee gemaak."

Die segsman verwys na Farquharson-stasie op die ou koper-spoorlyn waarheen die nodige per trein laat kom is. Op pad daarheen is by Teemaak se Koppies uitgespan en eers tee gemaak.

Vredefontein (Vroeër bekend as Kiegas)Onderverdeling met opstal

K 2917 AA

Coetzee DFJ 1981 Boer Vraelys "Die Hottentotsnaam van Vredefontein is Kiegas, soos in Afrikaans gespel. Die betekenis daarvan is Vredefontein."

Dan soos Nama #kê- = "Friede" (Rust 1960:23) met #gâ-s = "Wasserloch (1960:72) met die slot-s fem. sing. wat die fontein lokativeer. Vredefontein is dan 'n regstreekse vertaling van die Khoekhoense naam Kiegas, vergelyk (Nienaber & Raper 1980:518). Volgens oorlewering het die blankes en Kleurlinge daar 'n ooreenkoms aangegaan om in vrede met mekaar te leef. Die fonteinnaam het ook onderverdelingsnaam (plaasnaam) geword.

KORRIDOR WESPLASE 6547/1957

K 2816 DB/DD/2916 BB

Eerste eienaar: Staatsgrond

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Korridor Wes".

Korridor het hier die betekenis van "deurgang deur 'n land" (Kritzinger 1963:291). Die betrokke plase vorm dan ook 'n

deurgang noordwaarts na die Oranjerivier, en aangesien dit aan die westekant van die Richtersveld deurloop, staan die plase bekend as Korridor Wes, waardeur hulle onderskei word van 'n soortgelyke deurgang aan die ooste kant bekend as Korridor. Aangesien die Korridor Wes- en Korridor-plase, soos daar plaaslik van hulle gepraat word, nie private eiendom is nie, maar staatsgrond, verwys ek na hulle, waar van toepassing, as onderverdelings, bedoelende van die staatsgebied.

ArrisdriftAanleg & Drif

K 2816 BC

Richter (1845 Charte) "Aris".

Schinz (1891a kaart) "// Aris Furt".

Moritz (1916 Band 29, Heft 4:141) "Einer von den Schwimmern holte die Pferde herüber, dann verliess der Reisende Arris morgens früh."

Alexander, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:214-5) "Doorn poort (...) was in a chain of mountains in continuation of the Kamiesberg range, and three hours through heavy sands brought us to Aris, a Namaqua village of about 20 huts, where we first saw the Orange River."

Rupping F 1978 Boer Vraelys "Hottentotnaam = TTgarëis. Dit beteken katidoring (tipe doringbos) wat volop is op die plaas."

Uit die gegewens hierbo blyk dit dat die huidige Arri(e)s-drif(t) vroeër bekend was as Aris/Arris, hoewel die komponent -drif reeds voorkom op Schinz se kaart van 1884-7, en wel as // Aris Furt.

Volgens die informasie van segsman Rupping wat die gebied baie goed ken, kan aanvaar word dat die grondwoord ongetwyfeld Nama // aris = "Name eines Feldbusches" (Kr. & Rust 1969:23) is, en wel die brosdoring Phaeoptilon spinosum (Pönnighaus 1933 deel VI:21; Smith 1966:179). Rupping se

"katidoring" is vermoedelik die plaaslike benaming. Met die TT vooraan, probeer hy die suigkonsonant aandui. In Afrikaans het // ari- oorgegaan in arrie, sodat dit vandag bekendstaan as Arriesdrif, die benaming van die drif deur die Oranjerivier en tans ook van die staatsplaas aldaar wat vrugte en groente aan die delwery te Alexanderbaai verskaf (Kennis 1978:2928).

Beesbank

Aanleg

K 2816 BC

Kennis (1978:2931) "Aanleg met poskantoor noordoos van Alexanderbaai."

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Wat hulle vandag Beesbank noem, is eintlik Arriesdrif. Die werklike Beesbank is 'n klipkop ongeveer ses myl van Arrisdrijf af op na die berge toe. Die kop is amper net klip. Verder het ou Willem Rupping se skoonpa hier baie bees aangehou."

Dit skyn dan eintlik die kop te wees wat aanleiding gegee het tot die laaste lid van die naam Beesbank en wel vanweë die bankagtigheid daarvan, terwyl die baie beste waarmee vroeër hier geboer is, die eerste lid tot gevolg gehad het. Genoemde kop dra landmetersbaken nr. 4. Die naam is later oorgedra op die aanleg aan die oewer van die rivier toe B. Wiese van Grootderm daar 'n winkel kom opsit het.

Beeshel

Gebied

K 2816 DC

Van Heerde-versameling "Beeshel. 'n Ou pad deur sandduine tussen Grootderm en Port Nolloth. Die sand is so los en die duin so steil dat 'n ossewa amper nie daardeur getrek kan word nie."

Dis 'n pad deur die swaar sand waardeur ossewaens met moeite gekom het. Die beste (osse) het daar dus "hel" gekry, van daar Beeshel. Dis geleë suidoos van Visagiesfonteinkop met landmetersbaken nr. 34.

BrandkarosAanleg

K 2816 BC

Engelbrecht H 1985 Pensionaris Gesprek "n Hottentotvrou het langs die vuur geslaap. Haar karos het aan die brand geraak en uitgebrand."

Verdere navrae het niks meer opgelewer as dit wat informant Engelbrecht verstrek het nie. Dit is die oorlewering wat plaaslik nog voortleef. Daar is wel enkele variasies soos dat sommige beweer dat nie net die karos uitgebrand het nie, maar ook die Khoi- vrou, terwyl ander meen dat dit 'n Khoi- man was. Die lid -karos is oorgeneem uit Nama waar dit verouderd geraak en totaal verdwyn het, sodat dit nog net in Afrikaans en ander ontlenende tale voortleef (Nienaber 1963:333). Dit het die betekenis van "n mantel van gebreide velle met die hare aan" (Odendal 1981:530).

RooibankKoppie

K 2816 DA

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Bo-op die kop is klipbanke met bakke. Die klippe vertoon rooi."

Alhoewel die inlandse naam nie meer bekend is nie, is Rooibank vermoedelik ook 'n vertaalde naam. Vergelyk Swartbank en Witbank hieronder. Rooibank dra dié naam vanweë die rooiagtige kleur van die klippe op die kop. Die naam is ook as onderverdelingsnaam (plaasnaam) oorgedra op Gedeelte 7 van Korridor Wes.

SukkelOnderverdeling met opstal

K 2816 DD

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Omdat daar so gesukkel is, het die eienaar die plek so genoem."

Dis Gedeelte 5 van Korridor Wes. Vanweë die woestynagtigheid en waterloosheid van die gebied, is boerdery 'n gesukkel,

van daar die gepaste naam.

Swartbank (Vroeër bekend as Nuaoop)

Koppie

K 2816 DC

Sensuskaart 1891 "Zwart Bank or Tk. Nu Tc. !Aoop".

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Die klippe is nie eintlik swart nie, maar die kop vertoon donker van kleur. Bo-op is waterbakke."

Swartbank is ongetwyfeld verklaar uit die ou inlandse naam, Nuaoop, wat nes in die geval van Witbank, in 1891 nog bekend was. Die lid Nu- is soos Nama $\neq n\bar{u}$ = swart (Kr. & Rust 1969: 306), terwyl die tweede element Tc.!aop soos Nama !hau-b = "Fels-wasserbank" (1969:170) is. Die -b/-p van die ml. ekv. lokativeer die kop, wat vanweë die donkerkleurige klippe donker vertoon. Die kopnaam het later plaasnaam geword vir Gedeelte 3 van Korridor Wes.

Uitkyk

Onderverdeling met opstal

K 2916 BB

Schreuder AJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas het sy naam te danke aan 'n koppie waaroor 'n pad gaan. As jy op die koppie uitgaan, kan jy baie ver sien, vandaar die naam Uitkyk. Vroeër het die ou mense ook graag op die kop gebly om 'n ver uitsig te hê."

Van die koppie af het jy 'n goeie uitsig of kan jy ver uitkyk oor die andersinds gelyk wêreld, van daar die onderverdelingsnaam (plaasnaam) Uitkyk.

Visagiesfonteinkop

Kop

K 2816 DC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Visagiesfonteinkop".

Die kop dra opmetingsbaken nr. 34 en is geleë naby die gebied Visagiesfontein, asook Visagiespan. Vergelyk laasgenoemde onder panne en vleie vir verklaring van die komponent Visagie-. Die kop is vernoem na die gebied Visagiesfontein.

Windwaai Onderverdeling met opstal K 2816 DD

Van Heerde-versameling "n Rooi sandduin in die Richtersveld.
Die wind waai amper altyd daar en dan sien jy die rooi sand oor die bult trek."

Coetzee JJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas het 'n Afrikaanse naam en die rede, glo ek, is omdat die hoekbaken op 'n spitskop staan wat waaisand alom het."

Alhoewel daar 'n klemverskuiwing by die twee informante se verklarings is, kom beide egter basies neer op die wind wat daar baie waai, waaraan die naam dan ontleen is.

Witbank (Vroeër bekend as Uring Aoop)

Koppie

K 2816 DC

Sensuskaart 1891 "Witte Bank or Tc.!Uring Tc.!Aoop".

De Vries A 1978 Boer Gesprek "Daar lê 'n groot klipbank met 'n groot bak daarop. Van veraf vertoon dit wit vanweë die klip en die wit seesand."

Witbank is klaarblyklik 'n vertaling van die ou inlandse naam, Uring Aoop, wat nog in 1891 bekend was. Die eerste lid is soos Nama !uri = wit (Kr. & Rust 1969:373) en wel vanweë die wit kleur van die klip of bank en die seesand daaromheen. Die tweede element Tc.!aop is soos Nama !hau-b = "Felswasserbank" (1969:170). Die uitgang -b/-p is die ml. ekv. wat die koppie waarop die bank voorkom, lokativeer. Die kopnaam het ook mettertyd plaasnaam geword vir Gedeelte 6 van Korridor Wes.

KOUMIS (Vroeër bekend as Tgombees)PLAAS

K 2918 DB

Eerste eienaar: Van Niekerk AP 1951-07-11

Afdelingsraadkaart s.j. "Koumis".

Steenkamp (1975:105) "Years ago a place called Tgombees, which is a Nama name dealing with water of a certain kind, was deprived of its tongue-click and transformed into 'Koumis', which needs only an (e) in the middle to translate as Cold Manure."

Vergelyk die plaasnaam DIEP VLEI vir die motivering van Koumis en Gombees as twee uitsprake van dieselfde naam, waaruit dit blyk dat Koumis die volksetimologiese verafrikaansing van die ouer Gombies is. Volgens Nienaber & Raper (1977:772) het die proses van volksetimologisering by die slotdeel begin en is die -mis die volledige assimilasië van die -mb- van Gombees tot -(m)m- in Gom(m)ees, wisseluitspraak Gom(m)is. Hierdie -mis uit -(m)bis, -(m)bes is dan die formans wat die oop water, hier die vlei, aandui. Met die wisseling van g/k, vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3), ontstaan Kombees uit Gombees. Vir die betekenis van Kou- uit Kom- of Gom- vergelyk verder DIEP VLEI. T'Gombees, vervorm tot Koumis, beteken dan "Diepvlei". By verdeling het die middelste plaas, Koumis, die vlei, Koumis Vlei, as waterbron behou.

KOUPS LEEGTEPLAAS Nam.Q.10-7

K 2919 AA

Eerste eienaar: Visser JNA 1914-12-02

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Dis gelyk, oop veld waardeur 'n plat holte of leegte loop."

Bogenoemde is ter aanvulling van die gegewens oor Koup, Goup

soos byeengebring deur Nienaber & Raper (1977:773-6) en onderskryf genoemde skrywers se mening dat Koup vertaal kan word as "Vlak, gelyk, oop veld", so ongeveer "Platoland", ter onderskeiding van die ongelyke, bergagtige streke, aangesien dit in sy vroegste toepassing vermoedelik 'n streeknaam was.

Eie kennis van die plaas noop my om voornoemde verklaring te onderskryf, aangesien dit ooglopend versoenbaar is met die topografie. Daar bestaan m.i. nie voldoende grond vir die verklaring van "Die plek waar diere vet word, dit wil sê baie ingewandsvet of binnevet kry" nie.

Tgoob se Berg (Vroeër bekend as Koupkop)

Kop

K 2919 AA

SG map 1895 "Koup Kop".

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "T'goob se Berg".

Die T'- herinner nog aan die tongklap. T'Goob se Berg is naamkundig dieselfde as die vroeëre Koupkop, dit wil sê is net wissel spellinge van mekaar. Dieselfde geld T'Goob se Laagte en Koups Leegte op dieselfde graadvierkant. Die ter sprake berg of kop lê op die afdelingsraadgrens en dra landmetersbaken nr. 16. Vir die betekenis vergelyk die plaasnaam KOUPS LEEGTE.

KOURKAM

PLAAS Nam.Q.8-14

K 2917 CD

Eerste eienaar: Rich R 1912-04-06

Schultze (1907:169) "// Guru- // gam, Koerkamma. 'Das Wasser (// gami) beim Quarzfelsen (// gurub)'."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "In die holte tussen die huise van wyle Bob en Harry Rich had (het) hulle 'n

groot dam gemaak, maar die plaas se vaste water was 'n fontein by die Kourkammaberg. Die grond by die fontein is tjoeroe-agtig nes die berg."

Aan die hand van Schultze se afleiding, verklaar Nienaber & Raper (1977:777-8) Kourkam as "Gruisputs, Gruisfontein, Klipfontein, Kwartswater". Hiervolgens sal die plaas en berg se name dan van die belangrike waterplek, naamlik die fontein (//gam- = water), afkomstig wees. Die plaasnaam is 'n verkorte vorm.

Gedagtig aan Kourkam se Brak, Brakfontein en Brakputs in die onmiddellike omgewing, is die versoeking groot om die lid Kour- in verband te bring met brak. Oor die plaas loop die baie opsigtelike braklaagte of -rivier by name Kourkam se Brak. As Schultze nie die eerste lid as //Guru-aangegee het nie, sou 'n mens geneig gewees het om dit in verband te bring met !khuru- wat brak beteken (Nienaber & Raper 1980:566), met -kam as Nama //gam(i) = water (Rust 1960:72), rivier (Nienaber 1963:522 s.v. water iv). Dan sou die plaasnaam vertaal kon word as "Brakrivier" wat goed onderskryf word deur die topografie. Vergelyk die plaasnaam KOURKAMMA.

Kourkam

Gebied

K 2917 CD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Kourkam se Brak".

Dis 'n droë tak van die Swartlintjiesrivier wat oor die plaas Kourkam suidwaarts loop. Die gebied om die rivier asook die rivierloop self bevat baie brak (Smith 1966:172-3), wat waardevolle weiding vir klein- en grootvee verskaf. Die vermoede is dat hierdie braklaagte of -rivier die entiteit is wat aanleiding gegee het tot die plaasnaam Kourkam, vergelyk aldaar. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

KOURKAMMAPLAAS Nam. Q.13-19

K 2918 CD

Eerste eienaar: Roux AJM 1891-05-09

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Kourkamma".

Nienaber & Raper (1980:565-6) is van mening dat Kourkamma se Holte, Koerkamma se Koppie, Kourkamma, Brakdam, Brakrivier en Dabeep, op topografiese gronde, 'n naamkerngroep vorm en dat daar 'n taalkundige verband skyn te wees tussen Braken Koer-/Kour-. Hiervolgens word die plaasnaam Kourkamma dan anders verklaar as Kourkam (vergelyk die plaasnaam KOURKAM), daarin dat die lid Kour- van eersgenoemde in verband gebring word met Nama !khuru- wat brak beteken (1980:566). Die lid -kamma is ongetwyfeld soos Nama //gami, Oud-Kaaps -gamma of -kamma = water, rivier (Nienaber 1963:522 s.v. water iv). Die Afrikaanse komponent van die toponimiese groep hierbo genoem, naamlik "Brakrivier" skyn dan die vertaling van die Khoekhoense komponent Kourkamma te wees. Vergelyk die plaasnaam KOURKAM.

KOUROOTJEPLAAS Nam. Q.7-37

K 2917 CD

Eerste eienaar: Smith FW 1911-10-17

Van Heerde-versameling "Karotjie- Karrotjie- Kouroutjie of selfs Ouratjie. 'n Stuk harde grond met groot klippe in die rooiduin."

Agenbag FJ 1978 Boer Vraelys "Dit beteken 'n watertjie wat hulle oopgegrawe het in 'n klipgaatjie. Karootjie."

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "By 'n plek is wit !koeroeklippe waar waterplekkies gemaak is. Ek dink die naam het daarmee te make."

Volgens informant Van Dyk se gegewens is die naam in verband te bring met Nama //guru- = kieselsteentjies, gruis-klippies (Kr. & Rust 1969:143) met wisseling //kuru. (Vir

wisseling van g-/k- vergelyk Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3.)

Agenbag beklemtoon "n watertjie wat oopgegrawe is" en "die klipgaatjie". Graafwater is in Nama xora- (Rust 1960:28), wat taalkundig nie gerym kan word met Kouroo- nie. Maar ek dink dit was ook nie wat die segsman wou beklemtoon nie, maar eerder "die klipgaatjie met water", wat dan in verband gebring kan word met Nama// garū = "Wasserbecken (im Fels), die Wasserbank" (Kr. & Rust 1969:84). Die Nederlandse verkleiningsuitgang dui op die klein omvang van die klipgaatjie. Dit word deur die informante verafrikaans. Dis opvallend dat Agenbag die uitspraak as "Karootjie" aangee. Op moderne kaarte verskyn die opstal by die waterbron ook onder hierdie naam.

Volgens Van Heerde is die naam in verband te bring met "karootjie", die plaaslike benaming vir klipperige, karoo-agtige grond. Geleë op die skeiding van die sand- en bergwêreld, skiet hier 'n stukkie harde grond in die plaas in, wat plaaslik bekend staan as [k̄áru] om dit sodoende van die sandgedeelte te onderskei. Die verkleiningsuitgang dui op die klein oppervlakte van die stukkie harde grond in die andersinds sanderige omgewing.

Hoewel al drie verklarings hierbo deur die topografie onderskryf word, bly dié van Agenbag plaaslik die mees aanvaarbare.

Kolebrandduin

Duin

K 2917 CD

Agenbag FJ 1978 Boer Vraelys "By dié duin is altyd kole gebrand vir die blaasbalk."

Vaalkol

Gebied

K 2917 CD

Agenbag FJ 1978 Boer Vraelys "Dis 'n deel van Karootjie en

word so genoem omdat daar 'n natuurlike kaal kol is."

Dis 'n vaal kleikol waar volgens plaaslike oorlewering, ene Pieter Brand destyds deur die Van Reenen-Basters 'n put laat grawe het en waar water op ongeveer 30 m gekry is. Dit lê noordwes van die opstal Karootjie. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

KRAAIFONTEIN

PLAAS Nam.Q.10-25

K 2917 DC

Eerste eienaar: Genis J 1916-12-21

Van Heerde-versameling "Kraaifontein (naby Wildepaardehoek).

Allewaarskynlik na ou onderwyser Craey vernoem."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Die plaas (had) het nie sy naam gekry na aanleiding van die water by die opstal nie, maar is vernoem na die fontein laer af in die kloof waar vroeër baie kraaie gebly had."

Kotze WJ 1978 Rustende boer Gesprek "Ek weet nie waar Kraaifontein aan sy naam gekom het nie, maar Kraai se Puts, by Wildepaardehoek se Berg, is vernoem na 'n sekere Andries Kraay wat vroeër daar gebly het."

Plaaslik is segsman Coetzee se verklaring die algemeen aanvaarbare, aangesien swart- en witbors kraaie, Corvus corone (Kritzinger 1963:294) en Corvus albus (1963:771), baie volop in die omgewing aangetref word, vergelyk KRAAIRIVIER onder riviernaam. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat dit ook vernoem kan wees na die persoonsnaam Craey/Kraay, soos blyk uit die ander twee informante se vermoede nie. Alhoewel dit vandag 'n uitgestorwe van in Namakwaland is, bestaan daar bevestiging dat dit vroeër wel in omloop was. So byvoorbeeld was veldwagmeester Andries Kraay in 1798 indirek betrokke by die moordvoerval waaraan Soebatsfontein sy naam ontleen het, vergelyk die plaasnaam SOUBATTERS

FONTEIN en DE KLIPSCHEUR. Kraaifontein kan miskien selfs na hom heet.

Graaf se Put Onderverdeling met Opstal K 2917 DC

Kotze WJ 1978 Rustende boer Gesprek "Die opstal is vernoem na 'n put gegrawe deur Jacob de Graaf Genis in sy soektog na water. Dit is met hamer en dril geboor. Hy was grif (vlug van insig en begrip) en het 'n patent prakseer waarmee die water deur 'n dounkie (donkie) geput kon word."

Die put is vernoem na die eienaar en graver daarvan wat in die wandel bekend was as De Graaf of sommer net Graaf Genis. Die putnaam het onderverdelingsnaam geword.

Koperkloof Kloof K 2917 DC

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Die grond in die kloof is koperagtig en daar is vroeër selfs deur Graaf Genis op klein skaal gemyn."

Daar is vroeër na koper in dié kloof geprospekteer.

Namaswa se Kop Kop K 2917 DC

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "By die voet van die kop is daar 'n platklip mit (met) 'n skeurklipgat daarin wat water opvang as dit reën."

Kotze WJ 1978 Rustende boer Gesprek "Dit beteken die Nama-meid se kend (kind) se bad."

Die eerste komponent verwys na die Namastam wat sy naam te danke het aan Nama nami of nams wat tong beteken (Raper 1972:83), terwyl -wa skynbaar //ā = was, reinig, bad (Rust 1960:71), met lokatiewe -s vir die bronnaam. Dus: "Nama-bad- of wasplek". Indien die -s van Namas dalk die vrou-

like vorm impliseer, kan dit miskien die "Namavrou se bad (plek)" wees. Die klipbak was vroeër skynbaar 'n belangrike wasplek van die Namas. Die kop is hierna vernoem.

KRAAI RIVIERS GATPLAAS Nam.Q.7-27

K 3017 BB

Eerste eienaar: Van Niekerk AP 1911-10-17

Beukes TJN 1978 Boer Vraelys "Dit was gekoop vir een sjie-ling inkomste-seël. 'n Stukkie gewese kroongrond tussen die berge aan die westekant van die Kraairivier. As jy op een hoë berg staan, lyk dit soos 'n gat - vandaar die naam."

Dis 'n lang, smal plasie geleë tussen Arakoop en Wolwepoort/Hunboom en wes van die Kraairivier wat laer af oor die plaas loop en 'n tak van die Wolwepoortrivier vorm. Die eerste deel van die plaasnaam verwys na die Kraairivier, terwyl die tweede deel verwys na die laagliggende gedeelte wat soos 'n gat tussen die omringende berge vertoon.

KRAALBOSCH VLEIPLAAS

K 2918 DA

Eerste eienaar: Hendrikse IA 1952-10-31

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas het dié naam gekry gedurende die jaar toe die gronde beter bekend was as wildveld en die vlei is genoem na die plante om die vlei."

Volgens die Divisional map of Namaqualand 1916, was die vlei reeds benoem voor opmeting van die gronde, en dan blykbaar wel na aanleiding van die baie kraalbosse, Galenia africana (Smith 1966:310), wat om die vlei gegroei het. Die vlei-naam het ná verdeling plaasnaam geword.

KROMME FONTEINPLAAS

K 3017 DB

Eerste eienaar: Du Toit C 1844-02-15

Du Toit SF 1978 Boer Vraelys "Die plek is so genoem omdat die fontein so geleë is."

Sommige is die mening toegedaan dat die plaas dié naam dra omdat dit in die kromming van die Bitterrivier geleë is. Op Sensuskaart 1891 verskyn die fontein in die bergagtige gedeelte as sodanig self onder die naam Kromme Fontein met 'n uitspanning daaromheen. Die naam skyn dan so te wees vanweë die "krom" ligging van die fontein self, wat as plaasnaam op die plaas oorgedra is.

BaievleiOnderverdeling met opstal

K 3017 DB

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Daar is twee Baievleie en word so genoem vanweë verskeie vleie wat water opvang as dit reën."

Twee onderverdelings op die plaas dra dié naam en wel as gevolg van verskeie of baie vleie wat gedurende reëntye water vat.

ModderkraalOnderverdeling met opstal

K 3017 DB

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "In nat tye raak dit gou modderig."

Vanweë die geaardheid van die grond raak dit gedurende reëntye gou modderig. Die lid -kraal verwys na die aanleg.

OutiepOnderverdeling met opstal

K 3017 DB

Du Toit C 1980 Boer Vraelys "Dit is 'n Namawoord wat bitter water beteken."

Die eerste lid, naamlik Ou [au], is soos Nama au = bitter (Rust 1960:11). Die -ti(e)- is pleknaamduidend met -p van die ml. ekv. as genusteken vir die rivier, hier die Bitterrivier wat deur die onderverdeling loop, op die wal waarvan die opstal, Outiep, lê. Outiep is dan ook, soos Nienaber & Raper (1980:684) dit stel, niks anders as die ou inlandse naam vir Bitterrivier nie, wat hier bewaar gebly het as naam vir die onderverdeling en opstal. Vergelyk die hibriediese Droogoutiep onder die plaasnaam SABIES, asook BITTER-RIVIER onder riviere.

Witbakke

Klipbakke

K 3017 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Witbakke".

Rotsbanke met waterbakke; die naam ongetwyfeld na aanleiding van die kleur.

KWAKANAB

PLAAS Nam.Q.11-12

K 2917 AC

Eerste eienaar: de Villiers PH 1923-05-15

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Die vlakte was vroeër ryk aan gras. Miskien had (het) die naam iets daarmee te doen. Ons spreek dit uit Kwaa-ga-nap."

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Kwagga is mos 'n wilde-esel. Wat nab beteken weet ek nie."

Viljoen WAA 1982 Boer Gesprek "Daar is, nes op Nakanas, baie skilpaaie. Vroeër was daar seker nog meer."

Oor hierdie plaasnaam is al baie gespekuleer, gevolglik kry ons uiteenlopende verklarings. Kotze vertolk Kwaka- as kwagga = wilde-esel (Van Dale 1956:768). Dit lyk of hy bloot op die klank afgaan. Dan sal die lid -nab dalk wees soos Nama #gāb = "die Fläche, die Ebene" (Kr. & Rust 1969:

97), wat dus neerkom op "kwagga-vlakte".

Viljoen lê weer klem op die baie skilpaaie wat in die gebied voorgekom het. Hiervolgens kan die Kwa- wees soos Nama !goa- = holte, leegte, vlakte, insinking, dal (1969: 125); die -ka/ga- (wisseling van k- en g- vergelyk Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1) dui hoeveelheid aan, terwyl -nab = !nāb = "Riesenschildkröte" (Rust 1960:53). Dus: "Die vlakte ryk aan skilpaaie" of "Skilpadvlakte". Dit word ondersteun deur die nabygeleë Skilpadnou se Berg.

Coetzee dink vermoedelik weer aan Nama/gā-b = gras (Rust 1960:28) wat dan moet neerkom op "Die vlakte ryk aan gras".

Plaaslike navraag kon nie lig werp op watter verklaring voorkeur moet geniet nie.

KWASS

PLAAS Nam.Q.8-8

K 3017 DA

Eerste eienaar: Engelbrecht G 1912-08-28

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dit moet net dik bosse beteken. Dis verskriklik ruig met baie duintjies en steenbokke."

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Daar groei baie songwasriet. Ek dink dis hierna vernoem."

Nienaber & Raper (1980:587-8) is van mening dat Kwoap, Kwab en Kwas(s) wisselpele van dieselfde woord is. Hierin gee ek hulle gelyk. Kwa- stem ooreen met Nama /gowa- = "Düne" (Rust 1960:15) of sandduine (1960:51). Dit is 'n duinewêreld, soos deur informant Goosen meegedeel, asook deur Nieuwoudt se songwasriet, wat in die duine groei, veronderstel word. Die lokativerende uitgang -s van die fem. sing. dui op die fontein wat dan ook op die Divisional map

of Namaqualand 1916 naby die strand aangegee word. Letterlik dan: "Die fontein of waterbron by die duin" of "Duinfontein".

KWEEK FONTEIN

PLAAS Nam.Q.8-9

K 2918 AC

Eerste eienaar: Van Zyl PN 1912-09-25

Forbes (1965:105) "His route from the vicinity of the present position of Concordia was apparently in a generally E.N.E. direction to his Queekfontejn, now Kweekfontein."

Vernoem na die sterk fontein waar vroeër baie fynkweek, Cynodon dactylon (Smith 1966:317), gegroei het.

Abjoelbaai

Baai

K 3017 DA

Opmeting (1960) "Die naam verwys na 'n ou veewagter met die naam Abjoel. Of hierdie naam deur oorlewering 'n verdraaiing is van die naam Abdol kan nie vasgestel word nie. Verskeie boere in die omgewing het die naam bevestig. Die baai lê op De Beersgrond en mnr. Goosen van die plaas Groenriviermond. Hy is opsigter van die De Beers-gronde langs die kus."

Opmeting gee genoemde baai se graadvierkant aan as K 3017 DA, terwyl die plaas Groenriviersmond op K 3017 DC lê. Aangesien dié baai nie op kaarte verskyn nie, word dit vir my doel hier onder die plaas Kwass opgeneem. Die baai heet dan, volgens oorlewering, na die veewagter Abjoel.

Gert Josef

Sloep

K 3017 DA

Opmeting 1960 "Die oorsprong het betrekking op twee volk by name Gert en Josef. Albei is deur 'n geweldige brander

afgebreek. Hierdie baai is veral berug daarvoor, van daar die benaming.

Skuitbaai

Baai

K 3017 DA

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Dis 'n baaitjie waar 'n mens met 'n bootjie of bakkie kan inroei en visvang."

Vanweë die gevaarlike kus, kan daar nie enige plek per skuit ingevaar word nie. Skuitbaai leen hom egter daartoe, van daar die naam.

Uilspieëlduin

Duin

K 3017 DA

Engelbrecht GC 1982 Boer Brief "Dit word vertel dat naby dié duintjie 'n onbekende graf lê waarvan die oumense vir die kinders vertel het dat dit kasting Uilspieël was wat daar begrawe lê, vandaar Uilspieëlduin."

Volgens Odendal (1981:1180-1) is Uilspieël "iemand wat ver-spotte dinge doen of sê, harlekynstreke uithaal; platjie - so genoem na Tjil Uilenspiegel, die held van 'n Nederduitse volksboek, 'n grapmaker wat deur sy streke en sêgoed andere in verleentheid gebring het". Die betrokke duin is dan Uilspieëlduin genoem omdat die oumense die kinders wysgemaak het dat Uilspieël daar begrawe lê, aldus die informant.

KWOAP

PLAAS Nam.Q.6-3

K 3017 DA

Eerste eienaar: Schreuder AJC 1910-02-18

Van Zyl JHA 1978 Boer Vraelys "Kwoap is 'n Boesman- of Hottentots-naam wat beteken 'n sandkop met 'n platklip bo-op."

Kwoa- stem klaarblyklik ooreen met Nama /gowa- = "Düne" (Rust 1960:15) of "Sanddüne" (1960:51). Die -p van die ml. ekv. lokativeer die kopnaam. Die betekenis sal dan wees "Duin/Sandduin" of "Duinkop/Sandduinkop". Nienaber & Raper (1980:587-8) kom tot dieselfde gevolgtrekking deur middel van toponimiese kerngroepberedenering. Ek ken die gebied baie goed en weet dat die plaas hoofsaaklik duineveld is met Kwabskop as die vernaamste entiteit.

Kwabskop

Kop

K 3017 DA

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Kwoap se Kop of Kwabskop, soos dit ook genoem word, lê in die sand, maar is 'n klipkop."

Kwoap en Kwab is wisselspeling van dieselfde woord (Nienaber & Raper 1980:587-8). Wisseling van -p/-b is gewoon (1977:42 by 5A1) en lokativeer as ml. ekv. die kop. Die Afrikaanse toevoeging van -kop is toutologies. "Duinkop" of "Sandduinkop" sal dan die betekenis wees. Vergelyk verder die plaasnaam KWOAP. Die kop dra landmetersbaken nr. 27.

Rietkop

Kop

K 3017 DA

Nieuwoudt GS 1978 Pensionaris Gesprek "Daar groei baie riet op die knop."

Dis duineveld waar baie steenbokriet, Restionacea sp. (Smith 1966:97), en sonquasriet, Pragmitis communis (1966:429), groei. Plaaslik heet dit in die algemeen riet. Die kop is hierna vernoem.

KYKGAT

PLAAS Nam.Q.7-22

K 2919 AC

Eerste eienaars: Hayes M, en ander.

Visser GJT 1978 Boer Vraelys "Aan die noordekantse grens van die plaas is 'n groterige berg met 'n rotsspleet wat gedurig water bevat. Volgens oorlewering is daar twee oorspronge van die naam.

1. Twee Hollanders het glo na bewering, aan die voet van die berg langs gery en het toe genoemde rotsspleet (by ons bekend as die 'Kloof') opgemerk en aan die ander gesê: 'Kyk die gat'.
2. Aangesien water maar baie beperk en skaars was in daardie vroegste dae, is van dié water gebruik gemaak deur met 'n voetpad daarheen te klim. Die een persoon agter die ander en gevolglik 'kyk in die agterstewe (gat)'."

Die oorlewering hierbo word gegee vir wat dit werd is. Ek is egter van mening dat Kykgat eerder 'n volksetimologisering is van Nama Gei- = "gross" (Rust 1960:28), met wisseling van g-/k- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) tot Kei-, en #gâb = "Wasserloch, 'puts'" (1960:72). Dus: "Groot Watergat", wat topografies verantwoordbaar is.

LLANGHOOGTEPLAAS Nam.Q.6-23

K 2917 AD

Eerste eienaar: Van Niekerk S 1910-08-18

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Die ou pad het vir etlike kilometers teen 'n lang, stadige hoog geklim totdat jy uiteindelik bo-op by die oorspronklike ordonnans uitkom. Die plaas is hierna vernoem."

Naby die suidelike grens van die plaas lê ook 'n Lang Hoogte waar vir diamante gedelf word deur die maatskappy Nama Diamante. Die ordonnans van die plaas lê egter meer noord waar die ou pad teen 'n lang hoogte uitgeklim het en waaraan die plaas dan ook sy naam ontleen het.

Maerpoort; - se BergPoort/Berg

K 2917 AD

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Die berge is tandjiesrig."
Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "As jy die berg van 'n distansie af bekyk, lyk dit soos die rugbene van 'n maer perd."

'n Tak van die Nombiesrivier loop deur die poort wat net suid van Maerpoort se berg lê. Die poort is, volgens die informante, na die berg met sy gepunte kruin vernoem, wat op 'n afstand aan die uitstaande rugbene van 'n maer dier laat dink. Die vraag ontstaan egter of die naam nie miskien dui op die nou poort, wat in plaaslike taal as 'n maer poort bekend staan nie. Vergelyk NOUPOORTSEBERG onder berge. Die berg dra opmetingsbaken nr. 94.

LANG KLIPPLAAS Nam.Q.8-10

K 3017 AD

Eerste eienaar: Agenbacht HPM 1912-09-25

Opmeting (1965) "Plaas vernoem na die lang strook rotse wat op die kus, waaraan die plaas grens, geleë is."

Agenbacht HPM 1980 Boer Gesprek "Daar is twee uitstaande lang klippe omtrent 150 meter van hoogwatermerk wat tussen hulle as 't ware 'n spelonk vorm waarin die mense vroeër sout gebêre het. Hul het altyd daarvan gepraat as: 'Daar waar ons die sout bêre by die lang klippe'. In die dae van die helioseine het iemand altyd op Langklip die boodskap ontvang en dit dan na Hondeklipbaai oorgedra. Dit was in die dae toe koper en graan per wa na die baai vervoer is. Helioseine is toe na Bowesdorp en ander plekke gesein as 'n skip inkom."

Die meningsverskil tussen die twee informante is miskien versoenbaar in dié sin dat die twee lang klippe waaraan Agenbacht die plaasnaam ontleen, 'n prominente deel vorm van die lang strook rotse op die kus waaraan Opmeting die plaasnaam toeskryf. Plaaslik geniet Opmeting se verklaring die meeste steun.

Enkelduinbaai

Baai

K 3017 AD

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis vernoem na die een alleenstaande duin naby die baaitjie."

Die baai is vernoem na die enkele duin daar naby.

Gryskuine

Duine

K 3018 AD

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n klompie duine naby die kus wat grys vertoon."

Bosbedekte sandduine wat grys opgee.

Langklipbaai

Baai

K 3017 AD

Opmeting (1965) "Naam van lang strook rotse wat naby die

kus geleë is - 60 myl SW van Springbok."

Die baaitjie heet na die lang strook rotse naby die kus waarna die plaas vermoedelik ook vernoem is.

Stokbreekbaai

Baai

K 3017 AD

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "By dié baai het al baie visstokke gebreek."

'n Visbaaitjie waar vissermanne se hoeke maklik vassit en baie visstokke gevolglik al gebreek het.

Taaibosvlei

Vlei

K 3017 AD

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n vlei waar vroeër heelwat taaibosse gegroei had (het)."

Dis eintlik 'n lang, harde kaalte wat water vat as dit reën, maar wat net 'n paar dae water hou. Heelwat taaibosse, Rhus pyroides (Smith 1966:454), het in die nabyheid daarvan gegroei, van daar die naam.

LANG PAN

PLAAS Nam.Q.13-9

K 3018 BD

Eerste eienaars: De Kock APS, en ander 1926-04-06

Lochner MG 1981 Boer Brief "Daar lê 'n pan wat lank is.

Daar's nog ander panne ook waarvan sommige sout het."

Vernoem na die een besondere lang pan op die plaas.

LEEUEW KLIP

PLAAS Nam.Q.14-6

K 2918 DD

Eerste eienaars: Cloete J, en ander 1926-06-21

Van Niekerk JT 1978 Afgetrede boer Vraelys "Dit is die enigste plaas in 'n groot gebied waar 'n grot in 'n granietkop is. Hierdie grot was die laaste skuilplek van leeus. Vanweë verweringsmerke op die rotse wat geassosieer word met leeuspoore is die naam van die plaas Leeuklip."

Vernoem na die enigste rotsagtige koppie in die andersins gelyk omgewing, wat blykbaar in vroeër jare skuilplek aan leeus gebied het. Daar is 'n spesifieke klip wat swart en vetterig vertoon, waarvan ouer mense wil voorgee dat dit die "pislek" van die leeus was. Plaaslik word van die granietkop gepraat as klip, van daar Leeuw Klip, waarvan die eerste lid nog in Nederlands is. Die opstal verskyn egter in Afrikaanse vorm, naamlik Leeuklip.

Vaaloog

Onderverdeling met opstal

K 2918 DD

Van Heerde-versameling "Mnr. Jan van Niekerk (Jan Tielie) vertel dat dit in 1933 so droog was dat die waters oral ingegee het. Op sy plaas was daar dae dat die vroumense en kinders vir water gehuil het. Hulle het 'n puts naby die huis gehad, maar dit was sout. Hy het water van Maans se Pan af gery vir drinkwater. Die kinders het vir 'n paar dae met die brakwater reggekom, maar dan kon hul nie meer nie. Hul het hom tegemoet gehardloop as hy van Maans se Pan met die water gekom het. Hul oë was dof - baie keer nat gehuil. Ja, die oë was vaaldof. Hy het toe sy plaas se naam 'Vaaloog' genoem."

Die onderverdelingsnaam het, volgens die segsman, dan ontstaan na aanleiding van die gebeure of omstandighede soos deur hom verhaal. Die lid -oog verwys hier dus nie na 'n waterbron soos deur sommige vermoed word nie.

LEKKER DRINKPLAAS Nam.Q.13-1

K 2918 DC/3018 BA

Eerste eienaar: Van Niekerk AF 1926-01-21

Rossouw (1973:30) "Ja man, dit het soms gelol. Vat nou die plaas Lekkerdrink. Jy weet mos hoe die eienaars jare lank moes swoeg vóór daar 'n druppel water was. Ons was die aand laat klaar en ek en my ou jong, albei half dood van die dors. 'Ou Hans, ons is nou klaar. Nog net naamgee, dan kan ons maar ry.' 'Vergeet tog die naam, Oubaas, gee my net 'n druppel water. Dan sal ek vir laas, voor ek doodgaan, lekker drink.' 'Daar's hy ou Hans. Sy naam is Lekkerdrink. Kom ons ry'."

Die skrywer het die landmeter, maj. Leipoldt, broer van die digter, oor hulle taak van plaasnaamgewing in die Voor-Boesmanland, uitgevra en die inligting hierbo in verband met die plaasnaam Lekkerdrink ontvang. Die naam is dan gebore uit die mismoedige opmerking van die landmeter se ou jong en dien as voorbeeld van naamgewing gegrond op gebeure wat nie verband het met die topografie nie.

LELYKE PAD alias NABABEEPPLAAS Clw.Q.8-24

K 2917 DB

Eerste eienaar: Van Zyl P 1850-01-21

Sensuskaart 1891; Divisional map of Namaqualand 1916 "Lelyke Pad alias Nababeep".

PNK 1954 soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:825)

"... Die eerste kaart van Nababeep is gedateer 21 Januarie 1850 (...) en genoem Lelyke Pad. In 1852 was die eienaar 'n sekere Pieter van Zyl, en in die huurkontrak word gepraat van Lelyke Pad alias Nababeep. Eers in 1863 is die beeb deur beep vervang. Vir my bestaan daar geen

twyfel dat Pieter van Zyl die Hottentotwoord verafrikaans het nie."

Vir die aliasnaam se betekenis vergelyk NABABEEP as dorp. Dit gaan hier dus net om Lelyke Pad. Die oorspronklike pad na die plaas is maar deur die eerste eienaar self deur die kop-(berg-)agtige gebied "getrek". Dit was op plekke haas onbegaanbaar, of in plaaslike taal, baie lelik, van daar die Nederlandse Lelyke Pad, wat op die plaas oorgegaan het. Vandag leef dit nog net op kaarte voort. In die volksmond heet die plaas tans Nababeep.

Aronegas Onderverdeling met opstal K 2917 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Aronegas".

Ongetwyfeld vernoem na die aroena-plant, Caralluma sp. (Smith 1966:64-5). Die -gas sal wees soos Nama -xa- = veelheidsuffiks met die slot-s wat lokativeer. Dus: die "Plek van baie aroenas". Andersins is die -gas soos Nama #gā-s = "die Fläche, die Ebene, die Vley" (Kr. & Rust 1969: 97): "Aroenavlakte".

Karoep Gebied K 2917 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "T'Karoep".

Die T' stel die suigklank voor. Soos Nama // garu- = "das Wasserbecken im Fels, die Wasserbank (in natura)" (Kr. & Rust 1969:84). Die betrokke gebied lê aan die noordwestekant van Koeboegas en is plaaslik baie goed bekend.

LEPEL PLAAS Nam.Q.14-19 K 3018 BA

Eerste eienaars: Myburg WG, en ander 1927-07-27

Van den Berg G 1978 Predikant Vraelys "Die naam Lepelfontein spreek vir homself. Die fonteintjie wat daar is, gee sy water maar bietjie-bietjie, jy moet dit met die lepel skep".

Kotze GS 1982 Boer Brief "Dit word so genoem omdat die ou Kleurlingvrou die fontein met 'n potlepel uitgeskep het want dit was baie nou tussen die klippe. Sy was die ou stammoeder van die Apnar-familie wat die plaas gekry het. Sy het vir die landmeter kos gekook toe hy die gronde opgemeet het."

Die een informant sien die min water, en die ander die nou-te, as rede vir die plaasnaam. Die water is egter in beide verklarings gelepel, soos dit plaaslik heet, van daar die fonteinnaam, wat oorgedra is op die plaas.

Lepelfontein

Sendingstasie

K 3117 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Lepelfontein".

'n Sendingstasie in Kleurlinggebied wat na die plaas Lepelfontein vernoem is. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

MMAANS-PANNENPLAAS Nam.Q.10-20

K 2918 DD

Eerste eienaar: Van Niekerk IJM 1915-12-21

Van Heerde-versameling "Lank voor die eerste applikasie-plase uitgegee is, het die Boere in die Boesmanland gelê en rondgetrek met hul vee. Die jaar was besonder droog. Almal in die omgewing van die huidige Maans-se-Pan het moedopgegee en weggetrek, behalwe 'n sekere Maans van Zyl wat nie getrek het nie, maar by die pan gebly het. Voortaan is toe gepraat van Maans-se-Pan. Die plaas het toe later dié naam gekry."

Die pannaam het later met verdeling van die gronde, in verkorte Nederlandse vorm, plaasnaam geword, te wete Maans-Pannen.

MANELS VLEYPLAAS Nam.Q.1-23

K 2917 CA

Eerste eienaar: Ley HH 1865-05-31

Van Heerde-versameling "Nel was die naam van 'n perd. Een-dag, terwyl hy naby 'n vlei gewei het, is hy deur papies gepla of deur bye of blindevlieë gestek. Die perd word mal en storm die water in en voordat die mense kon help, het hy versuip. Van toe af word die vlei Malnelvlei genoem, maar langsamerhand verander die naam na Manelvlei. Oorspronklik was dit dus die perd wat die naam gegee het, Mal-Nel-Vlei."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek dink daar had (het) vroeër 'n trekboer met die van Mannel by die vleie gestaan. Daar is egter ook kerk in die ou matjieshuis gehou. Dit mag ook die rede wees waarom dit so genoem is."

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Daar lê die mooiste vleie. Die mense het vroeër daar gebly ter wille van die water en waar daar dan ook dienste gehou is. Die vleie en kalkgate het egter nie die vorm van 'n manel nie."

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Ds. Rörich het sy manel gedurende 'n kerkgeleentheid daar vergeet."

Oor die oorsprong van hierdie plaasnaam bestaan daar uiteenlopende verklarings, wat spekulatief bly. Alle sekerheid omtrent die oorsprong het vir goed verlore geraak. Wat wel seker is, is dat geeneen van die vleie se vorm aan 'n manel laat dink nie. Dat 'n predikant sy manel daar kon vergeet het, kan moontlik wees, maar dit sou nie ds. Rörich kon gewees het nie, aangesien hy maar eers in 1897 Namakwaland toe gekom het (Hanekom 1950:96), terwyl die plaas reeds in 1865 getransporteer en dus oor die naam beskik het. Aangesien die vleie lank water gehou het, was dit 'n belangrike uitlegplek waarheen boere, voor uitmeting van die gronde, in die winter getrek het. Omdat soveel gesinne dan bymekaar was, is kerkdienste daar gehou. Die lid manel kan hierop sinspeel. Dat dit die van van 'n trekboer kon gewees het wat vroeër by die vleie gestaan het, is ook moontlik, veral as die spelling miskien was soos Coetzee dit aangee. Sommiges heg heelwat waarde aan Van Heerde se verklaring. Hy het dié gebied baie goed geken en inligting van die ouer garde bekom. Volgens hom was dit dan oorspronklik Mal-Nel-Vlei wat deur assimilasie saamgetrek is tot Manelvlei.

Bakoond se Vlei

Vlei

K 2917 CA

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "As gevolg van erosie het die kalkwand van die vlei mettertyd soos 'n bakoond uitgehol, vandaar die naam."

Die vlei is soos 'n bakoond uitgehol.

Drinkvlei

Vlei

K 2917 CA

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Die vlei is omhein en skoon-
gehou vir menslike gebruik."

Die vlei se water word vir drinkwater gebruik.

September se Vlei

Vlei

K 2917 CA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die vlei is vernoem na
'n ou Hotnot wat met vee daar gestaan het."

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "September was die naam van 'n
Boesman wat by die vlei dood is toe hy kom water drink
het."

Die benamings "Boesman" en "Hottentot" is vroeër plaaslik
baie willekeurig gebruik. Miskien is September by die vlei
dood toe hy kom water drink het terwyl hy met vee daar ge-
staan het.

MARA

PLAAS Nam.Q.7-32

K 2917 CB

Eerste eienaar: Rabie M 1911-10-17

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Die water is bitter sout.
Daar is selfs soutpannetjies by Koekabaseb."

Mara is 'n smal plasie aan die suidoostelike grens van Do-
ringfontein-Oos. Die Mararivier loop oor die plasie. Die
enigste vaste watertjie was 'n fonteintjie in die rivier
waarvan die water sout was. Ook die water van die buur-
plaas was baie sout, soos af te lei is van "water brackish"
as byskrif by Doornfontein op CCRS (1907-14) Port Nolloth
en O'okiep Sheet. Op moderne kaarte verskyn ook Brakwater
nie ver van die oorsprong van genoemde rivier nie. Die

plaasnaam het dus blykbaar ontstaan vanweë die sout (bitter) water na aanleiding van die Bybelse Mara. Dit skyn of die rivier eerste benoem is, waarna die naam op die plaas oorgedra is.

Mara se SandGebied

K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Mara se Sand. Goeie weiding maar dit het bitter gegaan omdat daar nie water is nie."

'n Sanderige gedeelte van die plaas Mara.

Mara se VleiVlei

K 2917 CB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Mara se Vlei is in 'n holte in die rooi kalk waar reënwater lank staan."

'n Kalkvlei wat vernoem is na die plaas Mara waarop dit geleë is.

MATJES KLOOFPLAAS Nam.Q.7-6

K 3018 AD

Eerste eienaar: Berman J 1910-10-20

Lochner MG 1981 Boer Brief "Matjiesgoed groei by syferwater en die plaas is daarna vernoem. Mense kry hulle matjiesgoed hier."

Vernoem na die opvallende kloof op die plaas waar baie matjiesgoed, Cyperus textiles (Smith 1966:333), waarvan matjiesgesteek word, groei.

MEIDJES KARROOPLAAS Nam.Q.14-14A

K 2917 AC

Eerste eienaar: Van Zyl JAM 1927-05-19

Sensuskaart 1891 "Water - Klipbak en Vley".

Heese (1947a:33) "Na die moord op Hendrik Stievert te Soebatsfontein, het die Boesmans onder leiding van die Oorlamse-Hottentotte oor 21 gebuite gewere beskik. Hulle sukses het aansteeklik gewerk, sodat die veldwagmeester, J.C. van der Westhuizen, bang geword het dat die Namakwas ook in opstand sou kom. Op 10 Desember 1798 het hy 'n dringende beroep om hulp aan die landdroos van Stellenbosch gerig. Intussen het hy daarin geslaag om Witbooi tot vrede te beweeg, maar Barend Goeieman wou van geen vrede weet nie. Uiteindelik het 'n kommando uit die Olifantsrivier onder Gert Smit en Gideon van Zyl opgedaag. Op 22 Februarie 1799 het die strafekspedisie vanaf Olyvenfontein vertrek en op 24 Februarie het hulle reeds die eerste Boesmans by Komaggas op die lyf geloop en 'n hele paar doodgeskiet. Daarvandaan is die kommando die Buffelsrivier deur en op die teenswoordige plaas Meidjieskarroo, het hulle die Boesmans vasgekeer. Gerrit Owies, een van die 13 basters in die kommando, het aangebied om met die Boesmans te gaan onderhandel. 'n Boesman het hom egter ingewag en met 'n pyl deurboor. Die swaar gewonde man is darem uitgebring maar is twee dae later op 'heel Christelike wijze overleden, vergevende zelfs zynen moordenaar'-soos J.C. van der Westhuizen dit beskryf het."

Hoewel die amptelike brief van Van der Westhuizen, waaruit Heese hierbo aanhaal, geen verdere besonderhede verstrekenie, leef die bykomende gebeure deur oorlewering plaaslik nog voort en kon ek dit self nog aanhoor uit die mond van die ouer geslag. Op hulle terugtog, ná die moord op Hendrik Stievers (vergelyk onder die plaas SOUBATTERS FONTEIN), het die Boesmans nie alleen vee gebuit nie, maar ook die vrouens van etlike veewagters en inwoners van Komaggas, ontvoer. Die strafekspedisie, vergesel van sommige ontvoerders se mans, het die Boesmans agtervolg en by hulle sandveldse vesting, Meidjes Karroo se water (klipbak), op

hulle afgekom, waar hulle fees gevier het en met die ontvoerde vroue gedans het tot laat dié nag. Die mans wie se vrouens betrokke was, wou met alle geweld toesak toe hul sien hoedat die Boesmans met hulle vrouens te kere gaan. Die kommando het hulle omsingel en gewag totdat die ontvoeders teen dagbreek aan die slaap was. Toe die teken gegee word, is op die vroue geskreeu dat hulle vinnig moes uitkom, anders word hulle saam met die Boesmans doodgeskiet. Enkeles het daarin geslaag om te ontsnap, maar die ander is deur die Boesmans as gyselaars teruggehou. Die kommando kon nie vuur nie uit vrees dat hulle die vrouens sou tref. Nader kon hul dit nie waag nie vanweë die gevaar van die dodelike gifpyle van die Boesmans. Dis toe dat Gerrit Owies aangebied het om met die Boesmans te gaan onderhandel, waartydens hy deur 'n gifpyl getref is, soos deur Heese hierbo verhaal. Volgens oorlewering het die boere, deur fop-teikens agter die klippe uit te steek, die Boesmans hulle gifpyle skadeloos laat wegskiet, sodat hulle later in die dag daarin kon slaag om die boosdoeners te oorrumpel en die vrouens te bevry. Die argivale bron vermeld egter dat die meeste Boesmans ontsnap het (Kaapse Argief 1799:10/151). Hierdie gebeure het aanleiding gegee tot die plaasnaam Meidjes Karroo. Die lid Karroo is dan te verklaar as Nama // garū = "Wasserbecken (im Fels)" en verwys na die klipbak in die klipvlei (Sensuskaart 1891 hierbo) waar die Boesmans by die water oornag het en die vrouens (meide) later bevry is. Die vraag is egter waarom die verkleiningsvorm "Meidjes"? Op Sensuskaart 1891 verskyn beide vorms: Meides - en Meidjes Karroo. Laasgenoemde kan 'n aanduiding wees dat daar heelwat jong vroue by was, maar ek is eerder van mening dat dit bloot 'n spelfout van Meide's Karroo is. Letterlik beteken dit dan "Meide se Klipbak".

Van der Westhuizen 1978 Boer Vraelys "Dit is vernoem na 'n baie bekende boom wat wild groei in Namakwaland. Dit kom veral voor aan die noordekant van berge en groei bo in die rotse. In die betrokke hoek is baie melkbome."

Dié klein plasie is vernoem na die hoek waar baie melk(hout)bome, Sideroxylon inerme (Smith 1966:335), groei. Plaaslik word in die algemeen van melkbome gepraat.

MELKBOOM HOEK

PLAAS Nam.Q.7-16

K 3017 BB

Eerste eienaar: Schur M 1911-04-24

Beukes TJN 1978 Boer Vraelys "Die plaas vorm 'n hoek tussen berge waar twee groot melkhoutbome staan."

'n Driehoekige stukkie gewese kroongrond tussen berge en aangrensende aan die plase Arahoop, Wolwepoort, Ouss en Vaal Dam. Die plaas vorm 'n hoek tussen die berge waar twee baie groot melkhoutbome (vergelyk die eendersnamige plaas hierbo) staan. Een hoekbaken staan onder en 'n tweede langs 'n melkhoutboom.

Melkboomkop

Kop

K 3017 BB

Topkadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Melkboomkop".

'n Kop met 'n melkhoutboom as landteken, waaronder die suid-westelike hoekbaken van die plaas staan. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

MELKBOSCH KUIL alias KOPERBERG

PLAAS Clw.Q.8-28

K 2917 DB/K 2918 CA

Eerste eienaars: Cloete, en ander 1850-01-21

Van Heerde-versameling "Springbok en die Kopermyne. Die groot koperspekulasies het ongetwyfeld hul toppunt by Kleinkoperberg alias Melkbosfontein alias Springbokfontein bereik."

Dis die plaas waarop Lang Kowie Cloete volgens oorlewing hom omstreeks 1815 by Springbokfontein gevestig het. Ná anneksasie van die gebied tussen die Buffels- en Oranjerivier deur die Kaapkolonie, het die regering die Cloetes se aanspraak op hulle grond erken en die plaas van 21 410 morg (18 346 ha) is onverdeeld as Melkboschkuil alias Koperberg aan Kowie se sewe seuns toegeken. Die grondbrief is op 21 Januarie 1850 geteken (Van der Merwe 1951:16).

Die komponent Melkbosch- verwys na die Euphorbia sp. (Smith 1966:335), wat veral vroeër volop op die plaas voorgekom het. Waar die kuil, waarna die tweede komponent verwys, presies was, kan nie meer met sekerheid vasgestel word nie. Vermoedelik was dit in die laer liggende gedeelte in die omgewing van Springbokfontein, want Backhouse noem byvoorbeeld: "There were also a few small pools in the hollow below" (1844:580). Die aliasnaam van Koperberg verwys na die Klein-Koperberg(e), die rante wat die teenswoordige Springbok omring, asook, vermoedelik na die Groot-Koperberg(e) ongeveer 5 km oos van genoemde dorp, wat deur Simon van der Stel in 1685 besoek is. Die Koperberg of koppie, omtrent elf morg groot, wat Phillips en King aan die begin van die Cloetes gekoop het (Van der Merwe 1951:16), was in hierdie Klein-Koperberge geleë.

Die plaas is dan vernoem na die opvallendste entiteite van destyds, naamlik die baie melkbosse en die kuil(e), terwyl die aliasnaam na aanleiding van die Koperberge is.

Bergsig

Kleurlingaanleg

K 2917 DB

Van Heerde-versameling "Springbok en die Kopermyne. 'n

Kleurlingbevolkingsaanleg met die naam van Bergsig is besig om te ontwikkel aan die noordekant van die dorp."

Die aanleg is geleë aan die voet van die berg wat noord van die dorp Springbok geleë is, waar dit duidelik sigbaar is of van waar die (uit-)sig goed is, van daar Bergsig. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

Eselsklip

Aanleg

K 2917 DB

Kennis (1978:2954) "Aanleg noordoos van Springbok."

Geleë naby Simon van der Stel se kopermyn en volgens oorelewering vernoem na die wilde-esels, Equus quagga (Van Dale 1956:768), wat vroeër in die klipkoppe geloop en by die fontejntjie aldaar gesuip het.

Hester Malan-natuurreservaat

Natuurreservaat

K 2918 CA

Die Namakwalander (1 Julie 1976:2) "Die Hester Malan Natuur-tuin is vernoem na die vrou van Dr. Nico Malan vroeëre administrateur."

Die reservaat, ongeveer 16 km oos van Springbok, is een van die vele natuurbewaringstasies in die Republiek. Die terrein beslaan 6576 ha en is in 1967 deur die Okiep Kopermaatskappy aan die Departement van Natuur- en omgewingsbewaring geskenk. Dit is vernoem na die eggenote van die destydse administrateur van Kaapland, dr. N.J. Malan.

King's Mine

Ou myn

K 2917 DB

Van Heerde-versameling "King's Mine. Ertshope van die ou myn wat later ook gebruik is as 'n fort gedurende 1901 se Boere-oorlog."

Die oudste ou kopermyne in Suider-Afrika wat vernoem is na King van die oorspronklike maatskappy, Phillips en King. Vergelyk die dorp SPRINGBOK. Die myn is geleë aan die westekant van die dorp en staan plaaslik bekend as die Blou Myn vanweë die opvallende blou koperoksied.

Koeboegas

Gebied

K 2917 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Koeboegas".

Eie kennis van die gebied en navraag by die ouer inwoners, dui onteenseglik daarop dat die gebied vernoem is na die erdvark, Orycteropus afer (Odendal 1981:206). Die lid Koeboe- sal dan wees soos Nama /khubu-, /khuwu- = "das Erdschwein" (Kr. & Rust 1969:254), met die slotdeel -ga- soos Nama \neq gā- = "die Fläche, die Ebene" (1969:97). Dus: "Erdvarkvlakte". Plaaslik word daarvan gepraat as Erdvarkvlak.

Mannetjiespringbok

Fontein met vroeëre aanleg

K 2917 DB

Van Heerde-versameling "Springbok en die Kopermyne. Dariee Tkongaas en Aroe Tkongaas, die Springbokooi- en Springbokramfontein. Die een was in die leegte, die ander omtrent twee myl wes van die eerste in die wijkwantsrant."

Plaaslik is dit nog bekend dat daar oorspronklik twee fonteine in die onmiddellike omgewing van die huidige Springbok was. Van Heerde probeer die inlandse benaminge gee, waarvoor ek my nie wil uitlaat nie. Dit lyk of die lid Tkon wees soos Hottentots t'koos = springbok (Nienaber 1963:465) en die laaste lid soos Nama \neq gās = "das Grabwasserloch" (Kr. & Rust 1969:97). Wat egter van belang is, is dat die fontein in vertaalde vorm bekend was as Springbokooi- en Springbokramfontein. Eersgenoemde was geleë in die kwartsietrant by die huidige Tol. Dit was dieselfde fontein

as die latere Springbokfontein waaraan die dorp Springbok sy naam ontleen het.

Die ander fontein was ⁺ 3 km oos van eersgenoemde geleë en is ter onderskeiding Springbokramfontein genoem, wat later in die volksmond bekend gestaan het as Mannetjiespringbok, vermoedelik omdat sommige van 'n ram gepraat het as 'n mannetjie. Die fonteinbenaming Mannetjiespringbok het later ook oorgegaan op die destydse Kleurlingaanleg naby die betrokke fontein noord van die huidige teerpad tussen Springbok en Carolusberg.

(Die) Ou Tol

Poortingang

K 2917 DB

Die Burger (15 Augustus 1963:18) "Die poort-ingang wat deur die smeltoond bewaak word, is bekend as die Ou Tol."

Die poort waardeur die Okiep-pad Springbok binnekom, staan vandag nog bekend as die Tol, waar vroeër 'n tolhek was en tolgeld van 'n dubbeltjie (1 d.) per klou en 'n trippens per wiel betaal moes word. Net 'n perd met vier wit pote kon gratis deurgaan. So word onder andere vertel dat ene Eduard Wiese en sy vrou met die inwyding van Springbok se kerkgebou almal se aandag getrek het met sy hele span blespootperde. Dr. Steenkamp, die plaaslike leraar, het hom dié dag met sy prestasie gelukkig gewens. Andere het, om tolgeld te ontduik, by Emily se Hoogte naby Okiep, uitgedraai en oor Hospitaalnek gery. 'n Tolhek is toe ook by Emily se Hoogte gemaak (Van Heerde-versameling).

Simon van der Stel-myn

Historiese gedenkwaardigheid

K 2917 DB

Kennis (1978:3030) "Simon van der Stel het reeds in 1685 drie skagte in die Koperberg oos van Springbok gegrawe in sy soektog na koper. Een daarvan is 'n historiese gedenkwaardigheid."

Volgens Heese (1942b:13) is dit drie gate, waarvan een ongeveer vier voet (1,22 m) diep is en 'n tweede omtrent twee manslengtes, wat Van der Stel se geselskap in Oktober 1685 gegrawe het op soek na kopererts. Die derde gat se diepte word nie vermeld nie. Al drie gate bestaan vandag nog, waarvan een tot historiese gedenkwaardigheid verklaar is en die naam Simon van der Stel-myn dra.

(Die) Smeltoond Smeltoond K 2917 DB

Die Burger (15 Augustus 1963:18) "Die bekende Smeltoond by die Ou Tol is byna 'n eeu gelede hier opgerig. Toe die Cape Copper Company sy eerste ertsvoorraad moes smelt, was hy verplig om hierdie smeltoond in 1866 by die Ou Tol te bou."

Bogenoemde smeltoond het vir baie jare 'n belangrike rol gespeel in die kopermynbedryf. Vir die bou daarvan is ene Robert Marshall spesiaal uit Ierland laat kom. Vandag is dit 'n historiese monument.

MESKLIP PLAAS Nam.Q.3-5 K 2917 DD

Eerste eienaars: Coetzee AAJ & Van Niekerk IJM 1887-08-15

Conradie (1909:34) "Mesklip - de klip, waar, in het grijs verleden, de Bosjesman z'n mes placht te slijpen (...) Er zijn grote klipbakken op deze plaats. Dese klippen, die een oppervlakte vertonen, gelijkende op misvormde schotels, vangen het regenwater op. Op de Kamiesbergen, waar er geen schaarsheid van water is, zijn de klippen niet hol, maar op deze trap, waarlangs we nu gereisd zijn, treft men ze op verscheiden plaatsen aan."

Archer JR van Keetmanshoop se mededeling aan Die Burger (30 September 1949:12) "Benoorde die plaas, links van die

hoofpad, aan die voet van die berg, is 'n groot oorhangende rots wat Rusklip heet. Gedurende die kwaai somerdae bied die rots ruim en welkome skaduwee. Op 'n warm somer-dag het twee Boesmans - hulle was destyds nog volop in daardie omgewing - onder Rusklip skuiling teen die warm son gesoek. Een van hulle het iets met sy mes te doen gehad, terwyl die ander homself op sy rug neergegooi en been-oor-mekaar gelê en rus het. Net gou was hy aan die slaap. Sy boog en pyl het langs hom op die grond gelê. So deur die slaap as wat hy was, sien hy sy groot toon raak vir die kop van iemand wat hom bekruip. Die Boesman het op sy rug bly lê, maar sy boog stilletjies opgetel 'n pyl daarin gespan en na sy toon gemik. Toe hy sekuur korrel gevat het, laat hy die pyl los en tref sy toon! Die ander Boesman wat alles aanskou het, skater toe uit van die lag sodat die trane langs sy wange afrol. Met die mes nog steeds in sy hand veeg hy die trane uit sy oë uit. Dit was ook die einde van die Boesman se lag-bui, want met die wegveeg van die trane het hy hom per ongeluk met die mes in sy oog raakgesteek. Wat sy maat betref, hy was natuurlik teen hierdie tyd al helder wakker. Hy moes die mes gebruik om die pyl uit sy toon los te sny. So het die plaas, Mesklip, sy naam gekry."

Beide verklarings hierbo leef plaaslik voort. Hoewel informant Archer daarop aanspraak maak dat hy sy inligting by sy grootvader, die eerste bewoner van Mesklip, verkry het, word Conradie se verklaring, wat ook deur Dreyer (1930: 5) onderskryf word, beskou as die mees aanvaarbare, veral in die lig van die skottelvormige klipbakke wat as opgaarplekke van reënwater vir die Boesmans gedien het. Dis by hierdie klipbakke waar hulle hul messe op die klip(pe) geslyp het. Indien die gebeure, soos deur Archer verhaal, wel plaasgevind het, bly die vraag nog wie dit aan die blankes oorgedra het. Dit sou nie die Boesmans gewees het nie. Ek is van mening dat die ouer verklaring van Conradie

Eenriet (Vroeër bekend as Thous)

Syferfonteintjie

K 2917 DD

Dixon J 1978 Afgetrede boer Gesprek "Dit was vroeër bekend as Thous of Ou Riet. Vandag praat die mense van Eenriet. Dis 'n syferfonteintjie."

Die inlandse naam was soos Nama /ous, /aus = fontein, bron (Kr. & Rust 1969:319). Die T-duit die suigkonsonant aan. Die fonteintjie is geleë aan die bopunt van Burke's Pass. 'n Kolletjie fluitjiesriet, die enigste in die omgewing, groei om die fonteintjie, van daar die huidige naam, Eenriet. Eie kennis van die fonteintjie en rietkol bevestig die geldigheid van die informant se verklaring.

Oubees

Onderverdeling met opstal

K 2917 DD

Dixon J 1978 Afgetrede boer Gesprek "Ek dink die naam het iets met die water te doen."

Dis soos Nama ou [au] = bitter (Rust 1960:11), en -bees = 'n fontein, ook oop water. Dis dan te vertaal as "Bitterwater" of "Bitterfontein" vanweë die bitter(agtige) smaak van die water. Vergelyk die plaasnaam OUBEES.

Ouroena Bak se Koppies

Koppies

K 2917 DD

Dippenaar AS 1978 Myner Vraelys "Op die plaas Brakhoek, 'n deel van die plaas Brandrivier, 'n deel 12 van Mesklip, is 'Ouroena bak se koppies' deurdat daar 'n klipgat is wat water opvang. Dit word dan met groot plat klippe toegepak en dan drink die mense daar deur die somermaande water. Om die klipgat groei daar baie van die ouroena-plante wat partykeer deur die kinders geëet word."

Die koppies heet na die klipbak waar baie ouroenas of aroenas, Caralluma sp. (Smith 1966:64-5), groei. Vergelyk die

plaasnaam DE RONDEGAS alias ARONEGAS.

Wagkrans

Klip/Krans

K 2917 DD

Dippenaar AS 1978 Myner Vraelys "Waar die mense altyd vir die posbus staan en wag het."

'n Klip of krans naby die drif deur die Buffelsrivier op die eertydse poskoets-/posbusroete.

MESKRAAL

PLAAS 12356/1954

K 2917 DC

Eerste eienaar: Goewerment van die Unie van S.A. 1955-07-14

Sensuskaart 1891 "Mesklip".

Divisional map of Namaqualand 1916 "Meskraal or Mesklip".

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Miskraal. Baie gebruik en min skoongemaak, dus vol mis. Die ou landmeters skrywe dit dan ook Mestkraal."

Meskraal is 'n onderverdeling van die Komaggasreservaat. Informant Engelbrecht vertolk die eerste lid in terme van die uitwerpsel van diere naamlik mis, en die laaste lid as 'n veekraal. Geen bewys kon gevind word van die vroeëre bestaan van sodanige kraal nie, of dat dit as Miskraal bekend was nie. Volgens die Sensuskaart van 1891 was die plaasnaam Mesklip, vermoedelik vanweë 'n baie prominente klip op die berg, tans bekend as Mannetjiesklip, wat aan 'n mes laat dink. Later het dit ook bekend gestaan as Meskraal waarvan die lid -kraal na die aanleg verwys. Die benaming Mesklip het mettertyd heeltemal verdwyn sodat die plaas op moderne kaarte slegs Meskraal heet.

MEUL

PLAAS 2194/1950

K 3018 CC

Eerste eienaar: De Klerk JHS 1953-06-17

Myburgh JT 1978 Boer Vraelys "Die plaas is na 'n berg vernoem waar die mense vroeër jare meulstene vir perdemeule en handmeule (gatskure) gekap het."

Die plaas is vernoem na die eerste lid van die alombekende Meulsteenbergr wat daarop geleë is en waar vroeër meulstene gekap is.

Meulsteenbergr

Bergr

K 3018 CC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Meulsteenbergr".

Die bergr waaraan die plaas Meul sy naam ontleen het. Meulstene vir hand- en perdemeule is vroeër daar gekap. Dit dra landmetersbakke nr. 49.

(36) MILE GRASS FLAT

PLAAS Nam.Q.6-18

K 2917 AB

Eerste eienaar: Mills EJ 1910-05-04

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Dis 'n gelyk grasvlakte waar die gras soos in die Boesmanland groei, as dit net betyds reën."

Die plaas bestaan grotendeels uit 'n gelyk vlakte waar redelik baie gras gedurende reënjarige groei. Die (36) Mile was 'n stasietjie op die ou muiltreinspoor, 36 myl (57,6 km) van Port Nolloth af, waar die muilspanne verwissel is terwyl die passasiers litte kon losmaak (De Villiers, en ander 1969:50).

DassiekopKop

K 2917 AB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Daar was vroeër baie dassies in dié kop."

Die kop was vroeër die blyplek van baie dassies, Procavia capensis (Kritzinger 1963:102), van daar die naam.

MITCHELLS BAYPLAAS Clw.F.1-1B

K 3017 AD

Eerste eienaar: Fryer R 1844-04-22

SG map 1895 waarop die baai aangetoon word as "Mitchells Bay" en die punt as "Roodewal Point".

Hierdie klein plasie is vernoem na die baai waaraan dit grens, naamlik Rooiwalbaai, vroeër bekend as Mitchells Bay. Hoewel daar plaaslik geen inligting beskikbaar is oor die Mi(t)chell na wie die baai klaarblyklik vernoem is nie, is ek van vermoede dat dit die koloniale ingenieur, lt.-kol. Charles C. Michell (De Kock 1968:41) is, wat in 1828 as landmeter-generaal aan die Kaap aangestel is, daarna as siviele ingenieur en later as superintendent van openbare werke (Albertyn 1975, deel VII:344). Hy het vermoedelik terwyl hy een van bogenoemde ampte beklee het met die betrokke hawetjie te make gehad.

RooiwalbaaiBaai

K 3017 AD

Alexander (1967a:86-88) "The next discovery of importance in this neighbourhood, which I shall now notice, is that of a new bay called Rooë (red) Wall Bay, about forty miles to the south of the Zwartlintjies (black ribbon) river, and close to the mouth of the Spook (or ghost) river (...). Rooë Wall Bay derives its name from lofty cliffs of red

sandstone which face the sea at its eastern extremity
 (...) There is one danger on entering the bay; viz.,
 a rock on which are only two fathoms of water, and twelve
 fathoms all round it."

Die hoë wal van rooi sandsteen, waaraan die naam dan ook
 ontleen is, maak toegang tot die baai van die land af haas
 onmoontlik. Plaaslik word die siening gehuldig dat sou
 die eertydse mense oor moderne gereedskap beskik het om die
 wal te kon verwyder, Rooiwalbaai bo Hondeklipbaai verkies
 sou gewees het. Dit was blykbaar dan ook eers die landings-
 plek voordat Hondeklipbaai in gebruik gekom het.

Spoegrivierbaai

Baaitjie

K 3017 AD

Kennis (1978:3030) "Aan die Weskus suid van Hondeklipbaai."

'n Klein baaitjie by die mond van die Spoegrivier waarna dit
 dan ook vernoem is. Die verklaring berus op eie kennis en
 waarneming.

MODDER FONTEIN (Vroeër vermoedelik bekend as Agabees)

PLAAS Clw.Q.8-25

K 2917 DB

Eerste eienaar: Van Zyl JP 1850-01-21

Laidler (1927:148) "P/aga bees, Modderfontein, mud spring;
 a common name."

Agenbag JJ 1982 Boer Gesprek "Dit was vroeër vermoedelik
 moerasagtig en modderig om die fontein."

Alhoewel daar nog twee ander plase met die naam Modderfon-
 tein in Namakwaland aangetref word (geleë op K 3017 BB/
 3018 AA en 3018 CA), verwys Laidler vermoedelik na Modder-
 fontein op K 2917 DB, aangesien dit geleë is in die omgewing

van die gebied waaruit sy meeste name kom. Volgens Nienaber & Raper (1977:171) is P/aga te lees as #Aga, terwyl die lid -bees (-bes, -bis) plekbenoemende formans is, veral by (oop) waters en fonteine. Die vertaling met modder is 'n indirekte vertaling van #aga en wel soos Nama #ā = riet, #axa = rietryk, rietagtig (Kr. & Rust 1969:32). Waar die riet staan, is ook modder. Die fluitjiesriet van Rietplaat se Lande hieronder, lewer bewys dat riet in elk geval op die plaas voorkom. Volgens informant Agenbag was dit vroeër vermoedelik moerassig en modderig om die fontein, sodat daar dan ook riet sou gegroei het. Ek onderskryf daarom Nienaber & Raper se siening dat die eerste komponent van die plaasnaam 'n indirekte vertaling is van die eerste komponent van die inlandse naam.

KeurbosFontein met gebied

K 2917 DB

Rossouw HC 1978 Boer Vraelys "Dis 'n fontein waar keurbosse groei."

Die keurbos behoort aan die Virgilia sp. (Smith 1966:287). Plaaslik kom dit voor as 'n vaalgroen boompie met kleinerige blare en geel blommetjies, wat nie deur diere gevreet word nie. Die naam is op die fontein met sy onmiddellike omgewing oorgedra.

Rietplaat se LandeGebied

K 2917 DB

Rossouw HC 1978 Boer Vraelys "Fluitjiesriet wat naby in die kloof groei."

Die lande is vernoem na die fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), in die kloof daar naby.

MODDERFONTEINPLAAS Clw.Q.6-40

K 3017 BB/3018 AA

Eerste eienaar: Beukes JP 1843-12-15

Beukes TJN 1980 Boer Vraelys "Modderfontein : Fontein onder populierbos, turfgrond, populierblare val in die fontein en turfgrond is geneig om modder te vorm saam met blare (moontlike verklaring)."

Die informant skryf die plaasnaam toe aan die modderige fontein onder die populierbos wat ek uit eie kennis van die fontein moet onderskryf. Die moontlikheid bestaan egter dat die naam ook 'n vertaling kan wees soos die plaasnaam Modder Fontein op graadvierkant K 2917 DB.

AbbonRiviertjie

K 3018 AA

Beukes TJN (jr.) 1980 Boer Vraelys "Een van die riviertjies op die plaas, na 'n perd wat daar dood is."

Volgens die informant is die riviertjie vernoem na 'n perd met die naam Abbon wat daar dood is. Die vraag is egter of die eerste lid nie dalk soos Nama !āb = rivier (Rust 1960: 22) is nie. Dan bly die laaste lid egter nog onverklaard.

DassiefonteinOnderverdeling met opstal

K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Dassiefontein".

Vernoem na die destydse fontein en die baie dassies, Procavia capeusis (Odendal 1981:136), wat in die klipskeure hou. Die verklaring berus op eie kennis van die onderverdeling.

GrootplaatGebied

K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Grootplaat".

'n Groot, hoër liggende gebied of plato wat ek baie goed ken en gevolglik my afleiding deur waarneming kon maak.

Ou TuinOnderverdeling met opstal

K 3018 AA

Van Niekerk W 1982 Koster Brief "Toe die eerste Blankes daar gekom het, was daar 'n ou tuin, gedeeltelik omring met 'n klipmuur, en 'n paar ou peerbome, waarskynlik vroeër deur Hottentotte aangelê en bewoon."

Volgens die informant is die onderverdeling dan vernoem na die ou tuin wat van vroeë tye af daarop geleë was.

RamkieBerg

K 3018 AA

Archer RRE 1978 Boer Vraelys "Ramkie - 'n berg op die plaas, so genoem omdat dit soos 'n 'ramkie' lyk."

Die berg is geleë op die onderverdeling Taaiboskraal. Dit het die vorm van 'n ramkie, wat Nienaber & Raper (1980:690) soos volg beskryf: "... 'n musiekinstrument met boog en snaar, 'n naam wat oorspronklik uit Portugees kom (en letterlik beteken 'klein viooltjie') maar oorgeneem is in Afrikaans en ook in Khoekhoen, dan as ramki-b. Die Khoekhoen was besonder aangetrokke tot dié snaarinstrument, en die bergnaam is vermoedelik deur hulle by wyse van oordrag daaraan gegee."

SneeukopKop

K 3017 BB

Heese (1942b:13) "Alkante van hom sien hy die hoogste berge van Namakwaland : na die weste Boesmanskop (3689 vt.) en na die ooste troon die pragtige Sneekop (5255 vt.)."

Een van die hoogste spitse in die Kamiesberge, geleë oos van Bowesdorp op die grens tussen die plase Vaaldam en Modderfontein en aldus vernoem omdat dié spits, met sneeuvalle,

eerste wit vertoon of, soos dit plaaslik heet, eerste sneeu vat. Dit dra opmetingsbaken nr. 2. My verklaring berus op eie waarneming oor baie jare heen.

Sors Sors

Onderverdeling met opstal

K 3018 AA

Van Niekerk W 1982 Koster Brief "Sor-Sors is soos 'n kommetjie of 'n piering omring van berge. Die naam het met die water te doen. Laasgenoemde groei onder 'n ronde klipbank uit en loop dan met 'n sloot in die kloof af. Waar dit onder die bank uitkom, is 'n dammetjie geskik om met 'n emmer daar te skeep. Nou gebeur dit soms dat 'n gor-gor- of sor-sor-geluid vanuit die wateraar gehoor word. Die Hottentotte het vas geglo dat dit die geluid van die waterslang was en was dus katvoet om daar te gaan skeep. Dit is in elk geval 'n Hottentotsnaam."

Volgens die informant het die naam ontstaan deur klankna-bootsing van die watergeluid wat by tye gehoor word, hoewel hy aan die anderkant meld dat dit 'n Hottentotnaam is. Geen leidraad kon egter gevind word nie behalwe dat sy "kommetjie of piering" miskien kan laat dink aan 'n pot wat in Nama sū- is (Rust 1960:61) en in Oud-Kaaps onder andere sou, soû (Nienaber 1963:421). Die tweede Sors bly dan egter nog onverklaard. Miskien kan dit gesien word as soros = "der Leib, der Körper", sodat die holliggende gebied dan aan die "lyf" van 'n pot kan laat dink.

Taaiboskraal

Onderverdeling met opstal

K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loereisfontein "Taaiboskraal".

Waarskynlik vernoem na die taaibosse, Rhus. sp. (Smith 1966: 454), wat daar groei. Die lid -kraal verwys na die aanleg. Die verklaring berus op eie kennis van die onderverdeling.

TghondabeesFontein

K 3018 AA

Beukes TJN (Jnr.) 1980 Boer Vraelys "Tghondabees. Nama-woord. 'n Fonteintjie - so genoem omdat dit geleë is by die plek waar een van die spruite in 'Abbon' uitloop en derhalwe word dit elke slag as die spuitjie in vloed is, bedek met dryfsand. Die naam beteken dus: Tghon = bedek met grond (of as) en (da) bees = fontein in dryfsand."

Die laaste lettergreep -bees dui aan dat die woord 'n pleknaam is, in hierdie geval die fontein waarna die informant verwys. Die eerste komponent is klaarblyklik al baie vermink. Ek is van mening dat dit eerder is soos Nama !gom- = "Olivenholzbush" (Rust 1960:46), met -da- soos -xa- = baie, volop aan (Kr. & Rust 1969:41). (Vir wisseling van d-/g- vergelyk Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1). Dus: "Die fontein met baie olienhoutbome" of "Olienhout(boom)fontein". Dat hierdie boomsoort vroeër volop in hierdie omgewing voorgekom het, spreek onder andere uit die naam van die aangrensende plaas Olyven Fontein.

NNAABPLAAS Nam.Q.5-12

K 2918 AA

Eerste eienaars: Saal P, en andere 1908-06-22

Schultze (1907:170) "≠Hâb, Naap, ca. 28 engl. Meilen ostlich von Steinkopf. Bankwasser zur Sommerregenzeit. 'Die Not'."

Van den Heever PJ 1980 Boer Gesprek "n Baie droë plaas. Vroeër was die enigste water dié wat gedurende somerreën in klipgate op die klipbanke opgevang is. Die klipgate bestaan vandag nog."

Volgens Nienaber & Raper (1977:824) is die N- vooraan te begryp as die realisasie van die nasaliteit van die -â- in ≠hâ-b = nood, eintlik "Mangel" of gebrek (Kr. & Rust 1969: 172). Ek onderskryf hierdie verklaring. Geleë in 'n uiters dorre deel van Namakwaland, was die enigste water, soos Schultze dan ook aandui, dié wat gedurende die somerreënseisoen in die klipgate op die klipbanke opgevang is. Vanselfsprekend het hierdie water nie lank gehou nie. In droë jare sou die plaas in elk geval waterloos gewees het wat gevolglik bittere ontbering moes meebring het. Hierdie watergebrek, nood en ontbering onderskryf Nienaber & Raper se verklaring. Die slot-b is die ml. ekv. wat hier die berg lokatiewe. Letterlik beteken die plaasnaam dan "Noodsberg", in welke geval die bergnaam plaasnaam geword het. Vergelyk Naap se Berg hieronder.

Naap se Berg; Naap se Koppe; Ou Naap se Kop

Berg/Koppe

K 2918 AA

Opmeting 1965 "Naab se berg, distrik Springbok, 51 km noordoos van dorp." In ander handskrif "Nab = maag". "Naap se Koppe, distrik Springbok, 65 km noordoos van dorp." In ander handskrif "Beteken 'Skilpad se Koppe'."

Opmeting dink by Naab se Berg aan Nama !nâ-b = "Magen" (Rust 1960:40) en by Naap se Koppe aan !nā-b = "Riesenschildkröte" (1960:53) of bergskilpad. Nes Nienaber & Raper (1977:824) betwyfel ek die geldigheid van hierdie verklarings, aangesien die berg verbindbaar is met die oorspronklike plaasnaam en dus eenders verklaar behoort te word. Vergelyk hiervoor die plaasnaam NAAB. Ook uit 'n topografiese oogpunt kon ek geen verband vind met 'n maag of skilpad nie.

Steekhandberg (Vroeër bekend as Kchaomarob)

Berg

K 2918 AA

Schultze (1907:170) "!Kxa-!om-!aros, Stekhand, nordöstlich von Naap, Grabwasser nach Sommerregen. 'Wo einer in das Handgeleuk (!om-!aros)" gestossen (!kxa) wurde'."

Volgens Nienaber & Raper (1977:676) is !Kxa (nou!Khā) = steek; !om = hand; !aros = gewrig. Die -b het lokatiewerende funksie. Kchaomarob is dan die ou inlandse naam van Steekhand, die onmiddellike omgewing van Steekhandberg, waarin die naam behoue gebly het. Hierdie berg vorm die noordoostelike hoekbaken van die plaas Naab. Die ontstaansrede het verlore gegaan, daarom dat Nienaber & Raper die vraag stel of iemand daar in die hand gesteek is, byvoorbeeld met 'n mes of 'n assegaai, en of dit sy handgewrig is wat daar verstuit is. Vir my is Schultze se opmerking "Grabwasser nach Sommerregen" egter betekenisvol. Ná sommerreëns was die grondwater hier baie vlak, sodat daar sommer met die hand na water gegrawe is. Miskien het iets gedurende die grawery in iemand se hand gesteek of het hy sy gewrig verstuit. Dit is moontlik, maar tog 'n bietjie onwaarskynlik dat so 'n eenmalige en nietige gebeure die bergnaam sou vaslê. Ek sou liefs wou beweer dat dit beteken "Die plek (berg) waar die hand in die grond gesteek is om na water te grawe".

Tkareseskop/GareskopKop

K 2918 AA

Opmeting 1965 "T'Kareseskop (Gareskop). Kop met klipbanke.
Oorsprong onbekend - het iets te doen met klipbakke.
Spelling volgens uitspraak."

Opmeting se verklaring gaan klaarblyklik uit van die grondwoord //garu- = "tiefe Naturzisternen (...) vom Regenwasser als Becken in steile exponirte Flächen höherer Felskuppen gehöhlt" (Schultze 1907:162), wat klankmatig egter nie met die lid T'Kare-/Gare- van die kopnaam ooreenstem nie. Nienaber & Raper (1980:295) sien die grondwoord as Nama !gare- = klip (Nienaber 1963:341) na aanleiding van die nabygeleë Klipvleipoort en Klipvlei. Die slot -(se)s is die fem. sing. wat op die waterplek, hier die vlei, dui. Hiervolgens skyn Klipvlei dan die regstreekse vertaling van T'Kareses-/Gares- te wees, wat met wisseling k-/g- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) spellinge van dieselfde naam is. Die alleenstaande kop het dan, volgens die skrywers, sy naam aan die vlei gegee en die vlei het die vr. lokatiefmorfeem aan die Khoekhoense kopnaam gegee. Eie kennis van die betrokke omgewing noop my om hierdie verklaring te onderskryf.

NACHASPLAAS

K 2918 BC/AD

Eerste eienaar: Berman J 1910-04-18

Divisional map of Namaqualand 1916 "Nachas" met "Nachas Vley" as vlei daarop.
Pleknaamlys (s.j.) "Nochasvlei".

Op ouer kaarte, soos onder andere die Afdelingsraadkaart van Namakwaland, verskyn die plaas Nachas nog as afsonderlike plaas, maar op moderne kaarte, soos die Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder, vorm dit deel van die plaas Ou Taai-

bosmond. Wat die betekenis van die naam betref, is daar vir my twee moontlikhede. Op die kadastrale reeks hierbo genoem, verskyn die waterbron Blouputs, moontlik 'n vertaling van die plaasnaam, wat dan vertolk moet word as Nochas. Nama vir blou is \neq hoa (Rust 1960:11) waarvan die Oud-Kaapse vorm (\neq)noa is (Nienaber 1963:527-8). Die tweede komponent kan wees soos Nama \neq gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts' (Kr. & Rust 1969:97). Die benaming Blouputs is vanweë die blouagtige grond waarin die puts geleë is.

Die tweede moontlikheid word deur Nienaber & Raper (1977: 891) gestel, naamlik dat die eerste lid kan wees soos Nama !nō- = waterpadda, kikvors (Kr. & Rust 1969:297), met -cha- soos Nama -xa- as kwantiteitsformans. Dus: "Paddaryke vlei", in welke geval die vlei dan primêr was by die naamgewing. Die wisseling van -o- en -a- (Nochas/Nachas) is gewoon by baie woorde waar geen opposisie bestaan nie. Daar is nie sekerheid oor watter van twee verklarings die korrekte is nie, maar volgens plaaslike inligting was die vlei, naamlik Nochas-/Nachasvlei wat geleë is op die suidoostelike hoek van die plaas, reeds benoem voor verdeling van die gronde en vermoedelik ook voordat Blouputs gegrawe is. As enigste waterbron en vernaamste entiteit in die gebied, is dit aanneemlik dat die vleinaam plaasnaam sou word. Die vlei het na goeie reëns lank water gehou en paddas, wat maar 'n rariteit in dié droë geweste is, kon daar in redelike getalle gehou het. In die lig hiervan dra laasgenoemde verklaring vir my die meeste gewig.

NAIP

PLAAS CRCT 138/1942

K 2918 AD

Eerste eienaar: Die Goewerment van die Unie van S.A.

1942-12-30

Maass GJN 1978 Predikant Vraelys "Naib(-Wes) (...) so genoem

na die 'thyp, weerwolf, wie se natuurlike habitat dit is, en wat in redelike getalle nog op die plaas voorkom." Maass JAW 1980 Geologiese Veldassistent Vraelys "Afgelei van die Namawoord T'ny wat klippyp beteken."

Bogenoemde is ter aanvulling van die bronnegegewens in verband met die plaasnaam Naip deur Nienaber & Raper (1977: 839) waar hulle 'n moontlike verband suggereer met Nama \neq nai- = tortelduif of !nai- = kameelperd. Volgens my twee informante wat die gebied baie goed ken, moet daar afgesien word van die tortelduif/kameelperd-verklaring. Volgens JAW Maass kan Naip in verband gebring word met Nama !hei-p = "Steinpfeife" (Rust 1960:47). Oor die allofoniese gedrag van h- en n- vergelyk Nienaber (1963:181), asook Nienaber & Raper (1977:46 by 5D6). Die berg word gelokaliseer met -b, hier -p van die ml. ekv. wat 'n gewone teken is by bergname. Letterlik beteken dit dan "Pypklipberg". Gordon (1779 op reiskaart AG 7146) het dieselfde skryfvorm sonder die suigklank gebruik naamlik "Heib", wat hy egter met "Graafwater" vertaal het. GJN Maass verklaar weer Naip met weerwolf. Engelbrecht (1925:30) gee Tgeip aan as 'n "soort wolf, weerwolf", wat Nienaber & Raper (1980:601) as moontlik die Crocota crocota sien. Kritzinger (1963:758) beskryf weerwolf egter as die maanhaarjakkals, Proteles cristatus. Vir Tgeip sê die Namas !gau- en die Namakwalanders !Nai-, wisseluitspraak van !gai- (vir wisseling van n- en g- vergelyk Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4). Die -p(-b) van die ml. ekv. dui die naam van 'n berg aan, hier beslis Naib se Berg wat landmetersbaken nr. 55 dra. Die bergnaam is later op die plaas oorgedra. Naip sal dan die Engelse spelpoging wees van wat in Afrikaans sou klink soos "Nyp". Albei my informante se verklarings is dan taalkundig verantwoordbaar en ewe aanneemlik. Plaaslik dra die weerwolf-verklaring egter die meeste gewig.

TsamakaipBerg

K 2918 AD

Opmeting s.j. "Tsama-!khaeb = ongeluksplek of plek van tsamas. Tongklap 'Ts-'. Agtervoegsel 'berg' word nie gebruik nie."

Met "plek van tsamas" verwys die informant na die tsamma, 'n veldvrug wat geëet word, die Citrullus lanatus (Smith 1966:470). Die vermoede is egter dat die eerste komponent eerder is soos Nama tsâmâs = "Unglück" (Rust 1960:65), met -kaip soos Nama /uib = berg (1960:10). Dus: "Ongeluksberg" wat driehoeksbaken nr. 72 dra. Met die baie sand in die omgewing, kan -kaip miskien ook wees soos Nama // kae (// khae-) = rivier-, dryf- of fynsand (1960:51), met die slot-p soos Nama -b, die masc. sing. lokatiefmorfeem. Voorkeur word plaaslik aan "Ongeluksberg" gegee, waarvan die aanleidende oorsaak egter nie meer nagespeur kan word nie.

NAKANAS en VAALVLEIPLAAS Q.12-8

K 2917 AC

Eerste eienaar: Van Zyl DMJ 1925-10-27

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dit word ook Naganas uitgespreek, maar ek weet nie wat dit beteken nie. Vaalvlei is dié deel waar 'n groot vlei in die vaal grond lê wat vroeër die enigste water was voordat hulle op Nakanas die ou putsie gemaak had (het)."

Viljoen WAA 1982 Boer Gesprek "Volgens my ma beteken dit 'teen die berg', want die vroeëre opstal was teen die berghang geleë. Daar is egter ook baie skilpaaie. My kinders het onlangs nog 'n hele kruiwavrag skilpaddoppe daar bymekaargemaak."

Gedagtig aan die baie skilpaaie waarna Viljoen verwys, kan die eerste lid wees soos Nama !nā-b = "Riesenschildkröte"

(Rust 1960:53); -ka/ga- (wisseling van k- en g- vergelyk Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1) is hoeveelheidsinfiks vir volop, rykaan en -nas = ≠gās = "die Fläche, die Ebene, die Vley" (Kr. & Rust 1969:97). Letterlik kan dit dan neerkom op "Skilpadvlakte" of "Skilpadvlei". Dit skyn dan asof Nakanas en Vaalvlei die benoeming van dieselfde entiteit kan wees, naamlik die vlei, met dié verskil dat een die baie skilpaaie en die ander die vaal kleur van die grond beklemtoon. Die vraag ontstaan egter of die plaasnaam nie dalk verband hou met die kwartsietklipryke gebied waarvan tans baie kwartsietklip en -teëls vir boudoeleindes verkry word nie. Dit kom baie opvallend op die plaas voor, onder andere in die berg waarna informant Viljoen verwys. Die Nama-benaming was blykbaar // Nâ-ga-≠gās. // Nâ- = horing (Kr. & Rust 1969:273); -ga/ka- is hoeveelheidsinfiks en ≠gâ-s = krans (1969:97). Die -s lokativeer. Die geheel dan "Die plek van baie horingkrans" of letterlik "Horingklip".

Skilpadnou se Berg

Berg

K 2917 AC

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "In die berg was vroeër 'n fonteintjie wat so moeilik bereikbaar was dat feitlik net 'n skilpad daar kon water drink. In die nou groef van die berg had (het) hulle vroeër wilde perde vasgekeer en gevang."

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "My pa het my vertel dat daar in die berg 'n klipgaatjie is wat 'n wye bek het met 'n 'skilpadnek' wat dan weer wyer loop na onder."

Die berg ter sprake, lê op die mees suidelike punt van die plaas Nakanas & Vaalvlei. Informant Coetzee skryf die bergnaam toe aan die moeilik bereikbare fonteintjie wat, vanweë die nou groef, feitlik net deur 'n skilpad bereik kan word, terwyl Goosen die nou skilpadnekvorm van die klipgaatjie as die aanleidende oorsaak van die naam sien. Daar kon nie

met sekerheid vasgestel word watter van die verklarings die geldige is nie. Dit lyk in elk geval of die bergnaam ondersteuning verleen aan ons verklaring van die plaasnaam Nakanas as "Skilpadvlakte/-vlei".

Vaalvlei se Berg

Berg

K 2917 AC

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die berg heet na die vlei wat vroeër die enigste water op die plaas was."

Vernoem na die groot vlei in die vaal grond.

NAMARAS

PLAAS Nam. 1917-58-3449

K 2917 DD

Eerste eienaar: Archer HW 1917-05-18

Dixon J 1978 Afgetrede Boer Gesprek "Die riviërtjie wat oor die plaas loop, het 'n watervalletjie wat meebring dat die water raas as die rivier loop. Ek dink die naam beteken 'Raaswater'."

Die informant gaan klaarblyklik op die klank af. Op moderne kaarte, byvoorbeeld die Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, word die riviërtjie Melkrivier genoem. Die lid Nam- kan dus met wisseling van n- en h- (Nienaber & Raper 1977: 46 by 5D6) wees soos Nama //ham(i) = "Vormilch, Biesmilch" (Rust 1960:42), met /aras = "Riss im Fels" (Kr. & Rust 1969:14), wat dan neerkom op "Biesmelkskeur". Plaaslik word daarvan somer gepraat as Melkrivier. Dit kan die skuimende water deur die skeur en oor die watervalletjie wees wat aan biesmelk/melk laat dink, veral wanneer die riviërtjie in vloed is. Dit kan egter ook oordragtelik wees in dié sin dat wanneer die riviërtjie loop, daar vooruitsig is vir 'n goeie lamtyd en gevolglik volop bies/melk. Dit lyk dan asof die riviërnaam 'n vertaling kan wees van die plaasnaam.

NAMREENSPLAAS Nam.Q.7-13

K 2918 DC

Eerste eienaar: Roux PJ 1911-10-17

Divisional map of Namaqualand 1916 "Namreens". Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Namreëns".

Die plaas Namreens was vroeër die gebied wat tans deur die onderverdelings Welverdiend en Skeervlei beslaan word. Die plaaslike bewoners kon geen aanduiding gee van wat die naam kan beteken nie. My vermoede is egter dat die eerste lid kan wees soos Nama /nam = liefhê, bemin, terwyl die laaste komponent 'n foutiewe spelling (sonder die deelteken) is van reëns. Op die topokadastrale kaart word dit wel korrek gespeel. Dus: "Reëns wat bemin word" of "Beminde reëns". In dié uiters droë gebied waar elke druppel reën 'n lafenis is, skyn dit 'n heel aanneemlike naam vir 'n plaas te wees.

NANAPLAAS Nam.Q.12-19

K 2917 AB

Eerste eienaar: Nelson GJ 1925-11-18

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dit word T'Nannas uitgespreek met 'n tongklap aan die begin. Wat dit beteken, weet ek nie. Sommiges wil beweer dat die latere aanleg, Komaan, miskien met die betekenis te doen het."

Die plase Nana en Nanassen grens aan mekaar. Die destydse smalspoor het al op die grens tussen dié twee plase geloop. Dit wil voorkom asof die gebied, voor verdeling, onder een van dié twee plaasname bekend was, vermoedelik onder Nana(s). Die aanleg, Komaan, lê op die huidige Nanassen en is vermoedelik 'n latere verdoping van die destydse smalspoorstaasietjie Farguharson, waar 'n winkel, skool, ensovoorts was. Gevolglik was dit die aankomplek van die hele gebied se

mense. Selfs mense van Vioolsdrift op pad na Port Nolloth het daar aangedoen. Volgens die informant hierbo wil sommige voorgee dat die benaming Komaan iets met die plaasnaam te make het. Indien wel, moet daar gedink word aan Nama Nana- sonder die suigklank betekenende "locken" (Kr. & Rust 1969:268), in welke geval die -s (soos deur die informant aangegee) dan sal lokativeer. Dus: "Aanlokplek". Die informant noem egter uitdruklik dat daar wel 'n tongklap was, sodat ek van mening is dat dit moet wees soos Nama \neq nana = "schöpfen (in Tränkrinne; dem Kleinvieh in d. Rinne schöpfen)" (Rust 1960:54). Dan sal dit beteken "Skepplek". Die enigste water was destyds grondwater wat geput is vir menslike gebruik en vir vee. Hierdie skepplek of put was 'n belangrike entiteit in die andersins waterlose gebied sodat dit nie vreemd is dat die plaas hierna vernoem kon gewees het nie.

NANASSENPLAAS Nam.Q.13-20

K 2917 AB

Eerste eienaar: Mostert JS 1926-04-09

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Dit word T'Nannassen uitgespreek, maar plaaslik praat ons sommer van T'Nannas. Wat dit beteken, weet ek nie."

Die vermoede is dat T'Nana(s) vroeër die gebiedsnaam was. By verdeling is die een gedeelte toe benoem deur blote toevoeging van -sen as plekbenoemende suffiks, gevolglik dra die plaasnaam Nanassen dieselfde betekenis as Nana te wete "Skepplek", verwysende na die enigste waterput waar water geskep is vir gebruik deur mens en dier. Vergelyk die plaasnaam NANA.

KomaanAanleg

K 2917 AB

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Jannie Coetzee het

'n winkeltjie daar opgesit en die naam Komaan daaraan gegee om mense te nooi om aan te kom."

Die naam was 'n uitnodiging aan verbygangers om aan te doen, vermoedelik ter wille van sake.

NAROEPPLAAS Nam.Q.7-18

K 2818 DC/2918 BA

Eerste eienaars: Dixon J en ander 1911-10-17

Schultze (1907:170) "!Narub, Naroep, Grundwasserstelle südöstlich von Ramansdrift."

Agenbag FB 1978 Boer Vraelys "Naroep beteken tier of lui-perd."

Informant Agenbag bring die plaasnaam in verband met Nama /garub = tier of luiperd (Rust 1960:61; 39). Vir wisseling van g- en n- vergelyk Nienaber & Raper (1977:46 by 5D4). Taalkundig is dit aanvaarbaar. Schultze skryf egter die plaasnaam met 'n serebrale schnalz vooraan, naamlik !Narub, maar verklaar dit ongelukkig nie. In die lig van Kr. & Rust (1969:282) se !naru-s = "der Schwarzebenholzbaum", tesame met die feit dat genoemde boomsoort volop in hierdie geweste voorgekom het, is Nienaber & Raper van mening dat die naam eerder hiermee in verband staan. Dit wil ek bevestig. Die -p van Naroep dui aan dat die plaasnaam oorspronklik op die Naroepberge, wat op die plaas geleë is, betrekking gehad het, sodat dit dan eintlik die bergnaam is wat plaasnaam geword het.

HoogrusOpstal

K 2918 BA

Van den Heever Lettie (1972:61) "Die plaas is hoog teen die berg geleë - die plek 'rus' hoog teen 'n berg."

Agenbag FB 1978 Boer Vraelys "Opstal - hoog geleë."

Die opstal is hoog teen die berg naby die oostelike grens van die plaas geleë. Dit rus dus hoog teen die berg.

NAROES

PLAAS Nam.Q.6-11

K 3017 AD

Eerste eienaar: Agenbag WA 1910-04-11

Agenbach HPM 1978 Boer Vraelys "Naroës, dit is 'n kop met klipbakke en elke winter het die familie daar saamgetrek tot tyd en wyl die bokke klaar gelam het. Die woord Naroës is Hottentots vir 'almal se drinkwater'."

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas het nie vaste water gehad nie, net reënwater wat in klipgate op 'n kop opgevang is. Ek dink die naam het daarmee te make."

Gedagtig aan die wisseling van n- en g- na 'n suigklap, asook van -p(b) en -s as uitgang by hierdie plaasnaam (Nienaber & Raper 1977:867), kon ons hier dink aan Nama //garu-b = "Wasserbecken im Fels" (Rust 1960:72). Die slot -b of -s is lokativerend en dui die watergate aan. Hierdie verklaring sluit regstreeks aan by die informante se "klipbakke met water".

Groenbosvlei

Vlei

K 3017 AD

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "Daar is 'n paar ou vleie wat in die winter water opvang. Naby die vleie is 'n witduin met 'n suurtaaibos daarop. Hierdie witduin met die 'groen bos' kan oor myle gesien word. Die mense het wintertyd daar gaan bly omdat daar dan water in die vleie was."

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Dit is 'n groterige vlei met vliebosse aan die bokant. Hulle is mos altyd groen, sodat die vlei daarna vernoem is."

Alhoewel daar meningsverskil is by die informante aangaande

die tipe bossoort - de Villiers verwys na die Rhus mucronata (Smith 1966:454), terwyl Engelbrecht die Roridula sp. (1966:486) in gedagte het - is daar eenstemmigheid dat die opvallende groen bos(se) in die nabyheid van die vlei in die benaming betrek is.

KramleegteSandleegte

K 3017 AD

Agenbach HPM 1978 Boer Vraelys "n Baie swaar plek op die koperrypad naby Hondeklipbaai. Daar moes die waens met die vol vragte koper en koring by mekaar verby. Die sand is geweldig dik en het meegebring dat die jukke se kramme uitskeur of breek, vandaar die naam Kramleegte."

Dit is 'n baie swaar sandleegte naby en net oos van Hondeklipbaai waar ossewaens met vragte koper en koring op pad na genoemde hawe baie blystaan het en kramme uit die jukke geskeur is, van daar Kramleegte. In latere jare is die pad van 'n harde blad voorsien, sodat dit vandag nog bekend staan as die hardepad.

SwartrugBult

K 3017 AD

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n bult of rug net voordat 'n mens afsak na Hondeklipbaai. Die plantegroei laat dit uit die verte donker van kleur vertoon, van daar Swart-rug."

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Ek dink dit was omdat dit so 'n swaar sandwêreld was voordat dit hardepad gemaak is. Die swart dui seker op swaar."

Met bult of rug word hier bedoel 'n breë verhewendheid met egalige glooiinge na alle kante. Hierdie opvallende bult vertoon donker van kleur vanweë die digte bossieplantegroei, van daar Swartrug of Swartbult. Die figuurlike betekenis wat informant Goosen aan die naam heg, is ongetwyfeld

Die kop met die vorm van 'n perdehoef lê noordoos van Agteroorberg.

NIEUWE FONTEIN

PLAAS Nam.Q.13-18

K 2917 AA

Eerste eienaar: Louw WP 1926-12-19

Dippenaar HM 1978 Weduwee Vraelys "Dis 'n berg met 'n diep kloof waarin 'n waterplekkie is. Dit is toe genoem Nieuwefontein."

Die restant van die plaas, naamlik Vaalpan, het oorspronklik nie water gehad nie. Die eienaar, Willem Louw, het toe 'n puts gegrawe. By verdeling van die grond is die watertjie in die kloof, in teenstelling met die ou put op die restantgedeelte, as die nuwe fontein bestempel wat oorgedra is as plaasnaam in Nederlandse vorm, naamlik Nieuwe Fontein.

Nuwefontein se Berge

Berg

K 2917 AA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Nuwefontein se Berge".

Die berg(e) is in Afrikaanse vorm vernoem na die plaas Nieuwe Fontein waarop dit geleë is. Dit dra landmetersbaken nr. 65.

Vaalpan

Onderverdeling met opstal

K 2917 AA

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "n Gelyk, panagtige gebied waarvan die grond vaal van kleur vertoon. Dit had (het) vroeër geen water gehad nie sodat 'n puts gegrawe is."

Vernoem na die vaal grond van die gelyk, panagtige gebied.

NIEUWE PLAATS alias ELLENBOOG FONTEINPLAAS Clw.Q.7-35

K 3017 BB

Eerste eienaar: Van der Westhuizen C 1844-03-15

Conradie (1909:25) "Ellenboogfontein - plaas van ou Tante Kaatjie van den Heever ..."

Forbes (1965:89) "The dwelling of Hermanus Engelbrecht at that time is shown on the Gordon Map as Ellenboogfontein, which is 4 miles W. by S. of the present position of Kamieskroon..."

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die fontein sit in 'n hoek waar die berg 'n elmboog maak. Die fontein was vroeër baie sterk en heerlik vars."

Op Sensuskaart 1891 verskyn die plaasnaam as Ellenboog Fontein alias Nieuwe Plaats en op Divisional map of Namaqualand 1916 net as "Ellenboog Fountain", terwyl dit op die Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies as Nieuwe Plaats met Ellenboogfontein as onderverdeling verskyn. Met die benaming Nieuwe Plaats wou die eerste besitter waarskynlik aandui dat dit vir hom 'n nuwe plaas of plek beteken, miskien in teenstelling met 'n vorige eiendom. Die aliasnaam is vanweë die sterk varswaterfontein in die elmboog wat die berg vorm. Uit hierdie fontein is soms water aan die dorp Kamieskroon verskaf. Die naam Nieuwe Plaats is feitlik nog net op transportaktes bekend, terwyl Ellenboog Fontein in die volksmond voortleef.

AgtertuinOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "'n Tuin wat agter die berg Boesmankop aangelê is. Eers is net die tuin aangelê, daarna is die opstal opgerig. Daar is net een pad wat daarheen toegang verleen."

Vernoem na die oorspronklike tuinery agter (noord van) die alombekende Boesmankop (vergelyk hieronder) waar veral vroeër mooi groente en vrugte verbou is.

Boesmankop

Kop/Berg

K 3017 BB

Heese (1942b:13) "Die Hottentot-gidse lei Van der Stel egter baie oulik die Haasrivier-vallei in. Alkante van hom sien hy die hoogste berge van Namakwaland: na die weste Boesmankop (3689 vt.) ..."

Boesmankop is 'n alombekende landteken in dié geweste en dra dié naam omdat dit uit 'n sekere gesigshoek die onmiskenbare profiel vertoon van 'n Boesman wat op sy rug lê. Dit dra landmetersbaken nr. 7.

Brakkies

Onderverdeling met opstal

K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Vroeër was daar meer as een puts waarvan die water maar brak was."

Vernoem na die brak water. Die verkleiningsvorm kan dui op die klein oppervlakte van die onderverdeling of op die verbondenheid met die plaas. Die aanleg lê langs die nasionale pad suid van Kamieskroon.

Muisvlak

Onderverdeling met opstal

K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Op die vlak was daar geweldig baie muis en muisgate."

Vernoem na die gelyk vlakte waar opvallend baie muisgate en muis, fam. Muridae (Odendal 1981:716), aangetref word.

Niekerksfontein Onderverdeling met opstal K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis die geboorteplek van oom Corneels Barend, Isak van Niekerk (Haasgooi), Jan van Niekerk (Hoppiedaai), Bennie van Niekerk, Hennie van Niekerk en Corneels van Niekerk. Die fontein was maar swak, maar die tuine was kapitaal (baie goed)."

Vernoem na dié spesifieke Van Niekerk-geslag waarvan die name deur die informant verskaf is en waarvan die afstammeling plaaslik nog alombekend is, in samehang met die fontein.

Nous Onderverdeling met opstal K 3017 BB

Van Wyk EJ 1980 Plaasvoorman Vraelys "Bogenoemde het sy naam ontleen aan 'n rooi klip wat die ou meide natgelek het en dan het dit 'n rooi vloeistof afgegee waarmee hulle hul dan grimeer het. Die naam het verafrikaans en heet vandag Nous."

Nous sal dan wees soos Nama !Nous, wat beteken die "Plek (-s) waar daar okerklip (!nou-b) (Kr. & Rust 1969:300) voorhande is".

Olienpoort Onderverdeling met opstal K 3017 BB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "In die poort was ontsaglik baie olienhoutbome sodat hulle dit moes uitkap om die pad daarlangs te kon maak."

Vernoem na die poort waar vroeër geweldig baie olienhoutbome, Olea africana (Smith 1966:354), gegroei het. Dis by dié opstal waar die opspraakwekkende moord op twee blanke mans op 26 September 1975 plaasgevind het (Die Namakwalander, 1 Oktober 1975).

ToeneusOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "Die gebied gee 'n 'neus' waar die sleepmis in die winter geweldig kan toetrek. Ek dink dit het aanleiding gegee tot die naam."

Met die neus bedoel die informant 'n verhewendheid in die vorm van 'n mens se neus. Die eerste lid verwys weer vermoedelik na die sleepmis wat baie maklik daar toetrek. Dus: "Die neus wat maklik toe raak onder die mis".

NIGRAMOEPPLAAS Nam.Q.4-12

K 2917 DA

Eerste eienaar: Kotze JAC 1898-03-04

Van Heerde-versameling "Willem Frederik noem dit 'Vuurvliegiewater' omdat daar in die aand baie vuurvliegies is. 'n Ander Hotnot noem dit 'Muggiewater' omdat daar baie muggies gedurende die dag is." Verder is deur dieselfde informant opgeteken: "Nigramoep = Bobbejaanfontein".

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Die plaas se oorspronklike water was 'n varswater, 'n sandgat wat later diep was. Ek het dit self skoongemaak. Dit het nie opgeborrel nie, net gesyfer. Blare en bossies wat daarin gewaai en gevolglik gevrot het, het die water swarterig verkleur. Daarom moes dit van tyd tot tyd skoongemaak word tot op die bodem wat wit sandsteen was. Die gemeenteputs waaraan almal deel gehad het, is eers later gegrawe."

Kotze JC 1978 Boer en onderwyser Vraelys "Nigramoep, Nama-woord; blykbaar 'Vlieëholte'. Spottenderwys deur die Namakwalanders word gesê: 'Een bobbejaan kyk in ander se Nygramoep as hulle die kranse klim'."

Bogenoemde gegewens is aanvullend tot dié wat deur Nienaber & Raper (1977:887-8; 1980:634-5) se informante verstrek

is. Van Heerde se "Bobbejaanfontein" is nie taalkundig verantwoordbaar nie, aangesien bobbejaan in Nama /nerab is, wat nie te rym is met die komponent Nigra- van Nigramoep nie. Die vuurvliegies waarvan hy melding maak, kan miskien die "wakkerö" wees waarna Schultze (1907:168) verwys, en hoekom sommige van die plaaslike bewoners, soos onder andere informant Kotze hierbo, van Vlieëholte praat. Informant Cornelissen gee egter 'n beskrywing van die oorspronklike waterbron, waarin hy vermeld dat dit 'n syfergat was wat nie opgeborrel het nie. Dit weerlê Nienaber & Raper (1977:888) se vermoede dat Schultze se "wakkerö" op die wakkerheid van die bronoog, dit wil sê die opborreling daarvan, dui. Volgens Cornelissen het die syfergat se water swarterig geword weens verrotting van blare, ensovoorts, sodat dit van tyd tot tyd skoongemaak moes word. Hieraan het hy self nog 'n aandeel gehad. Dit onderskryf Hahn (1901:43) se verklaring dat $\neq\text{Nixoram}\hat{u}b$ 'n verbroude uitspraak is van $\neq\text{Nuixora-m}\hat{u}b$, dit wil sê dat die lid Ni- gesien moet word as $\neq n\bar{u}$ = swart, wat ontstaan het uit $\neq nui$ = swarterig, terwyl die -gra- vertolk moet word as xora = 'n syferwatergat, 'n gorragat, met die slotlid $m\hat{u}$ - = fonteinoo. Letterlik beteken dit dan "Swartgorra-oog". Hierdie verklaring is topografies en taalkundig verantwoordbaar. Dit skyn dan asof Hahn se verklaring, wat die oudste is, tog per slot van sake die korrekte kan wees.

BakenkopKop

K 2917 DA

Kotze PJ 1978 Boer Vraelys "n Groot kop waar die hoekbakens bymekaar kom."

Die kop dra landmetersbakens nr. 66 en is vernoem na die hoekbakens daarop.

KliphuisbankOnderverdeling met opstal

K 2917 DA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n groot bank met 'n

kliphuis daarin."

Met kliphuis bedoel die informant 'n grot in die klipbank wat soos 'n huis skuiling bied. Die onderverdeling is hierna vernoem.

Komgas Onderverdeling met opstal K 2917 DA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "T'Komgas. Dit is vol rooibruin t'komklip rondom die fonteintjie wat in latere jare oopgeskiet is om die water te versterk."

Volgens die informant is dit dan soos // khom = "auskratzen" (Kr. & Rust 1969:244) en beteken "skraapklip"; -ga = veelheidsuffiks met die fonteinbenoemde -s van die fem. sing. Komgas is dan die "Fontein (-s) by die baie (-ga) skraapklippe" of "Skraapklipfontein". Gedagtig aan Olienhoutbank op dieselfde plaas ontstaan die vraag of die eerste komponent nie miskien vertolk moet word nie as Nama !gom- = olyfboom (Kr. & Rust 1969:126), die Olea africana of wilde-olienhoutboom (Smith 1966:354). Die wisseling van g- en k- is gewoon (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3). Letterlik dan "(Wilde-)olienhoutboomfontein".

Olienhoutbank Onderverdeling met opstal K 2917 DA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n Klipbank waar vroeër baie olienhoutbome gegroei het."

Die onderverdeling is vernoem na die opvallende klipbank waar baie olienhoutbome, Olea africana (Smith 1966:354), vroeër gegroei het. Die vermoede is dat dit 'n gedeeltelike vertaling van die inlandse naam Komgas is.

Soutrivier Rivier K 2917 DA

Kotze PJ 1978 Boer Vraelys "n Rivier waar baie soutslaai is."

Dis 'n tak van die Buffelsrivier wat volgens die informant Soutrivier heet vanweë die baie sout- of brakslaai, Mesembryanthum crystallinum (Smith 1966:429), wat daar groei.

Tghoeroe-rif Kwartsietrif K 2917 DA

Kotze PJ 1978 Boer Vraelys "Dit is 'n kwartsietrif wat die sanderige veld en lande van die Tghou skei."

Soos Nama // guru = kwarts, kiesel (Rust 1960:48).

Tghou Gebied K 2917 DA

Kotze PJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas bestaan uit twee soorte veld, een deel tghou (Hotnots met tongklap op voorste gedeelte) ..."

Die informant verwys klaarblyklik na die klip-/rots-/bergagtige deel van die plaas, in welke geval "tghou" dan sal wees soos Nama !hau-b = "Fels" (Rust 1960:35). Dié benaming word plaaslik nog algemeen gehoor.

Tweebek Tgharoe Klipgat K 2917 DA

Te dink aan // garū = "Wasserbecken (im Fels)" (Kr. & Rust 1969:84). Die T- vooraan verteenwoordig die suigkonsonant. Die klipgat het twee bekke, van daar Tweebek. Sulke klipgate word orals in Namakwaland aangetref en op Khoekhoens benoem as gharoe, wat eintlik in die taal van die Blankes oorgegaan het.

NOMBIES PLAAS Gr. 84/1953 K 2918 BD

Eerste eienaar: Turck G 1953-05-06

Veillet L 1974 Priester Vraelys per Nienaber & Raper 1977:

899 "Nombies, nom is die naam van 'n aandbos hier."

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Ons praat van ntgomsganna. Of die naam daarmee te doen had (het), kan ek nie sê nie."

Kennedy JH 1978 Boer Vraelys "Nombies. Dit beteken 'Sand wat toeloop', na aanleiding van 'n sandgat in die vlei wat, as 'n mens daar water grawe, gedurig toeval, daarom xhombees (klapklank): xhom = toeval, bees = sand."

Die verklarings loop uiteen. Veillet se aandbos kon volgens Nienaber & Raper (1977:899) nog nie botanies geïdentifiseer word nie. Tans kom dit ook nie op die plaas voor nie. Coetzee weer dink aan 'n moontlike verband tussen die plaasnaam en ntgomsganna [n!omxana], 'n soort kandelaar met skurwe, dik, ronde lote soos 'n botterboom met kort dun penetjies daarop waarvan die saad baie soos dié van 'n aalwyn lyk. As 'n dier die plant of saad vreet, kry hy krimpsiekte (Coetzee 1983:311). Dit lyk egter of hy bloot op die klankverband sy vermoede vestig aangesien daar plaaslik geen bewyse gevind kon word dat dié plantsoort vroeër in noemenswaardige hoeveelhede voorgekom het nie. Informant Kennedy het Nombies op die vraelys deurgehaal en bo-oor Nombees geskryf. Tog is die plaas as Nombies geregistreer. Hy sien die lid Nom- soos Nama dom, ook tom = "sinken, einsinken" (Kr. & Rust 1969:56), 'n wisseling van n-, d- en t- wat ook Oud-Kaaps ken (Nienaber 1963:179; 183). Die sandgat in die vlei se walle loop toe of sink in as daar na water gegrawe word. Die lid -bee-s is egter nie sand nie, maar wel loka-tiewe suffiks met die -s van die vr. ekv. wat die waterbron aandui. Hiervolgens verskil die betekenis dan van dié van die plaas Nombies op graadvierkant K 2917 AD. Ek glo egter dat Kennedy as plaaseienaar met kennis van die plaaslike toestande miskien die beste weet.

NOMBIESPLAAS Nam.Q.10-33

K 2917 AD

Eerste eienaar: Wiese EJC 1916-02-08

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Daar is 'n fonteintjie met baie T'nomklip in die omgewing."

Nelson WJ 1978 Boer Vraelys "Nombies is 'n Hottentotse naam en beteken 'sawwe biesies'. Die biesies word gebruik om matjies te maak. Die biesies was baie in die kloof."

Bogenoemde is ter aanvulling van die brongegewens deur Nienaber & Raper (1977:899; 1980:643-4) byeengebring in 'n poging om Nombies as plaasnaam te verklaar, waar hulle ook van my informant, Nelson, se gegewens gebruik maak. Hy skryf die naam toe aan die biesies in die kloof. Taalkundig is dit egter nie te rym nie aangesien biesies in Nama /harus is (Rust 1960:11). Cornelissen verbind weer die naam met die baie Tnomklip op die plaas. Die T- beliggaam die suigkonsonant, terwyl die lid Nom- te begryp is as Nama // khom = "auskratzen" (Kr. & Rust 1969:244), betekenende skraapklip, 'n sagte gruisklip wat gebruik is om velle wat gebrei word aan die vleiskant glad te skuur. Die -bie- is die lokatiewe suffiks met die slot-s van die vr. ekv. wat hier die fontein aandui. Na my mening is daar egter 'n ander moontlikheid wat nie uit die oog verloor kan word nie. Hierdie bergagtige gebied moes vroeër seker 'n ideale habitat vir die wilde-olienhoutboom, die Olea africana (Smith 1966:354), gewees het. In die nabye omgewing lê dus ook Olienhoutbank. Die vraag ontstaan dus of die lid Nom- van die plaasnaam nie eerder gesien moet word as Nama !gom- = "olyfboom", dit wil sê die wilde-olienhoutboom, nie. Die wisseling van n- en g- is algemeen (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4). Letterlik dus: "(Wilde-)olienhoutfontein".

Planke se BergBerg

K 2917 AD

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Vroeër het daar Van Zyls met die bynaam Planke gewoon. Van hulle nageslag is nog in Namakwaland woonagtig. Die berg is toe nie Van Zyl se Berg genoem nie, maar Planke se Berg."

Dié bynaam is plaaslik algemeen bekend. Volgens die informant is die berg daarvolgens benoem. Dit lê aan die westelike grens en vorm die hoogste gedeelte van die plaas.

NOOISABESPLAAS Nam.Q.6-8

K 2918 AB

Eerste eienaar: Good RA 1910-04-11

Van Heerde-versameling "Nooisabies was die naam van Beenbreek in die tyd van RA Good. Volgens Swart Jim Dixon was Nooisabies as 'Skenderwater' bekend. Net anderkant die Beenbreekhuis was die bymekaarkomplek. In daardie kloof kon hul die gesteelde vee die berg inja en slag - daar was die gesels en die skinder en die dikvreet."

Opmeting s.j. "!noesabe beteken haastig/vinnig."

Roux K 1978 Huisvrou Gesprek "Noisabes beteken enigste water."

Informant Roux vertolk die eerste lid van die plaasnaam as Nama /gui = een, met -bes as water, terwyl Opmeting "Nooisa-" sien as !noesa = "schnell" (Rust 1960:54). Plaaslik word van Heerde se verklaring egter algemeen onderskryf, waarvolgens Nooisa uitgespreek en vertolk word as Nama /hoe-tsa. Die /hoe is te vertaal as "skinder" (1960:35) met die -tsâ as formans wat in plekname die grondwoord adjektiewies/adverbiaal bepaal. Die slotlid -bes is plekbenoemende suffiks gewoonlik by oop waters, in hierdie geval vermoedelik oop klipgate wat reënwater opvang, van daar die plaaslike

benaming "Skinderwater". Ek is egter 'n ander mening toege-
 daan. Op Nooisabes lê die onderverdeling met opstal Been-
 breek, asook Beenbreekberg wat landmetersbaken nr. 9 dra.
 Dit wil voorkom asof Beenbreek 'n vertaling kan wees van die
 inlandse naam Nooisabes. Been in Nama is /nu-b (Rust 1960:
 9) en (stukkend)breek is khôa of khôa-sa = verkeerd afbreek
 (Rust 1960:12). Met die slotlid -bes as plekbenoemende suf-
 fiks sal Nooisabes dan neerkom op "die plek waar die been
 verkeerd (sleg) af(ge)breek(het), wat in Afrikaans verkort
 is tot Beenbreek. Indien die vermoede korrek is, het ons
 hier te doen met wat Nienaber & Raper (1980:20) die "dub-
 belheid van name" noem. By onderverdeling is die ou Khoe-
 khoense naam van die oorspronklike plaas dan eenvoudig in
 vertaalde vorm as onderverdelingsnaam gebruik. Hierdie
 verklaring word gerugsteun deur Van Heerde se mededeling
 dat Nooisabes die naam was van Beenbreek in die tyd van
 die eerste eienaar, RA Good. Vir die gebeure wat vermoede-
 lik tot die naam aanleiding gegee het, vergelyk Beenbreek
 verderaan.

Beenbreek

Onderverdeling met opstal

K 2918 AB

Burger BF 1985 Boer Gesprek "Volgens oorlewering het 'n per-
 soon se been daar sleg gebreek. Dit was in die dae toe
 hout daarvandaan per wa aangery is vir die Kopermaatskappy
 te Okiep. Hoe die ongeluk presies gebeur het, is nie meer
 bekend nie."

Die oorlewering soos deur informant Burger verhaal, leef
 plaaslik nog voort. Dit is dan vermoedelik dié gebeurtenis
 wat aanleiding gegee het tot die inlandse plaasnaam Nooisabes
 waarvan die onderverdelingsnaam Beenbreek, 'n vertaling
 is.

NORABEESPLAAS Nam.Q.14-13

K 3018 BA

Eerste eienaars: Hanekom WJC, en ander 1925-12-18

Visser GAP 1978 Boer Vraelys "Norabees is 'n Boesmanwoord en dit beteken watergat".

Bogenoemde is ter aanvulling van die gegewens in verband met die plaasnaam Norabees soos byeengebring deur Nienaber & Raper (1977:904-5). Ook my informant se verklaring dui op wisseluitspraak van die grondwoord nora- as xora = graafwater (wisseling van n- en g- (x-), vergelyk Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4), met die -be- as plekbenoemend en die -s (fem. sing.), wat in hierdie geval die oop water (vlei) aandui. Die vlei word op die Divisional map of Namaqualand (1916) aangegee as die enigste bron waar, na opdroging van die vlei se water, dan vermoedelik graafwatergate gemaak is om nog water te bekom. Die naam beteken dus: "Graafwatergat".

NOUPPLAAS Nam.Q.12-13

K 3017 AA

Eerste eienaar: Ras NJ 1925-11-12

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Noup".

Ek ken die plaas persoonlik baie goed. Die plaasnaam is soos Nama \neq nu = swart (Rust 1960:55). Die slot-p is gewoon die lokatiewormans masc. sing. by langwerpige of verhewe voorwerpe, hier die duine. Nienaber & Raper (1980:645) sien dan tereg 'n toponimiese kringloop met Noup, Noep, Noop (baai, duine) en Swart(duin) as komponente met 'n taalkundige verband, te wete \neq nu = swart wat met die eerste lid van genoemde entiteite ooreenstem. Die plaasnaam Noup beteken dan "Swartduine". Plaaslik word daar egter beswaar

geopper teen hierdie verklaring aangesien die duine op die plaas wit seesandduine is. Die verklaring kan soos volg geregverdig word: Noord van die plaas Noup lê die plaas Swart Duinen, so genoem vanweë die duine wat donker van kleur opgee veral as gevolg van die plantegroei. Die hele gebied het voor verdeling klaarblyklik bekendgestaan onder die inlandse naam Noup vanweë die opvallende swart duine. Met verdeling van die gronde het die plaas Noup die inlandse gebiedsnaam behou, alhoewel dit toe net oor wit duine beskik het. Die noordelike gedeelte van die gebied, waar die eintlike swart duine geleë is, is toe benoem deur middel van die vertaling Swart Duinen. Die twee plase is dan ook net minder as twee maande na mekaar geregistreer. Eers ongeveer vier jaar later is die plaas Schulp Fontein, wat tussenin geleë is, afgesny en toe noodgedwonge na 'n ander topografiese entiteit vernoem, naamlik die baie skulpe by die fonteintjie op die strand. My verklaring berus op eie kennis van die gebied.

BamboesbaaiBaai

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die baai is net 'n bamboes."

'n Bekende visbaai tussen Skulpfonteinpunt en Voëlklip en so genoem vanweë die baie seebamboese, Eklonia buccinalis (Kritzinger 1963:540), wat meebring dat vislyne maklik verstrengel raak of vassit, soos dit plaaslik uitgedruk word.

KammagappuntPunt

K 3017 AA

Opmeting 1958 "Kam ma gap punt. No information could be found as it is an old Hottentot name. Afrikaans spelling is used to give the nearest phonetic reproduction of the name."

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "By die punt is Noep se Water. Met hoogwater stoot die seewater daarin. As dit uitge-

skep word, dan groei varswater van die land se kant af uit die grond."

Die waterbron by die punt waarvan informant Brand melding maak, bestaan van die vroegste tye af. Die eerste komponent van die inlandse naam kan wees soos Oud-Kaaps kamma = water (Nienaber 1963:522) en -gap soos Nama ꞑgâb = "Grabwasserloch" (Kr. & Rust 1969:97). Letterlik sal dit dan neerkom op "Die fontein of watergat waar daar water is". Maar kamma = water lê in samestellinge gewoonlik nie eerste nie. Daarom is ek van mening dat die eerste komponent eerder is soos Nama // khama-, in Oud-Kaaps met wisselspelling kam(m)a = hartebees (Nienaber 1963:298-9), dit wil sê "Hartebeesfontein". Die verwarring van watergat met fontein is verstaanbaar. Die bronnaam is oorgedra op die punt land wat in die see inskiet.

Noep

Polisiewagpos

K 3017 AA

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Noep is waar die ou polisiestasië vroeër in die diamantdraende gebied was. Dit lê net besyde (langs) Kammagappunt."

'n Ou polisiewagpos waarvan die bouvalle nog staan. Die naam is 'n spellingsvariant van die plaasnaam Noup en dra gevolglik dieselfde betekenis.

Noopbaai

Baai

K 3017 AA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Noopbaai".

Die baai het sy naam aan die plaasnaam Noup ontleen, aangesien ouer kaarte die bestaan van die plaas bevestig voordat die baai benoem is. Noop- is net 'n spellingsvariant van Noup. Die betekenis is dieselfde.

StilbaaiBaai

K 3017 AA

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n onwettige delfplek waar ek baie swartes wat diamante probeer uithaal het, gevang het. Dis 'n steelplek waar stilletjies vir diamante gedelf is."

Dis die baaitjie suid van Kammagappunt. As opsigter van De Beersgrond moes informant Brand in samewerking met die polisie onwettige "diggers" aan bande lê, daarom dat hy melding maak van sy ondervinding in dié verband. Hy ken dus die gebied baie goed en skryf die naam toe aan die stilte waaronder skelmpies gedelf is eerder as aan die kalmte van die seewater wat volgens hom net so as elders is.

VoëlklipRotspunt

K 3017 AA

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n rotspunt wat in die see uitsteek met 'n groot ronde klip waarop baie seevoëls vergader."

Dis 'n rotspunt waar die grenslyn tussen die plase Schulp Fontein en Noup in die see doodloop en wat 'n geliefkoosde vergaderplek van seevoëls is.

NUTTABOOIPLAAS Nam.Q.7-7

K 2917 CB

Eerste eienaar: Berman J 1910-10-20

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "Weer 'n Namawoord, en sover ek by hulle kan vasstel, het dit iets met 'n voetpad te doen."
Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Jasper Cloete - Ryk Jasper Cloete, soos hy genoem is - se koeie had (het) na /Nuttabooi toe opgewei. Daar was toe nog Boesmans in

dié geweste. In /Nuttabooi se drif had die Boesmans die koeie vasgekeer en hulle se (hulle) hakskeensening afgesny. Die aand daag net een vers, wat die vorige dag in die melk gekom had, by die kraal op. Aan die lelike snymerke en halfaf hakskeensening kon Jasper-goed (-hulle) sien dat dit die werk van die Boesmans was. Hy maak eie tyd (dadelik) hy se (sy) minse (mense) bymekaar en vat die spoor terug. By /Nuttabooi se drif lê mos die lang rooi kop. Toe hulle bo-op die kop oetkom (uitkom), sien hulle die Boesmans se vure onder in die drif. Cloete-goed wis dat die Boesmans se gewoonte was om te braai, te eet en te dans tot middernag. Na hulle so gewoed had (te kere gegaan/kragte ingespan het), gaan hulle slaap en dan slaap hulle dood. Hy wou hulle lewendig vang, daarom had hy en hy se (sy) manne hulle omsingel en gewag. Teen nanag was dit doodstil, behalwe die geskree van die huutjieheus (soort insek). Toe die dag aanslaan, had hulle toegesak. Hy maak hulle hande-voete vas, sleep doringtakke en hout bymekaar, slaan daarmee 'n kraal, lê die Boesmans daarin neer en steek dit aan die brand. Daardie tyd was die Buffelsrivier nog die grenslyn en die gesag was in die hande van die veldkornette. Die Boesmans is almal daar verbrand en daar had nie 'n haan na gekraai nie. Die naam ontstaan vanweë dié aandinklike (aandenklike) gebeure."

In die lig van die informante se mededeling tesame met eie kennis van die betrokke drif deur die Buffelsrivier, bekend as /Nuttabooi, (vroeër sou dit maar 'n voetpad gewees het) kan 'n verklaring van die naam gewaag word. Nienaber & Raper (1980:666) wys daarop dat voetpad in Nama !gani, #garob of /nū-daob is (Rust 1960:24) en dat /nū-daob verklaar kan word as /nū- = been of voet (Nienaber 1963:507) en dao-b = pad of weg (Rust 1960:72). Klankmatig is 'n verband moontlik tussen /nū-dao-b en die deel Nutta(b) - van die plaasnaam. Met hierdie siening van die skrywers wil ek my ver-

eenselwig, en aan die hand van informant Coetzee se vertelling ook probeer om die laaste lid van die naam te verklaar. Wreek of straf is in Nama bo (Rust 1960:48; 59), wat te rym is met -boo(i). Die slot-i is 'n lokatiewe element. Letterlik sal dit dan beteken "Die voetpad waar wraak geneem is". Die drif en plaas dra vandag dieselfde naam, maar dit is die drifnaam wat plaasnaam geword het.

0OBEESPLAAS Nam. Q.11-6

K 3018 DB

Eerste eienaar: Mostert AHL 1916-10-10

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Obees".

Obees is ongetwyfeld wisseluitspraak van Oubees in die naam Oubeespan, 'n pan op die plaas wat aaneenskakel met Bitterfonteinpan wat strek vanaf die plaas Bitterfontein. Obees is dan soos Nama ou [au] = bitter (Rust 1960:11) met -bee-s as panbenoemende suffiks, gewoon as lokatief by oop waters. Letterlik dan "Bitterfontein". Nienaber & Raper (1977:952) is van mening dat die plaas Bitterfontein (Nam. Q.11-2), by registrasie gespel Bitter Fontein, moontlik 'n onderverdeling van die destydse groot Obees is waarvan die Afrikaanse naam 'n vertaling is van die inlandse naam. Die opstal word as Ou Bees gespel wat nou lyk na 'n suiwer Afrikaanse naam bestaande uit twee woorde maar volksetimologies ontwikkel het uit Obees of Oubees. Dit is dan eintlik die pannaam wat plaasnaam geword het.

OLYVEN FONTEIN (Vroeër moontlik bekend as Komgoois)PLAAS Clw. Q.6-35

K 3017 BB/3017 AA

Eerste eienaar: Van Aarde JD 1843-12-15

Beukes PAA 1978 Rustende boer Vraelys. "Die plaas se naam meen ek, is Olienfontein, omdat daar so baie olienhoutbome staan. Daar's 'n paar fonteine op die plaas."

Vernoem na die fonteine en die baie wilde-olienhoutbome, Olea africana (Smith 1966:355), wat daar groei. Die vermoede is dat Komgoois (vergelyk onder die plaas DE KUILEN) die moontlike ou Khoekhoense naam van Olyven Fontein kan wees (Nienaber & Raper 1980:552), sodat die plaasnaam dan 'n

Vergelyk die plaasnaam BOVENSTE VLEI waar informant Lochner ook die plaasnaam Onderste Vlei verklaar, te wete dat dit vernoem is na die vleie wat onder toe of laer of langs die Aalwynsfonteinlaagte geleë is.

OGRABIES

PLAAS 523/1958

K 2917 AA

Eerste eienaar: Viljoen AJ 1964-08-10

Backhouse (1844:535) "... we rode (...) over sandy ground, on which the fresh traces of the Gembok's feet were numerous, to Oeg Grawep, or Footjes Kraal, where there was a hole of good water".

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek. "Die uitspraak is !Oegarábies en dit beteken 'Voetjiesgraafwater'. Hulle vertel dat h ou Nama op h warm oostewindmiddag met sy hondjie hom aldaar bevind het, halfdood van die dors. Radeloos het hy later op h plek gaan lê, seker om maar te sterf van die dors. Die hondjie is later daar weg en toe hy terugkom, merk die ou Nama op dat hy dik gedrink en sy voetjies nog nat was. Hy volg hom toe en kom op h pankolletjie af waar die hondjie water gegrawe het. Hy noem dit toe 'Voetjiesgraafwater'."

Nienaber & Raper (1977:966-8) gee h lys aanhalings uit toepaslike bronne waaronder hulle Backhouse se verklaring as die mees aanneemlike uitsonder en verklaar as Nama !ū-s = "Klaue, Huf" (Rust 1960:35), vir voet(jies). Kraal is !hará- (met middeltoon) en stem ooreen met die -g(a)rǎ- van die pleknaam. Die -bis is op te vat as die lokativerende suffiks. Dus: die "Plek (-bis) van die kraal (!hará-) by die wildspore (!u-di)", of gewoonweg "Voetspoortjieskraal" of "Voetjieskraal". Nou is dit opvallend dat informant Goosen, wat die gebied baie goed ken, se uitspraak van die naam ooreenkom met dié van bovermelde verklaring, alhoewel hy in sy verklaring van die betekenis terugval op graafwater,

dit wil sê -xorabes = "kleines Wasserloch" (Kr. & Rust 1969:47), by xora = "im Riviersand nach Wasser graben". Sy bydrae lê miskien daarin dat die gebeurtenis soos deur hom verhaal, die oorsprong van Backhouse se "Footjes" kan wees in plaas van die baie wildspore en by name gemsbokspore.

Vyftienmyl se BergeBerge

K 2917 AA

Viljoen WAA 1978 Boer Vraelys. "Die plaas is ook 15 myl genoem omdat dit 15 myl vanaf Port Nolloth geleë is per spoor toe die treintjie nog bestaan het."

Op CCRS 1907-14 Port Nolloth & O'okiep Sheet verskyn die genoemde berge nog onder die naam Oograbies Bergen. Dit was eers met die koms van die muiltrein in 1876 dat die hendaagse naam van Vyftienmyl se Berge inslag gevind het. Die 76 cm wye treinspoor het oor 'n afstand van ongeveer 146,4 km van Port Nolloth na Okiep geloop waarop dertig spoorwaens deur muilspanne getrek is. Op vasgestelde afstande is stilgehou ter wille van water of om vars muilspanne voor te haak (De Villiers, en ander 1969). Dié "stasies" is aangedui deur die afstande in myle van Port Nolloth af. So was daar 5, 8, 15, 22, 28 en 36 myl. Die 15 myl-stasie was by die Oograbies Berge wat van toe af as Vyftienmyl se Berge bekend gestaan het. Dit dra landmetersbaken nommer 6, asook die woorde "Witwatersrand Rifles 1914" in wit gekalkte klippe uitgepak. Dié regiment het gedurende die Boereoorlog in die berg geskuil.

OONABPLAAS Nam. Q.5-18

K 2918 BA

Eerste eienaar: Burke GA 1909-06-03

Van Heerde-versameling. "Swart Jim Dixon vertel: 'Een kant van Naroep-plaas is 'n wit kop. Dit is gerimpeld soos 'n

ou man se kop. Die water is voor die gerimpelde kop.' Volgens Swart Jim moet Oonap beteken die water reg voor die gerimpelde kop. Die kop was wit en het ook die vorm van 'n ou man se kop gehad."

Agenbag JJ Boer 1980 Vraelys. "Uitgespreek Xoexap. Beteken (xoe - voorkop, xap - af). Verleen sy naam aan watergorra reg voor 'n koppie. Xoexap beteken dus: reg voor die voorkop."

Bogenoemde is ter aanvulling van die bronnegewens oor die plaasnaam Oonab soos byeengebring deur Nienaber & Raper (1977:968). Voorkop is in Nama !u-s (Rust 1960:59; Nienaber 1963:509-10), wat taalkundig versoenbaar is met die Oo- van Oonab. Die tweede lid sal dan wees soos Nama \neq gâb = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dus: "Die graafwatergat voor die voorkop", of "Voorkopgraafwatergat".

Dubudaganseb

Berg

K 2918 BA

SG map 1895 "Dubudaganseb".

Agenbag JJ 1978 Boer Vraelys "Watergorras - Xoroxobbip en Duwidigansip. Ken ongelukkig nie die betekenis van die twee Hottentot-benaminge nie."

Op Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder verskyn Skelmpoort wat korreleer met die ligging van Dubudaganseb en wat vermoedelik verband hou met die betekenis. Die komponent Dubu- met wisseluitspraak Duwu- (vir wisseling van b/w vergelyk Nienaber & Raper 1977:43 by 5B1) beteken "flüstern; im Flüsterton sprechen" (Kr. & Rust 1969:58) wat die gedagte van "skelm wees" weergee. Die -da-, deur informant Agenbag aangegee as -di- (wisseling van klinkers kom algemeen voor), sal beteken doen, maak en \neq gan = toemaak, sluit (Kr. & Rust 1969:99). Die -se(i)- is plekaanduidend met die slot -b(p) wat aandui dat dit 'n bergnaam is. Dit kom dan naastenby neer op "Die berg wat skelm toemaak", vermoedelik

die watergorras. Die poort staan kortweg bekend as "Skelm-poort".

Tarras

Berg

K 2918 BA

Agenbag JJ 1978 Boer Vraelys "Tarras-Berg. Hottentotnaam. Verleen sy naam aan sy eienaardige vorm. Lyk soos en beteken bors van 'n vrou."

Taalkundig kan die bergnaam nie met bors of moederbors gerym word nie, aangesien laasgenoemde in Nama sams is (Rust 1960:12), maar dit kan wel in verband gebring word met Nama Taras ("die Frau, das Weib" (Kr. & Rust 1969:356), wat indirek die gedagte van 'n moederbors kan opwek. Nienaber & Raper (1980:712) lê egter ook 'n ander verband, naamlik dat indien die T- van Tarras die dentale suigkonsonant verteenwoordig, kan die woord /haras = vratjie of tiet (Kr. & Rust 1969:158) ten grondslag van die betrokke bergnaam lê. Plaaslike navraag het aan die lig gebring dat vroulike bors, pram en tiet as sinonieme gebruik word. Sommige sê dan ook dat die berg die vorm van 'n tiet het. Letterlik dus: "Vratjie-of Tietberg".

ORANJE FONTEIN

PLAAS Nam. Q.7-20

K 2918 CA

Eerste eienaar: Van den Heever PJ 1916-02-08

Roux B 1983 Meganikus Gesprek "Die naam dui blykbaar maar op die kleurgeaardheid van die grond."

Die plaas skyn koperdraend te wees, sodat die naam vermoedelik ontstaan het na aanleiding van die bodemkleur en die fontein as vernaamste waterbron.

OSPLAATPLAAS Nam. Q.7-15

K 3017 BB

Eerste eienaar: Schur M 1911-04-24

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Osplaat".

Plaaslik word algemeen aanvaar dat boere hulle osse op die plaat laat loop het, wat nie onwaarskynlik is nie. Tog is ek van mening dat die eerste lid eerder is soos Nama \bar{o} = "eng" (Kr. & Rust 1969:330), terwyl -plaat hier plato veronderstel. Dus: "Smalplaat", wat topografies en taalkundig aanvaarbaar is.

Osplaat se BergBerg

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Osplaat se Berg".

Die berg is vernoem na die plaas, naamlik Osplaat, waarop dit geleë is. Vergelyk aldaar vir die betekenis van die naam.

OUBEEPPLAAS Nam. Q.12-20

K 2916 BD

Eerste eienaar: Mostert GJ 1925-11-18

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Merendeels gelyk wêreld met kort seeduintjies en 'n soutpan bekend as Oubeebpan waar baie diamante is. Daar is 'n uitgewerkte myn en daar was vroeër ook 'n polisiestatie."

Die eerste lid is soos Nama \bar{o} - = sout (Rust 1960:51) met -bee-b as panbenoemende formans (Nienaber/Raper 1977:975). Letterlik beteken die plaasnaam dan "Soutpan", na aanleiding van die groot soutpan wat op die plaas geleë is. Die naam is ook oorgedra op die destydse aanleg noord van die pan asook die baaitjie reg wes daarvan.

BlinkstraatjiesBaai

K 2916 BD

Opmeting 1958 "As the tide goes out and the water recedes, so the parallel rock formation is left wet and shiny giving the effect of a wet street with a highly reflective surface. Information: Mr G. Coetzee and others in vicinity."

Die baainaam is ontleen aan dié spesifieke rots waarvan die nat, blink oppervlakte aan nat straatjies laat dink wanneer die gety terugtrek.

White PointPunt

K 2916 BD

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n kalkagtige punt waar baie diamante is."

Vernoem na die wit, kalkagtige grond by die punt.

Wreck PointPunt

K 2916 BD

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "By dié punt had (het) vroeër 'n skip gestrand. Die wrak lê vandag nog daar. Die buurt se mense had geweldig baie hout en kool hiervandaan weggery."

Op SG map 1895 kom dit voor as Wedge Point. Die punt het die vorm van 'n wig, van daar die eertydse Engelse benaming. In digte mis is dié punt vanselfsprekend uiters gevaarlik vir skepe, gevolglik het die skip waarvan die informant melding maak, hom op die rotpunt te pletter geloop. Van toe af is die punt klaarblyklik benoem na aanleiding van die wrak, dus Wreck Point.

OUBEESPLAAS Clw. Q.7-24 K 2917 CD/DC 3017 AB/BA

Eerste eienaar: Van Zyl JA 1844-02-15

Kotze WJ 1978 Boer Gesprek "Ek dink die naam het met die plaas se sout water te make."

Nienaber & Raper (1977:976) het hulle informant, JA Louw, se inligting verkeerdelik onder hierdie plaas aangebring. Dit is 'n ander Oubees, vermoedelik dié op graadvierkant 3018 DB, waaroor hy die woord voer. Die Oubees waaroor dit hier gaan, is 'n baie ou plaas op die skeiding tussen die karoo- en sandveldgedeelte van Onder-Kamiesberg. Geleë op die ou koperroete na Hondeklipbaai, het die destydse Cape Copper Mining Company dit gekoop met die oog op 'n uitspanning. Water wat 'n belangrike faktor op dié roete was, was hier verkrygbaar in die bedding van die Swartlintjiesrivier wat oor die plaas loop. Alhoewel bruikbaar, was die water brak sodat die plaasnaam klaarblyklik hieraan ontleen is. Die eerste lid dui op Nama ou = bitter (Rust 1960:11), terwyl die -bee-s die lokatieworm is, soos Nama -be-, plus die slot -s fem. sing., gewoon by watername soos fonteine, bronne of panne. Letterlik dan te vertaal met "Bitter water" of "Bitterfontein". Indien dit 'n suigklank aan die begin sou gehad het, bring dit ons steeds by die sout- of brakwater, want sout is in Nama \bar{o} - (Rust 1960:51), in welke geval dit dan "Soutwater" of "Soutfontein" beteken. Die vermoede is egter dat die naam sonder die klapklank bestaan het.

Blikwinkel se Draai

Draai

K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek "Dit is 'n draai in die pad waar 'n blikwinkel vroeër gestaan het."

'n Draai in die pad na Wildepaarde Hoek ongeveer een kilometer van die Oubees-opstal af. Toe koper gedurende die negentigerjare van die vorige eeu met ossewaens van O'kiep na Hondeklipbaai vervoer is, het 'n sinkgeboutjie hier as winkel gedien waar die transportryers van die nodige voorsien is.

In die volksmond het die draai bekend gestaan as Blikwinkel se Draai.

Katrina se Kruis Kruising K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek "n Kleurlingvrou met die naam Katrina is by dié kruising oorlede."

'n Kruising van twee paaie in Wildepaardehoek se Brak, te wete dié tussen Soebatsfontein en Graaf se Put en die ander tussen Wildepaardehoek en Hondeklipbaai. 'n Kleurlingvrou met die naam Katrina is by dié kruising oorlede, van daar Katrina se Kruis.

Kosmaakvlei Vlei K 3018 BA

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek. "Voetgangers wat na verlore diere gesoek het, het gewoonlik by dié vlei kos en 'n drinkding (iets te drinke) gemaak."

Ligman se Kop Kop K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek "n Koppie op die plaas waar 'n os met die naam Ligman gevrek het."

Oubees se Sand Gebied K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek. "Dis die sandgedeelte van die plaas."

Die sandgedeelte - in teenstelling met die karoo-agtige gedeelte van die plaas Oubees. Gedurende reënjarige is dit oortrek met blomme. My verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

Ribbokkop Kop K 3018 BA

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek. "n Kop waar ribbokke vroeër gehou het."

Die enigste uitstaande kop op die suidoostelike gedeelte van die plaas met landmetersbaken nommer 36. Die kop was vroeër die geliefkoosde blyplek van etlike ribbokke, Cervicapra fulvorufula (Odendal 1981:901).

Rooihond se Vlei Vlei K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek. "n Vleitjie op die plaas wat water opvang as dit reën. 'n Rooi hond wat gif gevreet het, het sy toevlug na hierdie water geneem waar hy binne-in die vlei gevrek het."

Spioenduin Duin K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek "Dis 'n besondere hoë duin wat goeie uitsig verleen wanneer na diere gesoek word."

Daar kan van dié duin af gespioeneer word, van daar die naam.

Springbokvlei Vlei K 3018 BA

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek. "Dit is 'n vlei waar baie springbokke vroeër gesuip het."

'n Vlei op die karooigedeelte van die plaas (plaaslik bekend as [káru]) waar vroeër troppe springbokke, Antidorcas marsupialis (Odendal 1981:1052) kom drink het.

Witbeenbaken se Sand Gebied K 3018 AB

Wiese JM 1978 Boervrou Gesprek "Die hoekbaken by die sand is 'n walvis se ribbebeen."

'n Stukkie sandveld, plaaslik bekend as 'n stukkie sand, geleë aan die westekant van die plaas waarvan die hoekbaken hier 'n walvis, Cetacea orde (Odendal 1981:1339), se ribbebeen is.

Die wit been is van ver af sigbaar en die sandgebied is deur middel van hierdie baken benoem.

OUGRABIESPLAAS

K 2918 BA/BC

Eerste eienaar: Van Niekerk G 1911-01-19

Van den Heever NM 1982 Boer Gesprek "Die enigste water was brak graaf- of putwater. Die naam het vermoedelik daarmee te doen."

Bogenoemde is ter aanvulling van Nienaber & Raper (1977: 967-8) se opmerking oor Ougrabiesberg, geleë op die plaas Ougrabies waarvan die naam vermoedelik op genoemde berg oorgedra is. Dit verskyn nog as afsonderlike plaas op onder andere die Afdelingsraadkaart van Namakwaland, maar op moderne kaarte as deel van die plaas Ou Taaibosmond. Volgens my informant se mededeling, sal die eerste lid dan vermoedelik wees soos Nama ou [au] = bitter (Rust 1960:11) en die -gra- = xora = graafwater (1960:28), met plekbenoemende -bie- plus fem. -s vir bronname. Plaaslik word die lid Ou- ook as Oe- en Oo- uitgespreek, in welke geval dit dan gesien kan word as /ū = brak of soutestig (1960:12). Die begrippe brak-, sout- en bitterwater word plaaslik baie los gebruik. So word byvoorbeeld van water wat baie brak is, gepraat as bitterwater.

KamasoasOnderverdeling met opstal

K 2918 BA

Jacobs PJ 1978 Boer Vraelys "Kammasoas met 'n Tka as eerste uitspraak vir die K- beteken volgens oorlewering, plek van laaste koel water. Die naam word verleen aan die

klipskeur met watergat nog steeds in werking op die plaas, wat voldoende water aan die Boesmanjagters voorsien het. Die nabygeleë sandsteenrotse is ook vol slypmerke van hulle pyle."

Bogenoemde is ter aanvulling van Nienaber & Raper (1977:750) se gegewens oor Komasoas. My informant se spelling van die naam stem ooreen met dié van die oudste bron, naamlik dié van Gordon (1979 kaart AG 7146): Camasauws, die uitspraak wat plaaslik nog gehandhaaf word. Die eerste komponent van die naam sal dan wees soos Oud-Kaaps t'kamma = water (Nienaber 1963:522), terwyl die -soa-s soos Nama tsou-s = waterbron, puts (Rust 1960:72) te verstaan is. Dus: "Waterbron/-puts". Die naam van die waterbron is oorgedra op die nabygeleë berg en later ook op die onderverdeling.

LemoenpoortPoort

K 2918 BA

Jacobs PJ 1978 Boer Vraelys "N.a.v. die baie lemoending-bome wat eens daar gegroei het."

Die poort is vernoem na die Carissa bispinosa (Smit 1966: 322) wat vroeër volop in die poort gegroei het.

OUHOEKPLAAS Nam. Q.3-18

K 2917 DD

Eerste eienaars: Van Niekerk IJM & Coetzee AAJ 1889-01-28

Dixon J 1978 Afgetrede Boer Gesprek "Die plaas is grotendeels geleë in 'n hoek wat deur twee berge gevorm word."

Die plaas is aangrensend aan en geleë in dieselfde hoek tussen die berge as die plaas Windhoek. Die lid Ou- dui

hier nie soseer op ouderdom nie, maar wel op toegeneentheid.

OUSS or POPULIER BOSCH alias KOETS

PLAAS Clw. Q.7-37

K 3017 BB

Eerste eienaar: Van Wyk GJ 1844-03-15

Sensuskaart 1891 "Ouss or Populier Bosch alias Koets".

Laidler (1927:150) "D/oos, now Oes or Koets (the present village of Kamieskroon), 'between the shoulders'. Is descriptive of the position probably of a kraal, between the shoulders of two ranges of hills."

Mossop (s.j.:162-3) "Bowesdorp, on the western bastions of the lofty Kamiesberg, is approached through verdant Ouss (a name which means a Spring). Oh for a letter of our alphabet which would enable one to convey the liquid dental click with which a smiling native woman (whose slanting eyes and steatopyga proclaimed her Hot-tentot blood) said to the passing motorist 'Die plaas is Ouss!'"

Aan die hand van Laidler se optekening, sien Nienaber & Raper (1977:980) die grondwoord as Nama !au-b, -s = "der Hals, der Nacken" (Kr. & Rust 1969:30), dit wil sê dit lê in die nek. Die vorm Koets, of liewers Koes, het die velaar vooraan, nes dit in Oud-Kaaps vir nek gehoor is (Nienaber 1963:399-400). Letterlik beteken dit dan die "Plek (-s) by of in die bergnek (!au- of !ou-)". Mossop weer vereenselwig dit met /ous, /aus = fontein/bron, wat die logiese sou gewees het as Laidler se gegewens nie beskikbaar was nie. Tog wil ek nie die fonteingedagde summier verwerp nie. Gedagtig aan byvoorbeeld Cardauw-Fontein wat by die bergnek geleë is

(Sensuskaart 1891), sou ek ook ruimte wou laat vir die "Fontein(-s) by of in die bergnek (!au- of !ou-)". Die toegevoegde naam van Populier Bosch is van later toe dié boomsoort, van elders gebring, hier geplant is (Nienaber & Raper 1977:980).

BlyderustOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Gillman JW 1978 Boervrou Vraelys "Die plaas Windhoek (Klein-gaas) het aan my oupa, Evert Genis, behoort. Toe my ouers getroud is, is die gedeelte Haasrivier, aan hulle gegee om op te boer. Voor sy dood het my vader dit aan ons agt dogters en enigste seun bemaak, met die versoek dat, aangesien ons nie almal daarop kon boer nie, ons susters ons dele aan die broer moes verkoop. Die ander het dit gedoen, maar aangesien my man 22 jaar onafgebroke by die Okiep Kopermaatskappy gewerk het, moes ons darem 'n sitplek hê wanneer hy aftree. Dus het ek my deeltjie behou, laat afsny, 'n baie gerieflike huis daarop laat bou en dit Blyde-Rust genoem."

Die onderverdeling is dan vernoem na die heuglike rus na lange jare van diens.

BowesdorpAanleg

K 3017 BB

Pettman (1931:115) "... in Little Namaqualand we have Bowesdorp, a small place near the Kamiesberg, which derives its name from Dr. Bowes, at one time district surgeon there".

Heese (1973:13-4) "In 1860 het vier boere, HA Rossouw, C van Niekerk, J van Niekerk en AJ Coetzee, Wilgenhouts-kloof, 'n deel van die plaas Oest (Koets), vir R280 aangekoop en as sentrale kerkplaas vir die uitgestrekte gemeente

van Bitterfontein tot die Grootrivier (Oranje), beskikbaar gestel. Bowesville is hier aangelê wat later deur die boeremense Bowesdorp genoem is. Die dorp is vernoem na dr. Henry Bowe, 'n gebore Londenaar wat in Suid-Afrika 'n bestaan kom maak het. Hy is op 19 Julie 1858 as distriksgeneesheer te Springbokfontein aangestel."

Bowesdorp is vernoem na die geneesheer dr. Henry Bowe. Volgens Burman (1969:80) is dr. Bowe in 1826 as die seun van Thomas en Elizabeth Bowe in Engeland gebore waar hy in die medisyne studeer en in 1855 sy mediese graad ontvang nadat hy met Eliza Atlan in die huwelik getree het. Die egpaar het ses kinders gehad. Dr. Bowe het na Suid-Afrika verhuis en is op 19 Julie 1858 deur die Goewerneur as distriksgeneesheer op Springbok, die nuwe sentrum van die kopermyne, teen 'n salaris van R150 per jaar aangestel, maar aangesien hy die enigste geneesheer in dié uitgestrekte gebied was, is hy ook toegelaat om met 'n private praktyk voort te gaan. In 1864 is hy vereer deurdat die nuwe kerkplaas, Bowesville, later Bowesdorp, na hom vernoem is. Die rede vir die verering kon nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dis bekend dat hy een van die bekendste en mees geliefde mense in Namakwaland geword het. Sy naam verskyn ook onder die eerste kopers van bouperssele naby die kerk. Hy is net vyf jaar later, op 20 Februarie 1869, in die ouderdom van 43 jaar oorlede, terwyl sy vrou hom net drie jaar oorleef het.

Drie Brode

Rotsblokke

K 3017 BB

Gillman JW 1978 Boervrou Vraelys "Hier is 'n hoë berg met bo-op drie baie groot klippe wat lyk soos drie pan-brode, vandaar die benaming."

Dié drie kenmerkende ronde koppe wat bo-op soos brode vertoon, lê onmiddellik wes van Bowesdorp.

Groot GaasOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Vroeër was dit 'n sterk waterbron aan die voet van die Kamiesberg op die oorspronklike plaas Ouss."

Ek ken die fontein en opstal baie goed. Beslis soos Nama !Gâ-/aus. Die lid !gâ- = rug (Rust 1960:31) is ingelyf in !gâb-ei = agter, en /au-s = fontein (Kr. & Rust 1969: 319). Letterlik beteken dit dan "Agterfontein" in teenstelling met ander waters of fontein(e) wat meer na vore geleë was. Die benaming is plaaslik nog algemeen bekend. Die toegevoegde Afrikaanse lid Groot is ter onderskeiding van die latere Klein Gaas. Vergelyk Windhoek hier onder.

KamiesbergpasPas

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Kamiesbergpas".

Dis die hedendaagse pas oor die Kamiesberg wat Kamieskroon met Leliefontein verbind. Vir die betekenis van die bergnaam vergelyk KAMIESBERG onder berge.

KardouPas

K 3017 BB

Sensuskaart 1891 "Cardaw Fontein".

Alexander (1967:83) "I descended the steep, rocky, and long pass of Cardow, and arrived in the low country, at the widow Van derkniver's, above whose residence a high peak is twisted like a cockscrew."

Die lid Kar- (ook Car- gespel) is in Nama gedevelariseer; mēt die velaar vir Oud-Kaaps heet dit // (k)aro = "schmal, eng" (Kr. & Rust 1969:23). Die lid -dou = dao-b, wat poort of kloof beteken (Rust 1960:61). Die naam beteken dan "Smalkloof". Alexander se "pass" kom op dieselfde neer as kloof in soverre as die lid -dou(w) die inlandse

Genis CJ 1980 Boer Vraelys "Die plaas was 'n deel van die plaas Koets. Volgens my kennis was Windhoek en Gaas as 'n eenheid afgesny en Gaas geroep. Na verdere verdeling van Gaas, is dit onderskei deur die benaminge Groot- en Klein-Gaas, maar met oordrag na EGJ Genis, het hy laasgenoemde gedeelte laat registreer as Windhoek."

Op CCRS (1907-14) Bowesdorp Sheet verskyn nog die benaming Klein Gaas. Dis eers op moderne kaarte dat dit as Windhoek bekend staan. Vir die betekenis van die komponent Gaas vergelyk Groot Gaas onder die plaasnaam OUSS. Die jongere benaming, Windhoek, is vanweë die hoek waarin die plaas geleë is en waar die wind baie waai. Die verklaring is gebaseer op eie kennis van die betrokke gebied.

OUTSPAN

PLAAS

K 3017 AD

Eerste eienaar: Gereserveerde staatsgrond.

Sensuskaart 1891 "Outspan".

Die plase is geleë aan die mond van die Spoegrivier en aangrensende aan Mitchells Bay. Geen plaaslike inligting kon oor dié plaasnaam verkry word nie, behalwe dat dit as uitspanning by Rooiwalbaai gedien het. Op Sensuskaart 1891 word dit dan ook as gereserveerde uitspanning aangedui, sodat dit aanvaar kan word dat dié klein plasie as uitspanplek vir die destydse transportryers gedien het. Ek ken die gebied baie goed en kan geen alternatiewe betekenis vir die Engelse plaasnaam verskaf nie.

P

PAAPKUILS FONTEIN PLAAS Clw. Q.8-16 KK 3018 AB

Eerste eienaar: Brand F 1847-05-27

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Paapkuils Fontein".

Studer JP 1985 Afgetrede onderwyser Brief "Die plaas heet op die transportakte, Paapkuils Fontein, want die Paapkuilsrivier loop daaroor."

Vernoem na die baie papkuil, Typha australis en T. capensis (Smith 1966:361), wat veral langs die Papkuilsrivier, wat oor die plaas loop, gegroei het. Vergelyk PAPKUILSRIVIER onder riviere.

PAARDE HOEK PLAAS Nam. Q.8-16 K 2918 CC/3018 AA

Eerste eienaar: Beukes HA 1912-10-28

Divisional Map of Namaqualand 1916 "Paarde Hoek".

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Na wat ek verneem had (het), was perde lief vir die hoek wat die berge daar vorm. Ek vermoed dat dit wildeperde was."

Vernoem na die hoek wat die berge op die plaas vorm en wat vermoedelik vroeër 'n geliefkoosde loopplek van wildeperde was. Alhoewel plaaslik algemeen aanvaar word dat dit mak perde, Equus caballus (Odendal 1981:829) was, is dit egter baie moontlik dat dit sebras, Equus zebra (1981:944), vroeër ook bekend as wildeperde, kon wees, aangesien hulle destyds op verskeie plekke in die bergwêreld van Namakwaland aangetref is.

PAARDE VLEIPLAAS Nam. Q. 13-15

K 2917 CD

Eerste eienaar: Rich Robert 1926-04-03

Rich A 1978 Operateur Vraelys "Die naam van die plaas, toe dit gepag is, was Swartrug, maar toe was daar ander onder dieselfde naam, sodat die naam by registrasie verander is na Paarde Vlei, omdat daar 'n paar kalkkolle was wat water opgevang het as dit reent en wat vleie genoem is."

Van Dyk 1978 Boer Gesprek "Hier was vroeër blykbaar baie wilde perde wat as gevolg van die oopheid van die gronde vry geloop, aangeteel en wild geword het. Hulle moes tog by plekke gesuip het. Ek neem aan dat die vlei waarna die plaas vernoem is, een van die suipplekke was. Sulke diere graawe mos ook op sekere plekke vir water, byvoorbeeld in rivierbeddings of waar water vlak is."

Die plaas is vernoem na die kalkagtige sandsteenvlei met drie gate daarin waar wilde perde, Equus caballus (Odendal 1981:829), kom suip het. Die boere het in die vorige eeu hul perde berge toe gejaag om hulle teen perdesiekte te vrywaar. Baie van dié perde het daar wild geword. Dit kon egter ook wildeperde, Equus zebra (1981:944), gewees het wat in die omgewing van die vlei gehou het.

Juk se BultBult

K 2917 CD

Rich A 1978 Operateur Vraelys "Die plaas is deur 'n laagte, wat ons Klein-Sonnekwa noem, in twee bulte verdeel. Die een aan die oostekant word die Juk se Bult genoem omdat die hoekbaken daar 'n juk tussen 'n paar klippe is."

Die bult is dan, volgens die informant, vernoem na die juk wat as hoekbaken dien.

Kraaltjietaaibos se Werf Veewerf

K 2917 CD

Rich A 1978 Operateur Vraelys "Dit was 'n taaibos wat in die vorm van 'n kraal gegroei het en waarby 'n veewerf geleë was."

Die veewerf is vernoem na dié besondere taaibos, Rhus sp. (Smith 1966:454-5), wat daar naby gegroei het.

PAULS KRAALPLAAS Nam. Q.5-23

K 3018 AC

Eerste eienaars: Studer, en andere 1909-07-16

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Paulskraal was oorspronklik deel van 'n winterplaas van A.F. Engelbrecht van Ezelsfontein. Sover ek as kind uit gesprekke van die 'groot' mense onthou, was 'n sekere Paulse van die Basters of Griekwas wat later ooswaarts uit Namakwaland getrek het, deur oupa Andries (soos wat A.F. Engelbrecht bekend was) vergun om sy werf te maak op hierdie plaas."

Volgens die informant is die plaas dan vernoem na die Baster of Griekwa Paulse aan wie vergun was om 'n uitlegplek op die plaas aan te lê. Die lid Kraal verwys na die aanleg. Daar bestaan tans ook nog 'n Paulshoek in die Leliefontein-reserwaat, oos van Pauls Kraal.

BloudraaiOnderverdeling met opstal

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Heelwaarskynlik vernoem na die blou dolerietrif waarteen die pad effens noord in sy oostelike rigting naby die teenwoordige opstal swaai."

Vernoem na die bodemkleur en die draai wat die pad daar maak.

GroothoekGebied

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Ook Groot Skelmhoek genoem. Dit is 'n groter hoek as Klein Skelmhoek, waar die saailande geleë is."

Vir die betekenis, vergelyk Skelmhoek hieronder.

SaalbergBerg

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Wanneer 'n mens van die opstal op Paulskraal noordwes kyk het die berg bo-op die kruin 'n kaal klipformasie soos 'n saal. Dit vertoon nog mooier na 'n reën wanneer die son op die blink rots skyn."

Dit lyk kompleteet of die berg 'n saal op het, van daar die naam.

SkelmhoekGebied

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Die hoek waar die lande is, agter Witwater se huis by Saalberg. Daar was die bobbejane so uitgeslape om die gerwe op die oesland of die mielies in die tuin te plunder voordat hulle gewaar word."

Die hoek word soms ook Klein Skelmhoek genoem om dit te onderskei van Groothoek wat plaaslik ook Groot Skelmhoek heet. Die lid skelm- dui op die uitgeslape bobbejane.

WitbergBerg

K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Na aanleiding van die witgrys kleur van die klippe aan die suidekant van die berg."

Die bergnaam is na aanleiding van die wit vuursteenklippe veral aan die suidekant van die berg wat landmetersbaken nommer 58 dra.

Witwater Onderverdeling met opstal K 3018 AC

Studer JP 1978 Oud-onderwyser en boer Vraelys "Die put in die rivier by die huis se water was blou-wit in teenstelling met al die waterkuile langs die rivier wat 'n roesbruin room op die oppervlakte ontwikkel wanneer dit lank staan."

Vernoem na die opvallende witagtige putwater in die rivierbedding by die huis. Eintlik is dit sō helder blink dat dit as wit bestempel word.

PEDRO'S KLOOF PLAAS Clw. Q.6-52 K 3018 AA

Eerste eienaars: Kotze F & JP 1843-12-15

Archer RRE 1978 Boer Vraelys "n Sweedse skipbreukeling het voor 1840 hier gewoon. Sy naam was Pedro Mayer - vandaar Pedro's Kloof. Hy was ál oorlewende en het van die Weskus tot hier gedwaal en tussen Hottentotte gewoon."

Die plaas is vernoem na die opvallende kloof tussen die omringende berge waar, volgens oorlewering soos deur die informant verhaal, ene Pedro Mayer, 'n skipbreukeling, vroeër gewoon het. Daar kan miskien vermeld word dat een van die Khoekhoense lede van Gordon se geselskap wat in 1779 die gebied deurreis het, ene Nebekadneser of Pedro was (Nienaber & Raper 1977:966). Sy naam kon dalk aanleiding gegee het tot die plaasnaam. Geen bewyse ter bevestiging kon egter gevind word nie.

'n Bult of verheuenheid strek suid/noord oor die grootste gedeelte van die plaas en is vernoem na ene Pienaar oor wie geen verdere besonderhede beskikbaar is nie, behalwe dat hy in die dae van die pagstelsel blykbaar lank met sy vee teen dié bult gestaan het.

Beesholte

Holte

K 2917 CB

Goosen HW 1978 Boer Vraelys "n Kom tussen die duine waar baie gras groei en beeste gevolglik graag wei".

Groot-Skaapkop

Sandkop

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis die grootste van twee sandkoppe wat geleë is naby die noordwestelike hoek van die plaas."

Vergelyk die plaasnaam KLEIN SCHAAP KOP vir die naamsverklaring.

PLAT-BAKKIES

PLAAS Nam. Q.13-12

K 3018 BC

Eerste eienaars: Meyer AJJ, en andere 1926-03-22

Rossouw (1973:30) "... want nou lê die plaas vas teen die grootpad, daar waar die bakkies so plat soos 'n pannekoek is".

Lochner MG 1981 Boer Brief "Baie klipbakkies en as dit reën kon die bakkies nie water vat nie en is dit Platbakkies genoem."

Burden AP 1983 Boer Vraelys "Op die klippe is vlak holtes (waterbakkies) waaruit die mense vroeër water geskep het."

'n Letterlike en 'n figuurlike verklaring: plat klipbakkies en 'n plat aangesig. Beide Lochner en Burden, wat die gebied

goed ken, skryf die plaasnaam toe aan die vlak- of plat klipbakkies wat water opvang as dit reën. Eie kennis van genoemde plaas laat my hulle verklaring onderskryf, aangesien die topografie nie Rossouw se siening regverdig nie.

OuwerfduinDuin

K 3018 BC

Burden AP 1980 Boer Vraelys "Waar die skaap snags op die werf gebring is om te slaap - toe skaap nog opgepas is."

Die duin is benoem na aanleiding van die ouwerf.

TkousKlipgat

K 3018 BC

Burden AP 1980 Boer Vraelys "T'kous - Nama (of Boesman). Woord vir klipgat."

Met die T' probeer die informant die suigklank voorstel. Die naam is dan blykbaar soos Nama !hau-s = "die Fels - Wasserbank" (Kr. & Rust 1969:170), met wisseling van k- en h- (Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3). Dus: "Klipgat" in plaaslike taal.

Wit-KookopKop

K 3018 AD

Opmeting s.j. "Beskrywend van wit klippe bo-op kop; geleë naby Kookoppe."

Die Koo- is waarskynlik soos Nama \neq go = spits (Kr. & Rust 1969:131). Vir wisseling van g-/k- vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3). Die geheel dan: "Wit-Spitskop".

PLATJES FONTEINPLAAS Nam. Q.10-11

K 2917 DA

Eerste eienaar: Van den Heever JA 1915-01-15

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Tussen die koppies lê daar stukkies gelyk grond bekend as plaatjies waarvan baie op die plaas voorkom. Vroeër was daar drie fontein-tjies tussen die plaatjies."

Met plaatjies word bedoel gelyk stukkies grond omring deur 'n verhevenheid soos koppies of rante. Die plaas word gekenmerk deur die groot getal plaatjies wat byna die indruk skep asof die gebied geterrasseer is. Dit tesame met die drie fonteine wat vroeër daar was, het aan die plaas sy naam in Nederlandse vorm besorg.

PLATJES FONTEIN

PLASE Nam. Q.1-13; 1-14; 1-16

K 2918 CA/CC

Eerste eienaar: Roux PJ 1864-07-16

Plaasnaamlys s.j. "Lot 830 Portion of Platjes Fontein Suid (Q.1-16); Lot 831 Portion of Platjes Fontein; Lot 832 Portion of Platjes Fontein (Q.1-14); Lot 833 Portion of Platjes Fontein (Q.1-13)."

Die drie plase hierbo genoem, is naamgenote en aldus vernoem na die oorspronklike fontein(e) en die baie plaatjies of gelyk stukkies grond tussen die koppies en rante. Vergelyk die plaasnaam PLATJES FONTEIN.

Boegoeklip

Gebied

K 2918 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Boegoeklip".

Volgens plaaslike oorlewering is die gebied vernoem na die boegoestruikgewas, Rutaceae sp. (Smith 1966:135-41), wat vroeër tussen die klippe gegroei het.

KouboombergBerg

K 2918 CA

Kennedy AAJ 1983 Boer Gesprek "Daar het vroeër baie koubome gegroei."

Vernoem na die kouboom, Pappea schumanniana (Smith 1966:309), waarvoor in Oud-Kaaps ook opgeteken is t'kouboom en /gouboom (Nienaber 1963:355). Die saad het 'n olie wat deur die Boesmans vir hulle tekeninge gebruik is (Smith 1966:309).

PramkopKop

K 2918 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Pramkop".

Die kop het die vorm van 'n vroulike bors of pram, soos dit normaalweg plaaslik heet. Die verklaring berus op eie waarneming.

PLATT PENS OR VALSE VLEI PLAAS Nam. Q.13-11

K 3019 AC

Eerste eienaars: Brand FJJ, en andere 1926-02-19

Brand LvW 1978 Boer Vraelys "Platpens: Groot vlei wat nie water kan hou nie, daarom die naam 'Platpens'. Valsvlei, omdat die vlei se water dadelik uittrek."

Die plaas is vernoem na die twee vleie die een baie vlak of plat sodat dit nie water kan hou nie en die ander baie bedrieglik aangesien sy water spoedig opdroog. Hierdie baie beskrywende vleiname is voorbeelde van personifikasie.

Kêp se VleiVlei en Opstal

K 3019 AC

Brand LvW 1978 Boer Vraelys "Kêp se Vlei - so genoem omdat 'n ou jong, Jakob Kêppies vroeër daar skaap opgepas het."

Dit is een van verskeie vleie op die plaas en vernoem na die eerste lid van die veewagter se van of bynaam.

Wilde Floors se Kop

Kop

K 3019 AC

Brand LvW 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat dit vroeër sy skaapwerf was."

Die kop is vernoem na 'n boer met die bynaam Wilde Floors wat, volgens die informant, vroeër sy veewerf daar gehad het. Die kop dra landmetersbaken nommer 30.

PLAT VLEY

PLAAS Nam. Q.4-2

K 2917 CD

Eerste eienaars: Schreuder PJ en MJ 1894-11-30

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Op Kameelboom Vley is ook 'n vlei wat Platvlei genoem word, maar dit had (het) niks te make met die plaas Plat Vley nie. Laasgenoemde had sy naam te danke aan 'n plat pan of vlei naby Witte-duin, wat van noordoos na suidwes loop. Op een punt staan die meeste water as dit reën. Daar was 'n kleigat waaruit klei gery is om matjieshuisvloere in te sit."

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Die eintlike vlei wat Platvlei heet, lê op die buurplaas Kameelboom Vley. Ek dink dié vlei het met die opmeting van die grond per ongeluk op laasgenoemde plaas geval."

Die bewering van informant Van Dyk dat die vlei met uitmeting op die buurplaas Kameelboom Vley geval het, hou nie steek nie. Op Sensuskaart 1891 verskyn die plaas Plat Vley alreeds as opgemete plaas, terwyl Kameelboom Vley en ander aangrensende plase eers op Divisional map of Namaqualand 1916 as toevoegings, sonder enige verandering aan Plat Vley se grense, verskyn. Daar mōes dus 'n vlei op die oorspronklike Plat Vley gewees het waaraan die naam ontleen is.

As oudste inwoner wat die gebied baie goed ken, gee informant Coetzee vir ons daarenteen die presiese ligging en beskrywing van die oorspronklike plat pan of vlei op die noordelike gedeelte van die plaas naby Wit(te)duin wat aanleiding gegee het tot die plaasnaam.

Anniegap se VleiVleiK 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n vleitjie waarby 'n kameelboom staan langs die pad van Platvlei na Witte-
duin. Sommige mense wat nie die naam Anniegap geken het nie, het dit Kameelboom se Vlei genoem. Betekenis onbekend."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Party mense had (het) van Amigap gepraat, maar ek had die vleitjie geken as Anniegap."

Die inlandse naam van die vleitjie is nog net aan die ouer garde bekend. Oor die uitspraak van die naam is daar meningsverskil, alhoewel die meeste van Anniegap praat in welke geval dit dan kan wees soos Nama Ani- = voël, en /gab = "die Fläche, die Ebene, die Vley" (Kr. & Rust 1969:97). Dus: "Voëlvlei". Kleiner voëlsoorte, soos veral die namakwapatrys, versamel gewoonlik in groot getalle by sulke oop waters. Dit kon aanleiding gegee het tot die naam. Indien Amigap, sal dit neerkom op /ami = volstruis (Rust 1960:59), in welke geval dit "Volstruisvlei" sal beteken. Volstruise, Struthio camelus (Odendal 1981:1304), was vroeër volop in dié geweste. Voorkeur word egter gegee aan die uitspraak van die meerderheid.

RooibakenGebiedK 2917 CD

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Die klippe van die omgewing is rooi van kleur en die hoekbaken is van rooi klippe gepak."

Dis die gebied by die noordoostelike hoekbaken van die plaas Plat Vley, wat na aanleiding van die hoekbaken van rooi klip benoem is.

WitduinOnderverdeling met opstal

K 2917 CD

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Dis vernoem na die wit sandduine. Die neutvars water is net in die sand bokant die kleiblad. My pa had (het) in 1896 'n puts in die klei gegrawe, maar geen water gekry nie."

Op SG map 1895 en Sensuskaart 1891 word 'n fontein by Witduin aangedui, terwyl op die Divisional map of Namaqualand 1916 "water holes" verskyn. Hierdie varswaterbron was destyds 'n alombekende en baie belangrike oase in dié dorre streek, maar dit was geleë by swaar, wit waaisandduine, van daar Wit(te)duin (Heese 1945:1).

POLLY'S KLOOFPLAAS Nam. Q.12-14

K 2917 DC

Eerste eienaars: Dixon BM; Esterhuizen JD 1925-03-09

Van Heerde-versameling "Tant Polly Rossouw het daar gewoon. Gevolglik - Polly se Kloof."

Gagiano K 1978 Boer Gesprek "Tant Polly Dixon het daar gewoon. Dit was eers bekend as Polly's Gat, maar tant Polly het hierteen beswaar gemaak en daarom is dit toe Polly's Kloof genoem. 'n Kloof loop oor die plaas, waarlangs die waters van Taaiboskraal en Mesklip se gebied afloop tot in die Ezelsfonteinrivier."

Mostert HA 1978 Boer Vraelys "Daar het vroeër jare ene Pollie Esterhuizen gewoon. Toe is die plek na hom vernoem - Pollie se Kloof."

Hoewel die informante verskil oor die persoon wat daarby betrokke is, is dit duidelik dat die plaas vernoem is na die eerste eenaar(es) met die noemnaam Polly tesame met die opvallende kloof wat oor die plaas loop. Gagiano en Mostert skyn nader aan korrek te wees, aangesien Dixon en

Esterhuizen, volgens registrasie, die eerste eienaars van die plaas was.

PORT NOLLOTH

STAATSPLAAS

K 2916 BB/BD

Eerste eenaar: Staatsgrond

Afdelingsraadkaart van Namakwaland s.j. en Divisional map of Namaqualand 1916 "Port Nolloth Reserve".

Staatsgereserveerde gebied om die Port Nolloth-hawe. Vir verklaring van die naam Port Nolloth vergelyk PORT NOLLOTH onder dorpe.

Gooappunt

Punt

K 2916 BD

Opmeting 1959 Skrywe van assistent-landdros van Port Nolloth op 3 September 1959 aan die Sekretaris van Onderwys Kuns en Wetenskap, Privaatsak 122, Pretoria. "Naby die 'punt' is 'n put waar skape (ook ander diere en mense) water kry. Volgens ek meegedeel word, is die Hottentot-benaming vir so 'n plek 'GHUAAP' wat 'skaapdrink' beteken. Daarnaas kom 'GHUAAB' wat 'skaapskree' beteken. Die mees waarskynlikste en aanneemlikste is egter 'Die plek waar die skape water drink' (GHUAB). Dit was vroeër die enigste drinkplek vir die vee in die hele omgewing. Die inligting is deur die plaaslike skoolhoof verskaf en kan as korrek aanvaar word. Die naam kan dus as 'Ghuab-punt' aanvaar word."

Bogenoemde is ter aanvulling van die gegewens oor die betrokke naam byeengebring deur Nienaber & Raper (1980:345-6). Na aanleiding van Gordon en Paterson se gegewens (Forbes 1965:89), tesame met nabygeleë entiteite soos Klein Duin en Witduine, bring Nienaber & Raper Gooap in verband met Nama /gowa-b = duin (Rust 1960:15). Dus: "Duin(e)plek" en gevolglik ook "Duinepunt". Die plaaslike bewoners bring, volgens opmeting hierbo, egter die G(h)u- in verband met

Nama $\bar{g}u$ = skaap (1960:52) en $-a(a)-$ met \bar{a} = drink (1960:62). Die $-p(-b)$ lokativeer. In geheel dan: "Skaapdrinkplek". Hiervolgens sal "Gooap Point" dan wees die "Punt by die skaapdrinkplek". Al twee verklarings is aanvaarbaar.

John Owen Bay

Baai

K 2916 BD

Opmeting s.j. "Named after John Owen the hydrographer who surveyed this part of the coast in the 19th century. The name is used without apostrophe s."

Geleë tussen South Point en McDougall's Bay en vernoem na John Owen, die hidrograaf, soos deur Opmeting vermeld.

Julieshoogte

Hoogte

K 2916 BD

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Dit was 'n Kaapse jong met kappelhare (golwende hare) wat vroeër daar geboer het en by 5 Myl water gekry het vir sy vee."

Die plaaslike bewoners het die hoogte vroeër Uitkyk genoem omdat mens daarvandaan ver na alle kante toe kan sien, maar later is dit na die Kaapse Kleurling Julie, wat daar geboer het, vernoem. Die lid $-$ hoogte verwys na die swaar sandhoogte waaroor die pad destyds gegaan het. Dit dra opmetingsbaken nommer 5.

McDougall Bay

Baai

K 2916 BD

Van Heerde-versameling "McDougall Bay - na kaptein McDougall vernoem."

Alluwiale Staatsdelwery Alexanderbaai 1928-1978:12

"During that same year, Donald McDougall - who gave his name to McDougall's Bay near Port Nolloth - secured mine-rale rights from Paul Links ..."

Volgens laasgenoemde hierbo, is die South African Mining Company in 1846 gestig om die koper, wat deur James Edward Alexander ontdek is, te ontgin. Vanweë verskeie probleme het die maatskappy egter misluk. In dieselfde jaar het Donald McDougall mineraleregte verkry van Paul Links, 'n Namakwahoof, wat vir ongeveer 100 kilometer inlands aan die suidelike oewer van die Oranjerivier gestrek het. Hy het ook 'n handelsaak gestig om die kopererts by die riviermond te hanteer. In 1854 het hy sy mineraleregte aan 'n Port Elizabethse maatskappy verkoop, wat die Kodasmyn op die westelike flank van die Richtersveld, ongeveer 16 kilometer suid van Sendelingsdrif, geopen het (Alluwiale Staatsdelwery Alexanderbaai 1978:13). McDougallbaai is dan na kaptein Donald McDougall vernoem.

SeemansrusOpstal

K 2916 BB

De Vries A 1978 Rustende boer Gesprek "Dirk Mostert het jare lank visgevang. Toe hy van die see afkom, het hy op dié plekkie kom boer en dit gevolglik Seemansrus genoem."

Die opstal is, volgens die informant, vernoem na die seeman, Dirk Mostert, wat hier ná baie jare op die see 'n rusplek gevind het.

TweemylWaterplek/-put

K 2916 BD

Van der Merwe (1950:20) "Die Unie-regering het sy eie put anderhalf myl uit Port Nolloth. Daarvandaan word water vir die gebruik van die staatsamptenare en polisie gepomp."

Die put is ongeveer twee myl (3 kilometer) suidoos van Port Nolloth gegrawe, van daar die benaming Tweemyl, waar die staat water bekom het. Die treinspoortjie het nie oor of na Tweemyl geloop soos soms vermoed word nie.

VyfmylSpoorwegstasie

K 2916 BD

Van der Merwe (1950:20) "Die water is afkomstig van een van die waterstasies wat die ou maatskappy in die vorige eeu al langs sy treinspoor tussen O'okiep en Port Nolloth opgerig het. Die stasie word genoem 'Five Mile' omdat dit op hierdie afstand van die dorp lê."

Die ou treinhalttes langs die spoorlyn is vernoem na die afstand van Port Nolloth af. So was daar onder andere 5, 15, 22, 28 Myl-stasies. Die 5 Myl-stasie was van primêre belang aangesien water hiervandaan verkry is (Smalberger 1975:89). In die begin het dit per rolvaatjie geskied, maar later het die O'okiep Copper Company twee uitgevoeringde putte van sowat 18 meter met windpompe daarop gehad, waarvandaan die water toe per spoorwegtenkwaens vervoer is. Toe die treinspoor later gesluit en verkoop is, is hierdie eerste vyf myl uitgehou met die oog op die water, maar dit is sedertdien opgebreek (Van der Merwe 1950:20).

PREDIKANT VLEIPLAAS Nam. Q.6-21

K 2917 CA

Eerste eienaar: Dembitzer J 1910-08-18

Van Heerde-versameling "n Predikant het in die outyd kerk gehou by die vlei (allerwaarskynlik ds. Rorich). Drie of vier mense het tot bekering gekom. Dit was n hele herlewing en die vlei het die naam, Predikantvlei, gekry.

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Dis n vleitjie wat besonder diep is en lank water hou. Verskeie gesinne kon dus vroeër vir n redelike lang tyd by dié vlei met hulle vee uitstaan. Die predikant het dan daarheen gegaan om dienste te hou. Dit was dus n kerkplek, soos ons dit noem, waar nie menskerk (diens gelei deur n gemeentelid) gehou is nie."

In dié omgewing lê verskeie vleie waarheen die meeste gesinne gedurende reëntye getrek het. Die predikant het dan by sulke wintersuitlegplekke dienste gaan hou. Die betrokke plaas het blykbaar sy naam aan hierdie besoeke ontleen of, soos Van Heerde verklaar, aan 'n spesifieke diens waartydens verskeie mense tot bekering gekom het.

DuikerskopSandkop

K 2917 CA

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "n Ronde bult waar vroeër baie duikers skuilgehou het."

Vernoem na die klein wildsbokkie van die onderfamilie Cephalophinae (Odendal 1981:181) wat vroeër volop daar voorgekom het.

ElandsvleiVlei

K 2917 CA

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n groot vlei, amper 'n pan, waar vroeër elande kom drink het."

Vernoem na die eland, Taurotragus oryx (Odendal 1981:199), wat vroeër by dié vlei kom drink het.

RooivleiVlei

K 2917 CA

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n vlei in die rooi, kalkagtige grond. Die water droog maar gou op, daarom is 'n groot sementdam later daarin gemaak om die water langer te kan bewaar."

Die vlei is benoem na aanleiding van die rooi bodemkleur.

PREEKSTOELKOP

PLAAS Nam. Q.11-1

K 3018 DB

Eerste eienaar: Van Zyl JM 1916-02-07

Smith JH 1978 Boer Vraelys "Die naam is so vanweë 'n koppie op die plaas wat na 'n preekstoel lyk."

Op Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein word 'n spesifieke kop as Preekstoelkop op die betrokke plaas aangegee. Volgens die informant hierbo se mededeling moet dit dié kop wees wat vanweë sy preekstoelagtige vorm aan die plaas sy besondere naam besorg het.

QQUAGGA FONTEINPLAAS Clw. Q.6-51

K 3017 AB/BA

Eerste eienaar: Mostert JC 1843-12-15

Pettman (1914:29) "... the Buffels Rivier in Namaqualand seems to be a simple translation of the Namaqua-Hottentot name of the river 'Gaobib ('gaob, the buffalo or wildebeest) and Quaggafontein (quagga, a variety of zebra), all remind us of the Nimrods of a few years back".

Voges PMC 1978 Boer Vraelys "Kwaggafontein het sy naam gekry deurdat daar baie kwaggas in die koppe geloop en onder in die laagte, waar 'n fonteintjie was, gesuip het."

Quaggafontein is een van die oudste plase in die Sandveldgedeelte van Namakwaland. Die naam is ontleen aan die fontein in die bedding van die riviertjie wat naby die huidige opstal verbyloop. Tans bestaan die fonteintjie nie meer nie, maar net 'n put waaruit water verkry word. Die tweede lid verwys na die kwagga, wat Van Dale (1956:768) soos volg beskryf: "met die ezel verwante soort van Zuidafrikaanse zebra (Equus quagga) doch minder gestreept van huid". Baie kwaggas het, volgens oorlewering, in die berg oos van die huidige opstal gehou, vanwaar die fontein binne hulle bereik was. Dit is die enigste plaasnaam in Namakwaland waar die kwagga direk benoem is.

BrandvleiVlei

K 3017 AB

Van Zyl AJ 1981 Boer Gesprek "Dis nie bekend waarom die vlei so heet nie. Miskien het daar vroeër 'n persoon met die van Brand by die vlei gestaan sodat dit na hom vernoem is."

Die betrokke vlei verskyn reeds op die sensuskaart van 1891

as "vley" sonder nadere benoeming. Dis maar eers op jonger kaarte dat dit as Brandvlei bekend staan. Die oorsprong van die naam is onbekend, hoewel die vermoede bestaan dat dit na aanleiding van die persoonsnaam Brand benoem is. Dit was vermoedelik vroeër 'n redelik belangrike oopwater waar wild gesuip het.

JantjieskopOnderverdeling met opstal

K 3017 AB

Nagel JFP 1978 Pensionaris Vraelys "Daar had (het) 'n ou Hotnot met die naam Jantjie, met vee uitgeslaap. Die meeste leeus was toe al uitgeroei, maar hy loop tog nog een op die lyf. Toe was daar nie 'n dooi tyd nie. Die leeu skraap hom en jaag hom in 'n klipgat in op Klein Bruinkop. Die leeu pas die gat op, maar toe hy later bietjie wegdwaal, spring Jantjie uit en hardloop na baksteenhoek waar die nes van die Hottentotte was. Toe hy die kraal binne-hardloop, kom die leeu oor die duin. Hulle had egter die leeu daardie nag doodgekry."

Voges PMC 1978 Boer Vraelys "Jantjie se Kop is vernoem na 'n Kleurling met die naam van Jantjie, wat lank op dié kop gebly het."

Jantjieskop, in die gewone omgang bekend as Jantjie se Kop, is 'n onderverdeling van die plaas Quagga Fontein. Afgesien van meningsverskil oor die gebeure, is die informante dit eens dat Jantjie 'n Kleurling was na wie die kop, in die nabyheid van die huidige opstal, vernoem is en waarvan die naam weer op die onderverdeling oorgedra is. Informant Nagel se leeugebeure stem basies ooreen met die eienaar, informant Voges, se verklaring van Leeuklipgat hieronder, sodat die vermoede bestaan dat Nagel heelwaarskynlik Leeuklipgat se verklaring met dié van Jantjieskop verwar, andersins is dit dieselfde gebeurtenis.

Kalkgate/KorogateOnderverdeling met opstal

K 3017 AB

Van Zyl DPF 1981 Boer Gesprek "Dit is kalkgate wat plaaslik bekend staan as !Korogate."

Dit is natuurlike gate in die rooi kalksteen waarvan sommige tot 5 meter diep is en waarin reënwater opgegaar word. Die harde kalkoppervlakte dien as opvanggebied. Die opstal en onderverdeling dra dan ook in die volksmond die benaming korogate. Nama !khoros = kalksteen (Rust 1960:34). Letterlik beteken dit dan "gate in die kalksteen" van daar Kalkgate as onderverdelingsnaam.

Kruppelpiet se KopKop

K 3017 AB

Voges PMC 1978 Boer Vraelys "By dié kop het 'n ou kruppel Hottentot naby 'n waterplekkie gebly. Daar is later 'n dam gemaak wat vandag nog bekend staan as Piet se Vlei."

Volgens die informant is die kop vernoem na 'n kruppel Hottentot, Piet, wat daar gebly het.

LeeuklipgatKlipgat

K 3017 AB

Voges PMC 1978 Boer Vraelys "Dit word vertel dat 'n leeu 'n Boesman gejaag het wat by dié kalkgat ingekruip en binne skuilgehou het wyl die leeu voor die gat waggehou het. Toe die leeu later die aftog blaas, het die Boesman uitgespring en hom uit die voete gemaak."

Dit kon dieselfde gebeurtenis wees wat volgens informant Nagel aanleiding gegee het tot die plaasnaam Jantjieskop. Vergelyk Jantjieskop hierbo.

Witbakenkop

Kop

K 3017 AB

Van Zyl DPF 1981 Boer Gesprek "Die kop heet so vanweë die wit baken wat daarop staan."

Die betrokke kop is op die grens tussen Quaggafontein en Gembokvlei geleë en dra opmetingsbaken nommer 35. Dit is benoem na aanleiding van die opvallende wit baken bo-op die kop.

R

RAMONS DRIFT (Vroeër bekend as Haragas, met wisseling)
PLAAS G.L. 30-11-1898 K 2818 CD

Eerste eienaar: Police Reserve 1898-11-30

Schultze (1907:169) "//Haragas, Ramansdrift, führt durch den Oranjefluss in dus Warmbader Gebiet."

Divisional map of Namaqualand 1916 "Ramons Drift".

Albertyn (1984:33) "Ramansdrift is 'n drif oor die Oranjerivier wat vroeër deur transportryers gebruik is. Die voorman van die werkers was 'n sekere inboorling met die naam Raman. Op 'n dag het hy van een van die bote in die rivier geval en verdrink; vandaar die naam."

Die inlandse naam is dikwels gedokumenteer: Karahas (Alexander 1967a:147); Haraxas (Hahn: 1879-kaart, asook Mossop 1935: 16); //Haragas (Schultze 1907:169); en Naragas (Topografiese reeks 1973 vel 2818 Warmbad). Vergelyk Nienaber & Raper (1977: 378-9, 522-3; 1980:614) vir volledige dokumentasie. Uit die opgawe hierbo blyk dit dat g-, -k en n- mekaar afwissel en op hulle beurt weer allofoneer met h- van die huidige Nama in //haragas = "das Gackelhuhn" (Kr. & Rust 1969:162), wat klanknabootsend is van die roep van die witvlerkkorhaan, fam. Oti-dae (Odendal 1981:607). Bokant Gordon se Garagas is ingeskrywe "Korhaan", sodat een vroeëre naam dus in Afrikaans vertaal is as Korhaandrif. In Hollands het dit Companjies Wagendrft (in verskillende spellinge) geheet (Mossop 1935:16). Die inlandse naam is mettertyd verdring deur Ramansdrift wat oorgedra is op die plaas waarvan die inskrywing Ramons Drift is. Ouer optekeninge, soos onder andere die van Schultze hierbo, lui Raman in teenstelling met jonger kaarte se Ramon. Plaaslik word eersgenoemde benaming algemeen aanvaar, asook die verklaring daarvan soos deur Albertyn vermeld.

RATEL KRAALPLAAS Nam. Q.6-15

K 2918 CA

Eerste eienaar: Smith FW 1910-04-18

Kennedy DJA 1978 Boer Vraelys "Die plaas Ratelkraal is vernoem na die baie ratels wat vandag nog op die plaas is. Destyds is dit as ongediertes beskou."

Die plaas is vernoem na die baie ratels, Mellivora capensis (Odendal 1981:881), wat vandag nog volop daar voorkom. Die komponent Kraal verwys na die aanleg.

KoperkopKop

K 2918 CA

Divisional map of Namaqualand 1916 "koper Kop Mine".

Volgens Cornelissen (1965:103) het die Oranje River Mining Company in 1855 koper by dié kop ontgin, van daar die naam van Koperkop.

Rooi-T'goubogabGebied

K 2918 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Rooi-T'goubogab".

Esterhuizen DJ 1982 Boer Gesprek "Ons noem die stof wat deur die erdvarke uitgegrawe word, gouwu-stof. In die rooi grond of vlakte kom daar baie van dié stofgate voor."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds onder die betrokke naam verstrekkend is deur Nienaber & Raper (1980:363). Die stofgate waarna informant Esterhuizen verwys, word veroorsaak deur erdvarke, Mellivora capensis (Odendal 1981:881). Die komponent T'goubogab is dan soos Nama /Khubu-, /Khuwu- = "das Erdschwein" (Kr. & Rust 1969:254), met die -ga- soos Nama -xa = baie, of soos ≠gâ- = gat met oopgegraafde water, of soos ≠gā- = vlakte (Nienaber & Raper 1980:363). Eie kennis van die betrokke gebied laat my voorkeur gee aan ≠gā- = "die

Fläche, die Ebene" (Kr. & Rust 1969:97). Die hibridiese gebiedsnaam sal dan beteken: "Rooi-Erdvarkvlakte".

REMHOOGTEPLAAS Clw. Q.6-5

K 3018 AD

Eerste eienaars: Kotze DJ en andere 1843-04-01

Visser GJ 1978 Boer Vraelys "Remhoogte se oorsprong kom vanaf 'n afdraand waar die mense met 'n wa nie sonder 'n remskoen kon afgegaan het nie."

Vernoem na die afdraand teen die steil hoogte waar gereeld van remskoene gebruik gemaak moes word.

RIEMBREEKPLAAS Nam. Q.13-21

K 3018 AB

Eerste eienaars: Rossouw PAG & JA 1926-03-05

Rossouw (1973:29) "Die koppies tussen die Boesmanland en Kamiesberge is van 'n harde soort wit, bros gipsformasie. Vroeër het die mense dan ook witklei aan hulle voet uitgehaal waarmee die huise afgewit is. Die koppies verweer maklik en staan soos 'n naald in die lug - soms met 'n middellyfie. Daar sou die Basters een aand dronknes gehou het. Toe hulle lekkerlyf genoeg was, besluit hulle om die koppie om te trek. Al die bekombare osrieme is aanmekaar geknoop en rondom die koppie geplaas en geskree 'trek'. Maar telkens het die rieme gebreek. Nuwes is weer ingelas, nog versterking is uit die bottel verkry, maar hulle was te sterk of die rieme te swak. Hulle moes die poging staak, want daar was nie meer 'n heel osriem nie. Toe gee hul die plek die naam Riebreek en Riebreek is die plaas se naam vandag nog."

Bogenoemde is die verhaal van die plaasnaam Riebreek uit die

pen van 'n kenner van die gebied. Dieselfde verhaal is ook van verskeie ander informante ontvang waaruit dit blyk dat die oorlewering plaaslik voortleef.

RIETFONTEIN (Vroeër moontlik bekend as Aams)

PLAAS Nam. Q.3-7

K 2918 CC

Eerste eienaars: Roux AJM, en andere 1887-08-15

Conradie (1909:40) "Er zijn fraaie tuinen en gebouwen op deze plaats. De fontein is zeer sterk, en het water is goed voor alle doeleinden. Rietfontein is de meest bevoorrechte plaats in deze gewesten. Die eigenaar is verbazend rijk. Hy is de enigste boer, die skatrijk geworden is door middel van de kopermijnen. Vóór de dagen van de trein werd het opererts in transportwagens naar Hondeklipbaai vervoerd. Op die wijze werd Albertus Roux ryk. Als een verstandige man kocht hij deze plaats en vele andere plaatsen in de omtrek en tot ver in Boesmanland." Laidler (1927:148) "P/a ams, Reed Mouth. Reeds around a spring."

Dis vermoedelik dié ou plaas waarna Laidler verwys en waarvan die inlandse naam te lees is as ≠A-ams (Nienaber & Raper 1977:154). Die ≠ā- = "das Riet" (Kr. & Rust 1969:32) en am- = "der Mund" (1969:4), plus -s as lokativeerder. Dus: "Rietmond", letterlik "Rietfontein", vanweë die fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat veral vroeër om die sterk fontein gegroei het. Conradie gee die geskiedkundige agtergrond van hierdie wat hy noem "bevoorregte" plaas.

RIETKLOOF

PLAAS Clw. Q.8-12

K 3017 BD

Eerste eienaars: Van den Heever DA, en andere 1847-05-27

Heese (1942b:13) "So gaan dit oor die latere 'Darter se poort' tot in 'n 'seer plaijsierige vlakte'. Langs die Augabiesri-viertjie, naby die mooi plaas Rietkloof het Van der Stel toe sy kamp ingerig."

Van Wyk JK 1978 Boer Vraelys "Waarskynlik so genoem omdat dit geleë is in 'n kloof wat baie waterryk was en begroei was met rietbosse."

Die plaasnaam het ontstaan vanweë die kloof wat deur die plaas loop en wat vroeër begroei was met fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), vanaf die twee fonteine wat vandag genoem word Bodam en Onderdam.

Darter's Poort

Poort

K 3017 BD

Van Wyk JK 1978 Boer Vraelys "Op Rietkloof is na alle waarskynlikheid die kleinste lappie grond in S.A. met 'n aparte Kaart en Transportakte te wete die graf van 'n Britse offisier wat tydens die 2de Vryheidsoorlog gesneuwel het en op die bekende Darter se Poort begrawe is."

Dis die poort waar die nasionale pad oor die suidelike grens van Rietpoort gaan en wat vernoem is na Charles James Darter, luitenant van die Namaqualand Border Scouts, wat op 32-jarige leeftyd op 18 Maart 1902 in 'n hinderlaag in die poort deur die Boere doodgeskiet is. Sy eensame graf, 'n paar meter van die pad af, staan bekend as Darter se Graf. Sy familie in Brittanje het 9 vk. roede grond waarop die graf geleë is van wyle Jasper Koegelenberg gekoop, waarvoor kaart en transport op 20 November 1906 uitgereik is (Aktekantoor, plaasnommer 446/3).

RIET KLOOF and NOUANCIES PLAAS Nam. Q.12-18 K 2917 AD/BC

Eerste eienaars: Goosen JC & Mostert HJ 1925-10-27

Goord JC 1973 Boer Vraelys per Naamkundesentrum "Nouansies plaas, naaste dorp Port Nolloth. Beteken 'Hoek'."

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Uit Rietkloof se Berg loop twee klowe. Net waar hulle verenig, sit twee onuitputlike fonteine n entjie uitmekaar. Fluitjiesriet groei langs die water in die kloof, van daar Rietkloof.

// Noansies weer het te make met die waterbak op n groot platklip. As dit die winter goed reën, hou dié bak vir die hele somer water en hoef jy nie te wōrie (worry) nie."

Alhoewel Rietkloof en Nouancies op die plaasnaamlys en moderne kaarte as gesamentlike oorspronklike plaas aangegee word, verskyn hulle op die Divisional map of Namaqualand 1916 wel as twee afsonderlike plase. Rietkloof het sy naam ontleen aan die waterryke kloof waar fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), groei. Wat die naam Nouancies betref, is daar meningsverskil onder die informante, wat myns insiens tog verenigbaar is. Nienaber & Raper (1977:910) versoen die verklaring van Nouancies = hoek taalkundig uit Nama // hōa-s = "die Ecke" (Kr. & Rust 1969:188). Met wisseling van n- en h- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) tesame met die realisering van die genasaleerde -ô- in die tweede -n-, loop dit uit op // noans, // nouans = hoek. Die -(s)ie- is gewone lokatiewe morfeem, terwyl die -s van die vr. ekv. die genusteken is van die bron, naamlik die watergat. Letterlik kom dit dan neer op die "Hoek waar die watergat is".

Hoëkraal

Opstal

K 2917 AD

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dis n hoë bult waar die opstal geleë is."

n Hoë bult tussen twee klowe waar fonteinwater is en waar gevolglik die opstal verrys het. Die lid -kraal verwys ook hier na die aanleg.

duine wat teen hom sit. Sommer van die rivier af gee hy mos die rooibont knoppe."

Engelbrecht A 1978 Pensionaris Gesprek "Die huise op Riethuis het almal rietdakke gehad, behalwe die kombuisiese dak wat van lei was. Die fluitjiesriet groei op die plaas."

Dis een van die oudste plase in dié geweste. Volgens oorlewering wou die Kopermaatskappy Riethuis van die oorspronklike eienaars, Mostert en Goosen, ruil vir òf die plaas Dikgat òf Silwerfontein. Toe die eienaars na die plase gaan kyk met die oog op 'n keuse, was dit 'n goeie winter en hulle kon baie uintjies op die rooigrond grawe. Die vrouens wou hê hulle moes Silwerfontein kies, maar ou Goosen het 'n groot seun gehad wat baie lief vir jag was. Op die plaas Dikgat het toe nog heelwat grootwild geloop, sodat hy sy pa gedwing het om dié te kies. Die plaas Rodeklipheuvel alias Riethuis het gevolglik eiendom van die Kopermaatskappy en aldus 'n belangrike uitspanning op die koperrypad na Hondeklipbaai geword. Water was hier volop verkrygbaar in die bedding van die Swartlintjiesrivier. Dit is van soveel belang geag dat goedkeuring verleen is vir die bou van 'n spoorlyn of 'n tremspoor van Hondeklipbaai daarheen, maar die plan is nie ten uitvoer gebring nie (Regeringspublikasie 1865; Smalberger 1975:85-6). Stalle asook 'n smidswinkel was hier gesetel. Volgens oorlewering is die eerste sinkdakhuis in die hele omgewing hier gebou. Dit het later as skool gedien. Dit word tans nog bewoon deur die plaasopsigter van die onderverdeling Rodeklipheuvel met opstal Goedemoed.

Die oorspronklike plaaswoning van die onderverdeling Riethuis is egter 'n lang huis wat destyds, volgens informant Engelbrecht, 'n rietdak gehad het, behalwe die dak van die kombuisie wat van leiklip was. Fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), groei tans nog volop, veral laer af in die Swartlintjiesrivier, sodat dit aanvaarbaar is dat dit vroeër as dekmiddel vir die plaashuisdak gebruik kon gewees het en

aanleiding gegee het tot die aliasnaam Riethuis.

Oor die benaming Rodeklipheuwel word baie gespekuleer aangesien die heuwel nie spesifiek aangedui kan word nie. Naby die opstal is daar wel 'n groot klipheuwel waarvan die klippe egter eerder granietkleurig as rooi vertoon. Rooibruin sou seker 'n meer korrekte beskrywing gewees het. Mis-kien is informant Brand nader aan die waarheid deur nie 'n klipheuwel met rooi klippe te soek nie, maar 'n klipheuwel met rooibont duintjies in die omgewing daarvan. Hy verwys dan spesifiek na die rooibont knoppe wat van die rivier noordwaarts tot by Klein-Swartkop strek. Dit gee aan die rug of heuwel 'n rooi kleur.

Jakkalsgatbulte

Bulte

K 3017 AB

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis rooikalkgate waarvan een besonder groot is en soos 'n kamer lyk. Dit vang water op as dit reën. Wanneer die gate droog is, is dit ideale skuilplek vir jakkalse."

Die noordwestelike hoek van die plaas bestaan uit bulte of knoppe gebroke grond waarin rooikalkgate voorkom en wat vroeër skuilplek vir jakkalse, fam. Canidae (Odendal 1981:487), gebied het, van daar Jakkalsgatbulte.

Klein-Swartkop

Kop

K 3017 AB

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dit is 'n kleinerige kop wat van ver af swart vertoon vanweë die plantegroei."

Dis die kop met opmetingsbaken nommer 37 daarop. Uit die verte vertoon dit donker van kleur vanweë die digter plantegroei in teenstelling met die kaler, rooibont knoppe aan die suidekant daarvan. Dit dra die benaming Klein- om dit te onderskei van die groter Swartkop op die plaas Elands-klip, noordwes van Klein-Swartkop.

NoosOnderverdeling met opstal

K 3017 AB

Kotze JC 1981 Boer Gesprek "My ou veewagter beweer dat dit stry- of rusiemaakplek beteken."

Noos is 'n onderverdeling waarvan die opstal en waterbron in die bedding van die Swartlintjiesrivier geleë is. Volgens die informant se gegewens kan die grondwoord dan miskien wees soos Nama \neq gôu = "anrempeln, im vorbeigehen anstossen" (Rust 1960:3), met wisseling van g-/n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D4). Die -s lokativeer. Dus: "Stry- of Rusiemaakplek". Die gebeure wat tot die naam aanleiding gegee het, het vergete geraak. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat dit miskien ook kan wees soos Nama !au-s = "der Hals, der Nacken", bedoelende dat dit in 'n nek lê nie (Kr. & Rust 1969:30), in welke geval dit dan sal beteken: "Die plek (-s) by of in die nek (!au-, !ou of !oo)".

RONDAWELPLAAS Clw. Q.6-44

K 3017 DD

Eerste eienaar: Dreyer JG 1843-12-15

Nieuwoudt A 1980 Boer Vraelys "Die plaas is genoem na Rondawelkop wat die vorm van 'n rondawel het."

Die betrokke kop dra opmetingsbaken nommer 41 en het vanweë sy kenmerkende rondawelagtige vorm aanleiding gegee tot die plaasnaam.

Daar was vroeër 'n watertjie waar, volgens oorlewering, destyds 'n wilde merrie gesuip het en sodoende aanleiding gegee het tot die benaming.

RONDEFONTEIN

PLAAS Clw. Q.6-6

K 3018 CA

Eerste eienaars: Coetzee GJ, en andere 1843-04-01

Schreuder HC 1978 Boer Vraelys "Die fontein was rond uit die klip gebreek."

Die plaasnaam is ontleen aan die ronde vorm van die fontein wat die vernaamste waterbron van dié baie ou plaas was.

NartjiesdamGebied

K 3018 CA

Schreuder HC 1978 Boer Vraelys "Een fontein met 'n dam waar 'n perd met die naam van Nartjie gevrek het."

Die perdnaam en dam het gebiedsnaam geword.

RONDE-FONTEINS-BERG PLAAS Nam. Q.2-1

K 3018 CC

Eerste eienaar: De Klerk JT 1879-07-01

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Ronde Fonteins Berg".

De Klerk GN (mevrou) 1985 Huisvrou Gesprek "Die plaas is vernoem na die berg wat op die plaas Rondefontein geleë is."

Die plaas is vernoem na Rondefonteinsberg (met opmetingsbaken nommer 67) wat aan die noordelike grens op onderverdeling Rondefontein geleë is. Vergelyk die plaasnaam RONDEFONTEIN.

RONDEGATPLAAS Nam. Q.14-7

K 3018 BA

Eerste eienaars: Rossouw AJ, en andere 1926-12-11

Louw JN 1982 Boer Gesprek "Dis vernoem na twee ronde gate in die rivier."

Die plaas is vernoem na die twee ronde gate wat deur die rivierwater uitgemaal is. Op die Divisional map of Namaqualand 1916 word dit as waterbronne aangetoon, klaarblyklik omdat dit lank water hou.

ROODEBERGS KLOOFPLAAS Nam. Q.2-2

K 3018 AC/CA

Eerste eienaar: Dixon H 1879-10-30

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Rooibergskloof vorm 'n kloof wat uit die Rooiberg vloei."

Die plaas is vernoem na Rooiberg aan die noordelike grens - die hoogste berg in Namakwaland - waar 'n tak van die Swart Doringrivier ontspring en deur 'n kloof suidwaarts oor die plaas loop. Die bergnaam, nog in Nederlandse vorm, tesame met die kloof is betrek in die plaasnaam.

ROODE HEUVELPLAAS Clw. Q. 6-38

K 3017 DA/DC

Eerste eienaar: Du Toit JG 1843-12-15

Van Zyl JHA 1978 Boer Vraelys "Die plaas het sy naam gekry van 'n rooi heuwel waar die woonhuis gebou is."

Die Groenrivier vloei oor die plaas. Die opstal, Roodeheuwel, suid van die rivier, lê op 'n rooi, kalkagtige sandheuwel waarvan die plaas dan ook vernoem is.

Vermoedelik vernoem na die kloof waarin die opstal geleë is en die rooi bodemkleur van die bergagtige omgewing. Die opstalnaam is verafrikaans.

ROODE KOL PLAAS Nam. Q.5-16 K 2917 CD/3017 AB

Eerste eienaars: Van Wyk AE, en andere 1908-08-04

Brand FJC 1978 Gesprek "Teen die bult by die westelike hoekbaken lê 'n rooi, kaal kol met 'n vleitjie. Dit was vroeër die enigste waterplek en daarom het die eienaar by opmeting gesorg dat die vlei by Rooikol ingesluit word. Dit is die rede waarom die grens daar so 'n skerp hoek in die plaas Heidons se grond maak. As gevolg van die saamtrek van vee by die vleitjie, is dié gedeelte (kol) kaal getrap, sodat die wind erosie bespoedig het. Dit het die kenmerkende rooi kol veroorsaak, van daar die plaasnaam."

Vanweë die afwesigheid van plantegroei om die vlei, gee die rooi, kalkagtige grond duidelik op, gevolglik is die rooi kol baie opsigtelik en het dit aanleiding gegee tot die plaasnaam.

Rooikolvlei Vlei K 3017 AB

Dis die vlei op die kaal, rooi kol wat aan die plaas Roode Kol sy naam besorg het. Die Nederlandse vorm is by die vleinaam verafrikaans. Die agtervoegsel -vlei word plaaslik nie gebruik nie.

Suringkop Kop K 2917 CD

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Daar het baie van die bossiesuring gegroei, want die kop is vlakkerige karoegrond waarin suring graag groei."

Die kop is vernoem na die baie suring, Oxalis haedulipes (Smith 1966:94), wat daar groei.

ROODE LAAGTEPLAAS Nam. Q.1-25

K 3017 AB

Eerste eienaar: Voges PC 1865-05-31

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die naam het ontstaan as gevolg van die leegte wat in 'n noordwestelike rigting oor die plaas loop. Die leegte het oral in die sand rooi kleigrond wat in die opvanggebied rooi kleipanne vorm. Met sterk reën raak die panne vol en stoot die water in die rigting van die Swartlintjiesrivier. So het die laagte mettertyd gevorm."

Voges PMC 1978 Boer Vraelys "Roode Laagte is 'n rooigrondkom tussen wit sandduine en Annex Roode Laagte is 'n afvalstuk grond van Roode Laagte."

Dis 'n baie ou plaas in die Sandveld, van daar nog die Nederlandse vorm van die naam en wel vanweë die rooikleurige grond wat in en om die laagte is. Plaaslik staan dit bekend as Rooileeg.

TaaibosduinOnderverdeling met opstal

K 3017 AB

De Villiers TT 1978 Voorligter en navorser Vraelys "Taaibosduin is vernoem na 'n witduin waarop 'n groot taaibos groei. Voordat daar 'n huis op die plaas was, het die eienaar tydelik agter dié groot taaibos gebly in die nabyheid waarvan 'n gronddam is wat in die winter water opvang. Taaibosduin word op die Kaart en Transport aangegee as 'n Annex van die plaas Roode Laagte."

Hier word verwys na die S.A. plantsoort die Rhus sp. wat volgens Smith (1966:454-5) die naam taaibos dra "... on account of the tough (taai) but resilient character of the branches (...) They all bear relatively large drupes (Afrikaans: bessies) and in almost all cases form an important article of native diet. The resilient, tough branches were employed by Bushmen

and Hottentots for their bows and kieries." In samegestelde plekname kom dit hoofsaaklik as eerste lid voor.

ROODE MONDPLAAS Nam. Q.12-9

K 3018 BD

Eerste eienaar: Visser GE 1925-11-05

Afdelingsraadkaart s.j.; Divisional map of Namaqualand 1916 "Roode Mond".

Louw NJ 1985 Boer Gesprek "Die naam dui vermoedelik op die rooi kaiingriwwe wat aan plooië om 'n mens se mond laat dink."

Die glooiinge bedek met rooiagtige klippies wat aan kaiings herinner, laat dink aan die mond van 'n mens, aldus informant Louw. Ek is egter van mening dat die lid Mond eerder verwys na die baie opvallende Schalk- en Saraip se Laagte (Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein) wat oor die plaas loop en op sekere plekke verbredings vorm wat baie na 'n mens se mond lyk.

Die opstalnaam is verafrikaans tot Rooimond.

ROODE VLEYPLAAS Nam. Q.1-24

K 2917 CA

Eerste eienaar: Goosen JC 1865-05-31

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Die naam is ontleen aan die vleie in die rooi, kalkgrond wat ons !khorro noem."

Nama !khorro = kalksteen (Rust 1960:34). Die naam van die plaas het dus ontstaan na aanleiding van die vleie in die rooikalk, soos wat dit plaaslik bekendstaan. Dis een van die ou plase in die omgewing waarvan die naam nog in Hollandse vorm verskyn.

KleinbergKop

K 2917 CA

Kotze L 1978 Boer Gesprek "Dis 'n los koppie waarvan net 'n puntjie bokant die sand uitsteek."

Die koppie lê naby, maar los van Tnong-Gys se Berg. Die naam dui op die klein stukkie van die kop wat sigbaar is.

Tnong-Gys se BergBerg

K 2917 CA

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Ons spreek dit Tnom-Gys uit met 'n tongklap aan die begin. Die eerste lid verwys na 'n soort gruisklip wat ons tnomklip noem."

Die T- beliggaam die suigkonsonant. Die lid Tnong-(Thom- by die informant) is dan te begryp as Nama //khom = "auskratzen" (Kr. & Rust 1969:244) en -Gys as /ui-s = "Stein, Felsen" (Nienaber 1963:218) wat dan neerkom op skraapklip, 'n sagte gruisklip wat gebruik is om velle wat gebrei word, aan die vleiskant glad te skuur. As geheel dan: "Skraapklip se Berg" of "Skraapklipberg", wat opmetingsbaken nommer 76 dra.

ROOIDAMPLAAS 2643/1955

K 3017 DD

Eerste eienaar: Ongeregistreerde grond.

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Rooidam".
Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Die naam is afgelei van die rooi grond en die dam van die buurplaas, De Dam, waarvan dit vroeër deel was."

Die plaas was vroeër deel van die plase De Dam en Zandkops Drift. Die lid -dam verwys na die dam waaraan die aangrensende

plaas De Dam sy naam ontleen het en waarvan Rooidam destyds deel was, terwyl die eerste lid betrekking het op die bodemkleur wat by verdeling bygehaal is om die onderverdeling te onderskei van die oorspronklike plaas De Dam.

ROOI DOORN KLOOF

PLAAS Nam. Q.7-25

K 3018 AA

Eerste eienaar: Beukes HA 1911-10-17

Beukes HA 1980 Rustende boer Gesprek "Daar groei geweldig baie rooidorings in die kloof. Dis 'n rankerige plant met dorings en klein blaartjies wat 'n rooi skynsel het."

Die rooidoring word plaaslik ook die rooikatbos genoem omdat rooikatte hulle baie doeltreffend daarin versteek. Die plaas is vernoem na die baie rooidorings, vermoedelik van die acacia fam. (Smith 1966:395), wat in die klowe groei.

ROOI DUIN

PLAAS B2652/1923

K 2918 DA

Eerste eienaar: Hendrikse IA 1952-10-31

Kennis (1978:3020) "Aanleg noordoos van Gamoep in die Boesmanland."

Mulder JC 1978 Boer Vraelys "Die vorige eienaar sê dis omdat hier met sterk winde sulke rooi stofwolke opslaan."

Vanweë afwesigheid van enige ander noemenswaardige entiteit is die plaas vernoem na die rooi duinagtige grond wat op windrige dae rooi stofwolke tot gevolg het.

ROOI VLEYPLAAS Nam. Q.14-3

K 2917 CC

Eerste eienaar: Van Lill MM 1926-09-03

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Die naam is afkomstig van 'n vlei op die plaas wat uit rooi klei bestaan. Wanneer daar water in die vlei is, het dit ook 'n rooi kleur."

Dié rooi kleigrond is vroeër gebruik om mure mee rooi te verf. Die opstal se naam is verafrikaans tot Rooivlei.

Hendrik NagelsduinDuin

K 2917 CC

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "'n Sekere Hendrik Nagel was vroeër op dié betrokke duin woonagtig."

Die duin is vernoem na ene Hendrik Nagel, soos deur die informant meegedeel.

TaaibospuntDuin

K 2917 CC

Mostert JC 1978 Boer Vraelys "Die duin wat met 'n punt in die vlak doodloop, is oorheersend met taaibosse bedek."

Vir die betekenis van die komponent Taaibos- vergelyk Taaibosduin onder die plaasnaam ROODE LAAGTE.

ROZYNBOSCHPLAAS Nam. Q.9-11

K 2918 BB

Eerste eienaar: Van Niekerk CA (J. Son) 1913-12-02

Kennis (1978:3021) Rosynebos - aanleg aan 'n voorloop van die Rooiwalrivier wes van Pofadder."

Van Niekerk CJT 1978 Boer Vraelys "Die plaas het baie rosyntjiebome waarna dit vernoem is."

Vernoem na die baie rosyntjiebome, Rhus sp. (Smith 1966:403), wat veral volop in die riviértjie naby die opstal voorkom.

Piet se Kop

Kop

K 2918 BB

Van Niekerk CJT 1978 Boer Vraelys "n Hoë, rooi koppie op die plaas. Volgens oorlewering is 'n jong met die naam Piet, deur 'n rukwind vanaf die kruin geruk en hom doodgeval."

Volgens die informant is die kop vernoem na 'n Kleurling, Piet, wat daar verongeluk het.

SSABIESPLAAS Clw. Q.7-37

K 3017 DA

Eerste eienaar: Van Zyl PG 1843-12-15

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Daar had (het) vroeër 'n kleinerige soort miertjie in hulle duisende voorgekom. Sommige mense beweer dat die plaasnaam iets daarmee te make had."

Bogenoemde is ter aanvulling van Nienaber & Raper (1977:997; 1980:693-4) se gegewens in verband met die plaasnaam. Volgens my informant wil dit voorkom asof die plaasnaam te make het met die !gabēs-miere soos beskryf deur Vedder in Die Bergdama (aangehaal deur Nienaber & Raper 1980:694). Vanweë die opvallende klankassosiasie, asook die realisasie van die woordinset !g- in Nama as s, soms ts- by blankes, is ek van mening dat dit 'n meer aanneemlike verklaring is as tseibie en sebbie uit Nama !gibe- vir hottentotsrys (Nienaber & Raper 1980:694).

DroogouteepOnderverdeling met opstal

K 3017 DA

Nagel JFP 1980 Pensionaris Gesprek "Die sytak van die Outeep-rivier is merendeels sonder water van daar Droogoutiep, terwyl die hooftak nat is."

Dis duidelik dat die informant nog die ou Khoekhoense Outeep op die rivier van toepassing maak, vergelyk BITTERRIVIER onder riviere. Hy verwys na die takrivier van Sabies af as droog in teenstelling met die hooftak as nat, bedoelende dat dit merendeels water het. Die -ou- van -outeep is soos Nama au = bitter (Rust 1960:11) met die -ti(e)- as pleknaamduidend en -p van die ml. ekv. as genusteken van die rivier. Die Afrikaanse toevoeging Droog-, dui op die deurgaanse waterloosheid van die sytak. Letterlik beteken dit dan "Droogbitterrivier." Dit bevestig die vermoede, soos bespreek onder Bitterrivier in die afdeling oor riviere, dat die ou inlandse naam by hierdie sytak behoue gebly het. Die naam is op die onderverdeling oorgedra.

SAMSONS BAKPLAAS Nam. Q.11-23

K 2917 CC

Eerste eienaar: Engelbrecht WJ 1923-05-15

Opmeting 1959 "Samsonsbak Locality (Hole in ground). The feature which gave rise to the name is a depression in the ground. It resembles a dish. The name of the farm (registered name) is Samsons Bak. The people say Semsonsbak phonetically spelled in Afrikaans. It seems that the correct spelling is Simsonsbak. It was not possible to find out whether the Samson referred to was a person in the area or the strong man of the Bible."

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis bakke in die gebroke grond wat water opvang gedurende reëntye en waar h ou Hottentot met die naam Piet Samson gebly het. Hy het eerste die bakke ookgemaak (skoongemaak vir gebruik). Van sy nageslag woon vandag nog in Port Nolloth."

Die Sensuskaart van 1891 toon dat Samsons Bak toe nog onuitgemete staatsgrond was, maar op Divisional map of Namaqualand 1916 verskyn dit as uitgemete plaas met "Water Hole" daarop aangetoon. Dit is die bak waarop die laaste lid van die plaasnaam dui. Afgesien van kleiner meningsverskille, is daar onder die plaaslike bewoners eenstemmigheid dat die eerste lid die van is van h ou Kleurling naamlik Samson, wat die ontdekker was van dié spesifieke waterbak(ke) wat gevolglik na hom vernoem is. Sulke kalkgate vol waaisand waarin reënwater versamel, is h algemene verskynsel in dele van die Sandveld en h ware oase in die waterlose gebied. Dit is dan ook nie vreemd dat h plaas na so h bak(ke) vernoem word nie.

DroëvleiVlei

K 2917 CC

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis vleitjies aan die voet van h knop wat water opvang gedurende reëntye. Andersins is hulle droog."

Dit is eintlik meer as een vleitjie bymekaar wat 'n geheel vorm, van daar die enkelvoud -vlei. Aangesien dit in hierdie geweste min reën, sal die vleitjie(s) byna deurgaans droog wees, van daar die naam.

Naas'Naas Punt (Vroeër Naganaspunt)

Punt

K 2917 CC

Opmeting 1958 "On existing maps this feature is named Naas' Naaspunt. The above form (Naganaspunt) or spelling is a phonetic Afrikaans reproduction of the expressed word, and was quite acceptable to local inhabitants."

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Naganab is die regte Hottentotswoord, maar ons ken dit as Naganaspunt. So het die vissers dit ook genoem. By die punt wat die see inskiet, staan 'n lang swart klip in die see. Ons noem dit Swartklip."

Naas'Naas Punt verskyn op SG map 1895, asook op Sensuskaart 1891 en Divisional map of Namaqualand 1916. Op moderne kaarte is dit vervang deur Swartklip, wat eintlik die benoeming van die baaitjie is. Die Nama-benaming was blykbaar // Nâ-/khâb (// Nâ#gâs = horingkrans of letterlik horingklip, wat in uitspraak en betekenis ooreenkom met Nagas in SWA (Budack 1965: 228; Kroenlein 1881, soos aangehaal deur Vedder s.j. deel XIII: 718). Dit is dan ook die indruk wat 'n mens van die klip kry, naamlik dat dit soos 'n horing die lug insteek. Omdat die uitspraak probleme opgelewer het, is dit deur die blankes vervorm tot Naganab/Naganas/Naas'Naas en is die naam oorgedra op die punt wat die see hier inskiet. Weens die donker kleur van dié klip is die ou inlandse naam mettertyd vervang deur Swartklip.

Nagana se Kop

Kop

K 2917 CC

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Dis 'n kop van gebroke grond naby Naganaspunt."

Die kop lê reg oos en nie ver van Naganaspunt nie waarna dit dan ook heet en letterlik "Horingkrans/klip se Kop" beteken, vergelyk Naas'Naas Punt hierbo.

SwartklipVisbaai

K 2917 CC

Opmeting 1959 "Agtervoegsel 'baai' word nie gebruik nie. So genoem vanweë prominente swart klip."

Dis 'n bekende visbaai waar die plase Samsons Bak en Brazil se gesamentlike grenslyn op die seestrand doodloop en waar 'n lang swart klip bokant hoogwatermerk uitsteek. Waar die inlandse naam op die vorm gerig was (vergelyk Naas'Naas Punt hierbo), het die blankes mettertyd die kleur as die opvallendste faktor beklemtoon, van daar die kleurnaam Swartklip, met die klem op die laaste lid.

WitklipkopKop

K 2917 CC

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis 'n wit tkoeroekop."

Tkoeroe, soos deur die informant gebruik, kom van Nama // Guru- met gewone wisseling // kuru = "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143). Die informant gebruik wit vooraan om die kleur van die kwartsnate in die kop te beklemtoon. Die kopnaam sal dan letterlik wees "Wit(kwarts)kop" na aanleiding van die wit kwarts- klippe. Dit dra opmetingsbaken nommer 77.

SAND KOPPLAAS Nam. Q.7-1

K 2917 CA

Eerste eienaar: Goosen CJG 1910-10-11

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas is so genoem omdat daar so 'n groot sandkop of sandbult is. Dis nie waai-sand nie, maar bossiesgrond wat goeie weiveld is."

Vernoem na die sandkop met opmetingsbaken nommer 78. As

belangrikste entiteit het die kopnaam plaasnaam geword.

SAND VLEY

PLAAS Nam. Q.7-28

K 3017 BA

Eerste eienaar: Cornelissen CP 1911-10-17

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Sandvlei het dié naam gekry omdat dit in 'n stukkie sandveld lê met 'n groot vlei."

Alhoewel die plaas Sandvlei in die klipperige, karoo-agtige gedeelte van die Onderveld lê, is die opstalgedeelte sanderig, van daar dat die informant tereg praat van 'n "stukkie sandveld". Ook die kop met landmetersbaken nommer 47, wat naby die opstal geleë is, vertoon sanderig. Aan die een kant van die sandgedeelte is klippe met 'n vlei wat reënwater opvang gedurende wintertye, en dit het dan ook as winters- of uitlegplek gedien. Gedurende droëntye, soos wat die somersmaande plaaslik bekend staan, word dan weer terug getrek na Soebatsfontein ter wille van water. Die sand en die vlei is as vernaamste entiteite op die plaas by die naamgewing betrek. Die inligting berus op eie kennis van die betrokke gebied aangesien ek baie jare te Soebatsfontein woonagtig was.

Boesmankaroo

Kop

K 3017 BA

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Dan is daar ook regs 'n kop wat ons Boesman-caro noem. Dit bevat 'n klomp gate in 'n platklip. Hulle sê die Boesmans het vroeër daar drinkwater gekry."

Plaaslik heet dit Boesman-[káru] en is soos Nama //garū = "Wasserbecken (im Fels), die Wasserbank" (Kr. & Rust 1969:84). Letterlik beteken dit dan "Boesmanklipbak". Alhoewel informant Goosen "caro" spel, spreek hy dit wel [káru] uit, soos vasgestel tydens 'n gesprek met hom gevoer. Ek glo dat deur die wisseling van g-/k- (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3)

by die blanke karoe [k̄aru] uit //garū ontwikkel het, maar dat die oorspronklike betekenis in 'n groot mate verlore gegaan het deurdat die woord nou plaaslik algemeen gebruik word om die klipperige, karoo-agtige gedeelte van die Sandveld te onderskei.

Koeie-slag-koppieKoppie

K 3017 BA

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Dit was in my oupa se tyd. Daár het sewe Hottentotte 'n koei van hom geslag."

MeulsteenberKop

K 3017 BA

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Die kop noord noem ons Meulsteenber want daar het ons klippe vir stene van die gatskuur gekry."

Die maalklip (Koningsbode 1943:13) of gatskuur soos dit plaaslik heet, is 'n tuisvervaardigde handmeul waarmee broodkoring gemaal word. Dit bestaan uit twee plat, sirkelvormige meulstene van klip bo-op mekaar. Die boonste word voorsien van 'n handvatsel sodat dit in die rondte gedraai kan word, asook 'n gat waardeur die koring bietjiesgewys gegooi word om tussen die stene fyngemaal te word. Die woord is baie beskrywend. Dit dui op die gat in die steen en die skuur van die stene op mekaar, maar miskien ook op die wrywing of skuur van die maler se sitvlak op die grond terwyl hy hom inspan om die steen te draai. Die verklaring berus op eie waarneming en kennis van die gatskuur. Die kop is dan Meulsteenber genoem omdat meulstene vir die gatskuur uit die klippe daarvan gekap is.

Posman se BultBult

K 3017 BA

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Ons noem dié sekere bult so, omdat 'n ou Hottentot wat vroeër pos vanaf Hondeklipbaai na Soebatsfontein gedra het, daar dood is."

Die bult is vernoem na die posman wat daar oorlede is.

RamkopKop

K 3017 BA

Goosen LJ 1978 Boer Vraelys "Na-aan Sandvlei lê ook 'n kop wat ons die Ramkop noem. Daar was 'n kraal vir die injaag van die ramme."

'n Sekere tyd van die jaar word die ramme uit die trop gehaal en apart laat loop, anders moet elke bokram 'n ntgaai ('n stukkie seil wat die geslagsorgane bedek) omkry om die ooie gus (onbevrug) te hou (Coetzee 1983:312). Die informant verwys hier na die kraal by dié sekere kop waarin die ramme saans gejaag is, van daar die naam.

UitspansandGebied

K 3017 BA

Goosen JC 1980 Pensionaris Gesprek "By dié sandjie is altyd uitgespan, van daar die naam. Daar groei heelwat twa- en kruppelgras in teenstelling met die omliggende omgewing waar merendeels ntgouroe, beslyn, tgoenebees en opslag groei."

Met "sandjie" verwys die informant na 'n stukkie swaar sand noord van die kop met landmetersbaken nommer 47, waardeur die Soebatsfontein/Riethuis-pad loop. In die afgelope jare is die pad blad gegooi of hard gemaak, soos dit plaaslik heet, maar vroeër is hier altyd uitgespan om die trekdier te blaaskans te gee voordat die swaar sand aangedurf is. Hier het ook heelwat fyn- en growwe twa asook kruppelgras gegroei wat die grofdiere kon vreet. Met die koms van die motor word natuurlik nie langer by Uitspansand uitgespan nie; partykeer word net "wiele afgeblaas" om nie in die sand vas te val nie, maar die naam leef plaaslik nog voort.

SANNAGASPLAAS Nam. Q.3-11

K 2917 DC

Eerste eienaar: Weich F 1887-12-20

Veillet L 1974 Priester (Pella) Vraelys per Naamkundesentrum (Nienaber & Raper 1977:1000) "Sannagas = moesieplaas.

Wiese BJ 1981 Boer Gesprek "Die plaas is baie berg- en koppiesagtig."

Volgens Veillet se gegewens kan die plaasnaam wees soos Nama sana = "das Muttermal" (Kr. & Rust 1969:340), met -ga- as formans om hoeveelheid aan te dui, gevolg deur lokativerende -s. Dus: die "Plek van baie moesies", verwysende na die koppie-agtige omgewing wat die indruk van 'n plek met baie moesies skep. Hierdie taalkundige ontleding word dus deur die topografie onderskryf. Die lid -gas kan egter ook aansluit by #gās = "die Vley" of #gās = "das Grabwasserloch" (Kr. & Rust 1969:97) aangesien die plaas se enigste waterbron van destyds in dié vorm in die Sannagasrivier voorgekom het, in welke geval dit dan "Moesiefontein /-graafwater(puts)" sal beteken. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke plaas.

Biesies

Onderverdeling met opstal

K 2917 DC

Nelson FG 1980 Boer Gesprek "Die laagte wat oor die plaas loop, is die ene biesies."

Die laagte waarvan die informant praat, is 'n tak van die Buffelsrivier waarin baie soutbiesies, Scirpus sp. (Smith 1966: 101) groei, van daar die onderverdelingsnaam.

Mannetjiesklip

Klip

K 2917 DC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Mannetjiesklip".

Rich HJ 1985 Boervrou Gesprek "Dis maar net 'n langerige klip teen die berg wat van ver af na 'n mens lyk."

Ek ken die betrokke klip en kan bevestig dat dit op 'n afstand na 'n man (mens) lyk wat teen die hang van die berg staan, van daar die naam Mannetjiesklip.

SANTABPLAAS Nam. Q.14-8

K 3018 BA

Eerste eienaars: Engelbrecht PAF, en andere 1926-12-13

Divisional map of Namaqualand 1916 "Santab" met "Santab Vlei" daarop.

Geen plaaslike hulp kon verkry word nie. Ek is egter van mening dat die eerste lid vermoedelik is soos Nama Sa-n = Boesmans (comm. pl. van Sa-b) (Kr. & Rust 1966:338), met -tab te sien as $\#g\bar{a}b$ = "die Vley" (1966:97). Dus: "Boesmansvlei". Dit wil dan voorkom asof die vlei oorspronklik benoem is, waarna die naam by verdeling op die plaas oorgegaan het.

Santab se VloerVloer

K 3018 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Santab se Vloer".

'n Groot, vlak holte in die grondoppervlakte waarvan die bodem soos 'n vloer waterpas gelyk lê. Die vloer is na aanleiding van die plaasnaam benoem.

SARAIPPLAAS Nam. Q.12-24

K 3018 BB

Eerste eienaars: Van der Westhuizen J, en andere 1925-12-20

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Saraip".

Volgens Nienaber & Raper (1980:696) kom die plaasnaam Saraip neer op Nama tsara- = stof (Rust 1960:58) of sari = "Staub in die Luft streuen" (Kr. & Rust 1969:341), met ei-(ai-) = gesig, voorkant, vlakke (1969:60) en -p/-b as die masc. sing. wat die langerige laagte, Saraip se Laagte, wat oor die plaas loop en toponimies primêr was, aandui. Hiervolgens skyn Saraip dan 'n sametrekking te wees van (t)sari-ei-/(t)sara-ei-. Dus: "Stof-gesig" of "Stofvlakke". Plaaslike navrae dui daarop dat die plaas vroeër baie stof gemaak het. Dit ondersteun die verklaring.

SCHAAPRIVIER PLAAS Nam. Q.10-15 K 2917 DA

Eerste eienaar: Mostert EJJ 1915-05-18

Kennis (1978:3024) "Aanleg aan die Skaaprivier wes van Springbok."

Die plaas dra die naam van die Skaaprivier wat oor die hele lengte daarvan kronkel. Vir die verklaring van die naam vergelyk SKAAPRIVIER onder riviere.

Spektakelpas Pas K 2917 DA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Spektakelpas".

Dit is die pas teen Spektakelberg. Vir die verklaring van die naam vergelyk SPEKTAKEL onder plaasname.

SCHULP FONTEIN PLAAS Nam. Q.13-24 K 3017 AA

Eerste eienaar: Coetzee AJ 1929-06-07

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Naby Skulpfonteinpunt waar die see die inham gee, is 'n watertjie waar die oumense altyd hul skaapramme water gegee het. Daar is baie skulpe."

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Skulpfontein is geen Hottentotsnaam nie, maar het sy naam gekry vanweë 'n vars wateraar wat op die strand uitmond. As dit laagwater is, kan jy dit oopgrawe, dan is dit vars."

Die plaas Schulp Fontein is tans eiendom van die De Beers Consolidated Mines. Op die Sensuskaart van 1891 verskyn die gebied nog as onuitgemete staatsgrond, terwyl Divisional map of Namaqualand 1916 dit aangee as uitgemete plaas met 'n fontein by hoogwatermerk, op die plek soos deur informant Brand aangedui. Die plaasnaam is aan hierdie fontein, in die omgewing waarvan baie skulpe en skulpgruis deur die seewater uitgewerk word, ontleen. Die naam is nog in die oorspronklike Nederlandse spellingsvorm, wat egter verafrikaans is in die naam van die opstal, naamlik Skulpfontein.

Baratini

Gestrande skip

K 3017 AA

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Dis die wrakstukke van 'n skip wat in 1943 gedurende die laaste wêreldoorlog daar vergaan het. Geweldig baie klerasie het uitgespoel."

'n Gestrande skip met die naam Baratini.

Bonthoek

Gebied

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Aangesien die grond daar wit is, lyk dit of die plek bont is."

Die wit kolle grond tussen die donker plantegroei verleen 'n bont kleur aan die hoek wat die duine daar vorm.

Eensaam

Gebied

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Dis 'n plek op die lyn tussen Skulpfontein en Lande se Kop waar ook mense gebly het, maar aangesien hulle ver van ander mense af was, heet die plek Eensaam."

Weens die afgesonderdheid van die bewoners is die gebied Eensaam genoem.

Geelduine

Duine

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Die geel sandduine wat op die plaas lê, trek van tyd tot tyd al verder soos die wind dit voortwaai. Tussen dié duine is ook 'n watertjie, maar dit bly ongelukkig nie lank oop nie dan trek die duine weer daaroor."

Geelagtige waaisandduine wat oos van die Noopduine lê en wat voortdurend noordooswaarts beweeg vanweë die suidwestewind wat dit aandryf. Plaaslik word gesê dat die duine loop.

Goewermentsbaken se Duin

Duin

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Die duin heet na die baken wat daarop staan."

Vernoem na landmetersbaken nommer 11, plaaslik ook bekend as Goewermentsbaken.

Kameroo-duin

Duin

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Dis 'n hoë duin waar kameroos gegroei het."

Die informant verwys na die kamaroo/kamb(a)roo, Fockea comaru, waarvan Smith (1966:272) sê: "The large rootstock formed an important item in the diet of the Bushmen and is still used."

Kanniekop

Kop

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis 'n knop met gebroke grond waar baie kannies groei. Die kannie is 'n knol wat op die wortels van die melkbos groei en wat jy kan eet."

Vir die betekenis van kanni(e) vergelyk die plaasnaam KANNIKWA.

Noopduine

Duine

K 3017 AA

Vir die betekenis van die lid Noop- vergelyk die plaasnaam NOUP.

Skilderduin

Duin

K 3017 AA

Nagel A 1978 Winkelklerk Vraelys "Die grond is wit met donker kolle bosse daarop."

Die bedoeling is dat die duin skilderbont vertoon.

Skulpfonteinpunt

Punt

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die land vorm daar 'n punt wat die see inskiet."

Dis 'n punt van die plaas Schulp Fontein wat in die see uitsteek. Dit heet na die plaas en die fonteintjie wat naby die punt geleë is.

Swartstraat

Seestraat

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Waar die grenslyn tussen Zwart Duinen en Schulp Fontein in die see doodloop, is 'n klip wat soos 'n lip seewaarts uitsteek, bekend as Lipklippie, vanwaar vissermanne met laagwater deur 'n geut na 'n kliprif in die see kan stap en waarvandaan dan landwaarts visgevang kan word. Tussen hierdie rif en 'n volgende, dieper die see in, lê Swartstraat wat baie vol bamboes is, sodat die seewater donker vertoon; van daar die naam."

Met geut word plaaslik bedoel 'n opening tussen rotse op die kus waardeur die seewater spoel. Straat veronderstel weer 'n strook see tussen klipriewe en bamboes die Ecklonia buccinalis

(Odendal 1981:945) wat in groot hoeveelhede aan die Weskus groei en die spesifieke straat gevolglik 'n donker kleur besorg, van daar Swartstraat.

SILVERFONTEINPLAAS Nam. Q.3-4

K 2917 DD/2918 CC

Eerste eienaar: Esterhuizen WC 1887-08-15

Rossouw (1973:80-1) "Ek dink nou aan die plaas Silwerfontein, 'n plaas 18 myl van Springbok, Boesmanland se kant toe. Dit was nie 'n geval van mooinaamgeëry nie. Die grond in die 'maag' van die plaas lyk werklik silweragtig-wit, waterryk en baie vrugbaar. Die grond is vulkanies van aard. Daar staan duisende lemoenbome, en die plaas was tot redelik onlangs die enigste 'lemoenplaas' binne-in Namakwaland. Dis hier waar die onvergeetlike oom Bertus Roux gebore en oud geword het."

Die plaas is vernoem na die fontein(e) met die opvallende vulkaniese, silweragtige wit grond, wat veral kenmerkend is van die "maag" van die plaas. Dis 'n baie ou geskiedkundige plaas. Volgens Heese (1947b:41) het ene Nicolaas Smit reeds in 1766 "de Silverenfonteyn" as leningsplaas aangevra, maar vermoedelik nie permanent daar gewoon nie. In 1776 het Jan van den Heever, die stamvader van die Namakwalandse Van den Heevers die plaas aangevra en tot 1798 in die somers daarop gewoon, maar weens die plunderinge van die Hottentotte onder Witbooi en Afrikaner asook die Boesmans, moes hy sy plaas net so agterlaat en na medeblankes in die Kamiesberge vlug. Cornelis Kok met sy Griekwas het egter by die blankes gestaan waarvoor hy as erkenning die plaas Silwerfontein in 1805 aangevra en gekry het. Van 1806 tot 1813 was Silwerfontein en Olyvenfontein, die ander plaas van Kok, die plekke waar die sendelinge hul voedselvoorrade kon aanvul en ook beskerming kon kry wanneer die Hottentotte hulle bedreig het. Teen 1815 het Kok sy plase in Namakwaland verkoop en na Griekwaland-Wes getrek. Silwerfontein het toe weer in blanke besit gekom - eers ene Jasper

Coetzee en later die onverskrokke Piet van Zyl met die bynaam Piet Wolf, vir wie die Boesmans 'n heilige ontsag gehad het. Hy het later na die Vrystaat getrek en die plaas het die eien- dom van die Esterhuizens geword. Op Silwerfontein lê twee sendelingvroue begrawe, naamlik mevrou Albrecht, wat op 13 April 1812 op die plaas oorlede is, en mevrou Sass, wat in 1813 skielik oorlede is. Ook die graf van Naugaap, die moor- denaar van sendeling Threlfall, wat ná die moord in Groot- Namakwaland gevange geneem en te Clanwilliam in die Kolonie gevonnissen is om na Silwerfontein teruggeneem en deur ses van sy landgenote doodgeskiet te word (Conradie:1909:36-7). Om ontsag in te boesem, vermeld Heese (1947b:43), het die Namakwa- landse veldkornette Agenbag en Engelbrecht met tagtig berede burgers luister aan die teregstelling verleen. Witbooi se Hottentotte van Pella en die Bondelswarts van Warmbad het ook spesiaal oorgekom.

SKUINS KRAAL

PLAAS Clw. Q.7-33

K 3017 DB

Eerste eienaar: Burke JL 1907-12-17

Agenbag DW 1978 Boervrou Vraelys "Die plaas bestaan heel uit hoogtes wat weerskante toe afdaal en wat 'n klofie vorm wat met reëns afloop. Met ander woorde jy kry nie 'n groot ge- lyk stuk grond aanmekaar nie. Jy het altyd iewers heen af- draand.

Die plaas is geleë aan die westekant van die nasionale pad bo- op Garieshoogte en word Skuinskraal genoem vanweë die onewen- heid van die gebied wat baie skuinstes tot gevolg het. Die lid -Kraal verwys na die aanleg.

Bloukrans

Kop

K 3017 DB

Agenbag DW 1978 Boervrou Vraelys "Dan is daar so 'n groot, so- liede, blou krans wat die naam Bloukrans dra. Die plasië suid van genoemde krans dra ook dié naam."

Die kop wat grotendeels uit blou graniet bestaan en derhalwe Bloukrans heet, dra opmetingsbaken nommer 8.

DekselklippgatKlippgat

K 3017 DB

Agenbag DW 1978 Boervrou Vraelys "In 'n groot platklip is 'n diep klippgat wat reënwater opvang en wat met 'n swaar klipdeksel toegemaak word, van daar die naam."

So vernoem omdat die klippgat 'n klipdeksel het.

LetterklipRotse

K 3017 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Letterklip".
Schreuder MM 1985 Sakeman Gesprek "Gedurende die oorlog van 1899-1902 het 'n Engelse kamp naby die betrokke klip gestaan waarop baie manskappe hulle name, ensovoorts, uitgekap het. Dit is in 1968 as gedenkwaardigheid verklaar."

Dit dra dié naam vanweë die baie letters, name en datums wat op die rots uitgekap is, vermoedelik deur die Engelse wat daar kamp opgeslaan het. Volgens Schreuder, op wie se grond die spesifieke klip of rots geleë is, is dit dan ook in 1968 as gedenkwaardigheid verklaar. Eie kennis van die betrokke klip bevestig sy verklaring.

SandkopKop

K 3017 DB

Agenbag DW 1978 Boervrou Vraelys "Dis 'n kop wat tussen die klippe baie sanderig is."

Die kop bestaan grootliks uit sand.

WitkleikopKop

K 3017 DB

Agenbag DW 1978 Boervrou Vraelys "'n Groot kop waaruit wit klei, en selfs meer kleure, gehaal word en waarmee die ouer garde

vroeër hul huise uitgeverf het."

Vernoem na die witklei wat uit die kop gehaal is vir die afwit van huise.

SMORGEN SCHADUWE (Vroeër bekend as Koumoeskaap/Omuskab)
PLAAS Nam. Q.10-14 K 2918 CB

Eerste eienaar: Kennedy JHJ 1915-05-18

Sensuskaart 1891; SG map 1895 "Morgen Schaduwe", ook "'s Morgen Schaduwe" op party kaarte gespel.

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "K'oumoesk'naap se Berg" en suidoostelik daarvan ook "Môreskadu se Berg" op "Smorgenschaduwe".

Van Heerde-versameling "Smorgenskadu. Die oorspronklike naam was Kaumasnaap. Die wit kwartsietrante (berg) gooi hul skadu in die oggend oor die huis. Die aanleg het die skadu van die oggendson. Toe hulle die nuwe huis laat bou het, het hulle dit in die skadu van die oggendson gebou."

Volgens Nienaber & Raper (1980:564-5) se informant, meneer Kennedy die plaaseienaar, was Smorgen Schaduwe se inlandse naam !Omus≠kap, wat dan blyk bewaar te wees in die bergnaam K'oumoesk'naap, wat te verdeel is in K'ou-+moes-+k'naap. Die K'ou- kan wees soos Nama //goa = "Morgen" (Rust 1960:43); -moes- soos Nama -mû-s = "Auge" (1960:6); k'naap soos ≠gā-b (ook ≠kā-p) = "die Fläche, die Ebene", (Kr. & Rust 1969:97). Die -p(-b) ml. ekv. dui aan dat dit die naam van 'n berg is. Die skrywers wys daarop dat die beginkomponent miskien ook geïdentifiseer kan word as !om = "ergrauen" (1969:327), wat met die skaduwee-element verbind kan word. Hoewel die ou inlandse naam onvolkome oorgelewer is, blyk dit duidelik dat dit voortleef in sy vertaalde Nederlandse vorm, Morgen Schaduwe,

en wel vanweë die skaduwee van die berg wat in die vroeë oggend oor die vlakte val, soos deur Van Heerde hierbo beskryf.

SOMNAAS

PLAAS Nam. Q.10-32

K 3017 AA/AB

Eerste eienaar: Coetzee TJ 1916-02-08

Brand AG 1978 Gesprek "Dis eintlik Somnab. Hulle het vir my gesê dit beteken kalkrif."

Coetzee GJE 1978 Boer Gesprek "Die oorspronklike water was by 'n hoë grys duin. As die see opstoot, stoot dit oor die fonteintjie. As dit terugtrek, kan dit oopgegrawe word en voorsien dit weer vars water."

Coetzee TJ 1978 Boer Vraelys "Dit is 'n Hottentotsnaam met 'n tongklap, Songtnghap. Dit beteken by benadering, water by die duin."

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Dit is Somnap en beteken skaduklip. Daar is so 'n oorhangende klip naby die strand. Die plaas se water is vandag 'n put by 'n sandduin waar duisende vee vroeër water gegee is, maar ongeveer 5 km daarvandaan is 'n groeiwatertjie by Tkous waar die oumense geskep en gedrink het en ook die diere water gegee het."

Die wisseling van -nab(p) en -naas(nas) het van vroeg af op kaarte neerslag gevind, byvoorbeeld Sensuskaart 1891 "Somnas Water"; CCRS 1907-14 Bowedorp Sheet 1/394 "Somnap Water". Simon van der Stel se ekspedisie het reeds in 1685-6, op hul soektog na 'n geskikte hawe dié fontein ontdek. Waterhouse (1932:146) sê in dié verband: "They returned in the evening and reported that they had found a good route but no grass nor water, except for a small spring at a distance of 2 miles, which, if enlarged, they thought, would yield water enough for cooking and drinking." Alhoewel die dagregister nie die fontein se

naam vermeld nie, verklaar Heese (1942b:13), wat 'n intensiewe studie gemaak het van die ekspedisie se roete deur Namakwaland: "Hiervandaan is dit weer voorwaarts al langs die seekus na die tweede fontein wat vandag bekend staan as Songnaas." Van besondere betekenis is die ekspedisie se vermelding dat die fontein vergroot of oopgegrawe kon word, want dit versterk informant GJE Coetzee se verklaring dat dit onderhewig was aan voortdurende toespoel of toesak deur seesand sodat dit telkens oopgegrawe moes word. Dis opvallend dat beide Heese en TJ Coetzee die eerste lid as Son- en nie Som- nie aangee. Dit is toe te skryf aan die feit dat die m onder invloed van die daaropvolgende klapklank, wat alveolêr is, oorgegaan het tot n. Informant Kotze bring in sy verklaring die lid Som- in verband met Nama somi = "Schatten" (Rust 1960:52), terwyl sy \neq nap dan klip moet beteken, wat taalkundig nie te rym is nie. Ook Brand se verklaring is nie te rym nie. In die lig van die plaaseienaar, TJ Coetzee, se mededeling, is ek van mening dat die eerste lid soos Nama Tsom = "(Grabwasser) zutreten (Vieh beim Tränken)" (Kr. & Rust 1969:385). Dit behels die gedagte van toesak/toeloop. Die laaste lid is soos Nama \neq gâb, \neq gâs = "Grabwasserloch" (1969:97). Hierdie \neq gâb is realiseerbaar vir die gewone hoorder as -nab(p). Letterlik kom dit dan neer op "Die graafwatergat/fontein wat toesak" of selfs toegetrap is deur wild en vee aangesien dit in die sand geleë is. Hierdie verklaring word deur die topografie bevestig.

Dawid se Kop

Kop

K 3017 AB

Coetzee TJ 1978 Boer Vraelys "Dis 'n kop met 'n ronde vlei bo-op. As dit reën is die water van die vlei so rooi soos bloed. 'n Koeëlrunde klip so groot as 'n man se vuus is in die vlei gevind. Vir die kinders word vertel dat dit die plek is waar Dawid vir Goliat doodgegooi het."

Die kopnaam het, volgens die informant, ontstaan na aanleiding van die Bybelse verhaal van Dawid en Goliat wat op dié spesifieke klip en vleiwater van toepassing gemaak is.

'n spoor te plaas. Die eerste komponent is vermoedelik soos Nama \neq nara = "platt, flach (sein)" (Kr. & Rust 1969:286) en die tweede soos \neq gab(p) = "Grabwasserloch, die 'puts'" (1969:97). Dus: "Die vlak graafwatergat of fontein". Op SG map 1895 verskyn Naragap in die omgewing van die punt wat tans dié naam dra. Dit korreleer met die "groeiwatertjie" van informant Kotze onder die plaasnaam Somnaas, wat hy Tkous noem. Die vermoede is dus dat die inlandse naam oorspronklik betrekking gehad het op die fonteintjie, maar later oorgedra is op die punt land wat die see inskiet en aldus behoue gebly het.

PrammetjieDuin

K 3017 AA

Coetzee TJ 1978 Boer Vraelys "Dis 'n ronde duin met 'n groot taaibos as tepel bo-op."

Die duin met die taaibos bo-op laat dink aan 'n vroulike bors.

SomnaasbaaiBaai

K 3017 AA

Sensuskaart 1891, SG map 1895, asook Divisional map of Namaqualand 1916 toon almal "Somnas Water" aan wat die indruk skep dat dit die baai is wat aldus benoem word. Dit is egter die belangrike waterbron (fontein) wat ter sprake was, selfs nog voordat die plaas uitgemeet is. Die baainaam kom maar eers op moderne kaarte voor, sodat dit geregverdig is om te beweer dat die baainaam van die plaasnaam afgelei is en nie andersom nie. Vir die verklaring vergelyk die plaasnaam SOMNAAS.

TkousFonteintjie

K 3017 AA

Swart (1973:89) "Teen die see in die omgewing van Hondeklipbaai is ook 'n Ous (Tkous). Dit beteken syferwatertjie."

Dis soos Nama /ous, /aus = fontein, bron (Kr. & Rust 1969:319), in teenstelling met Ous (Tkous), ensovoorts, die ou naam van

Kamieskroon, wat uit 'n ander grondwoord spruit (Nienaber & Raper 1977:979-80).

SOUBATTERS FONTEIN EN DE KLIPSCHEUR

PLAAS Clw. Q.7-16

K 3017 BA

Eerste eienaar: Aggenbach JHA 1844-02-15

Sensuskaart 1891 "Part of Doorn Soubatters Fontein and De Klipscheur".

SG map 1895 "Soubatters Fontein".

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Soubattersfontein en De Klipscheur".

Dis die westelike gedeelte van die oorspronklike plaas Doorn Soubatters Fontein en De Klipscheur. Vir die verklaring van De Klipscheur vergelyk die plaasnaam DOORNFONTEIN. Vervolgens het ons dus net met die benaming Soubatters Fontein te make. Hierdie eienaardige plaasbenaming het deur die jare heen hoor- ders geïnteresseer en allerhande staaltjies is bygelas sodat die ware feite mettertyd vermink en verlore geraak het, selfs by ouer verklarings. So byvoorbeeld praat Conradie (1909:6) van Hollanders wat hier tevergeefs vir hul lewens gesoebat het. Pettman (1931:155) weer skryf die naam toe aan die gesoebat van 'n paar boere wat hier deur die Boesmans vermoor is. Die Namakwalander (17 November 1976) verhaal hoedat twee groepe Kleurlinge hier in 'n rusie gewikkel geraak en die verslane groep om vrede gesoebat het. Gelukkig kon die ware feite nog bekom word uit 'n brief van J.C. van der Westhuizen aan die destydse landdros van Stellenbosch (Kaapse-Argief: 10/151, 1798). Aan die hand hiervan het Heese (1947:33 e.v.) die gebeure soos volg saamgevat: Gedurende die jare 1790 tot 1815 het die Boesmans onder leiding van Oorlams-Hottentotte, wat teen daardie tyd uit die gevestigde dele van die Kolonie begin padgee het, deur hul roof- en plundertogte die Namakwa-landse pioniers baie hoofbrekens besorg. Jan van den Heever

het al in Julie 1797 by die veldwagmeester, Andries Kraay, gekla dat hy van Silwerfontein moes padgee as gevolg van die Boesmans-aanvalle. Twee ekspedisies onder leiding van Jan Engelbrecht en Jan Eyman het geen vrugte afgewerp nie, aangesien die plunderaars net in die onherbergsame bergwêreld ingevlug het. Die saak is vererger toe Andries Kraay die gerug versprei het dat alle Hottentotte ingeboek sou word. Die Oorlamse-Hottentotte, Witbooi en Barend Goeieman het hulle hewig hierteen verset en verklaar dat hulle liever sal sterwe as om tot slawe gemaak te word. Vyf verdere plase, naamlik Komaggas (Jasper Cloete), Avontuur (Willem Behrens), Kookfontein (weduwee Achenbach), Soebatsfontein (weduwee Klaas van der Westhuizen) en Wolwepoort (Adrian van Niekerk), is gestroop. Laasgenoemde was verplig om sy koringoes op Wolwepoort net so te laat staan en na die laer op Rietkloof te vlug. Steenberg, Matthys Esterhuizen en 'n Baster Sias, het ook betyds ontvlug, maar Hendrik Stievert het in die slag gebly. Die Hottentotte was briesend oor die blankes hul vee by al die fonteine laat suip het. Toe Hendrik Stievert, die kneg van die weduwee Klaas van der Westhuizen, dus met sy klompie vee in die nabyheid van die fontein wei, het Barend Goeieman met 'n klompie Boesmans hom oorval. Die verhaal lui dat hy vreeslik gesoebat het vir sy lewe, maar geen genade is betoon nie. Hulle het hom eenvoudig doodgeskiet, soos duidelik deur die veldwagmeester in sy brief vermeld word, asook dat die rowers teen dié tyd reeds 21 gewere gebuit het. Ek het self die betrokke brief in die Kaapse Argief bestudeer en hoewel die skrif al baie dof is, het ek die vermoorde se van ontsyfer as Stievers en nie Stievert soos deur Heese vermeld nie. Origens is die gegewens korrek. Volgens oorlewering is Stievers met messe doodgemartel en sy oopgevekte liggaam op 'n rots of groot platklip aan die westekant van die fontein gelaat (Steenkamp 1975:106). Dié spesifieke platklip word vandag nog deur die boorlinge uitgewys. Stievers se gesoebat om sy lewe in die nabyheid van die fontein het aan die plaas Soubatters Fontein sy naam besorg.

Antonie se KlipgatKlipgat

K 3017 BA

Coetzee M 1978 Huisvrou Vraelys "'n Vrou en haar man het vroeër daar gebly. Die ou vrou was maar baie beduiweld. Eendag toe sy weer die ou man wou slaan, het hy in die rigting van die klipgat gehardloop. Toe hy sien sy haal hom in, het hy sommer in die klipgat gespring."

Met klipgat word bedoel 'n gat in rotsbanke waarin reënwater opgevang word. Die betrokke klipgat dra dié naam omdat Antonie daarin gespring het, soos deur die informant verhaal.

BeginvleiOnderverdeling met opstal

K 3017 BA

Wiese JA 1980 Boer Gesprek "Dit was vroeër 'n wintersuitlegplekkie by 'n vleitjie waar ou tant Sannie Esterhuizen gebly het. Dit is seker so genoem omdat hulle beginners was. Die lyn loop deur die vleitjie sodat daar dikwels amper blaklei (baklei) is wanneer die water begin skaars raak het."

Met beginners bedoel die informant mense wat nie veel aardse goedere kon versamel nie en gevolglik hul lewe lank beginners gebly het en dikwels as bywoners 'n nomadiese sukkelbestaan gevoer het. Dit kan egter ook wees dat die naam verwys na die begin wat by dié spesifieke vlei gemaak is, dit wil sê die nuwe wintersuitlegplek wat daar aangelê is.

BlouplatklipOnderverdeling met opstal

K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Bokant die opstalletjie, waar die mense vroeër gebly het, is 'n groot, blou platklip wat ongeveer twee- tot driehonderd tree in omvang is."

Vernoem na die blouagtige, gladde rotsblok by die opstal wat kenmerkend is van Namakwaland se berge en plaaslik bekend staan as platklippe.

Gemsbokklip Onderverdeling met opstal K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "By 'n groot ronde klip is klipbakke of -gate wat water vat as dit reën. Die gemsbokke het vroeër daar gedrink. Teen die ronde klip is hulle skuurplekke nog sigbaar."

Vernoem na die Oryx gazella (Odendal 1981:266) wat, volgens die informant, hul suipplek by dié groot ronde klip gehad het.

Goedehoop Onderverdeling met opstal K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die oorspronklike eienaar het vermoedelik baie goeie hoop gehad dat dit goed en voorspoedig sou gaan. Hy het seker gehoop dat daar goeie reënjare sou voorlê en dat die vee sommer baie sou tweeling en drieling."

'n Onderverdeling van die oorspronklike plaas wat aan die vrygrond of meent om die fontein (Soebatsfontein) grens, met verklaring van die naam soos deur die informant vermoed.

Groot Meide se Hoog Hoogte K 3017 BA

Coetzee M 1978 Huisvrou Vraelys "Vroeër het die Kleurlinge Saterdaggaande op dié spesifieke hoog gaan dans. Een aand het 'n jong dogter (meidjie) sonder haar ouers se toestemming ook daar gaan dans. Toe haar pa dit agterkom, het hy haar met 'n slaanding gaan haal. Op pad terug, het kort-kort 'n hou geval met die vermaning 'dit is nie 'n plek vir 'n kind nie - dit is 'n plek vir die groot meide'. Daarna is voortaan na dié hoogte verwys as Groot Meide se Hoog."

Die betekenis is soos deur die informant weergegee. In die streektaal staan 'n hoogte bekend as hoog.

KalbaskopKop

K 3017 BA

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "Van 'n sekere kant gesien vertoon die kop die vorm van 'n kalbas. Die lyf lê aan die westekant en die kop aan die oostekant van die Soebatsfontein/Springbokpad wat by die nek oorgaan."

Met die nodige verbeelding kan 'n kalbasvorm uit die topografie van die kop gekonstrueer word. Die kop vorm die hoekbaken van die vier omliggende plase en is geleë ongeveer 2 km noord van die fontein.

KanoebiebergBerg

K 3017 BA

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser & boer Vraelys "Tjannoe-bieberg, die Tjan met 'n tongslag uitgespreek, so genoem omdat daar baie tjannoebiebosse groei wat soet bessies dra wanneer hulle ryp is, en graag deur mense en diere en voëls geëet word."

Vir die betekenis van die komponent Kanoebie- vergelyk die plaasnaam KANNABIE DUIN and STEEN VLEI.

Ka(r)telklipKop

K 3017 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Katelklip".

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis Kartelklip en nie Katelklip nie. Die klip lyk of dit gekartel is. Die berg se hang gee twee stoepe of inhamme. Uit die suidweste lyk dit of die hang gekartel is, nes gekartelde hare. Daar is pragtige klipgate."

Uit eie kennis van die gebied, kan ek die benaming Katelklip geensins topografies verantwoord nie, wel Kartelklip op grond van die gekartelde indruk wat die klippe teen die kop se hange gee. Ek glo dat Katelklip 'n drukfout op moderne kaarte is, hoewel dit deurgaans deur die plaaslike bewoners gebruik word vir die kopnaam wat ook opstalnaam geword het.

Maer ooie se Koppie Koppie K 3017 BA

Coetzee M 1978 Huisvrou Vraelys "Geen ander diere mog in die omgewing van dié koppie wei nie. Daar dit naby die huis was, is dit uitgehou vir die maer ooie wat nie so ver kon loop om by kos te kom nie."

'n Koppie wat die weigebied van die maer ooie aangedui het.

Melkhoutbak se Berg Berg K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n klipbak waarby 'n melkhoutboom deur alle jare heen groei."

Die berg is vernoem na die klipbak en melkhoutboom, Sideroxy-lon inerme (Smith 1966:336), wat daarop voorkom. Die berg dra opmetingsbaken nommer 49.

Ouhoog Wintersplek/hogte K 3017 BA

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser & boer Vraelys "Dit was 'n buitepos waarheen boere in die winter met hulle diere getrek het."

Die eerste lid dui aan dat dit 'n ou wintersplek is waar met vee van die vroegste jare af oorwinter is, of dit druk verbondenheid aan die plek uit. Die tweede lid toon aan dat die uitleg op 'n hoogte geleë is. Dis dan eintlik die hoogte, plaaslik bekend as hoog, wat benoem is en waarvan die naam op die wintersuitlegplek oorgedra is.

Rondeklip Onderverdeling met opstal K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Die opstal staan feitlik teen 'n ronde klip wat baie groter as die huis is."

Die groot, opvallende ronde klip het aanleiding gegee tot die benaming van die onderverdeling.

Sandvlei Onderverdeling met opstal K 3017 BA

Wiese IA 1978 Boer Gesprek "Dis vernoem na die vleitjies op die sanderige gedeelte."

'n Onderverdeling op die oostelike gedeelte van die oorspronklike plaas wat vernoem is na die vleitjies op die sanderige gedeelte van die andersins klipperige, heuwelagtige binneveld (die middelste deel van die bergagtige gedeelte van Namakwaland). Die opstal is geleë naby en net suid van die Soebatsfontein/Koeroebeepad.

Skurwe Berg Berg K 3017 BA

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser & boer Vraelys "So genoem omdat die rotse uitstaande punte het en hobbelrig (die teenoorstaande van glad) is."

Die kenmerkende gladde, soliede granietrotse wat eie is aan Namakwaland se berge, ontbreek hier. Die tandvormige rotse van die berg gee daaraan 'n skurwe voorkoms, van daar Skurwe Berg.

Snapsgat se Bult Bult K 3017 BA

Wiese JM 1978 Huisvrou Vraelys "Op dié bult of rant is 'n klipgat, redelik diep, maar nie baie wyd nie. 'n Ou veewagter wat dors was, het daar probeer water skep, maar die water was buite sy armlengte se bereik. Hy haak toe die hingsel van sy emmertjie aan sy haakkierie om die water te put, maar met die optrek glip dit uit en val terug in die gat sodat daarvan voortaan gepraat is as Snapsgat, dit wil sê die gat het sy emmer 'gesnaps' of gesteel. Die bult word dus na dié spesifieke klipgat vernoem."

Die betekenis is soos deur die informant verduidelik. Plaaslik word van steel as snaps gepraat, vermoedelik na aanleiding van die Engelse "snatch".

SpringwalleRivierwalle

K 3017 BA

Coetzee M 1978 Huisvrou Vraelys "Dis hoë walle van die rivier. waar die kinders graag gaan speel en van die walle afspring."

Hoë walle van die tak van die Swartlintjiesrivier wat deur Soebatsfontein loop, waarvandaan veral die plaaslike koshuiskinders dit baie geniet het om af te spring.

WasbakKlipbak

K 3017 BA

Coetzee M 1978 Huisvrou Vraelys "Dis 'n groot plat klipbak bo-op 'n kop. Aangesien dit so plat is, verdamp die water baie gou en moet dit so gou doenlik benut word. Die dag na 'n reën het almal dus hul wasgoed daar gaan was."

Met plat bedoel die informant 'n wye, vlak klipgat wat 'n groot verdampingsoppervlakte het. Die inwoners van Soebatsfontein het ná 'n reën met hul wasgoed op dié klipgat toegesak om die vars water te benut alvorens dit verdamp, van daar die benaming Wasbak.

SOUTFONTEINPLAAS 5578/1953

K 3017 DA

Eerste eienaars: Engelbrecht G, en andere 1967-04-03

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Soutfontein".

'n Gedeelte van die oorspronklike plase Zand Kraal en De Klipheuvel, wat vernoem is na aanleiding van die fontein met sy

brak- of soutwater. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

SOUTKRAAL

PLAAS 5481/1956

K 3017 DA

Eerste eienaars: Engelbrecht JA, en andere 1964-09-23

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Soutkraal".

'n Gedeelte van die oorspronklike plase Zand Kraal en De Klipheuvel en grensende aan die plaas Soutfontein. Die eerste lid dui op die brak- of soutgehalte van die ondergrondse water, terwyl -kraal na die aanleg verwys. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

SPEEL HOEK

PLAAS Nam. Q.4-16

K 2917 DD

Eerste eienaar: Van Niekerk IJM 1888-02-29

Mostert WA 1983 Busbestuurder Gesprek "Dis so vernoem omdat die eienaar en sy gesin die plek so gesellig gevind het."

Volgens die informant se verklaring verwys die eerste komponent van die plaasnaam dan na die gesellige samesyn van die bewoners, dit wil sê dit was vir hul soos 'n speelplek, baie genotvol. Die hoek word deur die berge aldaar gevorm. Dus: "Die hoek waar daar gesellig verkeer (gespeel) word."

SPEKTAKEL (Vroeër bekend as Hamgurakxubus)

PLAAS CRCT 67/1943

K 2917 DA

Eerste eienaar: Die Goewerment van die Unie van SA. 1943-06-17

Schultze (1907:107) "/Hamgura- !kxubus, Spektakel, Grundwasserstelle im Büffelsrivier, ehemalige Kupfermine. An dieser

Stelle stürzte einst ein Ochsenwagen um und die Frauen fielen kopfüber herunter. Dabei wurden, ihre Kleider oder Schurzfelle derart 'umgekehrt' (!kxabu = !kxubu), dass die kleinen Schamlippen (/hamgu) ze sehen waren."

Dreyer (1930:5) "Spektakel, waar daar 'n indrukwekkende gesig na die seekant te sien is, wat volgens die oorlewering Simon van der Stel op sy reis na die Koperberge sou genoop het om uit te roep: Wat 'n spektakel (gesig)."

Van Heerde-versameling "Seberia was die naam wat die mense aan Spektakel gegee het. In die tyd van die ou Cape Copper Co. het hulle, as hul nie met die mense, veral die Cornishmense, kon regkom nie, hul na Spektakelmyn gestuur, vandaar Seberia."

Oor die betekenis van die inlandse naam het Schultze die nodige gesê, afgesien daarvan dat Nienaber & Raper (1977:513) ter aanvulling daarop wys dat die tweevoud van die skaamlippe (/ham = clitoris), /hamgura is, by /ham = wegsteek, toedek. Met klein variasies leef die insident soos deur Schultze verhaal, plaaslik nog soos volg voort: Die pad teen die berg af was vroeër ellendig. 'n Wa met plaaswerkers het daarlangs afgekom, toe die brieke ingee en die wa met die osse op hol gaan. Die vroue en kinders het afgerol. Dit was 'n spektakel. Wat beklemtoon moet word, is dat Spektakel nie die ou inlandse naam vertaal nie, hoewel dit lyk asof dit in herinnering gehou word. Wat Dreyer se verklaring betref, bestaan daar geen grond vir die bewering dat Simon van der Stel Spektakel besoek het nie. Origens bly sy verklaring vir my baie aanneemlik, veral as 'n mens self eers van Spektakelberg die panorama beleef het. Ek dink die betekenis lê opgesluit in die Nederlandse spektakel = "schouwspel, vertoning" (Van Dale 1956:877). Van Heerde se Seberia was maar net 'n tydelike spotnaam bedoelende dat ongewenste (werkers) daarheen verban is. Dat die moraal daar baie laag was, blyk uit die rusverstoringe en oproerigheid wat veral Saterdag, wanneer meer drank verkoop is, daar voorgekom

het. So byvoorbeeld het die kennisgewing van die eerste gratis konsert 'n waarskuwing laat hoor: "To stout young gentlemen, married or single I would offer this advice. 'Do not be seen too often at corners of streets, conversing and flirting with young ladies, even tho' they may be of dark colour'." (Smalberger 1975:92).

Spektakelmyn

Myn

K 2917 DA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Spektakel Myn".

Die myn is vernoem na die plaas Spektakel waarop dit geleë is. Die mynbedrywigheide is in 1853/54 deur Phillips & King begin (Smalberger 1975:91).

SPION KOP

PLAAS Gr. 26/1945

K 2918 BC

Eerste eienaar: Van der Heever PJ 1945-03-27

Van den Heever W 1980 Boer Vraelys "My oupa het my vertel dat die boere wat kom jag het, altyd vanaf Spioenkop, 'n koppie op die plaas, spioeneer het."

In Nederlands vernoem na die koppie met opmetingsbaken nommer 69 waarvandaan op wild of vyande gespioeneer kan word. Die opstalnaam verskyn egter in Afrikaans as Spioenkop.

SPION KOP

PLAAS Nam. Q.12-21

K 3018 BD

Eerste eienaars: De Klerk GA, en andere 1925-11-20

Lochner MG 1981 Boer Brief "Bo-op die hoë rante is 'n koppie waarvandaan gespioeneer is tydens die Huiloorlog. Ver uit-sig vanaf die koppie."

Nes die vorige Spion Kop is ook hierdie plaas in Nederlands vernoem na 'n koppie waarvandaan gespioeneer is, spesifiek gedurende die Huiloorlog (die Eerste Wêreldoorlog, so genoem vanweë die treurmare by kommandering van plaaslike mans), aldus die informant. Die opstal heet ook hier Spioenkop.

SPRINGBOKFONTEIN

PLAAS Nam. Q.3-7

K 2918 CC

Eerste eienaar: Kon nie opgespoor word nie.

Pleknaamlys "Springbokfontein".

Die betrokke plaas kon nie op moderne kaarte gevind word nie. Volgens die graadvierkant op die plaasnaamlys verstrek, was dit moontlik vroeër een van die huidige Bitterputsplase. Die naam dui in elk geval op die Antidorcas marsupialis (Odendal 1981:1052) wat vroeër in groot getalle in dié geweste aange-tref is, veral in die omgewing van waterbronne, waarna die plaasnaamlid -fontein dan ook verwys. Daar is geen aanduiding of die naam vertaald of oorspronklik is nie.

STAAN HOEK

PLAAS Nam. Q.7-29

K 2917 CB

Eerste eienaar: Dembitzer J 1911-10-17

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Die berge vorm hier 'n hoek. Gedurende die transportrydae is hier by die uitspanning oorgestaan en die hoek gebruik as weiveld vir die trekdier."

Staanhoek grens aan die vroeëre uitspanning, vandag bekend as Wolfberg-mynbou, wat op Sensuskaart 1891 as Beverns Mine aangedui word. Ook was daar 'n uitspanning op die suidoostelike hoek van die aangrensende plaas Strydrivier. Dit was belangrike uitspannings waar water in die Buffelsrivier bekom kon word en die hoek wat die berge hier vorm, ryk aan weiding was. Gevolglik is hier gereeld oorgestaan sodat dié hoek mettertyd

bekend geraak het as Staanhoek. By opmeting in plase het dit plaasnaam geword.

STEENBOKPLAAS Nam. Q.13-29

K 2917 AD

Eerste eienaar: Koegelenberg JJ 1926-06-09

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Daar was vroeër baie steenbokke vanweë die ideale sandhoeke tussen die koppe. Op die plaas is ook vroeër vir koper gedelf."

Dat steenbokke, Calotragus tragulus (Kritzinger 1963:614), vroeër baie volop was in hierdie geweste, word nie alleen in die plaasnaam weerspieël nie, maar ook deur die onderverdelingsnaam, Klein-Steenbok, Steenbok se Berge en Ariroep. Steenbokke het 'n groot voorliefde vir gebroke sand, soos dit plaaslik heet.

STOFKRAALPLAAS Nam. Q.3-10

K 3018 AA

Eerste eienaar: Meyer WG 1887-08-15

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "Dit is nie seker nie, maar dit word vermoed dat die plaas so genoem is omdat die klipkraal so stof laat warrel wanneer die noordewind waai. Dit stof ook baie as daar in die kraal skaap gewerk word."

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Dit stof baie op die plaas as die ooste- en noordewind waai."

Informant Kennedy vertolk die lid -kraal letterlik en skryf gevolglik die plaasnaam toe aan die baie stof wat die kraal op winderige dae veroorsaak, terwyl Beukes dit as die aanleg sien. Beide verklarings is aanneemlik, hoewel die meeste samestellings met kraal as lid in Namakwaland na die aanleg verwys.

EenrietGebied

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Vernoem na 'n kol riete in 'n sandsloep waar vroeër 'n dam geskraap is. Ons het ook hier in kalkoonde kalk gebrand."

Vernoem na die enkele kol riete, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat vroeër in die sloep gegroei het.

MelkhoutpoortPoort

K 3018 AA

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "N.a.v. 'n melkhoutboom wat staan op 'n koppie in die opening van die poort."

Die poort is vernoem na die enkele melkhoutboom, Sideroxylon inerme (Smith 1966:366), wat op 'n koppie by die ingang van die poort staan.

MoordenaarshoekGebied

K 3018 AA

Beukes HA 1981 Boer Gesprek "Hier het die Boesmans vroeër 'n Hottentotkraaltjie oorval en uitgemoor. Hulle het katsterte ingestek en soos bobbejane geloop."

Volgens oorlewering het die Boesmans katsterte, Lachenalia sp. (Smith 1966:284), "ingesteek" en soos bobbejane, wat volop in dié gebied was, die niksvermoedende Hottentotte bekruip en uitgewis. Die baie grafte wat in dié hoek aangetref word, bevestig die gebeure. Die ouer bruinmense het vandag nog 'n heilige ontsag vir dié spesifieke hoek wat vroeër bekend gestaan het as Moordenaarskraal (CCRS 1907-14 vel Kamiesberg). Op moderne kaarte heet dit Moordenaarshoek. Die naam is dan vermoedelik vanweë die tragiese gebeure soos deur die informant verhaal.

STOF VLEIPLAAS Nam. Q.12-2

K 3018 BD

Eerste eienaar: Wahl AJ 1925-01-14

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas Stofvlei was groot rooikleipanne waar die wind veral in die agtermiddag digte stofwolke opgeruk het."

Op ouer kaarte, soos die Afdelingsraadkaart van Namakwaland en Divisional map of Namaqualand 1916, verskyn die oorspronklike plaas nog onder die naam Stof Vlei, maar op moderne kaarte, onder andere Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein, het Skimmelkop as plaasnaam oorgeneem met Stofvlei as onderverdeling (restant). Op die destydse plaas Stof Vlei was 'n posagentskap met dieselfde benaming en wel vanweë die geweldige stof wat die wind op die panne en vleie opskop.

KareedoringpanPan

K 3018 BD

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Een van die wateropvanggebiede wat as veesuiping gedien het."

Die benamings pan en vlei word soms baie los gebruik. 'n Mens sou hier eerder -vlei verwag het, maar blykbaar het dié pan se water nie gou sout geword nie, daarom kon dit as veesuiping gebruik word. Die pan is vernoem na die kareedoring (soms saamgetrek tot kriedoring), Lycium sp. (Smith 1966:279-80), wat daar groei. Vergelyk die plaasnaam KAREEDOORN PAN.

SkimmelkopOnderverdeling

K 3018 BD

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Dit was waterlose plase en selfs drinkwater is van die buurplaas aangery. Verskeie waterlose putte en boorgate is deur die vorige eienaar gesink. Met die 37ste boorgat het ek met my eie boormasjien die eerste drinkwater by twee klipkoppies, grysval van kleur, raakgeboor en het ek die plaas na die koppies, wat wagposte by die water was, vernoem."

Die informant en sy broer het ná aankoop van die plaas Stof Vlei en 'n gedeelte van Zwart Rand, die grond onderverdeel. Sy broer het die restantgedeelte, Stof Vlei, behou, terwyl die informant sy gedeelte Skimmelkop verdoop het na aanleiding van die skimmel koppies waarby water uiteindelik gevind is. Volgens moderne kaarte het Skimmelkop plaasnaam en Stof Vlei onderverdelings- en opstalnaam geword.

STRANDFONTEIN (Vroeër blykbaar bekend as // Kaip)

PLAAS Nam. Q.1-10

K 3117 BA

Eerste eienaar: Nicholson JG 1861-10-01

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Die plek het eers die Hot-tentotnaam T'Kyp gedra, maar is later vernoem na die fontein naby die strand."

Kotze GS 1982 Boer Brief "Dis so genoem omdat die pad so swaar was en die water so sout. Deurdat jy baie van dié water moes drink om jou dors te les, moes jy daarna knyp."

Die inlandse naam was vermoedelik soos Nama // kai- [// khae-] = "Flussand, Treibsand" (Rust 1960:51), van daar dat informant Kotze melding maak van die swaar pad. Die -p lokativeer. Dit is dan die swaar sand wat aanleiding gegee het tot die inlandse naam en nie die sout water of die "knyp" ná die drink daarvan nie. Die informant se "knyp" berus klaarblyklik op klank-assosiasie. Met die koms van die blankes is die fontein op die strand bokant hoogwatermerk betrek by die naamgewing van die plaas, van daar die huidige Strandfontein. Die fontein is in latere jare uitgepak in die vorm van 'n puts.

Abraham Villiersbaai

Baai

K 3117 BA

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Daar was vroeër 'n hele klomp De Villierse in dié geweste. Een van hulle,

Die kop is na die vleie in die natuurlike rooi grond vernoem.

Ruitersvlei se Mond

Baai

K 3117 BA

Kotze GS 1982 Boer Brief "So genoem omdat die Hottentotte vroeër hulle perde daar geleer het."

'n Gelyk gedeelte (vlei) naby die mond van die Brakrivier waar jong perde ingebreek en stryk geleer is en teen mekaar gejaag het. Die rivier mond in die baaitjie uit, van daar die naam.

Skulpbank

Punt

K 3117 BA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n hoë bank van skulpe en skulpgruis."

Die skulpbank vorm deel van die punt wat in die see inskiet.

Skurfbai

Baai

K 3117 BA

Kotze GS 1982 Boer Brief "Die klippe van die baaitjie is baie skurf en jou tone is gewoonlik stukkend as jy sonder skoene daar gaan visvang."

Die strand van die baaitjie vertoon 'n skurwe voorkoms as gevolg van die klippe, skulpe en skulpgruis.

Volwaterbaai

Baai

K 3117 BA

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Jy vang hier net vis wanneer die baai volgestoot is, dit wil sê gedurende hoogwater. Met laagwater hoef jy nie te probeer (probeer) nie, want dan byt geen vis nie."

Waterval Onderverdeling met opstal K 3117 BA

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "In die Brakrivier regoor die opstal is 'n klipbank waaroor die water val, van daar Waterval."

Die onderverdelingsnaam is na aanleiding van die waterval in die rivier op die plaas.

STRANDFONTEIN PLAAS Clw. Q.1-14 K 3017 CB

Eerste eienaar: Basson R 1843-04-01

Mulder (1970:10) "Strandfontein is egter een van die weinige uitsonderings. Daar vloei 'n stroom helder water onafgebroke see toe. Ongelukkig is die fontein net 'n weinig meer as bo hoogwatermerk."

Die plaas is vernoem na die fontein op die strand wat van vroeg af al op ou kaarte, onder andere op Sensuskaart 1891, aangegee word vanweë sy belangrikheid as waterbron. Groente is selfs vroeër by die fontein geplant (Mulder 1970:11).

Kalkvlei Onderverdeling met opstal K 3017 CB

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Oral lyk die kalkwalle of mense dit gemaak had (het), maar die Here had dit geskape. Die vlei lê in hierdie kalk."

Opsigtelike rooikalk waarin die vleitjie, waaraan die onderverdelingsnaam ontleen is, geleë is. Dit was terloops die woonplek van die ouers van die skryfster Huibrecht Mulder (Mulder 1970:102).

Strandfonteinpunt Punt K 3017 CB

Kennis (1978:3032) "Aan die Weskus suid van Hondeklipbaai."

'n Punt van die plaas Strandfontein wat in die see uitsteek en wat nog op ouer kaarte, onder andere Divisional map of Namaqualand 1916, onder genoemde benaming aangegee word. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke punt.

ToringkopKop

K 3017 CB

Agenbacht HPM 1978 Boer Vraelys "n Groot geboude klipstapel bo-op 'n groot, hoë kop."

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Op die kop is 'n uitkyktoring van klip gebou waarvandaan volgens oorlewering vroeër helioseine na Bowesdorp se wêreld geflits is. Robey Leibbrandt had (het) dié toring vir 'n fort aangesien."

Die kop dra opmetingsbakens nommers 42 en 57 met bo-op 'n gepakte kliptoring waarvandaan volgens oorlewering helioseine vroeër na Bowesdorp en die omliggende gebied geflits is wanneer 'n skip in Hondeklipbaai aangekom het met voorrade uit die Kaap. Die gepakte klipstapel gee die indruk van 'n toring, van daar die benadering Toringkop. Dit was terloops dié toring wat Robey Leibbrandt met sy legendariese aan wal kom gedurende die Tweede Wêreldoorlog, dié nag as 'n fort aangesien het. Dit is etlike meter hoog en kan tot ongeveer 80 kilometer ver gesien word. Die informasie berus op betroubare plaaslike oorlewering soos onder andere deur Goosen meegedeel, asook op eie kennis en waarneming. Informant Goosen was destyds as opsigter van die De Beers-maatskappy se diamantdraende grond langs die kus eerste op die toneel met die opsporing van Leibbrandt. Hy dra deeglike kennis van die gebeure.

STRUISBULTPLAAS 270/1951

K 2918 DB

Eerste eienaar: Maass JAJ 1952-03-12

Kennis (1978:3033) "Struisbult - aanleg suidwes van Pofadder."

Maass JAF 1978 Boer Vraelys "Oorspronklike naam, Vogelstruisbult. Volgens oorlewering was hier baie volstruise. Die plaas is ook op 'n bult geleë."

Op die Afdelingsraadkaart verskyn die plaas nog as twee afsonderlike plasies, naamlik Struis en Bult. Ná opmeting van die staatsgrond aldaar is besef dat die twee plasies te klein was, sodat hulle toe saamgevoeg is as Struisbult. Die naam is vanweë die baie volstruise, Struthio camelus (Kritzinger 1963:733), wat vroeër op die bult geloop het. Die betrokke bult dra opmetingsbaken nommer 39. Die opstal staan nog bekend as Struis-en-Bult.

Wegsteekvlei

Vlei

K 2918 DB

Maass JAF 1978 Boer Vraelys "Die vlei is feitlik onsigbaar en kan slegs gesien word wanneer jy baie naby daaraan kom."

Die vlei lê weggesteek.

STRYD RIVIER

PLAAS Nam. Q.11-18

K 2917 CB

Eerste eienaar: Mostert WJAH 1916-03-16

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas is vernoem na die Stryrivier wat oor die suidoostelike hoek daarvan loop en in die Buffelsrivier uitmond."

Die riviernaam (vergelyk STRYDRIVIER onder riviere) is klaarblyklik op die plaas oorgedra.

STYGER KRAAL

PLAAS Nam. Q.11-5

K 2917 AD

Eerste eienaar: Nelson JA 1916-10-10

Van Vreeden (1961:543 "Styr (gewest.) = steier. Langs die

Middel-Oranjerivier en weswaarts na Namakwaland het die benaming die betekenis gekry van 'n muur gemaak van stutpale met latte en riete tussenin gevleg derhalwe rietsteierhuis/-kraal."

Nelson FG 1978 Boer Gesprek "Al die oumense wat langs die Stryrivier gewoon het, het altyd langs hulle matjieshuisies 'n paar pale ingegrawe wat dan met riete of plat bosse gedek is en bekend gestaan het as steiers of steigers. Op warm dae het hulle gewoonlik in die koelte daarvan gesit, dit wil sê dit het as 'n soort veranda gedien. Langs die rivier af was baie hiervan opgerig, van daar die naam."

Die plaasnaam is klaarblyklik ontleen aan die baie steiers wat na aanleiding van die Nederlandse vorm steiger gewestelik "styger" geskryf is. Die lid Kraal verwys na die aanleg.

SWARTHEUVEL

PLAAS Nam. Q1-19

K 2918 CD

Eerste eienaar: Van Zyl HA 1864-07-16

Afdelingsraadkaart "Swart Heuvel"; Divisional map of Namaqualand "Zwart Heuvel".

Vernoem na die opvallende donkerkleurige heuwel as vernaamste entiteit op die plaas. Die verklaring berus op eie waarneming en kennis van die betrokke gebied.

SWELOOR

PLAAS Nam. Q.1-17

K 2918 CD

Eerste eienaar: Van Zyl HA 1864-07-16

Kennedy AL 1978 Boer Vraelys "Vroeër jare het daar Basters gebly wat maagkoors opgedoen het. Die eerste Blankes wat daar ge-

kom het, het opgemerk dat dié wat nog lewe se ore opgeswel is. Die rede vir die geswelde ore is onbekend. Al die Basters is oorlede."

'n Baie ou plaas wat dan sy naam, volgens die informant, ontleen het aan 'n besondere verskynsel by die destydse bewoners. Die gebied tussen die plase Bodabeep en Sweloor staan ook bekend as Sweloor.

ITAAIBOSCH MONDPLAAS Nam. Q.1-17

K 2918 DA

Eerste eienaar: Van den Heever JJ 1910-04-11

Van Heerde-versameling "Die naam Taaiboschmond het as volg ontstaan. Daar was 'n leegte of pan ('n vlei). Aan die een end van die pan was daar 'n taaibos en naby laasgenoemde was die mond of opening van 'n erdvarkgat. Dit het gereën en die boer vra aan die Hotnotjong hoe ver die water staan. Die antwoord was dat die vlei of pan tot by die taaibosmond - die mond van die erdvarkgat by die taaibos - vol was. Die naam 'Taaibosmond' word toe sommer die plek se naam."

Alhoewel Van Heerde se verklaring aanneemlik is, is ek egter van mening dat die komponent -mond eerder 'n vertaling is van -ams van die Khoekhoense gebiedsnaam Koams wat betrekking het op die opvallende waterholte of watergat wat nog op Divisional map of Namaqualand 1916 aangedui word as "Grootgat Vley". By verdeling is die taaibos(se), Rhus sp. (Smith 1966:454-5), wat tans nog daar groei, by die naamgewing betrek. Vergelyk die plaasnaam KOAMS and ZOUTVLEI.

HardloperskoppieKop

K 2918 DA

Van Heerde-versameling "Die Boesmans is gejaag van Goebees in die rigting van Varsputs. Hulle was vinnig en selfs 'n perd kon hulle nie inhaal nie. As die beste wat hulle gesteel het, nie meer kon byhou nie of moeilikheid gegee het, is hulle beenskene afgesny en die Boesmans het alleen aangehardloop. Een slag het die Boere hulle met 3 perde gejaag waar hulle tot by die berg gekom het, maar die Boesmans nie kon vang nie. Die kop is toe Hardloperskop genoem."

Die kop is dan vernoem na die voorval soos deur die informant verhaal.

TAAIBOSCH VLAKTE PLAAS Nam. Q.8-11 K 2917 CD/3017 AB

Eerste eienaar: Coetzee GJE 1912-09-25

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n redelike gelyk vlakte met baie taaibosse."

Alhoewel die plaas duintjiesagtig is, skep die geheel die indruk van 'n plat leegte of vlakte waar baie taaibosse, Rhus sp. (Smith 1966:454-5) groei; van daar die naam.

Jims se Kop Sandkop K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Dis 'n alleenstaande sandkop waar die plase De Riet, Roode Kol en Taaibosch Vlake byme-kaarkom. Jims Nagel, in die wandel bekend as Kort Jims, wat merendeels veewagter was, het lank oom Pieter Voges se trop daar opgestoot of middeldeer gesteek (in twee kloppe verdeel). Die kop is na hom vernoem."

Die kop is, volgens die informant, vernoem na die persoonsnaam Jims.

Platkoppie Sandkoppie K 2917 CD

Kotze TJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n koppie wat bo-op plat is met ouwerwe waar mense vroeër met hul vee uitgestaan het."

Die koppie vertoon bo-op plat, van daar die naam. Plaaslik heet dit egter by sommige ook Gert Coetzee se Koppie na die man wat as boer met sy vee daar uitgestaan het. Dis 'n alleenstaande sandkoppie. Ek het Gert Coetzee asook die gebied baie goed geken en weet dat die betrokke koppie na hom vernoem is.

TAFEL KOPPENPLAAS Nam. Q.14-1

K 3018 BB

Eerste eienaars: Nieuwoudt AJA, en andere 1926-03-02

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Tafel-Koppen".

Vernoem na die opvallende plat koppe wat aan 'n tafelblad laat dink. Vergelyk Nabaap se Laagte hieronder vir 'n moontlike inlandse naam.

Nabaap se LaagteLaagte

K 3018 BB

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Nabaap se Laagte".

Die laagte loop oor die plaas Tafel Koppen. Engelbrecht, soos aangehaal deur Nienaber (1963:421), gee vir plat wees ≠haba aan. Met wisseling van n-/h- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) kan dit wees soos Naba-. Die -p is ml. ekv. wat gewoonlik die naam van 'n berg of rivier aandui - in hierdie geval die berg of kop(pe). Dus: "Platkop(pe) se Laagte", in plaaslike taal "Tafelkop(pe) se Laagte". Hiervolgens skyn dit dan asof die ou inlandse naam van die kop(pe) by benoeming van die laagte behou gebly het.

TAUSEBPLAAS Nam. Q.12-3

K 2918 DD

Eerste eienaars: Van Zyl JA, en andere 1925-01-30

Van Zyl JA 1978 Boer Vraelys "Is ontleen aan 'n fontein wat nog steeds bestaan. Hotnosnaam. Bitterwater of slegte drinkwater of enigste drinkplek, maar beslis nie 'n lekker drinkplek nie. Hier is net sout- en bitterwater."

My informant het in 1973 aan Nienaber & Raper (1977:1021) min

of meer dieselfde inligting aangaande die betrokke plaasnaam verstrek, waar dit deur die skrywers in verband gebring is met Nama $\neq \bar{o}$ -sa = plek (-p) van soutेरige water, of anders met -see-p as plekbenoemers, die "Soutwaterplek". Met die betekenisvolle invoeging Dik-Aar by T'Auseb (hier blykbaar die fontein waarvan informant Van Zyl hierbo praat), bring Nienaber & Raper (1980:713) dit dan later in verband met Nama // ou [// au-] = "Dik" (Rust 1960:14) wat korreleer met T'Ou-of T'Au-, waar die T'- die klapklank voorstel. Die lid -seb is die lokatiefmorfeem van -se- plus die masc. sing. uitgang -b- wat gewoon is by langerige pleksoorte soos (hier) 'n aar. Hiervolgens is "Dik-Aar" die vertaling van die plaasnaam T'Auseb. Die opstal dra die naam Tauseep. Vir wisseling van -b/-p vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A1).

Dik(h)aar se Knop

Knop

K 2918 DD

Vermeulen PG 1978 Boer Vraelys "'n Kleurlingkind deur ongediertes gevang in die omgewing van einde 1800 en begin van 1900, vandaar die naam. Die graf is nog steeds daar langs die pad. Sommige mense glo vandag nog dat dit grillerig is om die hek oop te maak."

Volgens die informant was Dikhaar 'n Kleurlingkind. Ek is egter van mening dat dit Dik-Aar in plaas van Dikhaar moet wees, bedoelende 'n groot wateraar. Vergelyk die plaasnaam TAUSEB.

Kabees

Vlei

K 2918 DD

Opmeting 1970 "Kabees, vlei van klipbanke en klipgate. Vroeër 'Ka- tongklap met beklemtoning. Geleë op die plaas T'Auseep."

Die Ka- is vermoedelik soos Nama. !kha- = "mit Becher schöpfen" (Rust 1960:54) en -bee-s as vleibenoemende suffiks, gewoon as lokatief by oop waters. Dus: "Skepvlei". Die water word na reëns uit die klipgate geskep. Andersins soos in Oud-Kaaps tkâ, xka (Nienaber 1963:289) = gras, in Nama /gâ- (Rust

1960:28). Dus: "Grasvlei". Beide verklarings word deur die topografie bevestig.

Vermeulensrus Onderverdeling met opstal K 2918 DD

Vermeulen PG 1978 Boer Vraelys "Vermeulensrus is deur oorlede Dr. Steenkamp - gewese predikant, so genoem."

Die woonplek van die Vermeulens waarvan die informant lid is. Letterlik het hul hier tot rus gekom - 'n blyplek gevind.

TIKAS-VLEI PLAAS B94/1928 K 3018 BB

Eerste eienaar: Kotze HP 1942-06-17

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Tikas Vlei".

Plaaslik is daar al baie gespekuleer oor dié plaasnaam. Sommige dink aan Nama tîxas = "reich an Hintervierteln" (Dove 1900:61). Vir my is daar twee moontlike verklarings. Op die Afdelingsraadkaart verskyn Dwyka by die westelike hoekbaken van die plaas met die opvallende Nabaap se Laagte aan die suidekant. Neem ons nou hierby in ag wat Nienaber & Raper (1977:325-6) meedeel oor Dwyka, dan werp dit miskien lig op die plaasnaam Tikas. Hulle voer aan dat die twe- van Wangemann en dwi/dwy- regstreeks aansluit by Beutler (Nienaber 1963:231) se Tebe en by Kora debe, brak. Met die -b- gevokaliseer tot -w- en die swakbeklemtoonde -e- nie meer gehoor nie, sal dit wees Tebé of Debé naas twe en dwi/dwy. Met die -w- verder volledig gevokaliseer tot te/di (met wisseling van d/t by laasgenoemde vergelyk (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A2), verklaar dit dus die lid Ti- van Tikas. Die -ka- sal hier beteken rivier (Nienaber 1963:430). Die slot -s is lokatief by die oop water, naamlik die vlei. Dus: "Brak-riviervlei". Omliggende name soos Brak-Kaip, Brakkommandeur

(op Bassonsputs) en selfs die Bitterputse lewer steun vir hierdie verklaring. Daar is egter 'n tweede moontlikheid. In Oud-Kaaps word gras aangegee as t'kâ by Grevenbroek en ti-kâ by Valentine en Kolbe (Nienaber 1963:289). Alhoewel die vermoede bestaan dat ti-kâ 'n foutiewe vertolking van Grevenbroek se t'ka is, naamlik dat die apostroof vir 'n i in plaas van as 'n tongslag vertolk is, bly die moontlikheid nog dat t'kâ vir die blanke se oor soos ti-ka kon klink. Tika moet dan vertolk word as die blankes se weergawe van T'kâ = gras (Nienaber 1963:289). Met die -s wat lokativeer, sal dit dan neerkom op "Grasplek" met "-vlei" as Afrikaanse toevoeging. Die -s kan ook die bron aandui, sodat Tikas kortweg "Grasvlei" kan heet. Topografies is dit verantwoordbaar daar die vlei in die graswêreld lê. Die vleinaam het in elk geval plaasnaam geword.

TITIES BAAIPLAAS Nam. Q.11-20

K 3117 BB

Eerste eienaars: Truter JL; Nieuwoudt WD

Kotze GS 1982 Boer Brief "Die Kleurling, Jan Tities, het vroeër altyd daar gaan visvang en ook oornag."

Vernoem na Jan Tities, 'n Kleurling van Lepelfontein, wat dié visbaai ontdek en benut het. Die plaas is na die baai vernoem.

SewejaarskopKop

K 3117 BB

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Daar had (het) vroeër baie sewejaartjies gegroei."

Volgens oorlewering was die kop destyds oortrek van pers sewejaartjies, Helichrysum sp. (Smith 1966:415-6), wat egter deur die jare heen uitgeroei is. Die kop dra landmetersbaken nommer 7.

Sewejaarskop se MondBaaitjie

K 3117 BB

Kennis (1978:3025) "Sewejaarskop se Mond aan die Weskus wes van Bitterfontein."

Vernoem vanweë die Sewejaarsrivier wat uit die rigting van Sewejaarskop hier in die see uitmond.

TUSSCHEN INPLAAS Nam. Q.13-4

K 2917 AB

Eerste eienaars: Nieuwoudt EH; Louw JH 1925-10-29

Brand JJ 1978 Boer Vraelys "Die oumense in die omgewing sê dit moet te doen wees met die berge wat die plaas omring en dan die vlakte tussen die berge."

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dit lê tussen die ander plase en die Reservaat en skiet in laasgenoemde in."

Twee aanneemlike, maar ietwat uiteenlopende verklarings. Plaaslik dra Goosen se verklaring die meeste gewig vanweë die opvallende ligging van die plaas "tussenin" die Reservaat voor opmeting van die Korridorplase.

Deelvlei; -fonteinVlei/Gebied

K 2917 AB

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dis net 'n vlei, nie 'n fontein nie, wat in 'n gelyk poort lê. Die paaie deel by die vlei."

So genoem omdat die pad by die vlei verdeel - een na die Richtersveld en die ander na Anenous waar dit by die Port Nolloth-/Steinkopfad aansluit. Alhoewel net 'n vlei, word die gebied tog Deelfontein genoem.

SkimmelbergBerg

K 2917 AB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Die berg vertoon soos 'n rooiskimmel deng (ding) of dier."

Die rooibruin berg se kruin is tkoeroeagtig en vertoon gevolglik skimmel. Vir die betekenis van tkoeroe vergelyk onder andere T'Koeroeberg onder die plaasnaam KOORNHUIS.

TWEEDAMPLAAS 1918-165-10791

K 2917 DB

Eerste eienaar: Rossouw JD 1918-11-06

Van den Heever Lettie (1972:62) "Die mense het eers net twee oop damme gehad vanwaar die mense hulle water gekry het. Daar was geen putte of boorgate nie."

Die plaas beslaan gedeeltes van die oorspronklike plase Modder Fontein en Danse Kraal, en is aldus vernoem na aanleiding van twee gronddamme waaruit alle water vir gebruik vroeër verkry is.

MatjieskloofAanleg/Sendingstasie

K 2917 DB

Kennis (1978:2992) "Aanleg wes van Springbok".

'n Ou Roomse Sendingstasie en aanleg vernoem na die kloof waarin veral vroeër baie matjiesgoed, Cyperus- of Scirpus sp. (Smith 1966:333) gegroei het en wat gebruik is vir die steek van matjies vir matjieshuise. My verklaring berus op eie kennis en waarneming.

TWEE FONTEINPLAAS Clw. Q.7-1

K 3017 BD

Eerste eienaar: Van den Heever GM 1844-02-15

TWEEFFONTEIN PLAAS Nam. Q.3-8 K 2918 CD/3018 AB

Eerste eienaar: Roux AJM 1887-08-15

TWEEFFONTEINEN PLAAS Clw. Q.7-13 K 3018 CA

Eerste eienaar: Coetzee D 1844-02-15

Van Wyk JK 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat water afkomstig was van twee fonteine."

Die informant se gegewens het betrekking op die plaas geleë op graadvierkant K 3017 BD. Die ander informante s'n aangaande die ander plase, kom op dieselfde neer en word gevolglik nie herhaal nie. Dis almal baie ou plase waarop twee fonteine die belangrikste entiteite was wat by naamgewing betrek is. Patterson en Backhouse (Forbes:1965:86) verwys byvoorbeeld albei na "Tweefonteine" (Two Fountains) op K 3018 CA, wat bewys lewer van die vroeë bestaan van die plaas en die waterbronne.

Aggemshoek Gebied K 3017 BD

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Aggemshoek".

Dis die hoek op dieselfde plaas as, en net suid-oos van, Augabies en oos van Rietpoort. Ek is van mening dat die oorspronklike inlandse naam \neq A-// gams was, waarvan die eerste komponent is soos Nama \neq A = riet (Kr. & Rust 1969:32), met // gams = water (rust 1960:72). Letterlik dan: "Rietwater-(hoek)".

Augabies; -rivier Onderverdeling met opstal/Rivier K 3017 BD

Laidler (1927:150) "C/hau hoobis. Blood River. Near Rietkloof. Here the Bush and Nama peoples had a big fight

about 140 years ago. Here are innumerable graves in the vicinity."

Van Heerde-versameling "Auausgabees. 'n Watertjie tussen Kamieskroon en Rietkloof. Hulle sê dit beteken Bloedrivier of soos hul verduidelik, 'n groot vloei van bloed. Die storie hierby is die volgende: Twee kapteins en hulle volgelinge het aanhou veg tot hulle nie meer kon nie, toe opgehou en mekaar gehelp om hul dooies te begrawe. Die bloed het gevloei, die water was vol bloed. Hoe die woord saamgestel is, kan ek nie verduidelik nie."

Ek is van mening dat die twee informante na een en dieselfde plek verwys, naamlik Rietkloof naby Kamieskroon op graadvierkant K 3017 BD en nie Rietkloof op K 2917 AD/BC, soos Nienaber & Raper vermoed nie. Dat Laidler uit die Kamieskroongebied name opgeneem het, spreek onder andere uit "D/oos, now Oes or Koets (the present village of Kamieskroon)". (Laidler 1927:150). Bloed is in Nama /au [ʔaʊ] en /auxa [ʔaʊxɑ] = "blutig" (Kr. & Rust 1969:16), ook baie bloed, vol bloed. Die -bi- is die morfeem wat sê dat dit die naam van 'n plek is en die -s (fem. sing.) maak dit bepaalder deur te sê dat die plek moontlik 'n fontein/bron/puts is of 'n kousale derivaat daarvan, byvoorbeeld 'n nedersetting by die waterplek (Nienaber & Raper 1980:194). Hiervolgens beteken Augabies dan die "Bloedige Fontein/Bron/Rivier" of "... vol bloed". Augabies was vroeër klaarblyklik een van die twee fonteine waaraan die plaas Twee Fontein sy naam ontleen het en wat geleë was by die oorsprong van die Augabiesriviertjie, vergelyk die plaasnaam TWEE FONTEIN hierbo.

Vir my is Laidler se C/hau-hoobis maar net 'n skryfwyse van die fonetiese uitspraak van Nama [ʔaʊ] en wat, soos hy meedeel, "Bloedrivier" beteken. Hy gee dus die naam sonder die ga [xa]. Van Heerde se skryfwyse lyk vreemd. Hy deel egter self mee dat hy probleme het met die samestelling van die woord. Hy het egter die gebied minder goed geken en die naam beslis uit 'n swak vertolker se mond verneem. Ek wil glo dat hy met

sy poging ook [aouxabis] in gedagte gehad het. Ek ken in elk geval die gebied en naam baie lank en weet waarna hy verwys. Sy verhaal aan die naam verbonde, is soos ek dit ook jare gelede van ouer mense verneem het. Dat daar vroeër 'n C/hau hoobis naby die Rietkloof op K 2917 AD/BC kon gewees het waaraan Strydrivier gekoppel kan word (Nienaber & Raper 1977:536), sal ek nie betwis nie, alhoewel ek geen spore daarvan kon vind nie. Ten slotte kan interessantheidshalwe vermeld word dat dit by dié betrokke Augabiesriviertjie is - die oorsprong van 'n tak van die Spoegrivier wat op die plaas Twee Fontein ontspring en weswaarts oor Rietpoort vloei - waar Simon van der Stel op 14 Oktober 1685 met die Hottentot-kapteins onderhandel en ook sy verjaardag gevier het (Heese 1942b:13). Die riviernaam het ook op die onderverdeling met opstal oorgegaan.

HangsfonteinFontein

K 3018 CA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Hangsfontein".

Die fontein sit hoog teen die hang van die berg wat landmetersbaken nommer 38 dra.

KamasOnderverdeling met opstal

K 3018 CA

Visser AJJ 1980 Boer Vraelys "Kamas is afgelei van 'n Nama-woord (thjaams) wat syferwater beteken."

As onderverdeling van die oorspronklike plaas Tweefonteine, bestaan daar min twyfel dat dit beteken die "Fontein(-s) waar daar water (// gamma-, in Oud-Kaaps kamma) is" (Nienaber 1963:522). Die vraag ontstaan selfs of die eerste lid nie soos Nama /gam = twee (Rust 1960:78), in Oud-Kaaps kam, k'kam, ensovoorts (Nienaber 1963:522), is nie. Dan sal die tweede lid wees soos Nama \neq gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Die verwarring van watergat met fontein is te

begrype. Dan is die naam te lees as Kam #gâs wat letterlik neerkom op "Tweefonteine". Dit lyk in elk geval of die Afrikaanse naam van die oorspronklike plaas 'n vertaling of gedeeltelike vertaling van die Khoekhoense Kamas kan wees.

Populierbos Onderverdeling met opstal K 3017 BD

Agenbag D 1980 Skolier Vraelys "Daar het 'n bos populierbome naby 'n dam gestaan. Dit was 'n groot, digbegroeide bos wat dadelik die oog gevang het. Die plaas het toe, heel van pas, die naam Populierbos gekry."

Die populier, Populus canescens (Smith 1966:376), is nie inheems nie, maar aangeplant. Dié onderverdeling is hierna vernoem.

Trappiesberg Kop/Berg K 3018 CA

Visser AJJ 1980 Boer Vraelys "Hier is twee granietkoppe wat maklik in dieselfde asem as die bekende Paarlrots genoem kan word. Die een is Trappiesberg, so genoem omdat daar 'n naat oor die soliede klip is wat soos trappies lyk."

Die kop/berg is vernoem na die naat oor die soliede rots wat die voorkoms van trappies het.

TWEELING PLAAS Gr. 243/1957 K 2918 DA

Eerste eienaar: Izakse DAJ 1957-11-19

Boonzaaier JFE 1980 Afgetrede boer Gesprek "Noordoos van die ordonnans is twee vleitjies met 'n bultjie toesoenin (tussenin). Die bult het 'n nekkie en as dit reën, stoot die water van een vleitjie na die ander, van daar Tweeling."

Vernoem na die twee eenderse vleitjies wat aan mekaar verbind is.

TWEE PADPLAAS Nam. Q.4-10

K 2917 AC

Eerste eienaars: Van Zyl HA; Coetzee EJ 1925-10-29

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Twee paaie draai hier oetmekaar (uitmekaar), dit wil sê die pad split hier in twee."

Die kuspadd van Port Nolloth het op Tweepad in twee verdeel - die een by Dreyerspan deur na Grootmist en die ander by Bloupan deur na Rooivlei en aangrensende plase. In hierdie swaar sandwêreld is 'n pad van uiterste belang en op die plaas Tweepad is dit eintlik ook die enigste noemenswaardige entiteit, sodat dit nie vreemd is dat die plaasnaam hieraan ontleen is nie.

DeurloopbaaiVisbaai

K 2917 AC

Kotze LJ 1978 Boer Gesprek "Jy moet met laagwater deur 'n sloep loop om by die eintlike visvangplek te kom."

Daar moet "deur geloop word" om by die visvangplek te kom.

TWEE RIVIERENPLAAS Nam. Q.4-10

K 3017 BD/3018 AC

Eerste eienaar: Cape of Good Hope District of the Wesleyan Methodist Church of South Africa 1898-11-01

Backhouse (1844:586) "Twee Riviers (Two Rivers) in the Onderveld (Underfield), now belonging to the Lily Fountain Mission."

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Twee Rivieren".

So genoem omdat twee riviere, te wete die Sandrivier (eintlik

Kennis (1978:3039) "Tweerivier - aanleg aan bologie van die Kysrivier met skool suid van Kamieskroon."

'n Kleurlingaanleg, vernoem na die plaas Twee Rivieren, waarop dit geleë is.

Weeskind

Berg

K 3018 AC

Engelbrecht GJR 1980 Beskermingsbeampte Vraelys "Weeskind - 'n alleenstaande berg."

Kotzé GM 1985 Afgetrede bibliotekaresse Brief "Maar die Kamiesberge is nie in ronde groeperings nie - dit lê soos 'n reeks wat uitloop met die spits punt van Weeskind hoog uitstaande."

Die alleen uitstaande spits laat aan 'n weeskind dink.

UUITVALPLAAS Nam. Q.8-2

K 3018 DB

Eerste eienaar: Strauss JM 1912-07-16

Smith JH 1978 Boer Vraelys "Ek het gehoor dat die plaas uitgeval het toe die landmeter opmetings gemaak het."

Dit word plaaslik algemeen aanvaar dat dié plaas of grond oorgebly of uitgeval het by opmeting, en aldus vernoem is.

UITVALGRONDPLAAS

K 3017 BA

Eerste eienaar: Cornelissen CP 1928-01-07

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis h lang, smal gedeelte strekkende van noordoos na suidwes tussen die plase Sandvlei en Soubatters Fontein en De Klipscheur. Soos die naam aandui, is dit grond wat uitgeval of oorgeskië het nadat die aangrensende plase uitgemeet is."

Op ouer kaarte verskyn die betrokke plase nie, maar wel op moderne kaarte, byvoorbeeld op Topkadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies. Dit lyk dus asof dit eers met latere opmetings duidelik geword het dat daar grond oor was wat tussen die twee vermelde plase uitgeval het, toe gekarteer en as Uitvalgrond benoem is.

VVAAL DAMPLAAS Nam. Q.7-14

K 3017 BB

Eerste eienaar: Schur M 1911-04-24

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Vaal Dam".

Vernoem na 'n gronddam en die vaal bodemkleur. Die verklaring berus op eie kennis van die plaas en die betrokke dam.

JongenskloofKloof

K 3017 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Jongenskloof".

'n Natuurskone kloof wat in die bestaansjare van Bowesdorp vermoedelik 'n besondere aantrekkingskrag vir jongmense ingehou het. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke kloof, asook op oorlewering soos ek dit nog self van die vorige geslag verneem het.

VAALHEUWEL APLAAS

K 2918 DC

Eerste eienaar: Roux PJ 1911-10-17

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Vaalheuwel".

Vernoem na 'n vaal heuwel(s) as opvallendste entiteit op die plaas. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

VAAL PUTSPLAAS Nam. Q.10-29A

K 3018 BA

Eerste eienaar: Stone JH 1915-12-21

Afdelingsraadkaart; Divisional map of Namaqualand 1916 "Vaal Puts".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Die naam dui maar op die vaal kleur van die grond waar putse vroeër gegrawe is vir water."

Volgens die informant is die plaasnaam dan afgelei van die vaal bodemgesteldheid waarin putse gesink is vir water.

Goratees

Gebied

K 3018 BA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Goratees".

Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Dis eintlik 'n holte waar vir water gegrawe is nadat reënwater wat daar versamel het, opgebruik is."

Die eerste komponent is dan soos Nama xora = graafwater (Rust 1960:28), terwyl -ti(e)- pleknaamduidend is en die -s van die fem. sing. die bron aandui, hier vermoedelik die puts(e) wat aan die plaas Vaalputs sy naam besorg het.

VARSFONTEIN CONSOLIDATED

PLAAS 1936-12-56

K 3017 DD

Eerste eienaar: Coetzee DJJ 1936-01-31

Coetzee GAD 1978 Winkelier en posagent Vraelys "Die oorspronklike ordonnansie van die ou plaas se naam was Brakfontein. Toe ontdek die oumense omtrent twee kilometer wes van die ou fontein hierdie plek waar varswater uitsyfer."

Die betrokke plaas het ontstaan deur konsolidasie van gedeeltes van die oorspronklike buurplase Hendriks Vley en Brak Fontein en is benoem na aanleiding van die ontdekte varswaterfontein waarvan die informant melding maak.

LoerklipRots/Kop

K 3017 DD

Kotze GS 1982 Boer Brief "Die ou boere het altyd op dié kop uitgeklim om te loer of die veewagters smiddae die vee beyds oproer sodat hulle weer kan gaan wei."

'n Prominente rots op die kop waarvandaan die omgewing beloer of bespied kon word. Die kop dra opmetingsbaken nommer 30.

NuwefonteinAanleg

K 3017 DD

Coetzee GAD 1978 Winkelier en posagent Vraelys "Sommige mense het Varsfontein ook Nuwefontein genoem."

Die aanleg is Nuwefontein genoem vanweë die "nuwe fontein" wat daar gevind is soos meegedeel deur informant Coetzee onder die plaasnaam VARSFONTEIN CONSOLIDATED. 'n Driemanskool, kerksaal, winkel en poskantoor is opgerig en erwe is verkoop, maar weens die wet waardeur onekonomiese onderverdeling aan bande gelê is, het alles tot stilstand gekom. Die aanleg het Nuwefontein gebly, hoewel die posagentskap se naam gewysig is na Kotzesrus. Die inligting is deur plaaslike navrae verkry.

WindheuwelOnderverdeling met opstal

K 3017 DD

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Die opstal lê op 'n heuwel waar die suidewind waai dat hy bars. Hy het die regte naam gekry."

Die onderverdelingsnaam is dan na aanleiding van die heuwel waarop die opstal lê en waar die wind baie waai.

WitsandGebied

K 3017 DD

Kotze GS 1982 Boer Brief "Ongeveer 50 hektaar wit sand noord van die Brakrivier by Kotzesrust, met baie rooikransbome en klippe tussenin."

Vernoem na die opvallende kol wit seesand.

VARs-KAIP

PLAAS Nam. Q.13-28

K 2919 CC

Eerste eienaars: Dixon JW; De Vries GD 1926-05-03

Van Heerde-versameling "Volgens John Kennedy beteken Kaip 'los dryfsand'."

Volgens die informant se gegewens is die laaste komponent van die hibridiese plaasnaam dan in verband te bring met Nama //kai-(//kae-) = rivier-, dryf- of fynsand (Kr. & Rust 1969:220), met die slot -p as Nama -b, die masc. sing. lokatiefmorfeem. Die komponent Vars- dui op goeie water in teenstelling met dié van die buurplaas, Brak-Kaip.

Leermuis se Duin

Duin

K 2919 CC

De Vries J 1978 Boer Vraelys "Volgens vertelling was dit 'n koei van 'n ou Kleurling wat daar gekalf het en toe vir 'n paar dae verloor was voordat sy gekry is."

Die informant deel in dieselfde vraelys mee dat die Basters vroeër dié gronde bewoon het. Die gebeure wat aan die betrokke duin die naam besorg het, sou dan heelwaarskynlik gedurende daardie tyd plaasgevind het.

VIOOLSDRIFT SOUTH

PLAAS Gr. 235/1948 K 2917 AB/BA/2818 CC/2817 DC

Eerste eenaar: Plaas is in besproeiingserwe opgemeet

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Die naam Vioolsdrift is afkomstig van 'n Nama met die naam Jan Viool. Voordat enige Blankes hulle by Vioolsdrift gevestig het, het hy en 'n groep volgelinge met hulle gesinne, hulle op die suidoewer

van die Oranjerivier gevestig, op die plek wat tans bekend is as Violdsdrif, en daar met 'n klompie boerbokke geboer."

Volgens die informant is die besproeiingsnedersetting Violdsdrift South dan vernoem na Jan Viool wat met sy volgelinge by die drif op die suidelike oewer gewoon het voordat die blankes hulle daar gevestig het. Vir besonderhede oor die blankes se vestiging en ontberinge aldaar, vergelyk Green (1948:119-20).

D.F. Malanbrug

Brug

K 2817 DC

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Hierdie brug is in 1954 in gebruik geneem en is vernoem na die Eerste Minister van daardie jare, wyle dr. Malan."

Dis die brug by Violdsdrif oor die Oranjerivier op die hoofroete tussen Kaapstad en Windhoek en is vernoem na die destydse eerste minister, wyle doktor D.F. Malan.

Geelkrans

Krans/Besproeiingsplaas

K 2817 DA

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "n Reuse geel krans bied skuiling teen wind en koue aan die mees westelike plaas van Swartbas, en die eienaar van die plaas, mnr. Hertzog Theron, verbou hier in die skuiling van die krans pragtige wintertamaties en veselperskes."

Vernoem na die geel kleur van die reuse-krans.

Hongerkrans

Krans

K 2817 DC

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Hierdie krans hang taamlik ver uit na die rivier toe, en is naby die uitkeerwal geleë. Omdat voorrade moeilik bekombaar was, en die pos uiters ongereeld afgelewer is, het dit gebeur dat die lone nie betyds opgedaag het nie, en die kosvoorrade gedaan was. Dit was geweldige veeleisende werk om die kanaal deur die krans te maak. Daar was groot ontevredenheid onder die

werkers, en die krans het die naam Hongerkrans gekry, wat vandag nog die naam is."

So genoem omdat die werkers dikwels daar honger gely het weens omstandighede soos deur die informant verduidelik.

Kotzeshoop Poskantoor/Aanleg/Sendingstasie K 2817 DA

Van Heerde-versameling "Kotzeshoop. 'n Kotze wat 'n soort rekenmeester of boekhouer by die Besproeiingsdepartement te Violsdrift was, was vreeslik verlief op 'n onderwyseres daar (Josephine Foster). Hy kon dit net nie regkry dat sy vir hom lief genoeg word dat sy met hom wou trou nie. Toe die poskantoor daar 'n naam moes kry, toe spot hul en sowaar gou was daar 'n naam vir die poskantoor, 'Kotze hoop'."

Volgens oorlewering is die poskantoornaam Kotzeshoop dan afgelei van die hoop wat ene Kotze gehad het om 'n meisie se liefde te wen. Dit het ook naam van die sendingstasie en aanleg geword.

Kwaap Rivier K 2817 DA

Opmeting 1955 "Te Uaap Rivier. Ek het al 'Kwab' en 'Kwaap' op kaarte gesien. TcUaap = 'modder, modderig'. Vandaar die naam 'Modderdrif' vir die onderste deel van die Violsdrifnederstelling, naby welke plek die rivier in die Oranje uitmond. Geleë op Kroongrond. Inligting van Blankes en Kleurlinge wat Nama magtig is." Geteken deur J de Villiers.

Volgens Nienaber & Raper (1980:586) is die Tc die suigklap en eerste konsonant vir $\neq\text{goã-}$ = modder (Rust 1960:53), met die -p(-b) van die ml. ekv. wat hier bepaaldelik aandui dat die naam dié van 'n rivier is, of die sametrekking van $!\bar{a}-$ = rivier plus -p as indeksteken. Dus: "Modderige rivier". Volgens die informant het hierdie rivier dan aanleiding gegee tot die naam Modderdrif vir die besproeiingsnederstelling waar genoemde rivier in die Oranje uitmond. Vergelyk Modderdrif hieronder.

ModderdrifBesproeiingsgebied

K 2817 DA

Beets H 1980 Winkelier en motorhawe-eienaar Vraelys "Middeldrift, nou verkeerdelik Modderdrif, is 'n ou drif waar die smouse van Port Nolloth na SWA, die Oranje oorgesteek het. Na jy die wal af is, ry jy 1½ km in die rivier op voor jy die ander wal klim - daarom Middeldrift."

Modderdrift is die laaste groep besproeiingserwe in die Violsdrif-besproeiingskema. Dit is vernoem na 'n deurgang (drif) deur die Oranjerivier wat, volgens die informant, vroeër bekend was as Middeldrif, maar wat op die kaarte van die gebied verskyn het as Middeldrift. Die deurgang of drif was oor 'n kliprif wat in die vorm van 'n dwars Z deur die rivier lê. Die rif loop van die suidoewer tot in die middel van die rivier, dan 'n hele ent al in die middel van die loop langs om daarna weer dwars oor die ander helfte van die rivier na die noordoewer te swaai. Die rif in die middel van die loop het aanleiding gegee tot die destydse naam Middeldrift wat later verdoop is na Modderdrif na aanleiding van die inlandse naam Kwaap, met ouer optekening TcUaap.

Noord- en SuidoewerGebiede

K 2817 DA/DC

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Dié name onderskei die plase in die Violsdrif-besproeiingskema wat in SWA en die Republiek onderskeidelik geleë is. Hulle word verbind met die D.F. Malanbrug."

Die name is ter onderskeiding van die besproeiingserwe op die noordelike en suidelike rivieroewer. Aangesien Noordoewer aan die Suidwes-kant van die Oranje(grens) geleë is, het ons hier eintlik net met die benaming Suidoewer te make.

NoupoortjiesGebied

K 2817 DC

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Die naam beskryf

die omgewing. Die berg kom tot naby die rivier op verskillende plekke en het groot werk gegee om die kanaal deur te grawe. Nie ver van die laaste poortjie lê die eerste plaas van die groep plase wat plaaslik onderskei word as Violsdrif."

Vernoem na die nou poortjies tussen die berge wat op verskillende plekke afskiet na die rivier.

RooiwalBesproeiingsgebied

K 2817 DA

Maree G de K 1978 Afgetrede boer en LV Vraelys "Hierdie is die tweede groep plase aan die Suidoewer. Die naam is ontleen aan die kleur van die walle van die Oranjerivier in hierdie omgewing."

Beets H 1980 Winkelier en motorhawe-eienaar Vraelys "Daar is 'n stuk taamlieke gelyk grond met 'n bult aan die berge se kant, ongeveer 30ha, wat met rooibruin ysterklippe en agate bedek is. Dis nie spoelgruis nie, maar het uit 'n vulkaan gekom."

'n Besproeiingsgebied laer af langs die Oranjerivier as Violsdrif, waarvan die naam ontleen is aan die rooibruin kleur van die rivierwal soos deur die informante beskryf. Die naam het ook oorgegaan op die aanleg.

SaraybeesGebied

K 2817 DA/DC

Beets H 1980 Winkelier en motorhawe-eienaar Vraelys "Stofbak-kies of -gesig. Grond wat nou besproei is, maar destyds stof gegee het."

Die lid Sara- sal wees soos Nama tsara- = "Staub" (Rust 1960:58), bepaaldelik hier sandstof. Die -y- is weer soos ai- = gesig (1960:27), met -bi(e)-s as plekbenoemende suffiks. Gesig kan deur oordrag uitgebrei word tot vlakte. Dus: "Stofgesig,

-bakkies, -vlakke".

Swartbas (Vroeër bekend as Alys)

Besproeiingsgebied

K 2817 DA

Sensuskaart 1891 "Tk. Alys Zwart Bosch".

Beets H 1980 Winkelier en garage-eienaar Vraelys "Swartbas, waar ek 40 jaar woon. 'n Klein soort boom met 'n swart bas waarvan die pitte byna die kwaliteit van regte koffie oortref."

Dis die benaming van 'n derde groep erwe, noordwes van Violsdrif aan die Suidoewer en aldus vernoem na die swartbasbome, Diospyros L. sp. (Smith 1966:499), wat op die walle van die Oranjerivier groei. Die bas is vroeër gebruik vir die looi van velle, veral as die gelooide vel geelkleurig moes wees (Nienaber & Raper (1980:165), en die pitte soms vir koffie. Vir 'n moontlike taalkundige rekonstruering van die inlandse naam wat toevallig op Sensuskaart 1891 as Tk. Alys gedokumenteer is, vergelyk Nienaber & Raper (1980:164-5).

VOGELKLIP alias OLYBOOMSDAM

PLAAS Clw. Q.8-32

K 2917 DD

Eerste eienaar: Esterhuizen W 1850-01-21

Mossop (1947:23) Voetnoot "Entry for Saturday 12 th Sept.

they rounded the Vogelklip massif - 4255 ft. - to approach the neighbourhood of present Springbok ..."

Stone SJ 1978 Sakeman Vraelys "Die vermoede is dat Olyboomdam na 'n swak fontein vernoem is. Na allewaarskynlikheid was daar 'n olieboom."

Stone AP 1983 Afgetrede boer Gesprek "Voëlklip verwys na 'n uitstaande klip of krans waarop die aasvoëls vroeër vergader het."

Die noordoostelike hoekbaken van die plaas staan op Voëlklip se Berg wat een stuk massiewe rotsblok is. Op Divisional map of Namaqualand 1916 word dit aangegee as Vogel Klip wat landmetersbaken nommer 91 dra. Die eerste deel van die plaasnaam het betrekking op 'n opsigtelike klip/rots waarop die aasvoëls, volgens informant AP Stone, vroeër vergader het. Die aangrensende plasie heet dan ook Aasvoëlkrans, verwysende na dieselfde entiteit. Die aliasnaam van Olyboomsdam, op die Afdelingsraadkaart Olieboomsdam verwys klaarblyklik na die olieboom, Datura sp., waarvan Smith (1966:354) verklaar: "Vernacular name first recorded by Thunberg (C. 1777) 'incolis frutex dicitur oly-boom'." Van dié bome het vermoedelik vroeër in die omgewing van die swak fontein of dam gegroei.

Taaiboskraal Onderverdeling met opstal K 2917 DD

Stone SJ 1978 Sakeman Vraelys "Die ander deel, Taaiboskraal, genoem na 'n inheemse bos, wat baie vir kraalmaakdoeleindes gebruik is."

Vernoem na die taaibos van die Rhus sp. (Smith 1966:454-5) wat vroeër baie op die onderverdeling voorgekom het. Die lid -kraal verwys eerder na die aanleg as na 'n veekraal. Dis op Taaiboskraal waar evangelis Pieter Malan (vergelyk Pieter Malanstraat onder die dorp SPRINGBOK) die laaste jare van sy lewe deurgebring het.

VOGELSTRUIS HOEK PLAAS Nam. Q.10-8 K 2919 AC

Eerste eienaar: Visser GJ 1914-12-02

Kennis (1978:3045) "Volstruishoek - aanleg suid van Namiesberge wes van Pofadder."

Van den Heever HAL 1978 Boer Vraelys "'n Vlake omring deur berge waar volstruise volop was. Boesmans het volstruise in 'n sekere kloof vasgekeer en dan geslag."

Vernoem na twee entiteite, te wete die groot getal volstruise, Struthio camelus (Odendal 1981:1304), wat vroeër op die plaas aangetref is, en die hoek wat die Namiesberge op die noordelike gedeelte van die plaas vorm. Vir die moontlikheid van Namies as inlandse naam vir Volstruishoek(-plek) vergelyk NAMIESBERGE onder berge.

Graafwater se Puts Gebied K 2919 AC

Van den Heever JA 1978 Boer Vraelys "Afgelei van 'n gat wat in die grond gegrawe is en waaruit water syfer na 'n reën."

Vernoem na die put waar vir ondergrondse syferwater gegrawe is, in Nama bekend as xora (Rust 1960:28).

Kruisknop Bult K 2919 AC

Van den Heever JA 1978 Boer Vraelys "Paaie kruis op die bult."

Met -knop word 'n lae kop of bult bedoel. Die paaie kruis op die knop.

Nanies Waterbron K 2919 AC

Divisional map of Namaqualand 1916 "Nanies".

Van den Heever HAL 1978 Boer Vraelys "Nansees. Boesmannaam. Bietjie-bietjie skep en drink."

Volgens informant Van den Heever heet die bron Nansees, in welke geval miskien gedink kan word aan Nama !kha = "schöpfen mit Becher" (Rust 1960:54), bedoelende die water bietjie-bietjie skep omdat dit so min is. Die -si(e) aan die grondwoord is 'n suffiks wat lokatief fungeer met die slot-s van die fem. sing. wat by onder andere bronname voorkom. Op die Divisional map of Namaqualand verskyn egter Nanies wat korreleer met die informant se Nansees, maar wat miskien meer dui op Nama /ami- = volstruis (Rust 1960:59). Dus: "Volstruisfontein".

VORENTOE

PLAAS 9077/1953

K 3017 AD/BC

Eerste eienaar: Van Zyl JHA 1960-12-30

Van Zyl JHA 1978 Boer Vraelys "Die naam het ontstaan met die meting van die plaas. Die landmeter, mnr. Lombard van Springbok, en ek, ry met sy ou Willys Jeep deur 'n reeks wit seeduine na die oostelike grens. Ons bly toe vassit en die landmeter sê: 'Vorentoe moet ons uit want agtertoe is geen kans nie.'"

Die plaasnaam het dan ontstaan vanweë die voorval soos deur die informant verhaal.

WWATERHOEKPLAAS Nam. Q.5-8

K 2917 DD/2918 CC

Eerste eienaar: Roux JH 1907-06-17

Mostert WA 1983 Busbestuurder Gesprek "Die enigste water op die plaas was vroeër onderkant 'n watervalletjie in die hoek wat die berge hier vorm."

Graafwater is destyds verkry uit die sand benede 'n watervalletjie geleë in die hoek wat deur die berge hier gevorm word, van daar Waterhoek.

WATERVALPLAAS Clw. Q.8-45

K 3017 DD

Eerste eienaars: Dreyer C, en andere 1853-05-19

Afdelingsraadkaart; Divisional map of Namaqualand 1916 "Waterval".

So vernoem vanweë 'n waterval in een van die bolope van die Groenrivier wat oor die plaas loop. My verklaring berus op eie kennis en waarneming.

WELKOMPLAAS Clw. Q.6-4

K 3018 AC

Eerste eienaars: Kotze DJ, en andere

Schreuder AN 1978 Prokureur Vraelys "Na die beste van inligting ingewin, is die naam toegeken deur die landmeter ten tye van 'n onderverdeling in die vorige eeu. Daar kan slegs vermoed word dat die landmeter se teenwoordigheid baie welkom was of dat hy die bewoners van die plaas baie gasvry gevind het."

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Weltevreden".

'n Baie ou plaas waaroor die Spoegrivier loop en waarvan die naam, nog in Nederlandse vorm, aandui dat die eienaar baie voldaan moes gevoel het met die plaas en omstandighede ná vestiging daar.

Melkbosheuwel Onderverdeling met opstal K 3017 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Melkbosheuwel".

Vernoem na die heuwelagtige gebied waar baie melkbos Euforbia sp. (Smith 1966:335), groei. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke gebied.

Ouplaas Onderverdeling met opstal K 3017 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Ouplaas".

Die naam verwys vermoedelik na die oudste oorblyfsels van die oorspronklike plaas. Die eerste lid kan ook aangetrokkenheid tot of verbondenheid aan die plaas suggereer.

WELVERDIEND PLAAS 1507/1952 K 2918 DC

Eerste eienaars: Beukes GJ; Beukes PAA 1955-08-09

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Welverdiend".
Van Niekerk CA 1985 Boer Gesprek "Die eienaar het maar seker gevoel dat hy die plaas verdien het."

Vroeër deel van die oorspronklike plaas Namreëns. Die naam dui vermoedelik aan dat die eienaar van mening was dat die plaas goed of ten volle deur hom verdien is.

SkeervleiOnderverdeling met opstal

K 2918 DC

Beukes PAA 1978 Rustende boer Vraelys "Skeervlei het sy naam gekry omdat die boere destyds toe vaste waters nog skaars was, hul vee by die vlei geskeer het."

Vernoem na die vlei as vernaamste entiteit waar destyds skaap geskeer is.

WILDEPAARDE HOEKPLAAS Clw. Q.7-25

K 2917 DC/3017 BA

Eerste eienaar: Van Zyl JA 1844-02-15

Alexander (1967a:89) "I rode by Wild Paard Hoek (Zebra's Corner) and the corn fields of Komakas (red clay) and arriving at the London Mission station of that name, I was kindly received by the worthy old German missionary the Rev. Mr. Schmelen."

Steenkamp (1975:55) "The best view to be found along the Messelpad, to my way of thinking, is from the top of the pass that crosses over the mountain at Wildepaardehoek, the glen of the wild horses. There are no wild horses left at Wildepaardehoek now; a lifetime ago or more the Sandveld farmers wiped them out because, as their descendant Maansie Kennedy explains, 'you couldn't catch them or do anything with them'. So herd by herd the wild horses - descended from who knows what runaway domestic stock, like the feral pigs that live in the Sandveld - were driven into convenient kloofs around the foot of Wildepaardehoek's mountain and shot down."

Kotze WJ 1978 Boer Gesprek "Die berge maak daar 'n hoek waar baie wilde perde in die ou dae geloop het. Van die boere het dikwels daar van dié perde gaan vang. Die klippe in die hoek aan die westekant van die berg vorm 'n natuurlike kraal. In die poortjies tussen die klippe het hulle bosse ingeslaan.

Die perde is dan hier vasgekeer en gevang."

Deur oorlewering leef informante Kotze en Steenkamp se verklarings plaaslik sterk voort en word die sogenaamde natuurlike klipkraal in die hoek vandag nog uitgewys. Eie kennis van die plaas verhinder my om my met die oorlewering te vereenselwig. Dit kos goeie verbeelding om die klipkraal, wat as doeltreffende vaskeerplek vir wilde perde sou dien, te identifiseer. Dit kan wees dat eienaars in latere jare hulle veldperde normaalweg daar gevang het, maar toe was die plaas beslis al benoem. Ek sou die verklaring liefs soos volg wou sien: Wildeperd was vroeër ook die naam vir Nama !gore-b = "Zebra" (Rust 1960:75). Wildepaard- van die plaasnaam staan eerder in verband met hierdie wildeperd. Dit word dan ook bevestig deur Alexander se "Zebra's Corner". Of daar altyd duidelik onderskei is tussen sebra, Equus zebra (Van Dale 1956:1073) en kwagga, Equus quagga (1956:768), is 'n ope vraag. Dat kwaggas wel vroeër in hierdie geweste te vinde was, word bevestig deur onder andere die plaasnaam Quaggafontein suid van Wildepaardehoek. Wie die plaas ken, sal toegee dat dit 'n ware utopie vir sebras/kwaggas moes gewees het. Uit die bergagtige gedeelte kon hulle die hoek waar baie gras is, bewei en by vaste waters in die berg, onder andere by Kagouries op die plaas Canariesfontein, suip. Ek sou dan die plaasnaam toeskryf aan die vroeëre teenwoordigheid van hierdie diersoort in die hoek wat die berge hier vorm.

Wildeperdehoek se Brak

Gebied

K 2917 DC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Wildeperdehoek se Brak".

Dis die loop van 'n takriviertjie van die Swartlintjiesrivier wat sy oorsprong teen die suidelike hange van Wildeperdehoek se Berg het en suidweswaarts oor die plase Wildepaarde Hoek en Oubees na die hooftak vloei. Die veld aan weerskante van

die riviertjie bevat baie brak, Sasola glabrescens (Smith 1966: 174), van daar die naam. Plaaslik word gepraat van 'n braklaagte. Die verklaring berus op eie kennis van die gebied.

Wildeperdehoek se Pas

Pas

K 2917 DC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Wildeperdehoek se Pas".

Dis die pas oor Wildeperdehoek se Berg in die noordoostelike hoek van die plaas waar die Springbok/Hondeklipbaaipad oor die berg gaan. Vroeër was die pas baie nou en gevaarlik, maar later is dit wyer gemaak. Die verklaring berus op jarelange kennis van die betrokke pas.

WILGEHOUT FONTEIN

PLAAS Clw. Q.7-32

K 3017 DB/3018 CA

Eerste eienaar: Engelbrecht HA 1844-02-15

Agenbag PJ 1978 Boer Vraelys "Die oorsprong van die naam is my onbekend, maar ek vermoed dat dit aan die wilgehoutbome en fontein te danke is."

Rossouw PAA 1980 Mynkaptein Vraelys "Die plaas het net oop waters gehad wat fonteine genoem is. Hulle was baie modderig en die plaas self is vreeslik kleierig of modderig as dit reën."

Die uiteenlopende verklarings van die informante is toe te skryf aan die feit dat die betrokke plaas vroeër bekend was as Modder Fontein alias Wilgehout Fontein, soos nog te sien is op Sensuskaart 1891. Die name is vanweë die modderige fontein(e) met wilgehoutbome, Salix sp. (Smith 1966:511). 'n Tak van die Wilgerhoutsrivier loop oor die plaas.

BoekasGebied

K 3018 CA

Rossouw GJ 1978 Student Vraelys "Boekas is 'n gedeelte van Wilgenhoutfontein. Dis rante wat mekaar volg soos die blaaie van 'n boek wat oopgevou lê. Ongelukkig kan dit nie bevestig word nie."

Die informant se verklaring word gegee vir wat dit werd is. By Boekas word op moderne kaarte 'n waterbron aangedui. Dit wil voorkom of die eerste lid miskien eerder kan dui op Nama Bo- = straf of wraak neem (Rust 1960:48), met die lid -kas soos \neq gâs = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dus: "Die puts (fontein) waar wraak geneem is." Die gebeure wat tot die naam aanleiding gegee het, is nie meer bekend nie.

KarkuipOnderverdeling met opstal

K 3018 CA

Agenbag PJ 1978 Boer Vraelys "Volgens die vorige eienaar is die Hottentotnaam Garaguip en beteken die 'Groothoek of Grootkom'."

Nienaber & Raper (1983:148) "Karkeip Karkuip. Farm east of Garies 'Great Basin'."

Blykbaar soos Nama //kara [//khara] = "gross" (Kr. & Rust 1969:221). Die -kom van "Grootkom" is volgens Nienaber & Raper (1977:662) miskien te verstaan as !khuwi-b = vlei of as die gevelariseerde !(k)ui-b = berg of \neq guib = (berg)neus. Gedagtig aan die Afrikaanse benaming Biesiehoek (Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein), ontstaan die vraag of daar nie ook gedink moet word aan Nama /haru = "Binse" (Rust 1960:11) met wisseling van k-/h- of g-/h- (Nienaber & Raper 1977:45 by 5C3 & 4) nie.

LeliekloofKloof

K 3018 CA

Rossouw GJ 1978 Student Vraelys "Kloof met aronskelke of varklelies."

Die kloof is vernoem na die Zantedeschia aethiopica (Smith 1966: 65) wat daar groei.

LoerkopKoppie/Onderverdeling

K 3017 DB

Rossouw GJ 1978 Student Vraelys "Weet nie presies waarom die naam so is nie - vermoede is dat die Boere tydens die oorlog vanaf 'n sekere spitskoppie 'geloer' het na die Engelse magte - hoewel dit twyfelagtig is omdat die koppie baie laag geleë is. Daar is in elk geval baie hoër berge."

Beukes A 1983 Pensionaris Gesprek "Die pad loop oor die koppie. Van 'n sekere stadium begin 'n mens oor die kruin daarvan na die plaas 'loer'."

Volgens informant Rossouw sou daar gedurende die Boereoorlog van die koppie geloer of gespioeneer gewees het. Beukes gee egter 'n ander verklaring. Die pad gaan oor die koppie of hoogte. Namate die aankomeling hoër klim, kom die plaas daar onder geleidelik in sig, met ander woorde hy begin van 'n sekere stadium oor die koppie kyk of loer waarna die plaas geleidelik in sig kom. Die koppie het sy naam hieraan ontleen, wat weer op die onderverdeling en opstal oorgedra is. Beukes se verklaring dra plaaslik die meeste gewig.

PloegvleiVlei

K 3018 CA

Rossouw PAA 1980 Mynkaptein Vraelys "Daar is 'n vlei op die plaas met die naam van Ploegvlei. Wanneer dit reën en die vlei het 'n sekere hoeveelheid water dan weet ons die grond is nat genoeg vir ploeg."

Die betrokke vlei dien as 'n soort reënmeter om aan te dui of die grond nat genoeg is om te ploeg.

WIND HOEKPLAAS Nam. Q.3-17

K 2917 DD

Eerste eienaar: Van Niekerk IJM 1888-02-29

Dixon J 1978 Afgetrede boer Gesprek "'n Hoek tussen die berge waar die wind baie waai."

Vanweë die hoek wat die berge hier vorm, het die ooste- en suidewind 'n geweldige vat. Dus: "Die hoek waar die wind baie waai".

WITBANKPLAAS Nam. Q.9-3

K 2818 DC

Eerste eienaar: Oudtshoorn Land Development Co. Ltd.
1913-07-09

Kennis (1978:3050) "Witbank - aanleg aan die Oranjerivier wes van Pella."

Van Zyl DPF 1985 Boer Gesprek "Ek weet nie presies waar die wit bank waaraan die plaasnaam ontleen is, geleë is nie. Ek ken nie so 'n opvallende bank op die plaas nie."

Volgens die informant is dit moeilik om die spesifieke bank waaraan die plaasnaam toegeskryf kan word, te identifiseer. Aangesien die betrokke plaas aan die Oranjerivier grens, kan dit wees dat daar vroeër miskien 'n opvallende wit sandbank aan die oewer gelê het wat intussen deur vloedwaters verskuif is. Die plaasnaam dui in elk geval op een of ander witkleurige klip- of sandbank wat as vernaamste identiteit in die naamgewing van die plaas betrek is.

WITBERG'S KLOOFPLAAS Nam. Q.10-2

K 2917 CB/DA

Eerste eienaar: Cornelissen PJ 1914-10-23

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Oor 'n deel van die plaas loop 'n kloof wat wit en kaal is, nie vanweë wit tkoeroe nie, maar wit waaigrond. Die opstal lê langs die riviertjie en heet ook Witbergskloof."

Met tkoeroe bedoel die informant Nama // guru- = "Quarz, Kieselerde" (Kr. & Rust 1969:143). Volgens hom is die lid Wit- van die plaasnaam nie vanweë kwartsiet nie, maar wel as gevolg van wit waaigrond teen die koppe van die kloof. Die twee vernaamste entiteite, te wete die wit koppe of berg en die opvallende kloof, is in die plaasnaam betrek.

WolfbergKop/Berg

K 2917 CB

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Hierdie Wolfberg waar die polisiewagpos is, is vroeër Bobbejaanpoort genoem, maar die polisie het dit later na Wolfberg verdoop na aanleiding van die eintlike Wolfberg aan die suidwestekant van die Buffelsrivier."

Dis die huidige Wolfberg by die ou polisiewagpos wat hier ter sprake is. Vroeër was dit bekend as Bobbejaanberg en -poort waardeur die Spektakelpad loop en waar altyd bobbejane teëgekome is vanweë volop doringboomgom wat hier te vinde is. Met die vestiging van die polisiewagpos aldaar ter bewaking van die diamantdraende Veggat is dit tot Wolfberg verdoop na aanleiding van die eintlike Wolfberg aan die oorkant van die Buffelsrivier, noordwes van die huidige Buffelsbank. Hierdie oorspronklike Wolfberg het natuurlike klipgate waarin wolwe, Canus Lupus (Kritzinger 1963:772), vroeër skuilgehou het.

WIT KLIP HOOGTEPLAAS Nam. Q.12-17

K 2917 AD

Eerste eienaar: Kotze AJ 1925-10-27

Cornelissen AH 1978 Boer Gesprek "Die ou pad klim teen 'n steil hoog waar baie wit tkoeroe-klipkoppies is."

Nelson JJ 1978 Boer Vraelys "Die plaas word so genoem omdat daar 'n sneeuwit kol klippers is. Nie-amptelik word Wit-kliphoogte ook Skelmfontein genoem omdat 'n Kleurling 'n fontejintjie diep in die berge geken het waar hy skuilgehou en vee van die boere geslag het."

Informant Cornelissen se tkoeroe verwys na Nama // guru- = "Quarz, Kieselgrund, Marmor" (Kr. & Rust 1969:143). Die plaasnaam is dus na aanleiding van die wit kwartsklippe teen die hoogte waarteen die pad uitklim in die rigting van Rietkloof. Skelmfontein is net 'n nie-amptelike, gewestelike benaming na aanleiding van die gebeurtenis soos deur informant Nelson verhaal.

OsplaatGebied

K 2917 AD

Nelson JW 1978 Boer Vraelys "'n Sandgelykte waar die trekosse lief was om te gaan wei."

Met plaat word bedoel 'n gelykliggende gedeelte tussen omringende verheuenhede. Die betekenis is dan soos deur die informant verstrekk.

PaddadraaiGebied

K 2917 AD

Nelson JJ 1978 Boer Vraelys "'n Draai waar die rivier gedurig nat is en waar gevolglik baie paddas is."

Die naam is dan, volgens die informant, vanweë die draai in die rivier waar baie paddas voorkom.

WITKOPPIEPLAAS Nam. Q.11-3

K 2917 AD

Eerste eienaar: Kruger JG 1916-05-25

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Die plaas het baie wit tkoeroe-koppies, sodat dit seker hierna vernoem is."

Die informant se tkoeroe is soos Nama // guru-, en met wisseling // kuru-, beteken dit "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143). Die plaas is vernoem na die wit kwartsklipkoppies(-berge) wat volop daar voorkom. Alhoewel die plaasnaam die enkelvoud vertoon, verskyn die opstal wel in die meervoudsvorm, naamlik Witkoppies.

WITTEKLIPFONTEIN alias DROGEDAP en OLD DROOGE DAAP (Vroeër bekend as Orokap)

PLASE Clw. Q.8-30 en 1917-58-3438 respektiewelik K 2917 DD

Eerste eienaar: Van Zyl HA 1850-01-21

Mossop (1935:298) "Van (...) Buffelsrivier na die xoroxkap of droge flackte; gereeden 7 uuren. N.B. Voorsch. kruisjes beteeken hed klappen med de tonge."

Forbes (1965:86) "... he is described by Paterson as living then beyond the Cousie by the Copper Berg River which name must have been applied to a watercourse, perhaps the Droogedaap, up whose valley they travelled and which flows south to the Buffels from the vicinity of Springbok".

Met die x as aanduiding van die suigkonsonante, is die eerste komponent van die ou inlandse naam soos Nama /khorō = dor, kaal en die tweede soos ≠gāb = "die Fläche, die Ebene" (Kr. & Rust 1969:242;97). Die wisseling van k-/g- is gewoon (Nienaber &

Raper 1977:42 by 5A3). Uit Van Reenen (Mossop 1935:298) se reisbeskrywing kan sonder twyfel afgelei word dat sy Orokap en die huidige Drogedap/Daap een en dieselfde is (Nienaber & Raper 1977:971). Die lid Dro(o)ge- is dan die vertaling van (/Kh)oro, terwyl -dap (wisselvorm van -kap) = vlakte (vir wisseling van k/g en d/t vergelyk Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1). Die plaasname Drogedap en Old Drooge Daap, laasgenoemde drietalig in sy samestelling, leef nou voort in hul hibridiese vorms en staan plaaslik bekend as Droëdap/Drodap wat dan "Droë vlakte" beteken. Die eerste naam, naamlik Witteklipfontein, dui weer op die oorspronklike fontein by die wit kwartsklippe. Eie kennis van die gebied bevestig die verklaring.

AdaapVoetpad

K 2917 DD

Mostert WA 1983 Afgetrede boer Gesprek "Dis 'n voetpad wat oor die berg loop na 'n deel waar meer gras is."

Nienaber & Raper (1980:157) verklaar Adaap as "Grasvoetpad", deur die lid -daa-p gelyk te stel met Nama dao-b = pad, weg, by dā = "unter den Fuss treten" (Kr. & Rust 1969:52), dit is "waar ek (op)trap", met die -p(-b) van die ml. ekv. vir 'n langerige looppad soos 'n voetpad. Die eerste lid is klaarblyklik 'n gedevelariseerde vorm van Nama /gā- = gras (Rust 1960:28). Alhoewel my informant nie direk van "Grasvoetpad" praat nie, kom sy verduideliking daarop neer en onderskryf gevolglik Nienaber & Raper se verklaring.

WITWATERPLAAS Nam. Q.10-12

K 2917 DA

Eerste eienaar: Dixon JJ 1915-01-23

Agenbag JJ 1978 Boer Vraelys "Die naam Witwater is ontleen aan 'n put op die plaas waarvan die water die kleur van afgesakte

kalkwater het."

Nelson FG 1980 Boer Gesprek "Die grond is 'n wit, potkleiagtige tipe. Die oorspronklike water was sug- en fonteinwater. Die grond se kleur het die naam bepaal."

Wit, potkleiagtige grond wat onder andere vroeër vir die afwit van muurhuise gebruik is, kom hier volop voor en het tot gevolg dat die fontein- en putwater 'n witagtige kleur vertoon waaraan die plaasnaam dan ook ontleen is.

Ximmiedraai

Gebied

K 2917 DA

Agenbag JJ 1982 Boer Gesprek "Die rivier of kloof maak daar 'n komvormige draai, van daar Ximmiedraai."

Wiese JM 1982 Huisvrou Gesprek "Die woord tjimmie beteken om jou goed te bondel of in te rol."

Nienaber & Raper (1980:758) vermoed dat die lid Ximmie- van Ximmiedraai 'n omvorming is van die Ximania sp. So ver vasgestel kan word kom die betrokke plantsoort nie plaaslik voor nie. Die woord tjimmie, soos deur informant Wiese gebruik, word nog plaaslik gehoor in die sin van jou kooigoed tjimmie (inrol of bondel), of jou goed vir die nag se koud intjimmie. Die komvormige draai wat die rivier maak, soos Agenbag dit te reg verduidelik, wek die beeld van "jou goed bondel" of jouself teen die koue "inbondel", met ander woorde dit lyk of die rivier by die draai "gebondel" is, van daar die benaming Ximmiedraai soos deur Agenbag gespel. Tjimmiedraai sou egter 'n noukeuriger weergawe gewees het.

WIT WATER and KLIP VLEYPLAAS Clw. Q.8-50

K 3117 BB

Eerste eienaar: Sias J 1856-12-10

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Daar is 'n ou watertjie langs die tak van Brakrivier wat van Soutklip se kant af kom. 'n Entjie van hom af is 'n gat wat die Witkleigat genoem word. Vroeër het die mense daar wit klei uitgehaal waarmee hulle hul huise afgewit het. Die watertjie van die wit klei het die naam verskaf."

Die oorspronklike plaasnaam is ontleen aan twee entiteite wat albei nog op Sensuskaart 1891 aangedui word, naamlik die klipvlei op die oostelike en die waterbron, Witwater, op die westelike gedeelte van die plaas. Op moderne kaarte verskyn die plaas net onder die benaming Witwater en wel vanweë die water by die wit kleigat, soos deur my informant hierbo beskryf.

BlouklipKlip(kop)

K 3117 BB

Kotze GS 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat die klip blou vertoon. Dit het vier diep klipgate wat duisende gellings water hou."

Die kleurnaam is vanweë die blou skynsel van die klip of rotsblok wat landmetersbaken nommer 2 dra.

RibbokbergBergie

K 3117 BB

Kotze GS 1978 Boer Vraelys "Daar was altyd baie ribbokke in die berg."

Vernoem na die Cervicapra fulvorufula (Kritzinger 1963:512) wat veral vroeër in die berg gehou het.

Rooidam Onderverdeling met opstal K 3117 BB

Kotze GS 1982 Boer Brief "So genoem omdat die dam se water na reëns rooi vertoon."

Die natuurlike rooi turfgrond kleur die reënwater wat in die gronddam versamel rooierig, van daar die onderverdelingsnaam.

Soutklip Onderverdeling met opstal K 3117 BB

Kotze GS 1978 Boer Vraelys "So genoem omdat daar 'n groot klip op die bergie sit wat bo-op 'n bak het waarvan die water sout is."

Vernoem na die soutwater in die klipgat. Dat sekere klipbakke die water brak maak, word op meer plekke in Namakwaland aangetref, byvoorbeeld onder andere op die plaas Meidjes Karroo.

WOLFBERG PLAAS Nam. Q.7-29 K 2917 CB

Eerste eienaar: The Cape Copper Mining Co. Ltd. 1884-11-12

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Dit was 'n uitspanning. Die berg is eers Swartklipberg genoem waarin wolwe gebly had (het) en later so vernoem is."

Op CCRS (1907-14) Port Nolloth & O'okiep Sheet, heet dié betrokke berg nog Swart Klip Berg, terwyl SG map 1895 dit aangee as Wolfberg. Volgens my informant het die naamsverandering plaasgevind vanweë wolwe, Canis Lupus (Odendal 1981:1367), wat in die berg gebly het. Die bergnaam is op die plaas oorgedra. Tans is dit diamantdraende gebied onder die naam Wolfberg-mynbou.

WOLF BOOM

PLAAS 1917-58-3454

K 2917 DD/2918 CC

Eerste eienaar: Van Niekerk IJM 1917-05-18

Mostert WA 1983 Busbestuurder Gesprek "Sekere Van Zyls met die bynaam Wolf het vroeër in daardie omgewing gewoon. Daar het een enkele groot noenieboom gestaan."

Volgens die informant is die plaas vernoem na die bynaam Wolf van die betrokke familie en die besondere groot boom, die noenie - soos Nama /huni = die witgatboom, Boscia albitrunca (Smith 1966:514), wat eintlik 'n rariteit in dié omgewing is.

WOLF KRAAL

PLAAS Nam. Q.10-28

K 2918 DC/3018 BA

Eerste eienaar: Van Niekerk CA (J Seun) 1915-12-02

Van Niekerk AP 1980 Boer Vraelys " $\pm \frac{1}{5}$ van hierdie plaas is bergagtig. Uit vertellings van voorgeslagte blyk duidelik dat wolwe hul in vroeër dae hier skuilgehou het. 'n Bewys daarvan is die klein klipkraaltjies in die bergdele waarin hulle destyds die wolwe gevang het."

Die eerste komponent van die plaasnaam verwys na die Canus lupus (Kritzinger 1963:772) wat vroeër baie in veral die bergagtige dele voorgekom het. Die klipkraaltjies waarna die informant verwys, is wolfhokke, 'n hok met 'n valdeur of strik waarin wolwe vroeër gevang is en waarvan die ou minte nog op baie plase in Namakwaland te vinde is. Vergelyk die plaasnaam WOLWE-POORT. Die komponent Kraal verwys na die aanleg.

Jacob Cloete se KopKop

K 2918 DC

Van Niekerk AP 1980 Boer Gesprek "Die koppie is vernoem na 'n veewagter, ene Jacob Cloete, wat by my vader in diens was.

Weens sy ontrouheid het hy op 'n koue wintersnag ongeveer vyf honderd kortgeskeerde merino's laat wegbreek en byna almal laat opvrek van die koue. Die betrokke kop is na aanleiding hiervan na hom vernoem."

Die kopnaam is dan na aanleiding van die gebeure soos deur die informant verhaal.

WOLFTOENPLAAS Nam. Q.6-2

K 2818 CD/2918 AA

Eerste eienaar: Berman J 1910-02-18

Van Heerde-versameling "Wolftoon. Volgens Carl Weidner het die wind, wanneer dit deur 'n sekere gleuf tussen klippe gewaai het, 'n geluid gemaak nes 'n wolf wat huil. Persoonlik het ek geglo dat dit na 'n mnr. Wolfton vernoem is, maar kon nie so iemand opspoor nie."

Alhoewel die plaasnaam op die Pleknaamllys en op sommige kaarte as Wolftoen aangegee word, moet dit as Wolftoon gelees word. Die lid -toon moet vertolk word as "'n klank van 'n sekere hoogte en kleur" (Kritzinger 1963:663), en nie as een van die lede van die voet nie. Die gehuil van die wind deur dié spesifieke gleuf was soos die (stem)-toon van 'n wolf, Canis lupus (1963: 772). Die -toon kan miskien op grond van klankassosiasie, afkomstig wees van "tune" in Engels. Plaaslik bly dit die mees aanvaarbare verklaring van die plaasnaam. Vir die moontlikheid dat dit na ene Wolfton kan heet, kon tot dusver geen bewyse gevind word nie.

WOLWEPOORTPLAAS Clw. Q.7-31

K 3017 BB

Eerste eienaar: Kotze J 1844-02-15

Alexander (1967a:123) "I rode by Wolfpoort and the Cardow to Lily Fountain, where all my people were well."

Kennis (1969:3051) "Wolwepoort, Kp-B9, by die Suurberg tussen Kamieskroon en Skilpad."

Swart (1973:88) "Ook die stryd teen ongediertes het gewoed. Steunerskop was vroeër 'n deel van Wolwepoort. En daar is 'n poort waar die wolwe deurgekom het. So vertel die huidige eienaar van Wolwepoort, mnr. A.E. van Wyk. In die poort is 'n hok gemaak en in die hok word aas gesit; 'n hoender of 'n lam. 'n Draadstrik of een of ander vorm van 'n val word dan gestel. (Of in later jare 'n slagyster.) Die aas word vasgesit aan 'n pen sodat dit nie weggesleep kan word nie. En daar in die hok by Wolwepoort het baie wolfstreke einde gekry."

Wolwepoort is een van die oudste plase in die Binneveld. Die naam verskyn nog in Nederlandse vorm (Wolvepoort) op vroeëre kaarte, onder andere op CCRS 1907-1914 en Divisional map of Namaqualand, terwyl SG map 1895 dit aangee as Wolvefontein. Die topografie verklaar onbetwisbaar die tweede lid van die plaasnaam. 'n Natuurlike poort loop deur die berge in 'n suid/noord-rigting oor die grootste gedeelte van die plaas, waardeur die Wolwepoortrivier vloei, wat op die naburige plaas Groot Valley ontspring. Vroeëre reisigers het meestal hierdie natuurlike deurgang (poort) verkies om sodoende die bergagtige Bowesdorpgedeelte te omseil. Ook Simon van der Stel het volgens Heese (1942b:13) met sy terugtog van die Koperberg deur hierdie poort getrek in 'n poging om af te swaai na die see toe. Die poort het vroeër ook bekend gestaan as Aloepoort(-kloof). Vergelyk Aloepoort hieronder.

Die eerste lid Wolwe- verwys na die Canis Lupus (Odendal 1981:1367) wat vroeër volop in dié omgewing voorgekom het, soos bevestig deur onder andere Wolveberg aan die westekant van die poort, tans

bekend as Suurberg (CCRS 1907-14 Bowedorp Sheet). Die wolwe wat deur die poort gekom het op soek na aas, is op kundige wyse in wolfhokke gevang, soos deur informant Swart hierbo beskryf. Dis op hierdie plaas, Wolwepoort, waar die evangelis- onderwyser Pieter Malan in April 1893 sy eerste skool geopen het (Hanekom 1950:159). Ook was dit die vertrekpunt in die hantering van 'n tuggeval in die gemeente wat op 5-7 Desember 1878 in die Hooggeregshof te Kaapstad geeëndig het (Heese 1973: 19).

Aloepoort(-kloof)

Poort

K 3017 BB

Mossop (1947:21) "We marched from the said rivulet and camped in a kloof named Aloë Kloof." (Die voetnota lui: Wolwepoort. Approached more easily to-day from Kamieskroon. The Aloe dichotoma from the bark of which Bushmen made quivers for their arrows, still grow there. Afrikaans, Kokerboom, Quiver-tree.) We found hereabout very many aloe trees of different heights and thickness, all for the most part crowned with a beautiful growth. The leaves are about a foot long and three fingers in width at the base, narrowing to a pointed tip and along each edge, set with thorns. About half an hour before the Sand River is reached and to the right of the way, we found among others a like aloe the stem of which was about seven feet high and so thick that it could hardly be encompassed about by three men."

Forbes (1965:86) "Hence they travelled north and so 'came to the house of one, Jan van der Hiver'. A man of this name is mentioned in Wikar's map whilst his house appears on the Gordon Map 3, about 10 miles upstream from Aloes Kloof on the Kouwsie or Groote Sand River. Aloes Kloof is now Wolwepoort and the Kouwsie in its various spellings is the Buffels."

Die poort is dus vernoem na aanleiding van die baie reuse-kokerbome, Aloe dichotoma (Smith 1966:304), wat vroeër in die poort gegroei het, soos hierbo deur Mossop beskrywe. Aloepoort(-kloof) was die vroeëre naam van Wolwepoort.

BrandkopOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "'n Ploeplek waar later 'n opstal verrys het. Die kop het vroeër aan die brand geraak, van daar Brandkop."

Vernoem na die kop in die suidoostelike hoek van die plaas Wolwepoort naby die pad tussen Ellenboogfontein en Wolwepoort. In die onmiddellike omgewing is heelwat ploeglande. Die kop het eens op 'n tyd aan die brand geraak waarna dit bekend gestaan het as Brandkop. Die naam is ook oorgedra op die onderverdeling.

DwarsrivierRivier

K 3017 BB

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Geleë langs die riviertjie wat van Grootvlei uit die dwarste in Wolwepoort se rivier vloei. Die naam is sover ek weet van resente oorsprong en het eens net 'n stel lande aangedui."

Die riviértjie van Skilpad sluit dwars aan by Wolwepoortrivier, van daar Dwarsrivier. Die informant verwys na die opstal Dwarsrivier wat langs die riviértjie geleë is. Voordat die opstal aangelê is, is die ploeglande langs die rivier met dié naam aangedui.

HaasrivierRivier

K 3017 BB

Backhouse (1844:586) "We crossed the Haas Rivier (Hare River) at a place where some Hottentots were residing, who obtained water in a hole in its sandy bed; they had made gardens, in which they were growing pumpkins, etc."

Gillman JW 1978 Boervrou Vraelys "Ons het by ons ouers gehoor dat dit Haasrivier genoem is omdat hier vreeslik baie hase is en die goed word net meer en vermors ons tuine gruwelik. Hulle word geskiet; deur honde en in slagysters gevang, maar

ons kry hulle nie uitgeroei nie."

Dis 'n tak van die Wolwepoortrivier wat aan die voet van Kardou ontspring, deur Kamieskroon en oor die plase Ouss en Wolwepoort loop om noord van Tweerivier by die Wolwepoortrivier aan te sluit. Dis egter die gedeelte van die rivier wat oor die plaas Wolwepoort loop wat as Haasrivier bekend staan en wel vanweë die baie hase, Lepus gesl. (Odendal 1981:341), wat hier aange-tref word, veral wanneer die doringbome langs die rivier se blommetjies afval en as kos vir die hase dien.

Matjiesfontein Onderverdeling met opstal K 3017 BB

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Daar het die biesies gestaan waarvan matjies gesteeek was - van daar die naam."

'n Onderverdeling van die plaas Wolwepoort met vroeëre opstal naby die Haasrivier. Om die fontein het matjiesgoed, Cyperus textilis (Smith 1966:333), gegroei waarvan matjies vir matjies-huise gesteeek is.

Muggelshoek Gebied K 3017 BB

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "Dis 'n hoek aan die suidekant van Suurberg. Dit vorm 'n kom waar vroeër 'n opstal was. Nou staan nog net die minte. 'n Ou jong met die naam Muggel het daar sitplek gehad."

Van Niekerk TJ 1980 Pensionaris Gesprek "Muggel was 'n esel wat in die hoek dood is."

Volgens informant Van Wyk is die gebied dan vernoem na 'n man genaamd Muggel wat destyds daar gewoon het. Van Niekerk beweer dat Muggel 'n esel was wat in die hoek dood is. Daar kon nie vasgestel word watter een van die verklarings die korrekte is nie.

SkilpadOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Daar is of was 'n dammetjie waarin so baie skilpaaie verdrink het. Die dammetjie se naam is of was 'Skilpad se dammetjie'. Maar dan was daar ook baie skilpaaie op die plaas. Sover ek kon vasstel, het die dammetjie eintlik die naam aan die plaas (onderverdeling) gegee."

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "Daar was 'n syfer- of graafwatertjie, bekend as Skilpad se Graafwater."

Skilpad is 'n onderverdeling van die plaas Wolwepoort waarvan die blommeprag 'n toeriste-attraksie is. Skilpaaie wat baie volop was in die omgewing, het agter die syferwatertjie aan gegrawe, van daar Skilpad se Graafwater, waarvan in latere jare net as Skilpad gepraat is. Die dammetjie waar die syfering was, het met verloop van jare toegeraak, maar is onlangs weer deur die eienaar oopgegrawe.

SteunerskopKop

K 3017 BB

Van Heerde-versameling "'n Dogter van Niekerk het 'n baba gehad in die veld by die kop. Daar was 'n gesteun en dit word beweer dat sy self daar dood is. Die kind het daar gelê en 'n veewagter het die kind gevind. Hy het die kind na Van Niekerk gebring. Sommige beweer dat die kind dood was, andere dat hulle die kind grootgemaak het." Inligting verstrek deur Pieter Genis.

Steunerskop lê wes van die poort regoor Suurberg wat vroeër Wolwepoort genoem is. Plaaslik leef verskillende verklarings vir die kopnaam voort, onder andere dat dit daar spook, vanweë 'n gesteun wat soms by die kop gehoor word; dat dit die gesteun van wolwe was, ensovoorts. Van Heerde se verklaring bly egter die mees aanvaarbare. Ek het dit self ook vroeër by ouer mense verneem.

SuurbergBerg

K 3017 BB

Van Wyk CA 1978 Boer en ploegbaas Gesprek "Die ounderveld (onderveld) is soetveld, terwyl die bergeveld suur is omdat plante soos olifantmelkbos, suurmelkbos en slaaiopslag ontbreek. Die berg is dus suurveld."

Dis die berg aan die westekant van die poort waaraan die plaas Wolwepoort sy naam ontleen het. Dit dra opmetingsbaken nommer 54. Dit het vroeër Wolveberg geheet, maar weens die suurgehalte van die veld het die benaming Suurberg ingeburger geraak.

TweerivierOnderverdeling met opstal

K 3017 BB

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "Die Haasrivier en die Wolwepoortrivier kom op Tweerivier se grond bymekaar vanwaar hulle as een rivier loop tot by Rietmond waar dit in die Buffelsrivier uitmond."

Dis 'n onderverdeling met opstal wat die naam Tweerivier dra vanweë die twee riviere wat daar bymekaarkom, soos deur die informant beskryf.

WitwalleGebied

K 3017 BB

Van Wyk AE 1978 Boer Gesprek "Dis eintlik 'n laagte met wit walle van kalkagtige klei waar vroeër wit klei uitgehaal is om huise mee af te wit."

Dis 'n laagte noord van Matjiesfontein waarvan die walle wit vertoon vanweë die wit kalkagtige klei wat deur die vroeëre bewoners as afwitkalk vir hul huise gebruik is, soos deur die informant meegedeel.

WORTEL

PLAAS Nam. Q.11-1A

K 2818/2918 BB

Eerste eienaars: Rossouw GHA, en andere 1916-02-08

Van den Heever LS 1978 Boer Vraelys "Hulle het vroeër van die witgatboom se wortels koffie gemaak."

Vernoem na die wortel van die witgatboom, Boscia albitrunca (Smith 1966:514), wat vroeër vermoedelik volop op die plaas gegroei het. Die naam is verkort tot Wortel.

ZZAKKIES BERG en ZEE KLOOFPLAAS Nam. Q.9-23

K 3018 AC

Eerste eienaars: Coetzee JC, en andere 1914-07-09

Kotzé JH 1980 Boer Brief "Dit lyk soos 'n saag bo-op die berg. Saagberg - later Sakkiesberg."

Die plaas is oorspronklik geregistreer onder bogenoemde naam in welke vorm dit dan ook op ouer kaarte, soos onder andere Divisional map of Namaqualand 1916, voorkom. Op moderne kaarte, byvoorbeeld Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein, heet die plaas nog net Zakkies Berg, en wel vanweë die getande kruin of kam soos die tande van 'n saag. Met Zakkies het die naamgewer klaarblyklik Sagies(berg) in gedagte gehad, maar 'n foutiewe spellingsvorm aangewend.

Wat die tweede gedeelte van die plaasnaam betref, naamlik Zee Kloof, is die vermoede dat dit ook 'n mistasting by registrasie was. Die opvallende kloof waardeur die Dabirivier vloei, staan bekend as Siekkloof, wat ook naam geword het van die onderverdeling en opstal. Ek wil glo dat Ziekkloof die oorspronklike bedoelde vorm was, waarskynlik vanweë giftige plante wat veesiektes en -vrekke veroorsaak het.

ZANDKOPS DRIFTPLAAS Clw. Q.6-32

K 3017 DD

Eerste eienaar: Dreyer C 1843-12-15

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Die plaas het sy naam aan die sandkop en die drif te danke."

Die twee mees opvallende entiteite waarna die plaas vernoem is, is die sandkop met landmetersbaken nommer 45 en die drif waar die pad tussen Garies en Kotzesrus deur die Swart-Doringrivier gaan. Die plaasnaam verskyn nog in Nederlandse vorm.

KonstabelvleiVlei

K 3017 DD

Van Heerde-versameling "Konstabel-Vlei (suid van Garies) tussen Eendoorn en Zoutkop."

Heese (1947c:31e.v.) "Omtrent twintig myl ten suidweste van Garies lê 'n vleitjie met die naam Konstabelvlei. Die oumense kan jou nog vertel waarom die vleitjie die naam gekry het, maar die jonger geslag en nuwe intrekkers in Namakwaland weet nie watter gruwelike moord amper tagtig jaar gelede by die einste vleitjie plaasgevind het nie."

In die aangehaalde bron van Heese hierbo gee hy volledige besonderhede van wat in 1869 by dié vlei plaasgevind het. 'n Twintig stuks Boesman-veediewe, twee-twee geboei en aan 'n lang ketting tussen die pare deur vasgebind, was op pad van Springbok na Kaapstad vir verhoor. Vanweë 'n plan van Roman Brandrug en Hans Flink, wat in die groep was, word die konstabels wat hulle aanja, by die vlei oorval deur onverwags om hulle te hardloop en hulle gevolglik so met die ketting te verstrengel dat hulle magteloos was. Brandrug bekom die sleutels en ontsluit die boeie. Twee konstabels, by name Floris Risband en Mulligan, word vermoor; Pieter Coetzee, die waterkardrywer, word deur Roman Brandrug met die konstabel se geweer doodgeskiet; Prins, die Basterklonkie, se keel word afgesny; en Crowley, die derde konstabel, word in die arm gewond, maar hy slaag daarin om veldkornet Jasper Dreyer se huis op Sandkop te haal waar 'n Damara die Boesmans, wat ook vir Crowley wou hê, uitoorlê sodat hulle bang word en na die berge vlug. Die vlei het van toe af bekend gestaan as Konstabelvlei.

PanvleiVlei

K 3017 DD

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Dit is 'n pan waarin vleitjies gegrawe is. Die pan self is te vlak sodat sy water te gou opdroog. Daarom is die vleitjies daarin gegrawe."

Vernoem na die vleitjies in die pan.

SandkopKop

K 3017 DD

Nieuwoudt GS 1978 Skoolopsigter Gesprek "Dit is 'n kaal kop aan die noordekant van die Swart-Doringrivier wat vol sand gewaai is."

Dis veral die oostekant van die kop wat baie sanderig is, van daar die benaming Sandkop. Dit dra landmetersbaken nommer 45 en is as landteken in die plaasnaam betrek.

Stofkraal se SandGebied

K 3017 DD

Dreyer JJ 1978 Boer Vraelys "Die pad loop deur die sand. Die bewoners van die Reserwaat, Stofkraal, het moeilik met hul donkies daardeur gery."

'n Sanderige gebied, vernoem na die Stofkraalreserwaat.

SwartkopKop

K 3017 DD

Dreyer JJ 1978 Boer Vraelys "Daar was heelwaarskynlik vroeër jare 'n mangaanklipuitbarsting."

Die swart mangaanklippe het aan die kop sy kleurnaam besorg.

ZAND KRAALPLAAS Clw. Q.6-49

K 3017 DA

Eerste eienaar: Engelbrecht W 1843-12-15

Goosen JC 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n sand-stofagtige gebied. Waarom 'Kraal' weet ek nie."

'n Baie ou plaas met die naam nog in Nederlands en met dieselfde oorspronklike eienaar en transporteerdatum as die vroeëre aangrensende plaas De Klipheuvel. 'n Gedeelte van die teenswoordige plaas Soutfontein asook die onderverdeling Sarrisaam het vroeër klaarblyklik die westelike deel van die oorspronklike Zand Kraal gevorm. Sar(r)isaam skyn die ou inlandse naam van die grondwoord van Zand Kraal te wees. Vergelyk Sarrisaam onder die plaasnaam DE KLIPHEUVEL. Die lid Kraal is 'n latere toevoeging en verwys na die aanleg.

KnoeniebiekopKop

K 3017 DA

Opmeting 1960 "Knoeniebiekop 20 myl wes van Garies. Die naam is afkomstig uit die Hottentottaal en het betrekking op 'n sekere soort bos bekend in daardie omgewing as appelkoosbos. Die spelvorm is foneties en nie bedoel om die klapklank van die Hottentottaal weer te gee nie. Inligting verskaf deur mnr. de Villiers van die plaas Tierberg. Vermelde kop is geleë op deel van die plaas ..."

Die kop is vernoem na die wildeappelkoosbos, in Nama !ganube-wat deur professor Compton geïdentifiseer is as 'n Royena en deur Wikar 1979 opgeteken is as kalouwep, 'n "wilde aprikooze" (Nienaber 1963:526). Met wisseling van k-/g-, l-/n- en w-/b- is kalouwe, dialekties vir !ganube- (Nienaber & Raper 1980:525).

KoelklipgaatjieKlipgat

K 3017 DA

Engelbrecht G 1978 Delwer en boer Vraelys "Dit is in 'n klipskeur

waar nooit son kom nie, dus bly die water altyd koel."

Dis 'n klipgaatjie in 'n soliede rots wat omtrent vyf liter reënwater kan opvang. Dit word met 'n plat klip bedek teen voëls en wildediere. Dis die enigste water in die onmiddellike omgewing.

ZAND VLEIPLAAS Nam. Q.14-2

K 3018 BD

Eerste eienaars: Coetzee PAC; Stramrood A 1926-07-25

Lochner MG 1981 Boer Brief "Een vleitjie tussen sandduine wat met reëntyd water vang."

Vernoem na die vleitjie en sand(duine) as vernaamste entiteite op die plaas.

ZONNEKWAPLAAS Gr.7/1928 & Nam. Q.12-16

K 2917 CD

Eerste eenaar: Cornelissen AJ 1928-12-19

Brand GA 1978 Boer Gesprek "Zonnekwa beteken sandvlakke. Dit word daar baie warm."

Engelbrecht WD 1978 Boer Vraelys "Dit is 'n verafrikaanste Hottentotnaam. Sonne (of sohne) beteken sand, kwa (of tjiva) beteken laagte, m.a.w. Sandlaagte. Geoloë meen dat die Kwa duisende jare gelede 'n rivier was."

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Kwa is vlakke. Zonne verwys seker na die rietveld, die Songwasriet, wat daar groei."

Die eerste lid is soos Nama tsun(i)- = "Sanddüne" (Rust 1960:51). Met wisseling van -o-/-u- = Tson, sand (Nienaber & Raper 1980:765).

Die lid -kwa is beslis soos Nama !goa- = "Einsenkung (im Gelände)" (Kr. & Rust 1969:125), dit is die holte/leegte/vlakte/insinking/dal, ensovoorts. Letterlik beteken dit dan "Sandlaagte/-vlakte". Deur eie kennis van die plaas Zonnekwa kan ek bevestig dat die topografie my verklaring onderskryf. Die swaar sand en sandduintjies oor die hele laagte of insinking is die oorheersende eienskap. Op die Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok word dié sandlaagte, wat oor albei plase, Zonnekwa A en B van suid na noord strek, dan ook as Zonnekwa aangedui.

Pieter se DuinDuin

K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Pieter se Duin is op Zonnekwa B. 'n Sekere oom Pieter Voges het daar met sy vee gestaan. Een oggend net na bokwerk (bokke melk, hanslammers laat suip, ensovoorts) het hy dinge gestelstoot (sake georganiseer) en toe 'n klomp uintjies gegrawe; die aand dit gekook en te veel daarvan geëet. Dié nag was hy laag af (byna dood) van 'n moeilike maag. Vandag nog heet dié spesifieke duin na hom."

Volgens die informant is die duin dan vernoem na die voornaam van Pieter Voges wat met sy vee daar gestaan het.

Wildemerrie se DuinDuin

K 2917 CD

Van Dyk FA 1978 Boer Gesprek "Dit is aan my vertel dat daar 'n sekere perdehings onder die wilde perde was wat die mense baie graag wou vang. Ten einde raad het hulle die hings se mama (ma) by die betrokke duin doodgeskiet waarop die wilde, tweejarige, dreunlyf (moeilike) hings eenvoudig by haar gaan staan het sodat hulle hom daar die halter kon aansit. Vandag nog heet dié plek Wildemerrie se Duin."

Vernoem na aanleiding van die oorlewering soos verhaal deur die informant hierbo.

ZOUTPAN alias DE RIET PLAAS Clw. Q.7-4

K 3017 AB

Eerste eienaar: Archer J 1844-02-15

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "In die Swartlintjiesrivier wat oor die plaas loop, net onderkant die opstal De Riet, lê klipbakke waar vroeër baie sout versamel is. As dit reën of as die rivier loop, stoot die bakke vol water, en as dit verdamp, bly die sout agter. Die naam De Riet weer het ontstaan as gevolg van die baie fluitjiesriet wat in die rivier groei en droëntyd (droë seisoen) deur die diere gevreet word."

Die klipbakke waarvan die informant praat, is pannetjies op die klipplate in die rivierbedding waarin die brak rivierwater stoot om daar te verdamp en 'n soutneerslag agter te laat, van daar die benaming Zoutpan in Nederlandse vorm. Die aliasnaam is weer vanweë die baie fluitjiesriet, Phragmites sp., wat in die rivierbedding groei en wat, volgens Smith (1966:215), die naam fluitjiesriet dra omdat "Bantus use the hollow culms for making tobacco pipes and parts of musical instruments. Toy whistles (Afr.: fluitjies) are also made from the internodes of the reed (Afr.: riet)-like stems." Teenswoordig is die plaas onder die aliasnaam bekend wat die benaming Zoutpan heeltemal verdring het, vermoedelik vanweë die feit dat die riet baie meer opvallend is as die soutpannetjies. Dis 'n baie ou plaas en een waaroor die koperryp pad na Hondeklipbaai geloop het. In die vroeë dae van die Namakwalandse koperoplewing het kaptein William Homewood dié plaas etlike jare bewoon waar hy, volgens oorlewering, ook 'n winkeltjie gehad het (Green 1967:54-5).

ZUUR WATER

PLAAS Nam. Q.5-19

K 2918 BC

Eerste eienaar: Van Niekerk S 1909-06-03

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en rustende boer Vraelys
 "So genoem omdat daar 'n hoeveelheid alluin in die eerste
 ontdekte onderaardse waters van die onverdeelde plaas is
 wat die smaak van die water suur maak."

Vernoem na die suuragtige smaak van die ondergrondse water.

Diknek

Duin

K 2918 BC

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en rustende boer Vraelys
 "Dis 'n baie swaar, sanderige duin waaroor die grootpad
 vroeër geloop het. Met die blystaan teen die duin en die
 gevolglike beur teen die jukke, het die osse se skowwe dik
 geword, vandaar Diknek."

Die informant skryf die naam toe aan die swel van die osse se
 skowwe. Ek is egter van mening dat dit eerder dui op die dik
 sand by die nek waar die pad oorgegaan het. Vergelyk byvoor-
 beeld Diknek onder die plaasnaam AVONTUUR.

Hoedkop

Kop

K 2918 BC

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en rustende boer Gesprek
 "Die kop het die vorm van 'n hoed."

Volgens die informant is die naam dan ontleen aan die spesi-
 fieke vorm van die kop wat aan 'n hoed laat dink.

Noeniepoort se Kop

Kop

K 2918 BD

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Noeniepoort se
 Kop".

Die lid Noenie- is soos Nama /huni = die witgatboom, Boscia
Albitrunca (Smith 1966:514), wat veral vroeër baie in die
 poort gegroei het, waarna die betrokke kop dan ook vernoem is.

SkelmbergBerg

K 2918 BC

Smith WAC 1978 Afgetrede onderwyser en rustende boer Vraelys
 "Te wyte aan die feit dat die slim, skelm jakkalse altyd deur
 ons jakkalsklub in hierdie berg gekry is."

Die berg waar skelm jakkalse, fam. Canidae (Odendal 1981:487),
 vroeër skuilgehou het.

Windhoek se PoortPoort

K 2918 BC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Windhoek se Poort".

'n Poort of deurgang tussen die koppe wat 'n hoek vorm waar die
 wind 'n geweldige vat het. Die Springbok/Pofadder-pad loop
 deur die poort, aan die noordekant waarvan Windhoek se Berg ge-
 leë is. Die verklaring berus op eie kennis van die gebied.

ZUUR WATERPLAAS Nam. Q.14-5

K 2918 DD/3018 BB

Eerste eienaar: Boonzaaier JCN 1926-09-22

Boonzaaier MJ 1978 Boer Vraelys "Daar is twee gôras en vyebosse.
 As dit reën spoel die blare daarin en dit gee die water 'n
 suur smaak."

Met gôras is te verstane Nama xora = graafwater (Rust 1960:28)
 waarin die blare van die Mesembryanthemum sp. (Smith 1966:490)
 spoel en gevolglik die water suur maak, aldus die informant.
 Die suur smaak kan miskien ook toegeskryf word aan stowwe in
 die grondwater self. Vergelyk die plaas ZUUR WATER onder graad-
 vierkant 2918 BC.

BrandewynvleiVlei

K 3018 BB

Boonzaaiër MJ 1978 Boer Vraelys "Hier het die ou Basters nog vroeg in die 18de eeu in die brandewyn pap gemaak. Dan werk dit glo gouer. Ek het een van hulle nog self ontmoet wat dit aan my vertel het. Hy was ou Jan Basson van Aasvogel Kop."

Die vlei is volgens oorlewering na 'n sonderlinge gebruik onder die Basters, soos deur die informant hierbo verhaal, vernoem.

ZWART DUINENPLAAS Nam. Q.12-5

K 2917 CC/3017 AA

Eerste eienaars: Kotze JC, en andere 1925-09-22

Agenbag JF 1978 Boer Vraelys "Vroeër is dit genoem Koeritjiekwas, maar dis meer spesifiek genoem Koeroevlakte. Dit is 'n Hotnotnaam 'Khoeroe-kwa'".

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die plaas heet na die duine wat uit die verte swart opgee."

Indien Koerietjiekwas, soos ons die naam ken, die vroeëre naam van die plaas was, plaas dit 'n vraagteken agter die gedagte dat die plaasnaam Noup die ou naam van Zwart Duinen was. Vergelyk die plaasnaam NOUP. Die vermoede is egter dat net die lae kusvlaktegedeelte as Koeroetjiekwas bekend was. Informant Brand se verklaring bly plaaslik die algemeen aanvaarbare wat topografies verantwoordbaar is, naamlik dat die plaas Zwart Duinen heet omdat die duine swart opgee vanweë die plantegroei, by name die vlieëbos, Roidula dentale sp. (Smith 1966:486), wat swart vertoon wanneer dit droog word. Die grond self is wit seesand.

Frederik se BaaiVisbaai

K 2917 CC

Brand GA 1978 Boer Gesprek "n Ou Hottentot, die alombekende Gert Kootjie se vader, het daar naby gebly en gereeld daar visgevang. Die baai heet na hom."

Volgens die informant is die visbaai dan vernoem na die voor-naam van Frederik Kootjie wat gereeld daar visgevang het.

GryshoekGebied

K 2917 CC

Agenbag JF 1978 Boer Vraelys "Die hoek vertoon grys vanweë die tipe plantegroei en die wit sandgrond."

Die wit sandgrond wat deels sigbaar is tussen die plantegroei verleen aan die hoek 'n grys kleur.

Kai-danapVisbaai

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Dis 'n groot klip aan die punt van 'n kliprif in die see regoor Swartstraat waarvandaan visgevang word."

Brand T 1980 Rekenmeester Vraelys "Kaidanap - geswelde kop - visvangplek."

Die vermoede is dat die eerste lid soos Nama gei [kai] = groot is, en -dana-b(p), die huidige normuitspraak by Nama, tana- = kop (Rust 1960:28; 36). Dit is die plaaslik alombekende groot klip wat soos "n geswelde kop" bokant die water uitsteek en waarvandaan gehengel kan word. Die naam is op die baaitjie oorgedra.

KoerietjiekwasKoppies

K 2917 CC

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Koerietjie-kwas of Koeriekwa, soos sommige dit roep (noem), is twee wit koeroekoppies op die kusvlak waar 'n varswatertjie was."

Alhoewel daar klein variasies van uitspraak bestaan, is Koerietjiekwas 'n ou, alombekende naam vir die enigste twee wit vuursteenkoppies op die kusvlakte van hierdie sandwêreld. Nienaber & Raper (1980:540) is van mening dat nie die naam van die kwarts nie, maar die wit kleur van deurslaggewende belang is. Hiervolgens sal die eerste lid wees soos Nama !uri- = wit (Rust 1960:73). In Oud-Kaaps is dit !kuri (Nienaber 1963:186 e.v.). Dit sluit taalkundig direk aan by die Koeri(e)- van die informant hierbo. Die tweede lid kwa- is soos Nama !goa = "Einsenkung formen (im Gelände)" (Kr. & Rust 1969:125). Letterlik beteken dit dan "Wit(kwartskoppie-)vlakte, holte, kolk, laagte". Plaaslik geniet vlakte voorkeur. Die slot-s dui die varswatertjie op die seestrand aan. Die woord het opgegaan in plaaslike Afrikaans, sodat dit 'n verkleiningsuitgang aangeneem en Koerietjie geword het wat na die klein koppie(s) verwys. Dus "Wit(kwartskoppie) vlakte".

Reël se KopKop

K 2917 CC

Agenbag JF 1978 Boer Vraelys "Reël se Kop - die reëlyster is nog daar te sien."

Dis 'n spoorstaaf wat as hoekpaal (trekpaal) diens doen. Dis afgelei van die Engelse "rail" - 'n voorbeeld van volksetimologie. Die kop is hierna vernoem.

VyeboskopSandkop

K 3017 AA

Brand FJC 1978 Boer Gesprek "Die ander duine het baie vlieëbosse, maar op hierdie plat sandkop groei baie tkooi of rooivyebosse."

Die kop is vernoem na die Mesembryanthemum sp. (Smith 1966:490) wat volop in die Sandveld voorkom en baie goeie brandhout is vanweë die sterk kole. Plaaslik heet dit rooivyehout as gevolg van die rooi pit van die droë stompies.

ZWART LINTJES RIVIER PLAAS Nam. Q.10-9

K 3017 AD

Eerste eienaar: Brand FJ 1914-12-10

Brand AG 1978 Boer Gesprek "Die plaas is vernoem na die rivier wat daarvoor vloei."

In Nederlandse vorm vernoem na die Swartlintjiesrivier wat oor die plaas vloei en aan sy westelike grens in die Atlantiese Oseaan uitmond. Dis die laaste plaas waaroor die Swartlintjies vloei. Vir verklaring van die naam vergelyk SWARTLINTJIESRIVIER onder riviere.

Dokter se Baai

Baai

K 3017 AD

Agenbach HPM 1981 Boer Gesprek "Die baaitjie heet na dr. Van der Westhuizen, vroeër van Garies. As vreemde man het hy ook gaan visvang en wel waar nie eintlik 'n visbaai is nie. Hy het daar in die water beland, maar uitgekom en selfs 'n paar visse gevang."

Volgens die informant is die baaitjie dan vernoem na die distriksgeneesheer, dr. DJ van der Westhuizen, wat van 1 Februarie 1933 op Garies gepraktiseer het (Steenkamp 1952:5).

Onderbaadjie

Sandhoogte

K 3017 AD

Van Zyl AJ 1981 Boer Gesprek "By die laaste riviërtjie van De Riet af na Hondeklipbaai toe, wat bekend was as Elandsdrif, gee hy 'n sandklimmetjie wat swaar sand het. Dit is Onderbaadjie se Sand waar die drywers ook van die onderbaadjie ontslae moes raak."

As een van die oudste bewoners van die gebied, gee informant Van Zyl vir ons 'n noukeurige aanduiding van die ligging van Onderbaadjie se Sand of Hoog wat Nienaber (1939b:15) beskryf as "'n hoogte in die pad van Kommaggas na Hondeklipbaai". In

die koperrytyd moes die trekosse vas in die juk lê om die swaarbelaaide waens dié hoogte uit te trek. Ook die drywers se werk het baie sweet gekos. Van die onderbaadjie, wat nooit onder normale omstandighede uitgetrek is nie, moes ook ontslae geraak word om die osse deur die swaar sand te dryf, gevolglik het die sandklim later bekend gestaan as Onderbaadjieshoogte" (Du Plessis 1970:31).

PishoogHoogte

K 3017 AD

Nienaber (1939b:15) "n Ander hoogte in dieselfde pad het 'n naam, wat so drasties is, dat ek hom maar liewers in beskermende verborgenheid wil bewaar."

Van Zyl AJ 1981 Boer Gesprek "Ek vermoed dat Pishoog die hoogte by Onderbaadjie is."

Na die baie swaar klim by Onderbaadjie moes die osse bo-op die hoogte 'n blaaskans gegee word. Met verloop van tyd is na dié spesifieke plek verwys as Pishoog. Dis vermoedelik die naam wat Nienaber insinueer.

ZWART RANDPLAAS Nam. Q. 14-12

K 3018 BC

De Vries SJ 1978 Boer Vraelys "Die oorspronklike Swartrand was 'n verwysing na die swart klipformasie, wat deur die eerste eienaars na die swart kleur van die noordelike- en oostelike gesigseinder van die plaas, gegee is."

So genoem omdat die noordelike en oostelike rand of gesigseinder van die plaas uit die verte swart vertoon weens die swart klipformasie, soos die informant dit stel. Die opstal aan die oostelike grens heet ook Swartrand, maar die kop, met landmetersbaken nommer 79 naby die suidelike grens, verskyn as Swartrand.

4.7 RESERVAATNAME MET NAME VAN EIENSKAPPE4.7.1 KOMAGGAS/KAMAGGASPLAAS Gr. 21/1955 K 2917 CB/CD/DA/DC

Eerste eienaars: Certificate of Occupation 1843-11-09 waarvolgens die besitreg van Komaggas oorgedra is aan die Cloetes en almal wat op 1 Januarie 1843 binne die grense gevestig was (Gedenkboek 1979:7).

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Kama- beteken bees en gas fontein. Laasgenoemde was waar die dam tans is." Van Heerde-versameling "Komaggas = Beeswater".

Bogenoemde is ter aanvulling van die verskeie pogings soos deur Nienaber & Raper (1977:748-9) byeengebring waaronder "Bruin", "Maag/pens" en "Olienhoutplek" as verklarings van die betrokke reservaatnaam gegee word. In die lig van my informante se gegewens, is ek van mening dat die lange stryd oor die korrekte vorm, naamlik Komaggas of Kamaggas, bygelê kan word. Vir my is dit 'n blote kwessie van wisseluitspraak sonder 'n klapklank aan die begin soos wat dit plaaslik nog deur die ouer garde uitgespreek word naamlik Goma- en Gama-, wat te verbind is met gomab/gamab = os en bees (Nienaber 1963: 414). Die wisseling van g/k (Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) wat heel gewoon was in Oud-Kaaps (Nienaber 1963:179), het Koma- en Kama- tot gevolg gehad. Die -ga- is soos Nama xa = veelheidsuffiks met -s wat die bron (fontein) aandui. Dus: "Fontein van baie beeste" of "Beesfontein/-water". Die betrokke fontein of oase was van oudsher af die hoofwaterbron in die gebied wat eers aan kaptein kXurib en later aan Ryk Jasper Cloete behoort het en wie se veetroppe tot aan die Oranjerivier gewei het (Gedenkboek 1979:2). Daar sou gevolglik baie beeste by die fontein gesuip het, sodat "Beesfontein/-water" 'n heel beskrywende naam sou wees. Komaggas/Kamaggas is 'n sendingstasie agtereenvolgens van die Londense Sendinggenootskap van 1829, die Rynse Sendinggenootskap sedert 1843 en van die N.G. Kerk vanaf 1936 (Gedenkboek 1979:46). Die naam is ook van toepassing op die

hele Kleurlingreservaat, plaas Gr. 21/1955. Op ouer kaarte, onder andere op SG map 1895, word die spelvorm Kamaggas gebruik, terwyl op moderne kaarte, byvoorbeeld Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, Komaggas voorkom.

AbakhoisRotsblok

K 2917

Laidler (1927:150) "D/Aba khois, Blood Person, a rock near Komaggas that is like 'a beautiful girl with red cheeks, breasts and all'."

Soos Nama /aba, /awa = rooi (Rust 1960:50), en Khois = vrou (1960:23). Letterlik "Rooivrou". Die "blood" is, volgens Nienaber & Raper (1977:157-8), 'n abstraksie uit die rooi.

BethelGebied

K 2917 DC

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Was Schmelen se sendingstasie en is na die Bybelse Bethel vernoem. Onder andere die eerste plek waar koring gesaai is."

Vernoem na die Bybelse Bet-el wat "Huis van God" beteken, waar Jakob die engele van God op 'n leer gesien het (Gen. 28:12).

BrakfonteinGebied

K 2917 DC

Cornelissen HA 1978 Boer Gesprek "'n Sterk fontein met vrugbare besproeiingsgrond. Die water is brak, maar goed vir gebruik."

Die gebied is vernoem die brak fontein.

BrakwaterFontein met Gebied

K 2917 CD

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n soort groeiwatertjie waarby 'n dammetjie gemaak is. Die water is brak."

Die betrokke fontein is oos van die Nuttabooi-pad aan die voet van die Komaggasberge geleë. Die water is sterk brak, van daar die naam. Aan die onderkant is 'n dam van klip gemessel sodat die Kleurlinge se vee daar kan suip. Volgens oorlewering is dit nog deur eerwaarde Schröder laat bou met behulp van 'n soort selfvervaardigde sement.

BuffelsbankDiamantdelwery

K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Is deur die Sindikaat aan die Delwery gegee omdat hulle regte vanaf die bank van die Buffelsrivier verder strek tot o.a. verby Wolfberg met Veggat ingesluit."

Die eerste komponent van die naam verwys na die Buffelsrivier en -bank na laasgenoemde se redelik hoë suidelike oewer vanwaar die Sindikaat se delwersregte strek.

Deksel-n'touroeKlipgat

K 2917 CD

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "In die Brand se Berge is 'n klipgat genaamd Deksel-n'touroe wat so tussen klippe geleë is dat jy dit nie kan kry as jy dit nie ken nie. Dis komplete asof dit 'n deksel op het."

Die laaste komponent is te lees as T'kouroe wat plaaslik klipgat beteken en wat in klank ooreenstem met Nama ≠khuru- en in toepassing met //garu. Dus: "Dekselklipgat". Vergelyk T'Nouroegas verderaan.

DroërivierRivier

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "'n Tak van die Buffelsrivier wat baie selde loop, van daar die naam. Dis vroeër Watersambok genoem omdat dit so geweldig kronkel."

Die betrokke tak loop van T'Nouroegas in die suide en mond wes

van die huidige Buffelsbank in die Buffelsrivier uit. Die vroeëre naam van Watersambok is deur die huidige Droërivier verdring. Die betekenis is soos deur die informant verstrekk.

EndkopKop

K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Dit is die berg naby Buffelsbank en word so genoem omdat die berge daar eindig en eers weer oorkant die Buffelsrivier begin."

Die kop vorm die einde van die berge aan die suidekant van die Buffelsrivier.

HoudebekGebied

K 2917 DC

Nienaber (1939b:15) Brief van Ou Namakwa. "Houdebek is 'n saaiplaas in die Kommaggasreserwe. Die bewoners vertel die volgende: In die ou tyd het daar twee veldskoenmakers gewoon wie se huise weerskante van die vallei aan die voet van die berge gestaan het. Weens konkurrensie het die twee manne nie op vriendskaplike voet met mekaar verkeer nie. Vroeg in die môre het die woordewisseling al begin. Die een roep die ander spottenderwys toe: 'Goeienmôre', waarop die 'beleefde' antwoord volg: 'Hou jou bek' en so het hul woorde heen en weer oor die vallei gegalm."

Van Heerde-versameling "In die tyd van die Ou Kopermyne was die taal wat gebesig is hoofsaaklik Engels, aangesien die hoofde van die myne en die werkers van Engeland afkomstig was. 'n Engelsman, saam met sy jong wat gedrywe het, het met sy rytuig 'n steilte afgegaan. Die Engelsman was skrikkerig en sê vir die jong, 'Hold them back'. Laasgenoemde wat ⁹¹²² niks Engels en baie min Afrikaans verstaan het, verstaan 'Hou-de-bek'. Hy vertel aan sy maats dat die Engelsman dié plek die naam van 'Hou de bek' gegee het."

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "As jy met die paadjie van Biesies na Drierivier met 'n kar en veral donkies ry dan

hoef niemand vir jou te vertel wat die naam beteken nie.
Die stang moet styf in die bek wees."

Eersgenoemde twee oorleweringe lewe plaaslik nog voort en daar kon nie vasgestel word watter een eintlik aanleiding gegee het tot die ontstaan van die gebiedsnaam nie. Informant Van Niekerk, wat die gebied ken, skryf dit weer toe aan die afdraande pad waar die stang voortdurend styf in die bek moet wees, dit wil sê die "bek moet gehou word".

Kamkambees (Vroeër Komat Kabies/Kamat'kabies/Gama!gabes
Fontein K 2917 CD

SG map 1895 "Komat Kabies Spr."

Schultze (1907:169) "Gama!gābies, Kamat'kabies, im Kamaggas-Gebiet."

Volgens ligging is Kamkambees op byvoorbeeld Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok dieselfde fontein wat deur Schultze en SG map benoem is. Die lid Koma- (wisseling g/k in Nienaber & Raper 1977:42 by 5A3) tot Goma- met wisseluitspraak Gama- is te verbind met Nama gomab/gamab = os en bees (Nienaber 1963:414), "rundvee" (Nienaber & Raper 1980:550). Die t'ka-!/gā- = drink (Nienaber 1963:252) met -bie- as lokatiefmorfeem plus uitgang -s wat die fontein aandui. Dus: die "Fontein waar die beeste/osse drink". Nienaber & Raper sien -t'Kabie- in ander verbindings uit dié tyd as 'n segment wat plek aandui (Nienaber & Raper 1980:550), sodat die verklaring daarvolgens "Beesfontein" sal wees. Die eerste komponent stem klaarblyklik ooreen met dié van Komaggas/Kama-ggas en sal gevolglik dieselfde betekenis hê. Vergelyk die reservaatnaam KOMAGGAS/KAMAGGAS.

Koelfontein Fontein K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Aan die kant van die berge aan die noordekant van Komaggas is Koelfontein waarvan die water, volgens oorlewering, nooit warm was nie."

'n Fonteintjie met heerlike koel water selfs op die warmste dag.

KourkamFontein

K 2917 DC

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Vermoedelik te make met die water in die nou en klipperige klofie uit die berg."

Vergelyk die plaasnaam KOURKAM op graadvierkant K 2917 CD vir die verklaring van die naam, wat neerkom op "Gruisputs", "Gruisfontein", "Klipfontein", "Kwartswater", en gevolglik in ooreenstemming is met informant Van Niekerk se gegewens. Gedagtig aan die nabygeleë Brakfontein en Brakputs is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat die lid Kour- van die naam verband mag hou met brak- en gevolglik vertaal kan word as "Brakwater" of "Brakfontein".

NangaroepWaterbron

K 2917 CD

Schultze (1907:168) "≠Haû-//garub, Nangaroep, im Kamaggas-Gebiet. 'Das Felsregenloch (//garub), bei dem man (Korn) stampft (≠haû)."

Vir wisseling van n- en h- vergelyk Nienaber 1963:181 en Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6. Die nasalering in ≠haû is konsonanties gerealiseer in die -n(g) soos Nienaber & Raper (1977:854) dit stel. Die betekenis is soos deur Schultze aangegee, naamlik "Die klipgat waar die man koring stamp".

PreekstoelKlip

K 2917 CD

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Op die voetpad na Meskraal is die 'Preekstoel', 'n klip wat met baie verbeelding na 'n preekstoel lyk."

'n Klip in die vorm van 'n preekstoel.

RondefonteinFontein

K 2917 DA

SG map 1895 "Ronde Fontein".

'n Belangrike waterbron noordoos van Houdebek en vernoem na aanleiding van die ronde vorm van die fontein. Die verklaring berus op eie kennis van genoemde fontein.

SesvleiGebied

K 2917 CB

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Daar is ses vleitjies wat nie baie groot is nie, maar darem 'n klompie water opvang as dit reën."

Die gebied is vernoem na die ses vleitjies soos deur informant Coetzee vermeld.

Sesvlei se KopKop

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Dis 'n alleenstaande, ronde koppie in die gebied wat bekend staan as Sesvlei."

Die kop is vernoem na die ses vleitjies waarvan ook die gebiedsnaam Sesvlei afgelei is.

SiekkraalGebied

K 2917 DA/DC

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Bekend vir krimpsiek of krempsiek in die najaar."

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "Siekkraal verwys na die jare wanneer die reëns instaan en die veld verlep word. Dan word die vee siek en moet daar 'n kraal vir hulle gemaak word."

'n Ongesonde gebied waar siekte onder vee baie voorkom. Die lid-kraal verwys eerder na die aanleg as na 'n veekraal soos Van Niekerk dit stel.

Sout'XoesGebied

K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Brief "Dit is 'n brak laagte op pad na Nuttabooi as jy deur Komaggas gaan. Dit beteken net 'die sout plek' en word miskien vermeld omdat dit vreeslik morsig is na 'n reën."

Indien die suigklank teenwoordig is, kan dit wees soos Nama \neq o- = sout (Rust 1960:51) met die -s wat lokativeer. Die vermoede is egter dat dit eerder in verband te bring is met Nama xou- = "sein Bedürfnis verrichten, scheissen" (Kr. & Rust 1969: 48), wat dan neerkom op "Soutstrontplek", vanweë die morsigheid ná 'n reën.

Sultansput (Vroeër bekend as Obagam)Waterbron

K 2917 CB

Schultze (1907:169) "// Oba-// gam, Sultansput, 'Plansch- (// oba-) Wasser (// gami)', im Kamaggas-Gebiet."

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Ek het gehoor dat Sultan 'n perd was wat in dié put versuip het."

'n Waterbron in die bloop van die Sultansrivier, 'n sytak van die Buffelsrivier, wat tans nog op moderne kaarte (Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok) aangedui word as Sultan. Volgens die inlandse naam is die komponent Oba- soos Nama // owa- = "plantschen" (Rust 1960:48) en -gam sos Nama // gami = "Wasser" (Rust 1960:72). Vermoedelik is dit aldus vernoem na aanleiding van die geplas van die water in die bron. Waarom dit later Sultansput genoem is, kan nie meer met sekerheid vasgestel word nie. Coetzee beweer dat 'n perd met die naam Sultan in die bron geval en versuip het. Die vermoede is egter sterk dat dit eerder die persoonsnaam is van 'n eertydse gebiedier of opperhoof van die gebied. Tans verkry die diamantdelwery Buffelsbank sy water van hierdie bron.

SultantivierRivier

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "n Droë tak van die Buffelsrivier wat deur die gebied in Komaggas bekend as Sultan loop."

Die rivier is vernoem na die gebied Sultan vanweë die waterbron, Sultansput, wat daarin geleë is. Dit loop uit die suide deur genoemde gebied om naby die bekende Veggat in die Buffelsrivier uit te mond. Vir verklaring van die naam Sultan vergelyk Sultansput hierbo.

TnouroegasWaterbron

K 2917 CB

Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Dis 'n fontein bo in die kloof waarvan die water maar bietjie suutjies was. T'-Nouroe beteken mos min."

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Of 'n klipgaatjie soos T'Nounoetjies naby Vaalkol of grawewater in die rivier wat eintlik meer 'n T'noeroetjie sou wees."

Volgens eersgenoemde informant kan T'Nouroe- dan wees soos Nama /oró = weinig (Kr. Rust 1969:319) met die velaar kx'oro (Nienaber 1963:525), en ʒgâ- = "das Grabwasserloch 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97), met lokativering deur middel van die fem. -s, soos by bronne en putse. Dan ongeveer "Swakfontein of -puts". Engelbrecht weer bring die eerste komponent in verband met T'kouroe wat plaaslik klipgat beteken en waarvan Nienaber & Raper (1980:721) beweer dat dit lyk asof dit ooreenkom met Nama ʒkhuru- in klank en met //garu- in toepassing, die eerste vir 'n wateraar, die tweede vir 'n "tiefie Naturzisterne" in klip (Schultze 1907:162). Dit sal dan ongeveer neerkom op "Klipgatwater/-bron". Daar kon nie vasgestel word watter een die korrekte verklaring is nie.

TwadousBergpunt

K 2917 DA

Opmeting 1966 "T'wadous. Die ou pad het oor 'n puntjie van die berg gegaan en dis klipperig. T'wadous beteken 'Klipnek'."

Die Twa- is klaarblyklik soos Hottentots quao = "de hals" (Nienaber 1963:399), en -dou-s soos Nama dao- = poort (Rust 1960:61). Die -s lokatiewe. Dus: "Nekpoort". Nienaber & Raper (1977:1069) sien die lid Twa- as moontlik 'n verhaspelde vorm van !au- = nek, met die T- as aanduiding van die suigkonsonant en die -w- as oorgangsklank.

Van Reenen se Water/-VlakteFontein en Gebied

K 2917 CB

Goosen CJG 1978 Pensionaris Gesprek "Beide vernoem na die Van Reenen-Basters waarvan geslagte al te Komaggas woon."

Die Van Reenen-Basters na wie die waterbron en gebied vernoem is, is die nageslag van ene Jacob van Reenen, 'n blanke, wat getroud was met 'n Bastervrou, Ellie Bam, wat deur eerwaarde Schmelen aangeneem is (Gedenkboek 1979:6). Uit eie kennis kan bevestig word dat sy agterkleinkinders in 1960 nog daar saailande gehad het. Die waterbron was, naas die Buffelsrivier, die vernaamste drinkplek in Van Reenen se Vlakte voordat Sultansput gegrawe is.

VeggatDiamantdraende gat

K 2917 CB

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Dis die alombekende gat waaruit in die verlede skelmpies diamante gehaal is en waar gevolglik botsings of gevegte met die polisie plaasgevind had (het)."

Die "berugte" diamantdraende gat by die huidige diamantdelwery Buffelsbank, wat vroeër deur die polisie bewaak is en waar

menige botsing of geveg met onwettige smokkelaars plaasgevind het. Vele aangrypende verhale in dié verband leef nog plaaslik voort.

WalskermGebied

K 2917 CD

Opmeting 1973 "Dit word vertel dat die bedoelde wal vroeër gebruik was om wilde perde te vang deurdat hulle vanuit die veld gejaag en teen die wal vasgekeer is. Dit kom min of meer ooreen met die hedendaagse vang- en laaikrale."

Op moderne kaarte, byvoorbeeld Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, word dit foutiewelik as Waalskerm aangegee. Die Komaggasrivier se hoë wal vorm daar 'n natuurlike skerm waarin perde vroeër vasgekeer en gevang is. Die naam het ook op die gebied oorgegaan.

Weich se KopKop

K 2917 CD

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "Waar die Sandveld en Komaggas se Hardeveld bymekaar kom, is 'n kop of berg bedek met baie sand. Dis nie 'n duin nie maar 'n sandkop. Ook genoem Weich se Kop."

Op SG map 1895 heet die kop/berg nog Zand Berg en wel vanweë die opvallende sandbedekking. Op moderne kaarte, onder andere op Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok, word dit aangegee as Brandberg vermoedelik omdat dit gedurende 1949 skelm-pies afgebrand is. Vergelyk KAPVLEIBERGE onder bergname. Volgens informant Engelbrecht hierbo heet dit plaaslik ook Weich se Kop, vernoem na eerwaarde F Weich. Vergelyk Weich se Water verderaan.

Weich se WaterFonteintjie

K 2917 CB

Engelbrecht JH 1978 Sendeling Vraelys "'n Fonteintjie nader aan Komaggas as Van Reenen se Water en deur die vader van oom Ferdie Weich laat grawe toe die pad gebou is."

Vernoem na eerwaarde F. Weich wat op 28 Julie 1848 op Komaggas aangekom het om die werk vir die Rynse Sendinggenootskap oor te neem en waar hy as sendeling tot 1882 gearbei het (Gedenkboek 1979:8-9).

WolfbergKop

K 2917 CB

Van Niekerk TJ 1978 Pensionaris Vraelys "n Afgesonderde berg waar wolwe hul laaste vesting gehad het. Dis taamlik onbegaanbaar met klipriwwe en spelonke."

n Alleenstaande kop (berg) noordwes van Buffelsbank wat vernoem is na die Canus lupus (Kritzinger 1963:772), waarvan die laastes redelik onlangs nog in die gate in die kop gebly het.

4.7.2 LELIE FONTEIN PLAAS Clw. F.1-24 K 3017 BD/3018 AC

Eerste eienaar: Certificate of Reservation 1854-05-22. To be held for the use of those families of the tribe of Little Namaqua Hottentots and Bastards of aboriginal descent who are in occupation thereof at this date. The Cape of Good Hope District of the Wesleyen Methodist Church of SA 1898-11-01.

Backhouse (1844:524) "The Mission village of Lily Fountain (...) takes its name from the growth of *Zantedeschia aethiopica*, the Lily of the Nile in the Spring at this place."

Pettman (1923:5) "Lilyfontein is one of the very few South African place names that tell of flowers and springs, but those who have visited the place can appreciate its appropriateness; since there exists there a fine spring of water, with at one time a number of beautiful arum lilies - hence the name. (There were none there when I visited the Station in 1910)."

Hoewel eerwaarde Barnabas Shaw van die Wesleyaanse Genootskap reeds so vroeg as 1816 die sendingstasie Leliefontein gestig het, kan die naam nie van Metodiste-oorsprong wees nie. In sy Nederlandse vorm verskyn dit reeds byna vyftig jaar voor eerwaarde Shaw se aankoms in 'n brief van goewerneur Plettenberg, gedateer 31 Januarie 1772: "Two farms named Ezels Fonteyn and the Lely Fonteyn, both situated on the Camies Berg, were granted by me in loan, on the 5th of October last year, to the farmer Hermanus Engelbrecht" (Pettman 1923:5). Eerwaarde Shaw het blykbaar probeer om die naam te verander, want in een van sy briewe aan die Sendingkomitee, soos gepubliseer in "The First Report 1818:27", sê hy: "My headquarters is Leelie Fonteine (or Lily Fountain), upon the Khamiesberg (or Khamies Mountain), Little Namaqualand. I have given the station the name of Mount Zion (in the Dutch, De Berg Zion). Here our temple stands, and here our tribes assembly before God. Here we offer our sacrafices, and enter God's courts with praise" (Pettman 1923:5). Die nuwe naam het egter nie inslag gevind nie en die stasie het sy eertydse naam behou en wel na aanleiding van die varkblomme of Zantedeschia aethiopica (Smith 1966:479), wat vroeër volop by die fontein(e) gegroei het. Die plaasnaam het oorgegaan op die sendingstasie en die hele reservaat vir Kleurlinge wat ongeveer 188 089ha groot is.

BakleikraalAanleg/Gebied

K 3018 AA

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "In die voortyd het die Namas en Boesmans daar baie baklei oor besit van die plek."

Beukes HA 1982 Rustende boer Gesprek "Die Hottentotte het daar vermoedelik baie baklei."

Informant Burgess se verklaring van die naam leef plaaslik nog algemeen voort, in welke geval Bakleikraal dan seker die vertaling sal wees van 'n ouer inlandse naam wat verlore gegaan het.

Beukes meen egter dat die naam net sinspeel op die baie struwelinge van die Hottentotte wat daar gewoon het. Burgess se verklaring dra plaaslik die meeste gewig. Die lid -kraal ver-wys na die aanleg. Die naam het ook op die gebied oorgegaan.

BethelsklipKlip/Gebied

3017 BD

Opmeting 1966 "Bethelsklip. Twee reuse rotse (monumentaal) waar eerste kerkdienste deur sendelinge gehou was. Daar is gereelde bymekaarkomplek van mense van daardie omgewing vir periodieke godsdiensoefeninge. Die omgewing gaan ook nou onder die naam. Dis geleë op Kharkams (Gedeelte van Leliefontein). Inligting deur ou inwoners verskaf. Vorm onderteken deur A.C. Kruger van Vredendal."

Bethelsklip is 'n besondere klip (eintlik twee) langs 'n spruit waar, volgens oorlewering, die eerste Metodiste-dienste in 1816 in Namakwaland gehou is. Die naam is klaarblyklik van Bybelse oorsprong en wel na aanleiding van Bet-el wat "Huis van God" beteken (Genesis 28:12). Die naam het ook op die gebied oorgegaan.

BlokdrifDrif

K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Met die aftog was daar by die drif altyd in die populierbos blokke gekap om onder die wa se wiele te sit, sodat dit hom kon breek teen die steiltes af."

Die drif is, volgens die informant, vernoem na die briekblokke wat daar vir die waens gekap is vir die aftog teen Ezelskop se hange.

DounabeesGebied/Fontein

K 3018 AA

Laidler (1927:149) "Danees bees, Honey Fountain".

Opmeting 1966 "Dounabees. Gebied en fontein. Vermoedelik iets met water te doen. Spelling volgens uitspraak. Op plaas Liefontein geleë. Inligting deur ou inwoners en aangrensende eienaar verskaf. Vorm onderteken deur A.C. Kruger."

Opmeting se Dounabees is te lees as Danibees en dan te verklaar as Nama dani- = heuning (Rust 1960:32). Die -bee- is plekaan-duidend met die -s van die fem. sing. vir die bron, hier die fontein. Dus: "Heuningwater/-fontein", in vertaalde vorm ook "Soetwater", volgens Nienaber & Raper (1977:306). Die naam het op die gebied oorgegaan.

Gasab-/Kansaaprivier

Rivier

K 3018 AB/BA

SG map 1895 "Kansaap Riv."

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Gasab-rivier".

Volgens Nienaber & Raper (1980:302) het Gasab as bestanddele Gas+ab, en Kansaap het Kans+AAP. Die -ab/-AAP is soos Nama !āb = rivier (Rust 1960:22). Die eerste komponent het op moderne kaarte, byvoorbeeld die 1974-kaart hierbo, die vorm sonder die nasaliteit, naamlik Ga-, terwyl die ouer dokumentasie dit nog het. Die Kan- stem ooreen met Kā-, en dit is weer soos Nama /khâ- = wildelemoenboom, Parkinsonia africana (Smith 1966:506), wat volop hier voorkom. Dus: "Wildelemoen-rivier". Die toevoeging van rivier is toutologies.

Gorab

Gebied

K 3018 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Gorap".

Vermoedelik soos Nama xora- = graafwater (Rust 1960:28). Die slot -p(-b) ml. ekv. is die lokatiefmorfeem wat gebruik word om berge, riviere, ensovoorts, aan te dui; hier sal dit waarskynlik op die riviertjie wat daar vloei, betrekking hê. Dus: "Graafwaterrivier".

HosabeesGebied

K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 AA Loeriesfontein "Hosabees".

Mossop (1935:131) ontleed Hosabes op graadvierkant S 2820 DC/DD op aanwysing van dr. Vedder as: Nama ho = "to find, to bear"; sa (adjectival); be (locative); s (feminine). Anders (1937:52) aanvaar die lid hō = vind, kry en vervolg: "... it should be noted that hosabe is used passively (...) Hosabes (...) may be rendered goedgevonden." In die lig hiervan kan die betrokke Hōsabees op K 3018 AA vermoedelik ook as "Goedgevind" verklaar word.

KamassiesAanleg

K 3018 AB

Topokadastrale reeks 1974 vel 3018 Loeriesfontein "Kamassies".

Waarskynlik soos Khoekhoens //kama- = hartbees (Nienaber 1963: 299), met -si(e)- as lokativeerder en die fem. sing. -s bepaaldelik van die fontein aldaar. Dus: "Hartbeesfontein". Hartbeeste het beslis op verskeie plekke in Namakwaland voorgekom soos blyk uit verskeie plaas- en plekname met hartbees as komponent. Suid van Kamassies vloei byvoorbeeld die Hartbeesrivier.

Kameelkrans (Vroeër bekend as Tkeisikwas)Krans

K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Oos van Leliefontein is Kameelkrans, so genoem omdat daar 'n bergspits is wat presies soos die boggel van 'n kameel lyk."

Die krans (berg) is geleë reg oos van Leliefontein en is vernoem na die kameelrugvorm wat dit het. Vir verklaring van die inlandse naam vergelyk Kweisiekwas verderaan in hierdie afdeling.

Karkams/GaragamsKleurlingnedersetting

K 3017 BD

Topokadastrale reeks 1974 vel 3017 Garies "Karkams, Garagams".

Coetzee GJE 1978 Afgetrede boer Gesprek "Karkams was vroeër 'n plek met volop water en gevolglik was dit 'n saamkomplek van die Hottentotte."

Kotzé GM 1985 Afgetrede bibliotekaresse Brief "Volgens Tindall is dit: 'a killing by the water'."

Oor die betrokke nedersettingnaam is al baie gespekuleer. Nienaber & Raper (1977:377-8; 1980:293-4 en 486-7) se verklarings op grond van die inligting deur hulle informante, kom neer op "Vlakwater", "Krapwater", "Grootwater" en "Springwater". Informant Coetzee hierbo, wat die gebied vir baie jare ken, se informasie verleen steun aan Nieuwoudt een van Nienaber & Raper (1980:486) se informante, se verklaring, naamlik "Bymekaarkomplek". Volgens Laidler (1927:150) was Namaroep en Kamiesberg vroeër die vernaamste sentra van die Namakwas. Op CCRS (1907-14) Bowesdorp sheet, was Namaroep presies by die huidige Karkams geleë. Dan was dit gevolglik die plek waar die Namas in groot getal saamgekom of saamgebring is. Taalkundig kan die lid Kar- dan verbind word met die gedevelariseerde Namawoord \neq ara wat in Oud-Kaaps \neq kara sou gewees het. In Nama beteken dit "zusammenkommen, zusammenbringen" (Kr. & Rust 1969:22). Oor die verskynsel van develarisasie vergelyk Nienaber & Raper (1977:44 by 5C1). Dan beteken Karkams die "Water (// gams) waar daar bymekaargekom word / is (\neq kar(a))", soos Nienaber & Raper dit stel.

Daar bly egter 'n ander moontlikheid wat nie uit die oog verloor mag word nie. Op bovermelde CCRS-kaart verskyn onmiddellik suidoos van Namaroep, dit wil sê in die Karkamsgebied, die waterbron Springfontein, wat op moderne kaarte Springwater heet. Nama het vir "hoch springen, hoch hüpffen die woord // khâ (Kr. & Rust 1969:223). Nienaber & Raper

(1980:487) stel dan tereg die vraag of Karkams nie dalk die Khoekhoense naam is van die plek wat ongeveer aangrensend "Springwater" heet nie. Misien het die mense en diere hier gehuppel as hulle by die water saamkom. Dit bly 'n onbeantwoorde vraag. Tindall se verklaring, soos aangehaal deur Kotzé, verbind vermoedelik die eerste lid van die naam met Nama !khā = "stechen" (Kr. & Rust 1969:227). Vir hierdie verklaring kon plaaslik egter geen steun verkry word nie. Volgens die Kaapse Aktekantoor is die nedersetting oorspronklik as Karkams (nie Garagams nie) geregistreer.

KhiribesGebied

K 3018 AA

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Khiribes".

Suid van Khiribes lê Natpad, vroeër bekend as t'Kieriedous. Die vermoede is dat die lid Khiri- soos Nama ≠kiri = "ausgleiten" (Kr. & Rust 1969:53) is, met die -be-s as lokatief-suffiks. Dus "Gladdeplek".

Klein-EenwilgerGebied

K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein".

Geleë na aan die gebied Eenwilger waarna dit vernoem is, maar dit word ook daarvan onderskei deur die komponent Klein-. Die naam het ontstaan vanweë een enkele wilgerboom, Salix babilonica (Smith 1966:330), wat in die gebied gestaan het.

KweissiekwasGebied

K 3018 AC

Swart (1973:92) "Naby Leliefontein is die plekkie Tkeisitkwas. Dit beteken 'staan-op-en-loop-kyk'. Ek laat my segsdame, 'n Kleurlingvrou, Jannetjie Stewe, aan die woord: 'Dis toe die vrede lewe nog in ons almal gewees het. Naby Kameelkrans, ja die wilde diere en goed was dan mos hier ook gewees, is Tkeisitkwas. Maar by die vrede lewe was net die Boesmans. My voorvadere se grafte lê mos nie verniet

bont op die lande nie. Dis soos die Boesmans hulle bewerk het ... Tkeisitkwas was dus 'n wagpos om te kyk waar die vyand is."

Taalkundig is daar nie steun vir Swart se verklaring nie. Sy gee wel die inlandse naam in suiwerder vorm as Tkeisitkwas. Ek is van mening dat die nabygeleë Kameelkrans 'n vertaling daarvan is. Met wisseling van n/k (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D5) en die T- as aanduiding van die klapklank, sal die eerste lid vermoedelik wees soos Nama !nei- [!nai-b] = kameelperd (Rust 1960:34). Die -si- fungeer lokativerend terwyl die lid -tkwas dan vermoedelik is soos //hoas (k/h- wisseling, vergelyk Nienaber & Raper (1977:45 by 5C3) = "überhängender Felsvorsprung" (Kr. & Rust 1969: 187). Die gebiedsnaam Kweissiekwas bewaar hiervolgens dan nog die inlandse naam waarvan Kameelkrans die letterlike vertaling is.

LatboskopKop

K 3018 AA

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Paul Jossop-goed het daar in 'n hoek (Paulshoek) gebly en vermoedelik sy matjieshuis se latte teen Latboskop gaan pluk."

Volgens die informant is latte vir matjieshuise vermoedelik vroeër van dié kop verkry, van daar die naam.

MoedverloorGebied

K 3018 AD

Topokadastrale reeks 1975 vel 3018 Loeriesfontein "Moedverloor".

Geen regstreekse hulp kon uit die gemeenskap verkry word nie; gevolglik berus my verklaring op eie waarneming. Die droë, verlate gebied moet beslis iemand wat daar 'n bestaan probeer maak, se moed breek. Die gemoedstoestand het dus klaarblyklik aanleiding gegee tot dié gebiedsnaam.

Namaroep/Namroos Hoogte Berg/Hoogte K 3017 BD

CCRS (1907-14) Bowesdorp sheet "Namaroep".

Forbes (1965:122) "The mountains may have been called after the 'Naamrap or cattle place of the Namacqua chief', and it is probably this name that now survives as Namaroep 5½ miles north of Klipvlei."

In Gordon se manuskrip, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1980:606), word ook gepraat van "namra's hoogte" en "Namroos Hoogte". Die Nameroberg is die teenswoordige Brakdam se Hoog of Berg wat, volgens Forbes, voortleef as Namaroep, wat op CCRS meer noord in die omgewing van Kar-kams aangedui word. Vroeër was Namaroep en Kamiesberg die vernaamste sentra van die Namakwas (Laidler 1927:150). Die betekenis is dan soos deur Forbes hierbo verstrekk.

Natpad (Vroeër bekend as t'Kieriedous
Voetpad K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Die voetpad uit Paulshoek uit na Leliefontein kom oor t'Kieriedous wat 'Natpad' beteken."

Nienaber & Raper (1980:720) verklaar die inlandse naam soos volg. Die t' staan vir die klapklank. Die eerste lid is soos Nama ≠kiri = "ausgleiten" (Kr. & Rust 1969:53), en -dou soos Nama dao = "die Wegpforte (Wegenge ins Gebirge hinein)" (Kr. & Rust 1969:237), met die slot -s as lokativeerder. Dus: "Gladde/Glyerige pad". Dié pad is baie nat gedurende die reënmaande.

Paulshoek Aanleg K 3018 AA

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Paul Jossop-goed het daar in die hoek gebly."

Vernoem na 'n Kleurling, Paul Jossop, wat in die hoek wat die berge daar vorm, gewoon het. Vandag is Paulshoek 'n sendingstasie.

QuanaisRots

K 3017 BC/BD/DB

Laidler (1927:150) "D/quanais, clean washed face, smooth.

A bare clean rock that springs vertically from the ground to a height of about thirty feet. Between Garies and Wal-lenkraal."

Volgens Nienaber & Raper (1977:812) is dit te lees as /Quanais. Die lid -ais is soos Nama eis = "Gesicht" (Rust 1960:27), terwyl die eerste lid vermoedelik is soos Nama !(k)anu = "sauber" (Rust 1960:51), oordragtelik heilig of ≠kanu = "glatt" (Rust 1960:27). Volgens Nienaber & Raper het Laidler nie die suigklap reg aangehoor nie, maar hy gee tog dieselfde verklaring, naamlik "Skoon (gewaste) of Gladde gesig", vir die ongeveer 9m hoë kaal, gladde rots. In dié omgewing is geleë Katbakkies, en 'n mens wonder soms of sy verklaring nie hiermee verband hou nie, in welke geval die eerste lid dan soos Nama /hâa- = "Katze" (Rust 1960:34) kan wees, terwyl -bakkies as gesig vertolk kan word.

QuanuaaiseesNamakraal

K 3017 BD

Laidler (1927:150) "L/qua L/nua L/aisees, Other's fires face to face. Near Bathel. Many people lived there because of the good water, and 'those nearing it at night were met face to face by the many twinkling fires of the kraal, which could be seen like stars afar off'."

Die Namakraal hierbo genoem, was geleë in die gebied wat vroeër een van die vernaamste sentrums van die Namakwas was, vergelyk Namaroep in hierdie selfde afdeling. Die betekenis sal wees soos deur Laidler hierbo verstrekk. Die naam verskyn nie (meer) op beskikbare kaarte nie, sodat die ligging by benadering aan die hand van Bethel se ligging bepaal is.

Rooifontein (Vroeër bekend as 'Naurap)

Aanleg/Gebied

K 3018 AB

DMN 1916 "Roode Fontein or 'Naurap".

Nienaber & Raper (1980:646) vertaal Norab, Norap as inlandse naam van Rooifontein as "Papkuilrivier" of "Peperkorrelrivier" met die vermelding dat Rooifontein nie 'n vertaling van genoemde inlandse naam is nie. Ek is egter van mening dat dit wel die geval is. Die lid 'Nau- is te verbind met Nama !nou-b(!nau-b) = "der rote Ocker" (Kr. & Rust 1969:300), terwyl die laaste lid vermoedelik is soos Nama ≠gâb = "das Wasserloch, hol put (Nienaber 1963:268). Hiervolgens is Rooifontein dan wel 'n vertaling van die ou inlandse naam 'Naurap. Die rooiagtige kleur van die grond was verantwoordelik vir die ontstaan van die naam.

Sittensberg

Berg

K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Sittensberg het sy naam te danke aan ou Jossop Hael wat heel bo-op die berg gaan sit het met sy troppe vee."

Die berg dra landmetersbaken nommer 37 en is, volgens die informant, so vernoem omdat die Kleurling, Jossop Hael, met sy vee "op die berg gaan sit het", dit wil sê sy aanleg daar gemaak het.

Sorrobib

Kloof

K 3018 AA

Opmeting 1978 "Sorrobib. Dist. Springbok, 65 km suidoos van dorp. Ou naam, vir 'n kloof. Inligting verskaf deur A.C. Kruger."

Genoemde kloof is geleë teenoor die neus van Swartklaasrietse Berg. Volgens Nienaber & Raper (1980:704) is die betekenis die "Kloof (weergegee deur die -b van die ml. ekv. vir die langerige kloof) waar daar sorobee-gewasse (Kr. &

Rust 1969:349 sorobe-s = 'ein Nachtschattengewächs mit gelben, nicht essbaren Beeren') groei/gegroeit het". Uit navraag wat gedoen is, wil dit voorkom asof dit nie die nastergalplant is nie, maar die bitterappel, 'n spesie van die Solanum (Smith 1966:105).

Twamswap

Kloof

K 3018 AC

Burgess JC 1978 Sendeling Vraelys "Op pad na Groenkloof, so genoem omdat dit daar altyd mooi groen is, ry jy verby t'wam swap, 'n baie ruie, nou klofie aan die voet van Sittensberg. Die naam t'wam swap beteken harige hol."

Die eerste komponent sal dan moontlik wees soos Khoekhoens nuqua-an = "'t hoofd-hair" of t'kum wat te vergelyk is met latere Nama /gom = "wollhaarig, haarreich, dickbuschig" (Nienaber 1963:293), terwyl -swap te lees is as ≠ twap = hol (Nienaber 1963:271). Na dié digbegroeide klofie word dan, figuurlik gesproke, verwys as "harige hol".

4.7.3 PELLA (Vroeër bekend as Cammas Fonteyn)

PLAAS Gr.143/1953 K 2819 CC/2919 AA

Ook SENDINGSTASIE en RESERVAAT

Eerste eienaar: Ongeregistreerde staatsgrond. Op 1953-07-30 het die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika transport geneem en kragtens wet 24/1963 is dit tot 'n landelike Kleurlinggebied verklaar.

Mossop (1935:16 vn) "Kamas Rivier. //Kami (water)".

Green (1948:143) "Cammass Fonteyn - a spring welling out of a parched, sandy, rivier bed in a ghastly desert. The mountain close by was an old Bushman stronghold ... As far as 1776, however, a white man, Coenraad Feijt, gained the confidence of the Bushmen and settled at Cammass Fonteyn. He, and Jacobus Bierman who followed him, must have been pioneers of 'infinite fortitude'. A hundred

years later Cammas Fonteyn was still far from law and order ... Christian Albrecht of the London Missionary Society named the place Pella in 1812. He had been driven south of the Orange River with his converts by the Hottentot chief Jager Afrikaner; and at Cammas Fonteyn he thought he had found a sanctuary like that in Macedonia where the Christians of Jerusalem sought refuge from Roman persecution."

SESA (1973 deel VIII:489) "Mission station in the extreme north-eastern corner of Namaqualand, about 28 km north-west of Pofadder and 6 km south of the Orange River."

Bogenoemde is ter aanvulling van die gegewens wat reeds deur Nienaber & Raper (1977:633) byeengebring is rakende die plaas- en sendingstasiename Pella. Voor 1812 was Pella bekend as Cammas Fonteyn (Spore in die Dorsland 1975:2). Oor hierdie inlandse naam gee Mossop uitspraak, naamlik die "Fontein(-s) waar daar water (//gamma-, in Oud-Kaaps kamma) (Nienaber 1963: 522) is." Die latere Pella is nie 'n Bybelse naam nie, maar is ontleen aan 'n stad in Macedonië wat 'n toevlugsoord geword het vir vervolgte Christene op vlug uit Jerusalem voor dit in die hande van die Romeine geval het (Nienaber 1939c:15; 1939e:15). Ons Pella het 'n soortgelyke toevlugsoord geword vir vervolgte Christen-Hottentotte wat gevlug het vir die Hottentot-vrybouter Jager Afrikaner (Campbell 1815:304). Hierdie Hottentotte is deur C. Albrecht van die Londense Sendinggenootskap by Warmbad in Namibië versamel, maar die stasie is deur Afrikaner verwoes en Albrecht het met sy gemeente na Pella gevlug waar hulle veilig gevoel het. Albrecht het gevolglik Cammas Fonteyn na Pella verdoop.

Annakoppies

Koppies

K 2919 AA

SG map 1895 "Anna. Kop".

Piet se KloofKloof

K 2919 AA

Weidner C 1978 Direkteur van mynmaatskappy Vraelys "n Kloof in Pellaberg. Woonplek van Piet Visagie."

Volgens die informant is die kloof dan vernoem na die voor-naam van die bewoner, Piet Visagie.

TkouroesAanleg

K 2919 AA

Weidner C 1978 Direkteur van mynmaatskappy Vraelys "Woonplek. Gat in klip wat reënwater opvang."

Volgens die informant se mededeling sal dit dan wees soos Nama //garū = "Wasserbecken (im Fels), die Wasserbank" (Kr. & Rust 1969:84). Die -s is die lokatiefmorfeem fem. sing. wat die bron aandui.

TnougabAanleg

K 2919 AA

Van den Heever JJ 1983 Boer Gesprek "Ek dink die naam het te doen met die rosyntjebos. Daar naby lê mos ook Kleinrosynbos."

Die T- stel die palatale suigkonsonant voor. Die lid Tnou- is dan soos Nama ≠ôu- (≠âu-) = rosyntjebos (Rust 1960:50). Die -ga- is die veelvuldigheidsmorfeem en die slot -b is lokatiefmorfeem masc. sing. Dus: "Die plek ryk aan rosyntjebosse", Rhus viminalis (Smith 1966:403). My informant se vermoede onderskryf dan Nienaber & Raper (1980:722) se verklaring van die betrokke aanlegnaam.

4.7.4 RICHTERSVELD PLAAS B.707/1927

K 2816 BB/BD/DB/DD K 2817 AA/AD/CA/CC/CB K 2917 AA

Eerste eienaar: Certificate of Reservation. Op 1979-04-10 het die Republiek van Suid-Afrika transport oorgeneem.

Nienaber (1938:14) "Richterveld is die naam van die noordwestelike gedeelte van Klein-Namakwaland: oorspronklik was dit die naam van 'n klein stasietjie van die Rynse Sending in daardie buurt. Dit dra die naam van eerw. W. Richter, inspekteur van die genootskap se seminarie in Barmen."

Die Richtersveld het, soos deur Nienaber hierbo vermeld, sy naam te danke aan 'n inspekteur van die Rynse Sendinggenootskap, eerw. W. Richter, wat omstreeks 1830 uit Barmen gekom het om die sendingwerk hier, onder andere in Namakwaland, te ondersoek (Söhnge 1944:19).

AnnisfonteinAanleg/Fontein

K 2816 BD

Opmeting 1950 "Naam van 'n waterfontein. Hotnosnaam wat beteken 'fontein waar voëltjies water drink'. Geleë op plaas Annisfontein en inligting verstrekk deur P.L. Avenant, in die omgewing gebore, asook sy pa. Verstaan Hottentots-taal. Vorm voltooi deur E. Matthews van die S.A. Polisie, Alexanderbaai."

SESA (1973 deel IX:345) "Near Anniesfontein, 5 km from the Orange River, is the Wondergat ..."

Kennis (1978:2927) "Aanleg aan die Annisrivier, noordoos van Alexanderbaai."

Bogenoemde is gedeeltelik ter aanvulling van wat reeds deur Nienaber & Raper (1977:199; 1980:174) oor die betrokke naam gesê is, en waar die betekenis na aanleiding van Kleinschmidt (1842) se optekening aangegee word as "Bekende" deur die

verbinding van die eerste lid met Nama \neq an = "kennen, erkennen, wissien; \neq ans- = Kennntnis" (Kr. & Rust 1969:33). Die -s lokativeer. Dus: "Bekende Fontein". Opmeting se informant verklaar dit egter as "Voëlfontein" deur dit klaarblyklik te sien as Nama ani- = "Vogel" (Rust 1960:70). Taalkundig is dit aanvaarbaar, maar voorkeur moet seker gegee word aan die ouer verklaring van Kleinschmidt in 1842 veral in die lig daarvan dat dié fontein vroeër 'n baie belangrike en gevolglik bekende bron was in die andersins dorre wêrelddeel. By die bron was ook destyds 'n aanleg. SESA se "Annies-" het niks te make met die persoonsnaam Annie nie, soos Nienaber & Raper (1980:174) vermoed nie. Ek glo dat dit net 'n wanspelling is.

Anniskop; -rivier

Kop en Rivier

K 2816 BD

Kennis (1978:2927) "Anniskop by Annisfontein" en "Annisrivier - oos van Alexanderbaai, vloei in die Oranjerivier naby Auchas."

Die kop en rivier het klaarblyklik hul name van die belangrike bron Annisfontein gekry, aangesien nie een van die twee entiteite van soveel belang kon wees dat dit op bekendheid aanspraak sou kon maak nie. Vir die betekenis vergelyk die bronnaam Annisfontein hierbo.

Armanshoek

Gebied

K 2816 BD

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Vermoedelik maar vernoem na die arm mense wat daar gebly het."

Die hoek wat die berge daar vorm, is klaarblyklik vernoem na aanleiding van die armoede wat daar geheers het en volgens eie waarneming, vandag nog heers.

Black HillsHeuwels

K 2817 CA

Engelbrecht WCE 1978 Predikant Vraelys "Bestaan uit swart ysterklippe. Die berge lyk swart as mens daarna kyk."

Die kleurnaam is ontleen aan die swart ysterklippe.

Bloeddrif (Vroeër bekend as Augas)Drif/Gebied

K 2816 BD

Mynbouer (sonder verstreking van sy naam) Ochta Diamante 1978 Vraelys "Bloeddrif is 'n plek waar daar 'n skermutse-ling tussen die Hottentotte en die Duitsers was, en waar eersgenoemdes toe met hul gewondes deur die rivier getrek het. Alternatief: Veessiekte wat vrekte onder vee veroorsaak het."

Bogenoemde is ter aanvulling van Nienaber & Raper se verklaring van die inlandse naam Augas (1980:194). Bloeddrif is die drif van die gebied bekend as Augas, waarvan die eerste lid is soos Nama/au- = "Blut" (Rust 1960:11), en /auxa = "blutig" (Kr. & Rust 1969:16), ook baie bloed, vol bloed, soos Nienaber & Raper dit stel. Die -s lokatiewe hier eerder 'n plek, aangesien 'n bron vermoedelik nie bestaan het nie. Dus: "Plek van Bloed", andersins is die slotkomponent soos Nama \neq gās = "die Fläche, die Ebene, die Vley" (Kr. & Rust 1969:97), dit wil sê "Bloedvlakte" of "Bloedpan", verkieslik laasgenoemde omdat 'n droë pan daar geleë is. Hiervolgens onderskryf ek Nienaber & Raper se siening dat "Augas wel die ou naam is en Bloeddrif in sy eerste element op 'n vertaling daarvan berus" (Nienaber & Raper 1980:194). My informant vermeld ook die rede vir die ontstaan van die naam, te wete 'n skermutseling tussen die Duitsers en Hottentotte waar bloed gevloei het.

As alternatief koppel die informant egter ook die naam aan die gevreesde bloedsiekte wat veral by beeste en bokke voorgekom het, naamlik miltsiekte of miltvuur, veroorsaak

deur die bakterium Bacillus anthracis (Stock farming and pastures 1957 deel III:371). Die opsigtelike bloedversteurings by siek en dooie diere, soos die uitvloei daarvan by die natuurlike liggaamsopeninge, die donker kleur van die bloed, ensovoorts, asook die oordraagbaarheid van die siekte op die mens deur kontak met die besmette bloed, het dit die vroeëre benaming bloedsiekte besorg. Hottentotte het baie dikwels dié siekte opgedoen. Aan watter van die verklarings die ontstaan van die drif- en gebiedsnaam toegeskryf moet word, kan nie meer met sekerheid vasgestel word nie. Eersgenoemde dra plaaslik egter die swaarste gewig.

Cornellskop

Kop

K 2816 BD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexanderbaai "Cornellskop".

Vernoem na kaptein Fred Cornell, joernalis en prospekterder, wat waardevolle geologiese ontdekkings in die groot boog van die Oranjerivier gemaak het (Green 1948:124). Vergelyk verder CORNELLSBERG onder bergname.

Dabbiegaoub

Fontein/Rivier

K 2816

Opmeting 1955 "Dabbeam Aoub. Dabbeam = dabbiebome (Tamarix sp.), Aoub = rivier. Geleë op kroongrond. Inligting by meer as een Kleurling wat Nama praat, in gebied gekry. Vorm ingevul deur J. de Villiers Geologiese Opname."

Klaarblyklik 'n swak weergawe van Dabbiegaoub (Nienaber & Raper 1977:295) en te verklaar as dabbie-, wisseluitspraak van Nama dawē-, die Tamarisk usneoides (Smith 1966:196), met -xa- = veelheidsuffiks en /ʊu-b, /āu-b (Nienaber 1963:268) in die betekenis van bron, (lopende) fontein (uitgang -b), ook vir stroompies en riviere. Dus: "Dabbiefontein (rivier)". Die naam verskyn nie meer op kaarte, ensovoorts, nie. Vermoedelik is dit die Dabbierivier op K 2816 BD.

DabbierivierRivier

K 2816 BD

Topokadastrale reeks 1975 vel 2816 Alexander Bay "Dabierivier".

Vernoem na die dabe- of abiekwabome, die Tamarix usneoides (Smith 1966:196), wat langs die rivier groei. Die verklaring berus op eie kennis van die betrokke rivier.

Devil's ToothRots

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die rots lyk soos 'n reusetand met die tandvleis onderaan."

Die massiewe rotstand soos beskryf deur die informant, word gesimboliseer as dié van die Duiwel, van daar die naam.

Die PlateGebied

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Dis 'n plato naby Eksteenfontein. Omdat dit hoog en bo-op gelyk is, staan dit bekend as 'Die Plate'."

'n Hoë plato wat 'n gewilde veestanning was. Die lidwoord maak deel uit van die naam.

DoodskloofKloof

K 2816 DB

Afdelingsraadkaart "Doodkloof".

Van Heerde versameling "Mnr. Lombard van die Richtersveld het aan boorman Labuschagne vertel dat 'n Bantoe so graag 'n pak klere van hom (Lombard) wou hê. Hulle het net van te vore beeste verloor en hy sê toe aan hom (Bantoe) dat hy die klere kon kry as hy die beeste kon vind. Op een of ander manier het hy die klere gekry en is toe Doringkloof toe, waar hy probeer het om water uit die skag by die myntonnel te kry. Ongelukkig val hy in die skag en verdrink. Van toe af is die naam Doodskloof."

Söhnge (1944:21) "Vir 'n paar myl gaan die pad noordwaarts deur Doodskloof, wat met sy steil walle, skaars 100 voet hoog, baie lyk op 'n kunsmatige gegrawe kanaal in groot formaat."

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarde Gesprek "Miskien dui die kort, gevaarlike draaie van die passie op die naam Doodskloof, naamlik dat jy jou dood daar soek as jy nie versigtig is nie, terwyl Doringpoort beslis ontstaan het vanweë die doringbome wat daar groei."

Die betrokke kloof het vroeër bekend gestaan as Doring- of Doodskloof, laasgenoemde vermoedelik na aanleiding van die gebeurtenis soos deur Van Heerde opgeteken. Kritzinger meen dat die gevaarlike, kort draaie van die bergpassie miskien tot die naam aanleiding kon gegee het. Van Heerde het egter destyds dié gebied baie goed geken. Tans is dit onder die naam Doringpoort bekend vanweë die doringbome Acacia karroo (Smith 1966:201), wat in die droë Doringpoort-rivier groei.

Daar is destyds gemyn en 'n graf daar is volgens die plaaslike bewoners dié van ene McDonald.

Dreigratdrif

Drif

K 2816 BD

Opmeting 1967 "Dreigrat - Duits vir drie grate".

Aan die noordekant van die drif lê Dreigratberg. Die drif is vernoem na drie koppies of bergkamme wat, soos die plaaslike bewoners sê, na drie grate lyk.

Eierklip/Toonklip

Rots

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die rots het die voorkoms van 'n eier, maar uit 'n sekere gesigshoek lyk

dit miskien meer na 'n mens se toon, van daar ook Toonklip."

Dié spesifieke rots is dan vernoem na aanleiding van sy besondere vorm soos deur die informant beskryf. Die kop waarop dit geleë is, heet gevolglik ook Eierklip- of Toonklipkop.

Eksteenfontein/Stinkfontein (Vroeër bekend as Ogas/Obees)
Aanleg K 2817 CC/CD

Laidler (1927:148) "D/obees, Stinkfontein, Stinking Spring. It smells when not cleaned out regularly."

Backhouse (1844:524) "The Mission village of Lily Fountain (...)

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Daar is 'n fontein. Die Bosluis-Basters wat nou hier woon, het eers in die Boesmanland gewoon. Deur bemiddeling van Ds. Eksteen is hulle toe hier geplaas. Ds. Eksteen is toe vereer en die plek is Eksteenfontein genoem. Die plek se naam was eers Bankfontein. Gedurende die oorlog van die Bondelschwartz is 'n klompie van hulle hier by die fontein vermoor. Die lyke het rondom die fontein gelê en ontbind. Die plek is toe Stinkfontein genoem. Daarna is dit na Eksteenfontein verdoop."

Die inlandse naam vir Stinkfontein was Ogas/Obees, wat deur Nienaber & Raper korrek verklaar word as Nama /ō = stink, /ō-b = stank (Rust 1960:27), en ≠gâ- = puts (Kr. & Rust 1969:97), met lokativering deur middel van die fem. sing. -s, soos by bronne en putse. Die benaming Stinkfontein verskyn nog op ouer kaarte, byvoorbeeld die Afdelingsraadkaart van Namakwaland, maar is later heeltemal verdring deur Eksteenfontein ter verering van ds. Pieter de Waal Eksteen, vroeëre leraar van Pofadder, vir sy aandeel in die hervestiging van die Bosluis-Basters aldaar. Die stink word verskillend kwalifiseer, maar Laidler se ouer verklaring dra plaaslik die meeste gewig, naamlik dat dit afkomstig is van die water en modder, vermoedelik vanweë swaweldampe.

GahaamsputsGebied

K 2817 CC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Gahaamsputs".

Die lettergreepverdeling is Gha-ams. Die gha- is soos Nama /gâ = gras (Kr. & Rust 1969:74) met -am = mond (Rust 1960:43), by oordrag 'n watermond, bron of fontein. Die vr. ekv. -s dui die bronnaam aan. Dus: "Grasmond/-fontein" met -puts as Afrikaanse toevoeging. Genoemde gebied is geleë onmiddellik wes van Lekkersing. Die bronnaam het gebiedsnaam geword.

GhaapkloofKloof

K 2817 AD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Ghaapkloof".

Geen hulp kon in verband met die betekenis van dié kloofnaam verkry word nie. Die vermoede is egter dat dit vernoem is na die vetplant ghaap/ghab/ghap, Trichocaulon piliferum (Smith 1966:227), wat deur die ou Khoekhoen gebruik is om honger te stil en dors te les. Andersins is dit te verstaan as Nama !g(h)ā-b = "das Gift" (Kr. & Rust 1969:87), dit wil sê "Gifkloof".

GoariepBerg

K 2817 CA

Söhnge (1944:21) "Tien myl verder noord verrys die Goariepberg, 'n groot, byna sirkelvormige massa graniet wat van die Kuboosberg uitloop na die weste."

Kennis (1978:2961) "Granietbaas (Goariep). Berg oos van Alexanderbaai met ou prospekteergate aan die suidekant."

Bogenoemde is ter aanvulling van wat reeds gesê is oor Goariep waar Nienaber & Raper (1980:335-6) die komponent Goa- in verband bring met Nama /khoa- = "Steinubersäte Stelle"

(Rust 1960:59), met -ri(e)- as lokatiewe agtervoegsel en -p van die ml. ekv. as aanduiding van 'n bergnaam. Dus: die "Kop/Berg wat met (graniet)-klip, besaai is." Genoemde skrywers meen egter dat 'n sterker saak uitgemaak kan word vir die nabygeleë "Wildeperderand", deur Goariep te herlei na die ou Khoekhoense naam vir kwagga naamlik v-nou v-kouarep, in moderne Nama (≠nū = swart) ≠kouarep. Hiervolgens dan "Kwaggaberg" of "Kwaggarant". Ek bly egter van mening dat Goariep as "Granietberg" vertaal moet word en wel vanweë die opvallende granietkoepel wat dit plaaslik die benaming "Granietbaas" besorg het (Kennis: 1978:2961). Die berg dra landmetersbaken nommer 50.

Gorgon's HeadBerg

K 2817 AD

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die berg het verskeie snaakse koppe of punte wat vermoedelik aan die Gorgone laat dink."

Die eienaardige koppe of spitse laat dink aan die mitologiese, vroulike monsters met slange vir hare, van wie die aanblik 'n mens laat versteen het (Odendal 1981:309).

Grasdrif (Vroeër Omnoupdous)Drif

K 2817 AD

Sensuskaart 1891 "Nc. Omnoup Tc.dous or Watergrass Drift".

SG map 1895 "Omoupous (Watergrass Drift)".

Volgens Nienaber & Raper (1977:962) moet die komponent -pous vermoedelik 'n skryffout wees van -dous vir Nama daos = poort (Rust 1960:61), hier drif. Die suigkonsonant wat deur die Tc. weergee word, laat egter die vraag ontstaan of -dous nie maar net 'n swak aanhoor was van Nama !gôu-s = drif (Kr. & Rust 1969:129) nie. Die eerste lid, om(n)ou-b, moet volgens die bronnegegewens hierbo, dan watergras wees. Die inlandse naam wat verdwyn het, leef voort in sy vertaalde

vorm Watergrasdrift, en op moderne kaarte in sy verkorte, verafrikaansde vorm as Grasdrif.

Habobeap(-beep)

Rivier/Gebied

K 2816 BB

Sensuskaart 1891 "Habobeep".

SG map 1895 "Habobeap".

Volgens Nienaber & Raper (1980:392) is Habobe- die inlandse naam van die Velskoendraers, die //Haboben, met die slot-h as mv. gemeenslagtig. Volgens Wandres, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:539), het die Velskoendraerstam aan die begin van die 19de eeu "Zwischen Brakwasser und dem Fischfluss" in die teenswoordige Suidwes-Afrika gewoon. Oor die slotlid van die naam is daar nie meer sekerheid nie. Indien dit -ep is, soos in die skryfwyse op Sensuskaart 1891, sal dit vermoedelik 'n lokatiewe indeks wees, sodat die naam gevolglik sal beteken die "Plek waar die Veldskoendraers staan/woon". Indien egter -ap sal dit wees soos Nama !ā-b = rivier (Rust 1960:22), dus "Velskoendraersrivier". Hoewel die naam reeds verdwyn het, bly dit van geskiedkundige belang omdat dit dalk dui op 'n vroeëre oorspanningspunt van die betrokke stam in die Richtersveld.

Hakiesdoornhoek

Gebied

K 2817 AC

Opmeting 1972 "Kon geen inligting kry nie, maar dit kan aanvaar word dat daar wel hakiesdorings aanwesig was in die omgewing."

Die hoek is dan vermoedelik vernoem na die haak- (hakies-) doring, Acacia mellifera (Smith 1966:240) wat vroeër in dié omgewing gegroei het.

HohenfelsRots/Polisiestatie

K 2816 BC

Green (1948:196) "The high rock which gave the place its name juts up sheer from the Orange River for eighty feet."

Die Duitse benaming is, soos Green dit stel, ontleen aan die geweldige hoë rots in die Oranjerivier regoor Beauval-
lon, waar 'n Duitse polisiestatie vroeg in die eeu gebou
is, vermoedelik om die Richtersveld-Hottentotte te ver-
hinder om die rivier oor te steek en by die rebelse Bon-
delswarts aan te sluit. Later het kameelpatrollies van
Hogenfels ook diamantsmokkelaars uit die "Sperr-gebiet"
gehou (Green 1948:195-6). Die rotsnaam is op die polisie-
stasie oorgedra.

HottentotsparadysGebied

K 2817 AC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Hotten-
totsparadys".

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die naam het
seker ontstaan vanweë die pragtige natuurskoon."

Die gebied tussen Helskloof en Paradyskloof wat weens die
ongerepte natuurskoon 'n ware paradys vir die Hottentot-
bewoners van die gebied was. Selfs vandag nog groei daar
op plekke die pragtigste varings en plante wat dit 'n ware
paradys maak.

Jakkalsputs (Vroeër bekend as Giriaroes)Waterbron/Puts

K 2816 DB

Sensuskaart 1891 "Tc.Leri Tc1.Aroes".

Die Tc. en Tc1. dui die onderskeie suigklappe aan. Die
eerste komponent word vandag gehoor as /giri- = "Schakal"

(Rust 1960:52). Die tweede lid sal wees soos Nama //aro- = "das Loch, der Graben" (Kr. & Rust 1969:23), gevolg deur -s van die vr. ekv. sodat "Jakkalsputs" 'n letterlike vertaling van die ou inlandse naam is. Hierdie "Jakkalsputs" moet egter nie verwar word met dié op graadvierkant K 2916 BA (vroeër bekend as Koesaas) nie. Die nabygeleë vlei dra ook die naam Jakkalsputs se Vlei. Die naam het vermoedelik ontstaan vanweë baie jakkalse, fam. Canidae (Odendal 1981:487), wat vroeër in die omgewing van die waterbron gehou het.

Jammerfontein (Vroeër bekend as Tkomtis)

Fontein

K 2817 CC

Imperial map series of South Africa 1900 vel Port Nolloth "Tc.Komtys Kloof".

Laidler (1927:148) "P/tkomtis, Sorry Spring, I feel sorry. An old Hottentot and his wife drank here; the old man had a velsak (skin bag) on his back. As he lay to drink the weight above overbalanced him and he fell in and could not rise again. His old wife was too feeble to help him, so he was drowned. A very old name."

Van Heerde-versameling "Jammerfontein in Richtersveld. Die watertjie was in die diepte. As jy daarby wil kom, moet jy afkruip. 'n Ou meid het die diepte ingegaan na die water toe en ingegly. Haar man, wat ook al baie oud was, kon haar nie help nie. Sy skreeu om hulp en verwyt hom: 'Kry jy dan nie jammer vir my nie'. Voordat hy met hulp kon opdaag, was die vrou al dood."

Alhoewel die fontein nie meer direk aangetoon word nie, het die naam daarvan tog behoue gebly in die kloofnaam, soos op die Imperial-kaart hierbo, asook in die riviernaam Tc. Komty's Kloof Rivier, 'n tak van die Holgatrivier (SG map 1895), wat uit die rigting van die kloof kom. Hoewel die informante hierbo die gebeure wat tot die fonteinnaam

aanleiding gegee het, verskillend verhaal, bestaan daar wel eenstemmigheid ten opsigte van die betekenis van die betrokke naam waarvan die inlandse naam deur Nienaber & Raper taalkundig soos volg verklaar word: /khomsen = "sich selbst bejammern" (Rust 1960:9), daarnaas /khom-/khomsa = "jämmerlich, jammervoll" (Rust 1960:23) met die suffiks as plekbenoemend. Dus: "Hartseer", "Jammerplek" of "Jammerfontein".

Jenkins KopKoppie

K 2817 CB

Cornelissen HA 1978 Afgetrede boer Gesprek "By die Kopermaatskappy te Hondeklipbaai het ene John Jenkin as laai-meester gewerk, en hy het ook 'n winkeltjie daar gehad. Hy was 'n Engelsman. Die kop kan na hom heet."

Geen sekerheid kon verkry word na watter Jenkin(s) die betrokke kop vernoem is nie. Informant Cornelissen se John Jenkin(s) is 'n sterk moontlikheid aangesien hy noue kontak met die gebied gehad het. 'n Ander vangenoot wat egter nie heeltemal buite rekening gelaat moet word nie, is Geoffrey Jenkins, joernalis, wat bekendheid verwerf het met A twist of sand (1959) wat aan die Kus van die Dood afspeel (De Kock 1968, deel I:391). Dit lyk dus of hy ook kontak met die gebied langs die weskus gehad het. Dit bly egter spekulatief. Die meeste wat gesê kan word, is dat dit 'n alleenstaande koppie is wat vermoedelik vernoem is na die persoonsnaam Jenkin(s).

JosefkopKop

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Die Josephs - Namasprekendes - het die eerste daar 'n staning gemaak, asook 'n veepos en lande aangelê."

Volgens die informant dan vernoem na die eerste bewoners met die van Joseph.

Die eerste komponent sal wees soos Nama // gam- = water (Rust 1960:72) en daos = poort (Rust 1960:61). Dus: "Waterpoort". Volgens Laidler kan dit ook wees "Pispoort", hoewel ek van mening is dat dit eerder verwys na die Oranjerivier se water wat daar deur die berge (poort) stroom.

Karagaprivier (se Kloof) Rivier/Kloof

K 2816 DB

Nienaber (1939b:15) "Karachab is 'n rivier genoem na die menigte van ronde klippe (// karab is ronde-rivierklip en /kap is die menigte). Vir omtrent 'n half-myl kronkel die hoofpad na die Richtersveld in hierdie rivier en die wiele van die rytuig huppel van die een klip op die ander. In die dae van die ossewa omtrent 30 jaar gelede was die skrywer hiervan baie dankbaar as sy ou 'rek-en-trekwa' weer eens ongedeed die moeilike rivier deur was. Vandag het ook daar die motor die ossewa uit die veld geslaan en die pad het ook 'n ietwat moderne vorm aangeneem."

Opmeting s.j. "Karagab se Kloof (KHARAXAB = gruis). Tongklap net voor die K. Spelvorm foneties volgens uitspraak. Eerste lettergreep beklemtoon. Die 'g' in 'gab' soos die 'g' in goed."

Opmeting se verklaring hierbo gee ons die bevestiging dat Nienaber & Raper (1977:646) se vermoede korrek is en dat die riviernaam saamgestel is uit // kará- = "Flusskies" (Kr. & Rust 1969:221), -xa- = baie (Kr. & Rust 1969:41) en -b (ml. ekv.) wat aandui dat dit die naam van 'n rivier is. Letterlik beteken dit dan die "Spoelgruisrivier".

Kheis

N.G. Sendingaanleg

K 2816 BD

Engelbrecht WCE 1978 Predikant Vraelys "Dit is 'n Hottentot-naam wat sand beteken en staan ook as Sanddrif of Dryfsand bekend. Word uitgespreek soos Xosa Chais."

Die liggingaanduiding van die betrokke Kheis is nie 2818 DD nie (Nienaber & Raper 1980:503-4), maar wel 2816 BD, tans ook bekend as Sanddrif, geleë aan die Oranjerivier in die Richtersveld. Uit verdere mededeling deur informant Engelbrecht was Kheis een van die plekke deur eerwaarde Hein besoek en later deur dominee S.G. Malherbe aangekoop vir die N.G. Sending met die doel om daar 'n plaas aan te lê, Die naam is soos Nama // kae [// khæ] = "Sand (Flussand, Bausand)" (Rust 1960:51). In die lig van Engelbrecht se mededeling, asook op taalkundige gronde, is "Sanddrif" of "Dryfsand" 'n heel aanvaarbare verklaring vir Kheis.

KodaspiekKop/Piek

K 2816 BB

Laidler (1927:149) "P/Kodas, Soapstone. Pipe stone found there. There is a place of this name in the Richtersveld and another in the Kamiesberg."

Volgens Nienaber & Raper (1977:729) kom die verklaring neer op !kho-/ui-s = pypklip, of seepklip, serpentynsteen, waaruit tabakpype (!khodi) (Schultz 1907:248), gesny word. Dus: "Pypklippiek". Die kop of bergpiek dra landmetersbaken nommer 27.

KoeskopKoppie

K 2816 BD

Opmeting 1951 "Uitspraak Koeskop. Geleë op die plaas Koeskop in die Richtersveld."

Die koppie dra landmetersbaken nommer 18 en sal die betekenis hê van "Draaijakkalskop", vergelyk KOESAP onder riviername. Interessantheidshalwe kan genoem word dat op die rotsagtige kant van die koppie die woorde "The first load of copper passed this point" nog gelees kon word, maar die datum is ongelukkig nie meer te ontsyfer nie. Dit wil voorkom asof die witlood-inskripsie aandui wanneer Peacock en Alexander die eerste koper

by daardie punt verbygebring het. Dié bewering kan egter nie gestaaf word nie hoewel die inskripsie nog persoonlik waar te neem is.

Koning FaraoRots

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die rots lyk na 'n beeld van 'n farao."

Die betrokke rots is vanweë sy besondere vorm verpersoonlik met die farao's van die Bybel.

KoningklipKlip/Gebied

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Dis 'n lang klip wat hoër sit as al die ander in die omgewing en wat vanuit 'n sekere gesigshoek na 'n mens lyk."

Die betrokke klip dra vermoedelik die naam Koningklip omdat dit so hoog bo die ander klippe uittoon en gevolglik laat dink aan 'n koning wat oor sy onderdane heers. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming. Die klipnaam het ook gebiedsnaam geword.

Kuboos/KhubusSendingstasie

K 2816 BD

Nienaber (1939b:15) "Die naam van Kubus, die oudste kerkplaas in die Richtersveld, sal aandui dat die plaas so van die berge ingesluit is as iets wat 'toegemaak is'. Die man wat aan die skrywer hierdie verklaring gegee het, het daarby onwillekeurig sy holle hande op mekaar geplaas, sodat die waarheid van sy bewering ook vir die oog heeltemaal oortuigend was."

Opmeting 1950 "!Khubus - kalkagtige plek waar die water uitkom." Van Heerde-versameling "Petrus Moss, een van die kinders wat

Dr. W.P. Steenkamp in die Richtersveld gedoop het, sê Kuboes = Brakfontein, terwyl Louis Hein wat op Kuboes woon, sê Kuboes beteken kalkerige water - brakwater."

Van Heerde en Opmeting se gegewens bevestig Nienaber & Raper (1980:511-2) se vermoede dat die naam soos Nama !khuwu = kalk kan wees, met die fem. sing. -s hier as indeks van 'n fontein. Dus: "Kalkfontein". Die vokale -u- en -o- kan mekaar egter afwissel sodat "Brakfontein" ook aanvaarbaar is. Die brak kan byvoorbeeld slaan op die smaak van die water as gevolg van aanraking met die kalkbodem, sodat "Kalkfontein" dan primêr is, en "Brakfontein" sekondêr. 'n Mate van wisselbaarheid is denkbaar deurdat die terme vir kalk (!kho-) en brak (/ū) in Nama naby mekaar lê ten opsigte van hul klankbousels.

Die naam kan egter ook vormbeskrywend wees soos blyk uit die mededeling van Nienaber se informant waar gedink kan word aan die grondwoord !kubu-, of in sy normale wisseluitsprake van destyds, !kuwu- (vir wisseling van b-/w-, vergelyk Nienaber & Raper (1977:43 by 5B1); !gubu- (k-/g- vergelyk 5A3) of !guwu- = "rond" (Rust 1960:51), dit wil sê vir die begrip rond soos geïllustreer deur die informant se "holle hande op mekaar geplaas". Die plaas is so omring van berge dat dit voorkom asof dit ingesluit of toegemaak is, dit wil sê dit skep byna die indruk van 'n ronde kom. Die oudste oorgelewerde spellingsvorm van die naam is Kuboos waarvan Khubus vermoedelik 'n modernisering is onder Duitse invloed. Teen 1890 was dit al 'n sendingpos wat volgens die Kriegskarte (Sprigade & Moisel 1903-4) ietwat later twee name moes gehad het, te wete Richtersveld (vergeelyk die reservaatnaam RICHTERSVELD) en Kobus waarvan laasgenoemde 'n volksetimologie van die inlandse naam, Kuboos, is. Die naam is tans van toepassing op die nedersetting (sendingpos), berg en riviertjie. Oor die geskiedenis van dié sendingpos, veral ten tye van die bediening van die merkwaardige Richtersveldse pionier-evangelis, J.F. Hein, vergelyk Die Koningsbode (Des. 1943:12e.v.) en Heese (1944:11).

Kuruga/KoeroegabKop/Berg

K 2817 AC

Opmeting 1966 "Khuruxab (≠khuruxa = aar). Eerste lettergreep voorafgegaan deur tongklap. Die 'g' in die laaste lettergreep is sag soos in goed. Die agtervoegsel, berg, word nie gebruik nie. Inligting verkry van Johannes Cloete, 'n vooraanstaande inwoner en sendeling."

Nienaber & Raper (1977:739 & 808) bring die eerste komponent in verband met Nama //garu-, met die afleiding //guruxa = "mit Kieseln bedekt" (Rust 1960:34). Die -b lokatiewe die kop- of bergnaam. Dus: "Kwartsryke berg", of volgens voorkoms "Witberg". Opmeting hierbo verbind dit egter met Nama ≠kurub = "Ader" (Rust 1960:2) sodat die afleiding ≠kuruxa dan sal wees aarryke. Dus: "Aarryke berg", vermoedelik vanweë die kwartsietare. Vergelyk egter Vyfsusters onder RICHTERSVELD vir 'n ander baie waarskynlike verklaring vir Kuruga/Koeroegab, waaraan ek steun verleen.

Lekkersing (Vroeër bekend as Keing-, Kaingneisgaas)Sendingstasie

K 2817 CC

Laidler (1927:149) "≠Keing//neis, Lekkersing (sing nicely). Namas say that years ago the Bushmen made beer and danced nicely here."

Nienaber (1939b:15) "Lekkersing (Backhouse 1840 skryf Lekkersingen) is die tweede kerkplaas in die Richtersveld. Aangaande die oorsprong van die naam is ek nie seker, maar ek het rede om te vermoed dat die eerste sendelinge soos Schmelen, dr. Hugo Hahn, Kleinschmidt e.a. omtrent 160 jaar gelede op hul pad na die Noorde op Lekkersing 'n tyd gerus en voor hulle die dorsland ingery het, hier eers nog die helder, lekker water geniet het. By dié geleentheid het hulle dan die daar wonende Basters, wat vandag nog so lief vir sing is, in hierdie kuns onderwys met die gevolg dat die beskeie

plaas 'n soort van beroemdheid in daardie dae geword het."

Van Heerde-versameling "Die water het tussen die riete gevloei en 'n welkome geluid vir die reisiger van dié droë wêreld laat hoor. Gevolglik het die plek die naam van 'Singwater' (Neis-gaas) gekry. Dit kan ook wees Kei- of Geineisgaas = Grootsingwater, maar na regte moet dit wees Kaingneisgaas = Lekkersingwater."

Die eerste komponent is soos Nama !gâi (die genasaleerde vo-kaal -āi-, gerealiseer as -eing of -aing-, die g- vooraan stemloos gehoor as k-), soos Nienaber & Raper (1977:687) dit tereg stel, en // nae = sing, daarby // naexa = sanglustig (Kr. & Rust 1969:274), met die -s fem. sing. hier spesifiek om die fontein te benoem. Letterlik beteken dit dan, die "Fontein (-s) wat aangenaam, lekker (!gâi) (Kr. & Rust 1969:88) sanglustig (// naexa) is", of volgens Nienaber se informant " ... waar die mense lekker sanglustig is", kortom die "Lekkersing (fontein)".

Luisfontein (Vroeër bekend as Uriebes)

Fontein

K 2917

Van Heerde-versameling "Uriebes-Luisfontein. Patterson het soos baie ander reisigers van die ou tyd tussen Kommasgas en Port Nolloth by die bome en die droë rivierbedding uitgekamp, veral by 'n watertjie met baie ongedierte. Ons weet almal hoe baie goggatjies gevind word as ons onder 'n doringboom wil slaap. Daarlangs waar hy gereis het, kry ons die naam Uriebes, vandag bekend as Luisfontein."

Die ligging van die betrokke fontein kon nie noukeuriger bepaal word nie aangesien dit tans nie meer bestaan nie. Luis is in Nama urib (Rust 1960:38), -bees gee die begrip fontein weer. Luisfontein is dan die vertaling van die inlandse naam Uriebes, soos Nienaber & Raper (1977:1091) dit ook sien.

Die "ongedierte" waarvan Van Heerde praat, was vermoedelik eerder tampanne, plaaslik ook sampanne genoem Onithodorus moubata (Kritzinger 1963:644), as kopluisse.

Maerfontein (Vroeër bekend as Gawas)

Fontein

K 2817 CC

Mostert JC 1980 Boer Vraelys "Maerfontein was vroeër Xwagas genoem."

Die X vooraan stel klaarblyklik die suigklank voor. Dan ongetwyfeld soos Nama ≠gawa- = "mager werden" (Rust 1960:40), met die -s fem. sing. vir die fontein. Die informant verwar blykbaar net die w en g. Die naam dui op die baie swak (maer) water wat die fontein lewer.

Mehlberg

Berg

K 2816 BB

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Mehlberg".

Vermoedelik vernoem na die familienaam Mehl. Die berg dra driehoeksbaken nommer 20. Nadere besonderhede kon nie verkry word nie.

Modderfontein

Aanleg

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Toe die Basters hier gekom het, was die fonteine wel hier, maar baie vuil en vol modder, sodanig dat sommige wat van die water gedrink het 'n koors opgedoen en daarvan dood is."

Die aanleg is benoem na aanleiding van die modderige fontein(e). Die gebied tussen Modderfontein en Skouerfontein staan bekend as Klein-Modderfontein waardeur die Modderfontein se Rivier loop.

MooibergBerg

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Omdat die kranse so lelik is en dit vir die veeboere moeilik was om daar te loop. Dit is juis omdat die berg so lelik is."

Volgens die informant is die ruwe berg benoem deur middel van die teenstellende naam Mooiberg.

NelsbankAanleg

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Willem Nel en sy familie het daar gaan woon en 'n primitiewe aanleg ontwikkel."

Vernoem na die persoonsnaam Nel, aldus die informant.

Numees; -bergMyn/Berg

K 2816 BD

SG map 1895 "Numees Mine".

Van Heerde P soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1977:938) onder Numees "Numees of Omees. Numees = Swartwater, Nama ≠nu = swart", maar aangehaal onder Omees (1977:961) "Numees/Omees (...) /0 = stank of om te stink, Omees is Stinkwater."

Opmeting 1966 "Noemeesberg. Eerste lettergreep beklemtoon en voorafgegaan deur 'n tongklap. Afrikaanse uitspraak 'Noemees'." In 'n ander handskrif "// Homses = standhoudende water".

Volgens die aanhaling onder Numees, verklaar Van Heerde die eerste lid as ≠nū = swart (Kr. & Rust 1969:306), wat die -m- onverklaard laat. Onder die tweede aanhaling aanvaar hy egter die naam as Omees en verklaar dit as Nama /^vo = stink (Rust 1960:59). Die -mee- moet dan seker 'n minder gewone plekbe-noemer wees, soos Nienaber & Raper (1977:961) dit stel, met die -s wat die fontein lokativer. Dus: "Stinkfontein".

Volgens Opmeting, verklaar genoemde skrywers dit as \neq noms = (vuur)kool (Rust 1960:36) wat by swart kan aansluit. Hiervolgens dan "Koolfontein", "Brandkoolfontein". Dit bly 'n ope vraag watter van Numees of Omees die oorspronklike vorm was. Die fonteinnaam het vermoedelik op die berg en myn oorgegaan.

Oemsberg (Vroeër Tc. Hoomsberg)

Berg

K 2817 AC

Sensuskaart 1891 "Tc.Hooms Mtn" en "T'Oums Range". Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Oemsberg".

Die Tc. stel die suigklap voor by Tc.Hooms Mtn wat 'n ouer spelling van Oemsberg is volgens Nienaber & Raper (1980:420), wat op sy beurt is soos Nama \neq ou-s = "der Feldrosinenbaum" (Kr. & Rust 1969:334). Dit is gerealiseer as oen, en voor die b- van -berg gedeeltelik geassimileer tot oem (Nienaber & Raper 1977:955). Hiervolgens is rosyntjebos, Rhus viminalis (Smith 1966:403), die vertaling van die Khoekhoense lid Oem(s)-. As geheel dan: "Rosyntjebosberg". Steun hiervoor word onder andere gevind in die nabygeleë Rosyntjiefontein en Rosyntjieberg.

Oena

Gebied

K 2817 AA

Opmeting 1966 "Oena. Gebiedsnaam. Oorsprong: Nama. Beteke- nis 'Boesmandoring'."

Geleë in die mees noordelike kromming van die Oranjerivier. Volgens Smith (1966:147) moet die plantsoort waarna verwys word, die Lebecia cuspidosa wees, onder meer bekend as Griekwadoring en onder andere volksname, soos Nienaber en Raper (1977:956) dit ook sien.

OrabrivierRivier

K 2816 BD

Opmeting 1966 "Orabrivier (...) 95 km noord van Port Nolloth. Oorsprong: Nama. Aksent op eerste lettergreep." In 'n ander handskrif "Orab = rou".

Die betrokke riviertjie loop deur 'n ruwe landskap noordwaarts na die Oranjerivier. Plaaslike navrae bevestig Nienaber & Raper (1977:969) se verklaring wat neerkom op Nama /khorā = "rauch (Gelände)". (Rust 1960:49). Die slot -b van die manlik enkelvoud dui op die rivier. Dus: "Rou-/Ruwerivier".

PaddastoelklipRots

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die betrokke rots of klip het die baie opsigtelike vorm van 'n paddastoel."

Die naam is dan na aanleiding van die betrokke rots se paddastoelagtige vorm.

Peilkop (Vroeër skynbaar bekend as Gogosa(a)m(s))

Kop

K 2817 AA

Opmeting 1950 "Peilkop. Punt van hoë berg \pm 8 myl oos van Sendelingsdrift. Oorspronklike naam: Kukusaams. Hottentots, wat beteken 'Pot se Speen' (knop onderaan 'n driebeenpot). Kukusaams is die naam wat gebruik word deur die ou inwoners. Peilkop is ook aan hulle bekend."

Pot is in Nama $\bar{s}\bar{u}$ -s, $\bar{s}\bar{u}$ -b (Kr. & Rust 1969:352), 'n woord wat al in 1926 opgeteken is vir 'n volstruiseierdrop wat as pot gebruik is (Nienaber 1963:421-2). In Nama is (volstruis)eier !uwus (Rust 1960:16). Die Kuku- van Opmeting kan dan miskien wees soos !uwus vir die begrip pot. Ek is egter van mening dat dit eerder te verbind is met Nama $\bar{g}\bar{o}$ - $\bar{g}\bar{o}$ = "blicken" (Rust 1960:11). Vir wisseling van g/k vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3). Die lid -saam is moontlik soos Nama sam- = "Mutterbrust"

(Rust 1960:12). Die kop of punt van die berg, soos Opmeting dit stel, laat dink aan die kelkvorm van 'n moederbors of aan 'n pot se speen (knop onderaan 'n driebeenpot). Indien die slot-s se teenwoordigheid korrek is, sal dit blykbaar lokatieweer. Die inlandse naam sal dan min of meer neerkom op "Kyk-speen". In Afrikaanse heet dit Peilkop. Dié hoë kop is van ver af sigbaar sodat jy jou rigting vermoedelik daarop kan peil. Die inlandse naam beteken klaarblyklik dieselfde, naamlik dat daar na die speen gekyk is om rigting te behou.

Penssleep (Vroeër bekend as Keiobgap)

Watergat

K 2917 AA

Nienaber (1939d:15) "So is daar in die Richtersveld 'n waterplek, wat nogal van groot belang kan wees vir 'n dorstige reisiger soos ek dit uit eie ondervinding weet. Hul het die plek die naam 'Penssleep' gegee."

Van Heerde-versameling "Penssleep (Richtersveld): Keiobgap - Groot brakwatergat."

Van Heerde het vermoedelik nog in sy tyd die inlandse naam verneem. Daarvolgens sal die eerste lid dan wees soos Nama gei = "gross" (Rust 1960:28), ob = "Salz" (Rust 1960:51) en -gap soos Nama ob-gâb(-s) = "Wasserloch (puts)" (Rust 1960:72), van daar "Groot brak - of soutwatergat". Die inlandse naam is egter heeltemal verdring deur die latere beskrywende Afrikaanse Penssleep. Dis 'n gat wat skuins in 'n plat klip afgaan en waarin die water van die klip gedurende reëntye afloop. As die gat vol is, is dit uit die aard van die saak geen probleem om te skep nie. As die water egter minder en dus dieper word, moet die dorstige op sy maag afgly om met 'n stok waaraan 'n skeping vasgebind is, die water by te kom, van daar "Penssleep" (Nienaber 1939d:15).

Pispoort

Poort

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "n Stilhouplek om te urineer of te ontlas voordat jy in die dorp kom."

Die betekenis is soos deur die informant verduidelik. Plaaslik word gepraat van "fluit- en broeklosmaakplek".

Ploegberg

Berg

K 2816 DB

Van Heerde-versameling "Berg suid oorkant Kuboes waar Eerw. Hein sy ploeglande gehad het. 'n Mens kan vandag nog sien hoe hy die graan met houtsleë die berg afgebring het."

Die berg is vernoem na die ploeglande wat daarop geleë is.

Quaxous

Kop

K 2817 CA

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Quaxous". Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Dit moet Quaggas lees, want die fontein wat daar naby geleë is, word ook so genoem."

Nienaber & Raper (1980:689) bring die eerste komponent in verband met kx'ao- = aasvoël (Nienaber 1963:204; 475) en die -xou- met Nama vir "Scheissdreck" (Kr. & Rust 1969:48). Dus: "Aasvoëlmis(plek)". Kritzinger vereenselwig die naam weer met kwaggas. Ek is egter van mening dat dit eerder is soos Oud-Kaaps xkoago = "ein hoher Berg" (Nienaber 1963:218) met die slot-s wat lokatiewe of op die fontein dui waarvan Kritzinger praat. Die hoogte van dié kop word as 1242 m.b.s. aangegee. Dus: "Die plek van die hoër berg" of net "Hoër berg". Die bergnaam het vermoedelik op die fontein oorgegaan.

Rooilepel (Vroeër bekend as Abbakwap/Abascvap)

Koppie

K 2817 AA

Opmeting 1950 "Dis 'n klein kop met die fatsoen van 'n lepel. Hottentotnaam Abbakwap - lepel. Inligting van mnr. P.L. Avenant, bewoner van die plaas de Hoop."

Die eerste komponent van die inlandse naam sal wees soos Nama /awa of /aba = "rot" (Rust 1960:50), met die daaropvolgende -kwap/-cvap soos Nama //goa-b = "Löffel" (Rust 1960:88). Die -b/-p, ml. ekv. dui 'n bergnaam aan. Die benoeming berus, volgens die informant, op die lepelvorm van die koppie.

SabiesiesFontein/Gebied

K 2817 CA

Opmeting 1955 "Tsabisie is die Namanaam vir die swartebbenhout-boom".

Soos Nama tsabi-/tsawi- = swartebbe(n)hout Euclea pseudebenus (Smith 1966:449). Die -si- is lokatiewformans met die -s fem. sing. hier spesifiek om die fontein te benoem. Dus: "Sabiesboomfontein", wat ook gebiedsnaam geword het. Aan die westekant van die fontein lê die Sabiesboomrante.

Sendelingsdrif (Vroeër bekend as Naudomp)Drif

K 2816 BB

Sensuskaart 1891 "t'Naudomp or Zendelings or Missionary Drift."

Nienaber (1939d:15) "U beweer dat hierdie plaas die naam gekry het deur die tragiese dood van die sendeling Vollmer. Die plek daar in die eensame woestyn, waar hy gesterf en begrawe is, moet in die omstreke van Hoachanas gesoek word. Sendelingsdrif daarenteen is 'n bekende plek aan die Oranjerivier in die Richtersveld. In die ou dae het Eerw. Schmelen en ander sendelinge op hul reis na Bethanie en Hoërop in S.W.A. by hierdie plek die Oranjerivier oorgesteek en so is die naam Sendelingsdrif gegee. Ek het naby die 40 jare in die Klein-namakwaland (Kommagas en Steinkopf) gewoon en het baie kere na die Richtersveld gekom en is dus goed bekend met daardie geweste."

Wat die ou inlandse naam betref, ag Nienaber & Raper (1980:623) dit moontlik dat die lid t'Nau- soos Nama !nawu = "Abkürzungsweg einshlagen" (Kr. & Rust 1969:284) kan wees, en -dom- soos Nama

dommi = keel, deurgang (Rust 1960:34), met die -p as lokatief-indeks, waarvolgens dit dan ongeveer "Kortpaddrif, -deurgang" kan beteken. Volgens die moderne benaminge was dié drif vir die sendelinge die kortpad na die Noorde, anders moes hulle oor Ramans- of Kompanjiesdrif gaan.

Skouerfontein (Vroeër bekend as Khogaas)

Fontein

K 2817 CC

Van Heerde-versameling "Skouerfontein in Richtersveld.

Khogaas. Twee riwwe gaan langs mekaar soos twee skouers." Engelbrecht WC 1978 Predikant Vraelys "Die sterkste water in die Richtersveld. Die twee sterk oë van die fonteine kom onder twee klippe uit wat lyk soos twee sterk skouers, aldus die naam."

Van Heerde het nog die inlandse naam gehoor, waarvan die eerste lid klaarblyklik soos Nama !hō-s = skouer (Nienaber 1963:454; Rust 1960:55) is. Die lid -gaas moet dan wees soos Nama ḡgās = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Die inlandse naam het egter verdwyn, sodat die fontein tans deur die vertaalde vorm benoem word, soos deur die informante beskryf.

Skurwehoog

Hoogte

K 2817 CC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Skurwehoog".

Die pad gaan teen 'n klipperige of skurwe hoogte uit, van daar vermoedelik die benaming. Die verklaring berus op eie waarneming en kennis.

Springbokvlakte

Gebied

K 2817 DD

Kennis (1978:3030) "Gebied aan die Oranjerivier in die Richtersveld".

Die Springbokkloofrivier loop deur die gebied, Springbokvlakte. Albei is klaarblyklik vernoem na die baie springbokke, Antidorcas marsupialis (Odendal 1981:1052), wat vroeër op dié grasvlakte gehou het. Dat daar vroeër geweldig baie springbokke in die hele gebied voorgekom het, is onder andere bevestig deur Scully, destydse landdros op Springbokfontein, wat self nog die laaste springboktrekke beleef het, (Green 1964:20 e.v.). Volgens plaaslike oorlewering was Springbokvlakte 'n geliefkoosde habitat vir springbokke.

Springklip (Vroeër Namtap)

Rotsblok met watergat

K 2816 DB

Laidler (1927:149) "P/nam tap, Spring Over. Two high stones on Springklip. One has a water hole, to reach which a man must jump from the one to the other."

Nienaber (1939d:15) "Op die klip regs, wat soos 'n groot pampoën lyk, versamel ook die reënwater, wat die mense as drinkwater baie nodig het. Om by die water te kom, moet die waterhaler met die klip links, wat skuinsop loop opklim en dan die sprong waag. Ek het dit nie gewaag nie, want die distansie, wat moet gespring word, is omtrent 7 tot 8 voet."

Volgens Nienaber & Raper (1977:852) is die inlandse naam te lees as ≠Namtap. Met wisseling van h- en n- (Nienaber & Raper 1977:46 by 5D6) is dit dan blykbaar soos Nama ≠ham = "überspringen" (Rust 1960:63). Die uitgang -ap het moontlik betrekking op die watergat, naamlik soos Nama ā-b = "Loch" (Rust 1960:39). Die inlandse naam het egter in onbruik geraak en tans word daar deurgaans van Springklip gepraat, soos deur die informante meegedeel.

Stofvoet (Vroeër bekend as Tarabi(e)s)

Veepos/Uitspanning

K 2917 AA

Sensuskaart 1891 "Tarabies".

Suid-Afrika reeks 1975 vel 2917 Kammarivier "Stofvoet".

Tarabis was destyds 'n uitspanning, noordoos van Port Nolloth, waar water langs die pad verkrygbaar en waar later, volgens SG map 1895, ook 'n poskantoor was. Dit korreleer met die veepos Stofvoet waarmee dit, volgens Nienaber & Raper (1980: 712), naamkundig te verbind is. Die komponent "Tara-" is soos Nama tsara- = stof (Rust 1960:58), terwyl die -bi(e)-plekaanduidend is en die slot -s fem. sing. aantoon dat dit 'n fontein is. Letterlik dan: "Stoffontein", vanweë die geweldige stof wat die wind hier opskop. Andersins Stofplek.

StruishoekAanleg

K 2817 CC

Cloete HP 1978 Onderwyser Vraelys "Toe die Bosluis-Basters hierheen gekom het, het drie Strauss-broers, Willem, Hans en Matthys daar gaan woon. Hulle het daar 'n put gegrawe en die plek is Struishoek genoem."

Struis is die plaaslike uitspraak van Strauss. Die aanleg heet dus na die Strausse wat hulle in die hoek wat die berge daar vorm, gaan vestig het.

Swartpoort (Vroeër bekend as Nudous)Poort

K 2816 BB

Sensuskaart 1891 "t'Nudous or Zwart Poort".

Die t' dui die suigklank aan voor die eerste komponent wat soos Nama $\neq n\bar{u}$ = swart (Kr. & Rust 1969:306) sal wees, met -dou-s soos Nama dao-s = poort (Rust 1960:61), soos Nienaber & Raper (1980: 656), dit dan ook vertaal. Swartpoort is dus 'n direkte vertaling van die inlandse naam Nudous.

The Seven SistersKoppe

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Dis sewe koppe wat naby mekaar geleë is."

kon naspoor, is die vlei vernoem na 'n oubaas met die naam Piet Velbaadjie wat sy winterstanning by die vlei gehad het. Hy het dié bynaam gehad vanweë die skaapvelbaadjie wat hy gedra het."

Op moderne kaarte verskyn die vleinaam as Veldbaadjiesvlei, terwyl die informant van velbaadjie praat. In Namakwaland dra die nakomelinge van 'n sekere familie vandag nog die bynaam, of soos dit plaaslik heet die kwaainam, Velbaadjies. Of die Piet Velbaadjie een van hulle was, is onbekend. Volgens die informant is die vlei na hom vernoem.

VenstervalleWaterval

K 2817 AC

Kritzinger J de V 1985 Natuurbewaarder Gesprek "Die opening tussen die kranse waardeur die water val, laat dink aan 'n venster."

Die naam is vanweë die venstervormige opening tussen die kranse waardeur die water val.

Vyfsusters (Vroeër moontlik bekend as Koeroegab/Kuruga)

Koppe

K 2816 BB

SG map 1895 "Five Sisters Hills".

Kennis (1978:3046) "Koppe langs die Kodasrivier noordoos van Alexanderbaai."

Nienaber & Raper (1980:542-3) sien Vyfsusters as 'n moontlike vertaling van die inlandse naam Koeroega-b of Kuruga, deur Koe-roe- te assosieer met Nama koro = vyf (in Oud-Kaaps kouru, kourou, kurruh, ensovoorts) (Nienaber 1963:169), en -ga- met !gâ- = suster (Kr. & Rust 1969:94), met die ml. ekv. uitgang -b wat hier die bergnaam aandui. Nie net taalkundig nie, maar ook topografies is dit 'n baie aanvaarbare verklaring, aangesien die vyf koppe op vroeëre kaarte byvoorbeeld op Imperial map Series of S.A. 1900 Sheet Port Nolloth, as uitstaande landtekens aangetoon word. Indien hierdie verklaring die korrekte

sou wees, verval daarmee dié van "Kwarts- of Aarryke Berg" vir Koeroegap/Kuruga, vergelyk in hierdie afdeling onder RICHTERSVELD. Die Afrikaanse naam is dan vanweë die vyf koppe wat baie eenders lyk, met ander woorde na vyf susters.

Wilde Als Rand (Vroeër bekend as Tk. Kudiganoums)

Rante/Berg

K 2916 BB

Sensuskaart 1891 "Tk. Kudiganoums or Wilde Als Rand".

SG map 1895 "Wilde Als Rand".

Uit bogenoemde blyk dit dat die inlandse naam nie meer op 1895 se kaart voorkom nie. Nienaber & Raper (1977:794) meld dat die inlandse naam hier die enigste optekening van Khoekhoens vir wildeals, Artemisia afra (Smith 1966:502), is. Volgens genoemde skrywers lyk dit of die -ga- kan wees soos Nama -xa- om veelheid aan te dui, en die slotlid, -noums vermoedelik soos Oud-Kaaps t'koema, 'hum (Nienaber 1963:218), in Nama !homi, !humi = berg (Rust 1960:10). Gevolglik sal die lid -kudi- met die regte suigklank vooraan dan wildeals moet wees. Dus: "Wildealsberg/-rant". Die betrokke plantsoort is een van die oudste mediese struik wat vroeër deur die Hottentotte en ook die blankes gebruik is as 'n tonikum en wurmmiddel (Smith 1966:502).

Wildeperderant (Vroeër bekend as Waggas)

Rante/Berg

K 2817 CC

Sensuskaart 1891 "Tn. Waggas Fontein".

SG map 1895 "Tc. Waggas Flats".

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Wildeperderant".

Eersgenoemde twee bronne se gegewens korreleer met Wildeperderant. Met die Tc./Tn. as aanduiding van 'n suigklank, is Tc./Tn.

Waggas bepaald 'n spelpoging vir kwagga(s), Equus quagga (Van Dale 1956:768), vroeër ook bekend as 'n wildeperd, omdat daar nie altyd duidelik onderskei is tussen 'n sebra en 'n kwagga nie. Dié rante was vroeër klaarblyklik 'n ideale habitat vir wildeperde, van daar die benaming "Wildeperderant."

Wondergat (Vroeër bekend as Heitsi-Eibib)

Gat

K 2816 BD

Sensuskaart 1891 "Cave of Heidje Eibib or Hadge Aebeep".

SESA (1973 deel IX:345) "Near Anniesfontein, 5 km from the Orange River, is the Wondergat, a large cave in a hillock which is dreaded by the Namas, who believe that it is the dwelling place of their deity Heitsi Eibeb."

Die inlandse naam Heitsi-Eibib, is 'n woord uit die taal van die Nama-Hottentotte. Krenz, soos aangehaal deur Nienaber & Raper (1980:410), lei die naam taalkundig soos volg af: "/Hei [ʔhai] = grau, tsi (Person), eib [aib] = Gesicht; bib (Geschlecht)", dus "Grysgesig" of "Vaalgesig". Dr. Vedder, soos aangehaal deur Du Toit (1958:2), ontleed op sy beurt die naam soos volg: hei = boom; heitsi = verkorting van Heiseb di = heiseb wees, dit is genitiefspartikel en tegelyk besitaanduidend; ei (uitgespreek ai) = voorsetsel op; beb = pleknaamaanduidende partikel. Dus: "Plek waarop daar iets aanwesig is wat aan Heiseb behoort". Volgens Vedder moet in die woord, Heitsi-Eibib, dus nie 'n persoonsnaam nie, maar 'n plek gesien word. Dié plek is volgens hom die kliphoopmousoleums (kliphope) waarop verbygangers 'n afgebreekte tak, klip, die inhoud van sy pyp of enigiets gooi om daardeur sy verdere reis gelukkig te maak, anders sal hy weldra sy voete deurloop, of 'n ander ongeluk sal hom tref. Omtrent Heiseb self word meegedeel dat hy 'n mitiese persoon in die Hottentotse volksgehoof is, wat dikwels gesterwe en weer opgestaan het, wat bome en bosse woon en wat, alhoewel onsigbaar, gehoor kan word in sy lied, as die gesuis en gefluit van die wind wanneer dit deur die takke waai (Du Toit 1958:3). Hierdie waarneming het aanleiding gegee tot die benaming Heiseb na aanleiding van

Nama heis = boom, bos (Rust 1960:13), met die uitgang -eb = -ling, dit wil sê "boomling", iemand wat met bome te make het (Du Toit 1958:3). Die Namas het die ter sprake grot so vernoem én gevrees omdat hul geglo het dat dit die woonplek van Heitsi-Eibib was waar hy sy skatte bewaak (Van Niekerk 1966:37). Volgens hul oorlewering het vuur en rook uit die aarde gebars en die grot gevorm wat na 'n onderaardse rivier lei. Wie dit daarin waag, val ten prooi van wit vlermuise en verskeie wrede monsters.

Hierdie mite het mense deur die jare heen aangegryp (The Cape Argus (10 Nov.:1962:11). In sy speurverhaal Die verlore prins het Hendrik Brand selfs dié grot op geheimsinnige wyse benut as agtergrond vir sy verhaal (Brand 1931), terwyl Green (1948: 123-4) op sy beurt 'n breedvoerige beskrywing daarvan gee. In September 1949 het 'n georganiseerde ekspedisie ene Flippie van der Westhuizen met behulp van geskikte apparaat, onder andere 'n "sitbank met 'n lyfhalter", dit in die diepte laat inwaag (Oom Flippie 1950:4) om vas te stel dat dit 'n pypvormige kuil is van ongeveer 3m wyd en oor die 15m diep wat deur intuïmeling en gedeeltelike oplossing van die omliggende kalksteen gevorm is weens die ondergrondse werking van 'n sterk wateraar, maar van die skatte van Heitsi-Eibib was geen spoor te vinde nie. Dit was egter, ook vir die Blankes, 'n wonderlike natuurverskynsel van daar die Afrikaanse benaming "Wondergat" (Oom Flippie 1950:4).

4.7.5 STEINKOPF (Vroeër bekend as Karakhois/Tarakhois en Gutas)
PLAAS 2061/1950 K 2817 DD/2818 CC/2917 BA/BB/BC/BD/ 2918 AA

Eerste eienaar: Ticket of Occupation for Steinkopf 1874-12-09.
Mission Reserve. Certificate of Reservation 1905-03-15

Nienaber (1939d:15) "Steinkopf is aangelê soos u skryf, deur die Eerw. J.H. Schmelen, wat in die jaar 1811 (nie in 1808) deur die Londense Sendinggenootskap uitgestuur is. Die stasie is aangelê, soos u skryf in of omtrent 1818 en deur Schmelen genoem na dr. Steinkopf, die prediker van die Duitse gemeente in Londen. Schmelen het die naam gekies tot gedagtenis aan sy ou leraar, deur wie se preke hy tot bekering en in dié sendingwerk gekom het. Na Schmelen se dood het die werk in Namakwaland oorgegaan aan die Rynse Genootskap (1848)."

SESA (1974 deel X:265) "People gradually gathered near water in a sheltered kloof, and in 1818 the London Missionary Society sent Heinrich Schmelen to found a mission station there. Dr. Karl Friedrich Adolf Steinkopf, minister of German congregation in London, donated a considerable sum of money for the purpose and in gratitude the station was named after him."

Eerwaarde Schmelen het die stasie in opdrag van sy genootskap, teen ongeveer 1818 op dieselfde plek aangelê waar die Basterkaptein Gert Engelbrecht, wie se vader met 'n Hottentotvrou getroud was, aangetref is (Meyer 1927:7). Die plaas was toe bekend as !Karakhois of Bijzondermeid wat egter deur Schmelen ter ere van sy geestelike vader, Steinkopf genoem is. Alhoewel die bronne hierbo verskil ten opsigte van die beweegrede vir die benoeming, is daar egter eenstemmigheid oor die persoon na wie dit vernoem is, naamlik dr. Steinkopf. Toe eerwaarde Brecher met sy koms Kookfontein as kerkplaas aanlê, het die naam Steinkopf op die hele gemeentegrond oorgegaan. Tans geld die naam vir die Kleurlingdorp en hele reservaat van 320 300 ha (SESA 1974 deel X:265). Op 1953-12-30 het die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika transport geneem.

AbbaheigaskopKop

K 2918 AC

Opmeting 1965 "Abbaheigaskop. Uitspraak Awahaixaskop. Oorsprong onbekend - iets te doen met swak waterplekke in laagte naby kop. Spelling volgens uitspraak."

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "Daar het vroeër onder andere baie jakkalsbosse by en teen die kop gegroei, wat oranjerooi opgegee het wanneer hul in blom was. Of die kop daarna vernoem is, kan ek nie met sekerheid sê nie."

Awahaixas is 'n wisseluitspraak van Abbaheigas. Die naam het vermoedelik te make met die plantegroei. Die Awa-/Abba- kan letterlik wees soos Nama /awa = rooi (Rust 1960:50); -hei-/hai- = "der Busch (Baum)" (Kr. & Rust 1969:176); -ga- soos -xa- = veelheidsuffiks met -s as lokativeerder. Dus: "Plek waar baie rooibos/rooihout groei" (Nienaber & Raper 1980:154). Hierdie bossoort kan nie met sekerheid geïdentifiseer word nie. Volgens informant De Waal kan dit die jakkalsbos, Castalus sp. (Smith 1966:257), wees waarvan die blommetjies oranje tot oranjerooi vertoon en gevolglik plaaslik as rooibos bekend kon gestaan het. Dit skyn in elk geval nie die peperboom te wees nie, (vergelyk Peperbosbank in hierdie afdeling) hoogstens die peperbos, wat ook hier aangetref word, in welke geval die kleur dan nie 'n oorwegende rol kan speel nie en Awahai- eerder as die ou inlandse benaming van die Afrikaanse peperbos gesien moet word. In hierdie geval sal die kopnaam dan neerkom op "Die plek (-s) waar daar baie (-xa-) peperbosse (/awahai-) is". Ongelukkig kom die inlandse naam vir die peperbos nie in die bronne voor nie, en dit word ook nie meer plaaslik gehoor nie.

AnimubKloof

K 2917 BB

Opmeting 1965 "Animūb beteken Voëloog. Die agtervoegsel -kloof word nie gebruik nie."

Soos Nama ani- = voël (Rust 1960:70), en -mû- = oog (Rust 1960:6), oordragtelik vir 'n fontein wat byvoorbeeld uit 'n aar of oog opborrel en wegstroom (Nienaber & Raper 1980:171-2). Die -b is gewoonlik 'n indeks van berg- en riviername, maar kan ook lokatieweêr. Dus: "Voëlfonteinberg" waarin die kloof geleë is.

Aribes Berg/Rivier/Gebied/Fontein K 2917 BA

Opmeting 1965 "/Aribes = vuur blus. Verskaf deur alle plaaslike bewoners wat geraadpleeg is."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "/ari = uitwis, doodmaak soos in die geval van 'n vuur (blus). Die naam mag heenwys na 'n gebeurtenis wat die Namas vir die nageslag wou bewaar. Uitspraak: Arriebees."

Na aanleiding van bovermelde sal dit kan wees soos Nama /ari- = "auslöschen" (Rust 1960:6), met die -bes as plekbenoemende formans. Dus: "Die plek waar (die vuur) geblus is." Die vermoede is dat Green (1964:199) se Daie Laos (dooie vuur) hierna verwys. Sy verklaring korreleer met dié van die plaaslike gemeenskap waarvolgens die Boesmans, toe die Namas hulle hier in die nag omsingel het, onmiddellik hulle vure geblus het. Die naam is van toepassing gemaak op die eertydse fontein, asook die gebied, rivier en berg wat almal op dieselfde graadvierkant geleë is.

Ausip Gebied K 2918 AA

Sensuskaart 1891 "N^t. Ausip".

Die betrokke gebied is geleë by Gezelskapsbank waar 'n landmetersbaken was. Die spelling Aisib kom by Nienaber & Raper voor wat genoemde gebiedsnaam gelykstel met Tauseep, te lees as Touseb (Nienaber & Raper 1977:179). Met Sout'Koisberg in die onmiddellike omgewing, is dit redelik seker dat die lid Au- soos Nama ≠ō = sout (Rust 1960:51), of /ū = brak (Rust 1960:12) kan wees. Die -si-b lokatieweêr, terwyl N^t die klapklank voorstel. Dus: "Sout- of Brakplek".

AxamisWaterbron

K 2917 BD

De Klerk J 1978 Oud-onderwyser Vraelys "Nog verder suidoos van Menskop is 'n sterk waterbron waar hartebeeste toender-tyd gesuip het wat !axamis heet - die fontein van die hartebeeste."

Hartebees is in Nama // kamab (Kr. & Rust 1969:220) wat nie te verbind is met Axamis nie. Laasgenoemde is eerder versoenbaar met "Rietbron", "Rietwater", soos Nama $\neq\bar{a}$ - = "das Riet" (Kr. & Rust 1969:32), en // gami- = "Wasser" (Rust 1960:72), met die -s van die fem. sing. wat onder andere fonteine en bronne kan aandui. Dus: "Rietwater", waarvoor ek steun vind in Eenriet wat suidoos daarvan geleë is.

BankhoekGebied

K 2917 BB

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Die naam is gegee aan 'n hoek aan die voet van 'n klipbank."

So genoem weens die rotsbank(e) wat in die hoek voorkom. Die fontein in dié omgewing staan ook bekend as Bankhoekfontein.

Bawiaanskop (Vroeër bekend as Heeraau)Kop

K 2817 DD

Laidler (1927:149) "D/heera D/au, Baboon Blood. A spit kop in a valley beyond big Stomach, where in the early days the Hot-tentots killed many baboons. These animals had troubled them for long, and so the natives made preparations and declared war against them, chased them to this kopje and killed them."

Laidler se /Heera- is dan soos Nama /nera = bobbejaan (Rust 1960:47). Vir wisseling van h-/n- vergelyk Nienaber & Raper (1977:46 by 5D6). Die /au sal wees /au-b = bloed (Rust 1960:11). Dus: "Bobbejaanbloed", soos Nienaber & Raper (1977:539-40)

dit ook verklaar.

B(i)esondermeid (Vroeër bekend as Karakhois/Tarakhois

Beginaanleg van Steinkopf

K 2917 BC

De Klerk J 1978 Oud-onderwyser Vraelys "Kharakhois - Besondermeid - beskrywende naam. Dit was die beginnedersetting wat later na Kookfontein verskuiwe is."

De Vries J 1978 Onderwyser Vraelys "Die naam moet eintlik 'Besonderheid' wees. Dit was oorspronklik 'n kookfonteintjie uit 'n skeur - is na jare verwerk, bestaan tans nog en voed nou twee sementdamme. Was glo iets besonders vandaar die naam 'Besonderheid'."

Die twee informante hierbo se gegewens verteenwoordig die twee hoofgedagterigtings in die verklaringspogings soos byeengebring deur Nienaber & Raper (1977:646-7; 1018-9). Vir De Klerk beteken die inlandse naam "Besondermeid" en vir De Vries "Besonderheid". Volgens Nienaber & Raper (1977:1019) kom Karakhois/Tarakhois neer op "B(i)esondermeid". Schultze (1907:168), Laidler (1927:148) en Pettman (1931:20) verklaar almal die eerste komponent as /kara = anders, anderagtig (Kr. & Rust 1969:217), en khois = "Frau" (Kr. & Rust 1969:23). Die Tara- en /Kara- is gewone wisselvorme (Nienaber 1963:80 en Nienaber & Raper 1977:47 by 5E1 vir wisseling van k-/t-). Ten opsigte van die motivering is daar verskille. Volgens Schultze: "Wahrscheinlich wie in so vielen Fällen eine Anspielung auf ein persönliches Erlebnis, das bekannt genug wurde, um dieser Grundwasserstelle den Namen zu geben." Die grondslag van die verhaal het verlore gegaan, daarom die verskillende poëtiserings, byvoorbeeld by Laidler, Pettman, P van Heerde en andere, soos aangehaal deur Nienaber & Raper. Sommige verbind die naam met die topografie, byvoorbeeld die besondere rotsformasie of selfs "die water uit die skeur tussen die biesies" ('n obseene verklaring), wat gesien word as 'n "biesonderheid". Hoofsaak is egter dat die Afrikaanse vertaling "Bi(e)sondermeid"

bastervrou daar van haar kar afgeval en haar twee bene gebreek het."

Die poort is volgens oorlewering vernoem na die voorval soos hierbo verhaal. Dit verskyn nie meer onder genoemde naam op kaarte nie.

Breekriet

Gebied

K 2917 BC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Breekriet".

Die gebied is geleë aan die oostekant van die plaas Rietkloof. Die laaste lid verwys na die fluitjiesriet, Phragmites sp. (Smith 1966:215), wat in die kloof of breek, soos dit plaaslik heet, groei. Die naam is van toepassing gemaak op die aanleg en omringende gebied.

Breipaal (Vroeër bekend as Noroghanap)

Gebied

K 2917 BD

Laidler (1927:148) "D/noro P/ghanap, where the poles on which hide ropes were twisted were erected."

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "In dié gebied kry jy nog die ou minte van destydse looikuile en -kuipe waar velle gebrei en gelooi is. Gewoonlik was daar ook breipale vir die brei van die velle. Breipaal was vroeër so 'n plek."

Volgens Laidler sal die inlandse naam dan wees soos Nama /noro- = "gerben" (Kr. & Rust 1969:292), met $\neq k\hat{a}$ -!nab = "der Pfeiler" (Kr. & Rust 1969:229). Eersgenoemde komponent beteken ook om rieme te brei (berei) of sag te maak (Nienaber & Raper 1977: 906), waarvoor die wenpaal gebruik is. As geheel gesien: "breipaal, twee lang pale met bo 'n dwarspaal om rieme te brei" (Kritzinger 1963:87). By Breipaal is vroeër heelwat van dié breipale opgerig, van daar die gebiedsnaam.

Bulletrap (Vroeër moontlik bekend as Haradous)

Kleurlingaanleg

K 2917 BD

Nelson FG 1980 Boer Gesprek "'n Sekere oubaas Visagie het uit eie reg met sy klomp bees op die Basters se grond gestaan. Hy was 'n eiekennige (eiewyse) en onkruidsigte (moedswillige) mens, maar baie grif (vindingryk). Hy het vir hom selfs 'n deng (ding) soos 'n kanon gemaak. Die gronde was destyds oop en hy het eenvoudig vryelik rondgetrek. Saans het hy vir hom 'n soort loopgraaf gemaak waaruit hy hom beter kon beskerm indien nodig. Hy se (sy) vrou was net so kookwater. Hy (sy) kon skiet soos vingerdruk (akkuraat). Hy (sy) het sy (haar) man trou bygestaan. Die Basters raak toe doring-skof (moeilik) en onlekker (kwaad) en het uitgetrek om hom weg te jaag van hul grond. Hulle het op 'n klomp ry-osse en -bulle hom tegemoet gegaan. Visagie het op hulle losgebrand en van die beste doodgeskiet en ander gewond. Toe die ander osse die bloed ruik, was hulle onbeheerbaar. Hul het die ruiters afgegooi en byna vertrap. Visagie het van die beste gebuit en toe weggetrek. Die plek waar dié episode plaasgevind het, het van toe af bekend gestaan as Bulletrap."

Afgesien van geringe variasies leef bogenoemde oorlewering plaaslik algemeen voort en word die vreemde naam Bulletrap aan dié gebeurtenis toegeskryf. Dieselfde Visagie het hom later te Visagiespan gaan vestig. Vergelyk laasgenoemde onder die afdeling panne. Nienaber & Raper (1980:403) is van mening dat Haradous, ongeveer 4 km van die huidige Bulletrap, moontlik die ou inlandse naam van laasgenoemde kan wees. Hulle grond hul afleiding op die feit dat die komponent Hara- korreleer met Nama \neq khara- = "Hoden" (Rust 1960:32), en -dou- met dao, vandag dā (Kr. & Rust 1969:52) = "schreiten, unter den Fuss treten". Dus: "Bulletrap". Hul wys egter aan die ander kant daarop dat J. Boois, soos deur hulle aangehaal, van mening is dat Haradous liefs verklaar moet word as "Wyepoort". Dit is ook my siening. Vergelyk Haradous in hierdie afdeling.

ChubiesiesTrigonometriese stasie

K 2917 AB

SG map 1895 "Trigonometrical Station".

'n Blote spellingsvariasie, blykbaar onder Engelse invloed, van Sabiesies, afkomstig van Nama tsabi-/tsawi-. Vir die betekenis vergelyk Sabiesies onder RICHTERSVELD in hierdie afdeling.

CoetzeesbankKop

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Coetzeesbank".

Die lid -bank verwys na die bankagtige kop waar Coetzees vroeër hulle verblyf gehad het. Die bewering is gebaseer op eie kennis en waarneming van die betrokke gebied.

CogabrivierRivier

K 2917 BC

Sensuskaart 1891 "T'Gobab River".

Schultze (1907:168) "!Gûxas, Cogab-Rivier bei Steinkopf, das reich (-xa) ist an !gū = Binsen".

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Doringrivier".

Sensuskaart se T'Gobab moet beslis T'Gogab lees. Schultze verklaar die eerste lid as biesies, maar die Topokadastrale kaart se Doringrivier toon dat dit eerder is soos // khû = doring(boom) (Rust 1960:14), met -gab soos Nama !āb = rivier (Rust 1960:22). Indien wel, het Schultze die suigklank verkeerd waargeneem.

Concordia (Vroeër Naichanab, asook Awauis)

Kleurlingnederstelling

K 2917 DB

Schultze (1907:169) "!Naixa-!nab, Konkordia, Kupfermine. Der Name, der nach Aussage der Eingeborenen von !naib = Giraffe abzuleiten ist, ist insofern bemerkenswert, als man bisher im Oranje die südlichste Grenze der Giraffe sah; der Name deutet vielleicht darauf hin, dass die Giraffe doch weiter nach Süden reichte (!na = innen)."

Meyer (1927:15) "Witbooi het self van Pella oor !Awa!Uis (Rooiklip, nou Concordia) na Kookfontein gekom."

Cornelissen (1965:31) "Concordia was formerly known as Witdorp (white village). The early companies Prince, Collinson & Company and Thomson, Watson & Company co-operated so well that the name was changed to Concordia after the word Concord."

Volgens Schultze was die inlandse naam Naichanab, wat neerkom op Nama !nai-b = "Giraffe, genannt 'Kameelperd' (Rust 1960:34), -xa = volop aan, en !nâ = binne (die streek of plek), met die -b as lokatief. Dus: "Die plek waarbinne baie kameelperde is" (Nienaber & Raper 1977:840). Meyer praat weer van !Awa!Uis, met die betekenis "Rooiklip", waarvolgens sy klapklanke dan foutief is, aangesien rooi in Nama /awa, en klip /uib is. Die slot-s sal lokativeer. Vermoedelik was albei inlandse benaminge vroeër van toepassing. /Awa/Uis was egter meer spesifiek na aanleiding van die topografie. Gedurende die koperstormloop het dit die beskrywende naam Witdorp gedra vanweë die huise en groot aantal hutte en tente vir die delwersbevolking. So byvoorbeeld berig The Cape Argus (14 Aug. 1873) dat die aantal werknemers tussen Maart 1872 tot Julie 1873 van 150 tot 500 gewissel het, terwyl daar volgens die Cape blue book (1882:748), teen 1875 10 huise, 219 hutte en tente en 'n bevolking van 961 mense was. Vanweë goeie samewerking tussen die eertydse maatskappye is die naam na Concordia

verander na aanleiding van die woord "concord", wat op harmonie of eendrag dui. In 1888 het die Namakwa Kopermaatskappy by die Concordia Maatskappy oorgeneem en oor die 400% diwidende tot aan die einde van 1928 betaal. Toe kon Tweefontein en Howeep-wes egter nie langer die erts voorsien nie en in 1939, toe die O'kiep Kopermaatskappy eienaar word, was dit hoofsaaklik net die kerkgeboue en 'n paar pakskure wat tussen die bouvalle gestaan het (Namaqualand copper 1952:31). Die naam Concordia het egter behoue gebly.

DabbieknikKnik/Duik

K 2917 BD

De Vries J 1978 Onderwyser Vraelys "'n Duik word soms hier 'n knik genoem. Vroeër moes daar baie dabbeboome gewees het."

Die knik het sy naam van die dabbieboom, Tamarix usneoides (Smith 1966:196), wat volgens Nienaber & Raper (1980:232) aangetref word by lekplekke (plekke waar diere brak), wat brak of souterig is en kry sy Khoekhoense naam dabbieboom van die souterige stoflaag op sy blare. Gedagtig aan die nabygeleë Brakrivier, kan Dabbie- miskien ook verbind word met Nama dabe- = brak (Nienaber & Raper 1977:296). Dus: "Brakknik". Voorkeur word egter aan die plaaslike informant, De Vries, se siening gegee.

DaberasFontein/Gebied

K 2817 DD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Daberas" ten ooste van die hoofpad na Violdsdrift.

Soos Nama Dabe- = "Die Tamariske, der Dawebusch" (Kr. & Rust 1969:54), Tamarix usneoides (Smith 1966:196), plaaslik ook bekend as die abiekwaboom, wat klaarblyklik vroeër baie daar gegroei het. Die moontlikheid is egter nie heeltemal uitgesluit dat die lid dabe- ook as brak vertaal kan word nie, wat steun verkry deur die fontein Sout wat net noordoos daarvan geleë is, alhoewel voorkeur gegee word aan die dabeboom-

verklaring vanweë die teenwoordigheid van dié boomsoort. Die tweede lid is vermoedelik te vertaal as lokativeerder met die slot-s vir die fontein. Dus: "Plek van die abiekwaboom" of "Abiekwafontein". Die fonteinnaam het ook gebiedsnaam geword.

DeurmekaarbergBerg

K 2817 CD

De Waal SA 1985 Skoolopsigter Gesprek "Die naam is seker vanweë die verskillende kleure van die klippe."

Die deurmekaar kleure vanweë die verskillende gesteentes het vermoedelik die bergnaam tot gevolg gehad.

Duke's KopKop

K 2917 BB

Opmeting s.j. "Named after a Mr. Duke who prospected in this area in the early days."

Volgens Opmeting is die kop vernoem na ene Duke, vermoedelik 'n Engelsman, wat in dié gebied geprospekteer het.

Eyams/Aieams/AijamsHoë Plato

K 2917 BC

Laidler (1927:148) "P/aieoms, Dry Mouth, a steep climb to a water place. By the time you get there your mouth is dry."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "'n Hooggeleë plato waar die seelug uit die weste gevoel word. Die koel briesie laat die Nama voel soos wanneer iemand windbreek deur die mond."

Volgens Laidler se ouer verklaring is die eerste komponent soos Nama \neq ai = "Kleben" (Rust 1960:35), met die daaropvolgende -am-s in die betekenis van die mond van 'n mens. Dus: "Vas-kleefmond" weens 'n droë mond, soos Nienaber & Raper (1980:259) dit stel. De Klerk bring op sy beurt die eerste komponent in verband met Nama khâi = "sich aufmachen (Wind)" (Rust 1960:74),

om daarmee die verligting aan te dui wat winde breek deur die mond meebring. Beide verklarings is taalkundig en topografies aanneemlik, alhoewel Laidler se ouer verklaring met aanduiding van 'n klapklank vooraan vermoedelik nog by die Namas verneem is.

GaarseepKop

K 2917 BB

Opmeting s.j. "Eintlik Garaseb. Agtervoegsel 'kop' word nie gebruik nie."

Vermoedelik soos Nama // gara- = "Aloe" (Rust 1960:2), met die -se(e)- as plekbenoemde suffiks, plus ml. ekv. -b(-p) vir die kop langs die pad. Dus: "Kokerboomkop", soos Nienaber & Raper (1980:261) dit ook verklaar.

GaracoupGebied

K 2917 DB

Kennis (1978:2957) "Stasie tussen Nababeep en Okiep, waarvandaan ou spoorlyn na Port Nolloth begin het."

De Klerk J 1979 Oud-skoolhoof "Woordeliks vertaal beteken die woord 'Mierkatmis'. Waarom juis hierdie naam, weet ek nie."

Nienaber & Raper (1977:377) bring die lid Gara- in verband met // gara = "der Aloe, der 'Kokerboom'" (Kr. & Rust 1969:83), met die lid -coup miskien soos ≠gou- = trog, of anders soos !goa = laagte. De Klerk sien egter die eerste lid as xara- = meerkat/mierkat (Nienaber 1963:381-2), onderfamilie Herpestinae (Oden-dal 1981:688), wat na aanpassing in Afrikaans oorgegaan het as graatjiemeerkat, ook genoem stokstertmeerkat, en -coup as Nama xou-b [xau-b] = "Scheissdreck" (Kr. & Rust 1969:48). Gevolglik "Meerkatmispiek", vermoedelik vanweë die baie meerkatte wat vroeër hier gehou en waar gevolglik baie meerkatmis versamel het. Die gebiedsnaam Garacoup is ook van toepassing gemaak

op die riviertjie aan die oostelike bloop van die Skaaprivier, asook op die stasietjie van die destydse spoorlyn na Port Nolloth. Albei verklarings hierbo is taalkundig en topografies verantwoordbaar, gevolglik is dit nie moontlik om 'n keuse ten gunste van een te maak nie.

GeelfonteinFontein

K 2817 DC

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Geelfontein".

Die naam is beskrywend van die geelagtige grond waarin die fontein geleë is. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

GladkopKop

K 2917 BC

De Vries J 1978 Onderwyser Vraelys "Dis 'n groot ronde kop waarvan die boonste gedeelte soos 'n granietbank is. Onder-om is ronde granietrotse."

Die granietkoepel gee aan die kop 'n gladde voorkoms, van daar die naam. Dit dra landmetersbaken nommer 25. Die naam is op die nabygeleë aanleg oorgedra.

Hangpal(e) (Vroeër vermoedelik Garapgab(-gas))Waterbron

K 2917 BA

Van Heerde-versameling "Eerw. Meyer het fatsoenlikheidshalwe dit Hangpale genoem, maar in werklikheid beteken dit in Hottentots Hangballe (!garab = manlike dele, -ab(gas) = watergat)."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Wyepoort is 'n nuwe naam wat 'Hangpal', die oorspronklike naam, vervang."

Van Heerde het blykbaar nog die inlandse naam van die betrokke waterbron gehoor wat, volgens hom, heerkom op Nama !garab =

"die männliche Scham (penis)" (Kr. & Rust 1969:92), met #gâb/#gas = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Volgens oorlewering was dit 'n puts waarin 'n boomwortel gehang het. Wanneer water geskep is, het dit die indruk geskep of die wortel in en uit beweeg. Daar kon nie vasgestel word waarom die bron nie liefs na die penis, waaraan die bewegende boomwortel laat dink het, vernoem is nie. Die gedagte was vermoedelik dat die balle veronderstel was om so diep in die water te hang dat hul nie sigbaar was nie, van daar die verwysing daarna as Hangbal(le). Dié obsene Afrikaanse vertaling is deur eerwaarde Meyer na Hangpal(e) gewysig, wat haas ook al verdwyn het. Vandag staan die gebied onder die benaming Wyepoort bekend.

HaradousPoort

K 2917 BC

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Dit is 'n wye poort waar die pad uitgaan."

Soos Nama hara = "weit, breit" (Kr. & Rust 1969:153), en daos = poort (Rust 1960:61). Letterlik dus: "Wyepoort".

Hartebeesfontein (Vroeër bekend as Naochaamis)Fontein

K 2917 BB

Schultze (1907:169) "!Naoxaamis, Hartebeestfontein, Grundwasserstelle nordöstlich von Steinkopf. 'Die Wasserstelle (ams = Mund) reich (-xa) an Baumstümpfen (!naon)'."

Die -(i)s het 'n lokatiewe funksie. Volgens Schultze beteken die inlandse naam dan: "Waterplek by die baie boomstompe". Die inlandse naam het verdwyn, maar die Hollandse naam leef in Afrikaanse vorm nog voort as bronnaam na aanleiding van die hartbeeste, Bubalis caama (Kritzinger 1963:199), wat vroeër hier aangetref is.

Henkries; -fontein Fontein/Besproeiingsaanleg K 2818 CC

(The Commercial Advertizer, 2 Desember 1854) "The most attractive part of the prospectus is probably the queer sounding title of the 'Henkris' company, which may possibly be either Sanscrit or Hottentot: or as some believe, a Cockneyism for 'Increase'."

Backhouse (1844:345) "Ingris, or Henkries Fontein, where, among hills of granite and gneis, near the Orange River, but separated from it by a lofty, rugged ridge, there is a considerable spring, at which several people were residing."

Hahn Th (1901:45) "!Hom!naris corrumpirt zu Henkries, Ortsname in Klein Buschmannsland ..."

SESA (1972:deel V:483-4) "According to tradition the Balis one day came across a dying White man muttering the word 'hungry', and the name Henkries is said to be a corruption of this word."

Skead (1973:75) "Henkreesfontein; Ingris", en "Henkries(mond) (...) Increase".

Bogenoemde is enkele bronne ter verklaring van die naam wat baie oud is en van vroeg af op kaarte verskyn. Nienaber & Raper (1977:545-6) wys tereg daarop dat die naam baie vermink is en eintlik onherkenbaar geword het. Volgens Hahn se opgawe hierbo is die eerste lid !Hom dan soos Nama !homi = berg, en !nanib = bergrand of -hang (Rust 1960:10). Met wisseling van n/r (vergelyk Nienaber & Raper 1977:47 by 5D9) ontstaan dan !nari- as wisselvorm naas !nani- wat beter aansluit by die -nkrie(s), via -nkerie(s)- laasgenoemde vorm soos deur Schmelen (1814:206) gebruik. Volgens Nienaber & Raper (1977:546) is die -m- van die eerste lid vermoedelik opgeneem in die -n- van -nkries. Die -s is die fem. sing gewoon by die name van

bronne, fonteine, ensovoorts. Dus: die "Fontein(-s) aan die berg (!homi-) se rand/hang (!nari-)". Backhouse se beskrywing van die topografie by die fontein ondersteun die verklaring. Die verminking van die naam blyk onder andere uit SESA se "hungry" en Shead se "Ingris" of volksetimologiese "Increase", terwyl Asmus, die korrespondent van The Commercial Advertiser, dit verklaar as moontlik 'n Londense dialek vir "Increase". Die naam Henkries is teenswoordig sinoniem met die florerende dadelverbouing aldaar. Volgens oorlewering het 'n afdeling Suid-Afrikaanse voetsoldate gedurende die 1914-rebellie 'n paar kilogram dadels as deel van hul rantsoen daar geëet, waarvan die pitte later ontkiem en die dadelplantasie tot gevolg gehad het (Middlemiss 1951:51).

HomeepKopermyn

K 2918 CA

SG map 1895 "Homeep".

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Homeep".

Nienaber & Raper (1980:419) bring Homeep in verband met Nama !homi = (die) berg (Rust 1960:10), met die -b ml. ekv., verskerp tot -p, as aanduiding van die bergnaam. Dus: "Berg" of "Die berg". Taalkundig en topografies is dit 'n aanvaarbare verklaring. Die naam leef tans voort as naam van die destydse kopermyn.

InkruipWatergat

K 2918 AA

Jansen HA 1983 Afgetrede boer Gesprek "Dis 'n diep, skuins klipgat met lekker water, geleë by Geselskapbank in die Steinkopfgebied. Jy moet inkruip om die water by te kom."

Vermoedelik dieselfde waterbron waarvan Scully (1915:18) skryf: "A tiny spring of living water that tickles from the depth and lies like a precious jewel hidden in the dark narrow cavern at Inkruip." Daar moet ingekruip word na die water, van daar die naam.

Kabinaberg/-fontein (Vroeër blykbaar bekend as Gâbis)

Berg/Fontein

K 2917 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Kabinaberg",
ook 'n "Kabinafontein".

Op die plaasnaamlys verskyn bovermelde berg as Kabinaskop. Suidoos van, en feitlik aaneenlopend met Kabinaberg, lê Eenrietberg (SG map 1895) wat op Hahn se kaart (1879) as "Een Riet or Gâbis" lees. Die berg(reeks) is vroeër as 'n eenheid benoem na aanleiding van die opvallende rietkol aldaar, sodat Hahn se Gâbis vertaal kan word as Nama $\neq \bar{a}$ = riet (Kr. & Rust 1969:32), met die plekbeduidende -bis, waarvan die -s selfs op die fonteinnaam kan dui. Die huidige Kabina- kom in betekenis op dieselfde neer. Die Afrikaanse lid -berg is 'n latere toevoeging. Dus: "Rietplekberg", of soos dit plaaslik heet, "Rietberg", wat opmetingsbaken nommer 32 dra. Dieselfde geld vir die fonteinnaam.

Khakharub

Klipgat

K 2917 AB

Cloete Tim 1985 Landelike ontwikkelingsklerk Gesprek "Dis 'n watergat in klip met 'n gaa-boom daarby."

Volgens die informant is die eerste lid dan te verstane as gaa-, die plaaslike benaming vir die rankerige wit melk(hout)-boom van die Sideroxylon sp. (Smith 1966:336) wat veral in klipskeure groei, gevolg deur -kharub= Nama // garu-b = "das Wasserbecken im Fels" (Kr. & Rust 1969:84). Dus: "Gaa-(boom)-klipgat".

Khoiams

Fontein

K 2917 DB

Laidler (1927:148) "P/khoi ams, man's mouth, a narrow pass with a small spring only 'big enough for one man's mouth', near Concordia."

Die eerste komponent is dan soos Nama khoi-b = "Mensch" (Rust 1960:42), en -ams = mond (Rust 1960:43). Dus: "Mensmond", soos Nienaber & Raper (1977:703) dit ook vertaal.

KhoïnomsKoppie

K 2917 BD

De Klerk J 1978 Oud-skoolhoof Vraelys "Ten ooste van Kinderlê kry ons 'n koppie wat op 'n distansie lyk na 'n mens en dus Menskop - Khoi-!noms heet (Nama)."

Die eerste komponent is soos Nama Khoi [Khoe-] = mens (Rust 1960:42), en die tweede soos !nomi, !noms = heuwel (Kr. & Rust 1969:298). "Menskop" is dus die letterlike vertaling van die inlandse Khoïnoms (Nienaber & Raper 1980:506) en wel omdat die betrokke koppie soos 'n mens se kop lyk.

KhoromusGebied

K 2917 BB

Opmeting 1965 "Garramoës/Khoromûs. Uitspraak Garramoës. Ouer inwoners praat van T'Gorrômoep d.i. water (of fontein of put) by die harde (kalkerige) plek. Amptelik egter gebruik die amptelike instansies die naam Garramoës."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Khoromus (Kalkoog). Die water groei uit kalkgrond."

Na aanleiding van die nabygeleë Gaarseep, bring Nienaber & Raper (1980:299) Garramoës/Khoromûs in verband met Nama // gara- = "die Aloe, der 'kokkerboom'" (Kr. & Rust 1969:83), plus -mû = oog, bronoog, fontein (Rust 1960:6). Die keuse lê vir hulle tussen "Kokerboomfontein" en "Kalkfontein", met eersgenoemde as die begunstigde. Volgens informant De Klerk wat die gebied baie goed ken, asook die ouer inwoners se uitspraak T'Gorro-moep(s), lyk dit tog of voorkeur verleen moet word aan Nama !khorô = "Kalkstein" (Rust 1960:34). Dus: "Kalkoog" of "Kalkfontein".

Kinderlê (Vroeër bekend as Goangoes)Graf

K 2917 BB

Laidler (1927:148) "Kinderlay, near Steinkopf, has a Nama name, so far not recovered. About fifty years ago the Hottentots went to the Mission church at Steinkopf. The Bushmen raided their kraal during their absence and murdered all the women and children. On their return, the men found the children's corpses lying around, hence 'children lie around'."

Meyer (1927:13) "Een van die getuies van die Boesman-gevaar van vroeër is ook die plaas 'Kinderlê' omtrent 'n uur noord-oos van Steinkopf. By hierdie plaas word nog die graf aangewys, waarin 'n hele kinderskaar begrawe lê. Volgens die verhaal wat die Hottentotte gee, het daar 'n hele paar families van hul volk gewoon. Op 'n sekere dag, toe al die ouer mense na Byzondermeid gegaan het om by 'n deurtrekken-de smous twak te koop, is hul hutte deur 'n bende Boesmans oorval en al die kinders is vermoor (dit word beweer dat dit 32 kinders was). Die Boesmans het die lyke vreeslik vermink en dan onder 'n kombers weggesteek. Toe die ouers die aand terugkom, wat moes hul sien! Daar lê hul kinders dood en in hul bloed. Van die tyd af het hul die plaas genoem: '!Goân !!Goes', op Afrikaans: 'Kinderlê'."

De Klerk J 1978 Oud-onderwyser Vraelys "/Gôan-//goes - Kinderlê: Daar lê 32 Nama-kindertjies begrawe wat op 'n Sondagoggend deur Boesmans vermoor is, terwyl die ouers die erediens op die dorp bygewoon het."

De Klerk se skryfwyse van die inlandse naam bevestig Nienaber & Raper (1980:333) se vermoede dat die suigkonsonante by Meyer as setfoute te sien is. /Gôan-//goes sal dan wees soos Nama /gôa = kind (/gôa-n - pl. comm.) (Rust 1960:34) en //goe = "liegen" (Rust 1960:39), met die lokativerende -s. "Kinderlê" is

dan die letterlike vertaling van die ou Namanaam. Die hoofteite van alle beskikbare bronne en oorlewerings stem ooreen, al is daar, soos te wagte is ná die lang tydsverloop, kleiner afwykings op ondergeskikte punte, soos Nienaber & Raper tereg daarop wys. Die verhaal leef plaaslik nog redelik suiwer en sterk voort. Dit was vroeër in sy Afrikaanse vorm klaarblyklik die naam van 'n plaas, maar tans is dit nog net van toepassing op die gesamentlike graf van 32 Namakwakinders wat deur die Boesmans vermoor is (Die Koningsbode 10 Des. 1943: 14 e.v.).

Klipfontein/-berg

Gebied/Berg

K 2917 BA

Goosen JPJ 1978 Boer Gesprek "Dis 'n groot platklip met 'n gat daarin waaruit lieflike varswater groei en in 'n dam invloei."

Die gebied en berg heet na die fontein in en omring van klip wat heerlike varswater bied. In die dae van die Namakwalandse muiltrein was die Klipfontein-hotel alhier vir die passasiers 'n jolige oase omtrent halfpad op die roete tussen Port Nolloth en Okiep. Dáár is gewoonlik op die twee dae lange reis oornag (De Villiers 1969:50-3). Die berg dra driehoeksbaken nommer 3.

Kobie-/Kobisfontein

Fontein

K 2817 CD

Sensuskaart 1891 "Kobis Fontein".
SG map 1895 "Kobie Fontein".

Kobisfontein lê in die Kowieprivier wat in die afdeling oor riviere reeds vertaal is as "Kalkfontein" en "Kalk(plek)rivier" respektiewelik. Kobiefontein sien Nienaber & Raper (1980:530) as volksetimologiese afdwaling om van die inlandse naam 'n persoonsnaam Kobie te maak.

KonkypBerg

K 2917 BB

Opmeting 1965 "Berg troon uit in die vlakke en lyk dus altyd betreklik naby of nie so erg in omvang nie. Hierdie aspekte is egter bedrieglik. 'Kon'kyp sou dan beteken: Hy laat looop!!! - hetsy na die berg, hetsy om die berg. Inligting verkry van alle plaaslike bewoners wat geraadpleeg was."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "'n Namawoord wat beteken dat 'n mens ver sal moet loop om dit te bereik."

De Klerk was vermoedelik ook in 1965 een van die informante, van daar die ooreenstemming van die verklarings wat blykbaar albei die eerste lid aan Nama !gû= "gehen" (Rust 1960:25) koppel. Ek is van mening dat die lid 'Kon miskien eerder kan wees soos Nama ≠gō̄ (vir wisseling van g/k vergelyk Nienaber & Raper (1977:42 by 5A3) = "spitz" (Kr. & Rust 1969: 131), terwyl 'Kyp te verbind is met Nama /uib = berg (Rust 1960:10). Dus: "Spitsberg". Andersins soos Nama !nu = ver (Rust 1960:21), vir wisseling van n/k vergelyk Nienaber & Raper 1977:46 by 5D5, wat dan sal neerkom op "Die berg wat ver is". Die betrokke berg dra landmetersbaken nommer 20.

Kookfontein (Vroeër bekend as Gutas)Fontein/Aanleg

K 2917 BA

Schultze (1907:168) "/Gutas, Steinkopf, Kookfontein, wo das Wasser wie beim Kochen (/gû) sprudelnd quillt."

De Klerk J 1978 Oud-onderwyser Vraelys "Die oorspronklike naam van die dorpie (Steinkopf) was gōu-das - 'n woord wat beteken Kookfontein na aanleiding van 'n baie sterk water wat uit die aarde geborrel het."

Nienaber & Raper (1980:364-5) aanvaar informant De Klerk se Goudas as wisselvorm van Gungdas, Gudas en Gutas. Die eerste komponent is soos Nama /gû = "kochen" (Rust 1960:36), met -da-/-ta- as moontlik 'n lokatiefmorfeem met die slot-s fem.

sing. om die fontein aan te dui. "Kookfontein" of "Kookwater", soos die Duitse sendelinge dit liever genoem het, is dan 'n letterlike vertaling van die inlandse naam Gutas waarheen die oorspronklike aanleg Biesondermeid verskuif is (SESA 1974 deel X:265) en wat later verdoop is tot Steinkopf. Dit het eers onder gesag van Cupido Witbooi van Pella gestaan, maar toe laasgenoemde van Pella af wegtrek, het hy op verskillende plase onderkapteins benoem. Ook Gutas het sy onderkaptein gekry naamlik Vigilant Oorlam, wat later die naam Abraham Vigilant aangeneem het. Hy was 'n afstammeling van die kaptein van die Rooivolk op Hoachanas, dus 'n opregte Namakwa en nie soos beweer is 'n Boesman nie, aldus Meyer (1927:15).

KorosAanleg/Gebied

K 2917 BC

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Koros is Nama vir noute."

Nienaber & Raper (1980:560) vertaal Koros as "Kalkfontein" na aanleiding van Nama !khor- = "der Kalkstein" (Rust 1960: 34). Informant De Klerk verbind egter Koro- met Nama ≠oro- = eng (Rust 1960:17), in welke geval dit dan vertaal kan word as "Nouplek".

Korrogas/Korochas (Vroeër bekend as Goregas)Gebied

K 2917 BD

Schultze (1907:168) "Gorexas, Zwalrtbelt, zwischen Steinkopf und Ookiep. 'Der Ort reich (-xa) an Bitter-Aloë (goreb)'."

Nienaber & Raper (1980:560-1) verbind die grondwoord met Nama !khor- = "der Kalkstein" (Rust 1960:34), die -ga- soos Nama -xa- = veelvoudsuffixs met die vr. ekv. -s vir die fontein-naam, sodat dit neerkom op "Kalkfontein". Schultze se Gorexas korreleer egter met Zwaartbelt op IMS se kaart (1900 Port Nolloth sheet), asook met Korrogas op Topokadastrale reeks 1974

vel 2916 Springbok, waarvolgens dit dan wil voorkom of die inlandse benaming nie Korrogas was nie, maar wel Gorexas met die betekenis soos deur Schultze verstrek. Dit is egter nie duidelik wat die benaming Zwalrtbelt/Zwaartbelt impliseer nie. Indien dit Swartbelt of Swartbult veronderstel te wees, kan dit miskien verklaar word vanweë die baie "Bitter Aloë" (Nienaber 1963:201-2) wat veral gedurende 'n sekere tyd van die jaar donker opgee.

KosiesAanleg met skool

K 2917 BA

De Klerk J 1978 Oud-onderwyser Vraelys "Omtrent 18 myl na die noorde van die dorp (Steinkopf) is 'n skoolplasie bekend as !Khosis - Namanaam na aanleiding van die pypklip wat in die omgewing gekry word."

Soos Nama !Khō-s = "Tabackspfeife" (Kr. & Rust 1969:246). Die -si-s is pleknaamduidend. Dus: "Pyp(klip)plek". Eintlik is Kosies net 'n aanleg met 'n skool in plaas van 'n sendingstasie soos op die pleknaamlys aangetoon. Ook die gebied staan onder dié naam bekend.

MeyersbankGebied

K 2917 BB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Meyersbank". De Waal SA 1984 Skoolopsigter Gesprek" Daar het mense met die van Meyer, gewoon."

Volgens informant De Waal is die gebied vernoem na die familienaam Meyer, na aanleiding van mense met dié van wat vroeër daar gewoon het. In die gebied kom heelwat plekname voor waarvan die laaste lid -bank is vanweë die klipbankagtige koppe.

Muishond; -fontein (Vroeër bekend as Eses)

Spoorwegstasie/Fontein

K 2917 BC

Sensuskaart 1891 "Muishond Fontein".

Schultze (1907:168) "/E-ses, Muismond, Grundwasserstelle ca. 39 englische Meilen, östlich von Port Nolloth, nach dem 'Erdmännchen', /ēb (*Cynictis penicillata*), das dort häufig ist, benannt."

Schultze se "Muismond" is klaarblyklik 'n drukfout vir Muishond, 'n destydse spoorwegstasietjie wes van Anenous (IMS Port Nolloth sheet), waarvan die naam in verkorte vorm oorgedra is van Muishond Fontein wat net suidoos daarvan geleë is. Die inlandse naam, Eses, is soos Nama /ēb = "das Erdmännchen" (Kr. & Rust 1969:61), dit wil sê meerkaaie wat destyds baie daar voorgekom het. Volgens Shortridge (1934 deel I:141-5) is die *Cynictis penicillata*, deur Schultze aangegee, die waaierstertmeerkat, dus nie eintlik 'n muishond soos die naam Muishond(fontein) wil voorgee nie. Die -se- is plekbenoemende lid plus die fem. sing. -s wat die bronnaam aandui. Dus: "Meerkatfontein". Dit was oorspronklik die fontein wat benoem is en waarvan die naam op die destydse stasietjie oorgegaan het.

Naelfontein

Fontein

K 2917 BA

Cloete Tim 1985 Landelike ontwikkelingsklerk Gesprek "Dis 'n syferwater uit 'n rots wat die vorm van 'n nael het."

Die syferfontein is, volgens die informant, vernoem na die naelvormige rots waaruit die water kom.

Naragapkop

Kop

K 2918 AC

Opmeting 1965 "T'Naragapkop. Iets te doen met 'grouwatertjie' in laagte naby kop."

Die lid T'Nara- is vermoedelik soos Nama ≠nara = "platt, flach (sein)" (Kr. & Rust 1969:286), en -gap soos ≠gâb = "das Grabwasserloch, die 'puts'" (Kr. & Rust 1969:97). Dan ongeveer "Vlakgraafwatergatkop" of "Vlakputskop". Die gebied by die kop heet tans Vaalputs.

NarapbergBerg

K 2917 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Narapberg".

Cloete Tim 1985 Landelike ontwikkelingsklerk Gesprek "Hulle sê Narap beteken kraal omdat die omringende berge dit soos 'n kraal omsluit. Dit is laagliggend."

Of dit miskien die "C/narap, C/nara, to sit and watch, meaning peacemaking" is waarna Laidler (1927:149) verwys, kan nie nader vasgestel word nie, alhoewel dit die gebied is waaruit hy die meeste plekname geneem het. Volgens Cloete beteken dit kraal, in welke geval dit dan as Nama !hara-s (Rust 1960:36) gesien moet word. Aangesien hy ook praat van laagliggend, kan dit miskien eerder wees soos Nama ≠nara = "platt, flach (sein)" (Kr. & Rust 1969:286), met die ml. ekv. -p(-b) wat hier bepaaldelik aandui dat die plek 'n berg is.

NarisGebied

K 2917 BA

Laidler (1927:148) "P/nares, P/ghaap, Steal Back. The Bushmen stole the beasts from the Namas, and trekked back over the mountains at this place."

Opmeting 1965 "≠Nari = gewarrel van die wind. !Nari = steel. Inligting verkry van die ou bewoners van die gebied."

Volgens Opmeting se inligting word gedink aan ≠nari- = "um-springen (Wind)" (Kr. & Rust 1969:286) of !Nari = "stehlen" (Rust 1960:59). Indien Laidler na dieselfde plek verwys, is daar natuurlik meer grond vir aanvaarding van !nari- = steel,

en dan wel teen die agtergrondsgebeure soos deur hom beskryf. Met die -s wat lokatiewe, sal dit dan neerkom op "Die plek waar gesteel is".

NarougasrivierRivier

K 2917 BB

Opmeting 1965 "Naruxasrivier, beteken 'n harde klipbankagtige plek of 'n dik stok. Tongklap 'Na'. Geleë op Steinkopf. Daar is ook op dieselfde graadvierkant Narougasberge en gebied."

Volgens Opmeting se betekenis moet gedink word aan !narugu = "mit Steinen übersät, steinigt" (Kr. & Rust 1969:282), wat taalkundig nie te rym is met Narougas nie. Die mening is dat Narou- te verstaan is as /haru- = biesies (Rust 1960:11). Vir wisseling van n- en h-, vergelyk Nienaber & Raper (1977: 46 by 5A6). Die -xa- = volop, baie, met die fonteinbenoemende -s (fem. sing.), dus ongeveer "Biesiesfonteinrivier".

NguroeebesGebied

K 2817 DD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "N'Guroeebes".

Deur die betrokke gebied loop die Oernoerivier waarvan die eerste lid verbind word met wit. Vergelyk URANOEP onder riviere. Dít tesame met plaaslike navrae, dui daarop dat die grondwoord N'Guroe- (die N' dui die suigklank aan) is soos Nama // guru- = "Quarz, Kieselgrund" (Kr. & Rust 1969:143). Die -bee-s is lokatiewe suffiks met die -s fem. sing. wat die fontein aandui. Dus: "Gruisfontein", soos ook by Nienaber & Raper (1980:633-4).

Noenoemaas; -berg (Vroeër bekend as H'Noomas)Gebied/Berg

K 2917 BD

Sensuskaart 1891 "H'Noomas".

Op dieselfde graadvierkant is geleë Nguroebees, Oernoepri-
vier, Nous en Nougaseeprivier, wat klaarblyklik 'n toponi-
miese patroon vorm na aanleiding van die wit kwartsklippe
wat oral gryswit uitslaan teen die andersins donker agter-
grond. By die eertydse bewoners het dit vermoedelik die
beeld van weerlig wat slaan opgeroep, van daar die rivier-
naam waarvan die eerste lid dan te verbind is met Nama
≠nou = "schlagen" (Rust 1960:53), en verder gawu- = "Gewit-
terhimmel" (Rust 1960:27), met -se- as plekbenoemer en
-b(-p) waarmee die rivier aangedui word. Gedagtig daaraan
dat vir wit in Oud-Kaaps opgeteken is nau-, soos Nama !noā
= gryserig-wit (Nienaber 1963:532), kan dit miskien net as
"Witrivier" vertaal word, in welke geval die -ga- as veelvul-
digheidsinfiks vertolk moet word.

NousFontein/Myn

K 2817 DD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Nous".

Nous lê wes van die Nougaseeprivier. Dis die benaming van
'n waterbron en 'n myn. Dit wil voorkom asof Nous inpas
in die toponimiese patroon soos onder Nougaseeprivier ver-
meld en waarvan die betekenis op wit slaan. Vir wit is in
Oud-Kaaps opgeteken nau-, soos Nama !noā = gryserig-wit (Nie-
naber 1963:532). Die uitgang -s dui aan dat die beginpunt
waarskynlik die bron of fontein was.

NuwekasteelGebied

K 2917 BA

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "'n Ingang of inloop
tussen die koppe. Daar is twee inlope - een is later eers
bewoon."

'n Poort, vroeër bekend as Kasteelpoort, waardeur die trein-
spoor geloop het, volgens eie kennis van die gebied. Die in-
gang met die koppe aan weerskante laat 'n mens aan 'n kasteel
dink. Eintlik is daar twee inlope, soos die informant dit

stel, waarvan een eers later bewoon is, van daar die benaming Nuwekasteel.

Otas/OutasWaterbron

K 2917 DB

Schultze (1907:169) "Outas, /Audas ... /aus, die Quelle, -da scheint als Diminutivum gebraucht zu werden."

Van Heerde-versameling "O'tas = Hut by die gatwater. Naby Concordia."

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "T'Noetas lê naby Concordia en was 'n watergat waaromheen vroeër 'n heining of skerm gepak was om die bron te beskerm."

Na aanleiding van Schultze se gegewens verklaar Nienaber & Raper (1977:980) die betrokke bronnaam as "Die plek(-s) van die fonteintjie". De Waal se beskrywing verleen steun aan Van Heerde se verklaring. Die T'Noe- sal dan kan wees soos Nama !nu-s = "der (Wind)-schirm (mit Büschen eingefriedigte Koch - oder Schlafstelle)" (Kr. & Rust 1969:306). Vergelyk ook Kroenlein (1889:265). Hiervan het net die O- in die plaaslike uitspraak oorgebly. Die laaste lid sal dan wees soos Nama ā-s = watergat (Kr. & Rust 1969:2). Ongeveer dan: "Die skerm by die watergat".

PaddagatGebied

K 2917 BD

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Paddagat". Coetzee GJE 1978 Rustende boer Gesprek "Daar was vroeër 'n vlei of gat met water waar paddas snags baie geskree had (het). Bedags had swerms patryse daar kom drink."

Volgens die informant was daar destyds 'n redelike vlei of gat wat lank reënwater gehou het. Gevolglik het heelwat paddas, wat maar 'n rariteit in Namakwaland is, in dié gat voorgekom. Ook patryse het in groot getalle daar kom water drink.

PeperbosbankKop

K 2918 AC

Opmeting s.j. "Peperbosbank. Kop. Peperbos = bossoort wat op koppies groei."

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "Die peperbos is 'n struikagtige bos wat veral vroeër volop by dié kop gegroei het en wat so genoem word vanweë die peperagtige smaak van die blare en hul neiging om 'n mens te laat jeuk."

Nienaber & Raper (1980:154) bring die peperbos in verband met die peperboom, Schinus molle (Smith 1966:366), om na aanleiding van sy rooi bessies die nabygeleë Abbaheigas/Awahaigas (kop) as moontlike inlandse naam vir Peperbos(bank) te probeer verklaar. Die twee plantsoorte is egter nie gelyk te stel nie. Die peperbos is 'n struikagtige bos, vermoedelik van die Coronopus sp. (Smith 1966:366), wat volop by die kop (bank) groei en aanleiding tot die kopnaam, Peperbosbank, gee het.

Pie'KnypGebied

K 2917 BA

Cloete Tim 1985 Landelike ontwikkelingsklerk Gesprek "Dit word min of meer 'Pie'ys' uitgespreek, vermoedelik n.a.v. ene Piet Uys wat daar gewoon het."

Die laaste komponent dui eerder op Nama /ui-s = "Stein, Felsen" (Nienaber 1963:218), ook /uib = berg(rand) (Rust 1960:10). Oor die eerste lid Pie' is daar nie sekerheid nie. Pypklippoort en Kosies in die onmiddellike omgewing en die Kosiesberg waarin Pie'Knyp geleë is, laat die vraag ontstaan of dit nie 'n vervorming is van pesché (pipe) (Nienaber 1963:424) of Nama !heis = "Steinpfeife" (Rust 1960:47) nie, wat Pie'Knyp se betekenis dan sal laat neerkom op "Pypklipberg (hang)".

PokkiesbankKop

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1974 vel 2918 Pofadder "Pokkiesbank".

Die skurwe rotse op die kop wek vermoedelik die indruk van pokkies. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

RabasFontein/Gebied

K 2917 BA

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Dis 'n fontein waar 'n plant, wat met teeblare getrek en gedrink word, groei. Dit gee 'n besondere geur aan die tee."

Volgens De Klerk se gegewens is dit vermoedelik die Pelargonium antidysentericum (Smith 1966:381) wat vroeër in melkafkooksels deur die Hottentotte vir swakheid en bloedarmoede gebruik is, maar soms saam met teeblare getrek word (Smith 1966:381). Die fonteinnaam het ook gebiedsnaam geword.

Sabies; rivierFontein/Rivier

K 2917 BD

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Destyds was by die waterplek swartebbehoutbome".

Nienaber & Raper (1980:694) sien Sabies as 'n wisseluitspraak van tseibie, sebbie-, en vertaal dit as Nama !gibe = Hottentotsrys. Volgens De Klerk hierbo, is die naam egter afkomstig van die swartebbe(n)houtbome, Euclea pseudelbenus (Smith 1966:449), wat vroeër by die fontein (indeks -s) gegroei het. Dus: "Swartebbe(n)houtfontein". Die rivier, wat in die Brakrivier loop, is op sy beurt weer na die fontein vernoem.

SafnekGebied

K 2817 DC

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "'n Watergat onder 'n waterval met 'n sandbank naby."

Vermoedelik 'n Afrikaanse benaming waarvan die eerste lid op die sagte sandbank of -nek dui in teenstelling met die harde, klipperige, omringende gebied. Die naam het op die gebied oorgegaan.

Sandsteenberg

Berg

K 2917 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Sandsteenberg".

Die berg bestaan grotendeels uit sandsteen, van daar die naam. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

Sewe-en-ses-pennie-pad

Pad

K 2917 AC

Van Heerde-versameling "In die outyd het die Blankes vir 7/6 'n dag op die pad gewerk. Die droogte het teweeggebring dat die mense ondersteuning moes kry. Die regering verskaf toe aan hulle werk op die pad tussen Steinkopf en Port Nolloth teen 7/6 per dag, waarna dit toe vernoem is as die "Sewe-en-ses-pennie-pad."

Die destydse naam van die betrokke pad het ontstaan soos deur Van Heerde verduidelik.

Skaapkop (Vroeër bekend as Gutanas)

Kop

K 2918 AA

Hahn (1901:229) "Gutanas, Berg in Klein Buschmannland";
(238) "Gutanas, Schafs-kopf".

Geleë noordoos van Steinkopf en volgens Hahn aldus vernoem omdat dit die vorm van 'n skaap se kop vertoon. Die inlandse naam is soos Nama $g\bar{u}$ - = skaap (Rust 1960:52) met -tana- (-dana-) = kop (Rust 1960:36) en die -s wat lokatieweer. Die inlandse naam het verdwyn. Vergelyk Nienaber & Raper (1977:488).

SoebeesFontein

K 2917 BC

Laidler (1927:148) "Tsubees, troublesome fountain, near Anenous, when the river runs it silts up."

De Klerk J 1979 Oud-onderwyser Vraelys "Tsjoebees. Nama vir moeilikheid."

Die eerste lid is soos Nama tsu- = "übel, lästig" (Kr. & Rust 1969:386), wat korreleer met Laidler se "troublesome fountain" in die sin dat dit maklik toespoel as die rivier waarin dit geleë is, loop. Die -bees (-bes, -bis) is plekbenoemend. Letterlik dan: "Lastige-fontein", soos Nienaber & Raper (1977: 1062) dit stel.

SoutWaterbron

K 2817 DD

Topokadastrale reeks 1976 vel 2816 Alexander Bay "Sout".

Vernoem na die sout- of brakwater van die bron. Die verklaring berus op eie kennis en waarneming.

Sout (Vars) 'KoisbergKoppe

K 2918 AA

Opmeting 1965 "Soutkoesberg, Soutkoisberg. Inligting van 'n ou plaasarbeider op Geselskapbank."

Sout 'Koisberg en Vars 'Koisberg lê naby mekaar. Die Sout/Vars is klaarblyklik ter onderskeiding van genoemde twee berge ten opsigte van die water of gewasse in die onmiddellike omgewing. Die lid 'Kois- is vermoedelik soos /oi-s/ui-s = "der Stein, der Felsen" (Nienaber 1963:340). Dus: "Sout-(Vars-) klip(berg)".

SteierkraalGebied

K 2917 DB

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Steierkraal".

Die gebied is vernoem na die baie steiers van pale met riete of plat bosse gedek wat vroeër dikwels langs matjieshuise opgerig is. Vergelyk die plaasnaam STYGER KRAAL. Die lid -kraal verwys na die aanleg.

Swartput (Vroeër bekend as Nuarachab)

Waterbron

K 2917 BD

Schultze (1907:170) "Nu- \neq araxab, Zwartpit, Grundwasserstelle nördlich von Ookiep. 'Wo viele (-xa) schwarze (\neq nu) Kerne (\neq aran)'."

De Waal SA 1983 Skoolopsigter Gesprek "Daar was vroeër 'n vrugteboomtuintjie by die put waar veral vye-, kweper- en granaatbome gegroei het. Die grond is taamlik donker van kleur, miskien het die naam daarmee te make."

Informant De Waal skryf die Swart- toe aan die kleur van die grond, maar volgens Schultze is dit soos Nama \neq ara-b = pit van 'n vrug (Kr. & Rust 1969:34). Daar was wel vroeër vrugtebome, soos deur De Waal beskryf, maar na watter vrugsoort spesifiek verwys word, kan nie met sekerheid gesê word nie. Nienaber & Raper (1977:920) is van mening dat die pit volks-etimologies verander het na put. Interessantheidshalwe kan miskien genoem word dat die benaming Swartbull 'n bietjie meer noord van Swartput op beide die Afdelingsraadkaart en Divisional map of Namaqualand 1916 verskyn. Het Schultze nie dalk die twee verwar nie, en het hy die inlandse naam reg aangehoor? Klankmatig wil \neq karâmab = bul (Nienaber 1963: 236-7) 'n mens soms laat wonder of hy nie Swartbull in plaas van Swartpit in gedagte gehad het nie.

(Rust 1960:61) wat verkry word van die termietnimfe of -larwes wat wit is en soos ryskorrels lyk (Schultze 1907:191). Die kop staan gevolglik plaaslik bekend as Ryskop. Vergelyk ook die plaasnaam SABIES.

TingbergBerg

K 2917 BA

Cloete Tim 1985 Landelike ontwikkelingsklerk Gesprek "Ons praat van die spantoumelkbos as die t'ingbos wat vroeër vermoedelik baie in dié berg gegroei het."

Die betrokke berg lê net noord van Anenouspas en het volgens die informant sy naam van die spantoumelkbos, Sarcostemma viminale (Smith 1966:430), plaaslik bekend as die t'ingbos, gekry.

TkarriesGebied/Rivier

K 2917 BB

Opmeting 1965 "Uitspraak met 'n tongklap 'T'. Beteken 'hard' - rivier vloei oor harde grond. Daar's ook op dieselfde graadvierkant 'n T'Karriesrivier (Karis/Gari). Inligting verkry van G. Cloete, voorsitter Steinkopf Bestuursraad, en oud-onderwyser wat lank woonagtig is in hierdie gebied."

Volgens Opmeting se gegewens sal dit wees soos Nama !gari = hard (Rust 1960:29), met die -s as lokativeerder. Die wisseling van g/k is algemeen (Nienaber & Raper 1977 by 5A3). Dit kan selfs wees soos Hottentots /kari-p = "rock, klep" (Nienaber 1963:341). Dus: "Hardeplek" of "Klipplek". Die naam is ook oorgedra op die riviértjie, wat deur die gebied loop.

TnabiesbergBerg

K 2917 BB

Sensuskaart 1891 "Tc.Nabies Berg".

SG map 1895 "Tc.Nabies Mt."

Nienaber & Raper (1977:833-4) stel, wat ligging en betekenis betref, Nabiesberg gelyk met Laidler se Nabip [C/na bib] wat hy met "Big Stomach" vertaal. Hiervolgens is die grondwoord dan !na-b = "der Magen" (Rust 1960:40) met plekbenoemende suffiks -bie-/bib. Die begrip groot is bygedink. Dus: "Maagberg". Die plaaslike mening verskil egter hieroor en wel daarin dat Laidler eerder na die huidige Kabies se berg noordwes van Anenous verwys. (Vergelyk Kabies se Pan, (-Berg) onder die plase KORRIDOR). Nabiesberg op sy beurt is eerder te korreleer met die teenswoordige Kabinaberg, op Hahn se kaart (1879) as Gâbis aangegee en vertaal as "Rietplekberg"/"Rietberg". (Vergelyk Kabinaberg onder STEINKOPF). Vir die wisseling van n-/g-, wat algemeen is, vergelyk Nienaber & Raper (1977:46 by 5D4).

Tnaikoep

Kop

K 2918 AC

Opmeting 1965 "/Hai//khub". Vermoedelik "Vaaldoring".
 Topografiese reeks 1970 vel 2918 AC Kontorogab "Haikhub".
 Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "T'Naikoep".

Volgens Opmeting hierbo is die eerste komponent soos Nama /Hai- = "fahl" (Rust 1960:20), met //khub = "Dorn" (Rust 1960:14). Dus: "Vaaldoring". Nienaber & Raper (1980:396-7) sien egter die laaste komponent as die ouer variant van /kuib, Oud-Kaaps vir klip/berg/kop (Nienaber 1963:217-8), gevolglik dan "Vaalklip/kop" of "Vaalbank" na aanleiding van die verskeie plekke in die onmiddellike omgewing met die bestanddeel -bank. Daar kon nie vasgestel word watter een van die twee verklarings, wat taalkundig ewe aanvaarbaar is, voorkeur behoort te geniet nie.

VlieholtebergBerg

K 2917 BA

Topokadastrale reeks 1974 vel 2916 Springbok "Vlieholteberg".

Die berg is waarskynlik vernoem na die holte waar baie vlieëbosse, Roridula dentata (Smith 1966:486), groei.

VroedvrouAanleg

K 2917 BC

Van Heerde-versameling "Hul het iemand (n oumatjie) gaan haal vir n bevalling. Hul was so haastig dat hul die kar omgegooi het. Die plek waar dit gebeur het, word Vroedvrou genoem."

Kennis (1978:3046) "Vriendvrou. Aanleg in Namakwaland noordwes van Springbok."

Kennis se "Vriendvrou" is vermoedelik n drukfout vir Vroedvrou, n benaming wat ontstaan het vanweë die gebeure soos deur Van Heerde verhaal.

WitbankGebied

K 2918 AC

Topokadastrale reeks 1975 vel 2918 Pofadder "Witbank".

Witbank lê tussen die T'Koeriesberge en die T'Koeriesrivier. Nienaber & Raper (1980:540) meen dat Wit(bank) vertaal is uit T'Koerie-, wat soos Nama !uri = wit is. Eie kennis van die betrokke gebied laat my hulle verklaring onderskryf aangesien baie wit kwarts daar voorkom wat die Afrikaanse benaming Witbank tot gevolg het.

5. FREKWENSIE-OPNAME VAN TAALVORME IN DIE NAME EN FAKTORE (MOTIEWE) WAT TOT DIE BENAMINGE AANLEIDING GEGEE HET

5.1 TAALVORME

'n Analise van die behandelde name toon dat benaminge in verskeie tale gemaak is en dat daar taalkontak tussen verskillende groepe in die gebied was. Dit word gestaaf deur die feit dat daar vir dieselfde plekke verskillende name is uit onder andere Khoekhoens en Afrikaans; dat name wat as eg Afrikaans, Nederlands, ensovoorts, voorkom, in baie gevalle regstreeks uit Khoekhoens vertaal is; dat 'n groot aantal hibridiese vorme bestaan waarvan die komponente uit verskillende tale kom; en dat verskeie name volksetimologiese vormings van die oorspronklike Khoekhoense name is.

Hoewel 'n suiwere indeling volgens taalherkoms dan vanweë taalkontak in die verlede nie moontlik is nie, gee 'n benaderde frekwensieverdeling van die behandelde name tog 'n aanduiding van die tale waarin benaminge gemaak is die mate waarin dit geskied het die persentasie hibridiese name, en so meer.

Die persentasies waarin die frekwensieverspreiding uitgedruk word, is by benadering en maak gevolglik nie aanspraak op absolute noukeurigheid nie.

By elke taalvorm word enkele verteenwoordigende plek- en/of plaasname gegee.

5.1.1 Portugese name

Kaap Voltas, Socco Reefs. Net ongeveer 0,1 persent van die behandelde name ressorteer hieronder. Aangesien die

Portugese as die vroegste besoekers aan ons kuste, nie diep in die land ingedring het nie, kom hierdie name uit die aard van die saak aan die kus voor.

5.1.2 Duitse name

Dreigratdrif, Hohenfels. Ook net ongeveer 0,2 persent van die name is van Duitse oorsprong en hulle kom voor aan die Oranjerivier as suidelike grens van Suidwes-Afrika/Namibië, wat destyds 'n Duitse kolonie was.

5.1.3 Franse name

Beauvallon, Couragie (Fontein). Ongeveer 0,2 persent is name van Franse oorsprong wat vermoedelik deur kenners van die Franse taal of Franse afstammeling gegee is.

5.1.4 Engelse name

Sentinal Peak, Wreck Point. Heelwat meer Engelse name kom voor naamlik ongeveer 3,2 persent, waarvan die meeste in die noordelike gedeelte van die gebied aangetref word, klaarblyklik vanweë verkenning van die afgesonderde Richtersveld deur destydse landmeters, geoloë, reisigers en fortuinsoekers wat die gebied oor baie jare heen besoek en benaminge in Engels gemaak het. Engelse en Amerikaanse belange in die diamant- en koperbedryf van die gebied het natuurlik ook 'n aandeel met betrekking tot plekbenaminge in Engels gelewer.

5.1.5 Plekke met Europese name naas Khoekhoense name

Hoogoor (Kgabiekies), Springbok (Guchas). Ongeveer 5,6 persent van die behandelde name het naas die Europese benaming ook inlandse (Khoekhoense) benaming (gehad).

5.1.6 Nederlandse name

Roode Heuvel, Smorgen Schaduwe. Ongeveer 6,8 persent van die name skyn van Nederlandse oorsprong te wees. Aangesien die meeste pioniers van die gebied boere van Nederlandse afkoms was, is dit uit die aard van die saak dan ook veral die ouer, oorspronklike plaasname wat hieronder ressorteer.

5.1.7 Hibridiese name

Groot Kau, Naruchasberge. Ongeveer 12,0 persent is hibridiese name bestaande uit komponente wat nie uit dieselfde taal kom nie. Verreweg die meeste hiervan is name waarvan die een komponent Khoekhoens is en die ander Afrikaans.

5.1.8 Khoekhoense name

Anegas, Kheis. Ongeveer 11,8 persent van die name is uit die Khoekhoense taal waarvan die meeste egter vervorm is deur die weglating van die klapklanke en ook deur fonologiese en ortografiese wysiginge waardeur hulle, soos Nie-naber & Raper (1977:136), dit stel, in die meeste gevalle vir die gewone gebruiker betekenisloos geword het en bloot plekbenoemende funksies verkry het.

5.1.9 Afrikaanse name

Pispoort, Wolfhok. Sowat 59,0 persent van die behandelde name is in Afrikaanse vorm. Van oorspronklike Afrikaanse topografiese name kan daar natuurlik maar eers sprake wees nadat Afrikaans offisiële erkenning verkry het, gevolglik moet name wat voor dié tyd ontstaan het en vandag as Afrikaanse name geklassifiseer word, as verafrikaanste Nederlandse name gesien word, soos Du Plessis (1973:9) dit tereg stel. Die meeste van die latere onderverdelingsname asook

benaminge van meer onlangse entiteite is egter Afrikaanse skeppinge.

5.1.10 Volksetimologies vervormde name

Ongeveer 1,1 persent van die name is volksetimologies vervorm. Volgens Nienaber & Raper (1977:137) word met volksetimologie bedoel die onbewuste vervorming in die volksmond van vreemde en onverstaanbare woorde en name sodat dit vir hulle betekenis verkry. Die onbekende word altyd in verband gebring met iets wat bekend is. Dis veral Khoekhoense name wat volksetimologies vervorm is. Die volgende is verteenwoordigende voorbeelde:

Aronegas, Arondegas beteken "Plek van baie aroenas" of "Aroenavlake" na aanleiding van die plantsoort aroena. As gevolg van volksetimologiese vervorming dra hierdie plaas ook nou die naam De Rondegas wat Nederlands lyk. Gudaos beteken "Skaappoort". Deur volksetimologiese vervorming van die klanke heet dit vandag Goodhouse. Die plaasnaam Kap Kap is weer 'n vervorming van die Khoekhoense woord !ā-b !ā-b wat rivier-rivier beteken. Kobisfontein, wat Kalkfontein beteken na aanleiding van die Khoekhoense woord !khō- = kalk (Rust 1960:34), is deur sommige mense vervorm tot die persoonsnaam Kobiefontein. Die plaasnaam Koornhuis is 'n volksetimologiese aanpassing uit die oorspronklike Khoekhoense vorm Kurikuis, vandag !Uri-/uis, wat letterlik "Witklip of Witberg" (Rust 1960:73, 59) beteken. Die plaasnaam Kykgat is 'n etimologiese vervorming van Khoekhoens kei/gâb wat groot watergat beteken. Die opstalnaam Tierhaak is weer 'n vervorming van Theart, wat die familienaam was van die eertydse bewoners van die plek.

5.2 FAKTORE OF MOTIEWE

'n Ontleding van die behandelde name bewys dat daar 'n aantal faktore (motiewe) is wat tot die benamings gelei het. 'n Frekwensie-opname waarvan die uitkoms by benadering in pres-tasies aangedui word, toon dat die aanwesigheid van water verreweg die vernaamste toponimiese motief was gevolg deur beskrywing, bodemgesteldheid, die aanwesigheid van diersoorte, plantsoorte, en so meer.

By die indeling moet rekening gehou word met die feit dat 'n naam onder meer as een motief ingedeel kan word. So kom Roode Mond voor onder "Water", "Liggaamsdeel", "Beskrywing (kleur)" en "Bodemgesteldheid" (onregstreekse verwysing).

Die persentasies is hier ook by nadering om 'n aanduiding te probeer gee van die aandeel van elke motief in die naam-gewingsproses. Ook word hier telkens net enkele name as verteenwoordigende voorbeelde gegee.

5.2.1 Name wat berus op die aanwesigheid van water

Die onderhawige gebied is baie droog, met 'n lae reënvalsyfer (Heese 1942a:10) en min bo-aardse water. Die riviere en spruite is gevolglik ook nie standhoudend nie. Waar water wel aangetref is, was dit baie dikwels belangrik genoeg om as anomastiese prikkel te dien, soos Nienaber & Raper (1980: 26) dit tereg stel. Ongeveer 29,2 persent van die behandelde name dui gevolglik op die aanwesigheid van water.

(a) Regstreekse verwysing

In verreweg die meeste gevalle word regstreeks na water verwys deur spesifieke terme wat die aard daarvan aangee. Die volgende is verteenwoordigend hiervan:

1. Aar: Dik(h)aar se Kop, Koeroebees na aanleiding van Nama \neq khuru- = wateraar (Rust 1960:2).
2. Dam: Klipdam, Vaaldam.
3. Fontein: Maerfontein, Nguroebees na aanleiding van Nama -bee-s wat lokatiewe suffiks is met die -s fem. sing, wat die fontein aandui (Nienaber & Raper 1980:634).
4. Gorra: Goraap na aanleiding van Nama xora = graafwater (Rust 1960:72), Goratees.
5. Kuil: De Kuilen, Klip Kuil.
6. Mond (wateropening, monding): Rietmond, Roode Mond.
7. Oog (bron, fontein): Khoromus na aanleiding van Nama -mû- = oog (Rust 1960:6), oordragtelik "Borrelbron, fontein". Nigramoep, waarvan die laaste lid ook soos Nama -mû- = oog is.
8. Pan: Geelpan, Oubeespan.
9. Put: Nuweputs, Swartput.
10. Rivier: Garieplaan na aanleiding van Nama !garip, die soortnaam vir rivier (Nienaber & Raper 1977:384); Kap Kap na aanleiding van Nama !ā-b = rivier (Rust 1960:22), dit wil sê "Rivier - Rivier".
11. Vlei: Drinkvlei, Wegsteekvlei.
12. Water: Bowater, Witwater.
13. Watergat: Driegat, Kontorogab na aanleiding van Nama \neq gāb = graafwatergat (Kr. & Rust 1969:241).
14. Waterval: Waterval (plaasnaam).

(b) Onregstreekse verwysing:

Daar is egter ook name wat onregstreeks die aanwesigheid van water aandui. Nienaber & Raper (1980:29) noem in dié verband dat as iets nat was, of as daar sprake was van modder, of van plantsoorte soos riete, was die waarskynlikheid groot dat daar ook water sou wees.

1. Bodemgesteldheid: Hier verwys die name onregstreeks na die aanwesigheid van water en terselfdertyd na die gesteldheid van die bodem: Gharoe na aanleiding van Nama // garu- = waterhoudende klipgat (Schultze 1907:162); Witkleikop.
2. Dop: Eendop, wat een volstruiseierdop vol water impliseer, Ou Eendop se Kop.
3. Gebeurtenis: Hier verwys die name na die een of ander handeling of gebeurtenis wat indirek ook op water (of die afwesigheid daarvan) slaan: Karkams/Garagams wat neerkom op "Die water (// gams) waar daarbymekeer gekom word/is (≠kar(a))", (Kr. & Rust 1969:22); Lekkersing, bedoelende "Die fontein wat sanglustig is" of "Waar die mense sanglustig is".
4. Modder: Kwaap na aanleiding van Nama ≠gōa = modder (Kr. & Rust 1969:132) met die -p (-b) van die ml. ekv. as indeks van riviername wat dan neerkom op "Modderige rivier"; Modderkraal.
5. Nat: Naries met die eerste lid soos Nama /ā- = nat (Rust 1960:45); Natpad.
6. Plantegroei: Achab waarvan die eerste lid is soos Nama ≠ā- = riet (Kr. & Rust 1969:32); Biesjes Fontein, Matjiesgoedkloof.

5.2.2 Beskrywing as motief by naamgewing

'n Groot aantal name weerspieël die beskrywing van topografiese kentekens in terme van voorkoms, kleur, omvang en vorm, maar daarnaas speel, soos Nienaber & Raper (1980:40) tereg beweer, die een of ander hoedanigheid van topografiese kentekens of van mense, klimatologiese omstandighede, die een of ander sintuiglike gewaarwording of die gemoedstoestand van die naamgewer(s), ensovoorts, ook 'n rol. Ongeveer 16,6 persent van die behandelde name ressorteer onder hierdie afdeling.

(a) Hoedanigheid

Hier dui die beskrywende element op een of ander hoedanigheid. In sommige gevalle verwys dit na die hoedanigheid van topografiese kentekens, soos in die geval van Beauvallon, Pokkiesbank en Skurweberg. In ander gevalle verwys dit na dié mense: Griepouwerf, Hongerkrans en Steenhandberg. Heel dikwels word gebruik gemaak van die voorvoegsels "nuwe-" of "ou-": Nuwekasteel, Nuweputs, Ouhoog, Ou Tuin.

(b) Kleur

In die geval van kleur as beskrywingskomponent is dit nie altyd 'n uitgemaakte saak of dit op die bodemgesteldheid, plantegroei of grondelement betrekking het nie. Die volgende kleure het as beskrywende element 'n rol gespeel:

1. Blink: Blinkstraaltjies.
2. Blou: Bloudraai, Bloupan.
3. Bont: Bonte Koe, Bonthoek.
4. Bruin: Bruinklip, Bruinkop.
5. Geel: Geelduine, Geelvlei.
6. Groen: Green Island, Groenrivier.

7. Grys: Grysduine, Grysklip.
8. Oranje: Oranje Fontein.
9. Rooi: Rooifontein, Rooikolvlei.
10. Silwer: Silwerfontein.
11. Skimmel: Skimmelberg, Skimmelkop.
12. Swart: Noopduine na aanleiding van Nama ≠nu = swart (Rust 1960:55), Swartheuwel.
13. Vaal: Vaalheuwel, Vaalpan.
14. Wit: Witbank, Witwater.

(c) Omvang

Die feit dat 'n geografiese kenteken relatief groot of klein is, het ook as prikkel by naamgewing gedien. Verskeie name berus hierop.

1. Groot: Grootberg, Groot Valley, asook Khoekhoense name soos Kei-danap en Keikokeis na aanleiding van Nama gei- = groot (Rust 1960:28).
2. Klein: Klein Duin, Klein-Kamiesberg, ensovoorts.

(d) Vorm

Die vorm van die topografiese kenteken het tot verskeie benaminge aanleiding gegee. Die volgende is verteenwoordigend.

1. Dik: Dikgat, Diknek.
2. Hoog: Hoëheuwel, Hoëkraal.
3. Kort: Kortdoornberg, Kortstraat.
4. Krom: Kromme Fontein.
5. Lank: Langberg, Langhoogte.
6. Plat: Plat-Bakkies, Platklip.
7. Rond: Rondefontein, Rondegat.
8. Wyd, breed: Breëstraat, Haradous na aanleiding van Nama hara = wyd, breed (Kr. & Rust 1969:153).

(e) In sommige gevalle het analogie 'n rol gespeel, met ander woorde 'n geografiese kenteken het die naam gekry van 'n ander voorwerp waarna dit lyk. Op dié wyse het ontstaan Tafelberg en Tafelkoppen, terwyl Ellenboog Fontein geleë is in 'n hoek deur die berge gevorm wat aan 'n mens se elmboog herinner.

5.2.3 Bodemgesteldheid as benoemingsfaktor

Nienaber (1972:56) beweer dat baie plek- en plaasname in Suid-Afrika gegee is in ooreenstemming met die bodemgesteldheid. Dit is waar ook ten opsigte van Namakwaland waar ongeveer 14,4 persent van die behandelde name beskrywend is van die geaardheid van die bodem.

Aangesien baie van die grondwater asook feitlik alle ondergrondse water brak is, kom talle name in die gebied voor wat die term "brak" bevat. So is daar onder die plaasname meer as een Brak(ke)fontein, ook Brakdam, Brakputs en Brak-Kaip; die onderverdeling Brakkies; die gebiedsnaam Brakhoek en die Brakrivier. Ook die inlandse plaasnaam Kourkam se lid Kour- kan verklaar word as !khuru- wat brak beteken (Nienaber & Raper 1980:566). Sommige name bevat die term "sout" wat, nes "brak", op die geaardheid van die bodem dui, byvoorbeeld Soutpan, Soutputsies, Sout'Koisberg, Sout'Xoes asook die inlandse naam Koams(vlei).

Kalk kom volop in die gebied voor en daarom verskyn dit in samestellings soos Kalk Vlei, Kalkgate en in verskeie inlandse name soos Koros, Korrogas/Korochas, Khoromus, Kobie/Kobisfontein, ensovoorts.

'n Groot gedeelte van Namakwaland is klipperig, gevolglik kom die term "klip" ook by herhaling voor in samestellings soos Kliphoek, Klipheuwel, Klip Huis, Klip Kuil, Klipkraal, Klipvlei, Kliphoogteberg, Klipfontein en vele ander.

Khoekhoense name soos Kodaspiek en Kosiesrivier is bodem-beskrywend deurdat die eerste lid, wat te verklaar is as Nama !kho- beskrywend is van die pypklip of seepklip waaruit tabakspype (!khodi) gesny word (Schultze 1907:248).

Die gruiserige aard van sekere dele van die bodem het 'n hele aantal inlandse name tot gevolg gehad, soos Koeroe-(kop), Koeroeama, Tghoeroe(rif), Tkoeroe(kop), Stilweitkoeroe, ensovoorts, na aanleiding van Nama //guru- = kwarts, kieselgrond (Kr. & Rust 1969:143) en Karagab(rivier) en Karas(pan), ensovoorts na aanleiding van //karas, die Khoekhoense woord vir gruis (Rust 1960:34).

Sand is baie volop in Namakwaland. Die westelike gedeelte heet dan ook die Sandveld. Dit het gelei tot name soos Sandvleipan, Sandbaai, Zandkops Drift, Zand Kraal, Sand Vley, asook Khoekhoense benaminge soos Zonnekwa na aanleiding van tsun(i)- = sandduin (Rust 1960:51), met wisseling van u/o tot Tson- = sand (Nienaber & Raper 1980:765), en Kysrivier, Kheis, Kaip, ensovoorts, na aanleiding van Nama //kae = sand (dryfsand, bousand) (Rust 1960:51).

Die duinewêreld het gesorg vir plaasname soos De Duin en die vele samestellings met duin soos Skilderduin, Noopduine, Geelduine, Zwart Duinen, asook Khoekhoense benamings soos Kwoap, Kwabs(kop) wat as "Duinkop/Sandduinkop" (Nienaber & Raper 1980: 587-8) vertaal kan word.

Waar die bodem baie stowwerig is, het benaminge soos Stofkraal, Stofvoet, Saraip ("Stofgesig/Stofvlakte"), Sarrisaam ("Strofspene") en Saraybees ("Stofbakkies") ontstaan.

Enkele name dui op 'n modderige bodemgesteldheid: Modderfontein(rivier), Modderkraal, Modderdrif en die Khoekhoense naam Kwaap na aanleiding van Nama ≠goa- = modder (Rust 1960: 53).

Plaasname soos Banke en Banken het ontstaan weens die soliede (klip)banke wat dele van die oppervlakte beslaan, terwyl in die geval van Schulp Fontein en Skulpbank die baie seeskulpe die boedembeskrywende faktor was. Sandsteenberg is so genaam omdat die berg hoofsaaklik uit rooi sandsteen bestaan, terwyl die Kristalberge pragtige kristalklippe bevat. Kaiingvlei is afgelei van die volksbenaming vir die kristalagtige klippies wat aan kaiings (Raper 1972:15) herinner en waarmee die bodem bedek is. Name soos Koperberg, Koperkop en Koperkloof dui weer aan dat die bodem koperdraend is.

Heelwat name verwys natuurlik ook op onregstreekse wyse na die gesteldheid van die bodem. So byvoorbeeld is daar die Koeriesberge en die plaasnaam Koeris waarvan die grondwoord te vertaal is as Nama !uri- = wit (Rust 1960:73) en dit slaan op die wit kwartsklippe wat daar voorkom.

5.2.4 Plekke na diere vernoem

Ongeveer 12,5 persent van die behandelde name het hul oorsprong aan diere te danke, wat te verstane is aangesien diere 'n belangrike rol in die lewe van die oorspronklike bewoners, die Khoekhoen, en die latere pioniers en veeboere van die gebied gespeel het. Roofdiere was vir hulle en hul vee 'n bedreiging; daarenteen het groot- en kleinwild verseker dat daar altyd iets vir die pot was, soos Raper (1972:45) dit stel, terwyl velle vir klerasie, been vir pylpunte, ensovoorts, gebruik is. Hoewel die meeste van die diere lankal reeds uit die gebied verdwyn het, veral vanweë die koms van die blankes, bewys die menigte plek- en plaasname wat afgelei is van die fauna hoe volop hierdie diere was.

By die behandelde plek- en plaasname wat op diere betrekking het, let ons vervolgens op (1) die motiewe by die naamgewing en (2) die verteenwoordiging van die verskillende diersoorte. Wat eersgenoemde betref, blyk dit dat dit soms 'n bepaalde voorval was, soos 'n kragmeting met 'n dier, wat tot die benaming

gelei het, soos in die geval van Leeuklipgat waar 'n leeu en 'n Boesman (vermoedelik Jantjie) teenoor mekaar te staan gekom het, of Wildemerrie se Duin waar 'n wilde hings deur sy ma se dood ingebreek is. Soms dui dit op 'n nietige gebeurte soos die hond wat dood is in Rooihond se Vlei of die esel van Eselwater se Kloof wat teen die steilte af is, maar nie weer kon uitkom nie. By Skaaprivier het die skape gevrek en by Bokskloof het etlike bokke van die eienaar in 'n put versuip.

In die oorgrote meerderheid gevalle was die aanwesigheid van die diere genoeg rede vir naamgewing. So byvoorbeeld is die dorp Springbok vernoem na die baie springbokke wat by die fontein (Springbokfontein) kom suip het, terwyl die baie skilpaaie tot die onderverdelingsnaam Skilpad aanleiding gegee het. By Volstruisbult was vroeër baie volstruise, terwyl kanaries aan die plaas Canariesfontein sy naam besorg het, ensovoorts. Straatname dui egter nie noodwendig op die teenwoordigheid van die betrokke diersoort nie omdat dit gewoonlik bloot 'n raadsbesluit is om 'n deel van 'n dorp se strate na byvoorbeeld diersoorte te vernoem, in welke geval die naamgewing dan willekeurig geskied. Dit geld onder andere die dorp Alexanderbaai se Duiker-, Eland-, Skilpad-, Steenbok-, Volstruisstraat, ensovoorts.

In die geval van die plaasnaam Bonte Koe speel analogie 'n rol, dit wil sê die naam het ontstaan as gevolg van 'n ooreenkoms wat gesien is tussen 'n natuurlike voorwerp op die plek en 'n dier - in hierdie geval tussen 'n "bont" koppie en 'n bont koei. Dieselfde geld die Nababiëpsberge waar ooreenkoms te sien is tussen die kleur en struktuur van die rotsoppervlakte en die vel van 'n swartrenoster.

Die betrokke diere kan verder verdeel word in wilde- en mak diere. Die eerste groep kan onderverdeel word in roofdiere, antilope, ander grootwild, klein veldbewoners, reptiele, amfibië, insekte, visse en ander seediere.

Onder die roofdiere is dit die jakkals en die wolf (hiëna) wat die meeste vernoem is in plek- en plaasname soos Jakkalswater, Jakkalsvlakte, Wolfkraal, Wolwepoort ensovoorts. Wolfberg kom by herhaling voor. Koeskop en Koesap kry hulle name van koes, die San-woord vir 'n draaijakkals (Pettman 1931:14). Naip is weer 'n vernoeming van die maanhaarjakkals. Die veelvuldige vernoeming van hierdie twee roofdiersoorte kan toegeskryf word aan die feit dat hulle so volop voorgekom en gevolglik verliese en voordurende las vir die veeboere meegebring het. Wildehonde en -katte is veel minder vernoem; wel in Kat Vlei, Honde Vlei en vermoedelik ook in Goubeespan. Dit is opvallend hoe min die leeu vernoem is. Onder die behandelde name is dit net die plaas Leeuklip in die Boesmanland en Leeuklipgat in die Sandveld, waarvan laasgenoemde nie eens op kaarte verskyn nie. Die grootste gedeelte van die gebied is klaarblyklik te bergagtig om as geskikte habitat vir leeus te dien. Om dié rede is die verklaring van "Leeuberg" vir die Kamiesberg dus ook minder aanvaarbaar. Die luiperd of tier is onder andere vernoem in Gharrois en Haromkaroep na aanleiding van garub, die Khoekhoense woord vir die dier.

Die verskillende soorte antilope was klaarblyklik besonder volop, en daarom ook is baie plekke en plase in die gebied na hulle vernoem. Na die buffel heet die Buffelsrivier en die plaas Buffelsfontein, terwyl die sebra, vroeër ook bekend as 'n wildeperd (Odendal 1981:944), vernoem is in onder andere die plaasnaam Wilde Paarde Hoek en die onderverdelingsnaam Kagouries/Kagoeries na aanleiding van !gore-b die Nama-woord vir dié dier. Na die kwagga heet net die plaas Quagga Fontein, hoewel name met esel in die samestelling miskien ook na die kwagga, wat vroeër ook 'n wilde-esel genoem is, kan verwys. Die eland kom heelwat voor, in onder andere Elands Klip, Elands Kloof en Elands Vlei. So ook die hartbees in Hartbeest Rivier, Hartebeest Vlei, Hartbeesfontein, ensovoorts. en ook Kamas en Kammarivier na aanleiding van Nama //Kamab = "das Hartebeest" (Kr. & Rust 1969:220). Die

name van ander boksoorte vind ons ook terug in plek- en plaasname, veral die springbok en gemsbok: Springbok, Springbokkloof, Springbokvlakte, Gemsbok Vlei, Gemsbok Vlakte, Gemsbok Hoek, Duikerskop, Duikerduin, Ribbokokop, Klipbokberg, Eenklipbokrivier, Steenbokkraal, Steenbokvlei en ook Ariroep na aanleiding van Nama !ari- = steenbok (Kr. & Rust 1969:29). Die kameel is net vernoem in Kameelkrans.

Onder ander grootwild is dit net die renoster wat vernoem is in Nababeep, Nababiepsberge en Nabasberg na aanleiding van Nama !nawas = "Nashorn" (Rust 1960:50). Die olifant en koedoe is nie aanwesig in die nomenklatuur van die gebied nie.

Onder die kleiner veldbewoners is die bobbejaan vernoem in onder andere Bobbejaanbloed se Kloof en Bawiaanskop; die erdvark in Aardvark en Varkgate, asook in Koeboegas na aanleiding van Nama Khuwu = "das Erdschwein" (Kr. & Rust 1969:254). Ratelfontein heet na die ratel, Haasrivier en Haasvlei na die haas, terwyl die dassie vernoem is in Dassiefontein en Dassiekop, die muishond in Muishondfontein en die muis in Muisvlak.

Reptiele, amfibië en insekte is ook verteenwoordig: Kaitob ("Slangkop"), Skilpadnou se Berg, Paddagat, Bosluis, Byeneskop, Luisfontein, ensovoorts.

Onder voëls is dié betrek wat plaaslik aangetref word: Volstruisbult, Kraaifontein, Flaminksberg, Canariesfontein, asook die tortelduif in Nais en die muisvoël in Kontorogab. Die versamelnaam word heel dikwels in benoemings gebruik, byvoorbeeld Vogelklip, Voëlnesplaat, asook Animub en Anegas na aanleiding van Nama ani- = voël (Rust 1960:70).

Visse en seediere is uit die aard van die saak beperk tot die benoeming van baaie en eilande aan die westkus en wel op

grond van die aanwesigheid van die betrokke soort: Stompneusbaai, Galjoenbaai, Robeiland, ensovoorts.

Onder die tweede groep, naamlik mak diere, is die volgende by naamgewing in die gebied betrek: die perd in onder andere Paarde Hoek, Paarde Vlei, Paardekraalsberg en Wildemerrie se Duin en die esel in Ezels Fontein en Eselwater se Kop.

In Beesbank en Beeshel is die bees benoem, asook in Komaggas/Kamaggas na aanleiding van Nama gomab/gamab = os en bees (Kr. & Rust 1969:69). In Osseberg en Osplaat is dit spesifiek die os wat betrek is. Die skaap is herhaaldelik vernoem in onder andere Schaap Rivier, Skaapkop, Goodhouse, Gooappunt, ensovoorts, laasgenoemde twee na aanleiding van Nama gu- = skaap (Rust 1960:52). Die bok het ook 'n aandeel verkry in Bokskraal en Bokskloof. In Ramkop, Maer ooie se Koppie en Lammerhoek is selfs verder onderskei aan die hand van die geslag en diminutief. Die hoender weer is benoem in Hoendernesvlei en die hond in Rooihond se Vlei.

In sommige gevalle verwys die naam indirek na die diersoort soos in die geval van Dannabies waar die heuning na bye of Oograbies waar die spore na die wild, by name gemsbokke, verwys. In ander gevalle is die eienaam van die dier vir benoeming gebruik, soos onder andere in die geval van Leermuis se Duin, Ligman se Kop, Brander se Berg en Lap se Poort.

5.2.5 Plekke na plante vernoem

Volgens Raper (1975 nr. 10:1) was dit vroeër veral die bruikbaarheid van bome, struik en plante wat hulle 'n rol in ons plekname gegee het. Dit is te begrype, want plante was vir die Khoekhoen en vir die blanke pioniers 'n bron van water, kos en medisyne. Dit het ook gedien as boustof vir skuilings en wonings, wapens en huishoudelike gebruiksartikels. Sekere plante is vir pylgif gebruik en het, soos Nienaber & Raper (1980:30) dit stel, op indirekte wyse as voedselbron gedien.

Daar is egter baie gevalle waar bloot die aanwesigheid van sekere plantsoorte tot benoeming aanleiding gegee het.

In ongeveer 11,5 persent van die behandelde name van die gebied is plante vernoem waarvan naastenby sewentig verskillende soorte voorkom.

Verskeie sappige, eetbare knol- en ander plante is vernoem, veral vanweë hulle hoë waterinhoud wat hulle besonder waardevol maak in dié dorre gebied. So is Kambarogab se Laagte en Kameroo-duin vernoem na die kamb(a)roo, 'n sappige knol wat rou geëet is (Smith 1966:272). Die plase Kannikwa en Kannikwa Vlake asook die entiteit Kanniekop heet na die kanni(e) of Jakkalskos (Smith 1966:277), 'n swam of wortelparasiet wat op die melkboswortel groei, terwyl Aronegas te make het met die aroena, 'n fris-bitter veldplant wat ná reëns sappige nuwe, jong lote met fyn puntige dorings gee (Smith 1966:64). In Ghaapkloof groei ghaap waarvan die sappige lote dors en honger verminder as dit gekou word. Suringberg en Suringkop verwys na die surings wat daar groei, waarvan die sap vir dors help of waarvan ook vroeër suringpap gemaak is. Die plaasnaam Kannabie Duin asook die entiteite Knoeniebiekop en Kanoebieberg is wisseluitprake van kanobe wat eetbare bessies dra, in grootte, smaak en voorkoms baie soos 'n lukwart (Mulder 1970:18).

Sommige plante is gebruik vir die maak van drankie of medisyne, van daar dat hul by naamgewing betrek is. Die plaasname Honingboom, alias Hunboom, Houniams, Hunites, (na aanleiding van Nama Huni-) en Wortel is afgelei van die koffiebos of witgatboom waarvan die wortels vroeër vir die maak van koffie gebruik is. Boegoeberg en Boegoeclip heet na die boegeoestruik waarvan die droë blare onder meer deur die Khoekhoen gebruik is as medisyne vir maagaandoenings (Smith 1966:135), of gepoeier is vir parfuum (Raper 1975 nr. 10:2). Op Kauwgoed Vlake groei die plant kougoed wat gesweet, gedroog en gebruik word as stimuleermiddel (Smith 1966:309).

matjies vroeër vir matjieshuise gestee is. Ook Naruchasberg is afgelei van die Khoekhoense woord vir biesies, naamlik /haruti (Raper 1975 nr. 10:2). Verder is daar die plaasnaam Paapkuils Fontein, asook Papkuilsrivier en Bamboesbaai.

Gras speel 'n rol in die gebied se plekname. So vind ons byvoorbeeld Graskom, Gras Vlakte Oost, Grasberg, Grasdrif. Die Khoekhoense Kaams en Ghaams se eerste lid is soos Nama /ã- = gras (Rust 1960:28). Garies kom van /garis wat kweekgras beteken.

Die aalwyn is vernoem in die plaasnaam Alewyn Fontein, terwyl blomme algemeen benoem is in Bloemhoek en die sewejaartjie spesifiek in Sewejaarsrivier.

5.2.6 Name wat op ligging berus

By ongeveer 4,8 persent van die behandelde name was ligging die bepalende faktor by benoeming.

Die ligging was vir 'n hele aantal name verantwoordelik. Anenous, die eertydse fontein en saamtrekplek, dra dié naam omdat dit "in die hoek sit", dit wil sê geleë is in die hoek wat die berge daar vorm en wel na aanleiding van Nama !ani-b = "Seite" (Rust 1960:56) plus ʔnūs = "sitzen" (Rust 1960:57). Die plaas Smorgen Schaduwe se opstal is so geleë dat die skaduwee van die berg in die vroeë oggend oor die huis en vlakte val. Uitkyk, Uitsiglaan en Hoogrus word so genoem omdat 'n mens van daar 'n mooi uitsig het, terwyl Wegsteekvlei so geleë is dat dit nie maklik van 'n afstand sigbaar is nie. Overberglaan lê oorkant die berg en Middelpuuts ongeveer in die middel van die oorspronklike plaas. Hoëheuwel en Hoëkraal is hoog geleë, terwyl daar vanaf Spioenkop, Loerklip en Loerduin op die laer liggende omgewing "gespioeneer" kan word. Dwarsrivier vorm 'n reghoek met die Wolwepoortrivier, terwyl die plaas De Kruis geleë

is waar die paaie kruis.

Die ligging van 'n aantal plekke word aangedui deur die woorde noord, suid, wes en oos, of deur bo en onder, ensovoorts. So kry ons Noord- en Suidoewer, Eiland Punt Noord- en Zuid, North End Sector Berg, Noordstraat, Gras Vlakte Oost, Weshoeklaan, ook Onder Gamoepe, Onderste Vlei, Botuin, Bovenste Vlei, Tus-sen-in, ensovoorts.

5.2.7 Vergelykings in naamgewing

Baie geografiese entiteite soos berge, koppe en fonteine het hulle name gekry deur vergelyking met bekende voorwerpe. Dit verteenwoordig ongeveer 7,2 persent van die totaal. So byvoorbeeld het 'n groot rots wat soos 'n hond lyk aan Hondeklipbaai sy naam besorg, terwyl in die geval van Hoedkop die kop die opvallende vorm van 'n hoed het. Mannetjiesklip vertoon soos 'n mens, Pramkop soos 'n vroulike bors, die berg Ramkie soos 'n outydse ramkie (klein viooltjie), Policeman's Helmet, 'n soliede rots, het die vorm van 'n polisiehelm, Lewerberg herinner aan die lewer van 'n dier, Lepelrug aan 'n lepel, Gorgon's Head aan die slangekop van die Gorgone, Devil's Tooth aan die denkbeeldige tand van die Duiwel, Eierklip(kop) aan 'n eier, Paddastoelklip aan 'n groot paddastoel en Grootpenseiland aan die vorm van die grootpens van 'n dier. 'n Kaal rotsformasie bo-op die kruin van Saalberg lyk nes 'n perdesaal, terwyl die naat oor die soliede granietrots van Trappiesberg aan trappies laat dink. Die dorp Kamieskroon het sy naam ontleen aan 'n kurktrekkervormige rotspiek van die Kamiesberg oos van die dorp wat aan 'n kroon laat dink, terwyl Boesmanskop aan die westekant van genoemde dorp duidelik die profiel vertoon van die kop en gesig van 'n Boesman wat op sy rug lê. Die eienaardige kolle op die pramvormige Pokkiespramberge in die Richtersveld lyk na 'n

vroulike bors met pokmerke daarop, terwyl die opvallende klipriewe van die Maanhaarberge aan 'n dier se maanhaar herinner. 'n Enkele alleenstaande kop dra die naam Wees-kind, terwyl vyf en sewe eenderse koppies of spitse respektiewelik Vyfsusters en Seven Sisters genoem word.

Benoeming deur vergelyking is al deur die ou Khoekhoen beoefen. 'n Koppie in die Steinkopf-reservaat wat op 'n afstand na 'n mens lyk, het hulle Khoinoms genoem na aanleiding van Nama Khoi- = mens (Rust 1960:42) en !nomi, !noms = heuwel (Kr. & Rust 1969:298). Dus: "Menskop". 'n Groot klip aan die punt van 'n kliprif in die see regoor die plaas Zwart Duinen, lyk na 'n geswelde kop, gevolglik het die Khoekhoen dit Kaidanap genoem na aanleiding van Nama gei [kai] = groot (Rust 1960:28) en dana-b(p), die huidige normuitspraak by Nama, tana- = kop (Rust 1960:28, 36).

Etlike geografiese eniteite word ook as liggaamsdele gesien; 'n alleenstaande rots of berg as 'n kop, byvoorbeeld Swartkop, Gladkop, Rondkop; 'n watergat as 'n mond byvoorbeeld Taaibosmond en Khoiams na aanleiding van Nama Khoi-b = mens (Rust 1960:42) en -ams = mond (Rust 1960:43); en 'n fontein as 'n oog, byvoorbeeld Blinkoog, Swart-gorra-oog, ensovoorts. Verder ook nog Diknek waar die pad deur swaar of dik sand oor 'n nek gaan; Groot Derm, 'n plaas aan die Oranjerivier waarvan die oewer aan die grootderm van 'n dier laat dink; Platt Pens, 'n plaas vernoem na die vlei wat nie veel water kan hou nie; Skouerfontein waar die water onder skouervormige rotse uitkom; en Witvoorkop wat aan die voorkop van 'n mens laat dink.

5.2.8 Name wat berus op gebeurtenisse en menslike handeling

Met betrekking tot gebeurtenisse as toponimiese motief by naamgewing, beweer Nienaber (1972:54): "By die naamgewing van plekke is 'n belangrike beginsel die herinnering aan een of ander gebeurtenis wat daar plaasgevind het." Gebeurtenisse hou egter verband met menslike handeling, gevolglik word dié twee toponimiese motiewe saamgegroepeer. Ongeveer 10,2 persent van die behandelde name berus hierop.

Etlike van dié gebeure behels grusame moorde of vergelding tydens onderlinge botsings tussen die verskillende rasse-groepe van die verlede, by name die San, Namas en blanke pioniers. So het die plaas Soubatters Fontein, met die daarop geleë dorpie Soebatsfontein, byvoorbeeld hul naam gekry omdat Hendrik Stievers, die kneg van die weduwee Klaas van der Westhuizen, in 1798 by die fontein aldaar deur Barend Goeieman met 'n klompie Boesmans oorval en vermoor is. Sy gesoebat om sy lewe het die naam tot gevolg gehad. Hierop het 'n strafkommando die Boesmans in hul Sandveldse vesting op die teenswoordige plaas Meidjes Karroo, waar hulle met die ontvoerde vroue gedans het, vasgekeer. In 'n onderhandelingspoging is die Baster Gerrit Owies, een van die kommando-lede, deur 'n pyl deurboor, hoewel dáarin geslaag is om die vroue te bevry. By Konstabelvlei op die plaas Zandkops Drift, het 'n twintig stuks geboeide Boesmanveediewe onder aanvoering van die sluwe Roman Brandrug die konstabels wat hul aangejaag het, oorval en op een na grusaam vermoor. By Moordenaarshoek het die Boesmans, volgens oorlewering, hulle soos bobbejane vermom en die niksvermoedende Namas bekruip en uitgewis. Kinderlê in die Steinkopf-reservaat verwys na die gesamentlike graf van 32 Namakwa-kindere wat tydens die afwesigheid van hulle ouers wreed deur die Boesmans vermoor is. Darter's Poort het betrekking op die een-same graf van luitenant Charles James Darter wat op 18 Maart 1902 in 'n hinderlaag in die poort deur die Boere doodgeskiet

is. By Jaloerskop het 'n bruinvrou uit jaloesie op haar man wraak geneem deur sy hond en daarna sy kind by die krans af te gooi waarna sy self afgespring het. Die inlandse plaasnaam Nuttabooi, wat verklaar word as "Die voetpad waar wraak geneem is", het volgens oorlewering ontstaan na aanleiding van die wraakneming op 'n klompie Boesmans wat Jasper Cloete se koeie by dié voetpad of drif deur die Buffelsrivier geslag en die nag daar feesgevier het. Die Boesmans is lewendig verbrand.

By Hardloperskoppie kon die perde nie die Boesmans inhaal nie, terwyl die Basters by Riembreak 'n koppie met rieme wou omtrek. By Donker Duispraat is in die donker met 'n blanke ("duisman") gepraat, terwyl by Onderbaadjie ook van hierdie kledingstuk ontslae geraak moes word om die osse deur die sand te drywe. By Kramleegte is die kramme uit die jukke geskeur.

Name soos Hongerkrans, Sweloor, Griepouwerf, Skreeufontein, Bloedsmaak, Penssleep, Lekker Drink en Sewe-en-ses-penniepad getuig weer van die ontberinge wat die pioniers moes verduur.

Verskeie name dui op handeling en die leefwyse van die inwoners. Die inlandse naam Keikoekeis wat volgens oorlewering "Oumensplek" beteken, vertel van die Boesmans se gebruik om hul bejaardes of siekes wat te swak geword het, in 'n gepakte te klipkraaltjie agter te laat om daar van honger en dors te sterf. Kolebrandduin en Kolebrandkloof herinner aan die belangrike rol wat die blaasbalk in die pioniers se bestaan gespeel het, terwyl die baie Spioenkoppe en Spioenduine heenwys na die dae toe jag 'n belangrike manier was om kos in die hande te kry; van hier af is op die wild "gespioeneer". Ook Vroedvrou, Breipaal, Pispoort, Uitspanpoort, Teemaak se Koppies, Uitspan se Koppie, Remhoogte, Kosmaakvlei, Stilweitzoeroe, Velskoen, Jaagknik en Uitspansand dui almal op die leefwyse en aktiwiteite van die eertydse pioniers van die gebied.

Soms het 'n naam betrekking op 'n ongeluk wat daar plaasgevind het, soos Breekpoort waar 'n ou Bastervrou van die kar afgeval en haar bene gebreek het, terwyl by Jammerfontein 'n drenkeling haar man verwyd het dat hy haar nie red nie omdat hy haar nie jammer kry nie. By Brandmotorbult het 'n motor uitgebrand terwyl by Wreck Point 'n skip gestrand het.

Daar is egter ook name wat van gelukkiger voorvalle in herinnering roep. By die Springwalle geniet die kinders dit om af te spring en by Ruitersvlei se Mond is jongperde ingebreek. Brandewynvlei, Brandewynsbank, Danse Kraal en Jolliestaan getuig ook almal van aangename ervarings.

5.2.9 Plekke na persone vernoem

Nienaber (1972:45) beweer dat een van die grootste beginsels by die naamgewing aan plekke die vernoeming van een of ander belangrike (en dikwels onbelangrike) persoon is. Omdat dit volgens Raper (1975 nr. 6:1) een van die gewildste en doeltreffendste maniere bly om iemand te vereer of te huldig, vind ons plekke na persone vernoem in feitlik elke kultuur.

Van die behandelde plekke is dan ook ongeveer 9,3 persent na persone vernoem waaronder vername mense en minder bekendes onderskei kan word. Dis veral die dorpe, strate, hawens en sommige reservate wat na vername mense vernoem is. Hierdie plekname dra, soos Boshoff (1921:322) dit stel, min of meer 'n offisiële kasjet en kan dus nie so maklik verander word nie. Hulle word gewoonlik deur offisiële instansies, soos munisipaliteite, staatskommissies, landmeters, ensovoorts, gegee en die hoofmotiewe is die vernoeming van verdienstelike mense wat vanweë hulle belangrike posisies algemeen bekend is of was. Historiese motiewe gee dus hier die deurslag. So is

die D.F. Malanbrug oor die Oranjerivier by Vioolsdrif vernoem na die destydse eerste minister dr. D.F. Malan, terwyl die Hester Malan-natuurreservaat na die eggenote van die eertydse administrateur, J.N. Malan, heet. Net so is Carinus-, Du Plessis- en Olivierstraat van die hoofdorp Springbok en De Waalstraat van die dorp Kamieskroon almal vernoem na vorige administrateurs van Kaapland. Die meeste van hierdie mense het geen regstreekse verbintenis met die gebied gehad nie.

Ander vername mense wat vernoem is, is dié wat wel op een of ander tydstip kontak met die gebied gemaak het. Dis veral die kUSDorpe wat na hierdie mense heet. So is Alexanderbaai vernoem na Alexander wat kopererts deur dié baai probeer uitvoer het; Port Nolloth na kommandeur Nolloth wat in 1854 die weskus ondersoek en verslag gedoen het oor die baie en hawens aan die Namakwalandse kus; Homewood Harbour en Peacock Roadstead onderskeidelik na Homewood en Peacock wat hulle vroeër daar gevestig en handel gedrywe het; en Van der Stelstraat na Simon van der Stel wat Namakwaland in 1685 besoek het. Verder ook nog McDougall Bay, King's Mine, Levaillantspiek, Cornellsberg, ensovoorts.

In baie gevalle is iemand vernoem vanweë die besondere diens wat hy aan die gebied of gemeenskap gelewer het, byvoorbeeld Luchoffstraat, Dr. Steenkampstraat, Pieter Malanstraat, Bowesdorp, Eksteenfontein en vele andere. Dit geld veral vir mense wat 'n besondere rol in die ontwikkeling van die gebied en die opheffing van die inwoners gespeel het. By vernoeming van hierdie mense word die familienaam gewoonlik in die pleknaam opgeneem. Net in enkele gevalle is die voornaam saam met die familienaam betrek, soos by Piet van Heerdestraat, John Owen Bay, Pieter Malanstraat en Kowie Cloetestraat.

Dit is egter nie net vername mense na wie plekke in die gebied vernoem is nie. 'n Groot aantal heet na gewone mense of familieledede van die naamgewers. Dikwels weet ons vandag

nie meer wie bedoel word nie. Daar is byvoorbeeld Pieter se Duin, Antonie se Klipgat, Ras se Sand, Giel se Werf, Esterhuysvlei, Vermeulensrus en vele andere. In baie gevalle was dit 'n besondere gebeurtenis rondom een of ander persoon wat tot die naam gelei het. Dit geld onder andere van Jantjieskop waar ou Jantjie met 'n leeu te make gehad het; Katrina se Kruis, 'n kruispad waar 'n bruinvrou, Katrina, dood is; en Pieter se Duin waar ene Pieter Voges amper dood is van te veel uintjies wat hy geëet het. Anders as by die vernoeming van vername mense, is dit hier baie dikwels nie die familienaam wat in die pleknaam opgeneem is nie, maar die voor naam, byvoorbeeld Hermanusvlei, Kootjiesvlei, Maans-Pannen, ensovoorts. Dit is ook merendeels by die naamgewing van plase en entiteite op die plase waar gewone volksmense vernoem is.

5.2.10 Name wat op sintuiglike waarneming berus

Ongeveer 4,8 persent van die behandelde name berus op sintuiglike waarneming. Dis veral met betrekking tot ondergrondse water, wat van kardinale belang in dié dorre gebied is, waar sintuiglike waarneming 'n belangrike rol speel en gevolglik neerslag vind in verskeie name.

1. Bitter, gal: Bitterfontein, Gal Puts. Onder die Khoekhoense name is dit dié soos Oubeep, Oubees, Outiep, ensovoorts, waarvan die lid ou- bitter beteken (Rust 1960:11).
2. Brak: Brak(ke)fontein, Dabeeb met al sy derivate, na aanleiding van Nama dabe- = brak (Nienaber & Raper 1980:233).
3. Koel, koud: Koelklipgaatjie, Kouefontein.
4. Soet: Soetwater.
5. Sout: Koamsvlei waarvan die eerste lid gedevelariseer is tot Nama $\neq \bar{o}$ = sout (Nienaber 1963:186), Soutfontein.

6. Stink: Stinkfontein.

7. Suur: Zuur Water.

8. Vars: Varsputs.

5.2.11 Name afgelei van gebruiksartikels

Ongeveer 3,2 persent van die behandelde name is afgelei van gemaakte of natuurlike voorwerpe wat vir menslike gebruik aangewend is, waarby ook kruideniersware as gebruiksartikels ingereken word. Die volgende is verteenwoordigend hiervan:

1. Boerdery-artikels: Blokdrif, Breipaal, Kolebrandkloof, Langgraaf, Pendoornkraal, Ploegberg, Riembreek, Saalberg, Skraapklipkoppie, Steierkraal, Wolfhok.
2. Huishoudelike artikels: Dekselklipgat, Lepel, Mesklip, Meulsteenberg, Soeis, na aanleiding van Nama sū- = pot (Rust 1960:61), Spieëlkop, Tafelberg, Tenkies, Wasbak.
3. Klerasie en persoonlike artikels: Kosies, na aanleiding van Nama !khō-s = tabakpyp (Kr. & Rust 1969:246), Onderbaadjie, Rifle Range Road, Veldbaadjiesvlei, Velskoen.
4. Kruideniersware: Botterhoog, Dannabiesberge, na aanleiding van Nama dani- = heuning (Rust 1960:32), Drie Brode, Jam Pan, Namaras, na aanleiding van Nama //ham(i) = voormelk, bies (Rust 1960:42), Ryskop, Sout, Teemaak se Koppies.
5. Musiekinstrumente: Orrelgat, Pêpêkloof, Ramkie, Tamboerskloof.
6. Vissery: Skietloodbaai, Skuitklip.

5.2.12 Plekke na liggaamsdele vernoem

Ongeveer 3,1 persent van die behandelde name verwys in een of ander komponent na liggaamsdele van mense of diere. Die gebruik is in die meeste gevalle oordragtelik. Die volgende is verteenwoordigend van liggaamsdele wat vernoem is:

1. Aar: Dik(h)aar; Koeroebes, na aanleiding van Nama \neq kuru-b = wateraar (Rust 1960:72).
2. Bal, penis: Hangpal(e) wat volgens oorlewering Handbal(le) moet wees. Die inlandse naam Garabgab(-gas), dui eintlik op die penis, na aanleiding van !garab = "die männliche Scham" (penis) (Kr. & Rust 1969:92).
3. Been: Driebeentjies; Nooisabes, na aanleiding van Nama /nu-b = been (Rust 1960:9).
4. Bek, mond: Dikbekvlei, Koiams, na aanleiding van Nama ams = mond (Rust 1960:43).
5. Bloed: Augabees, na aanleiding van Nama /auxa- = baie bloed (Kr. & Rust 1969:16), Bloedsmaak.
6. Bors, pram: Pramkop, Sarrisaam, na aanleiding van Nama sam- = moederbors (Rust 1960:12).
7. Derm: Grootderm.
8. Elmboog: Ellenboog Fontein.
9. Gal: Gal Puts.
10. Gesig: Black Faced Mountain, Saraip, na aanleiding van Nama ai- = gesig (Rust 1960:27).
11. Hol: Twamswap, na aanleiding van Nama twap = hol (Nienaber 1963:271).
12. Horing: Breekhoorn.

13. Kakebeen: Naries, na aanleiding van Nama !nâri- of !nâre = kakebeen (Kr. & Rust 1969:282).
14. Keel: Dabidom met die slotlid soos Nama -dom = keel (Rust 1960:34).
15. Knie: Knie Brand.
16. Kop: Bleskoppoort, Kai-danap, na aanleiding van Nama tana- = kop (Rust 1963:36).
17. Moesie: Sannagas, na aanleiding van Nama sana- = moesie (Kr. & Rust 1969:340).
18. Nael: Naelfontein.
19. Nek, hals: Nek se Vlei, Twadous waarvan die lid Twa- is soos Khoekhoense quoa = die hals (Nienaber 1963:399).
20. Neus: Klipneuseiland, Toeneus.
21. Pens, maag: Grootpenseiland, Tnabiesberg, na aanleiding van Nama !nā-b = maag (Rust 1960:40).
22. Oog: Blinkoog, Haramoep, na aanleiding van Nama -mū-b = oog (Rust 1960:6).
23. Oor: Hoogoorberg.
24. Skouer: Skouerfontein.
25. Voet: Nattabooi, na aanleiding van Nama /nū- = been/voet (Nienaber 1963:507), Stofvoet.
26. Voorkop: Oonab, na aanleiding van Nama !u-s = voorkop (Rust 1960:59), Witvoorkop.

5.2.13 Plekke na myne, plaaslike instansies en skepe vernoem

Gesamentlik vorm hierdie groep ongeveer 2,7 persent van die behandelde name. Dis veral straatname wat hieronder ressorteer. Die dorp Aggeneys se strate is almal na bestaande myne vernoem, soos Bolidenstraat en Tsumebstraat, terwyl Koiingnaas s'n na gestrande skepe heet, byvoorbeeld Arosastraat, Grosvenorstraat. Verskeie strate van ander dorpe in die gebied is na plaaslike instansies soos die landdroshof, hospitaal, ensovoorts, vernoem, byvoorbeeld Hofstraat, Hospitaalstraat, Hotelstraat, Kerkstraat, Parkstraat, Pastoriestraat, Skoolstraat.

5.2.14 Name wat op getalle berus

Volgens Nienaber & Raper (1980:53-4) kan die aanwesigheid van net een of van meer as een voorwerp soms die dryfveer wees vir die benoeming van 'n plek. Ongeveer 2,5 persent van die behandelde name berus hierop. Die Khoekhoense plekname met die veelvuldigheidsmorfeem -xa is nie hierby ingereken nie. Die volgende is verteenwoordigend:

1. Een, enkel: Eendop, Enkelduinbaai.
2. Twee: Kamnap, na aanleiding van Nama /gam = twee (Rust 1960:78), Twee Rivieren.
3. Drie: Driekop, Tnongas, na aanleiding van Nama !non(a) = drie (Rust 1960:14).
4. Vyf: Kuruga, Koeroegab, na aanleiding van Nama !koro = vyf (Rust 1960:24).
5. Ses: Sesevlei.
6. Sewe: Sewejaarsrivier.

7. Vyftien: Vyftienmyl se Berge.
8. Ses en dertig: 36 Mile Grass Flat.
9. Baie, veel: Baievlei.

5.2.15 Name wat gemoedstoestand en volkshumor weerspieël

Raper (1975 nr. 12:1) beweer dat dit te wagte is dat iemand se gevoelens ten tye van naamgewing soms die deurslag sal gee by die keuse van 'n naam. Ongeveer 1,9 persent van die behandelde name weerspieël dan ook gemoedstoestand en volkshumor.

Verskeie plaasname vertolk die gemoedstoestand van die eienaar toe hy besitter van sy plaas geword het, sy tevredenheid of sy teleurstelling: Weltevrede, Vrede en Rust of Eensaam. Blyderust dui op die heuglike rus waarna die eienaar uitgesien het ná baie jare van diens, terwyl Moedverloor weer vertel van moedeloosheid weens swaarkry. Nooitgedacht vertolk die verrassing van die eienaar en Welverdiend dat die eienaar voel dat hy die plaas wel deeglik verdien het. Die plaasnaam Dikbek dui op ontevredenheid by afwesigheid van water in die vlei, terwyl Courage Fontein van moed en innerlike krag spreek. Ander plaasname wat gemoedstoestand aandui, is: Goedehoop, Welkom, Seemansrus, Sukkel, Rushoek, Kotzesrus, Avontuur en Noubestuur.

Gemoedstoestand lê ook opgesluit in enkele Khoekhoense name. So is daar die plaasnaam Naap, na aanleiding van Nama $\#h\hat{a}$ -b = nood of gebrek (Kr. & Rust 1969:172). Die slot-b is die ml. ekv. wat die berg lokatiewe. Dus "Noodsberg" vanweë bittere ontbering as gevolg van watergebrek. Koisabes weer is soos Nama $\#kui$ - = moeg of sat word (Rust 1960:43), met -sa- as formans wat in plekname die grondwoord adjektiewies/adverbiaal bepaal, en -bes as plekbenoemend. Dus: "Waar mens vir 'n saak (ding) moeg word", wat dus indirek op gemoedstoestand dui.

Ook volkshumor kom in enkele name van die streek voor. Ene Kotze kon net nie daarin slaag om 'n onderwyseres op wie hy smoorverlief was, te oorreed om met hom te trou nie. Toe die poskantoor aldaar 'n naam moes kry, was die spotters gou gereed met die naam "Kotze hoop" vir die huidige Kotzeshoop. 'n Swaar sandgedeelte waar die osse dit hotagter gekry het, het bekend geword as Beeshel. Van moeilike deurgange deur die berge word gepraat as Vagevuurskloof, Helskloof en Helsepoort. Hierdie volkshumor spreek van 'n kenmerk van die streek se mense, naamlik hardnekkige optimisme en 'n sin vir die grappige te midde van 'n harde natuur waarin daagliks gestry moet word om 'n lewensbestaan.

5.2.16 Name op grond van klimatologiese oorwegings

Die Khoekhoen en later ook die blanke pioniers van die gebied het baie nou met die natuur saamgeleef, gevolglik sou hulle intens bewus wees van klimatologiese omstandighede wat weer neerslag gevind het in pleknaamgewing, soos Nienaber & Raper (1980:54) dit tereg stel.

Van die behandelde name verwys ongeveer 1,6 persent regstreeks en onregstreeks na klimaats- en weersomstandighede. Plaasname soos Drogedap, Old Droogge Daap en Drooge Kraal, asook entiteitsname soos Droëvlei, Droëkloofrivier en Droogouteep, bevat almal die woord droog in die samestelling wat dui op 'n droë klimaat en dor gebied waar dit min reën. Daarteenoor dui die Khoekhoense naam Tkieriedous ("Natpad") en Glad op natter omstandighede.

Brandrivier, Kookfontein en die inlandse Ybeep, waarvan die lid Y- is soos Nama /ai = vuur (Rust 1960:21), veronderstel almal 'n hoë temperatuur, terwyl Kouefontein, in Khoekhoens bekend as Tchaihoip, Kouwater se Berg en Koubankrivier die teenoorgestelde aandui.

Grootmis en Malmokkielaan ("malmokkie" is 'n plaaslike term vir mistigheid) is vernoem na die mistige weer veral langs die Weskus, terwyl Sneekop in die Kamiesberge so vernoem is omdat dit die eerste sneeu "vat" in die winter.

Wind en stof het verskeie name tot gevolg gehad. Windkraal, Windpoort, Windleegte, Windwaai en Windhoek is almal plekke waar die wind baie waai, terwyl Stofkraal, asook die Khoekhoense name Saraip ("Stofgesig"), Tarabi(e)s ("Stofvoet") en Sarrisaam ("Stofspene"), na aanleiding van Nama tsara- = stof (Rust 1960:58), aandui dat die wind daar geweldig stof kan opskop.

5.2.17 Name wat na vuur verwys

In ongeveer 1,0 persent van die behandelde name word regstreeks of onregstreek na vuur verwys of na die uitwerking of gevolg van vuur. Enkele verteenwoordigende voorbeelde is:

1. Regstreekse verwysing na vuur: Aribes, na aanleiding van Nama /ari- = (vuur) uitdoof (Rust 1960:6); Quanaaaises wat deur Laidler (1927:150) vertaal is as "Other"s fires face to face".
2. Onregstreekse verwysing: Aigap, na aanleiding van Nama /ai = vuur (Kr. & Rust 1969:10), oordragtelik warm of brand ("Brandkloof"); Ybeeb waarvan die eerste lid ook te vertaal is as /ai = vuur.
3. Verwysings na die uitwerking of gevolge van vuur: Brandberg, Brandmotorbult.

5.2.18 Name aan die Bybel, die kerk, geloof en bygeloof ont- leen

Volgens Nienaber (1933:37) was die Statebybel 'n belangrike fondamentsteen in die beskawingsgeskiedenis van die Afrikaanse volk wat 'n groot invloed op die volksgees en -taal uitgeoefen het. Die taal van die Afrikaner by sy huisgodsdienste en kerklike samekomste asook die taal van sy briefwisseling en sy daaglikse omgang het gevolglik deurspek geraak met Bybelse woorde en uitdrukkings wat weer neerslag gevind het in die naamgewing van plase en plekke.

Onder die behandelde name van die gebied is die volgende van Bybelse oorsprong. Daar is 'n onderverdelingsnaam Berseba, wat in Bybelse verband "die put van die eed" of "die put van sewe" (Grosheide 1955:75) beteken, maar waaraan plaaslik die betekenis van "heilighdom waar die Here gedien word", geheg is. Die plaasnaam Mara verwys na die bitter water wat die Israëliete nie kon drink nie (Exodus 15:23). Die gebiedsnaam Bethel is na aanleiding van Bet-el, wat "huis van God" beteken, waar Jakob die engele van God op 'n leer gesien het (Genesis 28:12). Dieselfde geld Bethelsklip, twee monumentale rotse waar die eerste Metodiste-sendelinge dienste gehou het.

Sommige name het ontstaan deur die vernoeming van sendelinge of ander kerkmense. So is die Steinkopf-reservaat byvoorbeeld vernoem na dr. K.F.A. Steinkopf, predikant en eerste inspekteur van die Rynse Sendinggenootskap (SESA 1974 deel X:265), en die Richtersveld-reservaat na eerw. W. Richter, inspekteur van die Rynse Sendinggenootskap se seminarie in Barmen, Duitsland (SESA 1973 deel IX:345).

Sendelingsdrif in die Richtersveld aan die Oranjerivier is so genoem omdat eerw. Schmelen en ander sendelinge in die ou dae op hulle reis na Suidwes/Namibië by hierdie plek die Oranjerivier oorgesteek het (Nienaber 1939d:15).

Die kerkgebondenheid van die bewoners het meebring dat die kerk en kerkverwante sake in naamgewing neerslag gevind het. 'n Koppie met die vorm van 'n preekstoel het aan die plaas Preekstoelkop sy naam besorg, terwyl die meeste dorpe oor 'n Pastorie- en Kerkstraat beskik.

Geloof en bygeloof het ook 'n rol gespeel. 'n Deurgang in die heuwels tussen Pella en Klein Pella heet Vagevuurskloof omdat dié moeilike trekpad deur die kloof soveel vermoeienis en lyding veroorsaak dat dit mens aan die vaevuur herinner. Duiwekloof met sy baie gate waarin duiwe bly, is deur sommige vervorm tot Duiwelskloof, terwyl dit snags op Spookwerf spook. Die Wondergat was vir die Namas die plek waar Heitsi-Eibib woon.

Ongeveer 1,3 persent van die behandelde name ressorteer onder hierdie afdeling.

5.2.19 Name waarin volksgroep- en stambenaminge 'n rol speel

In ongeveer 1,2 persent van die behandelde name het die name van volksgroepe en stamme regstreek of onregstreek 'n rol gespeel. Die volgende is verteenwoordigend:

1. Blankes: American Circle, Donker Duispraat.
2. Khoi-Khoin (Hottentotte): Doodhotnot se Kop, Hottentotsparadys.
3. Namas: Namakwaland, Namaroep.
4. San (Boesmans): Boesman-Plaat, Santab, na aanleiding van Nama Sā- = Boesman (Kr. & Rust 1969:338).
5. Swartes: Kaffer se Hoek.
6. Ander stamme: Habobeap/-beep, na aanleiding van Nama // Haboben = Velskoendraers (Nienaber & Raper 1980:392), Swartlintjiesrivier, Witbooisrivier.

5.2.20 Name wat op verwantskap dui

By ongeveer 0,5 persent van die behandelde name lê verwantskap ten grondslag van die benoeming. Hieronder ressorteer onder andere Horees na aanleiding van Nama hore- = tweeling (Rust 1960:78); Kuruga/Koeroegab waarvan Koro = vyf en !gâ- = suster ("Vyfsusters"); Seven Sisters; Tweeling, -dam, -puts; Weeskind; en Tatasberg waarvan die plaaslike benaming Tata- is soos Nama Dada- = vader (Rust 1960:66).

6. NAMAKWALANDSE STREEKTAALVERSKYNSELS EN KHOEKHOENSE WOORDE, IN GESPREKKE EN VRAELYSTE

Volgens Schoonees en andere (1956:135) is dialek of streekspraak die taal van die sprekers van 'n bepaalde streek wat ten opsigte van uitspraak, grammatiese vorme, sintaksis, woordeskat en idioom afwyk van die algemene norm van die groter taalgemeenskap waartoe die sprekers taalkundig behoort. Coetzee (1983:311) meld dat daar geen essensiële verskil tussen 'n dialek en 'n taal is nie, maar dit is dikwels gerieflik om eersgenoemde toe te pas op ondergeskikte spraakvorme in gebruik by betreklik klein gemeenskappe en laasgenoemde op die spraak van die hele volke. Streektaalspraak word dikwels verkeerdelik as sinoniem met agterlikheid en onbeskaafdheid gesien waardeur die foutvinders hulle gewoonlik die onmin van die streektaalsprekers op die hals haal. Dit was in die verlede veral waar ten opsigte van die Namakwalandse streektaal wat, weens sekere omstandighede, gedurende die 18de en 19de eeu baie opvallende afwykings van die algemene norm getoon het.

Namakwaland is gedurende die 17de en 18de eeu veral deur twee rasse bewoon, naamlik die San (Boesmans) en die Nama-kwa-Hottentotte, die Khoekhoen. Teen die einde van die 18de eeu het ook die Oorlams-Hottentotte uit die suideliker dele van die Kolonie Namakwaland binnegetrek (Heese 1942a:19). Links, soos aangehaal deur Greef (1985:68), verduidelik dan ook in dié verband dat Namakwaland in die 18de eeu 'n soort toevlugsoord vir die Basters en die nomadiese Khoekhoen geword het. Namate die Kolonie se grense uitgebrei is, het ook die blankes die gebied beset. Volgens Heese (1942a:20) het die eerste grensboere Namakwaland teen 1750 binnegetrek.

Vanweë die noue verbondenheid van die blankes en Khoekhoen oor die jare heen, het noodwendig wedersydse taalbeïnvloeding

plaasgevind. Die twee groepe het sekere dinge in gemeen gehad wat die vermenging van taal en kultuur beïnvloed het. Beide groepe was van oudsher af groot rondtrekkers. So beweer Van der Merwe (1941:64) byvoorbeeld: "Daar is seker nie nog 'n gebied in die Unie waar daar soveel met vee getrek is as in Namakwaland nie." Hierdie nomadiese leefwyse het sekere kultuurprodukte van gemeenskaplike belang na vore gebring, byvoorbeeld die maklik verskuifbare matjieshuis. Verder was albei groepe veeboere in hierdie halfwoestyng gebied. Hulle het gevolglik 'n deeglike kennis gehad van die veld met sy plant- en dierelêwe, van die topografie van die dorre gebied met sy lewensnoodsaaklike waterbronne en van die veeboerdery en wat daarmee gepaard gaan. Dit alles het hul stempel op die taal afgedruk, wat gevolglik ook sterk neerslag gevind het in die plek- en plaasname van die streek. Namawoorde en -benaminge, gewoonlik in aangepaste vorm, is in die taal van die blankes opgeneem en het so ingeburger geraak in die streektaal dat dit later plaaslik nie meer geëien is as behorende tot die Khoekhoense taal nie, byvoorbeeld Goodhouse uit Gudaos, om maar net een voorbeeld te noem.

Die grootste gedeelte van die treffende idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde is egter eie skeppinge. Die gebied was tot redelik onlangs nog baie afgesonderd. Kotzé noem byvoorbeeld sy navorsing oor Namakwaland in 1943 "n sosiologiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap" (Kotzé 1943). Hierdie isolasie het onbetwisbaar meegebring dat die streek se taalgebruikers in 'n toenemende mate aangewese was op eie skeppinge en dat die algemeen aanvaarbare Afrikaans weens gebrek aan kommunikasiemiddele nie sy invloed kon laat geld nie. Met hierdie skeppinge uit eie vindingrykheid het hulle onder meer gereageer op die prikkel van die natuuumgewing wat hul omsluit het. As mense wat daagliks intiem in aanraking gekom het met 'n harde, kaal wêreld wat aldag en heeldag die aandag opeis as jy wil bly voorbestaan, het hulle ook op taalgebied hulle toegespits

op die essensiële. Links, soos vermeld deur Greef (1985: 69), vat dit mooi saam dat daar by die Namakwalander 'n behoefte bestaan om die taal af te breek tot die basiese en die begryplike; dat sy spreektaal geskoei word op die eenvoudige en fundamentele en daarom suiwer bodemgebonde en lewenskragtig is. Hulle sê 'n iets soos hulle dit met die sintuie ervaar, byvoorbeeld Pramkoppe.

In hierdie navorsing omtrent die betekenis van plek- en plaasname in die gebied, het veral in gesprekke met sommige van die inwoners, nog van dié streektaalverskynsels na vore gekom, maar aangesien dit streng genome buite die studierein val, word net dié behandel wat gebesig is by die verskaffing van inligting aangaande plek- en plaasname.

6.1 KHOEKHOENSE WOORDE

'n Groot aantal van die behandelde plek- en plaasname van die gebied is uit Khoekhoens. By sommige word die voorafgaande suigklank plaaslik nog uitgespreek en met verskillende skryfpogings weergegee. Enkeles hiervan is:

T'Auseb ("Dik-Aar").

N'Guroebees ("Gruisfontein").

T'Karries ("Hardeplek/Klipplek").

t'Kieriedous ("Gladde/Glyerige pad").

T'Koeroeberg ("Kwartsklippiesberg").

Tkouroe ("Waterbank/Klipgat").

T'wadous ("Nekpoort").

Die oorgrote meerderheid van die Khoekhoense plekname het egter al vervormd geraak en word gevolglik sonder klapklanke uitgespreek. Die volgende is 'n paar van die groot aantal wat behandel is:

Gaamsberg ("Grasfonteinberg").

Garies ("Kweekplek").

Kamiesberg ("Bondel-/Waterberg").

Karaspan ("Gruispan").

Kheisberg ("Sandfonteinberg").

Nababeep ("Renosterplek").

Nochavlei ("Paddarykevlei").

Okiep ("Grootbrak").

Oubeespan ("Bitterfonteinpan").

Net soos hierdie plekname is daar ook baie plant- en diername en ander huishoudelike woorde in gebruik wat so ingeburger geraak het dat hulle nie meer deur die meeste gebruikers geëien word as behorende tot die Khoekhoense taal nie. Die volgende is in gesprekke en vraelyste deur informante gebesig:

Abba: Om in 'n abbavel op die rug te dra.

Gaaboorn: 'n Vaalgroen rankplank wat in klipskeure groei.

Ghaboe: Die kambro wat soos 'n waterige patat lyk, ondergronds groei en eetbaar is.

Gorra: 'n Graafwater- of syfergat wat plaaslik ook 'n put kan beteken.

Kaaugoed, ook kougoed uitgespreek: Gemaak van die wortel van 'n bos wat gedroog, gesweet en dan as stimulant gekou word (Smith 1966:309).

Kambro of ghaboe: Vergelyk laasgenoemde hierbo.

Kannie: 'n Swam wat op die melkboswortel groei, ook bekend as ntgorregaang (Coetzee 1983:312), 'n heerlike, geurige veldkos.

Kanoebie: 'n Bos wat eetbare bessies dra wat in grootte, smaak en voorkoms ooreenkom met 'n lukwart (Mulder 1970:18).

Karriedorings, soms ook tjirriedorings genoem: Die kareedoringbos van die Karoo (Smith 1966:279).

Kouboom: 'n Boom waarvan die saad 'n olie bevat wat deur die San vir tekeninge gebruik is (Smith 1966:309).

Noenieboom: Ook bekend as witgatboom of koffiebos waarvan die wortels vroeër veral deur die inboorlinge fyn gestamp is vir die maak van pap of gebrand is vir koffie (Smith 1966:514).

Ntga: Bakoorkakkals.

Ntgaai: 'n Stukkie seil of vel vasgebind onder die pens van bokramme om die geslagsorgane te bedek en sodoende ooie gus te hou.

Ntgie, ook ntgai uitgespreek: Maanhaarjakkals.

Ntgomsganna: 'n Vetplant wat in die "droëntyd" sy groen lote uitstoot en krimpsiekte by veral bokke veroorsaak.

Ntgouroe: Die vygiebos met sy helder kleure waarvan die blare na die geringste reëntjie swel en 'n belangrike deel van die natuurlike weiding van die gebied uitmaak.

Ntkan: 'n Klipkoppie met tunnels en gate waarin dassies bly (Coetzee 1983:312).

Ntong: So dronk wees dat jy nie meer kan loop nie.

Tgoenebees, of pietsnotjies soos sommiges hulle noem: 'n Plant met geel bomme en 'n slymerige wortel wat geëet kan word.

Tjirriedorings: Vergelyk Karriedorings.

Tkamma: Draaijakkals.

Tkarrabee: Om teen 'n skuins platklip af te glyskuur soos in die geval van botterboom ry.

Tkoeroe: Wit kwartsiet(klippe).

Tkooi: Die rooivyebos, 'n vygiebos wat uitstekende brandhout gee.

Tkourotjie/tkoeroetjie: 'n Klipgaatjie met water.

Tnana: Water skep in die sin van "die water word getnana", selfs "geanna" soos sommiges dit uitspreek.

Tnomklip: Skraapklip, 'n sagte gruisklip wat gebruik is om velle wat gebrei word aan die vleiskant glad te skuur.

Tnou: 'n Klipplaat (Boshoff 1921:373).

Twa: 'n Sametrekking van "um Twa" soos die San hulle self genoem het en waaruit die algemene benaming twagras (Boesmangras) gevolglik ontstaan het (Smith 1966:472).

Xibbies/ximmies: Die dooie termiete wat afgeskep word in die skoonmaakproses van hotnosrys (Kotzé 1975:36).

6.2 UITDRUKKINGS EN SPREEKWOORDE

Die volgende is merendeels eie skeppinge wat toon dat die Namakwalander geneig is om in sy gewone spreektaal woorde spaarsaam te gebruik en gevolglik voorkeur te gee aan een woord in plaas van 'n lang omskrywing:

Die dag begin aanslaan: Dit begin lig word (dagbreek).

Kreef word met bakkies gevang: Klein bootjies.

Bekwaam plek: 'n Geskikte plek.

Beslyn: 'n Fynerige tipe vygiebos wat deel vorm van die natuurlike weiding.

Bierklei: 'n Bos se wortel wat gedroog, gemaal en by die maak van heuningbier gebruik is.

Binneveld: Die middelste gedeelte van die bergwêreld tussen die Richtersveld in die noorde en die Kamiesberge in die suide.

'n Pad bladgooi of hardmaak: 'n Uitgetrapte of sanderige pad met kleigrond opvul sodat dit ná reëns kan vastrap en 'n harde ryoppervlak gee.

Blikwinkel: 'n Winkelgebou van sink.

Bloedsmaak in die keel kry: So moeg wees dat jy die smaak van bloed proe.

Blousink: Outydse sinkpklate wat blouer van kleur was as die hedendaagse.

In die sand blystaan: Wanneer jou motor in die swaar sand vasval.

Bobbejaanspieël: Mika, 'n glasagtige metaal wat maklik splitsbaar is in dun blaadjies wat dofweg blink en dit gevolglik lyk of jy jou beeld vaagweg daarin kan sien. Bobbejane spieël hulle glo daarin.

Bokwerk: Die melk van bokke en die laat suip van bokklammers soggens en saans gedurende lamtyd.

Bondeldraersmous: Smouse wat destyds hul smousgoedjies in 'n bondel op die rug gedra het.

Hy is 'n boorling van die gebied: Iemand wat in die gebied gebore is en grootgeword het.

Boskaas: Die ruig begroeide gedeelte van sommige Sandveldplase.

Slaan 'n bossiekraal: 'n Kraal of heining van bossies maak.

Botsononder: Wanneer die son heeltemal onder is.

Brandasem wees: Brand in die keel en bors hê vanweë moegheid.

Breekskip: 'n Skeepswrak op die rotse.

Die biesies het broeksbandhoog gestaan: Tot aan die broekse band gereik.

Buitekerk: Dienste op buiteplekke (wyke) van die gemeente.

Nie 'n dooi tyd hê nie: Wanneer iemand haastig raak en nie meer kan vertoef nie.

Doringskof of dreunlyf wees: Geïrreteerd, kwaad, ontevrede, moeilik wees.

'n Dorswêreld: 'n Waterlose gebied.

'n Drinkding maak: Iets te drinke maak, byvoorbeeld tee of koffie.

Droëntyd (ook ou droëntyd): Die droë seisoen.

n Eiekennige mens: Eiewyse.

n Ding eietyd doen: Dadelik, sommer nou.

n Gabba-ding: 'n Skepding.

Gat omhoog staan: Gebukkend staan.

n Gatskuur: Twee meulstene met 'n gat in die boonste waardeur koring gegooi en dan gemaal is deur die boonste steen aan 'n handvatsel in die rondte te draai.

Gebroke grond: Wanneer 'n sekere tipe grond afgewissel word deur 'n ander tipe.

Dit was n gesmart om deur die dik sand te kom: 'n Groot gesukkel.

n Geut waardeur die seewater spoel: 'n Gleuf in die rots.

n Graatjie: Stokstertmeerkat.

Grif wees: Vlug van begrip, intelligent wees.

Groeiwatertjie: 'n Fontein- of syferwatertjie.

Grofdiere: Grootvee.

Grougate: Graafwatergate in rivierbeddings vir die verkryging van grondwater.

Jy moet die vee gus hou: Voorkom dat hul dragtig raak.

Hande-voete vasmaak: Hande en voete tesame.

Soos jou hand ken: Baie goed ken.

Die wind is hoog noord / 'n hoë suidoostewind: Die hoogste grade noord/suid.

n Hondcjongetjie: 'n Klein hondjie na aanleiding van 'n hond wat gejong het.

Hotnosrys: Wit termietenimfe of larwes wat uit miershope gehaal, gebraai en geëet word. Ook sibbies genoem (Kotzé 1975:36).

Hotnosvye: Die eetbare, vyagtige vrug van die vetplant Carpobrotus edulis (Smith 1966:251).

Houtskepel: 'n Houtkis met inhoudsmaat van 2 emmer waarmee

graan vroeër op die trapvloer afgemeet is.

Huiloorlog: Streeksbenaming vir die Eerste Wêreldoorlog vanweë die treurmara by opkommandering van plaaslike manne.

Huutjieheus (hutjie huu): 'n Ronde groen sprinkaanagtige insek wat deurskynend is en net 'n dun dermkanaal het. Wanneer die veld nat is, stryk hulle saans hul vlerke wat hul kenmerkende skreegeluid voortbring.

Inkbosse: 'n Struikagtige bos van die Suaeda sp. (Smith 1966: 255) waarvan die blare 'n sap afgee wat klere soos ink vlek.

Inloop tussen die koppe: 'n Ingang.

Jakkalshotel: Die bymekaarkomplek van baie jakkalse.

Jakkalsnes: 'n Plek vervuil met jakkalse.

Jolliestaan: 'n Uitspanning waar dit met die destydse koper-ryers jollie gegaan het as gevolg van drankmisbruik.

Kaiingriwwe: Rantjies met baie kaiingklip.

Die veld is kapitaal. Baie goed.

Kappelhare: Golwende hare.

Die trekdier se kele skreeu: Die fluitgeluid vanweë diep asemhaling as gevolg van swaarkry.

Die pad klim met 'n draai: Maak 'n draai teen die hoogte uit.

Dit was kleintjies of daar was 'n ongeluk: Amper.

Klipbakke: Natuurreservoirs in die granietrotse wat reënwater opvang.

'n Klipplaat: 'n Plat klipbank.

Knap uitgeraak: 'n Noue ontkoming gehad.

Kookwater wees: Op en wakker wees.

Dis nou vir jou konsensiewerk daardie: Werk wat jou volle aandag verg.

Kort seeduintjies: Seeduintjies wat nie ver uitstrek nie.

Krêmsiek: Krimpsiekte deur plantvergiftiging veroorsaak.

Kruppelgras: 'n Grassoort waarvan die stingels nie regop groei nie, maar buigings gee en gevolglik aan 'n kruppel mens herinner.

'n Kwaainaam: 'n Bynaam wat veroorsaak dat die benoemde kwaad word as hy dit hoor.

Laag af wees: Baie siek wees.

Lande kap: Die uitkap van die natuurlike plantegroei om saailande te maak.

Lekplekke: Brakplekke waar wild brak.

Lelike pad: 'n Pad in slegte toestand.

Losmis: Mistige weer wat nie aanmekaar in een bank voorkom nie, maar in kolle en strepe.

Lyfhalter: 'n Konstruksie van riem of tou gemaak wat om die lyf van iemand pas sodat hy daarmee in 'n put, ensovoorts, laat sak word.

Die maag van die plaas: Die sentrale gedeelte van 'n plaas waar die water en opstal gewoonlik is.

In die digte malmokkie kan jy nie om jou sien nie: Die plaaslike benaming te Alexanderbaai vir die droë mis van die see af waarmee vermoedelik bedoel word dat 'n mens net so min in die digte mis kan sien as 'n malmokkie se kleintjies waarvan die oë ná geboorte toe is.

Hy lyk nes sy ou mama: Nes sy ma (moeder).

Die knik is manshoogte diep: So diep soos 'n man se lengte.

Matjiesgoed: Die Cyperus textilis (Smith 1966:333) wat gebruik word vir die maak van matjies vir matjieshuise.

Matjies steek: Die aanmekaar ryg (plaaslik bekend as steek) van matjiesgoed vir die maak van matjies.

Melkbosse tap: Die destydse insameling van melkbossap vir verwerking tot rubber.

Menskerk: Wanneer nie die predikant nie, maar een van die kerkraads- of gemeentelede 'n kerkdienhou.

Die veewagter het die trop middeldeurgesteek: In twee kloppe verdeel.

Die mint van die gebou is nog sigbaar: Fondasiekttekens waar 'n gebou vroeër gestaan het.

Jy kan nie alles alleen munteneer nie. Behartig nie.

Ryp muurhope: Miershope waarvan die termietnimfe of larwes reg is om uitgehaal te word.

Muurhuis: 'n Gemesselde huis in teenstelling met matjies-huise.

Julle moet navervolgens kom: Een ná die ander.

Olifantmelkbos: 'n Vetplant wat oorspronklik 'n belangrike weidingsgewas vir olifante was.

Onkruidsig mens: Moedswillige.

Onlekker wees: Siek of ontevrede wees.

Onsievoël: Die plaaslike benaming vir die seemeeu te Alexanderbaai: 'n Pond botter is destyds in sestien dele (onse) verdeel waarvan elke myner net een ons op sy brood ontvang het. Dikwels is dit by die werksplek deur dié voëls gesteel, van daar die benaming.

Die oog groei vinnig: 'n Fontein wat vinnig/baie water lewer.

Oopwaters: Reënwater wat versamel het in vleie, klipgate, ensovoorts.

Hy het gegrawe tot op die water: Totdat grondwater gekry is.

Die plantegroei laat die leegte swart opgee: Laat dit swart vertoon.

Die Boesmans het hom daar opgetel: Geskraap en gejaag.

Opslag: Sporrie, gousblom en 'n menigte ander blomsoorte wat met goeie reënjarige asof uit die niet te voorskyn kom en deur die Namakwalander saamgevat word onder die naam opslag.

Die vee opstoot (oproer): Van die werf af opjaag.

Ôrrabok: 'n Bok sonder lam wat vir huishoudelike gebruik gemelk of waaraan hanslammers laat suip word.

Oulande: Lande wat vroeër geploeg en gesaai is, maar tans nie meer nie.

'n Oumatjie: 'n Vroedvrou.

'n Ouwerf: 'n Plek waar voorheen met vee uitgestaan is.

'n Pad of spoor trek deur die sand: Die voorste man se voertuig moet 'n goeie spoor trap waarin die ander kan volg.

Panbrode: Brood in broodpanne gebak in teenstelling met byvoorbeeld die asbrood.

In die warmte is die sand pap en val voertuie maklik vas: Is die sand lossier.

Die pêpê- of skappiebos: As daar op die lang blomsteel van die pêpê (eintlik pnê-pnê met die pn genasaleer) geblaas word, word die geluid van 'n steenbokklammetjie so goed nageboots dat elke steenbokkooi wat 'n lam het, nader sal kom. Die kinders het ook van die verdikte blare van die bossie skabies gemaak deur stokkies vir bene daardeur te steek, van daar skappiebos, soos dit plaaslik uitgespreek word.

'n Plat baai: 'n Baai waarvan die water redelik beskut is en gevolglik gelyk of "plat" lê.

Plat bakkies: Vlak bakkies wat nie veel water kan hou nie.

Plat vlak: tussen rûens. Grond sonder noemenswaardige verheffings.

Plat vleitjies: Vlak vleitjies wat gou water vat, maar nie veel hou nie.

'n Pot se speen: Die puntjie onder aan die boom van 'n drie-pootpot.

Pramkoppe: Koppe wat soos die borste van 'n vrou lyk.

Puts met ene seewater: Die soutgehalte van die water is baie hoog.

'n Reëlyster: 'n Spoorstaaf.

Die reën staan uit: Dit wil nie reën nie.

Dit was 'n hele remult: 'n Hele doenigheid.

Hulle roep die plek Gaas: Noem.

'n Rolvaatjie: 'n Vat wat so ontwerp is dat dit kan rol as dit getrek word. Water vir huishoudelike gebruik is vroeër dikwels hiermee aangesleep.

Eers jou sake stelstoot: Organiseer.

Sampanne: Tampanne.

In die sand bly sit: Vasval.

'n Sandklim: 'n Sandhoogte in die pad.

Sandknoppe: Sandbultjies.

Die sand kook onder jou voete: Baie warm.

Die werk is sommer sandsuiker: Lekker.

Die see begin stoot: Begin van die groeigety.

'n Sitplek hê: 'n Plek om jou te vestig.

'n Skaapvanger was weer onder die vee: 'n Skaapvangerjakkals.

'n Skepbankie: 'n Trappie op die rand van 'n put om op te staan as water geput word.

Hy skiet soos vingerdruk: Baie sekuur.

'n Skilderduin: Gespikkelde duin.

Die wind skop stof op: Waai stof op.

Skulpgruis: Fyn gebreekte skulpe.

Die berg het 'n skurwe voorkoms: Vertoon skurf vanweë die punterige rotse.

Die vee slaan oor gedurende koel dae: Kom nie elke dag suip nie.

Hulle slaap dood: Slaap baie vas.

Die rivier draai slap regs: 'n Kort draai na regs.

Sleepmis: Mis wat so laag oor laagliggende dele beweeg dat dit lyk of dit oor die grond sleep.

Hy is sommer 'n sleghalter: 'n Nikswerd (lui) mens.

Hy het so by so 'n verkeerde ding gedoen: In elk geval.

Sy ou mama het soutsak gesit, maar dit het niks gehelp nie: Met alle mag probeer verhinder.

Spantoumelkbos: 'n Giftige melkbossoort waarvan die lang, ineengestrengelde lote wat aan spantoue laat dink, tussen rotse en in bosse oprank.

Die pad klim klim teen 'n stadige sandhoog uit: 'n Sandhoogte wat geleidelik steiler word.

Steenbokriet: Riet wat volop in die Sandveld groei en 'n ideale habitat vir steenbökkies skep.

Steiers: 'n Afdak van pale en latte wat vroeër langs huise opgerig is om as veranda te dien.

'n Stofdoutjie: 'n Misreëntjie wat net die stof natmaak.

Wat storie hulle? Wat het hulle te vertel?

Streepduine: Duine wat in 'n streep lê.

Styweggrond: Harde kolle in 'n gebied met swaar sand.

Sugputsies: Graafwatergate of putjies waarin sugwater versamel.

'n Swaar pad: 'n Sanderige pad waar 'n voertuig moeilik beweeg.

Die rant gee swart op: Vertoon swart.

'n Syferwatertjie: 'n Baie swak fonteintjie.

'n Takkraal opslaan: Die heining van 'n takkraal hoër maak deur vars doringtakke op te stapel.

Hy het talletaks die verkeerde ding gedoen: Talle kere, keer op keer.

Tiervoël: Die witkruisarend wat vanweë sy wit kruis en wit vlekke onder die vlerke, asook die feit dat hy soms lamers vang, met 'n tier (luiperd) geassosieer word.

Toemis: Wanneer die mis so toegetrek het dat jou uitsig heeltemal belemmer is.

Uilspieël: Mika. Plaaslik ook bobbejaanspieël genoem.

Uitgevoeringde boorgate of putte: Aan die binnekant uitgevoer met metaal of beton om uitkalwering, ensovoorts, te voorkom.

Uitlegplek: Die benaming vir die tydelike bewoonde plek of plaas gedurende die destydse seisoenmigrasies in Namakwaland.

Oral sien mens kwartsiet uitslaan: Sigbaar tussen ander formasies.

Met die vee uitstaan: In die veld oornag.

’n Varswatertjie: ’n Vars fonteintjie.

Vaste water: Standhoudende water.

Die wind sal daar ’n geweldige vat hê: ’n Plek waar die wind sterk "neerval".

Hy was so nat dat hy van die vel af moes aantrek: Bo- en onderklere moes verwissel.

In die vlak vyftigerjare: In die begin van die vyftigerjare.

Vlamkameel: Kameelperd.

Vlerkry: Die termiete in ’n miershoop wat al kan vlieg.

Tussen die duine lê ’n vloer: ’n Gelyk oppervlakte soos ’n pan wat aan ’n huis se vloer of ’n trapvloer laat dink.

Met volwater kan mens nie deur die sloep nie: Hoogwater.

Die waaiduine loop of trek voordurend: Die sand word deur die wind rondgeskuif.

Water grawe: Graafwatergate in die grond maak op soek na water.

Waterpens: Veetiese veroorsaak deur kraalbos en gekenmerk deur vogophoping in die liggaam.

’n Watertjie maak: ’n Gorra of put grawe om water te bekom.

Die harde vleitjies sal maklik water vat: Opvang.

ⁿ Wettige huis: So goed soos ⁿ egte huis.

Hulle het die hele dag gewoed: Al die kragte ingespan om alles gedaan te kry.

ⁿ Wolfnes: ⁿ Plek vervuil van wolwe.

6.3 FONOLOGIESE AFWYKINGS

Die volgende artikulasie-afwykings is teëgekrom in gesprekke met van die oudste boorlinge:

i uitgespreek as e: kêrelkend/meisiekend (kind), deng (ding), krêmsiek (krimsiek), hêner (hinder).

e uitgespreek as i: aandinklik (aandenklik), minse (mense), bekind (bekend), mingsel (mengsel), mit (met), kin (ken), Ingelsman (Engelsman).

o uitgespreek as ou: joung (jong), doukie (donkie), Ounderveld (Onderveld).

o uitgespreek as oe: oens (ons).

ui uitgespreek as oe: loeister (luister), oeitmekaar (uitemekaar), oeit (uit).

ui uitgespreek as eu: skeuns (skuins).

u/e uitgespreek as oe: toesoenin (tussenin).

Verder: Struis (Strauss), mama (mamma), blaklei (baklei), perbeer (probeer), innerlik (eintlik), suffel (soveel), verkwalk (verkwalik), vloer (verloor), allewel (alhoewel), bantam (band-om), sukke (sulke), platklip met sterk beklemtoning van die laaste lettergreep.

6.4 GRAMMATIESE VORME EN SINTAKSIS

In stede van -hulle te gebruik om kollektiwiteit uit te druk, word baie dikwels van -goed gepraat: Cloete-goed (Cloete-hulle), Jasper-goed (Jasper-hulle).

Besitlike voornaamwoorde word dikwels op ongewone wyse gebruik: Hy se hondjie (sy), hulle se hakskeensenings (hulle).

Die manlike voornaamwoord verdring soms die vroulike vorm: Hy se vrou was net so kookwater en hy het sy man trou bygestaan.

Met toevoeging van ge- word voorsetsels soms as werkwoorde ingespan: Hy het met die kar en perde die wal daar ge-af en by die hoog ge-uit; die jakkals het by die gat ge-in of gekom in.

Twee werkwoorde word soms ná mekaar gebruik: Hulle het hom daar lêgemaak; hy het hom daar gaan sitmaak; die hele dag gelê en loop; gelê en rondtrek met hul vee.

In sekere gevalle word selfstandige naamwoorde as werkwoorde gebesig: Die vee tweeling en drieling vanjaar weer baie; die plek waar hulle gestorie het; die water is so min dat jy dit sal moet lepel.

Daar bestaan 'n voorliefde vir die toevoeging van sam (saam): Met die voetpad sam; hy gooi jou met die klip sam; wat is dit met jou sam?

Die foutiewe gebruik van sommige rededele kom sporadies voor: Teen die uitgaan (uitgang) van die maand; die pad klim teen die hoog; Doodhotnot se Kop; die baaitjie is net 'n bamboes (die ene).

6.5 ARGAÏSMES EN ANGLISISMES

Enkele ouer vorme word nog gebesig: Die beeste had voetpaaie deur die ruie biesies getrap; dit is net besyde Kammagappunt geleë; hy het passede jaar nog een daar gekry; hulle wis dat dit die Boesmans se gewoonte was.

Engelse woorde en Anglisismes is hoofsaaklik beperk tot dié rakende gebeure die gebied self, byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog, diamant- en koperontdekkings, ensovoorts: scouts, diggers, plate-layer, asook die alledaagse verafrikaansde wôrrie ("worry"), ôraait ("all right").

BYLAE A

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

STAATSDRUKKERY

GOVERNMENT PRINTING WORKS

Mnr. C.R. Burger
Primêre Skool
Posbus 345
SPRINGBOK
8240

Verwysing/Reference 14/1/1
Navrae/Inquiries Mnr. Wilken
Telefoon/Telephone (012)3-9731x115
Tel. Adres/Address QUAD

Bosmanstraat/Bosman Street
Privaatsak/Private Bag X85
0001 PRETORIA

27 Desember 1983

Geagte meneer

OUTEURSREGVERGUNNING: U SKRYWE VAN 17/12/1983

Magtiging ingevolge die Wet op Outeursreg 98 van 1978 paragraaf 5(6) word hiermee aan u verleen om uittreksels uit amptelike publikasies soos genoem in u aansoek te reproduseer.

Dit is egter 'n voorwaarde van hierdie magtiging dat die onderstaande erkenning in u publikasies verskyn:

"Uittreksels uit amptelike publikasies gereproduseer ingevolge die Staatsdrukker se Outeursregvergunning 8045 van 27-12-1983"

Hierdie magtiging is nie oordraagbaar nie.

STAATSDRUKKER

BYLAE B

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Telegramme/Telegrams: "RAGEN"
Telefoon: Bylyn: 45
Telephone 486562 Ext.
Instituut: Taal, Lettere en Kuns Verw./Ref. N/6/4 PRIVAATSAK
Institute: U verw./Your ref: PRIVATE BAG X41
Navrae: S.A. Naamkundesentrum PRETORIA
Enquiries: Dr. P.E. Raper 0001
Suid-Afrika/South Africa

Geagte

1. Ingesluit is 'n verduideliking en vraelys van mnr. C.R. Burger, hoof van die Primêre Skool op Springbok.
2. In die verduideliking vra mnr. Burger om besonderhede wat op die gepaardgaande vraelys verstrekk moet word.
3. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing is mnr. Burger behulpsaam met die uitsending van die vraelys.
4. U medewerking word op prys gestel.

Die uwe

PRESIDENT

BYLAE C**VERDUIDELIKING: VRAELYS OOR PLAAS- EN PLEKNAME IN NAMAKWALAND**

Ek is hoof van die Primêre Skool, Springbok, en is besig met 'n studie oor die betekenis van plaas- en plekname in Klein-Namakwaland. Ek het 'n jaar verlof om my gegewens oor hierdie onderwerp in te samel. My belangrikste gegewens hoop ek om te verkry van inwoners van Namakwaland.

Dit is om hierdie rede dat ek u hulp inroep. Ek sluit 'n vraelys in met die vriendelike versoek dat u dit asseblief moet invul. Op dié manier help u as Namakwalander vir my as mede-Namakwalander om 'n deel van ons geskiedenis te bewaar.

My eerste belangstelling is die betekenis van die naam van die oorspronklike plaas. As u kan, sal dit baie beteken om ook iets oor die geskiedenis van die plaas te verneem.

Op die plaas is daar gewoonlik ook gedeeltes wat name het soos onderverdelings, berge, koppies, rante, riviere, spruite, fonteine, suipings, bosse, panne, voetpaaie, paaie, bergpasse, opstalle, veewerwe, duine, landerye, of enige ander geografiese kenteken. As daar van hulle is wat name het, sal ek ook graag dié name wou hê, asook hulle betekenis of die rede vir die naam.

Ons weet almal dat van uitstel kom afstel. Ek kan nie met die verwerking van my inligting begin voordat ek u antwoord het nie.

Daarom doen ek 'n dringende beroep op u om tog maar dadelik die vraelys in te vul en terug te stuur. Vir die terugsending sluit ek 'n kovert in. U moet geen posseël daarop plak nie.

U vriendelike samewerking word baie op prys gestel.

Die uwe

C.R. BURGER

BYLAE D

VRAELYS OOR PLAAS- EN PLEKNAME IN NAMAKWALAND

U naam: _____

U adres: _____

U Beroep (bv. boer, onderwyser): _____

Naam van plaas: _____

Indien dit 'n Hottentotnaam is, sê dan asseblief wat die betekenis is:

Indien die plaas 'n Afrikaanse of Engelse naam het, vertel asseblief hoekom dit so genoem is:

As daar nog iets anders is wat u oor die geskiedenis van die plaas kan meedeel, vertel dit dan asseblief hier:

Op die plaas sal daar ander dele wees met 'n eie naam bv. 'n onderverdeling, vlei, pan, koppie, werf, fontein, rivier, berg, ens. soos op begeleidende brief genoem. Noem die name, sê wat elke naam is bv. koppie, fontein, ens. en waar u dit kan doen, sê waarom die plek die naam het.

As daar nie genoeg ruimte hier is nie, skryf besonderhede op die agterkant van hierdie vraelys.

U handtekening: _____

Datum: _____

BYLAE E

VRAELYS OOR PLAAS- EN PLEKNAME IN NAMAKWALAND

1. U naam: _____
2. U adres: _____
3. U beroep (bv. boer, onderwyser): _____
4. Wat is die naam van u plaas of die plaas in Namakwaland, waarop u grootgeword het? _____
5. Waarom word die plaas so genoem? Verduidelik asseblief.

6. Is daar enige koppie, berg, pan, fontein, vlei, rivier of werf op genoemde plaas wat h naam het? Noem dan die naam en sê waarom dit so genoem word.


7. Is daar enige ander plaas, plek, baai of visvangplek in u omgewing of in Namakwaland, waarvan u die naam en betekenis ken? Gee dit dan asseblief.

As daar nie genoeg ruimte hier is nie, skryf besonderhede op die agterkant van die vraelys of op enige ander los vel.

Handtekening: _____

Datum: _____

KAART



LITERATUUR EN BRONNE

- Afdelingsraad jaarboek 1984 Saamgestel deur die afdelingsraadsekretarisse van Kaapland, Stellenbosch.
- Afdelingsraadkaart s.j. Plaaslike afdelingsraadkaart van Namakwaland, bevattende die oorspronklike plaasname van dié distrik.
- Africana Aantekeninge en Nuus 1949 After whom is Alexander Bay named? Maart 1949.
- Aktekantoor Die kantoor van Aktes, Kaapstad.
- Albertyn, A.P.J. 1984 Die ensiklopedie van name in Suidwes-Afrika, Somerset-Wes.
- Albertyn, C.F. (red.) 1959 Die Afrikaanse kinderensiklopedie, Kaapstad.
- Albertyn, C.F. (red.) 1972 Ensiklopedie van die wêreld, Stellenbosch.
1972 Deel III.
1973 Deel V, Stellenbosch.
1975 Deel VIII, Stellenbosch.
- Alexander, J.E. An expedition of discovery into the interior of Africa, (herdruk), Kaapstad.
1967a Deel I.
1967b Deel II.
- Alluwiale Staatsdelwery Alexanderbaai 1929-1978 1978 Namakwaland(-er)...Waarvandaan...Waarheen?
- Anders, H.D. 1937 Marginal notes to Wikar's journal (Van Riebeeck-Vereniging XV, 1935) Bantu Studies, Maart 1937.
- Backhouse, J. 1844 A narrative of a visit to Mauritius and South Africa, Londen.
- Barrow, J. 1801 An account of travels into the interior of Southern Africa, deel I, Londen.
1804 Deel II, Londen.

- Beyers, C.J. 1981 Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel IV, Pretoria.
- Boshoff, S.P.E. 1921 Volk en taal van Suid-Afrika, Pretoria.
- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe en L.W. Hiemstra 1981 Tweetalige woordeboek (herd.), Kaapstad.
- Botha, C.G. 1927 Place names of the Cape Province, Kaapstad.
- Botha, P.J. 1957 Namaqualand ... land of unbelievable contrasts, Farmer's Weekly, 2 Oktober 1957.
- Brand, Hendrik 1931 Die verlore prins, Kaapstad.
- Budack, K.F.R.H. 1965 'n Volkekundige studie van die Tses-reservaat (distrik Keetmanshoop, Suidwes-Afrika) met besondere verwysing na die geskiedenis en die inter-etniese verhoudinge van die bewoners. (Ongepubliseerde verhandeling vir die graad M.A. aan die Universiteit van Pretoria.)
- Bulpin, T.V. 1970 Discovering South Africa, Kaapstad.
- Burman, Jose 1967 Great shipwrecks off the coast of South Africa, Kaapstad.
- Burman, Jose 1969 Droogte was sy doodsteek, Die Huisgenoot, 11 April 1969.
- Caltex s.j. Maak kennis met roofvoëls. 'n Sakgids oor die gewoontes en verspreiding van ons roofvoëls, Kaapstad.
- Campbell, J. 1815 Travels in South Africa (3 de druk), Londen.
- Cape blue book 1856 Cape blue books 1856/86 (Staatspublikasie), Kaapstad.
- Cape Colony reconnaissance series (CCRS) 1907-1914 32 Velle wat Noordwes-Kaapdek, skaal 1:250 000. Vir gebruik van die War Office, General Staff, Southampton.

- Coetzee, J.C.N. 1983 Dialektiese woordeskatver-
skynsels in die Hardeveld
en Namakwaland en Hotten-
totswoorde wat besig is om
uit hierdie streektaal te
verdwyn, Die Unie, Junie
1983.
- Coetzee, N.A. 1969 Volkekundige reisaanteke-
ninge. Tydskrif vir Volks-
kunde en Volkstaal, Julie/
Oktober 1969.
- Collins, Robert 1978 French-English/English-
French dictionary (herd.),
Londen.
- Conradie, W.J. 1909 Ondervindinge van een jonge
predikant in Namakwaland,
Londen.
- Copley, G.J. 1963 Names and places, Londen.
- Cornelissen, A.K. 1965 Namaqualand copper history
(privaat gedruk), Nababeep.
- Cornell, F.G. 1920 The glamour of prospecting:
wanderings of a South Afri-
can prospector in search
of copper, gold, emeralds
and diamonds, Londen.
- Cowie, Gustave 1929 Namaqualand to-day. A
cinderella country, S.A.
Railways & Harbours Maga-
zine, Julie 1929.
- De Kock, W.J. (red.) 1968 Suid-Afrikaanse biografiese
woordeboek, deel I, Kaap-
stad.
- Departement van Landbou 1957 Stock farming and pastures,
deel III, Pretoria.
- De Villiers, M., J. s.j. Nasionale woordeboek (2 de
Smuts en L.C. Eksteen druk), Kaapstad.
- De Villiers, Simon & 1969 Muilstoom het trein laat
Mimi loop, Die Huisgenoot,
18 Julie 1969.
- Die Burger 1949 Van alle kante, 30 Septem-
ber 1949.

- Die Burger 1953 Dorp verontwaardig oor sy naam, 7 September 1953.
- Die Burger 1954 Rym Okiep en Nababeep? 5 November 1954.
- Die Burger 1963 Die oudste smeltoond in Suider-Afrika, 15 Augustus 1963.
- Die Burger 1979 Namakwaland se Broken Hill, 17 Mei 1979.
- Die Koningsbode 1943 Johan Frederick Hein en die Richtersveld (Kersnommer), Desember 1943.
- Die Namakwaland 1975 Twee vermoor op Olienfontein, 1 Oktober 1975.
- Die Namakwaland 1976 Toe Namakwaland nog jonk was, 1 Julie 1976.
- Die Namakwaland 1976 Waar kom ons plaasname vandaan? 17 November 1976.
- Divisional map of Namaqualand (DMN) 1916 Compiled in the Surveyor General's office, Kaapstad.
- Dove, K. 1900 "Geographische Bezeichnungen in der Namasprache", Mitteilungen der Seminar für Orientalische Sprachen. Afrikanische Studien 1900(3), Hamburg.
- Dreyer, A. 1930 Kerksoewenier van Namakwaland. Geskiedkundige oorsig van die tagtigjarige bestaan van die plaaslike Ned. - Ger. gemeente, Stellenbosch.
- Du Plessis, E.J. 1973 'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername, Kaapstad.
- Du Plessis, Ernst 1970 Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, April 1970.
- Du Plessis, G.E. 1962 Brief aan Die Huisgenoot, 20 Julie 1962.

- Du Toit, H. 1916 Drooglandagronoom, Die Brandwag, 1 Oktober 1916.
- Du Toit, S.J. 1958 Wat van Heitsi-Eibib? Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, 3 Februarie 1958.
- Dutton, Bill 1974 Die ruïnes van die ou tronk by Wildepaardehoek, Koper Kroniek, Augustus 1974.
- Engelbrecht, J.A. 1928 Studies oor Korannataal, Annale van die Universiteit van Stellenbosch VI B2, Kaapstad.
- Engelbrecht, S.J. 1925 Die Hottentotsinvloed op Afrikaans in die distrik Gordonia, Die Huisgenoot, 29 Mei 1925.
- Feesprogram 1971 Vyftigerjarige bestaan van die kerkgebou N.G. gemeente Namakwaland, 19-26 September 1971, Springbok.
- Forbes, Vernon S. 1948 Paterson's travels, South African Geographical Journal April 1948.
- Forbes, Vernon S. 1965 Pioneer travellers of South Africa, Kaapstad.
- Gaerdes, J. 1970 "Farmnamen und Ortsbezeichnungen", Mitteilungen, SWA Wissenschaftliche Gesellschaft (Windhoek) Januarie-Februarie 1970, 10. (Manuskripversameling van Jan Gaerdes, Kalidona, SWA, meeste verklaring is afkomstig van dr. Vedder, uitgegee deur dr. Rust.)
- Gedenkboek 1979 Een-en-'n-half-eeufees 1829-1979, Nederduitse Gereformeerde sendinggemeente Komaggas, Springbok.

- Gordon, J.R. s.j. Map of the Cape. Fotokopie van Gordon se kaart nr. 3 in die Cory-biblioteek, Rhodes-Universiteit, Grahamstad, in 12 seksies van ongeveer 39 cm x 18 cm. Vernon Forbes het in 1948 dele oorgeteken, vergelyk onder andere sy Pioneer travels, kaart nr. 21.
- Greeff, Apie 1985 S6 praat die mense noord van Garies, TV-Dagboek 25 Februarie-3Maart 1985.
- Green, Lawrence G. 1949 To the river's end, Kaapstad.
- Green, Lawrence G. 1964 Karoo land van weerbegin, Kaapstad.
- Green, Lawrence G. 1967 On wings of fire, Kaapstad.
- Grosheide, W.H. (red.) 1955 Bybelse ensiklopedie, Kaapstad.
- Haffter, P., e.a. 1975 Dicionário Português - Africanse/Portugees - Afrikaanse woordeboek, Pretoria.
- Hahn, Th. 1879 Original map of Great Namaqualand and Damaraland, compiled from his own observations and surveys by Th. Hahn P.D. Scale 1:742 016. Lithographed Sur. Gen. Office & printed by Saul Solomon & Co., Kaapstad.
- Hahn, Th. 1901 Collectania Hottentotica, ongepubliseerde manuskrip.
- Hanekom, T.N. 1950 Die gemeente Namakwaland 1850-1950, Woodstock.
- Heese, J.A. 1942a Onderwys in die geskiedenis van Namakwaland, 1750-1940. (Ongepubliseerde Ph.D. tesis, Universiteit van Stellenbosch.)
- Heese, J.A. 1942b 'n Merkwaardige ontdekkings-tog, Die Huisgenoot, 15 Mei 1942.

- Heese, J.A. 1944 J.F. Hein - merkwaardige Kleurlingpionier van die Richtersveld, Die Huisgenoot, 19 Mei 1944.
- Heese, J.A. 1945 Ons land: Namakwaland, Die Jongspan 31 Augustus 1945.
- Heese, J.A. 1947a Soebatsfontein, Die Naweek, 7 Augustus 1947.
- Heese, J.A. 1947b Silwerfontein, Die Naweek, 26 Junie 1947.
- Heese, J.A. 1947c Die moord op Konstabelvlei, Die Huisgenoot, 28 Februarie 1947.
- Heese, J.A. 1973 Van Kloof tot Kroon, Kamieskroon vyftig, Kaapstad.
- Hewitt, J.A. 1877 Cape Monthly Magazine, Desember 1877.
- Hiemstra, S.A. 1962 Op die modderspoor van die Oranje, Die Huisgenoot, 29 Junie 1962.
- Hugo, W.J. 1966 Die kleinveebedryf in Suid-Afrika, Pretoria.
- Imperial map series of South Africa (IMS) 1900 Reeks op skaal 1:250 000 na 'n hoofplek of streek genoem as kennaam. Kaapse Argief, 1900.
- Kaapse Argief 1798 10/151. Inkomende briewe, J.C. van der Westhuizen aan die landdros van Stellenbosch, 10 Desember 1798.
- Kaapse Argief 1799 10/151. Inkomende briewe, J.C. van der Westhuizen aan die landdros van Stellenbosch, 7 Maart 1799.
- Kennis 1978 Register-boekdeel (2de hers. uitg.), Kaapstad.
- Kleinzee Mine Golden Jubile 1976 A brief history of Kleinzee 1926-1976, Kleinzee.

- Kling, H. 1932 Onder die kindere van Cham, Kaapstad.
- Kotzé, G.M. 1975 Streektaal van Namakwaland, Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Oktober 1975.
- Kotzé, P.W. 1943 Namakwaland, 'n sosiologiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap, Kaapstad.
- Krenz, F.K. 1970 "Ein Versuch der Deutung von Ortsnamen in Outjo-Bezirk". Mitteilungen, SWA Wissenschaftliche Gesellschaft (Windhoek), Julie 1970.
- Kritzinger, M.S.B., F.J. Labuschagne en P. de V. Pienaar 1963 Verklarende Afrikaanse woordeboek (4de verb. uitg.), Pretoria.
- Krönlein, J.G. 1889 Wortschatz der Khoi-Khoin, Berlyn.
- Krönlein, J.G. en F. Rust 1969 Nama Wörterbuch, Pietermaritzburg.
- Laidler, P.W. 1927 The place-names of the Nama Hottentots, gathered in the Richtersveld and Kamiesberg districts of Little Namaqualand. Man, Journal of the Royal Anthropological Institute of Great Britain (1901-1965), Augustus 1927.
- Lee, Sidney 1909 Dictionary of national biography deel XXII, Londen.
- Letcher, O. 1932 Namaqualand: Cradle of mineral development in Southern Africa. A series of articles constituting an outline of the history and development of the territory and a survey of its main physical features, geology and mineralisation, etc. The Mining and Industrial Magazine.

- Le Vaillant, F. New travels into the interior parts of Africa by the way of the Cape of Good Hope, Londen.
 1796a Deel I.
 1796b Deel II.
 1796c Deel III.
- Louw, Jorda 1967 Ontploffing kom in Namakwaland, Die Huisgenoot, 27 Januarie 1967.
- Mac Donald, Wm. 1913 The conquest of the desert, Londen.
- Meinhof, C. 1930 Die Korannadialekt des Hottentottischen, Berlyn.
- Meyer, G. 1927 Die gemeente te Steinkopf (Namakwaland). Sy wording en ontwikkeling, Stellenbosch.
- Middlemiss, Ernest 1951 Date palm oasis in Namaqualand, The Farmer's Weekly, 5 September 1951.
- Molsbergen, E.C. 1916 Kaart van de landt reys van Godée de Cabo de Bon Esperance noordwaerts tot aan de Buffelsrivier, Rÿksarchief's Gravenhage.
- Molsbergen, E.C. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tyd, Den Haag.
 1916a Deel I, nr. 11.
 1916b Deel II, nr. 12.
 1922 Deel III, nr. 20.
 1932 Deel IV, nr. 26.
- Moody, Donald 1960 The record (herd.), Kaapstad.
- Moritz, E. Die ältesten Reisberichte über Deutsch-Südwestafrika. Mitteilungen aus den deutschen Schutzgebieten, Berlyn.
 1915 Deel XXVIII, boek 4.
 1916 Deel XXIX, boek 4.
 1919 Deel XXXI, boek 1.
- Moritz, Ed. 1928 Die ältesten Reisen in Südwest-Africa, zusammengestellt von prof. dr. Ed. Moritz. Skaal 1:5 000 000. Bylae by sy Mitteilungen.

- Mossop, E.E. s.j. Old Cape highways, Kaapstad.
- Mossop, E.E. 1935 The journal of Hendrik Jacob Wikar (1779) with an English translation by A.W. van der Horts; and The Journals of Jacobus Coetzé Janz (1760) and Willem van Reenen (1791); with an English translation by Dr. E.E. Mossop; edited with an introduction and footnotes by Dr. E.E. Mossop, Van Riebeeck-Vereniging XV, Kaapstad.
- Mossop. E.E. 1947 The Journal of Carel Frederick Brink of the journey into Great Namaqualand (1761/2) made by Captain Hendrik Hop and The Journal of Ensign Johannes Tobias Rhenius (1724): transcribed, translated and edited with an introduction, brief lives and footnotes by Dr. E.E. Mossop, Van Riebeeck-Vereniging XXVIII, Kaapstad.
- Mulder, Huibrecht 1970 Dit was gister en eergister, Kaapstad.
- Munro, P.J. 1961 Net vir Namakwalanders! Byvoegsel by Die Burger, 5 Augustus 1961.
- Namaqualand Copper 1952 100 years of progress 1852-1952, Kaapstad.
- Nienaber, G.S. 1963 Hottentots, Pretoria.
- Nienaber, G.S. en P.E. Raper 1977 Toponymica Hottentotica A, Pretoria.
- Nienaber, G.S. en P.E. Raper 1980 Toponymica Hottentotica B, Pretoria.
- Nienaber, G.S. en P.E. Raper 1983 Hottentot (Khoekhoen) place names. S.A. place names I, Durban.
- Nienaber, P.J. 1938 Vanwaar die naam? Sendelinge vernoem, Die Burger, 24 Desember 1938.

- Nienaber, P.J. 1939a Romantiek van ons plekname, Die Huisgenoot, 27 Januarie 1939.
- Nienaber, P.J. 1939b Vanwaar die naam? Hulp van lesers, Die Burger, 27 Mei 1939.
- Nienaber, P.J. 1939c Vanwaar die naam? Die Burger, 6 Mei 1939.
- Nienaber, P.J. 1939d Vanwaar die naam? Lesers se hulp. Die Burger, 11 Februarie 1939.
- Nienaber, P.J. 1939e Vanwaar die naam? Die Burger, 4 Februarie 1939.
- Nienaber, P.J. 1949 Vanwaar die naam? Die Burger, 19 September 1949.
- Nienaber, P.J. 1972 Suid-Afrikaanse pleknaam-woordeboek deel I (herd.), Kaapstad.
- Odendal, F.F. (red.) 1981 Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (herd.), Johannesburg.
- Oom Flippie Byvoegsel by Die Burger, 18 November 1950.
- Opmeting Direkteur-generaal van Opmeting: Verwys na vraelyste wat vir die gebruik van opmeting se kartografiese werk ingesamel is.
- Paterson, W. 1789 Narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffraria in the years 1777, 1778, 1779, Londen.
- Pettman, C. 1914 Notes on South African place names, Kimberley.
- Pettman, C. 1923 South African Methodist place names, Queenstown.
- Pettman, C. 1931 South African place names past and present, Queenstown.

- Pleknaamlys s.j. Ongepubliseerde lys van 24 bladsye van plek- en plaasname in die distrik Namaqualand, Pretoria.
- Pleknamekomitee 1978 Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/Official place names in the Republic of South Africa and in South-West Africa, Pretoria.
- Ponnighaus, F. 1933 "Die Akazien unseres Landes", en sy vervolg: "Die Bäume und Sträucher des Destriktes Windhoek", albei in Joernaal van die Suidwes - Afrikaanse Wetenskaplike Vereniging, deel VI, 1931-32, Windhoek.
- Raper, P.E. 1972 Streekname in Suid-Afrika en Suidwes, Kaapstad.
- Raper, P.E. 1975 Vroeë-oggendpraatjies - plekname in Suid-Afrika (nrs. 1-15), November/Desember 1975. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Johannesburg.
- Raper, P.E. 1976 Bronnegids vir toponimie en topologie, Pretoria.
- Raper, P.E. 1977 Pleknaamkundige praktyk, Pretoria.
- Regeringspublikasie 1855 G.8, Reports of the Surveyor-General Charles D. Bell, on the copper fields of Little Namaqualand and of commander M.S. Nolloth, of H.M.S. 'Frolic', on the bays and harbours of the coast.
- Richter, W. 1845 Charte des Rheinischen Missionsgebietes in Süd-afrika, entworfen von Dr. Richter (Erste deutsche Karte von Südwestafrika, 1845). Oordruk by Ed. Moritz: Mitteilungen, 1928.

- Ridsdale, B. 1883 Scenes and adventures in Great Namaqualand, Londen.
- Rosenthal, Eric 1966 Southern African dictionary of national biography, Londen.
- Rosenthal, Eric 1978 Encyclopaedia of Southern Africa, Kaapstad.
- Rossouw, H.A. 1973 Namakwalandse kronieke, Stellenbosch.
- Rust, Fr. 1960 Deutsch-Nama Wörterbuch, Windhoek.
- S.A. Naamkundesentrum 1976 Register van plekname in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (ongepubliseerde lyste), Pretoria.
- Sangiro 1953 En die Oranje vloei verby, Johannesburg.
- Suid-Afrika Reeks (S.A.-reeks) Skaal 1:50 000, geteken deur Opmeting in velle van 15 breedtegraad en 15 lengtegraad elk, Staatsdrukker, Pretoria.
- Schinz, H. 1891a Deutsch-Südwest Afrika, entworfen nach den Karten von Th. Hahn, Juta, und eigenen Forschungsergebnissen, met reisroete 1884-1887 daarop aangedui. Skaal 1:2 534 000. (Bylae tot sy boek Deutsch-Südwest-Afrika: Forschungsreisen...)
- Schinz, H. 1891b Deutsch-Südwest-Afrika: Forschungsreisen... 1884-1887, Oldenburg.
- Schmelen, J.H. 1814 Reize zur Erforschung der Oranje-Münding des Gross-Nama-und Damaralandes 1814, Oordruk by Ed. Moritz XXVIII/4.
- Schoonees, P.C. (red.) 1956 Die Afrikaanse woordeboek, deel II, Pretoria.

- Schultze, L. 1907 Aus Namaland und Kalahari, Jena.
- Scully, W.C. 1915 Lodges in the wilderness, Londen.
- Sensuskaart 1891 Die afdelingsraadkaart van Namakwaland word so aangedui.
- SESA 1970-1976 Standard encyclopaedia of southern Africa (12 dele), Kaapstad.
- SG map 1895 Surveyor-General's map of Cape of Good Hope in vier velle, skaal 1:800 000.
- Shortridge, G.C. 1934 The mammals of South-West Africa (2 dele), Londen.
- Skead, C.J. 1973 Zoo historical gazetteer. Annals of the Cape Provincial Museums X, Kaapstad.
- Smalberger, John M. 1975 History of copper mining in Namaqualand, Kaapstad.
- Smith, C.A. 1966 Common names of South African plants, Pretoria.
- Snijman, F.J. (red.) 1968 Woordeboek van die Afrikaanse taal (5 dele), Pretoria.
- Söhnge, G. 1944 Kennismaking met die Richtersveld, Oudstudent, September 1944.
- Speight, W.L. 1941 Up at Port Nolloth. The Public Servant, April 1941.
- Spore in die dorsland 1975 Pella 1875-1975, Uppington.
- Sprigade, P., en M. Moisel 1903-1904 Kriegskarte von Deutsch-Südwest-afrika, bearbeitet von P. Sprigade u.M. Moisel. Masstab 1:800 000, Berlyn.
- Steenkamp, L.M. 1952 Samevattende geskiedenis van Garies. (Stuk opgestel vir oorhandeling aan die poskoets tydens die Van Riebeeck-feesviering, 17 Maart 1952.)

- Steenkamp, W. 1975 Land of the thirst King, Kaapstad.
- Strydom, S. 1955 ’n Onderzoek na die pleken plaasname van die Groot Moot. (Ongepubliseerde proefskrif vir die graad D.Litt., Universiteit van Pretoria.)
- Strydom, S. 1959 Enkele gedagtes oor die pleknaamstudie, Hertzog-Annale, Desember 1959.
- Swart, M.C. 1973 Die "Heitsi-Eibi" sal jou vang, Kamieskroon vyftig, Kaapstad.
- Theal, G.McC. 1888 History of South Africa 1691-1795), Londen.
- The Cape Argus 1873 14 Augustus 1873.
- The Cape Argus 1962 10 November 1962.
- The Cape Monitor 1854 30 Desember 1854.
- The Commercial Advertiser 1854 The South African Commercial Advertiser and Cape Town Mail, 2 Desember 1854.
- Thompson, G. 1827 Travels and adventures in Southern Africa, Londen.
- Tindall, H. 1856 Two lectures on Great Namaqualand and its inhabitants, Kaapstad.
- Topografiese reeks ’n Reeks wat die topografie in hipsometriese tinte uitbring. Origens soos by Topokadastrale reeks vir skaal, velgrootte, e.d.m.
- Topokadastrale reeks ’n Reeks kaarte op skaal 1:250 000, in velle met graadvierkant gemerk en na ’n hoofplek genoem as kenname, velle elk 1°x2°, saamgestel deur Opmeting (vroeër genoem Driehoeksmeting). By aanhaling word die jaar van uitgawe telkens gegee, Staatsdrukker, Pretoria.

- Trotter, A. 1903 Old Cape Colony, Westminster.
- Van Dale 1956 Nieuw handwoordenboek der Nederlandse taal (7de uitg. Gravenhage).
- Van den Heever, Lettie 1972 Jaarblad, Hoërskool Namaqualand, Springbok.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1943 Onderzoek in verband met die oorsprong van plaasname in die oostelike gedeeltes van Carolina en Ermelo. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univer-siteit van Pretoria.)
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1954 Plek- en plaasnaamvorsing in Suid-Afrika, Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Mei 1954.
- Van der Merwe, P.J. 1941 Pioniers van die dorsland, Kaapstad.
- Van der Merwe, P.J. 1950 Twee oulap se water asseblief! Die Huisgenoot, 10 Februarie 1950.
- Van der Merwe, P.J. 1951 Dorp gekoop vir £750, Die Huisgenoot, 14 September 1951.
- Van Heerde-versameling s.j. Aantekeninge sonder jaartal of bladsynommers oor sekere plaas- en plekname deur wyle Piet van Heerde van Springbok wat deur sy naasbestaandes aan die argief bemaak is en tydens navorsing nog ongeklassifiseerd was. Kaapse Argief.
- Van Niekerk, A.A.J. 1977 Vroeë-oggendpraatjies : Wie die kleine nie ag (nrs. 1-18), September/Okttober 1977, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Johannesburg.
- Van Niekerk, Piet 1966 In die wondergat waar die geeste woon, Die Huisgenoot, 8 Julie 1966.

- Van Vreeden, B.F. 1961 Oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en aangrensende gebiede. (Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Ph.D., Universiteit van die Witwatersrand.)
- Van Vreeden, B.F. 1965 Die bydrae van die Basterbevolkingsgroep tot die naamgewing van Boesmanland en Gordonia, Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Julie 1965.
- Van Zyl, J.A. 1960 Die Kamiesberg-omgewing van Namakwaland. Tydskrif vir Aardrykskunde, April 1960.
- Vedder, H. s.j. Quellen zur Geschichte von Südwestafrika (30 dele). Ongepubliseerde getikte uittreksels en aantekeninge, Windhoek.
- Vedder, H. 1937 Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, Windhoek.
- Waterhouse, G. 1932 Simon van der Stel's Journal of his expedition to Namaqualand 1685/6; edited from the manuscript in the Library of Trinity College Dublin, Londen.
- Watt, J.M. en M.G. Breyer-Brandwijk 1932 The medicinal and poisonous plants of Southern Africa, Edinburg.
- Wêreldspektrum 1982 Deel II, Pretoria.
- Wexham, Brian 1982 Shipwrecks of the Western Cape, Kaapstad.
- Wildschutboek 1859 CO 4405, Kaapse Argief.
- Wiss, H.J. 1974 Botanische Mitteilungen. Nuusbrief SWA Wissenschaftliche Gesellschaft, Windhoek.

Bronne insake persoonlike gesprekke, vraelyste en briewe word in die verhandeling by die onderskeie plek- en plaasname en entiteite verstrek.

PLEKNAAMREGISTER

Name wat eenders gespel word, byvoorbeeld Aggeneys/Aggeneys, verskyn eenmalig. Indien die spellingsvorm egter verskil, byvoorbeeld Ezelsfontein/Ezels Fontein, word dit afsonderlik verstrek. Net die bladsy waarop die naam bespreek word, word aangedui.

- | | | | |
|------------------------|-------------|--------------------|-----|
| Aalwynsfontein | 152 | Amam | 160 |
| Aardvark | 142 | Amamkop | 161 |
| Aasvoëlkop | 143 | American Circle | 46 |
| Aasvogel Kop | 143 | Anegas | 161 |
| Abakhois | 683 | Anegas Range | 53 |
| Abbaheigaskop | 744 | Anenousberg | 54 |
| Abbakop | 144 | Animub | 744 |
| Abbasas | 143 | Ankomsrivier | 91 |
| Abbasas se Berg | 144 | Annakoppies | 705 |
| Abbevlaack | 145 | Anniegab se Vlei | 538 |
| Abbon | 472 | Anniskop; -rivier | 709 |
| Abiekwarivier | 91 | Annisfontein | 708 |
| Abjoelbaai | 439 | Antonie se Klipgat | 594 |
| Abraham Villiersbaai | 607 | Antripolis | 43 |
| Achab | 147 | Aos | 138 |
| Adaap | 655 | Arakoop | 167 |
| Adam se Baai | 249 | Areb | 171 |
| Agaatstraat | 37 | Areb se Berg | 55 |
| Agenysberge | 53 | Aribes | 745 |
| Aggemshoek | 623 | Arieskloof | 259 |
| Aggeneys | 21, 35, 147 | Ariroep | 172 |
| Agteroorberg | 489 | Aristea | 319 |
| Agtertuin | 491 | Arkoeprivier | 169 |
| Aigap | 328 | Arkstraat | 47 |
| Alewyn Fontein | 151 | Armanshoek | 709 |
| Alexanderbaai | 22, 36 | Arnot se Kop | 231 |
| Alluviale Staatsgebied | 153 | Aroams | 174 |
| Aloepoort (-kloof) | 662 | Arondegas | 303 |

- Aronegas 449
Arosa 44
Arras 237
Arrasberg 55
Arrisdrift 423
Augabees 171
Augabies; -rivier 623
Ausip 745
Avontuur 174
Axamis 746
Baaiweg 46
Baievlei 436
Bakenkop 142, 495
Bakleikraal 691
Bakoond se Vlei 453
Baksteenhoek 175
Bamboesbaai 503
Banke 178
Banken 178
Bankhoek 746
Bankkoppe 343
Bantamberg 161, 268
Bantomstraat 37
Baratini 44, 581
Bassonsputs 124
Bassons Puts 179
Bawiaanskop 746
Beauvallon 299
Beenbreek 501
Beesbank 424
Beeshel 424
Beesholte 533
Beeswaterkop 175
Beginvlei 594
Bergie 560
Bergsig 559
Bergstraat 48
Berseba 350
B(i)esondermeid 747
Bethel 683
Bethelsklip 695
Biesies 578
Biesjes Fontein 179
Bisbee 36
Bitter Fontein 180
Bitterfonteinpan 124
Bitter Puts 181
Bitterputssoutpan 125
Bitterrivier 92
Black Faced Mountain 55
Black Hills 710
Blesberg 748
Bleskoeberg 209
Bleskop 342
Bleskoppoort 259
Bles Krantz 182
Blikwinkel se Draai 516
Blinkoog 145
Blinkstraatjies 515
Bloeddrif 710
Bloedsmaak 246
Bloemhoek 183
Blokdrif 695
Blokriver 92
Blomhoek se Loskop 184
Bloudraai 529
Blouklip 657
Blouklippe 305
Bloukop 354
Bloukrans 324, 585
Bloupan 125
Blouplatklip 594
Bloustasie 180
Blyderust 522
Bobbajaanbloed se Kloof 414
Bodabeep 184

- Boegoeberg 56, 628
Boegoeklip 535
Boekas 649
Boesak 303
Boesmankaroo 575
Boesmankop 492
Boesman-Plaat 184
Boesmanpunt 415
Bok-Puts 185
Bokrivier 93
Bok se Kop 358
Bokskloof 404
Bokskraal 237
Boliden 36
Bonte Koe 185
Bonthoek 581
Bontoor se Berg 748
Bosluis 186
Bosluissoutpan 125
Bossiekom 207
Bosstraat 46
Botterboomboskaas 288
Botterboomkop 321
Botterhoog 196
Botuin 260
Bovenste Vlei 187
Bovlei 220
Bowater 560
Bowesdorp 522
Brabis 187
Bracken 36
Brakdam 188, 191
Brakdam se Hoogte 192
Brakfontein 683
Brak Fontein 189
Brakfontein and Uitkomst 191
Brakhoek 465
Brak-Kaip 193
Brakkefontein 194
Brakkie 706
Brakkies 492
Brakputs 169, 196, 293, 366
Brakrivier 93
Brakwater 169, 683
Brandberg 57, 306, 354
Brander se Berg 306
Brandewynsbank 748
Brandewynvlei 677
Brandkaros 425
Brandkop 197, 274, 563, 663
Brandmotorbult 153
Brandrivier 94
Brandsevlei 125
Brandvlei 546
Brauershoek 226
Brazil 197
Breekpoort 748
Breekriet 749
Breëstraat 48
Breipaal 749
Bruinklip 608
Bruinkop 200
Buffelsbank 684
Buffelsfontein 200
Buffelsrivier 94
Bulletrap 750
Burdenstraat 46
Burke's Pass 465
Burtons Puts 201
Byeneskop 365
Bynes Krans 202
Canaries Fontein aan de
Kook Fontein 203
Carinusstraat 48
Carolusberg 24, 38, 57
Chabiesies 415

- Charlottestraat 41
 Chubiesies 751
 Cliff Point 153
 Coetzeesbank 751
 Cogabrivier 751
 Commonage 205
 Concordia 752
 Cornellsberg 58
 Cornellskop 711
 Couragie Fontein 206
 Daas Daap 207
 Daaus 207
 Dabbiegaoub 711
 Dabbieknik 753
 Dabbierivier 712
 Dabeeb 208
 Dabeebkop 209
 Dabenoris 210
 Dabenorisheuwel 210
 Daberas 753
 Dabidas 211
 Dabidom 212
 Dabirivier 200
 Damsberg 58
 (Annex) Damsland 213
 Dannabiesberge 59
 Danse Kraal 213
 Darter's Poort 554
 Dassiefontein 472
 Dassiekop 469
 Dawehoek 222
 Dawid se Kop 589
 De Brande Duin 214
 De Dam 215
 De Drift 324
 De Duin 215
 Deelkraal 36
 Deelkraal; -se Berg 404
 Deelsvlei 126
 Deelvlei; -fontein 621
 De Klipheuwel 216
 De Kruis 219
 Dekselklipgat 586
 Deksel-n'touroe 684
 De Kuilen 219
 Deltalaan 37
 Delwerslaan 37
 De Riet 221
 Dermbergdraai 292
 De Rondegas alias Aronegas 224
 Deur Drift 227
 Deurloopbaai 627
 Deurmekaarberg 754
 Deurspring 257
 De Villiersstraat 39
 Devil's Tooth 712
 De Waalstraat 41, 48
 De Witflacte 227
 D.F. Malanbrug 635
 Diamantstraat 37
 Die Grootvlei 126
 Die Kruis 260
 Diep-en-Deurkloof 96
 Die Plaat 324
 Die Plate 712
 Diep Vlei 228
 Die Saal 590
 Dik(h)aar se Kop 618
 Dikbek 229
 Dikbekvlei 126
 Dikdoorn 229
 Dik Gat 230
 Dik-Matjie 233
 Diknek 175, 675
 Dirks-kop 234
 Dokter se Baai 680
 Dommersklip 294
 Donker Duispraat 235

- Donkerman se Knoppe 314
 Dood Drink 235
 Doodhotnot se Kop 465
 Doods kloof 712
 Doorndraai 230
 Doornfontein 236
 Doorn Fontein 244
 Doornkraal 246
 Doringbaai 154, 248
 Dounabees 695
 Draaiklip 327
 Dreigratdrif 713
 Dreyerspan 247
 Dreyerstraat 38
 Driebeentjies 288
 Drie Brode 523
 Driefontein 226, 274
 Driegat 249
 Driegatberg 59
 Driekop 249
 Drie Rivier 251
 Drinkvlei 454
 Droedaprivier 96
 Droëkloofrivier 97
 Droërivier 684
 Droëvlei 572
 Drooge Kraal 252
 Droogouteep 571
 Dr. Steenkampstraat 41
 Dubudaganseb 512
 Duikerduin 288
 Duikerskop 544
 Duikerstraat 37
 Duismanspoort 343
 Duiwelskloof 232
 Duke's Kop 754
 Du Plessisstraat 49
 Du Toits Puts 252
 Dwarsrivier 663
 Eendoorn 368
 Eendop 194, 253
 Eendop; Ou Eendop se Kop 253
 Eenklipbokrivier 408
 Eenriet 466, 605, 706
 Eenrietberg 60
 Eensaam 581
 Eierklip/Toonklip 713
 Eiland Punt Noord en -Zuid 255
 Eksteenfontein/Stinkfontein 714
 Elands Klip 256
 Elands Kloof 258
 Elandstraat 37
 Elandsvlei 544
 Endkop 685
 Engelbrechtstraat 38
 Enkelduinbaai 445
 Eselsfonteinrivier 97
 Eselsklip 460
 Eselsvlei 127
 Eselwater se Kloof 173
 Esterhuysvlei 255
 Eyams/Aieams/Aijams 754
 Ezelsfontein 259
 Ezels Fontein 262
 Farquarson 265
 Farquarson se Kop 265
 Flaminklaan 37
 Flaminksberg 60
 Frederik se Baai 678
 Fred Richweg 42
 Fritz se Kop 189
 Froneman se Kop 149
 Frummel-Bakkies 266
 Gaaboomkoppie 216
 Gaams-/Ghaams-/Gamsberg 60
 Gaarseep 755

- Gabaip 267
Gaboekop 354
Gahaamsputs 715
Galjoenbaai 391
Gal Puts 268
Gamoep 269
Gams 270
Gan(n)akouriep 97
Gannadaos 644
Gannahoek 223
Ganna Laagte 271
Garacoup 755
Garganab 272
Gariepweg 37
Garies 24, 39
Garies Commonage 272
Gasab-/Kansaaprivier 696
Geelduine 582
Geelfontein 756
Geel Hoek 273
Geelklippunt 399
Geelkrans 635
Geelpan 127
Geelvlei 251
Gemsbok Hoek 273
Gemsbokklip 595
Gemsbok Vlakte 274
Gemsbok Vlei 275
Gemsbok Vley 275
Bemsbokweg 37
Genisstraat 39
Gerrie Genisstraat 41
Gert Josef 439
Gert Jossob se Vlei 127
Gezelschap Bank 276
Ghaams 278
Ghaapkloof 715
Gharroies 415
Giel se Werf 289
Gifberg 61
Glad 232
Gladkop 756
Goariep 715
Goebeesvlei 359
Goedehoop 595
Goeieboes 203
Goegab 369
Goenerob 280
Goewermentsbaken se Duin 582
Goinoep 281
Gooappunt 540
Goodhouse 282
Goraap 206, 284
Gorab 696
Gorabkop 285
Goratees 632
Gorgon's Head 716
Goubees 286
Goubeespan 128
Goubiesberg 61
Goubiesvlei 128
Gqaygas 98
Graaf se Put 434
Graafwater se Kop 291
Graafwater se Puts 641
Grace's Puts 286
Grasberg 61
Grasdrif 716
Graskom 287
Gras Vlakte Oost 290
Gra' Water 291
Green Island 138
Grensstraat 39
Griepouwerf 350
Groblerstraat 37
Groenbosvlei 487

- Groenrivier 99
 Groenriviersmond 391
 Groen Riviers Valley 292
 Grootberg 62
 Groot Berg 293
 Groot Brakfontein alias
 Paardekraalsberg 296
 Grootderm 298
 Grootdermberg 62
 Groot- en Klein-Spioenkop 271
 Groot Gaas 524
 Grootgeut 250
 Groothoek 300, 530
 Groot Kau 300
 Grootkop 346
 Grootkou se Kop 301
 Groot Meide se Hoog 595
 Grootmis 232
 Groot-Pellaberge 63
 Grootpenseiland 138
 Grootplaat 472
 Grootriet 302
 Groot-Rietkop 303
 Groot-Skaapkop 533
 Groot Valley 305
 Groot Valley and Langklip 307
 Grootvlei Pas 306
 Grosvenor 44
 Grysduine 445
 Gryshoek 678
 Grysklip 489
 Guadom 308
 Haasklipkop 369
 Haasrivier 663
 Haasvlei 128
 Habobeab (-beep) 717
 Hakiesdoornhoek 717
 Hangpal(e) 756
 Hangseep 416
 Hangsfontein 625
 Hannoek 590
 Hansie se Werf 289
 Haradous 757
 Haramoep 309
 Haramoepberge 63
 Haramoeppoort 310
 Haramoep Poort 101
 Hardevlei 374
 Hardloperskoppie 615
 Haromkaroep 416
 Harpuiskom 222
 Hartbeesrivier 101
 Hartbeest Rivier 311
 Hartbeesvlei 289
 Hartebeesfontein 757
 Hartebeeskeerpan 129
 Hartebeest Vlei 312
 Harras 310
 Harrasfontein 311
 Havelock 36
 Hawerland 312
 Heidons 313
 Heiorigas 315
 Helsepoort 329
 Helskloof 417
 Hendrik Nagelsduin 569
 Hendriks Vly 316
 Henkries; -fontein 758
 Hermanusvlei 387
 Herring Bay 154
 Hester Malan-natuurreservaat 460
 Heuningneskop 176
 Hibiscusstraat 46
 Hoedkop 675
 Hoëheuwel 322
 Hoekomstraat 49
 Hoëkraal 329, 555
 Hoendernesvlei 129

- Hofstraat 49
 Hohenfels 718
 Holgatpunt 154
 Holgatrivier 101
 Holland se Kop 217
 Holte 316
 Holvlei 256
 Hom 317
 Homeep 759
 Homewood Harbour 154
 Homsberge, -fontein, -se Deur-
 loop, -myn 317
 Hondeklip 318
 Hondeklipbaai 26
 Honde Vlei 321
 Hongerkrans 635
 Honingboom alias Hunboom 323
 Hoofstraat 40
 Hoogoor 325
 Hoogoorberg 63
 Hoogrus 486
 Hookams 370
 Hoorngat alias Vrede en
 Lust 326
 Horees 327
 Horeesrivier 102
 Horlosieberg 628
 Hosabees 697
 Hospitaalstraat 37, 42, 49
 Hotelstraat 44
 Hottentotsparadys 718
 Houdebek 685
 Houniams 332
 Hunites 333
 Hunter se Kop 163
 Hurt-s se Voetpad 164
 Hytkoras 333
 Inkruip 335, 759
 Jaagknik 405
 Jaagleegte 370
 Jacob Cloete se Kop 659
 Jakkalsbaai 198
 Jakkalsberg 63
 Jakkalsgatbulte 558
 Jakkalshotel 145
 Jakkalsnes se Duin 289
 Jakkalsput 156, 718
 Jakkalsvlakte 337
 Jakkalswater 149
 Jaloerskop 304
 Jammerfontein 719
 Jam Pan 130
 Jan Platshoek 532
 Jan Scholtzstraat 41
 Janskraal 238
 Jantjieskop 547
 Japie se Dam 350
 Jasman se Werf 289
 Jasper se Kop 417
 Jenkins Kop 720
 Jims se Kop 616
 Jobsknop 228
 John Owen Bay 541
 Jolliestaan 146
 Jongenskloof 631
 Josefkop 720
 Josef se Werf 289
 Josie se Vleitjies 290
 Joumat and Kom Vleis 337
 Juk se Bult 528
 Julieshoogte 541
 Juliesvlei 131
 Julies Vlei 338
 Kaaisrivier 721
 Kaams 372
 Kaamsrivier 102

- Kaap Voltas 156
 Kaa Vlakte 339
 Kabees 618
 Kabib 340
 Kabib se Kop 340
 Kabies se Pan; -se berg;
 Gabies 418
 Kabinaberg/-fontein 760
 Kabis 341
 Kabiskop 145
 Kaffer se Hoek 164
 Kagouries/Kagoeries 204
 Kahams 721
 Kahamsrivier 721
 Kai-danap 678
 Kaiingvlei 450
 Kaip 341
 Kaitob 342
 Kalbaskop 596
 Kalkgate/Korogate 548
 Kalk Vlei 344
 Kalkvlei 610
 Kamaggas-/Komaggasrivier 102
 Kamas 345, 625
 Kamasoas 519
 Kamasrivier 706
 Kamassies 697
 Kambarogab se Laagte 212
 Kambreek and Zand Fontein 345
 Kamdoas/Gamdaus 721
 Kameelboom 346
 Kameelboom alias de Draai 347
 Kameelboomberge 64
 Kameelboom Vley 349
 Kameelkrans 697
 Kameroo-duin 582
 Kamiebees 351
 Kamiesberg 64
 Kamiesbergpas 524
 Kamieskroon 27, 40
 Kamkambees 686
 Kamkraal 351
 Kammagappunt 503
 Kammarivier 103
 Kamnap 352
 Kanagas 220
 Kanaip 355
 Kangaroes 209
 Kangnas and Goobies 357
 Kannabie Duin and Steen Vlei 359
 Kanniekop 582
 Kannikwa 361
 Kannikwa Vlakte 362
 Kanoebieberg 596
 Kanoepkop 363
 Kanoep or Nieuwe Plaats 362
 Kap Kap 363
 Kap Vley 365
 Kapvleiberge 68
 Karagaprivier(se Kloof) 722
 Karas 366
 Karasberg 68
 Karaspan 132
 Kardou 524
 Kareedoorn Pan 367
 Kareedoorn Vlei 371
 Kareedoringpan 606
 Karehoutekloof alias Eendoorn 368
 Karganabkloof 366
 Karkams/Garagams 698
 Karkuip 649
 Karoekas 308
 Karoep 449
 Karras 644
 Ka(r)telklip 596
 Katrina se Kruis 517

- Katshoog 405
 Kat Vlei 371
 Kauamsrivier 103
 Kauberge 68
 Kauwgoed Vlakte 371
 Keerom 373
 Keeromstraat 38, 49
 Keikoekeis 374
 Kêp se Vlei 536
 Kerkpleinweg 37
 Kerkstraat 42, 45, 47, 49
 Kersbosch Fontein 379
 Kersbosch Puts 380
 Keurbos 294, 471
 Khakharub 760
 Kheis 722
 Kheisberg 69
 Khiribes 699
 Khoiams 760
 Khoinoms 761
 Khoromus 761
 Killian's Pass 306
 Kinderlê 762
 King's Mine 460
 Kingstraat 49
 Kinross 36
 Klaagkop 419
 Kleinberg 567
 Klein Dabeep 380
 Klein Duin 381
 Klein-Eenwilger 699
 Klein Fontein 381
 Klein-Kamiesberg 69
 Klein-Kloofrivier 104
 Klein Kogel Fontein Extension 382
 Klein Koumis 383
 Klein Pella 383
 Klein Schaap Kop 384
 Klein-Stofkraalberge 70
 Klein-Swartkop 558
 Klein Zee 385
 Kleinzee 28, 42
 Klipbokberg 419
 Klipdam 563
 Klipfontein/ -berg 238, 386, 763
 Klipfonteinrivier 292
 Kliphakskeen 388
 Klipheuwel 389
 Kliphoek 329, 389
 Kliphoogteberg 70
 Klip Huis 390
 Kliphuisbank 495
 Klipkraal 391
 Klip Kuil 390
 Klipneuseiland 139
 Klipvlei 192
 Knie Brand 392
 Knoeniebiekop 671
 Koams and Zout Vlei 393
 Koams Bult 392
 Koamsvlei 132
 Koa Valley 104
 Kobie-/Kobisfontein 763
 Kodaspiek 723
 Kodasrivier 104
 Koeboegas 461
 Koeboesberg 70
 Koedaap 251
 Koeie-slag-koppie 576
 Koelfontein 686
 Koelklipgaatjie 671
 Koenabib 394
 Koenabibkop 394
 Koeriesberge 71
 Koeri(e)sberge 71
 Koerietjiekwas 678
 Koeris 395

- Koeris and Taukheis 395
Koerisvlei 396
Koeroeama 233
Koeroebees 238
Koeroedaap 420
Koeroehoog 176
Koeroekop 330
Koesap 105
Koeskop 723
Koiams East or Boven
 Koiams 397
Koiingnaas 29, 43, 400
Koingnaas 397
Koingnaasbaai 400
Koisabes 401
Kokerboomstraat 49
Kolebrandduin 432
Kolebrandkloof 379
Komaan 485
Komaggas/Kamaggas 682
Kongas 496
Komrie 169
Komrimap 387
Koning Farao 724
Koningklip 724
Konkyp 764
Konstabelvlei 669
Kontorogab 402
Kookfontein 403, 764
Kookfontein se Berg 406
Kookoppe 178
Kookrivier 105
Koornhuis 407
Koossevlei 132
Koos Vlei 411
Kootjiesfontein 411
Kootjies Vlei 412
Koperberg 71
Koperkloof 434
Koperkop 551
Koppies Kraal 413
Koringkas 164
Koringkorrelbaai 250
Koros 765
Korridor 414
Korridor Wes 422
Korrogas/Korochas 765
Kortdoornberg 72
Kortstraat 38
Kosie Cloetestraat 43
Kosies 766
Kosiesberge 72
Kosiesrivier 105
Kosmaakvlei 517
Kotzeshoop 636
Kotzesrus 189
Koubankrivier 106
Kouboomberg 536
Kouboomkloof 150
Kouefontein 420
Koumis 428
Koups Leegte 428
Kourkam 429, 687
Kourkamma 431
Kourkammaberge 73
Kourkam se Brak 430
Kourootje 431
Kouwater se Berg 223
Kowie Cloetestraat 50
Kowieprivier 106
Kraaifontein 433
Kraairivier 107
Kraai Riviers Gat 435
Kraalbosch Vlei 435
Kraalbosvlei 133, 293
Kraaltjietaaibos se Werf 529

Kramleegte 488
Krans 330
Kranse(e)vlei 278
Krapohl-Eiland 139
Krieketstraat 45
Kristalberge 73
Kristalrivier 107
Kromme Fontein 436
Kromstraat 38
Kronkellaan 38
Kruisknop 641
Kruiskraal 330
Kruisvlei 182
Kruppelriet se Kop 548
Krymekaar 214
Kuboos/Khubus 724
Kuruga / Koeroegab 726
Kwaap 73, 636
Kwaberg 297
Kwabskop 442
Kwaganaprivier 107
Kwakanab 437
Kwanas 202
Kwartstraat 37
Kwas 220
Kwaskraal 223
Kwass 438
Kweek Fontein 439
Kweissiekwas 699
Kwoap 441
Kykgat 442
Kysrivier 628
Lammerhoek 180
Landekop 590
Langbaai 386
Langberg 74, 239
Langgraaf 240
Langhoek 224
Langhoogte 444
Lang Klip 444
Langklip 608
Langklipbaai 445
Lang Pan 446
Langstraat 45
Lap se Poort 240
Latboskop 700
Leermuis se Duin 634
Leeuklipgat 548
Leeuw Klip 446
Lekker Drink 448
Lekkersing 726
Lelie Fontein 693
Leliekloof 650
Lelyke Pad alias Nababeep 448
Lemoenpoort 520
Lemoenpoortberg 74
Lepel 449
Lepelfontein 451
Lepel Fontein 450
Lepelfonteinrivier 108
Lepelrug 450
Lepelsedam 450
Letterklip 586
Levillantspiek 211
Lewerberg 227
Lewies se Duin 360
Ligman se Kop 517
Lochinvar 157
Lodgestraat 50
Loerduin 440
Loerklip 633
Loerkop 650
Long Island 139
Loopstraat 50
Lorraine 36
Lornex 36
Luckhofstraat 40, 50
Luisfontein 727

- Luiskraal 409
 Lynduin 290
 Maanhaarberge 74
 Maanhaarkop 150
 Maans-Pannen 452
 Maerfontein 728
 Maer ooie se Koppie 597
 Maerpoort; -se Berg 444
 Magasynstraat 45
 Malmokkielaan 38
 Malvlakke 556
 Manels Vley 452
 Mannetjiesklip 578
 Mannetjiespringbok 461
 Mara 454
 Mararivier 108
 Mara se Sand 455
 Mara se Vlei 455
 Markstraat 47
 Marten-Eiland 140
 Matjes Kloof 455
 Matjiesfontein 664
 Matjiesgoed 525
 Matjiesgoedkloof 234
 Matjieskloof 622
 Matjiesrivier 108
 McDougall Bay 541
 McDougallstraat 47
 Mehlberg 728
 Meidjes Karroo 455
 Melkboom 240
 Melkboom Hoek 457, 458
 Melkboomkop 458
 Melkbosch Kuil alias Koper-
 berg 458
 Melkbosheuwel 645
 Melkbospunt 198
 Melkhoutpoort 605
 Melkhoutbak se Berg 597
 Merenskylaan 37
 Mesklip 463
 Meskraal 467
 Messelpad 376
 Metcalf 36
 Meul 468
 Meulsteenberge 468, 576
 Meulsteenkop 263
 Meyersbank 766
 Meyershoek 532
 Meyerstraat 39
 Middelputs 234
 (36) Mile Grass Flat 468
 Mitchells Bay 469
 Modderdrif 637
 Modderfontein 472, 728
 Modder Fontein 470
 Modderfonteinrivier 109
 Modderkraal 436
 Moedverloor 700
 Mooiberg 729
 Moordenaarsbaai 319
 Moordenaarshoek 605
 Mosselbaai 440
 Mostertsvlei 195
 Mount Spoeg 75
 Mount Terror 75
 Muggelshoek 664
 Muishond; -fontein 767
 Muisvlak 322, 492
 Murchison 36
 Naab 476
 Naap se Berg; Naap se Koppe;
 Ou Naap se Kop 476
 Naas'Naas Punt 573
 Nabaap se Laagte 617
 Nababeep 29, 44

- Nababiepsberge 75
Nababiepsrivier 109
Nabasberg 77
Nachas 478
Naelfontein 767
Nagana se Kop 573
Nahakberg 77
Naip 479
Naip Plateau (Berg) 78
Nais 532
Nakanas en Vaalvlei 481
Nakois 165
Namakwakop 158
Namakwalaan 37
Namakwaland 19
Namakwastraat 50
Namaras 483
Namaroep/Namroos Hoogte 701
Namaswa se Kop 434
Namiblaan 37
Namiesberge 78
Namiespoort 109
Namreens 484
Nana 484
Nanassen 485
Nangaroep 687
Nanies 641
Nansie se Klip 272
Naragapkop 767
Narap 409
Narapberg 768
Naragappunt 590
Nariekoppe 190
Nariep 313
Naries 263, 294
Naris 768
Naroep 486
Naroes 487
Narougasrivier 769
Nartjiesdam 561
Naruchasberg 79
Nassau 489
Natgooier (-baai) 386
Natpad 701
Nek se Vlei 356
Nelsbank 729
Nguroepees 769
Niekerksfontein 493
Nieuwe Fontein 490
Nieuwe Plaats alias Ellenboog
Fontein 491
Nieuwoudtstraat 39
Nigramoep 494
Nochasvlei 133
Noeniegora 150
Noeniepoort se Kop 675
Noenieseep se Duin 182
Noenoemaas; -berg 769
Noep 504
Noheep 170
Nombies 497, 499
Nomgoois 221
Nom(s)rivier 110
Nonaams 770
Nooisabes 500
Nooitgedacht 387
Noopbaai 504
Noopduine 583
Noord- en Suidoewer 637
Noordstraat 47
Noos 559
Norabees 502
Norabeesvlei 133
North End Sector Berg 80
Noubestaan 770
Nougaseeprivier 770

- Noukranskop 411
 Noup 502
 Noupoortjies 637
 Noupoortseberg 80
 Nourivier 110
 Nouroepberg 80
 Nous 493, 771
 Nous se Poort 342
 Ntjou se Puts 263
 Numees; -berg 729
 Nuttabooi 505
 Nuwedam 347
 Nuwefontein 633
 Nuwefontein se Berge 490
 Nuwekasteel 771
 Nuwekraal 240
 Nuweputs 377, 388
 Obees 508
 Oemsberg 730
 Oena 730
 Okiep 31, 45
 Olieboomskraal 241
 Olienboomskraal 201
 Olienhoutbank 496
 Olienpoort 493
 Olivierstraat 50
 Olyven Fontein 508
 Onderbaadjie 680
 Onder Gamoep 509
 Onderste Vlei 509
 Ondertuin 201
 Oogfontein 192
 Oograbies 510
 Oonab 511
 Opdamvlei 134
 Orabrivier 731
 Oranje Fontein 513
 Oranje- of Grootrivier 111
 Oranjeweg 37
 Orop 151
 Orrelgat 364
 Oskloof 258
 Oskop 297
 Osplaat 166, 514, 653
 Osplaat se Berg 514
 Osseberg 226
 Ostara 44
 Ottaspoort 304
 Otas/Outas 772
 Oubeep 377, 514
 Oubees 466, 515
 Oubeespan 134
 Oubees se Sand 517
 Oudannisieprivier 112
 Ougrabies 519
 Ougrabiesberg 81
 Ouhoek 520
 Ouhoog 597
 Ou Lande 294
 Ouplaas 645
 Ouroena Bak se Koppies 466
 Ouss or Populier Bosch alias
 Koets 521
 Outees 509
 Outiep 436
 Outspan 526
 (Die) Ou Tol 462
 Ou Tuin 473
 Ouwerfduin 534
 Ouwerfies 278
 Ovenstonestraat 47
 Overberglaan 51
 Paapkuils Fontein 527
 Paarde Hoek 527
 Paarde Vlei 528
 Paddadraai 653

- Paddagat 772
 Paddastoelklip 731
 Pampasstraat 46
 Panvlei 670
 Papholte 282
 Papkuilsrivier 113
 Paradysberg 81
 Parkstraat 37
 Pastoriestraat 40, 51
 Paul Kahn se Duin 257
 Paulshoek 701
 Pauls Kraal 529
 Peacock Roadstead 158
 Pedro's Kloof 531
 Peilkop 731
 Pella 704
 Pendoornkraal 314
 Penge 36
 Pennetjie se Vlei 197
 Penssleep 732
 Pêpêkloof 297
 Peperbosbank 773
 Perdebak 298
 Perdekloukop 489
 Pie'Knyp 773
 Pienaars Bult 532
 Pieter Malanstraat 51
 Pieter se Duin 673
 Pieter Smith se Klipgat 241
 Piet se Kloof 707
 Piet se Kop 570
 Piet van Heerdestraat 51
 Pima 36
 Pioniersweg 37
 Pishoog 681
 Pispoort 732
 Planke se Berg 500
 Platbaai 250, 608
 Plat-Bakkies 533
 Platjes Fontein 534, 535
 Platklip 355, 378
 Platklippunt 320
 Platkoppie 616
 Platt Pens or Valse Vlei 536
 Platvlei 351
 Plat Vley 537
 Pleinstraat 51
 Ploegberg 733
 Ploegvlei 650
 Pokkiesbank 774
 Pokkiespramberge 81
 Policeman's Helmet 274
 Polly's Kloof 539
 Populierberge 82
 Populierbos 626
 Port Nolloth 32, 46, 540
 Posman se Bult 576
 Pramkop 195, 536
 Prammetjie 591
 Predikant Vlei 543
 Preekstoel 687
 Preekstoelkop 545
 Putsie 183
 Quagga Fontein 546
 Quanais 702
 Quanaaaisees 702
 Quaxous 733
 Rabas 774
 Ramberg 181
 Ramkie 473
 Ramkop 212, 577
 Ramons Drift 550
 Ras se Sand 322
 Ratelfontein 420
 Ratel Kraal 551
 Reël se Kop 679

- Remhoogte 241, 552
 Renske se Pad 257
 Republiekstraat 52
 Ribbokberg 657
 Ribbokkop 190, 517
 Richtersveld 708
 Riembreek 552
 Riembreekrivier 113
 Rietberg 82
 Rietfontein 553
 Rietfonteinpan 134
 Rietkloof 553
 Rietkloof and Nouancies 554
 Rietkloofberg 82
 Rietkop 217, 442
 Rietmond 325
 Rietplaat se Lande 471
 Riet Veldt 556
 Rifle Range Road 45
 Rivierstraat 45, 52
 Robeiland 248
 Robynstraat 37
 Robynweg 43
 Rodeklipheuwel alias Riet-
 huis 556
 Rondawel 559
 Rondefontein 195, 561, 688
 Ronde-Fonteins-Berg 561
 Rondegat 562
 Rondeklip 204, 597
 Rondekop 325
 Roodebergs Kloof 562
 Roode Heuvel 562
 Roode Kloof 563
 Roode Kol 564
 Roode Laagte 565
 Roode Mond 566
 Roode Vley 566
 Rooibaken 538
 Rooibank 425
 Rooiberg(e) 36, 83
 Rooidam 567, 658
 Rooidam se Koppe 556
 Rooi Doorn Kloof 568
 Rooi Duin 568
 Rooifontein 703
 Rooihond se Vlei 518
 Rooiklippies 285
 Rooikolvlei 564
 Rooilepel 733
 Rooipan 135
 Rooi-T'goubogab 551
 Rooivlei 544
 Rooivlei se Kop 608
 Rooi Vley 569
 Rooiwal 638
 Rooiwalbaai 469
 Rooiwater 254
 Rosenbergstraat 40
 Rosyntjieberg 84
 Rotnaarskoker 379
 Rozynbosch 569
 Ruitersvlei se Mond 609
 Rusboom 563
 Rushoek 180
 Ryshoek 201
 Ryskop 279
 Saalberg 530
 Sabieboomrante 421
 Sabies 571
 Sabiesies 734
 Sabies; -rivier 774
 Saffierweg 43
 Safnek 774
 Salt Pans 135
 Samsons Bak 572

Sandbaai 320
Sandhoogte 264
Sand Island 140
Sand Kop 574
Sandkop 586, 670
Sandrivier 113
Sandsteenberg 775
Sandvlei 598
Sandvleipan 135
Sand Vley 575
Sannagas 577
Santab 579
Santab se Vloer 579
Saraib 579
Saraybees 638
Sarrisaam 217
Schaaprivier 580
Schulp Fontein 580
Seafarer 44
Seemansrus 542
Sendelingsdrif 734
Sentinel Peak 84
September se Vlei 454
Seroosnes 347
Sesvlei 688
Sesvlei se Kop 688
Sewe-en-ses-pennie-pad 775
Sewejaarskop 620
Sewejaarskop se Mond 621
Sewejaarsrivier 114
Siekkraal 688
Silverfontein 584
Simon van der Stel-myn 462
Sittendoorn 241
Sittensberg 703
Skaapkop 775
Skaaprivier 114
Skeervlei 646
Skelmberg 676
Skelmhoek 530
Skietloodbaai 440
Skilderduin 583
Skilpad 665
Skilpadnou se Berg 482
Skilpadstraat 37
Skimmelberg 84, 622
Skimmelkop 606
Skoolstraat 40
Skouerfontein 735
Skraapklipkoppie 242
Skreeufontein 242
Skuinsbaai 251
Skuins Kraal 585
Skuitbaai 441
Skuitklip 242
Skulpbank 609
Skulpfonteinpunt 583
Skurfbai 609
Skurfberg 346
Skurwe Berg 598
Skurwehoog 735
(Die) Smeltoond 463
Smithstraat 39
Smorgen Schaduwe 587
Snapsgat se Bult 598
Sneeuberg 85
Sneeukop 473
Soco Reefs 159
Soebatsfontein 34
Soebees 776
Soeis 348
Soetwater 421
Somnaas 588
Somnaasbaai 591
Sononderberg 85
Sorrobib 703

Sors Sors 474
 Sout 776
 Soubatters Fontein en De
 Klipscheur 592
 Soutfontein 218, 599
 Soutklip 658
 Sout (Vars)'Koisberg 776
 Soutkraal 600
 Soutpan 136
 Soutpanweg 47
 Soutputs 142
 Soutputsies 136
 Soutrivier 496
 Soutwaterleegte; -se Hoek 265
 Sout'Xoes 689
 Speel Hoek 600
 Spekhoutkop 352
 Spektakel 600
 Spektakelberg 85
 Spektakelmyn 602
 Spektakelpas 580
 Spieëlkop 525
 Spieëlmyl 283
 Spioenduin 518
 Spioenkop 170, 198
 Spion Kop 602, 602
 Spoegrivier 115
 Spoegrivierbaai 470
 Spookwerf 199
 Springbok 20, 47
 Springbokfontein 603
 Springbokkloof 116
 Springbokvlakte 735
 Springbokvlei 518
 Springklip 736
 Springklipberg 86
 Springwalle 599
 Staans Hoek 603
 Steekhandberg 477
 Steenberg 86
 Steenbok 604
 Steenbokkraal 204
 Steenbokstraat 37
 Steenbokvlei 136
 Steierkraal 777
 Steinkopf 743
 Steunerskop 665
 Steyerkraalrivier 116
 Stilbaai 505
 Stilweitkoeroe 295
 Stinkfonteinberge 87
 Stinkfonteinrivier 117
 Stofkraal 604
 Stofkraal se Sand 670
 Stof Vlei 606
 Stofvoet 736
 Stokberg 87
 Stokbreekbaai 446
 Stompneusbaai 386
 Strandfontein 607, 610
 Strandfonteinpunt 610
 Streepvlei 256
 Struisbult 611
 Struishoek 737
 Stryd Rivier 612
 Strydrivier 117
 Studer's Pass 261
 Stuiweoog 140
 Stuurmansgat 242
 Styger Kraal 612
 Sukkel 425
 Sultanrivier 690
 Sultansput 689
 Suringberg 143
 Suringkop 564
 Suurberg 666
 Swartbank 426
 Swartbas 639

- Swartberg 87
Swart-Doringrivier 118
Swartfontein 363
Swartheuvel 613
Swartklip 574
Swartkop 258, 670
Swartleegte 215
Swartlintjiesrivier 119
Swartpoort 737
Swartput 777
Swartrug 488
Swartstraat 39, 199, 583
Sweloor 613
Syfer 331
Syferdam se Berg 193
Taaibosch Mond 615
Taaibosch Vlakke 616
Taaibosduin 565
Taaibosknop 360
Taaiboskraal 474, 640
Taaibosmond 778
Taaibospunt 569
Taaibosvlei 446
Tafelberg 243
Tafel Koppen 617
Tamboersberg 88
Tarras 513
Tatasberg 88
Tatasbergrivier 122
Taukheisvlei 396
Tauseb 617
Teemaak se Koppies 422
Tenkies 778
Tgabies 778
Tghoeroe-rif 497
Tghondabees 475
Tghou 497
Tgombees se Kop 383
Tgoob se Berg 429
Tgybiekop 778
Thamhammaberge 89
The Seven Sisters 737
Thys se Baai, (-Pad) 199
Tierhaak 264
Tikas-Vlei 619
Tingberg 779
Tities Baai 620
Tkareseskop/Gareskop 478
Tkarries 779
Tkirrie 344
TKoeroeberg 410
Tkouroe 406
Tkouroes 707
Tkous 534, 591
Tlammaberg 89
Tnabiesberg 779
Tnaikoep 780
Tnongas 209
Tnong-Gys se Berg 567
Tnougab 707
Tnouroegas 690
Toegabsrug 243
Toeneus 494
(Die) Tol 378
Tolweg 52
Topazweg 43
Toringkop 246, 611
Torkop 738
Trappiesberg 626
Trippens se Duin 280
Tsamakaip 481
Tsumeb 36
Tswaies 90
Tusschen In 621
Twadous 691
Twamswap 704

- Tweebek Tgharoe 497
Tweedam 622
Twee Fontein 622
Tweefontein 623
Tweefonteinen 623
Twee Hekke 334
Tweeling 626
Tweelingdam 153
Tweelingputs 188
Tweemyl 542
Twee Pad 627
Tweerivier 628, 666
Tweeriviere 560
Twee Rivieren 627
Uilspieëlduin 441
Uitkyk 189, 426
Uitsiglaan 37
Uitspanpoort 738
Uitspansand 577
Uitspan se Koppie 264
Uitspanstraat 52
Uitval 630
Uitvalgrond 630
Uniestraat 52
Uranoeprivier 122
Urigab 509
Vaal Dam 631
Vaalheuwel 355
Vaalheuwel A 631
Vaalhoek 307
Vaalklipheuwel 244
Vaalkoei 413
Vaalkol 432
Vaaloog 447
Vaalpan 490
Vaal Puts 631
Vaalvlei se Berg 483
Vagevuurskloof 384
Valspan (-vlei) 357
Van der Stelstraat 52
Vandersterberg 738
Van Reenen se Water /-vlakte 691
Van Riebeeckstraat 52
Vanzylsrivier 123
Varkgate 315
Varsfontein Consolidated 632
Vars-Kaip 634
Varsputs 367
Veggat 691
Veldbaadjiesvlei 738
Velskoen 414
Venstervalle 739
Verdruk 335, 344
Vermeulensrus 619
Violsdsrift South 634
Visagiefontein 159
Visagiefonteinkop 426
Visagiespan 136
Visbeenbaai 400
Vleie 295
Vleitjies 331
Vlieholteberg 781
Voëlklip 505
Voëlnesplaat 166
Voëlwater se kloof 197
Vogelklip alias Olyboomsdam 639
Vogelstruis Hoek 640
Volstruisbult 160
Volstruispan 322
Volstruisstraat 37
Volwaterbaai 609
Vonkelfontein 196
Voortrekkerstraat 42, 52
Vorentoe 642
Vredefontein 422
Vroedvrou 781

- Vuurdoed 283
Vyeboskop 679
Vyefontein 327
Vyfmyl 543
Vyfsusters 739
Vyftienmyl se Berge 511
Vygielaan 37
Wagkrans 467
Wallekraal 176
Walskerm 692
Wankie 36
Wasbak 599
Washoek 410
Waterhoek 643
Waterklip 205
Waterval 610, 643
Weeskind 629
Wegsteekvlei 182, 612
Weich se Kop 692
Weich se Water 692
Welkom 36, 643
Welkomstraat 52
Wellesevlei 137
Weltevreden 644
Wilverdiend 645
Weshoeklaan 37
White Point 515
Wilde Als Rand 740
Wilde Floors se Kop 537
Wildemerrie 560
Wildemerrie se Duin 673
Wildepaarde Hoek 646
Wildeperdehoek se Brak 647
Wildeperdehoek se Pas 648
Wildeperderant 740
Wilgehout Fontein 648
Wilgehoutrivier 123
William Links se Duin 323
Windheuwel 331, 633
Windhoek 525
Wind Hoek 651
Windhoek se Poort 676
Windkraal 205, 295
Windleegterivier 123
Windpoort 173
Windwaai 427
Witbakenkop 549
Witbakke 437
Witbank 427, 651, 781
Witbeenbaken se Sand 518
Witberg 530
Witberg's Kloof 652
Witbooisrivier 406
Witduin 539
Witkleikop 586
Wit Klip Hoogte 653
Witklipkop 574
Wit-Kookop 534
Witkoppie 654
Witsand 633
Witstraat 45
Witstrandjie 285
Witteklipfontein alias Drogedap
en Old Drooge Daap 654
Witvoorkop 300
Witwalle 666
Witwater 531, 655
Witwater and Klip Vley 657
Wolfberg 90, 652, 658, 693
Wolf Boom 659
Wolfhoek 174
Wolfhok 261
Wolfkop 400
Wolf Kraal 659
Wolfnes 167
Wolf se Kop 190

Wolfstoen 660
Wolwepoort 660
Wolwepoortrivier 124
Wonderfontein 295
Wondergat 741
Wortel 667
Wreck Point 160, 515
Ximmiedraai 656
Xygas 167
Yankee John 320
Ybeep /-rivier 349
Ysterplaat 183
Zakkies Berg en Zee Kloof 668
Zandkops Drift 668
Zand Kraal 671
Zandpan 36
Zand Vlei 672
Zonderberglaan 43
Zonnekwa 672
Zoutpan alias De Riet 674
Zuur Water 674, 676
Zwart Duinen 677
Zwart Lintjes Rivier 680
Zwart Rand 681